UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

YSSEL, JOHANNA MARIA

GESTALTTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

DPhil **UP** **1999**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GESTALTTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

deur

JOHANNA MARIA YSSEL

VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING

VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE IN

MAATSKAPLIKE WERK

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: DR. J.M.C. JOUBERT

PRETORIA AUGUSTUS 1999

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan my ouers wat met groot liefde en geduld hierdie allergiese kind grootgemaak het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan:

*** My Hemelse Vader wat hierdie roeping aan my gegee het en sonder wie se krag en hulp ek dit nie kon doen nie.**

*** Dr. J.M.C. Joubert vir u bekwame leiding, ondersteuning en motivering.**

*** Dr. J.P. Schoeman en Dr. M. Groenewald vir u leiding en aanmoediging deurgaans vanaf my meestersgraad. U hulp was van onskatbare waarde.**

*** Die ses kinders en hul ouers sonder wie se samewerking hierdie studie nie moontlik sou wees nie. Hierdie kinders het bewys dat hulle die "allergiemonster" wil en kan wen.**

*** My gesin wat my deur al my studiejare met liefde en hulp ondersteun het om my ideaal vir werk met kinders waar te maak.**

*** My familie en vriende vir al julle gebede, aanmoediging, ondersteuning en praktiese hulp.**

Marietjie Yssel
Augustus 1999

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPSOMMING

GESTALTTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

deur

JOHANNA MARIA YSSEL

PROMOTOR: **DR. J.M.C. JOUBERT**
DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

GRAAD: **DOCTOR PHILOSOPHIAE IN MAATSKAPLIKE WERK**

Hierdie studie is gerig op die daarstelling van ‘n gestaltspelterapeutiese program wat gebruik kan word om die allergiese kind in die middelkinderjare te begelei om beheer oor sy siekte te verkry en om die invloed daarvan op sy ontwikkelingstaakbemeestering te minimaliseer. In aansluiting hierby is ‘n ouerleidingprogram ontwikkel waar gestaltbeginsels benut is om die ouers van die allergiese kinders ter versterking van die doelstellings van die spelterapeutiese program te bemagtig.

Vanuit die literatuur en vorige navorsingsbevindinge is dit duidelik dat die voorkoms van ‘n allergiese siekte ‘n negatiewe invloed op die kind in die middelkinderjare se bemeestering van sy ontwikkelingstake op emosionele, sosiale en akademiese gebied kan uitoefen. Dit kan daartoe lei dat die kind se selfbeeldontwikkeling benadeel word en hy kan angs, frustrasie en aggressie ervaar wat sy gesonde funksionering strem. Op sosiale gebied kan allergiese siektes daartoe lei dat die kind geïsoleer word en dat hy nie soos sy maats aan alle aktiwiteite kan deelneem nie - dit kan tot portuurgroep-verwerping lei. Op akademiese gebied kan die allergiese kind te siek voel om sy volle aandag aan sy skoolwerk te gee, wat moontlik onderprestasie en verminderde motivering tot gevolg kan hê. Die voorkoms van ‘n allergiese siekte het verder ‘n definitiewe invloed op die gesinsfunksionering en kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

negatiewe gevolge vir sowel die ouer-kind verhouding en opvoedingstyl as die sibbeverhoudinge inhou.

Die beginsels van die gestaltbenadering fokus op die kind se verhoogde bewustheid van homself in sy situasie, sy verbeterde emosionele hantering van eise wat aan hom gestel word, die verhoging van sy beheer oor sy lewe en die versterking van sy eie verantwoordelikheidneming vir sy gesondheid. Deur die benutting van hierdie beginsels in beide programme kan die kind deur spelterapie en ‘n ondersteunende ouerleidingprogram gehelp word om toepaslike beheer oor sy siekte uit te oefen en die moontlike negatiewe invloed van allergiese siektes op sy ontwikkelingstaak-bemeestering en totale funksionering te minimaliseer.

Ten einde die kennisleemte wat in die hantering van die spesifieke behoeftes van allergiese kinders bestaan te oorbrug, is die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme ontwikkel. Ses respondente in hul middelkinderjare en hul ouers is by die implementering van beide die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme betrek. Die navorsingsresultate het daarop gedui dat die gestaltspelterapeutiese program suksesvol was in die fasilitering van die kind se verhoogde bewustheid van homself in en verhoogde beheer oor sy situasie, verbeterde emosionele hantering en verhoogde verantwoordelik-heidneming vir sy gesondheid. Die gegewens het verder daarop gedui dat die ouerleidingprogram suksesvol was om die ouers van die kinders tot ondersteuning van die spelterapeutiese doelstellings te bemagtig en hul opvoedingstaak te vergemaklik.

Die programme is dus suksesvol vir sowel die gestaltterapeutiese begeleiding van allergiese kinders in die middelkinderjare tot optimale funksionering en beheer van allergiese siektes, as die bemagtiging van ouers ter ondersteuning van die spelterapeutiese program.

Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie fokus op die bereiking van die doelstelling en doelwitte van die studie, gevolgtrekkings oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

navorsingsbevindinge, aspekte wat in ag geneem moet word in die gebruik van die programme en verdere navorsingsmoontlikhede wat uit die studie voortspruit.

SLEUTELTERME

- Allergie
- Gestaltterapie
- Spelterapie
- Middelkinderjare
- Ontwikkelingstake
- Bewustheid
- Beheer
- Verantwoordelikheid
- Holisme
- Homeostase

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

JOHANNA MARIA YSSEL

PROMOTOR: **DR. J.M.C. JOUBERT**
DEPARTMENT SOCIAL WORK
UNIVERSITY OF PRETORIA

DEGREE: **DOCTOR PHILOSOPHIAE IN SOCIAL WORK**

The aim of this study is to establish a gestalt play therapy programme which can be implemented to guide the allergic child to take control of his illness and to minimize the influence of the allergic condition on the mastery of his developmental tasks.

To support this process, a parental guidance programme has been developed in which gestalt principles are utilized to empower parents of an allergic child to enhance the objectives of the play therapy programme.

From the literature and previous research results it is clear that the occurence of an allergic illness has a negative influence on the child' s mastery of his developmental tasks in his middle childhood years, especially on his emotional, social and academic areas. This could result in the fact that the development of child's self image could be impaired and that he experiences fear, frustration and aggression. Socially, his allergic illness could lead to the isolation of the child and that he would not be able to participate in all the activities of his playmates - this could lead to rejection by the peer group. Academically, the allergic child could feel too ill to give full attention to his school work which could lead to underachievement and decreased motivation. The appearance of an allergic illness further has a definitive influence on the functioning of the family and can have negative results within both the parent-child relationship and parenting style as well as the sibling relationship.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

The principles of the gestalt approach focus on the child's hightened awareness of himself in his situation, his improved emotional handling of demands put to him, the increased control over his situation and the strengthening of his ability to take responsibility for his own health.

By the utilization of these principles in both programmes, the child can, by means of play therapy and a supportive parental guidance programme, be aided to apply appropriate control over his illness. The possible negative influence of the allergic illness on his mastery of developmental tasks and total functioning, can be minimized.

To fill the lack of knowledge existing in therapeutic assistance to the allergic child, the gestalt play therapeutic- and parental guidance programmes were developed. These programmes have been implemented with six children and their parents. The empirical research findings indicated that the programmes succeeded in facilitating the child's increased awareness of himself in his situation, improved his emotional management, his control of his situation and his own responsibility for his health.

The evidence also indicated that the parental guidance programme was successful in empowering parents to support children to achieve play therapeutic objectives and to facilitate their educational task.

The gestalt play therapy programme succeeded in supporting the allergic child in middle childhood to optimal functioning and to gain control of his allergic illness, and the parental guidance programme empowered the parents in supporting the programme.

The conclusions and recommendations of this study focus on the achievement of the objectives and goals of the study; conclusions regarding the research findings and aspects that should be taken into consideration with the use of playtherapy and parental guidance with the allergic child and his family. To conclude, further studies in this field are recommended.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

KEY WORDS

- Allergy
- Gestalt therapy
- Play therapy
- Middle childhood
- Developmental tasks
- Awareness
- Control
- Responsibility
- Holism
- Homeostasis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

BLADSY

1.1	INLEIDING	1
1.2	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	1
1.3	PROBLEEMFORMULERING	3
1.4	DOEL VAN DIE STUDIE	8
1.4.1	Doelstelling	8
1.4.2	Doelwitte	8
1.5	NAVORSINGSHIPOTESE	9
1.6	NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
1.6.1	Soort navorsing	9
1.6.2	Navorsingsontwerp	12
1.6.3	Navorsingsprosedure en werkswyse	15
1.6.4	Voorondersoek	17
1.6.4.1	Literatuurstudie	17
1.6.4.2	Ervaring van kenners	18
1.6.4.3	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	19
1.6.4.4	Studie van strategiese eenhede	20
1.6.5	Omskrywing van die universum, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming	21

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

1.7 LEEMTES EN PROBLEME WAT TYDENS DIE STUDIE ERVAAR IS 23

1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 24
1.8.1 Allergie 24
1.8.2 Middelkinderjare 25
1.8.3 Gesin as sisteem 25
1.8.4 Spelterapie 26
1.8.5 Gestaltterapie 27

1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 28

1.10 SAMEVATTING 29

HOOFSTUK 2
DIE INVLOED VAN CHRONIESE ALLERGIESE REAKSIES OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE EN SY GESIN

2.1 INLEIDING 30

2.2 DIE KIND IN DI E MIDDELKINDERJARE 31
2.2.1 Die middelkinderjare 31
2.2.2 Ontwikkelingstake in die middelkinderjare 32
2.2.2.1 Persoonlike (emosionele) ontwikkeling 33
2.2.2.2 Sosiale ontwikkeling 34
2.2.2.3 Akademiese ontwikkeling 35

2.3 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GESIN TYDENS DIE MIDDELKINDERJARE 36
2.3.1 Die rol van die gesin te midde van dramatiese sosiale uitbreiding 36
2.3.2 Die ouer-kind verhouding 37

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.3 Sibbeverhoudinge 38
2.3.4 Funksies van die gesin 39
2.3.4.1 Versorging, beskerming en behoeftebevrediging 39
2.3.4.2 Ondersteuning 39
2.3.4.3 Opvoeding en sosialisering 40
2.3.4.4 Ontspanning 40
2.3.4.5 Religieuse- en singewingsfunksie 41

2.4 ALLERGIE AS CHRONIESE SIEKTETOESTAND 42
2.4.1 Definisie 42
2.4.2 Immunologiese werking 42
2.4.3 Veroorsakende faktore (allergene) 43
2.4.4 Verskillende allergiese siektetoestande 44
2.4.4.1 Allergiese rinitis 44
2.4.4.2 Allergiese velreaksies 48
2.4.4.3 Voedselallergie 51
2.4.4.4 Geneesmiddelallergie 52
2.4.4.5 Asma 53
2.4.5 Die invloed van allergiese siektes op die kind se fisieke funksionering 55
2.4.6 Die beheer van allergiese siektes 56

2.5 DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE KIND AS INDIVIDU 58
2.5.1 Die invloed van allergiese siektes op die kind se persoonlike of emosionele groei 59
2.5.1.1 Die verhoging van selfkennis en begrip 59
2.5.1.2 Die ontwikkeling van ‘n positiewe selfkonsep en ‘n positiewe houding teenoor sy liggaam 60
2.5.1.3 Die ontwikkeling van selfstandigheid en beheer oor die eie lewe 62
2.5.1.4 Aanvaarding van verantwoordelikheid teenoor die eie liggaam 63

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.5.1.5 Emosionele bewustheid en hantering daarvan: angs, spanning en verminderde lewensgenot 64
2.5.2 Die invloed van allergiese siektes op die kind se sosiale ontwikkeling 65
2.5.3 Die invloed van allergiese siektes op die kind se akademiese ontwikkeling 67

2.6 DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE GESIN 70
2.6.1 Beïnvloeding van die hele gesin as sisteem 70
2.6.2 Invloed van 'n allergiese siekte op die ouers se funksionering 71
2.6.2.1 Invloed op emosionele funksionering van die ouers 71
2.6.2.2 Praktiese aspekte wat hierdie emosionele reaksies kan vererger 72
2.6.3 Die invloed van allergiese siektes op die gesinsverhoudinge 74
2.6.3.1 Die invloed op die ouer-kindverhouding en opvoedingstyl 75
2.6.3.2 Die invloed op die sibbeverhouding 77

2.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 78

HOOFSTUK 3
TEORETIESE RAAMWERK VIR SPELTERAPEUTIESE- EN OUERLEIDINGPROGRAMME

3.1 INLEIDING 81

3.2 GESTALTTERAPIE 81
3.2.1 Gestaltterapie as terapeutiese benadering 81
3.2.2 Fundamentele beginsels van gestaltterapie 82
3.2.2.1 Holisme 83

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.2.2 Homeostase en die figuur-agtergrondbeginsel 84
3.2.2.3 Bewustheid in die hier-en-nou 85
3.2.2.4 Polariteite (teenoorgesteldes) 87
3.2.2.5 Doeltreffende kontak (die “Ek/Jy” verhouding of terapeutiese verhouding) 88
3.2.2.6 Die kontakgrens en kontakgrensversteurings 89
3.2.2.7 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak 94

3.3 DIE DOEL VAN GESTALTTERAPIE 97

3.4 SPEL AS TERAPEUTIESE MEDIUM 99

3.5 GESTALTTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 101

3.5 DIE BENUTTING VAN GESTALTBEGINSELS IN ‘N ONDERSTEUNENDE OUERLEIDINGPROGRAM 104

3.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 105

HOOFSTUK 4

DIE PROSES VAN GESTALTSPELTERAPEUTIESE INTERVENSIE

4.1 INLEIDING 108

4.2 DIE GESTALTTERAPEUTIESE PROSES 108

4.3 DIE HANTERING VAN DIE KIND SE PROSES TYDENS DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES 109

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4 DIE DAARSTELLING EN VERSTERKING VAN DIE "EK-JY"- VERHOUDING (TERAPEUTIESE VERHOUDING) 111
4.4.1 Die kontakmakingsproses 111
4.4.2 Die vestiging van 'n warm, vriendelike verhouding waarin die terapeut in kontak met die kind bly 113
4.4.3 Die daarstelling van 'n atmosfeer van veiligheid en sekuriteit 114
4.4.4 Die daarstelling van grense of beperkings 115
4.4.4.1 Grense ten opsigte van die gebruik van materiaal en speelgoed 115
4.4.4.2 Grense ten opsigte van aggressiewe gedrag 116
4.4.4.3 Grense ten opsigte van tyd 116
4.4.4.4 Die implementering van grense 116
4.4.5 Verdere eienskappe van die terapeutiese verhouding 118
4.4.5.1 Die verhouding moet outentiek wees 118
4.4.5.2 Die verhouding moet nie-bedreigend wees 118
4.4.5.3 Die verhouding moet doelgerig wees 118
4.4.6 Spesifieke persoonlikheidseienskappe van die spelterapeut 119

4.5 DIE VERHOGING VAN BEWUSTHEID 121
4.5.1 Die noodsaaklikheid van optimale bewustheid 121
4.5.2 Aspekte van bewustheid - bewustheid van die self 122
4.5.2.1 Bewustheid van die self - versterking van die kind se identiteitsvorming 122
4.5.2.2 Bewustheid van self - bewustheid van emosies 122
4.5.2.3 Bewustheid van die invloed van 'n allergiese siekte op sy funksionering 124
4.5.3 Aspekte van bewustheid - bewustheid van die omgewing 124
4.5.4 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking 124

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.5.5 Die verhoging van bewustheid deur die benutting van asemhaling en liggaamshouding 125
4.5.6 Die verhoging van bewustheid deur verhoogde selfkennis en siektebegrip - die benutting van ‘n metafoor 127

4.6 GELEENTHEID VIR DIE PROJEKTERING VAN DIE KIND SE VOORGRONDBEHOEFTE 129
4.6.1 Skeppende spel: teken, vingerverf, klei- en sandwerk 130
4.6.2 Teken en vingerverf 130
4.6.2.1 Die kenmerke van teken en vingerverf as projektiewe mediums 130
4.6.2.2 Die benutting van kindertekeninge en vingerverf tydens intervensie 131
4.6.3 Klei 134
4.6.3.1 Die kenmerke van klei as projeksiemedium 134
4.6.3.2 Die benutting van klei tydens intervensie 135
4.6.4 Sandwerk 137
4.6.4.1 Die kenmerke van sand as projeksiemedium 137
4.6.4.1 Die benutting van sandwerk tydens intervensie 138
4.6.5 Gedramatiseerde spel: handpoppe 141
4.6.5.1 Die kenmerke van handpopspel 141
4.6.5.2 Die benutting van handpopspel tydens intervensie 142
4.6.5.3 Die benutting van die leë-stoel tegniek in kombinasie met handpopspel 144
4.6.6 Gevolgtrekking rondom projeksie 145

4.7 DIE FASILITERING VAN EMOSIONELE UITDRUKKING EN DIE HANTERING VAN HIERDIE EMOSIES 146
4.7.1 Die verhoging van die kind se bewustheid van die emosies wat hy kan ervaar 146
4.7.2 Die kind se hantering van die emosies waarvan hy bewus raak 147
4.7.3 Die spelterapeut se hantering van die kind se emosies 148

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.8 DIE FASILITERING VAN PROBLEEMHANTERING 149
4.8.1 Aanvaarding van die realiteit van die probleem in die hier-en-nou 149
4.8.2 Help die kind om beheer oor sy situasie te verkry en ‘n oplossing daarvoor te vind 150
4.8.3 Versterking van die kind se verantwoordelikheid 153

4.9 EKSPERIMENTERING MET NUWE GEDRAG 155

4.10 KONFRONTERING VAN ONTOEPASLIKE GEDRAG 156

4.11 SELFVERTROETELING 157

4.12 BEMAGTIGING 158

4.13 TERMINERING 161
4.13.1 Terminering van elke sessie 161
4.13.2 Terminering van die reeks 162

4.14 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 163

HOOFSTUK 5

PROGRAM VIR SPELTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND

5.1 INLEIDING 166

5.2 SESSIE EEN 167
5.2.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 167
5.2.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 167
5.2.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 167

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.2.2 Verhoging van die kind se kontak met sy liggaam en omgewing 168
5.2.2.3 Die bepaling van allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar 172
5.2.2.4 Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes 172
5.2.2.5Terminering van die sessie 174
5.2.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 175
5.2.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 175
5.2.4.1 Die bou van 'n terapeutiese verhouding 175
5.2.4.2 Die bepaling en verhoging van die kind se bewustheidskontinuum 176
5.2.4.3 Inagneming van die kind se proses 176

5.3 SESSIE TWEE 178
5.3.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 178
5.3.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 178
5.3.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 178
5.3.2.2 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking 179
5.3.2.3 Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid 180
5.3.2.4 Die benutting van sand as projeksiemedium 181
5.3.2.5 Verdere terapeutiese intervensie 183
5.3.2.6 Terminering van die sessie 183
5.3.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 183
5.3.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 184
5.3.4.1 Die verhoging van die kind se bewustheid van sy voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies 184

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.4.2 Die fasilitering van emosionele uitdrukking en die hantering van hierdie emosies 184
5.3.4.3 Die hantering van die realiteit van die probleem 185
5.3.4.4 Versterking van die kind se verantwoordelikheidneming 185
5.3.4.5 Eksperimentering met nuwe gedrag 186
5.3.4.6 Konfronteer ontoepaslike gedrag 186
5.3.4.7 Bied geleentheid vir selfvertroeteling 186
5.3.4.8 Bemagtiging 186

5.4 SESSIE DRIE 189
5.4.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 189
5.4.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 189
5.4.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 189
5.4.2.2 Die benutting van ‘n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik 190
5.4.2.3 Die benutting van teken as projeksiemedium 192
5.4.2.4 Verdere terapeutiese intervensie 195
5.4.2.5 Terminering van die sessie 195
5.4.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 195
5.4.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 196
5.4.4.1 Die benutting van selfvertroeteling as tegniek 196
5.4.4.2 Die bou van die kind se selfbeeld en selfvertroue 196

5.5 SESSIE VIER 198
5.5.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 198
5.5.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 198
5.5.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 198

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

5.3.2.2 Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak 198
5.5.2.3 Die benutting van klei as projeksiemedium 199
5.5.2.4 Terminering van die sessie 201
5.5.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 201
5.5.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 202

5.6 SESSIE VYF 203
5.6.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 203
5.6.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 203
5.6.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 203
5.6.2.2 Die verhoging van sensoriese kontak 203
5.6.2.3 Die benutting van vingerverf as projeksiemedium 204
5.6.2.4 Terminering van die sessie 205
5.6.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 205
5.6.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 206
5.6.4.1 Hulp aan die allergiese kind om verantwoordelikheid vir sy eie gesondheid te aanvaar 206

5.7 SESSIE SES 214
5.7.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 214
5.7.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 214
5.7.2.1 Oriëntering ten opsigte van hier-en-nou 214
5.7.2.2 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak 214
5.7.2.3 Bied geleentheid vir ‘n oop projeksie deur enige medium van sy keuse 215
5.7.2.4 Terminering van die sessie 215

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.7.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 215
5.7.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 215
5.7.4.1 Die hantering van die kind se emosies rondom afsluiting 215

5.8 SESSIE SEWE 217
5.8.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE 217
5.8.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD 217
5.8.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou 217
5.8.2.2 Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemedium 218
5.8.2.3 Terminering van die sessie en reeks 219
5.8.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD 219
5.8.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD 220

5.9 SAMEVATTING 220

HOOFSTUK SES
OUERLEIDINGPROGRAM

6.1 INLEIDING 229

6.2 SPELTERAPIE AS TERAPEUTIESE HULP-VERLENINGSTRATEGIE EN DIE DOEL VAN DIE PROGRAM 223

6.3 ASPEKTE VAN U KIND SE ONTWIKKELING WAT TYDENS SPELTERAPIE AANGESPREEK WORD 225

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.3.1 Die verbetering van u kind se bewustheid van die self ("sense of self") en kontak met sy omgewing 225
6.3.2 Vestiging en versterking van u kind se beheer en verantwoordelikheid (outonome of selfstandige funksionering) 225
6.3.3 Hantering van emosionele reaksies op siekte (emosies wat moontlik as gevolg van die invloed van allergiese siektes kan manifesteer) 225
6.3.4 Hantering van die invloed van 'n allergiese siekte op op u kind as holistiese wese 226

6.4 WAT CHRONIESE ALLERGIESE REAKSIES BEHELS EN HOE DIT AAN DIE KIND DEUR 'N METAFOOR VERDUIDELIK WORD 227
6.4.1 Allergie as chroniese siektetoestand 227
6.4.1.1 Definisie 227
6.4.1.2 Immunologiese werking 227
6.4.1.3 Veroorsakende faktore (allergene) 228
6.4.1.4 Verskillende allergiese siektetoestande 229
6.4.1.5 Die invloed van allergiese siektes op die kind se fisieke funksionering 239
6.4.1.6 Die beheer of voorkoming van allergiese reaksies 241
6.4.2 Metaforiese verduideliking van allergiese reaksies op die kind se ontwikkelingsvlak 242

6.5 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 244

6.6 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPTIMALE BEWUSTHEID VAN HOMSELF EN SY OMGEWING 245
6.6.1 Bewustheid van die self 245
6.6.2 Bewustheid van sy omgewing 246
6.6.3 Die verhoging van bewustheid 246
6.6.4 Hoe u as ouer u kind se bewustheidsvlakke kan verhoog 247

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.7 VERSTERKING VAN U KIND SE IDENTITEITSVORMING 248

6.8 ONDERSTEUNING VAN U KIND SE SOSIALE INTERAKSIE 249

6.9 VERSTERKING VAN U KIND SE OUTONOMIE (BEHEER EN VERANTWOORDELIKHEID) 250
6.9.1 Outonomie, beheer en verantwoordelikheid by die allergiese kind 250
6.9.2 Hanteringstrategieë vir u as ouers 252

6.10 DIE BOU VAN U KIND SE SELFBEELD EN SELFVERTROUE 256
6.10.1 Die moontlike invloed van ‘n allergiese siekte op u u kind se selfbeeld, liggaamsbeeld en selfvertroue 256
6.10.2 Hoe u as ouers u kind se selfvertroue kan verhoog 257

6.11 ONDERSTEUNING VAN U KIND SE AKADEMIESE GROEI - MOTIVERING EN HULP 259
6.11.1 Die moontlike invloed van allergiese siektes op u kind se skolastiese (akademiese) funksionering en skoolbelewing 259
6.11.2 Wat u as ouer kan doen 260

6.12 DIE PAD VORENTOE 260

6.13 SAMEVATTING 262

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7
EMPIRIESE GEGEWENS

7.1 INLEIDING 263

7.2 EMPIRIESE GEGEWENS: ZANDRé SMITH 264
7.2.1 Agtergrondinligting 264
7.2.2 Sessie een 265
7.2.2.1 Doelwitte van die sessie 265
7.2.2.2 Verloop van die sessie 266
7.2.2.3 Assessering 268
7.2.3 Sessie twee 271
7.2.3.1 Doelwitte van die sessie 271
7.2.3.2 Verloop van die sessie 272
7.2.3.3 Assessering 274
7.2.4 Sessie drie 277
7.2.4.1 Doelwitte van die sessie 277
7.2.4.2 Verloop van die sessie 277
7.2.4.3 Assessering 281
7.2.5 Sessie vier 284
7.2.5.1 Doelwitte van die sessie 284
7.2.5.2 Verloop van die sessie 284
7.2.5.3 Assessering 288
7.2.6 Sessie vyf 290
7.2.6.1 Doelwitte van die sessie 290
7.2.6.2 Verloop van die sessie 290
7.2.6.3 Assessering 292
7.2.7 Sessie ses 296
7.2.7.1 Doelwitte van die sessie 296
7.2.7.2 Verloop van die sessie 296
7.2.7.3 Assessering 298
7.2.8 Sessie sewe 301
7.2.8.1 Doelwitte van die sessie 301

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.8.2 Verloop van die sessie 301
7.2.8.3 Assessering 305
7.2.9 Bereiking van die doelstelling van die studie 306

7.3 EMPIRIESE GEGEWENS: NELINE VAN NIEKERK 309
7.3.1 Agtergrondinligting 309
7.3.2 Sessie een 310
7.3.2.1 Doelwitte van die sessie 310
7.3.2.2 Verloop van die sessie 311
7.3.2.3 Assessering 312
7.3.3 Sessie twee 317
7.3.3.1 Doelwitte van die sessie 317
7.3.3.2 Verloop van die sessie 317
7.3.3.3 Assessering 319
7.3.4 Sessie drie 322
7.3.4.1 Doelwitte van die sessie 322
7.3.4.2 Verloop van die sessie 322
7.3.4.3 Assessering 324
7.3.5 Sessie vier 327
7.3.5.1 Doelwitte van die sessie 327
7.3.5.2 Verloop van die sessie 327
7.3.5.3 Assessering 329
7.3.6 Sessie vyf 331
7.3.6.1 Doelwitte van die sessie 331
7.3.6.2 Verloop van die sessie 331
7.3.6.3 Assessering 333
73.7 Sessie ses 339
7.3.7.1 Doelwitte van die sessie 339
7.3.7.2 Verloop van die sessie 339
7.3.7.3 Assessering 341
7.3.8 Sessie sewe 342
7.3.8.1 Doelwitte van die sessie 342
7.3.8.2 Verloop van die sessie 342

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.3.8.3 Assessering 344
7.3.9 Bereiking van die doelstelling van die studie 345

7.4 EMPIRIESE GEGEWENS: WERNER COETZEE 348
7.4.1 Agtergrondinligting 348
7.4.2 Sessie een 349
7.4.2.1 Doelwitte van die sessie 349
7.4.2.2 Verloop van die sessie 350
7.4.2.3 Assessering 351
7.4.3 Sessie twee 354
7.4.3.1 Doelwitte van die sessie 354
7.4.3.2 Verloop van die sessie 354
7.4.3.3 Assessering 356
7.4.4 Sessie drie 359
7.4.4.1 Doelwitte van die sessie 359
7.4.4.2 Verloop van die sessie 359
7.4.4.3 Assessering 361
7.4.5 Sessie vier 364
7.4.5.1 Doelwitte van die sessie 364
7.4.5.2 Verloop van die sessie 364
7.4.5.3 Assessering 366
7.4.6 Sessie vyf 367
7.4.6.1 Doelwitte van die sessie 367
7.4.6.2 Verloop van die sessie 367
7.4.6.3 Assessering 368
7.4.7 Sessie ses 371
7.4.7.1 Doelwitte van die sessie 371
7.4.7.2 Verloop van die sessie 371
7.4.7.3 Assessering 373
7.4.8 Sessie sewe 374
7.4.8.1 Doelwitte van die sessie 374
7.4.8.2 Verloop van die sessie 374
7.4.8.3 Assessering 377

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.9 Bereiking van die doelstelling van die studie 377

7.5 EMPIRIESE GEGEWENS: ROHAN COETZEE 380
7.5.1 Agtergrondinligting 380
7.5.2 Sessie een 381
7.5.2.1 Doelwitte van die sessie 381
7.5.2.2 Verloop van die sessie 382
7.5.2.3 Assessering 383
7.5.3 Sessie twee 386
7.5.3.1 Doelwitte van die sessie 386
7.5.3.2 Verloop van die sessie 386
7.5.3.3 Assessering 388
7.5.4 Sessie drie 391
7.5.4.1 Doelwitte van die sessie 391
7.5.4.2 Verloop van die sessie 391
7.5.4.3 Assessering 394
7.5.5 Sessie vier 397
7.5.5.1 Doelwitte van die sessie 397
7.5.5.2 Verloop van die sessie 397
7.5.5.3 Assessering 399
7.5.6 Sessie vyf 400
7.5.6.1 Doelwitte van die sessie 400
7.5.6.2 Verloop van die sessie 400
7.5.6.3 Assessering 402
7.5.7 Sessie ses 404
7.5.7.1 Doelwitte van die sessie 404
7.5.7.2 Verloop van die sessie 404
7.5.7.3 Assessering 406
7.5.8 Sessie sewe 407
7.5.8.1 Doelwitte van die sessie 407
7.5.8.2 Verloop van die sessie 407
7.5.8.3 Assessering 410
7.5.9 Bereiking van die doelstelling van die studie 410

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6 EMPIRIESE GEGEWENS: RENé DEWEY 414
7.6.1 Agtergrondinligting 414
7.6.2 Sessie een 416
7.6.2.1 Doelwitte van die sessie 416
7.6.2.2 Verloop van die sessie 417
7.6.2.3 Assessering 418
7.6.3 Sessie twee 421
7.6.3.1 Doelwitte van die sessie 421
7.6.3.2 Verloop van die sessie 421
7.6.3.3 Assessering 423
7.6.4 Sessie drie 426
7.6.4.1 Doelwitte van die sessie 426
7.6.4.2 Verloop van die sessie 426
7.6.4.3 Assessering 428
7.6.5 Sessie vier 430
7.6.5.1 Doelwitte van die sessie 430
7.6.5.2 Verloop van die sessie 430
7.6.5.3 Assessering 432
7.6.6 Sessie vyf 433
7.6.6.1 Doelwitte van die sessie 433
7.6.6.2 Verloop van die sessie 433
7.6.6.3 Assessering 435
7.6.7 Sessie ses 439
7.6.7.1 Doelwitte van die sessie 439
7.6.7.2 Verloop van die sessie 439
7.6.7.3 Assessering 440
7.6.8 Sessie sewe 442
7.6.8.1 Doelwitte van die sessie 442
7.6.8.2 Verloop van die sessie 442
7.6.8.3 Assessering 444
7.6.9 Bereiking van die doelstelling van die studie 447
7.6.10 Verdere inligting 450

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7 EMPIRIESE GEGEWENS: DECLAN DEWEY 451
7.7.1 Agtergrondinligting 451
7.7.2 Sessie een 453
7.7.2.1 Doelwitte van die sessie 453
7.7.2.2 Verloop van die sessie 454
7.7.2.3 Assessering 455
7.7.3 Sessie twee 458
7.7.3.1 Doelwitte van die sessie 458
7.7.3.2 Verloop van die sessie 458
7.7.3.3 Assessering 461
7.7.4 Sessie drie 463
7.7.4.1 Doelwitte van die sessie 463
7.7.4.2 Verloop van die sessie 463
7.7.4.3 Assessering 466
7.7.5 Sessie vier 468
7.7.5.1 Doelwitte van die sessie 468
7.7.5.2 Verloop van die sessie 468
7.7.5.3 Assessering 469
7.7.6 Sessie vyf 471
7.7.6.1 Doelwitte van die sessie 471
7.7.6.2 Verloop van die sessie 471
7.7.6.3 Assessering 473
7.7.7 Sessie ses 475
7.7.7.1 Doelwitte van die sessie 475
7.7.7.2 Verloop van die sessie 475
7.7.7.3 Assessering 476
7.7.8 Sessie sewe 478
7.7.8.1 Doelwitte van die sessie 478
7.7.8.2 Verloop van die sessie 478
7.7.8.3 Assessering 480
7.7.9 Sessie agt 481
7.7.9.1 Verloop van die sessie 481
7.7.9.2 Assessering 481

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.10 Sessie nege 483
7.7.10.1 Verloop van die sessie 483
7.7.10.2 Assessering 483
7.7.11 Sessie tien 484
7.7.11.1 Verloop van die sessie 484
7.7.11.2 Assessering 484
7.7.12 Sessie elf 485
7.7.12.1 Verloop van die sessie 485
7.7.12.2 Assessering 486
7.7.13 Bereiking van die doelstelling van die studie 486

7.8 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING 490

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING 491

8.2 HOOFSTUK EEN: ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE 491
8.2.1 Samevatting van die hoofstuk 491
8.2.2 Gevolgtrekking rondom die bereiking van die doelstelling en doelwitte van die studie 492
8.2.2.3 Bereiking van die doelstelling 492
8.2.2.4 Bereiking van die doelwitte 492
8.2.3 Gevolgtrekking rondom die navorsingshipotese 496
8.2.4 Aanbeveling vanuit hoofstuk een 497

8.3 HOOFSTUK TWEE: DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE KIND IN DI E MIDDELKINDERJARE EN SY GESIN 497
8.3.1 Samevatting van die hoofstuk 497
8.3.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom 499

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

8.3.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk twee 500

8.4 HOOFSTUK DRIE: TEORETIESE RAAMWERK VIR GESTALTSPELTERAPEUTIESE- EN OUERLEIDING-PROGRAMME 501
8.4.1 Samevatting van die hoofstuk 501
8.4.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom 502
8.4.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk drie 503

8.5 HOOFSTUK VIER: DIE PROSES VAN GESTALT-TERAPEUTIESE INTERVENSIE 504
8.5.1 Samevatting van die hoofstuk 504
8.5.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom 506
8.5.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk vier 506

8.6 HOOFSTUK VYF: PROGRAM VIR GESTALT-SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIE MET DIE ALLERGIESE KIND 507
8.6.1 Samevatting van die hoofstuk 507
8.6.2 Aanbevelings vauit hoofstuk vyf 508
8.6.2.1 Die benutting van meer sessies in die gestalt-spelterapeutiese program (volgens die kind se behoefte) 508
8.6.2.2 Die benutting van die gestaltspelterapeutiese program in ‘n groepopset 508
8.6.2.3 Die aanpassing van die gestaltspelterapeutiese program vir ander ouderdomsgroepe 509
8.6.2.4 Die benutting van die metafoor in ander situasies 510

8.7 HOOFSTUK SES: OUERLEIDINGPROGRAM 510
8.7.1 Samevatting van die hoofstuk 510
8.7.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom 511
8.7.3 Aanbevelings vanuit hoofstuk ses 512

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.7.3.1 Die aanpassing van die ouerleidingprogram vir ouers van kleuters en adolessente 512
8.7.3.2 Die uitbreiding van die ouerleidingprogram en oueronderseuning 512

8.8 HOOFSTUK SEWE: EMPIRIESE GEGEWENS 512
8.8.1 Samevatting van die hoofstuk 512
8.8.2 Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme by elk van die ses respondente 513
8.8.2.1 Zandré Smith 514
8.8.2.2 Neline van Niekerk 517
8.8.2.3 Werner Coetzee 521
8.8.2.4 Rohan Coetzee 524
8.8.2.5 René Dewey 527
8.8.2.6 Declan Dewey 532
8.8.3 Gevolgtrekking rondom die algemene effektiwiteit van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme 537
8.8.4 Aanbevelings vanuit hoofstuk sewe 539

8.9 VERDERE ALGEMENE AANBEVELINGS 540

8.10 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE WAT UIT HIERDIE STUDIE SPRUIT 540

8.11 WAARDE VAN DIE STUDIE 541

8.12 SLOTOPMERKING 542

BIBLIOGRAFIE 543

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

BYLAES

BYLAAG A	VRAELYS: ALLERGIESE KINDERS	557
BYLAAG B1	VRAELYS AAN OUERS - EERSTE SESSIE	558
BYLAAG B2	VRAELYS AAN OUERS - LAASTE SESSIE	560
BYLAAG C	BEKENDSTELLINGSBRIEF AAN OUERS	562
BYLAAG D	BIBLIOGRAFIE VIR OUERLEIDINGINLIGTING	563

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1: Groei deur die lae van Perls - Zandré 308
FIGUUR 2: Groei deur die lae van Perls - Neline 347
FIGUUR 3: Groei deur die lae van Perls - Werner 379
FIGUUR 4: Groei deur die lae van Perls - Rohan 413
FIGUUR 5: Groei deur die lae van Perls - René 449
FIGUUR 6: Groei deur die lae van Perls - Declan 489
FIGUUR 7: Groei deur die lae van Perls - Alle respondente 538

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1
ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Inleidend tot die navorsingstudie word 'n uiteensetting van die beplanning, struktuur en strategie van die ondersoek wat gebruik is, gegee. Hierdie hoofstuk verskaf vervolgens inligting aangaande 'n aantal aspekte betreffende die metodes en prosedures waarvolgens die studie uitgevoer is.

In hierdie hoofstuk fokus navorser op die navorsingsmetodiek wat vir die studie gebruik is. Dit sluit onder andere in die navorsingsontwerp en prosedure asook die werkswyse wat gevolg is. Daar word ook op die doelstelling en doelwitte van die studie, die omskrywing van 'n aantal hoofbegrippe, die stel van 'n navorsingshipotese, die uitvoerbaarheid en die leemtes en probleme van die studie gefokus.

Die navorser sal ten slotte 'n indeling van die navorsingsverslag gee ten einde 'n begrip daar te stel van wat in die daaropvolgende hoofstukke volg.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die voorkoms van allergie as chroniese siekte is 'n groeiende verskynsel in die gemeenskap. Volgens Groenewald (1998) is reeds vyf-en-twintig persent van die bevolking allergies - 'n syfer wat jaarliks styg. Navorser het tydens 'n vorige studie (Yssel, 1997:21-34) aandag aan die invloed van allergie as chroniese siektetoestand op die kind se fisieke en emosioneel-sosiale ontwikkeling in die middelkinderjare gegee. Tydens hierdie studie is 'n assesseringsriglyn opgestel wat gebruik kan word om die impak van die siekte op die kind se totale groei te bepaal. Navorser het bevind dat die voorkoms van een of meer allergiese siektes nie net die kind se groei na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

optimale funksionering kan bemoeilik nie, maar dat dit ook 'n negatiewe invloed op die totale gesinsfunksionering kan hê.

Motivering vir hierdie studie spruit verder uit die mening dat daar 'n kennisleemte in die hantering van die spesifieke behoeftes van die allergiese kind bestaan. Navorser is van mening dat dit noodsaaklik is om terapeutiese riglyne vir gebruik deur spelterapeute daar te stel ten einde in hierdie behoeftes te kan voorsien en die hantering van moontlike probleme voortspruitend uit die voorkoms van 'n allergiese siekte effektief te kan aanspreek.

Volgens Oaklander (1993:281) behels gestaltterapie 'n humanistiese, proses-georiënteerde vorm van terapie wat op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek betrekking het. Sy meld dat hierdie terapeutiese benadering suksesvol met kinders gebruik kan word, omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling en kinderpsigopatalogie verwant is. Aangesien dit in die studie om die versterking van gesonde funksionering by die allergiese kind gaan, is navorser van mening dat die beginsels en tegnieke van die benadering met sukses toegepas kan word.

Navorser beskou gestaltterapie as 'n holistiese terapeutiese benadering wat op menslike groei, bewustheid en verantwoordelikheid fokus. Wanneer die allergiese kind tydens sy groeiproses tot verhoogde bewustheid van homself in sy omstandighede (spesifiek die saamleef met 'n allergiese siekte) gelei word, word hy bemagtig om keuses in probleemoplossing te maak en verantwoordelikheid vir hierdie keuses te aanvaar. Hierdeur groei hy tot verbeterde hantering van sy lewenseise en optimale funksionering kan bereik word.

Binne die studie word met die kind as deel van die gesin gewerk waar alle lede interafhanklik optree en wedersydse beïnvloeding voorkom. Wanneer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

die belangrike rol van die gesin tydens die middelkinderjare in ag geneem word, is dit die ouers wat 'n deurslaggewende ondersteuningsrol in die kind se hantering van chroniese siektes speel. Dit is dus nodig dat ouerleiding aan ouers gebied word met die doel om hulle te bemagtig tot ondersteuning van die doelstellings van die spelterapeutiese intervensie.

Deur die ouerleidingprogram is ouers bewus gemaak van die benutting van sekere gestaltbeginsels soos bewustheid, beheer en verantwoordelikheid in hul opvoedingstyl. Hierdeur word ouers nie net bemagtig om die doelstelling van die spelterapeutiese intervensie te ondersteun nie, maar word hulle ook in hul opvoedingstaak bygestaan.

Navorser het om hierdie rede in die studie sowel 'n gestaltspelterapeutiese program vir die kind op individuele vlak, as 'n ouerleidingprogram ontwikkel om die kennisleemte ten opsigte van hulpverlening aan die allergiese kind te oorbrug.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die voorkoms van allergiese siektes oefen volgens navorser nie slegs 'n direkte invloed op die kind as individu se optimale funksionering uit nie, maar ook op die funksionering van sy gesin en die breër gemeenskap.

Wat die invloed van allergiese siektes op die kind as individu se funksionering betref, is dit volgens navorser belangrik om in ag te neem dat die middelkinderjare deur groei op alle gebiede en aanpassing by 'n veranderde leefwêreld gekenmerk word. Talle ontwikkelingstake wat noodsaaklik vir verdere funksionering is, moet bemeester word en die kind moet al die energie waaroor hy beskik hiervoor benut. Indien faktore belemmerend op sy gesonde, optimale ontwikkeling inwerk, word die sukses van lewenstaakbemeestering (en dus voorbereiding vir verdere lewe) negatief beïnvloed of beperk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontwikkelingstake van die primêre skoolkind fokus volgens Nash, Stoch & Harper (1992:125) op persoonlike, sosiale en intellektuele groei binne die konteks van die gesin, portuurgroep en skool. Dit sluit die verwerwing van kennis, die versterking van geslagsidentiteit, verhoogde onafhanklikheid, samewerking in 'n groepopset en die skepping van 'n verhouding met gesagsfigure in (Du Toit & Kruger, 1991:136-138 en Louw; Van Ede, Ferns; Schoeman & Wait, 1998:326). Daar word spesifiek deur Nash, *et al.* (1992:448) en Schaffer (1996:52) gemeld dat die verkryging van beheer oor sy liggaam en eie lewe 'n belangrike ontwikkelingstaak vir die kind in sy middelkinderjare is.

Navorser het in die voorafstudie bevind dat die aanwesigheid van een of meer allergiese siekte die kind in sy ontwikkelingstaakbemeestering kan strem en sy totale funksionering op die langtermyn kan benadeel. Die navorsing het getoon dat sekere aspekte negatief deur die voorkoms van allergiese siektes beïnvloed word. Van hierdie aspekte wat op die kind se persoonlike groei fokus, sluit die kind se selfbeeldontwikkeling, sy groei na onafhanklikheid, beheer oor sy eie liggaam en verantwoordelikheidneming asook die hantering van angs en spanning in (Yssel, 1997:24-26, 45, 46, 93-96, 101, 104).

Aspekte wat in die voorafstudie as stremmende faktore op die kind se optimale sosiale ontwikkeling geïdentifiseer is, is die feit dat hy soms weens sy siekte geïsoleer word en deur ander kinders gespot word. Op skolastiese vlak het kinders aangetoon dat hulle soms in die klaskamer siek voel. Dit belemmer hulle konsentrasie- en werkvermoë wat volgens navorser tot verminderde genot en motivering kan lei (Yssel, 1997: 96, 99, 100).

Wanneer die gesin as belangrikste rolspelers in die kind se lewe in ag geneem word, is dit duidelik dat die voorkoms van allergiese siektes ook hier 'n negatiewe invloed kan uitoefen. Volgens Schaffer (1996:205) is die gesin die ideale opset waarin 'n kind kan grootword: dit is 'n klein, intieme groep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat dit vir die kind maklik maak om gedragsreëls aan te leer en waarin hy van sekuriteit en sorg verseker word.

Daar kom volgens Wait (1989:49) dwarsdeur die kinderjare ‘n intense behoefte aan hegte emosionele bande met ouers voor. Die kind se ouers bly volgens Du Toit & Kruger (1991:125) sy primêre steungewers, al begin hy toenemend buite die gesinskring beweeg. Die aanmoediging, steun, liefde en begeleiding van ouers is daarom van deurslaggewende belang vir sy persoonlikheidsontplooiïng. Cunningham (1993:213) onderstreep ook die rol van die ouers deur te meld: “although peers become an increasingly important influence during the school years, the family continues to be the most powerful influence on the school-age child’s personality.”

Verskeie skrywers (Dale, 1996:13, 25; Schaffer, 1996:205-208 en Nash, *et al.,* 1992:172-175, 502-504) is dit eens dat die gesin as ‘n sisteem (saamgestel uit individue en subsisteme) binne ‘n sosiale netwerk funksioneer. Elke gesin is saamgestel uit interafhanklike sosiale verhoudings waar sirkulêre beïnvloeding (die proses waar alle komponente wedersyds afhanklik van mekaar is) voorkom. Die gedrag van elke lid beïnvloed die ander en word deur hulle beïnvloed.

Waar ‘n allergiese siekte by een of meer kinders in ‘n gesin voorkom, het dit volgens navorser ‘n bepaalde invloed op die funksionering van die hele gesin. Die saamleef met ‘n chroniese siektetoestand stel bepaalde eise aan ‘n gesin, en veral moeders (as primêre versorgers) word volgens navorser geraak. Beide Eiser (1996:551) en Schultz; Dye; Jolicoeur; Cafferty & Watson (1994:210) meld dat die impak van ‘n chroniese siekte die lewenskwaliteit van die totale gesin tref. Soos Altschuler (in Gardner, 1998:214) tereg opmerk: “... chronic illness in children can have a significant impact on the psychosocial well-being of other family members.”

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eise en uitdagings wat deur die voorkoms van allergiese siektes gestel word, oefen volgens navorser 'n definitiewe invloed op die ouers se funksionering uit. Groter druk word sowel in terme van emosionele- as praktiese eise gestel.

Emosionele reaksies by ouers op 'n kind se chroniese siekte wissel volgens sowel Barlow, Harrison & Shaw (1998:445, 457) as Dale (1996:65-66) van frustrasie, hulpeloosheid, skok, woede, angs, kommer, hartseer en skuldgevoelens tot gevoelens van isolasie. (Vergelyk Marks, 1992:319; Spector & Nicklas, 1995:846 en Butz & Alexander, 1993:208.) Groenewald (1998) noem egter dat daar ook ouers is wat hul kind se siekte eerder ignoreer.

Wat die praktiese eise betref wat hierdie emosionele reaksies kan vererger, verg die versorging van die chroniese siek kind baie meer tyd en moeite, hoë verantwoordelikheidseise word aan ouers gestel, geweldige finansiële eise kan aan die gesin gestel word, en die ouers se sosiale interaksie kan ook belemmer word (Barlow, *et al.,* 1998:445, 456, 457; Eiser, 1996:551,552; Marks, 1992:266-268, 319 en Dale, 1996:65-66, 110, 124, 226).

Die voorkoms van allergiese siektes kan volgens navorser 'n definitiewe invloed op die ouerskapstyl binne die gesin veroorsaak. Sowel Motala (1994a:31) as Butz & Alexander (1993:208) maak melding van angs wat deur allergie by sommige ouers veroorsaak word. Isaacks & McElroy (in Smith, 1991:180) wys daarop dat ouers soms verantwoordelik voel vir die siekte waaraan die kind ly. Hulle ervaar 'n skuldgevoel oor die kind se siekte. Die ouers kan reageer deur oortoegeeflik en oorbeskermend te wees. Dit kan volgens Motala (1994a:31) een van die grootste gevare vir die gesonde ontwikkeling van chroniese siek kinders wees.

Die verhouding tussen sibbe is 'n verdere aspek rondom die kind se funksionering binne sy gesin wat volgens navorser nooit uit die oog verloor mag word nie. Cunningham (1993:213, 214) meld dat die ontwikkeling van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sibbe-verhoudings een van die belangrikste aspekte in die skooljare is. Sibbe kan nie daaglikse kontak met mekaar vermy nie en moet leer om oor die weg te kom. Volgens Schaffer (1996:265) beïnvloed sibbe mekaar se ontwikkeling wedersyds; hulle bring baie tyd saam deur, deel baie ervarings en die verhouding word gewoonlik ten spyte van onderlinge rusies deur nabyheid, liefde en sensitiwiteit vir mekaar gekenmerk.

Die voorkoms van allergiese siektes het ook 'n invloed op die kind se verhouding met sy sibbe. Van den Berg (in Smith, 1991:180) meld dat die ander kinders moontlik verwaarloos word en gevolglik jaloers kan voel omdat die siek kind meer aandag kry. Die verhouding tussen die siek kind en die ander kinders in die gesin word dus versteur. In die studie van Schultz, *et al.* (1994:214) het een moeder gemeld: "I am torn between responsibilities to my child with asthma and my other children." Dit dui daarop dat kompetisie vir ouerlike aandag tussen die kinders kan ontstaan.

Navorser beskou die voorkoms van 'n allergiese siekte as 'n situasie wat veranderde funksionering tot gevolg kan hê en moontlik as 'n probleem ervaar kan word. Dit moet dus nie net by die individuele kind aangespreek word nie, maar die ouers moet by ouerleiding betrek word, sodat hulle die moontlike negatiewe invloed op die totale gesinsfunksionering kan beperk en 'n ondersteunende rol ten opsigte van die spelterapeutiese program kan speel.

'n Laaste aspek wat volgens navorser ook in ag geneem moet word, is die invloed van allergiese siektes op die gemeenskap as geheel se groei en funksionering. Die gesin wat as bousteen van die samelewing gesien word, word duidelik beïnvloed. Verder is dit volgens navorser ook so dat alle ander persone wat met hierdie kind kontak het, tot 'n mindere of meerdere mate deur die voorkoms van allergiese siektes geraak word. Wanneer daar byvoorbeeld aan 'n onderwyseres gedink word, is dit volgens navorser ooglopend dat die voorkoms van allergiese simptome soos moegheid en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

irritasie by ‘n leerling haar onderrigtaak kan bemoeilik. ‘n Verdere aspek wat die samelewing raak is die geweldige mediese koste verbonde aan ‘n chroniese siektetoestand. Dit is dus in die hele gemeenskap se belang dat die kind gehelp word om die allergiese siekte suksesvol te beheer en dat sy gesin bemagtig word om hom hierin te ondersteun.

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

1.4.1 Doelstelling

Om

- ‘n gestaltspelterapeutiese program wat die kind in die middelkinderjare help om die negatiewe invloed van sy allergiese siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry, en
- ‘n ouerleidingprogram (waarin gestaltbeginsels benut word) wat hierdie kind se ouers ter ondersteuning van die spelterapeutiese program bemagtig, te ontwikkel.

1.4.2 Doelwitte

- Om deur middel van literatuurstudie en onderhoude met kundiges en ouers van allergiese kinders kennis oor die invloed van ‘n kind se allergiese siekte op die totale gesinsfunksionering te verbreed.

- Om bestaande literatuur oor die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind se funksionering te benut en ‘n gestaltspelterapeutiese program te ontwikkel wat gebruik kan word om die kind wat aan ‘n allergiese siekte ly te help om die negatiewe impak wat dit op sy ontwikkeling kan hê, te beperk.

- Om gestaltbegrippe en -tegnieke te benut in die ontwikkeling van ‘n ouerleidingprogram waardeur die ouers van bogenoemde kinders bemagtig kan word in die ondersteuning van die spelterapeutiese intervensie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Om ses allergiese kinders en hul ouers by die hoofondersoek te betrek waartydens hulle die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme deurloop en om hulle by voor- en natoetsing deur middel van vraelysvoltooiïng te betrek waardeur die sukses van die programme gemeet word.

- Om gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme daar te stel vir gebruik deur spelterapeute en maatskaplike werkers.

1.5 NAVORSINGSHIPOTESE

'n Hipotese word deur Gouws, *et al.* (in Smit, 1985:17) omskryf as: "'n Tentatiewe aanname, of 'n voorlopige verklaring van die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat deur eksperimentering of waarneming getoets word." Kerlinger (in De Vos, 1998a:116) sluit hierby aan deur te meld dat die hipotese 'n veronderstelling is wat sowel die verband tussen twee of meer veranderlikes as duidelike implikasies vir die toetsing van die verband, aandui. Vir hierdie navorsing word die volgende hipotese gestel:

Indien allergiese kinders in die middelkinderjare by gestaltspelterapeutiese intervensie betrek word, en hul ouers deur ouerleiding ter ondersteuning van die spelterapeutiese program bemagtig word, kan die kind gehelp word om die negatiewe invloed van allergiese siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.6.1 Soort navorsing

Navorser het van intervensienavorsing gebruik gemaak. Volgens (De Vos, Schurink & Strydom, 1998:9-11) is intervensienavorsing deur Rothman & Thomas uit ontwikkelingsnavorsing geskep. Die ontwikkelingsnavorsings-metode het uit die behoefte vir tegnologie binne professies soos maatskaplike werk ontstaan. Hier word tegnologie as die middel ("means")

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waardeur die doelwitte van die beroep bereik kan word, gesien. Die uitsette van ontwikkelingsnavorsing is produkte soos assesserings- en intervensiemetodes. Dit is egter nodig dat die sosiale wenslikheid van die voorgestelde metodes bepaal word. Die skrywers meld in hierdie verband: "The anticipated and possible unintended consequences of proposed technological innovations should be carefully appraised." (De Vos, Schurink & Strydom, 1998:9-11).

Binne intervensienavorsing kan 'n navorsingsprojek op die ontwikkeling van nuwe intervensiemetodes gerig word. Hierdie aspek van intervensie-navorsing word deur De Vos, Schurink & Strydom (1998:11) "intervention design and development" genoem.

Intervensienavorsing word deur De Vos (1998b:385) in ses fases ingedeel. Tydens die eerste fase (probleemanalise en projekbeplanning) word die aard en omvang van die probleem asook tekortkominge in intervensiemetodes waardeur die problematiese toestand aangespreek of gekonfronteer kan word, ondersoek (De Vos, 1998b:386). In die tweede fase (insameling en sintese van inligting) word inligting versamel en derdens word 'n bruikbare navorsingsontwerp gekies.

Tydens die vierde fase word die vroeë ontwikkeling van die program gedoen waarna 'n voorondersoek onderneem word. Tydens hierdie voorondersoek of "pilot testing" word die effektiwiteit van die ontwikkelde program getoets sodat veranderinge en verbeteringe voor die hoofondersoek aangebring kan word (De Vos, 1998b:395).

Tydens haar bespreking van die vyfde fase (evaluering en gevorderde ontwikkeling) lê die skrywer klem daarop dat die gebruik van navorsingsmetodes in die evalueringsfase, die vyfde fase ("evaluation and advanced development"), daarop gerig is om inligting as 'n integrale deel van 'n navorsingsinnovasieproses voort te bring. Hierin volg evaluasie op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontwikkeling en dra by tot verdere ontwikkeling en ontwerp soos nodig, en loop uiteindelik op aanvaarding en algemene gebruik uit (De Vos, 1998b:397). Die laaste fase (fase ses) behels die verspreiding van die navorsingsproduk.

Navorser beskou die eerste vier fases as die ontwikkelingsfases in intervensienavorsing, terwyl die vyfde fase as die evalueringskomponent in intervensienavorsing dien, en die sesde fase basies die bemarking en beskikbaarstelling van die navorsingsproduk behels.

Navorser het vir die doel van hierdie studie op die eerste vyf fases van intervensienavorsing gefokus. Daar is eerstens 'n probleemanalise van die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind in die middelkinderjare en die benutting van gestaltterapie om dit aan te spreek, gedoen. Daarna is inligting oor die onderwerp ingewin om 'n spelterapeutiese program wat die kind in die middelkinderjare help om beheer oor sy allergiese siekte te verkry en die negatiewe invloed daarvan tot die minimum te beperk te ontwikkel. Ter ondersteuning hiervan is 'n ouerleidingsprogram wat die ouers van die allergiese kind ter versterking van die spelterapeutiese intervensie bemagtig, ontwikkel.

Na die ontwikkeling van die programme is die effektiwiteit daarvan tydens 'n voorondersoek bepaal en die nodige verbeteringe voor die hoofondersoek aangebring. Die programme is tydens 'n hoofondersoek met ses kinders in die middelkinderjare en hul ouers geïmplementeer en geëvalueer. Navorser kon hierdeur vasstel of die behoeftes voortspruitend uit allergiëe effektief deur gestaltspelterapie en 'n ondersteunende ouerleidingprogram aangespreek kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.6.2 Navorsingsontwerp

Verskeie skrywers sien die navorsingsontwerp as die plan, struktuur, en strategie van die ondersoek (Bless & Higson-Smith, 1995:46; Leedy, 1993:125 en Dooley, 1990:62).

Volgens Mouton & Marais (1991:34) is die doel van die navorsingsontwerp om die uitvoering van 'n navorsingsdoel in lyn te bring met bepaalde praktiese oorwegings en beperkinge. Dit impliseer dus navorsings-beplanning. Huysamen (in Fouché en De Vos, 1998:124) sluit hierby aan wanneer hulle meld dat die navorsingsontwerp as plan of bloudruk 'n raamwerk voorsien waarvolgens data ingesamel en die navorsingshipotese op die mees ekonomiese wyse ondersoek kan word.

Navorser beskou die navorsingsontwerp as 'n raamwerk wat struktuur aan die navorsing gee en waarin spesifieke strategieë verskaf word om die navorsing suksesvol uit te voer.

Vir die doel van hierdie studie het die navorser van die kwasi-eksperimentele "eengroep voortoets-natoets" ontwerp gebruik gemaak. Volgens Fouché & De Vos (1998:129) bestaan hierdie ontwerp daaruit dat daar eerstens 'n meting van die afhanklike veranderlike (O1) geneem word voordat blootstelling aan die onafhanklike veranderlike (X) (die program) plaasvind.

As tweede stap word die onafhanklike veranderlike (X) toegepas en derdens word 'n verdere meting van die afhanklike veranderlike (O2) geneem, waarna die verskillende metings (O1 en O2) vergelyk word. Fouché & De Vos (1998:130) stel dit duidelik dat die voortoets van die afhanklike veranderlike as basis vir vergelyking vir die natoets gebruik word. Hulle meld verder: "This design, in which a pretest precedes the introduction of the independent variable and a posttest follows it, can be used to determine precisely how the independent variable affects a particular group." Die resultate van die voor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

en natoets word dus met mekaar vergelyk om die impak van die intervensie te bepaal.

Die voortoets-natoets eengroep ontwerp kan soos volg beskryf word:
O1 X O2
waar
O1 = Eerste waarneming van die afhanklike veranderlike
X = Onafhanklike veranderlike
O2 = Tweede waarneming van die afhanklike veranderlike

Navorser het vir die doel van die studie die kwasi-eksperimentele eengroep voortoets-natoets ontwerp gebruik ten einde te bepaal of gestaltspeltera-peutiese intervensie en 'n ondersteunende ouerleidingprogram suksesvol benut kan word in die versterking van die kind in die middelkinderjare se suksesvolle beheer van sy allergiese siektes en beperking van moontlike negatiewe invloede daarvan op sy optimale funksionering.

O1 = Voortoets
Eerstens is die invloed van allergiese siekte op die kind se funksionering deur voltooiïng van vraelyste deur sowel die respondent as sy ouers bepaal. Navorser het verder van gestruktureerde waarneming tydens die terapeutiese intervensie gebruik gemaak om spesifieke faktore rondom die respondent en sy ouers se houding teenoor en gevoelens oor allergiese siektes te assesseer.

X = Intervensie
Implementering van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme met dieselfde respondente as wat in die voortoets gebruik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

O2 = Natoets

Dieselfde respondente en ouers het weer die vraelyste voltooi en die navorser het die inligting wat uit die assessering deur gestruktureerde waarneming bekom is, benut om die invloed van die programme te bepaal.

Navorser het van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. De Vos, Schurink & Strydom (1998:17-18) is van mening dat navorsers in die sosiale wetenskappe dikwels kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes saam gebruik. Hulle meld ook spesifiek dat daar by intervensienavorsing van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak word.

Volgens Leedy (in De Vos, Schurink & Strydom (1998:15) lê die belangrikste verskil tussen kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsmetodes in die formaat van navorsingsdata wat verkry word. In kwalitatiewe navorsing is data gewoonlik verbaal, terwyl kwantitatiewe navorsing numeries van aard is.

Volgens De Vos (1998c:357) verskil die rol van die navorser tydens data-insameling by kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing ook drasties. By kwantitatiewe navorsing is die navorser gemoeid met objektiewe waarneming, sonder om 'n eie mening of interpretasie weer te gee. Data-insame-lingsmetodes fokus op skale en frekwensie-tellings. Mouton & Marais (1991:167) sluit hierby aan wanneer hulle meld dat daar binne kwantitatiewe navorsing gebruik gemaak word van 'n gestruktureerde, objektiewe waarnemingstegniek soos 'n vraelys.

Tydens die navorsing wat vir hierdie studie onderneem is, is 'n kombinasie van kwalitatiewe- en kwantitatiewe metodes gebruik. Die "Dominant-less-dominant model" van Creswell (De Vos, 1998c:360) is benut waar die navorser een metode (byvoorbeeld kwalitatiewe navorsing) as dominante paradigma benut, terwyl die alternatiewe paradigma (kwantitatiewe navorsing) 'n klein komponent van die oorhoofse studie uitmaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir die doel van hierdie studie is kwalitatiewe navorsing as dominante paradigma benut, terwyl kwantitatiewe navorsing as 'n klein komponent van die studie benut is. Die kwalitatiewe (dominante) data wat verkry is, is deur die navorser se eie waarneming van spesifieke aspekte van die allergiese kind se funksionering (afhanklike veranderlike) tydens die implementering van die spelterapeutiese intervensie bekom. Aspekte wat waargeneem en geassesseer is, behels die kind se bewustheidsvlakke, beheer, verant-woordelikheid en emosionele hantering, en hou direk verband met die holistiese gestaltbeginsels vir gesonde kinderontwikkeling. Die spesifieke aspekte word volledig in 1.6.3 onder navorsingsprosedures uiteengesit.

Navorser het wel van vraelyste (kwantitatiewe data-insamelings-metode) vir kontrolering gebruik gemaak, maar die klem is geplaas op die navorser se eie waarneming en interpretasie van gebeure tydens spelterapeutiese intervensie.

1.6.3 Navorsingsprosedure en werkswyse

Navorser het van navorsing onder gekontroleerde omstandighede deur veldopname gebruik gemaak. Hofmeyr (1996:4) meld dat die navorser onder gekontroleerde omstandighede poog om inherente kenmerke van individue waar te neem. Binne die veldopname word van persoonlike onderhoude, vraelyste en gekontroleerde waarnemings gebruik gemaak.

Binne intervensienavorsing meld De Vos (1998b:393): "Researchers must design a way of observing events related to the phenomenon naturalistically, a method system for discovering the extent of the problem and detecting effects following the intervention. Once the focus of change is identified, it is necessary to define these behavioural events in ways that can be observed. Relevant behaviours and outcomes may be measured using direct observation."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser het, afgesien van die vraelyste wat die gevoel of houding van die kinders en hul ouers oor spesifieke aspekte van die allergiese siekte toets, ook van gestruktureerde, direkte waarneming van die kind se voorgrondbehoeftes (sien 3.2.2.2) gebruik gemaak.

Die aspekte wat binne die gestaltbenadering direk met gesonde kinderontwikkeling verband hou en volgens navorser spesifiek by die allergiese kind geassesseer en hanteer moet word, sluit die volgende in:

- Die kind se bewustheid van homself en die invloed van die voorkoms van allergiese siektes op sy funksionering, waar onderskei word tussen
  * die kind se begrip van allergiese siektes
  * die kind se bewustheid van die invloed wat die siekte op sy lewe uitoefen.

- Die kind se bewustheid van sy omgewing (sensoriese kontakmaking).

- Die kind se emosionele hantering van sy allergiese siekte waar onderskei word tussen
  * die kind se bewustheid van die emosionele reaksies wat hy ervaar
  * die kind se vermoë tot emosionele uitdrukking en gepaste hantering daarvan.

- Die mate van beheer wat die kind oor sy allergiese siekte ervaar en uitoefen.

- Die mate van verantwoordelikheid wat die kind vir sy gesondheid neem waar onderskei word tussen
  * die kind se vermoë om gepaste keuses uit alternatiewe vir behoeftebevrediging te maak
  * die kind se vermoë om verantwoordelikheid vir hierdie keuses te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser het ses kinders tussen die ouderdomme ses en twaalf jaar (in die middelkinderjare) van beide geslagte en wat aan verskillende allergiese siektes ly, individueel as respondente by 'n spelterapeutiese program ingeskakel en hul ouers 'n ouerleidingprogram laat deurloop.

Tydens die eerste spelterapeutiese sessie het die respondente (met die navorser se hulp) 'n vraelys rondom die aspekte wat bo uiteengesit is voltooi. Ter wille van tydbesparing is die vraelyste saam met die kind voltooi. Dit is as gestruktureerde vraelys hanteer waar die vrae bloot gestel is en sonder bespreking neergeskryf is om subjektiewe beïnvloeding te vermy. Vir die kleiner kinders is terme waar nodig eenvoudiger gestel. Terwyl die kind se moeder in die wagkamer gesit het, het sy 'n vraelys wat aan haar gerig is rondom die invloed van die allergiese siekte op die kind se funksionering voltooi.

Tydens die verloop van die programme het navorser van gestruktureerde waarneming gebruik gemaak en spesifiek op bogenoemde aspekte gelet. Na afloop van die intervensie het die ouers en kinders op dieselfde wyse as tydens die eerste sessie weer die vraelyste voltooi. Deur die navorser se gestruktureerde waarneming en die vraelyste is die effektiwiteit van die programme gemeet.

1.6.4 Voorondersoek

1.6.4.1 Literatuurstudie

Navorser het beskikbare inligting oor die invloed van 'n allergiese siekte op sowel die kind as sy gesin se funksionering, spelterapie as terapeutiese medium, en ouerleiding wat vir die studie gebruik kan word, geïdentifiseer. Hierdie literatuur is deur middel van 'n rekenaarsoektog op die Erudite-, Sabinet- en Rominfo-programme by die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria geïdentifiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

1.6.4.2 Ervaring van kenners

Persoonlike kennis van persone met ondervinding is ingewin. Die volgende professionele persone is gekontak:

- Dr. M. Groenewald - Lid van die Uitvoerende Komitee van die Allergie Vereniging van Suid-Afrika en werksaam in die Pediatriese kliniek, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.
- Dr. C.J.G. Bender - Dosent by Departement Psigo-Pedagogiek, Universiteit van Pretoria.
- Mev. R van der Merwe - Maatskaplike werker en ouer van allergiese kinders.
- Mev. M. N. Roos - Enkelouer van ‘n allergiese kind.

Voortspruitend uit gesprekke met die kundiges het navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Die impak van allergiese siektes op die kind in die middelkinderjare verskil in intensiteit, maar het definitief ‘n belemmerende invloed op sy gesonde ontwikkelingstaakbemeestering.

- Wat die kind se emosionele funksionering betref, kom daar deurgaans ‘n verlies aan beheer voor - die kind voel dat hy sy beheer met die allergiese siektes moet deel en raak moedeloos, gefrustreerd en kwaad hieroor.

- Kinders het hulp nodig om die geweldige verantwoordelikheidseise wat deur allergiese siektes gestel word, konsekwent deur te voer.

- Kinderpartytjies word deurgaans as die situasie waar dit vir die kind die moeilikste is, geïdentifiseer. Hier word die kind aan verskeie versoekings blootgestel, en gewoonlik is daar baie min te kies tussen wat beskikbaar is.

- Die voorkoms van moegheid en hoofpyn as simptome van ‘n allergiese siekte soos allergiese rinitis belemmer die kind se konsentrasievermoë en gevolglik ook sy skoolprestasie. Dit het noodwendig ‘n invloed op die kind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

se motivering, wat, indien dit nie aangespreek word nie, tot verdere verswakte skoolprestasie aanleiding kan gee.

- Die hele gesin se funksionering word drasties deur die voorkoms van allergiese siektes by een of meer van die kinders geraak. Afgesien van die emosionele eise wat veral aan die ma (as primêre versorger) gestel word, kan die siekte talle praktiese aspekte wat die eise vererger, meebring. Hierdie praktiese aspekte sluit onder meer vakansiebeplanning, moeite met voedselvoorbereiding en finansiële kostes in. Die gesinsverhoudinge word ook geraak deurdat die ouer te toegeeflik kan optree, wat huwelikskonflik en konflik tussen die sibbe kan veroorsaak.

- Daar bestaan 'n dringende behoefte aan hulpverlening aan die allergiese kind. Indien die kind gehelp kan word om self die uitdagings en eise wat deur die voorkoms van die allergiese siekte gestel word te hanteer, sal dit nie net sy eie totale groei nie, maar ook díe van sy gesin, vergemaklik.

1.6.4.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Navorser het in samewerking met Dr. M. Groenewald allergiese kinders tussen die ouderdom ses en twaalf jaar (wat onder haar behandeling is) geïdentifiseer. Hierna is onderhoude met al die ouers gevoer om die doel van die studie te verduidelik en hul toestemming en samewerking te verkry.

Navorser het verder toestemming van Kaptein P. van Heerden verkry om die navorsing in 'n lokaal van die C-Blok te 1 Militêre Hospitaal, Pretoria te doen. Die program wat sewe sessies van vyf-en-veertig minute elk behels, het met elke respondent invidiueel op 'n weeklikse basis plaasgevind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.6.4.4 Studie van strategiese eenhede

Volgens De Vos (1998b:395) word die effektiwiteit van die intervensie tydens die studie van strategiese eenhede of "pilot testing" bepaal. Dit vind voor die hoofondersoek plaas en word deur Thomas (in De Vos, 1998b:395) beskryf as: "the process by which an innovative intervention is implemented and used on a trial basis developmentally and tested for its adequacy, and refined and redesigned as necessary".

Navorser het die voorondersoek in twee komponente verdeel. Die eerste komponent van die voorondersoek behels die toetsing van die selfontwerpte vraelyste. Vir die doel van die navorsing is twee selfontwerpte vraelyste deur die navorser opgestel. Elke respondent het met die navorser se hulp 'n vraelys wat aan hom gerig is voltooi, terwyl sy ouers ook 'n kopie wat aan hulle gerig is, voltooi het. Hierdie vraelyste is as deel van die voortoets en natoets in die hoofondersoek voltooi. Die vraelyste fokus op sowel die kind se individuele belewing van die allergiese siekte as die ouer se siening en belewing van die invloed van die allergiese siekte op die kind se funksionering.

As eerste komponent van die voorondersoek is beide vraelyste aan tien kinders en hul ouers gegee om die bruikbaarheid, duidelikheid en verstaanbaarheid daarvan te toets. Hierdie persone is deur doelgerigte steekproeftrekking geïdentifiseer, ten einde te verseker dat die vraelyste deur persone van verskillende ouderdomme, geslagte, en wat aan verskillende allergiese siektes ly, getoets is. Die vraelyste is (met die nodige veranderings) gefinaliseer vir gebruik in die hoofondersoek.

Verder het die navorser twee kinders en hul ouers by die tweede komponent van die voorondersoek betrek. Hierdie komponent is op dieselfde wyse as die hoofondersoek onderneem, sodat die uitvoerbaarheid van die programme bepaal kon word. Tydens die voorondersoek het navorser gepoog om te bepaal waar aktiwiteite verander moet word om die doel van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofondersoek suksesvol te bereik. Daar is veral aan die praktiese aspekte rondom die spelterapeutiese aktwiteite en ouerleiding-inligting, die tydsaspek van elke afdeling, en die geskiktheid van die lokaal aandag gegee. Die program is hierna afgerond vir gebruik in die hoofondersoek.

1.6.5 Omskrywing van die universum, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming

Die hoofondersoekgroep het uit ses kinders tussen die ouderdom ses en twaalf jaar bestaan. Hierdie kinders is gedurende 1998-1999 as pasiënte van Dr. M. Groenewald van 1 Militêre Hospitaal, Pretoria vir allergiese siektetoestande behandel.

Aangesien geen naamlys vir allergiese kinders tussen die ouderdom ses en twaalf jaar in Suid-Afrika beskikbaar is nie, is van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak. Seleksie het op die volgende kriteria berus:

- **Geslag:** beide geslagte
- **Ouderdom:** ses tot twaalf jaar
- **Taal:** Afrikaans of Engels
- **Allergiese siektetoestand:** Asma, Allergiese Rinitis, Ekseem en Voedselallergie of ‘n kombinasie van bogenoemde siektetoestande.

‘n Naamlys van allergiese pasiënte in die middelkinderjare is deur Dr. M. Groenewald aan die navorser beskikbaar gestel. Hieruit het navorser deur doelgerigte steekproeftrekking ses kinders gekies. Besonderhede rondom die spesifieke ses kinders is soos volg:

a) Zandré Smith

Zandré is tien jaar en een maand oud. Hy ly aan allergiese rinitis, asma, en voedselallergie. Navorser het hom by die studie betrek om die effektiwiteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die programme vir die funksionering van ‘n seun in die laat middelkinderjare wat aan asma en voedselallergie ly, te bepaal.

b) Neline van Niekerk

Neline is sewe jaar en twee maande oud. Sy ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en ekseem. Navorser het haar by die studie betrek om die effektiwiteit van die programme by ‘n dogter in die vroeë middelkinderjare wat aan ‘n kombinasie van allergiese siektes ly, te bepaal.

c) Werner Coetzee

Werner is agt jaar en vyf maande oud. Hy ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en asma. Navorser het hom by die studie betrek om die effektiwiteit van die programme by ‘n seun in die middelste middelkinderjare wat aan ‘n kombinasie van allergiese siektes ly, te bepaal.

d) Rohan Coetzee

Rohan is tien jaar en drie maande oud. Hy ly aan allergiese rinitis en voedselallergie. Navorser het hom by die studie betrek om die effektiwiteit van die program by ‘n seun in die laat middelkinderjare wat spesifiek aan allergiese rinitis en voedselallergie ly, te bepaal.

e) René Dewey

René is elf jaar en vyf maade oud. Sy ly aan allergiese rinitis, ekseem en voedselallergie. Navorser het haar by die studie betrek om die effektiwiteit van die program by ‘n dogter in die laat middelkinderjare wat aan ‘n kombinasie van allergiese siektes ly, te bepaal.

f) Declan Dewey

Declan is sewe jaar oud. Hy ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en anafilaktiese skokreaksies. Dr. M. Groenewald het spesifiek genoem dat sy allergiese siektes geensins onder beheer is nie en dat die feit dat hy kos steel ‘n lewensbedreigende situasie veroorsaak. Navorser het hom by die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

studie betrek om die effektiwiteit van die programme by 'n seun in die vroeë middelkinderjare wat aan 'n kombinasie van allergiese siektes ly en lewensbedreigende reaksies ervaar, te bepaal.

Volgens Strydom & De Vos (1998:198-199) en Neuman (1997:206) berus doelgerigte steekproeftrekking op die oordeel van die navorser deurdat hy 'n steekproef van persone saamstel wat volgens sy oordeel die kenmerkende eienskappe van die betrokke bevolking openbaar, besonder informatief is en lede van 'n spesifieke bevolking is. Seaberg (1988:252) meld die volgende: "we can only use purposive sampling when we have sufficient knowledge related to the research problem to allow selection of "typical" persons for inclusion in the sample." Aangesien Dr. M. Groenewald die navorser behulpsaam was met die identifisering van die proefpersone, is navorser van mening dat daar wel aan hierdie vereiste voldoen is.

1.7 LEEMTES EN PROBLEME WAT TYDENS DIE STUDIE ERVAAR IS

- Bepaling van die kind se voorgrondbehoefte

Alhoewel die kind tydens die spelterapeutiese sessies tot verhoogde bewustheid van sy voorgrondbehoeftes met betrekking tot sy allergiese siekte gestimuleer word, moet aanvaar word dat dit nie noodwendig te alle tye tydens assessering op die kind se voorgrond was nie. Die beantwoording van die vraelys kon dus deur 'n moontlike ander voorgrondbehoefte beïnvloed word.

- Ouerleiding

Alhoewel daar ná elke spelterapeutiese sessie geleentheid vir bespreking van ouerleidinginligting met die navorser gebied is, het al die ouers dit nie voldoende benut nie. Navorser is van mening dat meer gestruktureerde ouerleidingsessies groter waarde sou hê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Gebrek aan gereelde kontak met respondente se mediese dokter

Navorser wil dit as 'n leemte uitwys dat daar nie gereelde kontak met die respondente se mediese dokter gemaak is nie. Dit is navorser se oortuiging dat die feit dat die finale seleksie nie weer met Dr. M. Groenewald gekontroleer is nie, 'n leemte in hierdie studie was. Dit was 'n verdere leemte dat daar nie in hierdie studie 'n kind wat aan 'n kombinasie van asma, allergiese rinitis, ekseem en voedselallergie ly, of 'n kind met erge asma ingesluit is nie.

- Probleme wat ervaar is

Die enigste werklike probleem wat navorser tydens die uitvoering van hierdie studie ervaar het, is die feit dat sommige van die respondente tydens die toetsing van die spelterapeutiese en ouerleidingprogramme siek geword het wat die verloop van die studie vertraag het.

1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

1.8.1 Allergie

Allergie word deur Marieb (1995:734) soos volg gedefiniëer: "Allergies are abnormally vigorous immune responses. During such responses, the immune system causes tissue damage as it fights off a perceived "threat" (such as pollen or animal dander) that would otherwise be harmless to the body."

Die Mediese Woordeboek definiëer allergie as " 'n Kwaal waarby die liggaam hipersensitief raak vir spesifieke antigene (genaamd allergene) wat kenmerkende simptome ontlok wanneer dit teëgekom word, hetsy deur inaseming, inname, inspuiting of ander kontak. Verskillende allergieë teister verskillende weefsels en kan lokale of algemene uitwerkings hê, wisselend van asma en hooikoors tot erge dermatitis of gastroënteritis of uiterste ernstige skok." (Mediese Woordeboek, 1993:16).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat waar iemand aan allergiese siektes ly, die immuunstelstel van die liggaam by allergeenblootstelling abnormale reaksies op sekere onskadelike stowwe toon. In die proses om die stof te vernietig word die liggaam self beskadig, en spesifieke simptome wat aan elke siekte gekoppel word, word by reaksies op allergene veroorsaak.

1.8.2 Middelkinderjare

'n Kind word deur Etaugh & Rathus (1995:4, 5) gedefiniëer as: "a person undergoing the peroid of development from infancy to puberty." Die middelkinderjare word volgens hierdie skrywers gewoonlik as die jare tussen ouderdomme ses en twaalf beskryf met die kind se skooltoetrede as mylpaal.

Die kinderjare word deur Barker (1991:34) gedefiniëer as die vroeë stadium in die menslike lewenspan wat deur vinnige fisiese groei en die aanleer van volwasse rolle en verantwoordelikhede gekenmerk word.
Hoewel die middelkinderjare relatief rustige jare is wat fisieke ontwikkeling betref, meld Louw, *et al.* (1998:325) dat hierdie tydperk van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling is.
Die kind word tydens hierdie tydperk voorberei op aanpassings en uitdagings wat in die adolessente jare gaan volg en ewewigtige ontwikkeling gedurende die middelkinderjare lê 'n stewige fondament vir latere ontwikkeling.

Navorser beskou die middelkinderjare as die laerskooltydperk waar die kind op alle gebiede groei en ontwikkel. Grondslae vir die hantering van lewenseise word gelê en die kind ontwikkel sy vermoë om probleme en behoeftes suksesvol aan te spreek.

1.8.3 Gesin as sisteem

'n Gesin word deur Henslin (1997:647) gedefiniëer as: "two or more people who consider themselves related by blood, marriage or adoption." Proctor, Davis & Vosler (1995:942) sluit hierby aan deur te meld dat: " a family is defined as a grouping that consists of two or more individuals who define

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

themselves as a family and who over time assume those obligations to one another that are generally considered an essential component of family systems." (Vergelyk Barker, 1991:80.)

Volgens Schaffer (1996:206) kan 'n gesin uit 'n sisteemperspektief gesien word as 'n geïntegreerde eenheid saamgestel uit die individuele lede en die verhoudings tussen lede. Beckett & Johnson (1995:139) meld dat die gesinsisteemteorie die gesin as 'n onafhanklike mikrosisteem sien.

Navorser beskou die gesin as die sentrale eenheid waarin 'n kind grootword, hetsy met beide ouers teenwoordig, of in 'n enkel-ouer situasie. Die gesin dien as primêre versorgers wat die kind bystaan in sy bereiking van ontwikkelingstake en groei na volwassewording. Die gesin funksioneer as 'n sisteem waarin alle lede interafhanklik van mekaar is en mekaar wedersyds beïnvloed.

1.8.4 Spelterapie

Spelterapie is volgens Barker (1991:174) 'n vorm van psigoterapie wat deur maatskaplike werkers en ander professionele persone gebruik word om kommunikasie te fasiliteer. Die kliënt gebruik speelgoed om konflik uit te speel of situasies te demonstreer wat verbaal moeilik uitgedruk word.

Volgens Plug, Meyer, Louw & Gouws (1989:343) kan spelterapie soos volg omskryf word: " 'n Psigoterapeutiese tegniek waarmee die terapeut probeer om die kind die geleentheid te gee om op verbale en nie-verbale wyse uitdrukking aan sy gevoelens te gee. Daar word veronderstel dat die kind sy probleme op simboliese wyse sal uitspeel, sy eie gevoelens sal leer ken en meer effektief sal kanaliseer, sal leer om 'n vertrouensverhouding met 'n ander persoon aan te knoop en dat afwykende gedrag gewoonlik genormaliseer sal word."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Spelterapie word deur West (1992:12) soos volg gedefiniëer: “When we talk about play therapy, we imply a holistic approach, using play as means of ‘helping’ in an non-invasive way.”

Navorser beskou spelterapie as ‘n kommunikasiemedium waar die kind se verwysingsraamwerk en ervaringswêreld betree word en hy die geleentheid gebied word om op ‘n bekende wyse bewustheid van sy behoeftes te bereik, dit aan te spreek en sy probleme uit te sorteer.

1.8.5 Gestaltterapie

Gestaltterapie word deur Oaklander (1994:143) beskryf as ‘n humanistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie wat betrekking het op al die aspekte van ‘n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek. Sy meld dat hierdie terapeutiese benadering suksesvol met kinders gebruik kan word omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling en kinderpsigopatalogie verwant is.

Hierdie terapeutiese benadering kan volgens Plug, *et al.* (1989:124) omskryf word as: “ ‘n Vorm van psigoterapie wat deur F. Perls ontwikkel is en wat toegespits is op dit wat onmiddellik teenwoordig is met die doel om die pasiënt te help om die gewaarwording van sy ervarings in hulle totaliteit te verbeter.”

Navorser beskou gestaltterapie as ‘n terapeutiese benadering wat op menslike groei, bewustheid en verantwoordelikheid fokus. Deur die kind se bewustheid van sy lewensomstandighede te verhoog, word hy gelei om keuses in probleem-oplossing te maak en om verantwoordelikheid vir hierdie keuses te aanvaar. Hierdeur groei hy tot verbeterde hantering van lewenseise en optimale funksionering kan bereik word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die doel van hoofstuk een is om 'n beskrywing te gee van die wyse waarop die ondersoek uitgevoer is.

In hoofstuk twee word die invloed van allergiese siektes op die kind in die middelkinderjare se groei en sy gesin se funksionering bespreek.

Die aard en metodes van spelterapie binne die gestaltbenadering word in hoofstuk drie bespreek ten einde vas te stel hoe dit in 'n spelterapeutiese program en ouerleidingprogram gebruik kan word. Hierdie hoofstuk dien dus as 'n teoretiese grondslag vir spelterapeutiese- en ouerleidingriglyne.

In hoofstuk vier word die volledige gestaltterapeutiese intervensieproses wat tydens spelterapie met die allergiese kind benut word, bespreek. Dit sluit die bou van 'n terapeutiese verhouding, die verhoging van bewustheid, die geleentheid vir die projektering van die kind se voorgrondbehoefte deur verskillende projeksiemedia, en verdere terapeutiese intervensie (die fasilitering van die emosionele uitdrukking en die hantering van hierdie emosies, die fasilitering van probleemhantering, eksperimentering met nuwe gedrag, konfrontering van ontoepaslike gedrag, selfvertroeteling, bemagtiging en terminering) in.

Die gestaltspelterapeutiese program word in hoofstuk vyf uiteengesit. Elke sessie word volledig bespreek waar die doelwitte van die sessie eerstens weergegee word. Die verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat benut word, word stap vir stap uiteengesit. Verder word die toerusting wat benodig word uiteengesit, waarna spesifieke aspekte van belang wat tydens die sessie in ag geneem moet word, bespreek word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hoofstuk ses word die ouerleidingprogram volledig weergegee. Daar word spesifiek aan die aspekte van die kind se ontwikkeling wat tydens spelterapie aangespreek word (bewustheid, versterking van sy beheer, hantering van emosionele reaksies en die hantering van die invloed van allergiese siektes op die kind as holistiese wese) aandag gegee, en praktiese hanteringstrategieë word vir ouers uiteengesit.

Die praktiese uitvoering van die navorsing (die empiriese inligting) word in hoofstuk sewe bespreek.

Navorser kom in hoofstuk agt tot 'n eie gevolgtrekking en maak aanbevelings na aanleiding van die inligting wat uit die ondersoek verkry is.

1.10 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is benut om 'n aantal aspekte betreffende die metodes en prosedures waarvolgens die studie uitgevoer is, te bespreek. Eerstens is aandag aan die motivering vir die keuse van die onderwerp en die probleemformulering gegee. Die doel van die studie en die navorsingshipotese is verder duidelik uiteengesit. Die navorsings-metodologie is vervolgens bespreek, en laastens is definisies van die hoofkonsepte gebied.

Dit is volgens navorser noodsaaklik dat die spelterapeut wat hulpverlening aan die chronies allergiese kind wil bied, oor deeglike kennis rondom die kind in die middelkinderjare, die aard van allergiese siektes en die invloed daarvan op die kind as individu en sy gesin se funksionering, sal beskik. Hierdie inligting word vervolgens in hoofstuk twee bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2
DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE EN SY GESIN

2.1 INLEIDING

Die middelkinderjare is as ontwikkelingsfase 'n uitdagende tydperk waarin die kind homself leer ken, kennis maak met 'n groter sosiale wêreld en sy eerste treë in die akademiese opset begin gee. Dis 'n tyd vol veranderings waarin die belangrikheid van die stabiliteit wat hy by sy gesin ontvang, nooit oorskat kan word nie. Veral waar die kind aan 'n chroniese siektetoestand lei, is dit sy funksionering in gesinsopset wat hom help om die eise en probleme van die toestand suksesvol die hoof te bied en tot 'n gesonde, optimale vlak van funksionering te groei.

In hierdie hoofstuk word op die allergiese kind in die middelkinderjare gefokus. Klem word geplaas op die vaardighede en take wat die kind op hierdie ouderdom moet bemeester om gesond tot optimale volwassewording te groei. Die mate waartoe allergiese siektes hierdie ontwikkeling kan beïnvloed, word ook bestudeer. Daar word verder aandag aan die kind se funksionering binne gesinsverband gegee, aangesien die gesin as primêre opvoeder en sosialiseringsagent dien en die voorkoms van die siekte volgens die navorser die totale gesinsfunksionering raak.

Slegs wanneer die invloed van allergiese siektes op die kind en sy gesin se funksionering in ag geneem word, kan terapeutiese intervensie daarin slaag om die kind te help om die beperkings, eise en uitdagings wat deur hierdie chroniese siektetoestand gestel word, makliker te hanteer en beheer oor sy situasie te verkry. Gesinslede (spesifiek die ouers) kan dan ook bemagtig word om 'n ondersteunende rol tot die terapeutiese proses te speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Alvorens enige werk met die kind begin kan word, is dit volgens navorser noodsaaklik dat ‘n duidelike beeld van wie die kind is, wat sy leefwêreld behels en watter eise in terme van ontwikkelingstake in sy groeiproses aan hom gestel word, verkry word.

2.2.1 Die middelkinderjare

Die middelkinderjare word deur Louw, Van Ede, Ferns, Schoeman & Wait (1998:326) as die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare beskryf. Etaugh & Rathus (1995:4, 5) sluit hierby aan deur die kind se skooltoetrede as mypaal vir hierdie ouderdomsgroep te identifiseer. (Vergelyk Rice, 1995:7.)

Hoewel dit relatief rustige jare is wat fisieke ontwikkeling betref, meld Louw, *et al.* (1998:326) dat hierdie tydperk van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling is. Ontwikkeling op hierdie terreine stel hom in staat om 'n steeds beter begrip van sy leefwêreld te vorm; 'n leefwêreld wat deur die dramatiese uitbreiding van sy sosiale omgewing gestimuleer word. Spesifiek met betrekking tot die uitbreiding van sy sosiale wêreld, meld Etaugh & Rathus (1995:446) dat die portuurgroep toenemend ‘n belangriker rol in die kind se lewe begin speel. Die kind se sosiale wêreld brei dramaties uit en die verhouding met die ouers verander namate die kind groter onafhanklikheid bereik.

Die middelkinderjare word verder deur Etaugh & Rathus (1995:367) beskryf as ‘n tydperk van geleidelike groei en verhoogde bevoegdheid. Die kind word volgens Louw, *et al.* (1998:326) tydens hierdie tydperk voorberei op aanpassings en uitdagings wat in die adolessente jare gaan volg en ‘n gebalanseerde ewewigtige ontwikkeling gedurende die middelkinderjare lê ‘n stewige fondament vir latere ontwikkeling. (Vergelyk Barker, 1991:34.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser het besluit om kinders in hulle middelkinderjare by die navorsing te betrek omdat dit vormingsjare is waartydens ontwikkeling op alle gebiede voorkom. Grondslae vir die hantering van lewenseise word gelê en die kind ontwikkel sy vermoë om behoeftes en probleme suksesvol aan te spreek. Indien kinders vroeg leer om by die eise en veranderinge wat 'n allergiese siekte kan meebring aan te pas, kan probleme grootliks uitgeskakel word. Deur die kind te help om die allergie te verstaan, te aanvaar en beheer daaroor te verkry, word hy gelei om te voorkom dat dit toenemend probleme in sy lewe veroorsaak.

2.2.2 Ontwikkelingstake in die middelkinderjare

Volgens navorser word die middelkinderjare deur groei op alle gebiede en aanpassing by 'n veranderde leefwêreld, gekenmerk. Talle ontwikkelingstake noodsaaklik vir verdere funksionering moet bemeester word, en die kind moet al die energie waaroor hy beskik hiervoor benut. Indien faktore belemmerend op sy gesonde, optimale ontwikkeling inwerk, word die sukses van lewens-taakbemeestering (en dus voorbereiding vir verdere lewe) negatief beïnvloed of beperk.

Ontwikkelingstake word soos volg deur Havighurst (in Thomas, 1996:57) gedefiniëer: "a task which arises at or about a certain period in the life of the individual, successful achievement of which leads to his happiness and to success with later tasks, while failure leads tot unhappiness in the individual, disapproval by society and difficulty with later tasks." (Vergelyk Thomas, 1996:60-63.)

Die skrywers Thompson & Rudolph (1996:4) sluit hierby aan deur spesifiek ten opsigte van ontwikkelingstaakbemeestering die volgende te meld: "Children who pass successfully through the developmental stages of childhood and adolescence become fully functioning or self-actualizing adults."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontwikkelingstake van die primêre skoolkind fokus volgens Nash, Stoch & Harper (1992:125) op persoonlike, sosiale en intellektuele groei binne die konteks van die gesin, portuurgroep en skool. Die belangrikste onwikkelings-take wat op persoonlike- (emosionele-), sosiale- en intellektuele ontwikkeling fokus, word vervolgens bespreek.

2.2.2.1 Persoonlike (emosionele) ontwikkeling

Wat die kind se persoonlike groei betref, is daar drie ontwikkelingstake wat vir navorser uitstaan, naamlik die ontwikkeling van 'n gesonde selfkonsep en identiteit, die verhoging van die kind se onafhanklikheid en die ontwikkeling van emosionele bewustheid en die hantering van sy emosies.

Volgens Weiten (in Pretorius, 1998a:35) is die kind se persoonlikheids-ontwikkeling spesifiek op die ontwikkeling van die selfkonsep, die kind se strewe na 'n eie identiteit en selfaktualisering gerig. Louw, *et al.* (1998:326) en Lefrancois (1993:48) ondersteun Weiten se mening wanneer hulle meld dat die kind 'n positiewe selfkonsep en 'n positiewe houding ten opsigte van sy liggaam moet ontwikkel.

By identiteitsverwerwing gaan dit volgens Pretorius (1998a:19) oor die vraag "Wie is ek?", terwyl selfkonsepverwerwing na die vraag "Hoe is ek?" verwys. Konsepte wat volgens navorser hierby aansluit en wat deur Louw, *et al.* (1998:326) en Lefrancois (1993:48) as verdere ontwikkelingstake genoem word, is die ontwikkeling van groter selfbegrip en -kennis en die ontwikkeling, vaslegging en versterking van 'n gepaste geslagsrolidentiteit. Die kind moet homself leer ken en besluit hoe hy oor homself in sy situasie voel.

Die volgende ontwikkelingstaak wat deur Louw, *et al.* (1998:326) en Lefrancois (1993:48) genoem word, is die kind se bestendiging van sy persoonlike onafhanklikheid. Dit sluit toenemende verantwoordelikheid-neming vir dade en vestiging van sy onafhanklikheid en selfstandigheid in. Shaffer (1996:52) sluit hierby aan deur te meld dat groei tot onafhanklikheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en beheer oor die eie lewe een van die belangrikste ontwikkelingstake vir hierdie ouderdom is. (Vergelyk Nash, *et al.,* 1992:125.)

Wat die ontwikkeling van emosionele bewustheid en die hantering hiervan betref, meld Rice (1995:232) dat die emosionele ontwikkeling van die kind gerig is op die ontwikkeling van sy emosies en die uitdrukking daarvan in verhouding tot homself, sy ouers, portuurgroep en ander persone en aspekte van sy leefwêreld. Emosionele ontwikkeling is uiters belangrik omdat emosie 'n kommunikasiemedium, 'n belangrike faktor in sosiale verhoudings en 'n kragtige motiveerder vir gedrag is. (Vergelyk Henslin, 1997:71.)

2.2.2.2 Sosiale ontwikkeling

Die kind bevind hom tydens die middelkinderjare in 'n situasie van verhoogde sosiale kontak. Die skrywers Louw, *et al.* (1998:326) en Lefrancois (1993:48) meld dat die kind in die middelkinderjare op sosiale gebied sosiale vaardighede moet verwerf en sy sosiale deelname moet uitbrei. Hy moet:

- fisieke vaardighede wat vir spel nodig is bemeester,
- samewerking met die portuurgroep in 'n groepsopset aanleer en
- verhoudings met gesagsfigure skep.

Die kind leer hierdie vaardighede deur die proses van sosialisering. Pretorius (1998b:45) meld dat sosialisering plaasvind sodat die kind die kennis, gewoontes en waardes van die samelewing sy eie kan maak. Sosialisering behels dat die kind sal leer:

- wie hy is en waar hy in die lewe inpas.
- wat reg en verkeerd is (met betrekking tot gedrag, waardes, doelstellings, houdinge).
- wat hy in die lewe kan verwag en wat van hom verwag word.
- om die betekenis van die situasie te interpreteer.
- hoe om hom sosiaal (in verhouding met ander) te gedra.

(Vergelyk Henslin, 1997:66.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere aspek van sosiale ontwikkeling is morele ontwikkeling. Dit behels volgens Meyer (1998:12) die individu se beskouïnge oor wat reg en verkeerd is, asook veranderinge in die wyse waarop morele oordele gevel word.

Volgens Kohlberg (in Du Toit & Kruger, 1991:131, 132) gaan kinders deur verskillende vlakke van morele ontwikkeling namate hulle kognitiewe vermoëns ontwikkel. In die primêre skooljare is die pre-konvensionele vlak van morele ontwikkeling, wat in twee fases verdeel word, veral kenmerkend. In die eerste fase evalueer die kind gedrag slegs op die basis van die gevolge daarvan - hy is dus gehoorsaam bloot om straf te vermy en nie omdat hy verstaan of besef hoekom dit die korrekte gedrag is nie. In die tweede fase is dit vir die kind belangrik om reëls na te kom as dit duidelik in sy of iemand anders se belang is. (Vergelyk Thomas, 1996:462, 465.)

Volgens Du Toit & Kruger (1991:131) is die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei in die primêre skooljare 'n belangrike ontwikkelingstaak van die kind. Hy moet 'n gewete, sedelikheid, waardeskaal en norme-struktuur ontwikkel.

Met betrekking tot die allergiese kind se morele ontwikkeling, is navorser van mening dat die kind wat aan voedselallergie ly skuldgevoelens kan ervaar oor geleenthede waar hy van die voorgestelde dieet afgewyk het deur byvoorbeeld skelm by 'n maat sjokolade te eet. Waar 'n troeteldier as gevolg van allergiese reaksies verwyder moet word, kan kinders behalwe vir die hartseer hieroor, ook skuldig voel.

2.2.2.3 Akademiese ontwikkeling

Die middelkinderjare word gekenmerk deur die kind se toetrede tot sy skooljare. Die ontwikkelingstake wat op intellektuele of akademiese groei fokus, sluit die volgende in:

- die uitbreiding van kennis,
- die ontwikkeling van basiese skolastiese begrippe en lees-, skryf- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wiskundige vaardighede, en
- verdere verfynde motoriese vaardighede (Louw, *et al.,*1998:326 en Lefrancois, 1993:48).

Die skrywers Thompson & Rudolph (1996:19) sien die kinderjare soos volg: "Childhood should be a time for healthy growth, for establishing warm and rewarding relationships, for exploring a widening world, for developing confidence in self and others, and for learning and experiencing. It should contain some fun and carefree times, and it should also provide a foundation and guidance for the maturing person."

Volgens navorser moet die kind te alle tye ondersteun word om sy ontwikkelingstake te bemeester en tot sy volle potensiaal te groei. Veral waar daar 'n chroniese siekte aanwesig is, moet ekstra hulp gebied word om die moontlike negatiewe invloed op die kind se ontwikkelingstaak-bemeestering te minimaliseer. Die gesin speel hier 'n kardinale rol. Selfs waar daar geen spesifieke behoefte of probleem voorkom nie, speel die gesin 'n sleutelrol in die kind se ontwikkeling. Om die gesinsdinamika van 'n huis met allergiese kinders beter te verstaan, is dit dus nodig om eers op die belangrikheid van die rol van die gesinslede tydens die middelkinderjare te fokus.

2.3 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GESIN TYDENS DIE MIDDELKINDERJARE

2.3.1 Die rol van die gesin te midde van dramatiese sosiale uitbreiding

Uit die voorafgaande bespreking oor die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, is dit duidelik dat die kind se wêreld dramaties uitbrei. Sy toetrede tot 'n skoolopset verbreed sy sosiale arena en die rol van maats raak al hoe belangriker in sy ontwikkeling. Tog bly die gesin die primêre anker van die kind se bestaan. Navorser is daarvan oortuig dat die kind wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geborge in ‘n gesinskring vol liefde en warmte opgroei, die nodige ondersteuning kry om sy potensiaal optimaal te verwesenlik.

Verskillende skrywers maak melding van die feit dat die ouerhuis en gesin ‘n noodsaaklike rol in die kind se lewe speel. Thompson en Rudolph (1996:4) konstateer dat: “Warm and loving homes provide excellent environments for growth.” Dale (1996:25) onderstreep bogenoemde deur die volgende: “The family has a key role in the child’s life. The family home is the natural and most appropriate place for the majority of children.”

Alhoewel die kind in die middelkinderjare meer kontak na buite opbou, geleidelik groter onafhanklikheid van ouers se daadwerklike hulp bereik, en daar ‘n duidelike losmakingsproses voorkom, bly die gesin volgens sowel Wait (1989:49) as Du Toit & Kruger (1991:125-126) die spil waarom die kind se bestaan draai. Cunningham (1993:213) onderstreep bogenoemde wanneer hy die volgende meld: “although peers become an increasingly important influence during the school years, the family continues to be the most powerful influence on the school-age child’s personality”. Die gesin speel dus steeds die belangrikste rol in die allergiese kind se funksionering.

2.3.2 Die ouer-kind verhouding

Dit is veral die ouer-kind verhouding wat ‘n belangrike rol in die kind se gelukkige funksionering speel. Volgens Pretorius (1998b:57) en Louw, *et al.* (1998:354) het die kind behoefte aan die aanmoediging, steun, liefde en begeleiding van sy ouers, wat in konkrete dade en op tasbare wyse tot uitdrukking kom, om psigies toereikend te kan ontwikkel. (Vergelyk Rice, 1995:233.)

Die warm, emosionele ouer-kindverhouding waar die ouers liefdevol, ondersteunend en aanvaardend optree, is volgens Pretorius (1998b:65) die belangrikste aspek van kinderopvoeding. Rice (1995:232) meld spesifiek die “attachment”-gevoel wat die kind se totale ontwikkeling beïnvloed. Dit bied

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die kind sekuriteit, 'n ontwikkelende gevoel van self, en maak sosialisering moontlik. Henslin (1997:64) ondersteun bogenoemde en meld spesifiek: "To develop normally, children need warm, human interaction - expressions of love, affection and acceptance that convey a sense of self-worth." (Vergelyk Miller in Cattanach, 1993:13, 14 en Wait, 1989:49, 50.)

Dit is navorser se mening dat die chronies allergiese kind spesifiek na sy ouers se koestering en liefde smag wanneer hy siek voel. Verder speel die verhouding met sy ouers 'n belangrike rol in sy hantering van sy allergiese siekte en die suksesvolle beheer daarvan.

2.3.3 Sibbeverhoudinge

Gesinsverhoudinge is volgens Pretorius (1998b:43) die basis vir alle latere sosiale verhoudings. Die verhouding met ander gesinslede (sibbe) is dus ook van kardinale belang vir die kind se gesonde ontwikkeling. Rice (1995:279) onderstreep hierdie mening deur die volgende te meld: " Not only are parents an important influence on the social development of children, but siblings also exert considerable influence. Sibling relationships are unique because they are different from relationships with parents and peers." (Vergelyk Cunningham, 1993:213, 214.)

Volgens Schaffer (1996:265) beïnvloed sibbe mekaar se ontwikkeling wedersyds. Hulle bring baie tyd saam deur, deel baie ervarings en die verhouding word gewoonlik ten spyte van onderlinge rusies deur nabyheid, liefde en sensitiwiteit vir mekaar gekenmerk. Hierdie rusies dien in der waarheid as oefening vir die kind se sosiale vaardighede en doen geensins afbreuk aan die liefde tussen gesinslede nie. Allen (1994:412) meld ook spesifiek dat ouers moet besef dat rusies tussen kinders normaal is. (Vergelyk Rice, 1995:316 en Du Toit & Kruger, 1991:123.)

'n Ander aspek wat navorser rondom die verhouding tussen sibbe wil uitlig, is die feit dat sibbe van verskillende ouderdomme in 'n gesin met mekaar leer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saamspeel en -leef. Dit is dus in die verhouding met hul sibbe wat kinders leer hoe om met kinders uit ander ouderdomsgroepe oor die weg te kom.

2.3.4 Funksies van die gesin

Soos reeds vermeld, speel die gesin volgens navorser 'n ondersteunende rol tydens die hantering van probleme en in die kind se ontwikkelingstaak-bemeestering. Die gesin is as kleinste sosiale eenheid die ideale plek waar die kind se behoeftes aangespreek word en hy opgevoed word om die eise van die samelewing op sosiaal aanvaarbare wyse te hanteer. Pringle (in West, 1992:18) onderstreep hierdie siening deur te noem dat die kind se emosionele, sosiale en intellektuele behoeftes bevredig moet word, sodat hy die lewe kan geniet en tot sy volle potensiaal kan ontwikkel.

Vervolgens word spesifieke funksies wat die gesin ter ondersteuning van die kind se optimale ontwikkeling vervul, kortliks bespreek. Die funksies word binne die gesin vervul sodat die kind onbelemmerd op alle vlakke kan ontwikkel.

2.3.4.1 Versorging, beskerming en behoefteverwulling

Gesinslede lewe saam om mekaar se behoeftes te vervul en ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind (Pretorius, 1998b:41, 42). Nash, *et al.* (1992:175) meld dat die kind geleer word om homself te help en word bygestaan in sy sosiale integrasie. Dit lei volgens navorser tot gesonde onafhanklikheidsvorming deurdat die kind se gesonde losmakingsproses ondersteun word.

2.3.4.2 Ondersteuning

'n Verdere funksie van die gesin is die ondersteuningsfunksie. Die skrywers Du Bois, *et al.* (in Etaugh, & Rathus, 1995:477) stel dit soos volg: "Support from others - parents, grandparents, siblings, peers or teachers - improves the ability of children to cope with life's stresses." (Vergelyk Nash, *et al.,*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1992:176.) Die gesin kan dus die allergiese kind help om spanning wat saam met 'n siekte voorkom, suksesvol te hanteer.

2.3.4.3 Opvoeding en sosialisering

Volgens Pretorius (1998a:15 en 1998b:45, 46) en Schaffer (1996:204) moet die kind in die gesin opgevoed en gesosialiseer word sodat hy hom op 'n sosiaal aanvaarbare wyse leer gedra ten einde in sy spesifieke samelewing te kan inpas en aanvaar te word. (Vergelyk Henslin, 1997:66 en Rice, 1995:269.)

Die gesin dien as primêre sosialiseringsagent. Gesinne bied volgens Nash, *et al.* (1992:176) die geleentheid om sosiale verhoudings aan te leer. Kinders leer om saam met hulle ouers en sibbe te leef. Hier in die gesin, vestig hulle die patroon vir hulle toekomstige persoonlike verhouding. Gesinne stel die kinders ook in staat om te leer om te kommunikeer en konflik te hanteer.

Volgens Meyer (1998:9) is sosialisering 'n lewenslange proses waardeur mense die opvattings, gebruike, waardes en rolle van hulle kultuur of groep aanleer. (Vergelyk Stratton in Lefrancois, 1993:277.) Pretorius (1998a:5, 15) meld dat die toereikend gesosialiseerde persoon as volwassene in staat sal wees om die groot verskeidenheid uiteenlopende en dikwels problematiese sosiale situasies waarin hy hom daagliks mag bevind, te kan hanteer. Die kind het 'n toereikende sosiale opvoeding en sosiale vorming ondergaan as hy weet hoe om met ander mense om te gaan.

2.3.4.4 Ontspanning

Ontspanning word deur Pretorius (1998b:47) uitgelig as 'n funksie wat primêr deur die kind se gesin vervul moet word. Dit is volgens navorser veral by die allergiese kind noodsaaklik dat sy gesin hom sal help om wyses van ontspanning te vind wat nie tot allergiese reaksies sal lei nie. Wanneer hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binne sy gesin sy allergiese siektes in ag neem maar steeds heerlik kan ontspan, sal hy hierdie wyses ook na sy latere sosialisering kan oordra.

2.3.4.5 Religieuse- en singewingsfunksie

Die laaste funksies wat deur Pretorius (1998b:47) uitgelig word, is die religieuse funksie waar die basis van die kind se godsdienstige ervaringe en opvattinge in die gesin vasgelê word, en die singewingsfunksie waar die kind gehelp moet word om die sin, betekenis en doel van sy eie lewe en bestaan in sy gesin te ontdek. Dit is vir navorser belangrik dat die gesin van die allergiese kind hom sal help om die sin in sy lewe (ten spyte van die aanwesigheid van 'n chroniese siektetoestand) te ontdek en daarvan bewus te word dat die voorkoms van die siekte nie sy uitlewing van hierdie sin of doel hoef te belemmer nie.

Navorser is van mening dat die rol en waarde van die gesin vir 'n kind se gesonde ontwikkeling nooit oorskat kan word nie. Die gesin staan die kind by in die bereiking van sy ontwikkelingstake en dien as primêre sosialiserings-agente. Liefde tussen 'n ouer en kind is van kardinale belang, en 'n gesonde verhouding met sibbe (ten spyte van vele rusies) is nodig vir voorbereiding vir die volwasse lewe.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die kind in die middelkinderjare baie uitdagings met sy gesin se hulp moet aanpak. Waar 'n situasie soos 'n chroniese allergiese siekte voorkom, moet die aard en moontlik impak daarvan op die kind se lewe te alle tye in ag geneem word. Ten einde optimale hulpverlening aan die allergiese kind te bied, is dit volgens navorser noodsaaklik om die fisieke aard en invloed van die verskillende allergiese siektes op sy fisieke funksionering te verstaan. Om hierdie rede word allergie as chroniese siektetoestand, die verskillende siektes wat voorkom en die beheer daarvan uitgelig, waarna die invloed van hierdie siektes op die kind se ontwikkelingstaakbemeestering volledig bespreek word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4 ALLERGIE AS CHRONIESE SIEKTETOESTAND

Alhoewel dit nie binne die spelterapeut se veld val om allergiese siektes te diagnoseer nie, is dit tog wenslik dat sy oor voldoende agtergrondkennis rondom allergiese siektes sal beskik ten einde attent te wees op die invloed van die verskillende allergiese siektes op die kind se fisieke funksionering. Diagnose geskied deur 'n mediese dokter wat die kind na die spelterapeut verwys waar wedersydse samewerking en terugvoer albei se take sal vergemaklik.

Slegs wanneer die fisieke impak van die siekte in ag geneem word, kan die moontlike invloed van die voorkoms van 'n allergiese siekte op die kind se emosioneel-sosiale funksionering verstaan en optimale hulpverlening gebied word.

2.4.1 Definisie

Allergie word deur die Mediese Woordeboek (1993:16) gedefiniëer as: " 'n kwaal waarby die liggaam hipersensitief raak vir spesifieke allergene wat kenmerkende simptome na kontak, hetsy deur inaseming, inspuiting of ander aanraking uitlok." (Vergelyk Warner & Jackson, 1994:5 en Meyer, Meij & Meyer, 1994:12.27.)

Dit is navorser se mening dat daar by allergiese persone 'n abnormale immunologiese reaksie plaasvind, wat daartoe lei dat stowwe (allergene) wat onder normale omstandighede nie as bedreigend beskou word nie, by blootstelling tot siektereaksies lei.

2.4.2 Immunologiese werking

Verskeie skrywers som die immunologiese werking van allergiese reaksies as 'n ooraktiewe immuunstelsel op. Die immuunstelsel het liggaamsbeskerming ten doel, maar is by die allergiese persoon ontwrig. Dit veroorsaak dat teenliggame (wat IgE genoem word) teen stowwe wat gewoonlik nie as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vreemd beskou word nie, gevorm word. Wanneer die allergeen (of snellerfaktor) met die IgE-teenliggaam op mastselle verbind, stel hierdie selle histamien vry. Die vrystelling van chemikalië (onder andere histamien) lei tot verhoogde bloedvat-deurlaatbaarheid, lokale swelling, slymafskeiding en lugwegvernouïng. Dit lei tot die kenmerkende allergiesimptome tydens reaksies soos byvoorbeeld 'n toe en loperige neus, lugwegvernouing of jeukende oë, ore en neuse (Mader, 1996:663 en Meyer, *et al.*, 1994:12.27).

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die immuunstelsel van die allergiese persoon ooraktief optree in 'n poging tot liggaamsbeskerming. Hierdie abnormale reaksie op sekere onskadelike stowwe lei daartoe dat die liggaam self beskadig word in 'n proses om die stof te vernietig.

2.4.3 Veroorsakende faktore (allergene)

Die vreemde stowwe wat allergiese reaksies veroorsaak, word allergene genoem en kan verskillende liggaamsweefsels affekteer (Mediese Woordeboek, 1993:16 en Gershwin & Klingelhofer, 1992:19). Allergene word deur Warner & Jackson (1994:11-13) in drie groepe ingedeel, naamlik inhalante-, ingestie- en inspuitingsallergene. Gershwin & Klingelhofer (1992:29) identifiseer kontakallergene as 'n vierde allergeengroep. Inhalante allergene word ingeasem en veroorsaak gewoonlik allergiese siektes in die asemhalingstelsel (dit wil sê die boonste- en onderste lugweë). Voorbeelde is huisstof en -miet, vere, stuifmeel, skimmelspore en dierehare. In die ingestie-allergeengroep val voedsel soos byvoorbeeld eiers, vis, melk en koring wat onder andere veluitslag, swelling in die gesig, maagpyn en braking kan veroorsaak. Inspuitingsallergene word beskou as medikasie of stowwe wat deur insekte in die vel ingespuit word soos penisillien, en gifstowwe van heuning- en perdebye. Enige stof waaraan die kind raak soos wol, kunsvesels, plastiek, olies, velreinigers, poeiers kan as kontakallergeen dien en tot 'n veluitslag lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is vir die navorser duidelik dat daar by allergiese siektes 'n hipersensitiwiteit vir sekere stowwe bestaan waar kontak 'n immunologiese reaksie veroorsaak wat tot die afskeiding van histamien (en ander chemikalië) en allergiese simptome lei.

Vervolgens word allergiese siektes wat by kinders kan voorkom, bespreek.

2.4.4 Verskillende allergiese siektetoestande

Allergiese siektetoestande kan individueel of in 'n kombinasie voorkom. Die simptome van die siektereaksies hang van die orgaan waar dit plaasvind af (Gershwin & Klingelhofer, 1992:20). Verskillende allergiese siektes soos allergiese rinitis, asma, galbulte en ekseem en voedselallergie kom voor (Grey & Meyer, 1988:23.21). Bogenoemde allergiese siektes word vervolgens bespreek.

2.4.4.1 Allergiese rinitis

Allergiese rinitis word deur Weinberg (1994:17) beskryf as 'n lastige siekte wat dikwels nie ernstig genoeg beskou word nie. Allergiese rinitis reageer swak op simptomatiese behandeling en kan chronies van aard wees.

Allergiese rinitis is 'n algemene siekte wat ongeveer 20% kinders in suidelike Afrika affekteer. Die toestand kan op enige ouderdom vanaf die kleutertyd voorkom maar dit blyk of daar 'n toename in voorkoms onder adolessente en jong volwassenes is (Weinberg, 1994:17). (Vergelyk Ricketti, 1993:226.)

Die term rinitis word volgens Ricketti (1993:225) gebruik om siektes wat inflammasie van die nasale membrane behels te beskryf. Dit word deur periodes van nasale afskeiding, niesery en stuwing wat ten minste een uur per dag voorkom, gekenmerk.

Volgens Weinberg (1994:18) kom allergiese rinitis op 'n seisoenale en perenniale (chroniese) basis voor, en is die chroniese vorm meer algemeen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in Suid-Afrika. Beide vorme van allergiese rinitis kom voor as gevolg van sensitiwiteit vir allergene waarteen die individu IgE-bemiddelde reaksies ontwikkel het.

Gewoonlik word seisoenale allergiese rinitis deur stuifmeel van bome, grasse en onkruid veroorsaak. Huisstofmiet, dierehare, fungi en werk-, skool- of stokperdjie-verwante allergene word met chroniese simptome geassosieer (Weinberg, 1994:18).

Ter wille van duidelikheid word seisoenale (akute) en chroniese allergiese rinitis vervolgens afsonderlik bespreek.

- Seisoenale (akute) allergiese rinitis

Volgens Weinberg (1994:18) is seisonale allergiese rinitis, meer algemeen bekend as hooikoors, 'n allergiese toestand wat sowel die nasale slymvliesmembraan as die oogslymvlies (konjunktiva) affekteer. Dit kom gewoonlik as gevolg van stuifmeelallergene voor en is die mees algemene allergiese siekte wêreldwyd. Ricketti (1993:227) sluit hierby aan deur te noem dat die stuifmeel van windbestuiwende plante en swamspore vir seisonale allergiese rinitis verantwoordelik is.

Die simptome van seisoenale allergiese rinitis word deur Ricketti (1993:225, 228); Weinberg (1994:19); Warner & Jackson (1994:60, 61) en Gershwin & Klingelhofer (1992:99) beskryf as:

- herhaaldelike en aanhoudende niesery.
- oorvloedige waterige (slym) afskeiding (die nasale slymvliesmembraan lyk bleek, sponsagtig en geswel en is bedek deur 'n laag helder waterige afskeiding).

  Hierdie chroniese slymafskeiding kan daartoe lei dat die vel wat die neus en bolip bedek geïrriteerd en gevoelig (teer) kan raak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- nasale stuwing (die neus word maklik deur swelling van die slymvliesmembraan geblokkeer wat tot sinusitis, hoofpyn en oorpyn kan lei).
- jeukende neus wat gedurige vrywery en krappery veroorsaak.
- jeukende oë, ore en keel (sagte verhemelte).
- mondasemhaling met droë lippe en onverklaarbare neusbloeding.

Weinberg (1994:19) maak verder spesifiek daarvan melding dat hoofpyne, irritasie en oormatige post-nasale afskeiding algemeen voorkom.

Tydens allergiese rinitis is daar gewoonlik ‘n definitiewe beïnvloeding van die oë. Weinberg (1994:19) meld dat allergiese konjunktivitis met jeukende, waterige oë en ligsensitiwiteit gewoonlik die nasale simptome vergesel. (Vergelyk Warner & Jackson, 1994:60, 61; Ricketti, 1993:229 en Weinberg & Cooke, 1986:67.)

Wat die invloed op die gehoororgane betref, meld Ricketti (1993:228) dat nasale stuwing veroorsaak dat die dreinering van die Buis van Eustachius belemmer word. Dit kan oorpyn en selfs gehoorverlies veroorsaak. Pasiënte kla volgens Ricketti (1993:228) ook dat hul gehoor verminder en dat geluide gedemp klink.

Sowel Skoner & Casselbrant (1996:412) as Warner & Jackson (1994:59) sluit hierby aan deur te noem dat daar soms 'n duidelike verband tussen allergie en chroniese middeloorontsteking, ook genoem "glue ear" is. Dit word gekenmerk deur die voorkoms van 'n chroniese afskeiding in die middeloor met gepaardgaande gehoorverlies omdat die slymvlies wat die middeloor uitvoer, ontsteek raak. 'n Vol gevoel in die oor, pyn, duiseligheid en suising in die ore, wat deur die blokkasie van die buis van Eustachius veroorsaak word, kom dikwels voor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Seisonale allergiese rinitis reageer volgens Weinberg (1994:19) goed op behandeling. Die ideaal is dat allergiebehandeling altyd allergeenvermyding insluit, maar dit is gewoonlik onvermydelik met stuifmeel. Om hierdie rede is simptomatiese en defitiniewe behandeling by die meeste gevalle genoodsaak.

- Chroniese allergiese rinitis

Chroniese allergiese rinitis is volgens Weinberg (1994:20) en Philip & Naclerio (1996:405) nie seisoengebonde nie. Pasiënte is gewoonlik dwarsdeur die jaar sensitief vir allergene in die omgewing soos huisstofmiet, swamspore of dierehare.

Chroniese allergiese rinitis word volgens Ricketti (1993:234) gekenmerk deur aanhoudende nasale simptome as gevolg van allergiese reaksies sonder seisonale variasie. Die simptome kom gewoonlik dwarsdeur die jaar voor. Inhalante allergene is die belangrikste oorsaak van chroniese allergiese rinitis. Die belangrikste allergene is huisstofmiet, swamme, vere en dierehare. Stuifmeelallergie kan bydra tot seisoenale reaksies by pasiënte met chroniese allergiese rinitis. Weinberg (1994:20) meld spesifiek dat die lang duur van die grasseisoen in Suid-Afrika verantwoordelik gehou kan word vir die aanhoudende simptome in sensitiewe mense. Verder meld Gershwin & Klingelhofer (1992:101) dat nie-allergiese stowwe soos sigaretrook, skoolbordkryt, swembadchloor en haarsproei allergiese simptome kan vererger.

Sowel Warner & Jackson (1994:60, 61) as Ricketti (1993:235) meld dat die simptome van chroniese allergiese rinitis dieselfde is as díe van seisoenale allergiese rinitis, maar meer gematig voorkom. Weinberg (1994:21) meld dat oogsimptome en jeukery gewoonlik nie voorkom nie, en dat die siekte deur herhaalde niesery, waterige nasale afskeiding en intense nasale obstruksie gekenmerk word. Die nasale obstruksie kan geassosieer word met ongemak, hoofpyne, onderbroke slaap en mondasemhaling. Laasgenoemde lei tot baie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

droë lippe. Pasiënte is dikwels dors en mag gedurende die nag wakker word om water te drink.

Volgens Weinberg (1994:21) is daar ook gewoonlik 'n postnasale afskeiding teenwoordig. 'n Algemene manifestasie is die "allergiese saluut" waar die neus opwaards en na die kant gedruk word in 'n poging om die nasale obstruksie en jeukende sensasie te verlig. Na 'n rukkie veroorsaak dit 'n kenmerkende lyn oor die neus, naamlik die allergiese vou ("allergic crease"). Ander gewoontes sluit wikkeling "twitching" van die neus in. Nasale obstruksie word ook geassosieer met 'n blouerige kleurverandering onder die onderste ooglede, ook bekend as "allergic shiners". Die onderste ooglede is dikwels effens geswel en by sommige kinders kom voue ("Denne's lines") onder die oë voor.

Volgens Weinberg (1994:22) is die mees algemene oorsaak van chroniese allergiese rinitis huisstofmiet, en honde- en kathare. Behandeling behoort aanvanklik op 'n stofvrye slaapkamer gerig te word. Indien werklik nodig, moet katte en honde uit die huis verwyder word.

Wanneer voedsel as oorsaak van allergiese rinitis vermoed word, kom die simptome chronies voor. Koeimelk is die mees algemene allergeen by jong kinders en 'n versigtige melkvrye dieet doen wondere vir kleuters met nasale allergie.

2.4.4.2 Allergiese velreaksies

By allergiese velreaksies word daar tussen ekseem, galbulte en angioedeem onderskei.

- Ekseem

Ekseem word deur Grammer & Patterson (1993:387) beskryf as 'n chroniese of herhalende jeukende, ekseemagtige uitbarsting wat gewoonlike tydens die eerste lewensjare voorkom. Motala (1994c:66) sluit hierby aan deur te meld

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat ekseem gewoonlik chronies van aard is met vermeerderde en verminderde simptome.

Volgens Motala (1994c:66) kom ekseem by 1% tot 5% van die bevolking voor en was daar tydens die laaste paar dekades ‘n geleidelike toename in die voorkoms van die siekte. Groenewald (1998) meld dat hierdie syfer nou tot 10% van die bevolking gegroei het.

Die skrywer Motala (1994c:66) meld dat ekseem akuut met huidrooiheid, afskilfering en skubvorming; of chronies met verdikkings, veranderde pigmentasie en verhoogde letselvorming voorkom. Grammer & Patterson (1993:388-389) voeg hierby ‘n baie droë vel.

Sowel Motala (1994c:66) as Grammer & Patterson (1993:288) meld dat intense gejeuk van die vel die oorheersende simptoom is. Hierdie intense jeukery veroorsaak ‘n krap-jeuk-krap siklus wat die siektetoestand vererger. Ekseem word deur Gershwin & Klingelhofer (1992:124) beskryf as 'n jeukende veluitslag wat by kinders veral op die hande, laer arms en bene en agter die ore voorkom. Motala (1994c:66) en Grammer & Patterson (1993:388) identifiseer die bewegende liggaamsdele, nek, gewrigte, enkels, gesig en ooglede. Grammer & Patterson (1993:388) maak spesifiek melding daarvan dat klam areas onder stywe klere ‘n algemene teiken vir ekseem is.

Die mees algemene oorsake vir ekseem bestaan volgens Motala (1994c:66) uit voedselallergene (eiers, melk, graan, soja en grondboon) en kontak met inhalante allergene (huisstofmiet, dierehare, stuifmeel en gesnyde gras). (Vergelyk Grammer & Patterson, 1993:389.) Ander snellerfaktore sluit sowel irriterende stowwe soos seep en skerp chemikalië, as spanning en angs, humiditeit en uiterste temperature in (Motala, 1994c:66 en Grammer & Patterson, 1993:392).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Volgens Grammer & Patterson (1993:387) kom ekseem veral in kombinasie met asma en allergiese rinitis voor. Motala (1994c:66) meld verder dat 'n kind wat aan ekseem ly ook hoogs vatbaar vir sekondêre bakteriële infeksies, virusinfeksies en swaminfeksies is.

Wat die beheer van ekseem betref, meld Motala (1994c:67) dat die identifikasie en vermyding van snellerfaktore as eerste stap benut moet word. Grammer & Patterson (1993:392) sluit hierby aan en noem dat afgesien van medikasiegebruik dit ook noodsaaklik is dat die jeuk-krap-jeuk siklus verbreek moet word en allergene en snellerfaktore so ver moontlik vermy moet word.

- Galbulte en angioedeem

Galbulte is volgens Motala (1994b:54) en Metzger (1993:331) opgehewe, rooierige velreaksies wat jeuk en deur krappery vererger word. Angio-oedeem is 'n reaksie soortgelyk aan galbulte maar kom dieper in die weefsel voor en word gekenmerk deur asimmetriese weefselswelling en 'n branderige sensasie. (Vergelyk Gershwin & Klingelhofer, 1992:124.)

Galbulte affekteer 10% - 20% van die samelewing (Motala, 1994b:54). Dit is nie 'n vreemde verskynsel tydens die kinderjare nie, maar kom meestal by jong volwassenes voor (15%).

Enige area van die liggaam kan betrokke wees, maar die oë, mond, tong, genitalieë, hande en voete is die mees algemene areas van ontsteking (Gershwin & Klingelhofer, 1992:124; Motala, 1994b:54 en Metzger, 1993:331).

Daar word volgens Motala (1994b:54) en Metzger (1993:332) tussen akute galbulte (wat korter as ses weke duur) en chroniese galbulte (wat langer as ses weke duur) onderskei. Angioedeem word dikwels met galbulte geassosieer, maar die twee siektes kan onafhanklik voorkom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Galbulte en angioedeem kan volgens Motala (1994b:54) en Gershwin & Klingelhofer (1992:124) deur blootstelling aan insekgif, voedsel- of geneesmiddelallergie veroorsaak word. Motala (1994b:55) identifiseer vis, neute, melk, eiers en vrugte as voedselallergene, terwyl chemikaliëe, medikasie soos penissiline en vreemde proteïene soos insulien of lateks ook galbulte kan veroorsaak. (Vergelyk Metzger, 1993:335; Warner & Jackson, 1994:66 en Weinberg & Cooke, 1986:40.)

Wat die beheer van galbulte en angioedeem betref, meld Motala (1994b:56, 58) dat identifikasie en vermyding van allergene die mees effektiewe wyse van behandeling is. Verder word antihistamiene en salf as medikasie benut. (Vergelyk Metzger, 1993:346.)

2.4.4.3 Voedselallergie

Volgens Motala (1994a:25) kom voedselallergie meestal gedurende die vroeë lewensjare voor. Die voorkoms van voedselallergie onder die totale bevolking word tussen 0.5% en 6% geskat. In geselekteerde groepe soos kinders met ekseem, kan die voorkoms so hoog as 25% wees. Golbert (1993:353) bevestig bogenoemde inligting en meld verder dat die voorkoms met toenemende ouderdom verminder.

Die simptome wat tydens voedselallergie kan manifesteer word deur Motala (1994a:25) soos volg geïdentifiseer:

- Velreaksies soos jeukende uitslag, ekseem en akute galbulte en angioedeem is die mees algemene manifestasies.
- Gastrointestinale simptome soos naarheid, braking, abdominale pyn en krampe kom die tweede meeste voor.
- Die “oral allergy syndrome” wat gekenmerk word deur jeukende lippe, tong, verhemelte en keel, is ‘n ander manifestasie. Vars vrugte, neute, rou groente en eiers veroorsaak gewoonlik hierdie sindroom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Respiratoriese manifestasies soos asma en allergiese rinitis kom minder algemeen voor met voedselallergie voor. Hierdie siektes kom gewoonlik in kombinasie met huid- en/of gastrointestinale simptome voor.

(Vergelyk Golbert, 1993:353, 356.)

'n Spesifieke reaksie wat navorser wil uitlig is anafilaktiese skok. Golbert (1993:358) meld dat sistemiese reaksies van voedselallergie onmiddellik en potensiëel fataal manifesteer. Verskeie kombinasies van galbulte, angioedeem, asemnood, sianose, borspyn, hipotensie of skok, nasale en oogslymvlies simptome en abdominale ongemak (pyn, naarheid, braking of diarree) ontwikkel kort na, en dikwels tydens die vertering van die allergeen. Algemene voedselsoorte wat tot die reaksie aanleiding kan gee, is volgens Hoffman & Sampson (1996:667-671) beesmelk, eiers, soja, grondbone, neute, vis, skulpvis en graanprodukte. (Vergelyk Motala, 1994a:31-32.)

Wat die beheer van voedselallergie betref, meld Golbert (1993:354) dat die vermyding van aanleidende voedselsoorte die enigste spesifieke en praktiese behandelingsmetode is. Motala (1994a:29) meld egter dat die vermyding van voedselsoorte moeilik, duur en ongerieflik om deur te voer, kan wees. Die strengheid van die dieet moet altyd teen die erns van die simptome opgeweeg word en altyd in samewerking met 'n dieetkundige gevolg word. (Motala, 1994a:30).

2.4.4.4 Geneesmiddelallergie

'n Gevaarlike situasie kan voorkom waar kinders allergies op geneesmiddels soos penisillien en antibiotika reageer. Simptome wissel van koors, lokale swelling, veluitslag tot hoofpyn (VanArsdel, 1996:320-322).

Potter (1994:46) meld dat werklike allergiese reaksies op geneesmiddels tydens ongeveer 5% van alle behandelings voorkom. Die voorkoms van anafilaktiese reaksies teenoor geneesmiddels is skaars by kinders, maar styg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met ouderdom. Potter (1994:46) identifiseer spesifiek penisillien en sulphonamides.

2.4.4.5 Asma

Asma word deur die South African Childhood Asthma Working Group (1994:79), die Mediese Woordeboek (1993:45) en Smith (1991:174) as 'n akute hygaanval met brongospasma gedefiniëer. 'n Chroniese gehyg na asem, 'n gevoel van borsbenoudheid en moeilike uitaseming kom voor (Ganong, 1995:632 en Spector & Nicklas, 1995:858).

Asma word deur verskeie skrywers as die mees algemene chroniese allergiese kindersiekte (wat ook vir die meeste skoolafwesigheid verantwoordelik is) beskou (Evans, 1991:250; Smith, 1991:174 en Sheth & Lemanske, 1991:257). Volgens Groenewald (1998) ly 10-15% van die bevolking aan asma.

Daar word tussen akute en chroniese asma onderskei. Akute asma word soos volg deur die South African Childhood Asthma Working Group (1994:79) beskryf: "Acute asthma is defined as an acute exacerbation of wheezing, unresponsive to usually effective therapy and necessitating care in an emergency room or hospital ward. An acute asthma attack is characterised by airways narrowing and inflammation, hyperinflation, impairment of pulmonary function, alterations in alveolar ventilation and hypoxaemia." Akute aanvalle van asma is volgens Greenberger (1993:637) die algemeenste onder kinders

Chroniese asma word volgens die South African Childhood Asthma Working Group (1994:89) by 'n kind met 'n chroniese aanhoudende of herhaaldelike hoes en/of gehyg gediagnoseer.

Asma kan volgens Smith (1991:174) en Spector & Nicklas (1995:858) deur allergie veroorsaak word en gekombineerd met ander allergiese siektes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorkom. (Vergelyk Evans, 1991:254.) Volgens Groenewald (1998) ly 80% - 90% van asmalyers ook aan allergiese rinitis.

Tydens die kinderjare word asma volgens die South African Asthma Working Group (1994:88) dikwels deur omgewingsfaktore en allergene veroorsaak. Die Mediese Woordeboek (1993:45) meld dat brongiale asma deur blootstelling aan een of meer van 'n groot reeks stimuli soos allergene, inspanning, oefening in koue of droë weer, emosies en infeksies voorafgegaan kan word. Omgewingsfaktore soos rook, dierehare, skimmel, huisstof en huisstofmiet kan volgens Weinberger (1991:307) die simptome vererger. Veral by jong kinders kan voedselallergie 'n risikofaktor vir asma wees. (Vergelyk Evans, 1991: 254 en Warner & Jackson, 1994:19.)

Die aard van die allergiese siekte waaraan ‘n kind ly, sal volgens navorser die impak op sy funksionering bepaal. Aangesien elke allergiese siekte ‘n bepaalde impak op die kind kan hê, is beheer noodsaaklik.

Vervolgens word op maatreëls wat gevolg kan word om die voorkoms van allergiese reaksies te beperk, gefokus.

Die komplikasies van asma is volgens Greenberger (1993:655) onder andere dood en vertraagde groei. Indien asma by kinders nie bevredigend behandel word nie, kan dit tot abnormale borsbeenontwikkeling soos die sogenaamde “hoenderbors” lei as gevolg van volgehoue verkeerde asemhaling tydens die kinderjare. Die skrywers Warner & Jackson (1994:20) maak daarvan melding dat asmalyers ondergewig kan wees en dat die allergiese siektetoestand ook groei kan inhibeer.

Volgens Greenberger (1993:657) kan sielkundige faktore soos emosionele stress of emosionele reaksies soos lag en huil of argumente tot asemnood lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.5 Die invloed van allergiese siektes op die kind se fisieke funksionering

Die invloed van allergiese siektetoestande op die fisieke funksionering van die kind wissel volgens Gershwin & Klingelhofer (1992:27) van ongemaklike tot lewensbedreigende episodes. Marieb (1995:734) stel dit so: "People rarely die of allergies - they are just miserable with them." In aansluiting hierby meld Smith (1991:159) dat kinders dikwels pyn en ongemak ondervind, en gewoonlik medikasie moet gebruik. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die risiko van lewensbedreiging wel deur asma en anaflikatiese skok in reaksie op voedselallergene, insekgif of medikasie voorkom, maar dat allergiese reaksies meestal net tot ongemak lei.

Die fisieke gevolge van allergie kan volgens navorser meebring dat die kind nie tot optimale sensoriese kontak in staat is nie. Spesifiek by allergiese rinitis veroorsaak die chemiese reaksies 'n vernouïng of verstopping van die neus- en lugweë. Dit werk beperkend in op sowel die reuk- as smaaksintuig. (Vergelyk Ricketti, 1993:229.) Die kind se sensoriese kontakmaking word dus belemmer.

Binne die gestaltbenadering word die noodsaaklikheid van sensoriese kontak vir die kind se optimale groei en funksionering deur Oaklander uitgewys wanneer sy die volgende meld: "The healthy, uninterrupted development of a child's senses, body feelings and intellect is the underlying base of a child's sense of self. A strong sense of self makes for good contact with one's environment and people in the environment. I find that most children who are singled out as needing help have one thing in common: some impairment in their contact functions." (Oaklander, 1988:57). Navorser kom hier tot die gevolgtrekking dat die blokkasie van sintuie wat allergiese simptome kan meebring vir die kind probleme kan veroorsaak.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die fisieke invloed van allergiese siektes baie verskillende vorme kan aanneem wat almal die kind se totale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

funksionering kan benadeel. Een belangrike aspek wat na vore kom, is beperkte sensoriese kontakmaking as gevolg van fisieke simptome. Sensoriese kontakmaking is noodsaaklik vir gesonde emosioneel-sosiale groei en funksionering by die kind.

Die aard van die allergiese siekte waaraan 'n kind ly, sal volgens navorser die impak op sy funksionering bepaal. Aangesien elke allergiese siekte 'n bepaalde impak op die kind kan hê, is beheer noodsaaklik. Vervolgens word op maatreëls wat gevolg kan word om die voorkoms van allergiese reaksies te beperk, gefokus.

2.4.6 Die beheer van allergiese siektes

Talle skrywers (Schultz, Dye, Jolicoeur, Cafferty, & Watson, 1994:209 en Spector & Nicklas, 1995:815-816) is dit eens dat die beheer van allergiese siektetoestande nodig is om kinders tot 'n gelukkige en normale lewenstyl met minimum beperking deur die siekte, in staat te stel. Dit sluit vryheid van simptome en newe-effekte van medikasie, onbeperkte deelname aan portuurgroep-aktiwiteite, verhoging van selfvertroue en vermindering van angs rondom die siekte in.

Sowel Groenewald (1997) as Van Niekerk (1997) beskou die gebruik van toepaslike medikasie en die vermyding van allergene as die belangrikste maatreëls in die beheer van allergiese siektetoestande. (Vergelyk Philip & Naclerio, 1996:406; VanArsdel, 1996:340; Gershwin & Klingelhofer, 1992:25, 60, 124 en Spector & Nicklas, 1995:859.) Groenewald (1997) meld dat die identifisering van die toepaslike allergeen en die vermyding van hierdie allergeen noodsaaklik is vir die beheer van allergiese siektes.

Navorser is van mening dat omgewingsbeheer ('n belangrike komponent van die beheer van blootstelling aan allergene) baie moeite en onkoste vir die gesin kan meebring. Groenewald (1997) ondersteun hierdie mening wanneer sy noem dat die huis meer gereeld skoongemaak moet word, medikasie duur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is en uitsluitingsdiëte in die geval van voedselallergie kan noodsaak dat kookgewoontes verander moet word. Die vermyding van inhalante allergene kan ook ‘n beperking op aktiwiteite soos buite-spel of die hantering (of aanhouding) van troeteldiere impliseer. Gershwin & Klingelhofer (1992:71) ondersteun hierdie standpunt deur te meld dat die suksesvolle vermyding van allergene sal vereis dat die kind sy lewenstyl (sommige aktiwiteite) moet verander. Dit mag nodig wees dat die kind sekere aangename aktiwiteite soos byvoorbeeld die plesier van die besit van 'n troeteldier of perdry moet prysgee.

Die gebruik van immunoterapie is 'n verdere maatreël wat deur Ledford & Lockey (1996:237, 239, 245) en Spector & Nicklas (1995:859) genoem word. Hipo-immunoterapie word volgens Van Niekerk (1997) en Groenewald (1997) in Suid-Afrika teen allergie vir bygif, huisstofmyt, Bermudagras en Ryegras gebruik. Inspuitings van die allergeenekstrak word elke week vir die eerste drie maande toegedien wat die persoon geleidelik teen die allergeen immuniseer en daarna vir ‘n minimum van drie jaar op ‘n vier of ses weeklikse basis in stand gehou word. Die kinders is aanvanklik baie bang en dit kan traumaties wees indien dit nie reg hanteer word nie.

Dit word baie duidelik deur Van Niekerk (1997) gestel dat die allergiese simptome teen dit wat die kind moet inboet, opgeweeg moet word. ‘n Balans moet gehandhaaf word sodat die kind nie lewensvreugde moet inboet ten einde geringe allergiese simptome vry te spring nie.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat blootstelling aan allergene (en gevolglike allergiese reaksies) beheer of voorkom kan word, maar dat dit aanpassings by die kind en sy gesin se lewenstyl sal verg. Daar moet ook ‘n balans tussen die voordeel van verminderde simptome en dit wat die kind moet prysgee, gehandhaaf word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.5 DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE KIND AS INDIVIDU

Navorser is daarvan oortuig dat die voorkoms van allergiese siektes 'n kind se gesonde ontwikkeling tot 'n erge mate kan strem. Hierdie allergiese siektes kan die kind se bemeestering van sy persoonlike, sosiale en akademiese ontwikkelingstake bemoeilik. Die siek kind moet volgens navorser daarop fokus om fisies te herstel voordat hy sy energie aan ander sake kan wy. Waar die siekte chronies van aard is of die kind dikwels met allergene in aanraking kom, impliseer dit 'n besliste negatiewe impak op die kind se totale funksionering.

Om die impak van 'n siekte op die kind se gesonde funksionering uit te wys, word die volgende skrywers se menings hieroor uitgelig:

- Meyer (1998:21) meld dat dit belangrik is om in gedagte te hou dat mense se algemene gesondheidstoestand 'n belangrike invloed op hulle ontwikkeling uitoefen. Die gesondheidstoestand affekteer nie net mense se liggaamlike ontwikkeling nie, maar staan ook in noue verband met energievlakke en die vermoë en geesdrif om dinge te doen en die wêreld te verken.

- Eiser (1996:551) meld spesifiek: "Chronic childhood diseases involve regular, often daily treatment and can be a potential threat to the quality of life for children and their families."

- Samuels (In Thurman & Widerstrom, 1990:132) : "There is no question that children with exceptionalities are at a greater risk of developing maladaptive behavior (i.e. social and emotional problems)."

- "In many cases, serious emotional and social problems are associated with diseases" (Lefrancois, 1993:301).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Eiser (1996:552) "In essence there is no doubt that children with chronic illness face many potential difficulties. These may be practical, as well as emotional."

Ten einde tot optimale hulpverlening aan die kind in staat te wees, moet die terapeut volgens navorser kennis dra van die moontlike negatiewe invloed wat allergiese siektes op die kind se normale ontwikkeling kan uitoefen en dit tydens hulpverlening in ag neem. Vervolgens word die invloed van allergiese siektes op die belangrikste persoonlike, sosiale en akademiese ontwikkelingstake van die middelkinderjare bespreek.

2.5.1 Die invloed van allergiese siektes op die kind se persoonlike of emosionele groei

Soos reeds volledig bespreek in 2.2.2.1 fokus die kind se emosionele of persoonlike groei op die verhoging van selfbegrip en -kennis, die ontwikkeling van 'n gesonde selfkonsep en identiteit, die verhoging van die kind se onafhanklikheid en die ontwikkeling van emosionele bewustheid en die toepaslike hantering van hierdie emosies.

2.5.1.1 Die verhoging van selfkennis en begrip

Volgens navorser is dit tydens die middelkinderjare noodsaaklik dat die kind homself binne sy uniekheid sal leer ken en begryp. Etaugh & Rathus (1995:446) meld dat kinders se vermoë om hulself te verstaan, tydens hierdie tydperk geweldig uitbrei. Die skrywer Rice (1995:253) meld dat die ontwikkeling van selfbewustheid beteken dat kinders hulle verskille ten opsigte van ander begin verstaan.

Wanneer 'n allergiese siekte voorkom, kan dit volgens navorser die kind se selfkennis- en begrip benadeel. Die kind kan sukkel om te verstaan wat binne sy liggaam gebeur, en dit ook moeilik vind om te verstaan waarom sekere stowwe hom siek maak terwyl dit nie sy maats beïnvloed nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer die kind buite sy gesin met ander mense gekonfronteer word, kom hy agter dat hy anders is - iets wat hy nie werklik begryp nie.

Indien 'n kind nie verstaan wat allergiese siektes veroorsaak en behels nie, kan dit by hom 'n onvermoë skep om sy eie identiteit gesond te vestig. Sy identiteit sluit nou iets anders in - hy moet dit verstaan voordat hy dit kan integreer. Dit is vir navorser uiters belangrik dat die allergiese kind gehelp word om homself en sy siekte te verstaan - as die kind homself nie ken en verstaan nie, kan hy nie sy selfkonsep vorm, onafhanklikheid bereik of verantwoordelikheid vir sy eie lewe aanvaar nie.

Navorser (Yssel, 1997:85) het bevind dat verduideliking van die immunologiese werking van allergiese siektes nie net die kinders se kennis en begrip vir hul siekte verhoog het nie, maar hulle ook bemagtig het. Een dogter het gemeld dat dit haar altyd gepla het om nie presies te verstaan hoekom sy siek word nie en dat sy nou weet dat sy self iets kan doen om die allergiemonster te keer. Deur die kinders se selfkennis en begrip vir hul siekte te verbeter, kon navorser hulle help in die vestiging van hul identiteit en hulle terselfdertyd bemagtig om iets daaraan te doen.

2.5.1.2 Die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep en 'n positiewe houding teenoor sy liggaam

Verskillende skrywers (Rice, 1995:259; Etaugh & Rathus, 1995:450 en Pretorius, 1998a:21) is dit eens dat die kind se selfkonsep sy kwaliteit van selfaktualisering, sy psigologiese aanpassing, verhoudings en sy lewenssuksesse beïnvloed.

Volgens Pretorius (1998a:37) het elke selfkonsep 'n fisiese en psigiese aspek. Die fisiese aspek fokus op die belangrikheid van die fisieke liggaam - sy voorkoms en ook die aansien wat dit van ander ontvang. Die psigiese aspek sluit die konsepte wat persone vorm met betrekking tot hulle vermoëns, die onbekwaamhede, voortreflikhede en verhoudinge met ander,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in. Die kind vergelyk homself dus met ander. Rice (1995:257) ondersteun hierdie mening wanneer sy die volgende meld: “Self-efficacy is derived partly from children’s comparison of themselves with others.”

Navorser huldig die mening dat die feit dat die allergiese kind anders as sy maats is, nie alles kan doen en eet soos hulle nie, en boonop van medikasie afhanklik is om gesond te funksioneer, sy selfbeeld negatief kan beïnvloed. O'Conner (1991:79) meld in die verband: "If children differ from their peers in the areas of motor or physical development, they are at risk for serious negative self-evaluations and criticism from their peers."

Een spesifieke aspek van die selfkonsep wat volgens navorser negatief deur allergiese siektes beïnvloed kan word, is die kind se liggaamsbeeld. Studies wat deur Harter (Lefrancois, 1993:342) gedoen is, dui daarop dat fisiese voorkoms duidelik die belangrikste area in die bepaling van selfwaarde by jonger en ouer kinders is.

Navorsingsbevindings uit die vorige studie waar ‘n assesseringsriglyn getoets is, toon dan ook aan dat die fisieke allergiese reaksie kinders se liggaamsbeeld benadeel (Yssel, 1997:93). Die metafoor van ‘n bos is gebruik om die kind se liggaamsbeeld te bepaal en die kinders het gemeld dat die allergiemonster hulle bosse beskadig en dit “lelik laat lyk.” ‘n Ander reaksie was dat die allergiemonster die “bos se blomme met wortel en al uitruk”. Een dogter het ook genoem dat: “die allergiemonster die bos wil opvreet en die blomme wil laat afval” - sy lyk gewoonlik vir haarself mooi, maar die allergiemonster laat haar neus opswel en dan wil sy nie eers na haarself kyk nie. Hieruit is dit vir die navorser duidelik dat die allergiese reaksie haar liggaamsbeeld negatief beïnvloed. Van der Merwe (1998) bevestig dit wanneer sy meld dat kinders met ekseem vir hulself lelik lyk en verduidelik verder dat haar dogter se maag weens voedselallergie opswel wat haar dan vir haarself “vet laat lyk”.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser is ook van mening dat die invloed van allergiese siektes kinders se selfvertroue belemmer. Navorser het bevind dat die meeste kinders deur ander gespot word (Yssel, 1997:101). Dit bevestig die vermoede dat 'n allergiese siekte die kind se selfbeeld en sosialisering kan benadeel.

2.5.1.3 Die ontwikkeling van selfstandigheid en beheer oor die eie lewe

In verband met die ontwikkeling van selfstandigheid meld Rice (1995:254) die volgende: "As the self emerges, children also want some degree of independence. If they aren't permitted to do some things (within reasonable limits) they develop a sense of shame and doubt about their abilities."
Ten einde selfstandig te ontwikkel, moet die kind volgens navorser keuses kan uitoefen en die gevolge hiervan kan dra. Hy moet eksperimenteer met gedrag en die verantwoordelikheid vir sy keuses aanvaar. By 'n allergiese siekte (waar die eet van 'n klein hoeveelheid sitrus byvoorbeeld tot 'n dodelike reaksie kan lei), word hierdie vryheid van keuse weens die noodsaaklikheid van allergeenvermyding ingeperk.

Volgens navorser beperk die voorkoms van allergiese siektes die kind se uitoefening van beheer oor sy lewe. Hy moet homself daarop instel om allergeenbloostelling te voorkom, wat beteken dat hy homself van verskeie aktiwiteite en voedselsoorte moet weerhou. Die kind is afhanklik van mediese sorg en die permanente gebruik van medikasie is ook 'n duidelike teken van sy afhanklikheid. Die kind se selfstandigheid kan benadeel word en die kind kan voel dat hy die beheer oor sy lewe met die siekte moet deel.

Die geleidelike ontwikkeling van onafhanklikheid van hul ouers kan gestrem word. Waar die ouers 'n primêre rol in hul kind se gesondheidsorg speel, is dit soms moeilik om die kind toe te laat om self beheer oor sy lewe te begin neem. Van der Merwe (1998) onderstreep hierdie siening wanneer sy meld dat die kinders gedurig gewaarsku word - iets wat hulle beheer wegneem en groter eise aan die ouer stel. Kinders wat aan allergiese siektes ly se beheer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet dus hervestig word sodat hulle verantwoordelike keuses kan maak, en so groter selfstandigheid en beheer oor hul lewens uitoefen.

2.5.1.4 Aanvaarding van verantwoordelikheid teenoor die eie liggaam

Die neem van verantwoordelikheid vir sy eie lewe sluit aan by groei tot onafhanklikheid en beheer oor sy lewe. Beide Groenewald (1997) en Van Niekerk (1997) beklemtoon die noodsaaklikheid dat die kind self verantwoordelikheid vir sy gesondheid moet neem. Rice (1995:170) sluit hierby aan deur te meld dat kinders op 'n vroeë ouderdom moet leer om verantwoordelikheid vir hul eie gesondheid te neem.

Deur keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar, leer kinders volgens navorser om lewenseise op 'n volwasse wyse te hanteer. By allergiese siektes word 'n beperking op keuses geplaas in 'n poging om allergene te vermy. Die kind moet deurentyd sy aktiwiteite so kies dat dit blootstelling aan allergene of stowwe wat die reaksie kan vererger, vermy. (Vergelyk Spector & Nicklas, 1995:760.)

Volgens Groenewald (1998) weet die kind dat hy sekere kosse nie mag eet nie, maar sukkel om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar. Van der Merwe (1998) meld dat dit gereeld gebeur dat maats by die skool vir haar dogter kos bring en aanbied wat sy nie kan eet nie - dit is vir haar dogter dan baie moeilik, maar sy neem wel verantwoordelikheid vir haar gesondheid. Volgens Van der Merwe (1998) lei 'n partytjie-situasie tot die grootste probleem. Die kind word blootgestel aan 'n wye verskeidenheid eetgoed waarvoor hy allergies is, en binne die omstandighede (waar die ander kinders juis die partytjie geniet deur van al die lekker kos te eet) is dit vir die allergiese kind byna onmoontlik om hierdie verantwoordelikheid deur te voer.

In die voorafstudie (Yssel, 1997:99) het die kinders duidelik getoon dat die neem van verantwoordelikheid 'n groot stremming op hulle plaas. In haar prentjie van 'n pouse het 'n dogter tydens die vorige navorsing geteken dat sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n broodjie met kaas by 'n maatjie kry en dit baie graag wil eet, al weet sy dat sy nie mag nie. Sy is daarvan bewus dat dit hoofpyn kan veroorsaak. Die feit dat sy wel die verbode toebroodjie wil eet, dui volgens navorser daarop dat dit vir haar moeilik is om deurgaans verantwoordelikheid vir haar gesondheid te neem en konsekwent aanbiedinge van die hand te wys, al is sy van die nagevolge bewus.

'n Ander dogter het in haar klassituasie uitgebeeld dat sy per ongeluk suiwel ingekry het en sleg voel. Dit was vir navorser (Yssel, 1997:100) opvallend dat sy genoem het dat sy per ongeluk suiwel ingekry het - iets wat daarop dui dat sy wel verantwoordelikheid vir haar gesondheid probeer neem. 'n Derde dogter wat die verantwoordelikheid teenoor haar eie gesondheid ignoreer het, het pertinent geteken dat sy tydens 'n pouse 'n lemoen eet (terwyl sy allergies vir sitrus is). Sy het haar allergie doelbewus geïgnoreer en kon volgens navorser nie die verantwoordelikheid hanteer nie.

Kinders moet volgens navorser oor baie sterk innerlike krag beskik om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar of te kan hanteer. Geweldige hoë eise word aan die kinders gestel om hul allergiese reaksies te beheer - dit lei volgens navorser tot ander emosionele reaksies soos frustrasie, spanning en verminderde lewensgenot - hulle moet altyd versigtig wees. Lefrancois (1993:369) meld dat oormatige verantwoordelikheidseise tot spanning kan lei.

Vervolgens word kortliks na die aanwesigheid van angs, spanning en verminderde lewensgenot gekyk.

2.5.1.5 Emosionele bewustheid en die hantering daarvan: angs, spanning en verminderde lewensgenot

Siektes, ernstige beserings en hospitalisasie hou volgens Wojtasik & Sanborn (1991:297) nie net mediese komplikasies vir die kind in nie, maar is ook uiters spanningsvol en het daarom 'n groot impak op die kind se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

emosionele groei en ontwikkeling. Die gespanne kind beskik volgens Yssel (1997:42) nie oor die vryheid om homself te wees of sy lewe te geniet nie. Die kind het al sy energie nodig om dít wat spanning veroorsaak, te probeer vermy of te hanteer, en genereer daardeur meer spanning. Indien die kind nie gehelp word om sy spanningsvlakke te verlaag nie, sal dit sy gesonde groei belemmer. (Vergelyk Nash, *et al.,* 1992:425.)

Navorser (Yssel, 1997:42) is van mening dat die kind dít vrees waaroor hy geen beheer het nie. Indien hy onmagtig voel om iets aan die situasie wat by hom vrees wek te doen, sal dit vererger tot 'n punt waar hy aan niks anders kan dink nie. 'n Dogter het tydens die vorige studie aangedui dat sy bang is vir die allergiemonster (Yssel, 1997:94). Dit is volgens navorser 'n aanduiding dat haar allergiese siekte vir haar so erg is dat sy voel dat sy beheer oor die situasie verloor het.

'n Volgende aspek wat volgens navorser belangrik is, is die moontlike verminderde genot of lewensvreugde weens allergiese siektes. Een dogter het gemeld dat sy benoud voel en hartseer is omdat sy nie buite kan rondspeel nie. Sy het ook genoem dat sy weens ekseem nie kan lag nie omdat haar mond te seer is (Yssel, 1997:96). Al die kinders het aangetoon dat die "allergiemonster hulle lewens sleg en moeilik maak". Dit dui vir die navorser daarop dat dit hul lewensvreugde tot 'n bepaalde mate demp en dat hulle met meer stremming saamleef as ander kinders wat nie met 'n allergiese siekte belas is nie.

2.5.2 Die invloed van allergiese siektes op die kind se sosiale ontwikkeling

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van die kind in die middel-kinderjare fokus op gesonde sosiale ontwikkeling. Die kind begin uit sy gesinskring beweeg en maak kontak met ander sisteme soos die skool en sy portuurgroep. Soos reeds vermeld, fokus die sosiale ontwikkelingstake daarop dat die kind al meer by sy portuurgroep moet inskakel en sy sosiale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelname uitbrei, fisieke spelvaardighede bemeester en samewerking met sy portuurgroep in ‘n groepsopset aanleer. Volgens navorser kan die teenwoordigheid van allergiese siektesdie kind in die bemeestering van hierdie ontwikkelingstake strem.

Die moontlike invloed van allergiese siektes behels nie net beperkinge op geleenthede tot sosiale kontak nie, maar ook op sekere spelaktiwiteite. Waar die kind weens allergeenvermyding (soos stof en gras) nie in die hoë grasseisoen (November tot April) saam met sy maats buite kan speel nie, mis hy volgens navorser baie geleenthede tot bemeestering van noodsaaklike spelvaardighede en avontuurbelewenis. Die kind wat asmaties raak op ‘n grasperk, sal baie minder geleentheid kry om wawiele, bal-tegnieke en vaardighede soos fietsry te bemeester. Behalwe vir die feit dat allergeenvermyding die kind se normale sosiale interaksie strem, kan dit dus ook daartoe lei dat hy uit sy groep verwerp word omdat hy nie hierdie spelvaardighede so vinnig soos die ander kan bemeester nie.

‘n Volgende aspek wat met sosiale ontwikkeling verband hou, is die feit dat ‘n kind weens siekte tot ‘n sekere mate geïsoleer kan word. Verskeie skrywers is dit eens dat siekte van enige aard tot ‘n sekere mate van isolasie lei - die kind word 'n toeskouer wat nie aan alles wat sy portuurgroep doen, kan deelneem nie (Smith,1991:179 en Van den berg, in Smith, 1991:179). Navorser is verder van mening dat behalwe vir die feit dat die kind soms tuis in die bed moet bly, ander kinders hom ook kan vermy omdat hulle bang is om aan te steek.

In die vorige studie is daar van klei as medium gebruik gemaak om die invloed van allergie op die kind se interaksie met maats te bepaal. Dit was vir navorser opvallend dat al die kinders ‘n toneel wat ‘n siek kind tuis voorstel, geskep het. Die kinders se skeppings het deurgaans ‘n situasie voorgestel waar die allergiese reaksie so hewig is dat hulle tuis moet bly. Die kinders het genoem dat dit vir hulle baie sleg is dat hulle in die bed moet bly

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en nie aan hulle maats se spelery kan deelneem nie (Yssel, 1997:96). Verder kan allergiese reaksies volgens navorser ook daartoe lei dat kinders fisies te sleg voel om saam met maats te speel. Wanneer 'n kind wel aan 'n allergeen blootgestel is, kan die reaksie veroorsaak dat hy oor te min energie beskik om saam met maats te speel.

Navorser is verder van mening dat ander kinders se reaksie op die allergiese siekte ook tot sosiale probleme kan lei. Aangesien kinders soms nie verstaan wat allergie behels nie, kan hulle hierdie kinders spot en wrede aanmerkings maak soos dat die kind nie werklik siek is nie, maar aansit, of 'n "sissy" is wanneer hy homself moet oppas. Hierdie mening word deur Rice (1995:159, 302) ondersteun wanneer sy meld dat kinders baie wreed kan wees en siek kinders spot. Dit kan daartoe lei dat hierdie kinders gestigmatiseer en verwerp voel en daarvan weerhou word om aan aktiwiteite deel te neem. Allergiese siektes kan verder tot sekere emosionele reaksies (irritasie en frustrasie) en gewoontes (soos 'n gedurige gesnuif, hoesery en gekrap) wat sosiale kontak strem, lei.

Dit is dus duidelik dat die aanwesigheid van allergiese siektes nie slegs die kind se emosionele of persoonlike groei nie, maar ook sy sosiale funksionering, kan strem.

Aangesien die kind 'n groot deel van sy dag by die skool deurbring, is dit volgens navorser ook belangrik om vas te stel hoe allergiese siektes die kind se akademiese funksionering kan beïnvloed.

2.5.3 Die invloed van allergiese siektes op die kind se akademiese ontwikkeling

Verskeie skrywers (Pretorius, 1998a:15; Henslin, 1997:468, 470; Schaffer, 1996:337 en Etaugh & Rathus, 1995:463) is dit eens dat die skool 'n belangrike funksie in die kind se totale ontwikkeling het. Waar die kind 'n groot deel van sy dag op skool deurbring, leer hy ook sosiale norme en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaardighede aan en word hy met gesag en ook samewerking binne die portuurgroep gekonfronteer. Die kind se funksionering op skool het dus baie meer as net intellektuele ontwikkeling ten doel. Die aanwesigheid van allergiese siektes kan volgens navorser die kind se positiewe skoolbelewing belemmer indien dit tot die ondermyning van skoolprestasie en beperkte deelname aan aktiwiteite lei.

Die belangrikste ontwikkelingstake op akademiese- of intellektuele gebied, behels volgens Louw, *et al.* (1998:326) en Lefrancois (1993:48) die bemeestering van basiese skolastiese vaardighede, die uitbreiding van kennis en die verfyning van motoriese vaardighede. Sowel Meyer & Van Ede (1998:55) as Thompson & Rudolph (1996:15) en Thomas (1996:139, 142) meld dat die kind tydens die middelkinderjare die stadium wat Erickson "arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid" noem, betree. Die kind moet 'n verskeidenheid vaardighede bemeester en benodig baie aanmoediging en ondersteuning. Suksesvolle bemeestering van die vereiste vaardighede lei tot die sintese van bekwaamheid. Indien hy skolastiese take suksesvol kan voltooi, word 'n gevoel van arbeidsaamheid ontwikkel. Daarteenoor kan mislukking tot minderwaardigheidsgevoelens lei. (Vergelyk Cunningham, 1993:209.) In hierdie verband meld Oaklander (1993:292) die volgende: "...without a sense of mastery the self is nebulous."

Volgens navorser kan moegheid of hoofpyn weens allergiese reaksies tot verswakte konsentrasie lei. Hierdie mening word deur Van der Merwe (1998) ondersteun wanneer sy meld dat 'n kind wat weens allergiese reaksies sleg geslaap het en verder aan newe-effekte van medikasie blootgestel is, baie moeilik konsentreer. Gershwin & Klingelhofer (1992:232) stel dit baie duidelik: "Allergies result in diffuse symptoms like chronic fatigue, headaches and anxiety - often blames for poor school performance." (Vergelyk Spector & Nicklas, 1995:847.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kinders het tydens die vorige navorsing (Yssel, 1997:99) aangetoon dat allergiese reaksies hulle akademiese funksionering bemoeilik. Binne die klassituasie het een dogter geteken dat sy by haar skoolbank sit en siek voel. Sy het tydens die bespreking genoem dat sy soms by die skool nie lekker voel nie, dat haar neus toe is en dat sy nie mooi kan asemhaal of praat nie. Sy het verder gemeld dat die allergiemonster haar skoolwerk nie bemoeilik nie, maar wel die genot daarvan verminder. Wanneer sy weens allergiese reaksies hoofpyn kry, sukkel sy om na haar onderwyseres te luister.

Gedurige afwesigheid kan ook tot verswakte skoolprestasie lei. Bender (1998) meld dat die aantal dae wat kinders siek tuis deurbring, hul skoolprestasie nadelig kan beïnvloed. Die kind moet hierdie werk inhaal en daar kom 'n gaping in sy onderrig voor. (Vergelyk Van Wyk, 1991:108; Smith, 1991:182 en Spector & Nicklas, 1995:852.)

'n Laaste aspek rondom die invloed van allergiese siektes op die kind se skoolbelewing, is die beperking op aktiwiteite. Die noodsaaklikheid van vrye deelname aan aktiwiteite word soos volg deur Elkind & Wiender (in Louw, *et al.,* 1998:357) verwoord: "Hoe meer kinders die geleentheid kry om aktief aan skoolaktiwiteite deel te neem, hoe meer geleentheid is daar vir hulle om gevoelens van bekwaamheid en eiewaarde te ontwikkel."

Dit is moontlik dat sekere aktiwiteite soos liggaamsoefeninge en kunsklasse kinders aan allergene blootstel en allergiese reaksies kan veroorsaak of vererger. Gevolglik moet hierdie aktiwiteite vermy word - tot groot frustrasie van die kind. Tydens die vorige studie (Yssel, 1997:100) het 'n dogter aangetoon dat verskeie items in die klaskamer as allergene optree. Haar neus loop gedurig weens bordkryt en stof in die mat. Dit veroorsaak dat sy sukkel om haar werk te doen. Verskeie kinders het ook hul frustrasie uitgespreek rondom die feit hulle nie saam met hul maats aan sport kan deelneem nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Gelukkige skoollewe is volgens navorser van kardinale belang vir die gesonde groei van enige kind. Dit is vir navorser duidelik dat die indirekte invloed wat allergie op skoolprestasie en die direkte invloed wat dit op 'n beperking van aktiwiteite uitoefen, sowel die kind se groei op akademiese as emosionele vlak kan belemmer. Wanneer allergiese reaksies die kind se skoolbelewing en -genot verminder, moet aandag aan hierdie aspekte gegee word.

2.6 DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE GESIN

Waar 'n allergiese siekte by een of meer kinders in 'n gesin voorkom, het dit volgens navorser 'n bepaalde invloed op die funksionering van die hele gesin. Die saamleef met 'n siekte stel bepaalde eise aan 'n gesin en veral moeders (as primêre versorgers) word volgens navorser geraak. Beide Eiser (1996:551) en Schultz, *et al*. (1994:210) meld dat die impak van 'n chroniese siekte die lewenskwaliteit van die totale gesin tref. Soos Altschuler (in Gardner, 1998:214) tereg opmerk: "... chronic illness in children can have a significant impact on the psychosocial well-being of other family members."

Daar word vervolgens spesifiek op die moontlike invloed van 'n allergiese siekte op die totale gesin as sisteem, op die ouers se funksionering en ook hoe dit die verskillende gesinsverhoudings raak, gefokus.

2.6.1 Beïnvloeding van die hele gesin as sisteem

Verskeie skrywers (Dale, 1996:13, 25; Schaffer, 1996:205-208 en Nash, *et al.,* 1992:172-175, 502-504) is dit eens dat die gesin as 'n sisteem (saamgestel uit individue en subsisteme) binne 'n sosiale netwerk funksioneer. Elke gesin is saamgestel uit interafhanklike sosiale verhoudings waar sirkulêre beïnvloeding (die proses waar alle komponente wedersyds afhanklik van mekaar is) voorkom. Die gedrag van elke lid beïnvloed die ander en word deur hulle beïnvloed. Die sisteem is oop en word deur verskillende buite-faktore (soos allergiese reaksies) beïnvloed. Wanneer die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesin se stabiliteit belemmer word, en die verandering in een lid se gedrag nie stabiliteit meebring nie, moet die hele gesin verander, al is net een van die gesinslede in die eerste plek beïnvloed.

Dit is vir navorser duidelik dat die invloed van 'n chroniese siektetoestand die hele gesin kan beïnvloed. Wanneer daar dus met 'n allergiese kind gewerk word, is navorser van mening dat die gesin as 'n eenheid benader moet word en die kind binne die konteks van daardie eenheid hanteer moet word.

2.6.2 Invloed van 'n allergiese siekte op die ouers se funksionering

Die eise en uitdagings wat deur die voorkoms van allergiese siektes gestel word, oefen volgens navorser 'n definitiewe invloed op die ouers se funksionering uit. Groter druk word sowel in terme van emosionele- as praktiese eise gestel.

2.6.2.1 Invloed op emosionele funksionering van die ouers

Emosionele reaksies op 'n kind se chroniese siekte wissel volgens sowel Barlow, Harrison & Shaw (1998:445, 457) as Dale (1996:65-66) by sommige ouers van frustrasie, hulpeloosheid, skok, woede, angs, kommer, hartseer en skuldgevoelens tot gevoelens van isolasie. (Vergelyk Marks, 1992:319; Spector & Nicklas, 1995:846 en Butz & Alexander, 1993:208.)

Die voorkoms van spanning word deur Dale (1996:102) beklemtoon wanneer hy aandui dat daar 'n verhoogde moontlikheid van stres saam met chroniese siektetoestande voorkom. Hy meld verder dat die eise wat deur die versorging van hierdie kinders gestel word, tot hoë stressvlakke by moeders kan lei - veral in die geval van enkelouers (Dale, 1996:110).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.6.2.2 Praktiese aspekte wat hierdie emosionele reaksies kan vererger

Praktiese aspekte wat eise aan ouers stel en hierdie emosionele reaksies kan veroorsaak of vererger, is die volgende:

- Versorging verg baie meer tyd en moeite

Navorser is daarvan oortuig dat die versorging van kinders meer tyd en moeite van ouers verg wanneer daar met 'n chroniese siektetoestand saamgelewe word. Hierdie mening word deur Barlow, *et al.* (1998:445) gestaaf wanneer hulle meld dat die versorging van chroniese siek kinders meer tyd neem, dat spesiale diëte ter sprake is en dat daar ook gelet moet word op die vermyding van gedrag wat 'n gesondheidsrisiko inhou. (Vergelyk Eiser, 1996:551, 552 en Marks, 1992:266.)

Waar kinders vir inhalente allergene soos huisstof allergies is, word die skoonmaaktaak van die ouer bemoeilik. Van der Merwe (1998) meld dat dit baie moeite verg om boekrakke, wollerige speelgoed, komberse en matrasoortreksels stof- en mietvry te hou. Hierdie items moet weekliks gewas word - 'n taak wat baie tyd neem. Sy meld verder dat voedselaankope en -voorbereiding ook baie meer tyd en moeite verg waar kinders byvoorbeeld vir suiwel en gluten allergies is. Elke produk se bestanddele moet nagegaan word, en dieet is baie beperk (Roos, 1998 en Van der Merwe, 1998).

- Hoë verantwoordelikheidseise word aan ouers gestel

Daar word ook geweldige verantwoordelikheidseise aan ouers gestel. Van der Merwe (1998) meld dat man en vrou saam verantwoordelikheid moet neem - albei moet opofferings maak (veral as hulle wel produkte kan eet waarvoor hulle kinders allergies is), en omdat kinders gedurig siek word, moet hulle mooi opgepas word. Sy meld spesifiek dat die lewe makliker sou wees indien die kinders nie allergies was nie. Die kinders sou nie gedurig siek wees met mangelonsteking, sinusitus en middeloorontsteking nie, en almal sou kon eet wat hulle wou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ouers is dit eens dat die kinders ook sukkel om konsekwent verant-woordelikheid vir hul eie gesondheid te neem. Roos (1998) meld dat dit noodsaaklik is dat die kind se dieet dopgehou word en dat daar 'n stabiele optrede in sy huishouding voorkom.

- Finansies

Een aspek wat volgens navorser spesifiek met verhoogde verantwoordelik-hede en stress verband hou en beslis 'n negatiewe impak op ouers en die totale gesinsfunksionering kan uitoefen, is die geweldige finansiële eise wat deur 'n chroniese siektetoestand gestel word. Athreya & McCormick en Eiser (in Barlow, *et al.,* 1998:445) meld dat daar ekstra kostes betrokke is by die versorging van 'n chroniese siek kind. Van der Merwe (1998) voeg hierby dat alle kostes nie deur mediese fondse gedra word nie - ander kostes, veral met betrekking tot spesifieke voedselsoorte, verhoog finansiële eise drasties. Hierdie aspek word ook deur sowel Schultz, *et al.* (1994:212) as Marks (1992:267) aangespreek wanneer hulle meld dat baie ouers moet ophou werk om die kind te versorg en dat dit 'n finansiële las tesame met verhoogde mediese kostes op die gesin kan plaas - alles faktore wat spanning in die gesin kan verhoog.

- Beïnvloed ouers se sosiale interaksie

Die feit dat die versorging van 'n chroniese siek kind so baie tyd verg, plaas volgens Barlow, *et al.* (1998:456) beperkings op geleenthede vir persoonlike tyd en gesinsaktiwiteite. Daar is spesifiek aan Marks (1992:268) deur 'n moeder gesê: "When Gwen was sick, I'd had no leisure time to garden, shop, see friends, or read a novel".

Die skrywer Marks (1992:266) meld verder dat die totale gesin se sosiale interaksie deur 'n siek kind geraak word - waar 'n kind beskerm moet word teen aansteeklike siektes kan dit daartoe lei dat maats van sibbe nie kan kom kuier nie. Die voorkoms van 'n chroniese allergiese reaksie het volgens Van der Merwe (1998) ook 'n definitiewe invloed op vakansiebeplanning. Waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinders vir huisstof allergies is, kan daar byvoorbeeld nie in 'n oord met grasdakhuise tuisgegaan word nie. Sy meld verder dat daar ook altyd seker gemaak moet word of mediese dienste geredelik beskikbaar is. Wanneer kinders tydens 'n vakansie siek word, moet die gesin dadelik huiswaarts terugkeer. Al hierdie aspekte veroorsaak baie ontwrigting. (Vergelyk Barlow, *et al.,* 1998:452 en Dale, 1996:124.)

'n Verdere invloed op die gesin (spesifiek die ouers) se sosiale funksionering is die feit dat ander mense nie die situasie verstaan nie. Roos (1998) meld dat ouers min ondersteuning uit die gemeenskap kry. Tydens partytjies of etes kan dit probleme skep - die kind kan sekere kossoorte nie eet nie en gasvroue besef dikwels nie die implikasies van allergeenblootstelling nie. Van der Merwe (1998) meld dat baie mense nie verstaan dat voedsel-allergiese kinders baie mooi opgepas moet word nie. Daar word op partytjies aan die kinders kos gegee wat hulle nie mag eet nie. Oningeligte mense sê volgens Roos (1998) maklik dat kinders stout of bederf is. 'n Volgende aspek wat deur Van der Merwe (1998) genoem word, is die feit dat allergiese kinders maklik siek lyk, bleek is met blou kringe onder hul oë, en dat ander ma's dink dat hierdie kinders verwaarloos word en die ma hiermee konfronteer.

2.6.3 Die invloed van allergiese siektes op die gesinsverhoudinge

Soos reeds vermeld in 2.3, is die gesinsverhouding die basis vir alle sosiale verhoudinge. Dit is binne die gesin waar die kind leer om met ander mense oor die weg te kom, konflik te hanteer en sosiale norme te handhaaf. Waar sowel die ouer-kind verhouding as sibbeverhoudings van kardinale belang is, kan dit volgens navorser negatief beïnvloed word deur die voorkoms van 'n allergiese siekte.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.6.3.1 Die invloed op die ouer-kindverhouding en opvoedingstyl

Die belangrikheid van 'n gesonde ouer-kind verhouding is reeds volledig in 2.3.2 bespreek. Ouers speel 'n primêre rol in die kind se gesonde ontwikkeling en dit is juis 'n gesonde ouer-kind verhouding, wat deur liefde en nabyheid gekenmerk word wat die kind in staat stel om onafhanklikheid te ontwikkel.

Waar 'n allergiese siekte voorkom, kan dit na navorser se mening hierdie belangrike verhouding en die ontwikkeling van outonomie beïnvloed. Ouers kan volgens Dale (1996:65) en Marks (1992:320) weens kommer oor die kind se gesondheid te gemoedkomend of oortoegeeflik of oorbeskermend optree. Hierdie gedrag van ouers hou volgens Motala (1994a:31) een van die grootste gevare vir die gesonde ontwikkeling van chroniese siek kinders in. Fritz (in Marks, 1992:271) meld dat oorbeskermende gedrag tot onnodige angs of rebelsheid by kinders kan lei.

Die skrywer Rice (1995:244) beklemtoon hierdie aspek wanneer sy die volgende meld: "Parents who are filled with anxieties themselves and who are fearful for the safety and well-being of their children, may not permit any activities in which there is an element of danger. Overprotected children, whose parents never let them develop autonomy, may become so fearful of making decisions or of doing things on their own that they have difficulty establishing themselves as independent adults."

'n Verdere probleem wat kan voorkom, is dat ouers uit simpatie hul kinders van verantwoordelikhede verskoon en so hul groei na outonomie belemmer. In 'n studie deur Barlow, *et al.* (1998:452) het ouers erken dat hul siek kinders bederf is, oorbeskerm is en dat daar nie van hulle verwag word om dieselfde mate van verantwoordelikheid en dissipline as ander sibbe van dieselfde ouderdom te aanvaar nie. Marks (1992:268) wys daarop dat dit moeiliker is om reëls toe te pas wanneer kinders siek is. Beide Nash, *et al.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1992:533) en Henslin (1997:522) meld dat iemand wat siek is deur sy gesin van sosiale verantwoordelikhede verskoon word.

Verskillende skrywers (Barlow, *et al.,* 1998:453; Henslin, 1997:522 en Marks, 1992:268) is dit eens dat kinders hul siekte as verskoning gebruik om huistake te vermy en verantwoordelikhede te ontduik. (Vergelyk Nash, *et al.,* 1992:533; Spector & Nicklas, 1995:854.) Die skrywers Thompson & Rudolph (1996:533) bevestig hierdie mening wanneer hulle meld dat 'n kind chronies kan kla ten einde 'n onaangename situasie te vermy.

Die oplossing vir hierdie situasie is volgens navorser geleë in die stel van grense en die toewysing van huistake vir elke kind - ook vir die allergiese kind. Rice (1995:255) meld die volgende: "control that is fair and reasonable and that shows respect for the child helps the child achieve disciplined autonomy."

Die skrywer Osman (in Marks, 1992:324) ondersteun dit deur te meld dat chroniese siek kinders daagliks huistake binne hulle vermoëns moet verrig. "These activities are so constructive. Asking little or nothing of a child only reinforces his sense of inadequacy. But there are a few things that children value - and relish - quite as much as their accomplishments." Navorser is van mening dat huistake die kind se groei na bekwaamheid en bemeestering ondersteun.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die opvoeding van 'n allergiese kind spesifieke uitdagings aan ouers stel. Soos Barlow, *et al.* (1998:445) tereg opmerk: " Parenting can be a difficult and demanding task regardless of circumstance. When a child is diagnosed with a chronic disesase, the burdens of parenting may escalate significantly."

Die volgende verhouding binne die gesin waaraan aandag gegee word, is die verhouding tussen sibbe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.6.3.2 Die invloed op die sibbeverhouding

Waar broers en susters elke dag saamleef, beïnvloed die voorkoms van 'n allergiese siekte alle sibbe se lewens. Beide Eiser (1996:557) en Gardner (1998:214) is dit eens dat gesonde sibbe deur die chroniese siekte van 'n ander beïnvloed word. Volgens navorser is dit belangrik om te onthou dat dit voorkom dat alle kinders binne 'n gesin allergies mag wees, en die sibbe hulself derhalwe almal in dieselfde situasie bevind.

Volgens Gardner (1998:214, 219, 220) is dit belangrik om die volgende aspekte in ag te neem. Sibbe kan:

- 'n verlies aan ouerlike aandag ervaar (voel siek sibbe neem al ouer se tyd op)
- voel dat hulle anders as die siek sibbe hanteer word
- voel dat hulle nie deur hul ouers verstaan word nie
- voel hulle behoeftes word nie aangespreek nie
- voel ouers verwag te veel verantwoordelikheid van hulle

Sibbe kan hierop reageer deur jaloers, gegrief, aggressief of verwerp te voel. (Vergelyk Barlow, *et al.,* 1998:452, 456 en Featherstone & Sarkes in Dale, 1996:104.)

Daar is volgens Gardner (1998:217) spesifieke aspekte wat spanning by sibbe van 'n chroniese siek kind meebring. Hierdie aspekte sluit die volgende in: sien sibbe in pyn; moontlike dood van sibbe; sien sibbe in hospitaal; kommer oor die oorsake van siekte; ouers se preokupasie met die siek kind; onregverdige behandeling in verhouding tot ander en ouers se kommer oor sibbe se siekte.

Hierdie situasie is gewoonlik vir ouers 'n bron van kommer. Die skrywers Barlow, *et al.* (1998:452, 456) meld die volgende: "Balancing the need of the affected child with the needs of other siblings was a particularly difficult task." In die studie van Schultz, *et al.* (1994:214) het een moeder gemeld: "I am torn between responsibilities to my child with asthma and my other children." Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

wys duidelik daarop dat die hantering van die situasie kommer by ouers meebring.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die invloed van ‘n chroniese siektetoestand soos allergie die hele gesin se lewenskwaliteit kan beïnvloed. Nie net die ouer-kind verhouding en die verhouding tussen sibbe word geraak nie, maar ouers se individuele funksionering kan ook gestrem word wat wyer implikasies vir hul algemene funksionering kan inhou.

2.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Hierdie hoofstuk fokus op die invloed van allergiese siektes op die kind in die middelkinderjare en sy gesin se funksionering. Eerstens is daar op die middelkinderjare as ontwikkelingstydperk gefokus. Die ontwikkelingstake wat in hierdie tydperk bemeester moet word (persoonlik, sosiaal en akademies), is volledig uiteengesit, sodat die moontlike stremming van allergiese siektes op die kind se optimale groei, duidelik is. Vervolgens is die belangrikheid van die gesin tydens die middelkinderjare bespreek. Die rol van die gesin te midde van dramatiese sosiale uitbreiding, die verskillende gesinsverhoudinge en die funksies wat die gesin ten opsigte van die kind se gesonde groei moet vervul, is uitgelig.

Allergie as chroniese siektetoestand is vervolgens bespreek waar daar op die immunologiese werking, veroorsakende faktore, die verskillende siektes, die invloed op die kind se fisieke funksionering en die beheer of voorkoming daarvan gefokus is.

Die invloed van allergiese siektes op die kind en sy gesin se funksionering is die volgende fokuspunt. Eerstens is die invloed van allergiese siektes op die kind as individu se funksionering (en ontwikkelingstaak-bemeestering) bespreek. Die eerste aspek is die persoonlike of emosionele groei waar die kind se verhoging van sy selfbegrip, die ontwikkeling van ‘n positiewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfkonsep en ‘n positiewe houding teenoor sy eie liggaam, die ontwikkeling van selfstandigheid en beheer oor die eie lewe, die aanvaarding van verantwoordelikheid en die kind se emosionele bewustheid en -hantering, bespreek word. As tweede aspek is daar op die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se sosiale ontwikkeling, en as derde aspekte op die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se akademiese ontwikkeling gefokus.

Die laaste fokuspunt van die tweede hoofstuk is die invloed van allergiese siektes op die gesinsfunksionering. Die beïnvloeding van die hele gesin as sisteem is eerstens bespreek, waarna daar spesifiek op die invloed op die emosionele funksionering van die ouers gefokus is. Hier is ook aandag aan praktiese aspekte wat die emosionele reaksies kan vererger, gegee. Laastens is die invloed van allergiese siektes op die gesinsverhoudinge bespreek, waar daar spesifiek aan die ouer-kind verhouding, die opvoedingstyl en die sibbeverhouding aandag gegee is.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die aanwesigheid van allergiese siektes die totale funksionering van die kind in die middelkinderjare (en ook tot ‘n sekere mate sy gesin se funksionering) kan benadeel. Die kind in die middelkinderjare moet verskeie ontwikkelingstake op persoonlike-, sosiale- en akademiese gebied bemeester om sy optimale groei te bereik, en allergiese siektes kan hierdie taakbemeestering belemmer of selfs heeltemal blokkeer.

Die fisieke aard van sommige van die allergiese reaksies kan daartoe aanleiding gee dat die kind ‘n lae selfbeeld het, te moeg en siek voel om saam met sy maats te speel en sy skoolwerk met ywer aan te pak. Wanneer hierdie belangrike ontwikkelingstake nie suksesvol bemeester kan word nie, kan dit probleme in die kind se latere ontwikkeling tot gevolg hê. Dit is dus noodsaaklik dat die kind gehelp word om die eise en uitdagings wat deur die voorkoms van allergiese siektes gestel word suksesvol aan te pak, beheer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor sy siekte te neem en die negatiewe invloed daarvan op sy funksionering tot die minimum te beperk.

Aangesien die gesin (en spesifiek die ouers) 'n sentrale rol in die kind se ontwikkeling speel (en self ook deur die voorkoms van allergiese siektes geraak word) is dit volgens navorser noodsaaklik dat hulle by ouerleiding betrek word ten einde die spelterapeutiese intervensie te ondersteun en tuis te versterk.

In hoofstuk drie word die teoretiese raamwerk vir die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme vanuit die gestaltbenadering gegee. Die gestalt-benadering word as terapeutiese raamwerk bespreek, waarna daar ook aandag aan spelterapie as terapeutiese medium aandag gegee word. Laastens word ouerleiding as ondersteunende komponent tot die spelterapeutiese program bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3
TEORETIESE RAAMWERK VIR GESTALTSPELTERAPEUTIESE- EN OUERLEIDINGPROGRAMME

3.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk is dit vir die navorser duidelik dat die voorkoms van allergiese siektes die funksionering van die kind in die middelkinderjare op verskillende wyses kan strem. Navorser is van mening dat die kind deur spelterapeutiese tegnieke begelei kan word om die invloed van allergiese siektes en verbandhoudende gevoelens makliker te hanteer, en dat ouerleiding ouers kan bemagtig om die kind in hierdie proses te ondersteun.

Alvorens intervensie suksesvol aangepak kan word, moet die terapeut oor deeglike kennis van die toepaslike terapeutiese benadering beskik. Tydens hierdie studie word die beginsels en spesifieke tegnieke van die gestaltbenadering benut. Hierdie hoofstuk bied 'n teoretiese raamwerk waar gestaltterapie as terapeutiese benadering, die fundamentele beginsels eie aan gestaltterapie en die doelstellings van intervensie binne hierdie benadering bespreek word. Laastens word spelterapie vanuit die gestaltbenadering, en die benutting van gestaltterapie binne sowel die spelterapeutiese- as ouerleidingprogramme uitgelig.

3.2 GESTALTTERAPIE

3.2.1 Gestaltterapie as terapeutiese benadering

Gestaltterapie word deur verskeie skrywers (Clarkson, 1989:1 en Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1989:124) beskryf as 'n besondere tipe psigoterapie wat binne 'n "Ek-Jy-verhouding" op dít wat onmiddellik teenwoordig is, fokus. Die klem word op die hede geplaas, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwordinge van sy ervarings in hulle totaliteit te verbeter. Hierdie totaliteit omsluit die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis. Die oortuiging bestaan dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mens basies 'n strewende, groeisoekende, selfregulerende en selfbevestigende organisme is wat inherent progressiewe moontlikheid is.

Volgens Oaklander (1993:281) behels gestaltterapie 'n humanistiese, proses-georiënteerde vorm van terapie wat op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek betrekking het. Sy meld dat hierdie terapeutiese benadering suksesvol met kinders gebruik kan word, omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling en kinderpsigopatalogie verwant is. Aangesien dit in die studie om die versterking van gesonde funksionering by die allergiese kind gaan, is navorser van mening dat die beginsels en tegnieke van die benadering met sukses toegepas kan word.

Navorser beskou gestaltterapie as 'n terapeutiese benadering wat op menslike groei, bewustheid en verantwoordelikheid fokus. Wanneer die allergiese kind tydens sy groeiproses tot verhoogde bewustheid van homself in sy omstandighede (spesifiek die saamleef met 'n allergiese siekte) gelei word, word hy bemagtig om keuses in probleemoplossing te maak en verantwoordelikheid vir hierdie keuses te aanvaar. Hierdeur groei hy tot verbeterde hantering van sy lewenseise en optimale funksionering kan bereik word.

3.2.2 Fundamentele beginsels van gestaltterapie

Ten einde optimale spelterapeutiese intervensie binne gestaltterapie te kan bied, moet die terapeut volgens navorser oor deeglike kennis van die beginsels van die terapeutiese benadering beskik. Vervolgens word die fundamentele beginsels van gestaltterapie (wat te alle tye in werk met kinders, en spesifiek die allergiese kind, in ag geneem en geïntegreerd benut moet word) bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.2.1 Holisme

Perls, die vader van gestaltterapie, het volgens verskeie skrywers groot klem geplaas op die mens wat as geïntegreerde organisme altyd as 'n eenheid funksioneer. Die skrywers Congress (1995:1118); Thompson & Rudolph (1996:141); Aronstam (1992:633) en Oaklander (1994:142) meld dat die beginsel van holisme na die totale, geïntegreerde eenheid van die mens wat alle aspekte soos emosies, liggaam en denke insluit, verwys. Perls het die splitsing tussen soma en psige verwerp en klem geplaas op die holisme van 'n persoon, sonder onderskeid tussen gedagte en aksie. Alhoewel die mens altyd as 'n eenheid funksioneer, kan hy nie sonder sy omgewing bestaan nie en is hy altyd in kontak daarmee. (Vergelyk Carson, Butcher & Mineka, 1996:653 en Pearson & Nolan, 1995:8.)

In aansluiting hierby, beklemtoon Crompton (1992:2) dat die kliënt as geheel benader moet word en dat die nodigheid vir hulp vir een probleem, angs of simptoom, nie impliseer dat alles by die kind verkeerd, "siek" of problematies is nie. Volgens navorser is dit belangrik om te onthou dat die allergiese kind in totaliteit nie net siek is nie. Daar is dele wat gesond funksioneer en hierdie dele moet beklemtoon en versterk word.

Die voorkoms van allergiese siektes het 'n definitiewe negatiewe invloed op die kind se fisieke funksionering wat (met inagneming van die holistiese mensbeskouïng) die kind se totale funksionering op verskeie maniere kan beïnvloed. Dit is volgens navorser nodig om al hierdie aspekte geïntegreerd in ag te neem wanneer die kind by hulpverlening betrek word. Dit beteken dat die kind tot verhoogde bewustheid van sowel die fisieke reaksies as die invloed wat dit op sy emosionele, sosiale, akademiese en moreel-geestelike funksionering het, moet kom en ook sy potensiaal binne al bogenoemde gebiede vir gesonde hantering hiervan moet ontdek en ontwikkel. Op hierdie wyse kan die kind gehelp word om 'n holistiese beskouïng van die probleem en sy hantering daarvan te bekom, en sy totale menswees te benut om die allergiese siekte suksesvol te hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.2.2 Homeostase en die figuur-agtergrondbeginsel

Volgens Aronstam (1992:633) en Oaklander (1993:283) word alle gedrag deur homeostase gereguleer. Homeostase is die proses waardeur die organisme sy behoeftes (fisies en psigies) vervul ten einde 'n wanbalans te herstel en so sy ekwilibrium onder verskillende omstandighede in stand te hou. (Vergelyk Oaklander, 1994:142 en Carson, *et al.,* 1996:653.)

Tydens homeostase is die gesonde organisme volgens Pearson & Nolan (1995:139) en Thompson & Rudolph (1996:142) in staat om telkens aan die mees dominante of betekenisvolle behoefte aandag te gee. Hierdie behoefte word die voorgrond (of figuur) genoem terwyl ander behoeftes na die agtergrond geskuif word. Die gesonde persoon fokus skerp op 'n spesifieke tydstip op die "figuur"-behoefte (onvoltooidheid). Die behoefte word dan binne die individu, sowel as vanuit die omgewing bevredig. Sodra die behoefte bevredig is, word dit deel van die agtergrond en 'n volgende behoefte (of onvoltooidheid) skuif na vore. Die gladde funksionering van die figuur/agtergrond-verhouding is kenmerkend van 'n gesonde organisme. (Vergelyk Congress, 1995:1118 en Clarkson, 1989:5.)

Die belangrikheid van die gesonde verloop van homeostase word soos volg deur Oaklander (1993:283) onderstreep: " As each need surfaces and is met without hindrance, not only does the child achieve homeostasis and balance, but he or she also gains new levels of growth and development."

Dit is vir navorser belangrik om die allergiese kind te help om sy voorgrondbehoefte duidelik te definiëer en daaraan aandag te gee. Die allergiese kind kan 'n wye verskeidenheid behoeftes gelyktydig ervaar. In die situasie waar hy gelyktydig met ambivalente behoeftes gekonfronteer word (soos aanvaarding deur die portuurgroep teenoor verantwoordelikheid vir sy gesondheid), is dit soms vir hom moeilik om die belangrikste (voorgrond-behoefte) te identifiseer en daaraan aandag te gee. Daar word vanuit sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omgewing eise gestel waarvan die vervulling deur die allergiese siekte gestrem word.

Die figuur-agtergrond verhouding gaan volgens Shaffer & Galinsky (1989:125) hand aan hand met die kinders se vlakke van bewustheid. Dit is navorser se mening dat die kind slegs wanneer hy bewus is van homself, sy eie behoeftes en moontlikhede, asook die alternatiewe wat uit die omgewing vir behoeftebevrediging beskikbaar is, 'n keuse kan maak wat tot homeostase lei.

3.2.2.3 Bewustheid in die hier-en-nou

In 'n gesonde funksioneringsproses, waar die individu op sy voorgrond-behoefte kan fokus, dit bevredig en gestaltvoltooiïng bereik, is volle bewustheid noodsaaklik. Bewustheid is 'n proses waar die persoon binne die hede in kontak met die self en sy omgewing is. 'n Psigies gesonde persoon kan sy behoefte duidelik definiëer en alternatiewe uit sy omgewing vir behoeftebevrediging identifiseer, sonder dat verskillende stimuli vanuit die omgewing sy aandag aftrek. Met volle bewustheid ontwikkel 'n toestand van organismiese selfregulering (homeostase) en die totale persoon neem beheer oor sy lewe. Perls het geglo dat 'n toestand van volle bewustheid op sigself terapeuties kan wees en te alle tye nodig is vir die helingsproses. (Aronstam, 1992:633,635; Clarkson, 1989:18, 19; Thompson & Rudolph, 1992:110-111 en Oaklander, 1994:282-283).

Binne gestaltterapie word op bewustheid van die hier-en-nou gefokus. Omdat die kind slegs in die hede kan ervaar, is die hier-en-nou die enigste realiteit waarmee gewerk kan word, en moet sy bewustheid altyd aan die onmiddellike gekoppel wees (Congress, 1995:1118 en Shaffer & Galinsky, 1989:126). Beide Congress (1995:1118) en Corey (1995:295) konstateer dat die verlede net belangrik is vir sover dit die kind se huidige funksionering beïnvloed.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die skrywer Congress (1995:1118) konstateer dat emosionele groei plaasvind indien die kind groter bewustheid van beide innerlike en eksterne ervarings in die verlede en hede ontwikkel. Die kind moet dus begelei word tot verhoogde bewustheid van homself en sy omgewing in die hier-en-nou. Thompson & Rudolph (1992:113) sluit hierby aan deur te meld dat terapie ten doel het om die kind se bewustheid van die self ten opsigte van die huidige kontak tussen homself en die omgewing te verhoog.

Hulp aan die kind om van sy proses (dit wat hy doen en hoe hy dit doen) bewus te word, is volgens Oaklander (1993:285) 'n primêre doel van die gestaltterapeut. Bewustheid van die self sluit volgens Oaklander (1993:285) die volgende in: wie die kind is, hoe hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, wat hy wil doen en hoe hy dit gaan doen. Bewustheid is dus 'n wyse waarop die kind sy mees dominante behoeftes kan identifiseer en bevredig, aangesien hy in kontak met homself en sy behoeftes is of nie is nie.

Die skrywer Aronstam (1992:640) meld dat beheer in gestaltterapie aan die kind teruggegee word deur hom in kontak met homself te bring. Weens 'n verlies aan bewustheid verloor die kind kontak met homself, sy gevoelens en sy behoeftes. Indien aandag gegee word aan die wyse waarop die kind alles in sy lewe ervaar deur voortdurend op bewustheid te fokus, ontwikkel hy insig in sy situasie en sy eie vermoëns.

Bewustheid van die self en omgewing is vir navorser van kardinale belang in werk met allergiese kinders. Volgens navorser is dit belangrik om die kind te begelei tot bewuswording van hoe die allergiese siekte (en ook gebeure hieroor in die verlede) sy funksionering op die huidige oomblik beïnvloed. Slegs wanneer die huidige invloed bepaal is, kan dit tydens spelterapeutiese hulpverlening aangespreek word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer die allergiese kind homself (en sy siektereaksies) leer ken, kan hy dit aanvaar en suksesvol hanteer. Die kind moet sy identiteit vestig ('n belangrike ontwikkelingstaak in die middelkinderjare) en hy moet bewus wees van die behoeftes wat hy ervaar. Veral waar die beheer van sy allergiese siekte 'n beperking op sy alternatiewe vir behoeftebevrediging plaas, is dit noodsaaklik dat hy sy omgewing (wat beskikbaar is wat hy wel kan gebruik of eet) leer ken en bewus is van die gevolge van sy keuses.

Bewustheid word deur navorser gesien as die vermoë om alle sintuie in te span en nie net op die voorgrondbehoefte nie, maar ook op verband-houdende emosies, te fokus. Dit is nodig om 'n kind sensories op te skerp, sodat hy sy omgewing en homself kan leer ken, en bewus kan word van gevoelens wat ontplooi word. Deur van al vyf sensoriese modaliteite gebruik te maak, kan die kind tydens spel gehelp word om sy bewustheidsvlak te verhoog. Soos die kind homself in die terapie vind, word hy bewus van wie hy is, wat hy voel, wat hy nodig het, wat hy doen en hoe hy dit doen. Hy vind dan uit dat hy keuses moet maak en sal daarmee eksperimenteer. As die terapeut die kind kan help om meer bewus te word van wat hy doen en hoe hy dit doen, kan die kind die keuse maak om te verander.

3.2.2.4 Polariteite (teenoorgesteldes)

Volgens die gestaltteorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite of "splits". Schoeman (1996a:35) ondersteun dit wanneer sy meld dat die kind in terme van teenoorgesteldes of polariteite funksioneer. Volgens haar is die taak van die spelterapeut om die kind te lei tot insig in en aanvaarding van normale teenoorgesteldes wat hy ervaar. Sy meld ook dat die kind gehelp moet word om insig in polariteite te ontwikkel ten einde hom in staat te stel om positiewe en negatiewe aspekte van die lewe te hanteer en te aanvaar en as 'n geïntegreerde wese te ontwikkel (Schoeman, 1996a:29). Hierdie siening word deur Thompson & Rudolph (1992:117) onderstreep wanneer hulle meld dat gestaltterapie daarop gerig is om die polariteite te integreer ten einde die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mens beter te laat funksioneer en te verseker dat elke deel van die polariteit sy plek vind in 'n goed-geïntegreerde persoonlikheid.

Een voorbeeld van 'n polariteit is die "topdog" en die "underdog" wat deel uitmaak van die stuktuur van die persoonlikheid. 'n Persoon mag verdeelheid ervaar ten opsigte van dit wat hy behoort te doen (die "topdog") en dit wat hy wil doen ("underdog"). (Vergelyk Clarkson, 1989:92, Aronstam, 1992:636, Thompson & Rudolph, 1996:142.)

Volgens navorser verhoog die gebruik van polariteite (om alle teenoorgestelde aspekte van 'n saak gelyktydig in ag te neem) nie net die kind se bewustheidsvlakke nie, maar help dit hom ook om homself in sy situasie te posisioneer. Deur polariteite te benut in die bewusmaking van keuses en alternatiewe vir probleemoplossing en behoeftevervulling, kan die kind gehelp word om keuses te maak. Daar word definitiewe beperkinge op hom geplaas, maar deur die positiewe en negatiewe van 'n saak uit te maak, (en veral die die "topdog" "underdog" begrip te benut) kan hy makliker 'n ingeligte (en hopelik verantwoordelike) keuse maak.

3.2.2.5 Doeltreffende kontak (die "Ek/Jy" verhouding of terapeutiese verhouding)

Verskeie skrywers (Geldard & Geldard, 1997:5,6; Thompson & Rudolph, 1996:33 en Van der Merwe, 1996a:22) is dit eens dat doeltreffende kontak tussen die terapeut en kind binne die terapeutiese verhouding 'n sentrale rol in die uitkoms van terapie speel, en die verhouding word as 'n noodsaaklike konteks vir intervensie beskou. Dit dien as grondslag in die hulpverlenings-proses.

Die verhouding en kontak tussen terapeut en kind is volgens Oaklander (1993:290) twee belangrike voorvereistes vir verdere terapie. Die terapeutiese verhouding word as 'n "I/Thou" verhouding beskryf en hierdie konsep hou 'n belangrike implikasie vir werk met kinders in. Twee persone

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontmoet op gelyke vlak. Dit is dus 'n verhouding waar beide die terapeut en die kliënt gelyk is, ongeag hul ouderdom of opvoeding. Oaklander (1993:281, 282) meld dat die terapeut die kind sonder oordeel of manipulasie respekteer en nooit verder druk op die kind plaas as wat sy gewilligheid of vermoë toelaat nie, maar 'n veilige omgewing skep. Die verhouding kan op sigself terapeuties wees. Sonder 'n verhouding is verdere intervensie vrugteloos. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:33; Oaklander, 1994:281; Clarkson, 1989:16-17, en Aronstam, 1992:640.)

Die terapeutiese verhouding wat op 'n gestaltbenadering gebaseer word, is volgens Oaklander (1993:281) 'n belangrike instrument om die kind se diepste gevoelens, vrese en frustrasie te ontlok. Navorser wil hierby aansluit deur te meld dat die kind volgens haar mening nie bereid sal wees om dit wat hy rondom sy allergiese toestand ervaar, met iemand te deel wat hy skaars ken en nog nie vertrou nie. Die bou van 'n terapeutiese verhouding en die bereiking van doeltreffende kontak word volledig in hoofstuk vier bespreek.

3.2.2.6 Die kontakgrens en kontakgrensversteurings

Alhoewel die kind in kontak met sy omgewing gesien moet word, besit hy grense wat hom van sy omgewing skei. Die kontakgrens word deur Oaklander (1993:283) omskryf as: "... the point at which one experiences the 'me' in relation to that which is 'not me', and through this contact, both are more clearly experienced."

Die kontakgrens is nodig om te verhoed dat die kind sy identiteit verloor. Die kontakgrens moet egter deurdringbaar wees ten einde toepaslike uitruiling tussen die organisme en sy omgewing moontlik te maak (Aronstam, 1992:634). Die organisme moet volgens die navorser toepaslike vloei van kontak en onttrekking kan reguleer ten einde gestaltvoltooiïng te kan bewerkstellig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesonde funksionering behels volgens Shaffer & Galinsky (1989:137) effektiewe kontakgrense. Aronstam (1992:634) sluit hierby aan deur te noem dat die gesonde persoon tussen die self ('me') en andere ('not me') moet kan onderskei, sonder om kontak af te sny of te vermy.

Om te oorleef inhibeer, blokkeer, onderdruk en beperk die kind verskeie aspekte soos sy sintuie, liggaam, emosies en intellek. Hierdie beperkinge word deur Oaklander (1994:144) kontakgrensversteurings genoem en veroorsaak onderbreking van die natuurlike, gesonde proses van organismiese selfregulering. (Vergelyk Aronstam, 1992:637.) Oaklander (1993:284) konstateer in hierdie verband: "In order to avoid rejection, abandonment, and to gain approval, children may manifest many behavioral manifestations and symptoms that keep them from engaging in healthy contact with other children." Baie kinders maak dus gebruik van gedragsmanifestasies, soos projeksie en ontkenning, ten einde kontak met die wêreld te vermy en hulself te beskerm. (Vergelyk Clarkson, 1989:34.)

Die volgende kontakgrensversteurings kan voorkom: introjeksie, projeksie, samevloeiïng, defleksie en retrofleksie. (Vergelyk Congress, 1995:1119-1120; Aronstam, 1992:638; Corey, 1995:299-300 en Shaffer & Galinsky, 1989:130-137.) Elk van hierdie gedragsmanifestasies word vervolgens bespreek.

- Introjeksie

Introjeksie is die proses waardeur die individu inhoude (soos waardes, norme en eise) kritiekloos vanuit sy omgewing inneem. Volgens Oaklander (1994:145) beskik 'n kind nie oor die volwassenheid om te diskrimineer nie en glo enige iets wat hy van homself hoor. Baie van hierdie boodskappe is verkeerd en versteur die gesonde ontwikkeling van die kind. Die kind hoor indirek hy is lui, dom en glo dit. Hierdie introjeksies vernietig sy gevoel van die self, selfbeeld en selfagting. Geldard & Geldard (1997:75) meld in hierdie verband die volgende: "Unfortunately some beliefs which children absorb

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

may not be appropriate or useful, but instead may result in emotional problems. If a child holds on to inappropriate beliefs she may become disempowered, anxious, compliant and neurotic, and also have difficulty with interpersonal relationships." (Vergelyk Corey, 1995:299 en Clarkson, 1989:52.)

Die teenpool van introjeksie is assimilasie waardeur die individu dít wat hy van die omgewing ontvang, verwerk en werklik deel van homself maak. Tydens die proses van assimilasie verwerk die individu dít wat hy uit die omgewing ontvang krities en aanvaar hy dit wat goed is, en verwerp dit wat sleg is (Aronstam, 1992:638). Geldard & Geldard (1997:50) beskryf assimilasie soos volg: "If appropriate counseling skills are used, then the child will be able to discard self-destructive beliefs and to replace them with more adaptive beliefs."

Een introjek wat die allergiese kind dikwels beleef, is dat hy nie so sterk of goed soos ander is nie. Hy is anders as sy portuurgroep deurdat hy sekere voedselsoorte en aktiwiteite moet vermy en van medikasie afhanklik is. Kinders en oningeligte volwassenes kan ook die voorkoms van die siekte ontken deur te sê dat die kind aansit of aandag soek, wat daartoe kan lei dat hy glo dat hy 'n "sissy" is.

- Projeksie

'n Tipiese wyse waarop kinders hul eie ervarings ontken is projeksie. Hulle vertel leuens omdat hulle te min egokragte het om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul gedrag, of dit is te gevaarlik om hul gevoelens te besit (Oaklander, 1994:145).

Volgens Aronstam (1992:638) ontken die individu tydens projeksie aspekte in die self en blameer ander vir eienskappe in die persoonlikheid. Geen verantwoordelikheid vir eie gedrag en konflikte word aanvaar nie. Daar is dus 'n eksterne lokus van beheer. Die teenpool is toe-eiening as die individu

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die geprojekteerde aspekte kan herken en as sy eie aanvaar. (Vergelyk Corey, 1995:299-300 en Shaffer & Galinsky, 1989:130.)

Die allergiese kind kan sy siekte as verskoning gebruik om verant-woordelikheid vir sy eie gedrag te ontduik. Hy kan byvoorbeeld sê dat dit die allergiese siekte se skuld is dat hy op sekere wyses optree of reageer. 'n Tipiese voorbeeld is dat hy sy huistake vermy en dan sê dat hy fisies nie goed voel nie en dat dit die allergiese siekte se skuld is dat sy huiswerk nie gedoen is nie. 'n Ander belangrike aspek is dat hy sy verantwoordelikheid vir sy gesondheid kan vermy deur ander persone die skuld te gee wanneer hy verkeerd optree. Hy kan byvoorbeeld sê dat dit sy maatjie is wat vir hom sjokolade gegee het - so projekteer hy sy eie skuld deur nie te aanvaar dat hy self "nee" kon sê nie.

- Samevloeiïng (Egogrensvervaging)

Kontak sonder die nodige behoud van grense lei tot ineenvloeiïng en dus tot verlies van 'n outonome bestaan (Aronstam, 1992:635). In hierdie verband sê Thompson & Rudolph (1996:142) dat mense te veel van hulself in andere inkorporeer, of van die omgewing in hulself; dat hulle kontak met hulself verloor. (Vergelyk Clarkson, 1989:55.)

Samevloeiïng is die teenoorgestelde van apartheid. By samevloeiïng weet die kind nie waar hy eindig en ander begin nie - hy het probleme om grense tussen hom en sy omgewing vas te stel en die grense is te deurdringbaar. Die kind verkeer in 'n stryd om te individualiseer, vereis eendersheid en kan verskille nie hanteer nie. Dit verhoed die ontwikkeling van goeie kontak met ander en belemmer dus ook ontwikkeling van die self (Oaklander, 1994:145 en Aronstam, 1992:638).

Dit is 'n kenmerkende kontakstyl van kinders met 'n groot behoefte vir aanvaarding. Die self is so broos dat hierdie kind voortdurend versekering soek vir sy bestaan. Om soet te wees, ander tevrede te hou en afhanklikheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te toon, is aspekte van samevloeiende gedrag by kinders wat 'n valse gevoel van self gee (Oaklander, 1994:145). So 'n persoon stel ander tevrede - ten koste van homself. Corey (1995:300) meld dat samevloeiïng 'n eie opinie en kontak bykans onmoontlik maak.

Die allergiese kind kan in sy soeke na aanvaarding sy unieke menswees eerder ontken - hy kan ook die bestaan van die siekte ontken omdat daardie aspek hom anders as sy maats maak en hul aanvaarding van hom in die groep kan beïnvloed. Hierdie kind sal liewer vir sy maats sê dat sy allergiese reaksies nie so erg is nie en siek word, as om teen die groep se gedrag in te gaan en allergeenvermyding toe te pas. Hy sal byvoorbeeld by 'n partytjie eerder die goed eet wat hom siek maak as om anders as sy maats op te tree.

- Retrofleksie

Retrofleksie word soos volg deur Perls (in Shaffer & Galinsky,1989:133) beskryf: "Retroflection means that some function which originally is directed from the individual towards the world changes direction and is bent back towards the originator". Retrofleksie beteken dus dat die persoon alle energie op homself rig en dat hy alle blaam en skuld op homself neem vir wat verkeerd loop. Sekere kinders sal aan hulself doen wat hulle aan andere sou wou doen. Hulle ontwikkel byvoorbeeld hoofpyne, maagpyne en trek hul hare uit (selfgerigte aggressie). (Vergelyk Corey, 1995:300.)

- Defleksie

Defleksie word soos volg deur Geldard & Geldard (1997:49) verduidelik: "When children are dealing with strong emotions or difficult issues they may naturally deflect away from dealing with their pain or withdraw into silence. In their daily lives this behavior may, at times, be adaptive because it helps the child to cope." (Vergelyk Clarkson, 1989:51.)

Defleksie of wegkaatsing behels dus die vermyding van direkte kontak, die onderbreking van bewustheid en kontak met die omgewing. Hierdeur word volgehoue kontak bemoeilik. Defleksie of wegkaatsing van probleme kom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor wanneer die individu nie aan ‘n probleem wil werk nie. Probleme kan byvoorbeeld deur oordrewe humor, abstrakte veralgemenings en vrae in plaas van stellings, ontken word (Corey, 1995:300).

Die allergiese kind wil dikwels nie met realiteite van siekte gekonfronteer word nie en deflekteer die probleem. Hy voel moontlik so bedreig deur sy allergiese siekte, dat hy dit eerder wil ontken en die hantering daarvan vermy. Dit is belangrik om te onthou dat die kind so oorweldig kan voel deur al die eise wat gestel word en die behoeftes wat hy self ervaar, dat hy eerder sy bewustheid afsny. Navorser is daarvan oortuig dat verhoogde bewustheid (wat ook verbeterde begrip van die allergiese siekte insluit) die kind bemagtig om die eise wat gestel word beter te hanteer en dit dus nie te deflekteer nie.

Dit is vir navorser duidelik dat gesonde kontak noodsaaklik is in die vervulling van voorgrondbehoeftes en die hantering van enige eis of probleem. Die allergiese kind moet gehelp word om doeltreffende kontak met homself en sy omgewing te bereik en te handhaaf ten einde die invloed van ‘n allergiese siekte doeltreffend te hanteer en beheer.

Perls was van mening dat ‘n mens in die groeiproses na doeltreffende kontak met homself en sy omgewing deur vyf verskillende fases beweeg (Thompson & Rudolph, 1996:143). Die vyf lae vorm ‘n reeks terapeutiese prosesse wat as stappe na ‘n gesonder lewe beskou kan word. Ten einde die kind deur hierdie fases te begelei, is dit nodig dat die terapeut voldoende kennis en begrip hiervoor sal hê. Dit word vervolgens bespreek.

3.2.2.7 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak

Die vlakke van neurose waardeur ‘n persoon moet groei om doeltreffende kontak te bereik, word soos volg in Corey (1995:298-299) en Thompson & Rudolph (1996:143) onderskei:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Die valse of "phony" laag

Baie mense is in hierdie eerste laag vasgevang waar hulle voorgee om iets te wees wat hulle nie is nie. Negatiewe introjekte (etikette) word kritiekloos aanvaar en beheer die mens. Hierdie laag word gekarakteriseer deur baie konflikte wat nooit opgelos word nie.

Volgens navorser onderdruk allergiese kinders die bewustheid van hul allergiese siekte en hul hantering daarvan in die valse laag. Hulle glo dat hulle nie siek gaan word nie en ontken dat hulle kos steel. Hulle wil nie besef dat dit wel beperkings op hul lewens plaas nie en verkies om dit te ignoreer, totdat die fisieke simptome hulle so siek maak dat hulle die bestaan daarvan nie meer kan ignoreer nie.

- Die fobiese laag

Op hierdie vlak word negatiewe aspekte van die self eerder ontken of vermy. Mense vrees dat as hulle in die openbaar erken wie hulle werklik is, hulle verwerp sal word en gevoelens van ontoereikendheid sal ervaar. Wanneer mense agterkom dat hulle voorgee om iets te wees wat hulle nie is nie, raak hulle bewus van die vrese wat hierdie "voorgee-gedrag" in stand hou. Hierdie ervaring is dikwels self ontstellend en lei tot ongemak en pyn.

Die fobiese laag word volgens navorser by die allergiese kind daardeur gekenmerk dat hy bewus raak van die invloed van allergie in sy lewe en sy hantering daarvan. Die kind begin besef dat die voorkoms van die siektes hom in sy alledaagse keuses strem en dat hy dikwels verkeerde keuses maak. Hierdie bewustheid kan vrees meebring, omdat hy voel dat hy nie oor genoeg egokrag beskik om dit te bemeester nie.

- Die "impasse" laag

Onder die fobiese laag is die impasse, of die punt waar die persoon vasgevang, verlore, of leeg voel; ou gedragswyses werk nie meer nie en daar is 'n gebrek aan energie. Hierdie is die laag wat mense bereik wanneer hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die omgewingsondersteuning van hul speletjies laat wegval en agterkom dat hulle nie oor 'n beter hanteringswyse beskik nie. Die persoon glo dat hy nie oor die nodige hulpbronne of kragte vir verandering beskik nie en is nie gemotiveerd om te verander nie. Hy vrees verwerping indien hy volgens sy ware self openbaar. Mense is dikwels hier vasgevang en sien nie kans om verder te beweeg nie.

Hier moet die terapeut veral aan die kind toestemming gee om homself te wees (onvoorwaardelike aanvaarding). Dit help ook as die terapeut verduidelik dat dit 'n moeilike stadium is en dat die persoon daardeur kan beweeg deur dit nie te vermy nie, maar te fokus op dit wat hom belemmer. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1992:112.) Van hier af beweeg hy na die implosiewe laag.

Impasse by die allergiese kind word daardeur gekenmerk dat hy besef dat sy ou gewoontes nie die allergiese siekte na wense beheer nie, maar dat hy ook nie kans sien om iets nuuts te probeer nie. Dit kan ook gebeur dat die kind wel nuwe gedragswyses toets, maar nie daarmee volhou nie en allergiese reaksies weer voorkom. Dit lei tot moedeloosheid en 'n gevoel dat die aanpassing nie die moeite werd is nie.

- Die implosiewe laag

Mense raak bewus van die wyse waarop hulle hulself beperk en begin met nuwe gedrag eksperimenteer. Die individu het weerstand oorbrug en ontdek nuwe kragte in homself. Verhoogde bewustheid is genesend, aldus Perls (in Thompson & Rudolph, 1996:141). Bewustheid en selfinsig lei tot eksperimentering met nuwe gedrag (Corey, 1995:299).

Tydens die implosiewe laag begin die kind glo dat hy die allergiese siekte kan beheer. Hy eksperimenteer met verantwoordelike gedrag en sukses op hierdie gebied spoor hom aan om daarmee vol te hou. Die kind verkry insig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met betrekking tot sowel die hulpbronne tot sy beskikking as sy eie egokragte en voel emosioneel in staat om dit te begin gebruik.

- Die eksplosiewe laag

Indien die nuwe gedrag suksesvol blyk te wees, kan mense die eksplosiewe laag bereik waar hulle baie ongebruikte energie ontdek. Energie wat voorheen op verdedigingsmeganismes verspil is, word nou aangewend om behoeftes en wense volgens die ware self te bevredig.

Tydens die eksplosiewe laag is die allergiese kind bewus van sy behoeftes, alternatiewe, gevolge van die keuses wat hy maak, en die beloning wat verantwoordelike gedrag inhou. Die kind maak toenemend verantwoordelike keuses en voel gevolglik nie net fisies baie goed nie, maar ongekende emosionele energie (weens die sukses wat ervaar word) word vrygestel. Emosies soos selftrots, gemotiveerdheid, en 'n gebrek aan angs en spanning kan hier voorkom.

Volgens navorser moet daar in werk met die allergiese kind deur hierdie vyf fases beweeg word om gesonde kontak (en dus die doeltreffende hantering van die eise en probleme wat deur sy siekte gestel word) te bereik. Wanneer die kind deur hierdie fases begelei word, kan hy bewustheid, verantwoordelikheid en selfondersteuning bereik; die aspekte wat as doelstellings van gestaltterapie gestel word.

3.3 DIE DOEL VAN GESTALTTERAPIE

Die oorkoepelende doel van gestaltterapie is volgens Perls (in Thompson & Rudolph, 1996:144) om mense te help om na volwassenheid te strewe en beheer van hul lewens te neem en verantwoordelik op te tree. Die maatstaf vir sukses tydens die gestaltbenadering is om te kyk tot watter mate die kliënt gegroei het in sy bewustheid, die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van sy dade en die skuif van omgewingsteun na selfsteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sentrale doel van gestaltterapie behels die verdieping van bewustheid wat die kind help om sy lewe ten volle in die hier-en-nou te ervaar (Perls in Thompson & Rudolph, 1996:144). Indien die kliënt kan leer om sy bewustheidskontinuum te verhoog, kan hy volgens 'n gesonde gestaltbeginsel te werk gaan deur die mees belangrike onvoltooide situasie na vore te laat tree en daaraan aandag te gee, ten einde die gestalt te voltooi. (Vergelyk Carson, *et al.,*1996:653 en Aronstam, 1992:639.)

'n Volgende belangrike aspek is die verhoging van verantwoordelikheid. Die kind moet leer om meer verantwoordelikheid vir homself te aanvaar ten einde in 'n volwasse persoon te ontwikkel. Volgens Corey (1995:297) help gestaltterapie die persoon juis om verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat hy ervaar of doen.

'n Verdere doelstelling wat direk met verantwoordelikheid verband hou, is die verhoging van die kind se outonomiteit of selfstandige optrede. Volgens Perls (in Corey, 1995:302) is die doel van terapie die kliënt se volwasse-wording en die verwydering van die blokkasies wat die persoon verhinder om selfstandig te funksioneer. Die terapeut moet die persoon konfronteer sodat hy dit wat hy doen in die gesig kan staar en besluit of hy sy potensiaal wil ontwikkel. Hierdie konfrontasie bestaan daarin om die persoon te daag om ten volle die struikelblokke in homself te ervaar en om kontak te maak met die frustrasie om vasgevang te voel (Corey, 1995:303).

Na die mening van Corey (1995:294) berus gestaltterapie op die volgende doelstellings:

- Integrasie van polariteite in die self;
- Om kontak met die self en ander te bewerkstellig;
- Om selfstandigheid (teenoor afhanklikheid van ander) te kweek;
- Om bewustheid van eie gevoelens, gedagtes en gedrag in die hede te verhoog;
- Om eie grense met duidelikheid en helderheid te definiëer;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Om insig in aksie te omskep;
- Om die self beter te leer ken deur eksperimentering met gedrag.

Volgens navorser hou die doelstellings van die gestaltbenadering direkte verband met die verbetering van gesonde funksionering van die allergiese kind. Wanneer bogenoemde doelstellings deur terapie bereik word, word die kind in staat gestel tot groter bewustheid van sy behoeftes, die beperkings wat deur die allergiese siekte gestel word, die alternatiewe uit die omgewing wat benut kan word en die hantering van sy verbandhoudende gevoelens. Die allergiese kind wat verantwoordelike keuses maak en selfondersteunend kan optree, sal volgens navorser makliker die eise wat deur die siekte gestel word hanteer en die negatiewe invloede wat kan voorkom, minimaliseer. Hierdie doelstellings kan volgens navorser deur spelterapeutiese intervensie, met die benutting van gestaltbeginsels en -tegnieke, bereik word.

Vervolgens word op spel as terapeutiese medium gefokus.

.

3.4 SPEL AS TERAPEUTIESE MEDIUM

Die kind in die middelkinderjare gebruik spel as natuurlike kommunikasiemedium. Deur te speel leer hy sy wêreld ken, gee hy betekenis aan die dinge om hom en reageer hy op sy omgewing. Verskeie skrywers (Van Dyk, 1994:49; Van der Merwe, 1996a:7; Landreth, 1991:10) is dit eens dat spel (as simboliese taal) kommunikasie fasiliteer en tot katarsis van gevoelens by kinders lei. Kinders kan hulself makliker, meer volledig en effektief op nie-verbale vlak deur spel uitdruk as deur verbale kommunikasie.

Waar die kind in die middelkinderjare by terapie betrek word, moet hierdie aspek van die kind se ontwikkeling volgens navorser te alle tye in ag geneem word. Dit is die terapeut se verantwoordelikheid om na die kind se kommunikasievlak te beweeg deur ‘n medium te gebruik waarmee hy gemaklik voel. Thompson & Rudolph (1996:345) stel dit baie duidelik dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spel in alle terapeutiese intervensie geïnkorporeer kan word wanneer daar met kinders tussen die ouderdomme twee en twaalf jaar gewerk word. Hulle wys daarop dat spel kinders se beperkte vermoë om hul gevoelens en gedagtes te verbaliseer, oorbrug.

Volgens Axline (1989:8,14) kan die kind deur die emosies uit te speel, dit na die oppervlak bring waar hy dit kan ervaar en erken en kan leer om dit op 'n positiewe manier te hanteer. Spelterapie is die kind se kans om groei onder die mees positiewe omstandighede te beleef en met nuwe gedrag te eksperimenteer. Geldard & Geldard (1997:2) sluit hierby aan deur te konstateer dat 'n kombinasie van verbale berading en die gebruik van ander media vir die kind 'n omgewing skep waar terapeutiese verandering moontlik is.

Die belangrikheid van toepaslike media word soos volg deur Geldard & Geldard (1997:40, 41) uitgespel: "... effective joining followed by effective therapy is usually possible if the child is invited to tell her story through the use of play or suitable media". Volgens Oaklander (1994:151) kan baie kreatiewe, ekspressiewe en projektiewe tegnieke gebruik word om kinders te help om hulle emosies uit te druk. Hierdie media kan verf, teken, collage, klei, fantasie, storievertelling, handpoppe, musiek, metafore, liggaamsbeweging en sintuiglike bewustheid insluit wat sterk gevoelens kan ontlok en aan die kind die geleentheid vir uitdrukking bied.

Deur aan die allergiese kind die geleentheid te bied om sy persepsie van sy werklikheid uit te speel, kan hy volgens navorser begelei word tot groter bewustheid en beheer oor sy situasie en die hantering van emosies wat hiermee verband hou. Wanneer die kind in die middelkinderjare terapeuties benader word, bring die gebruik van spelterapie mee dat sy groei na optimale hantering van die allergiese siekte versterk word. Deur spelterapie kan die aanpassing by die allergiese siekte vergemaklik, en probleme wat reeds manifesteer, aangespreek word. Vervolgens word die gebruik van gestaltspelterapie met die allergiese kind bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.5 GESTALTSPELTERAPIE MET DIE ALLERGIESE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Dit is navorser se oortuiging dat die allergiese kind deur spelterapie binne die gestaltbenadering gehelp kan word om die negatiewe impak wat allergiese siektes op sy optimale ontwikkeling en funksionering kan hê, te beperk. Die kind kan deur spelterapie gehelp word om hierdie invloede en emosies te identifiseer, te hanteer en hy kan bemagtig word om die eise en uitdagings wat deur allergiese siektes in sy alledaagse lewe gestel word, te bemeester. Sodoende kan hy volgens navorser optimale funksionering bereik ten spyte van die voorkoms van die siektes.

Die spelterapeutiese program wat vir hierdie studie ontwikkel word, benut die gestaltbegrippe holisme, homeostase, bewustheid, beheer en verantwoordelikheid om sy doelstelling te bereik. Die doel van hierdie studie is om die allergiese kind in sy optimale holistiese ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die reaksies tot die minimum te beperk en beheer daaroor te neem.

Spesifieke aspekte van die allergiese kind se funksionering wat met hierdie gestaltbegrippe verband hou en waarop gelet moet word, is die volgende:

- Die verhoging van die kind se bewustheid van self ("sense of self") en kontak met sy omgewing

Soos reeds bespreek, is optimale bewustheid noodsaaklik vir die gesonde aanpassing by en hantering van die eise en probleme wat deur 'n allergiese siekte gestel word. Deur gestaltterapie kan die kind tot verhoogde bewustheid gelei word - die kind word meer bewus gemaak van sowel die moontlike invloed as gepaardgaande emosies wat hy weens die voorkoms van die allergiese siekte beleef, en sy hantering hiervan. Sodra 'n kind bewus is van die invloed van die siekte en die gevoelens wat hy hierrondom ervaar, kan hy dit bemeester en as uitdaging aanpak. Die kind moet ook tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoogde bewustheid van sy omgewing gelei word. Deur die kind sensories op te skerp, sy selfkennis en siektebegrip te verhoog en sy identiteitsvorming te versterk, word hy in kontak met homself, sy behoeftes en alternatiewe vir gesonde behoeftebevrediging uit sy omgewing gebring.

- Vestiging en versterking van die kind se beheer en verantwoordelikheid (outonome funksionering)

Tydens die spelterapeutiese program word aan die kind geleentheid gebied om beheer in spelterapeutiese situasies te neem deur keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Hierdeur word die kind se egokragte gebou sodat hy die verhoogde verantwoordelikheidseise wat deur die siekte aan hom gestel word, makliker kan hanteer en groter onafhanklikheid kan bereik.

- Hantering van emosionele reaksies op siekte (emosies wat moontlik as gevolg van die invloed van allergiese siektes kan manifesteer)

Tydens die spelterapeutiese program word die kind bewus gemaak van alle emosies wat deur 'n mens ervaar kan word. Die kind word dan tot verhoogde bewustheid van spesifieke emosies wat hy tydens hewige allergiese reaksies ervaar, gelei. Geleentheid vir projeksie en uitdrukking van die emosies word gebied, sodat die kind dit kan verwerk en in die toekoms makliker kan hanteer.

- Hantering van die invloed van 'n allergiese siekte op die kind as holistiese wese

In die proses om die kind tot homeostase te begelei, moet hy as holistiese wese erken word. Dit beteken dat alle aspekte van die kind se ontwikkeling in die middelkinderjare in die spelterapeutiese program in ag geneem moet word. Soos in hoofstuk twee bespreek, moet die kind tydens sy middelkinderjare sekere ontwikkelingstake op persoonlike, sosiale en akademiese gebied bereik om gesonde volwassewording moontlik te maak. Waar die voorkoms van allergiese siektes die bereiking van spesifieke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontwikkelingstake strem, moet die verbandhoudende onvoltooidheid wat die kind deur projeksie na vore bring, terapeuties hanteer word.

Drie spesifieke aspekte van ontwikkeling waaraan daar in die spelterapeutiese program aandag gegee moet word, is die verbetering van die kind se selfbeeld, sosiale interaksie en akademiese motivering.

Wat die versterking van die kind se selfbeeld (spesifiek sy liggaamsbeeld en selfvertroue) betref, is dit volgens navorser noodsaaklik om die kind se siening van sy eie “siek” liggaam te bepaal en sy bewustheid op hierdie vlak te verhoog. Die gevoelens wat die kind hieroor ervaar, moet erken word sodat die kind gehelp kan word om ‘n realistiese selfbeeld te vorm deur nie net op sy beperkings nie, maar ook op sy positiewe, sterk punte en vermoëns te fokus.

‘n Volgende area van ontwikkeling wat geraak word en tydens spelterapie aandag moet kry, is die versterking van die kind se gesonde sosiale interaksie. Die kind word gehelp om struikelblokke wat deur die allergiese siekte geskep word, te identifiseer en na ‘n praktiese, verantwoordelike oplossing te werk.

Laastens moet aandag aan die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind se akademiese funksionering gegee word. Die voorkoms van allergiese reaksies in die skoolsituasie, kan nie net die kind se werkvermoë belemmer nie, maar ook beperkings op sy deelname aan aktiwiteite plaas wat sy totale skoolbelewenis en motivering kan benadeel.

Navorser is daarvan oortuig dat die gebruik van gestaltspelterapeutiese tegnieke die allergiese kind in staat sal stel om binne’n aangename, veilige terapeutiese verhouding sy voorgrondbehoeftes te projekteer en te hanteer ten einde tot verbeterde hantering van sy siekte te groei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.6 DIE BENUTTING VAN GESTALTBEGINSELS IN 'N ONDERSTEUNENDE OUERLEIDINGPROGRAM

Wanneer die belangrike rol van die gesin tydens die middelkinderjare in ag geneem word, bestaan daar geen twyfel dat die ouers 'n deurslaggewende rol in die kind se hantering van sy allergiese siekte speel nie. Dale (1996:25) ondersteun hierdie gedagte wanneer hy die volgende meld: "Children are individuals with their own needs, wishes and feelings and the family has a unique and special knowledge of their child." Sowel Middence (in Barlow, *et al.,* 1998:447) as Thurman & Widerstrom (1990:259) en Dale (1996:24) wys daarop dat die betrokkenheid van gesinslede (spesifiek die ouers) enige professionele intervensie kan ondersteun. Juis om hierdie rede word die ouers van die chroniese allergiese kinders by ouerleiding betrek om hulle te bemagtig ter ondersteuning van die doelstellings van die spelterapeutiese program.

Die ouerleidingprogram speel dus 'n ondersteunende rol tot die spelterapeutiese program wat met die kind deurloop word. Die doel van die ouerleidingprogram is om die ouers met kennis en vaardighede toe te rus wat hulle in staat stel om die aanpassings by allergiese siektes vir hul kind te vergemaklik en die kind se hantering daarvan te ondersteun.

Binne die ouerleidingprogram word meer inligting aangaande die moontlike invloed van allergiese siektes op 'n kind in die middelkinderjare gegee. Die spesifieke ontwikkelingstake wat op persoonlike, sosiale en akademiese gebied deur die voorkoms van die reaksies geraak word, word bespreek en hierdeur word ouers gehelp om die moontlike invloede beter te verstaan en ook vroegtydig by hul eie kinders te identifiseer.

Spesifieke gestaltbegrippe en -tegnieke wat in die spelterapeutiese program met die kind gebruik word (die verhoging van bewustheid, beheer, die hantering van die kind as holistiese wese en die ondersteuning van die kind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in verantwoordelike behoeftebevrediging), word aan ouers verduidelik, en praktiese wenke wat met hierdie begrippe verband hou, word aan ouers gebied om die kind se gesonde hantering van die allergiese siektes tuis te versterk.

'n Verdere aspek wat by die ouerleidingprogram aansluit, is die stigting van 'n oueronderseuningsgroep. Verskeie skrywers (Dale, 1996:98; Rice, 1995:243 en Barlow, *et al.,* 1988:445,447) is dit eens dat die ouers van 'n chroniese siek kind ondersteuning in die opvoeding van hul kind benodig. Die sosiale ondersteuning wat in 'n ouergroep voorkom, kan die negatiewe impak van die allergiese siekte op die ouers se funksionering verminder. Hierdeur word die positiewe funksionering van die ouers verhoog. Binne hierdie groep kan ouers ook hanteringstrategieë en spesifiek in die geval van voedselallergie, resepte uitruil. Laastens kan die ouers ook besef dat daar algemene ervarings, probleme en bekommernisse gedeel word.

3.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is 'n teoretiese raamwerk vir die gebruik van gestaltterapeutiese beginsels in sowel die spelterapeutiese- as ouerleidingprogramme weergegee. Eerstens is daar op gestaltterapie as terapeutiese benadering gefokus. Ten einde optimale spelterapeutiese intervensie binne gestaltterapie te kan bied, moet die terapeut volgens navorser oor deeglike kennis van die beginsels van die terapeutiese benadering beskik.

Die spesifieke beginsels van gestaltterapie, wat te alle tye in werk met die allergiese kind in ag geneem moet word, is vervolgens bespreek. As eerste beginsel is holisme (waar die kind as geheel benader moet word) bespreek waarna homeostase en die figuur-agtergrondbeginsel (waardeur die kind sy dominante behoefte moet bevredig om balans te bereik) as tweede beginsel bespreek is. Die derde beginsel behels bewustheid in die hier-en-nou waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kind op sy dominante behoefte (voorgrondbehoefte) moet kan fokus, en vierdens is die benutting van polariteite of teenoorgesteldes bespreek.

Die vyfde beginself van gestaltterapie wat bespreek is, is die “Ek/Jy” verhouding waar die terapeut doeltreffende kontak met die kind moet maak ten einde optimale terapeutiese intervensie te bereik. Sesdens is die kontakgrens (die grens wat die kind van sy omgewing skei) en kontakgrensversteurings wat kan voorkom, bespreek.

Die laaste beginsel van gestaltterapie wat aandag in hierdie hoofstuk kry, is Perls se vyf lae van doeltreffende kontak. Dit word as vlakke van neurose waardeur ‘n persoon moet groei om doeltreffende kontak te bereik, beskou.

Die doel van gestaltterapie, naamlik om mense te help om na volwassenheid te groei, beheer van hul lewens te neem en verantwoordelik op te tree, is vervolgens bespreek. Hier is spesifiek op die verdieping van bewustheid, die verhoging van verantwoordelikheid, en die verhoging van die kind se selfstandige optrede gefokus.

Daarna is spel as terapeutiese medium bespreek. Aangesien spel die kind se natuurlike kommunikasiemedium is, kan hy volgens navorser begelei word tot die bereiking van die doelstellings van die gestaltbenadering. Die volgende aspek wat bespreek is, is spelterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare waar spesifiek aandag aan die benutting van gestaltbegrippe in spelterapeutiese intervensie, gegee word.

Laastens is ouerleiding as ondersteunende komponent tot die spelterapeutiese program bespreek. Die doel van die ouerleidingpogram is weergegee, waarna die benutting van gestaltbeginsels in ‘n ondersteunende ouerleidingprogram bespreek is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die kind deur spelterapie binne die gestaltbenadering begelei kan word om bewustheid van die invloed van sy allergiese siekte op sy alledaagse funksionering te bereik en beheer daaroor te neem. Dit is verder duidelik dat ouerleiding vanuit die gestaltbenadering benut kan word om die ouers van die allergiese kinders tot ondersteuning van die spelterapeutiese intervensie (en sy totale groeiproses) te bemagtig.

In hoofstuk vier word die volledige spelterapeutiese proses bestaande uit verskillende stappe wat tydens terapie met die allergiese kind benut word, bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4

DIE PROSES VAN GESTALTSPELTERAPEUTIESE INTERVENSIE

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied ‘n oorsigtelike beeld van die verskillende aspekte wat as opeenvolgende stappe ‘n raamwerk vir die spelterapeutiese program vorm. Ten einde optimale intervensie te bereik, is dit noodsaaklik om binne ‘n gevestigde terapeutiese verhouding aan aspekte soos bewustheid, die projeksie van voorgrondbehoeftes, emosionele uitdrukking, hantering van die realiteit van die probleem, selfondersteuning en terminering aandag te gee.

Die kind se unieke proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) moet deurlopend tydens die hantering van hierdie aspekte in ag geneem en benut word, sodat die kind sy voorgrondbehoefte binne hierdie proses kan vervul. Vervolgens word aandag aan die kind se proses gegee, waarna die fokus op die verskillende spelterapeutiese stappe wat in die spelterapie program benut word, val.

4.2 DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

Verskillende stappe word opeenvolgend tydens spelterapeutiese intervensie benut. Hierdie stappe vloei egter ineen en kan nie duidelik in die praktyk geskei word nie. Binne die intervensieproses word daar volgens navorser op assessering (waar die kind tot projeksie van sy voorgrondbehoefte gelei word) en terapie (waar dit aangespreek word) gefokus. Assessering en terapie loop hand aan hand in ‘n herhalende proses wat benut word om die kind tot vervulling van sy voorgrondbehoefte te begelei.

Die spesifieke gestaltterapeutiese aspekte wat as geïntegreerde proses tydens die spelterapeutiese intervensie benut word, sluit eerstens die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vestiging en versterking van 'n terapeutiese verhouding waar die spelterapeut en kind in 'n "ek-jy"-maatjieverhouding kontak maak, in. Binne hierdie verhouding val die fokus op die verhoging van die kind se bewustheid van homself in sy omgewing (spesifiek sy behoeftes en die invloed van 'n allergiese siekte op sy behoeftebevrediging). Vervolgens word geleentheid vir projeksie gebied waar die kind sy voorgrondbehoefte kan projekteer. Nadat die spelterapeut die kind se bewustheidsvlak en voorgrondbehoefte assesseer het, kan hierdie voorgrondbehoefte terapeuties aangespreek word. Navorser wil dit duidelik stel dat die terapeut die kind se gedrag deurlopend moet assesseer. Soos Oaklander (1988:188) dit stel: "The actual evaluation process needs to be an ongoing one since nothing ever stays the same."

Binne die terapeutiese deel van die intervensieproses word daar deurlopend geleentheid vir emosionele uitdrukking gebied, waarna begeleiding om die realiteit van die probleem te hanteer (deur 'n oplossing vir die probleem deur keuses en die neem van verantwoordelikheid te vind) deur die spelterapeut gefasiliteer word.

Die laaste terapeutiese aspekte sluit geleentheid vir selfkoestering en bemagtiging tot selfsteun in, waar die kind gehelp word om sy eie vermoëns uit te brei en ook steun uit sy gemeenskap te identifiseer. Die proses word deur terminering afgesluit waar samevatting van die sessie plaasvind en beplanning vir die volgende sessies gedoen word.

4.3 DIE HANTERING VAN DIE KIND SE PROSES TYDENS DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

In hierdie studie word daar op die kind se hantering van sy allergiese siekte gefokus. Binne 'n gestaltspelterapeutiese proses wil navorser poog om die kind te help om die negatiewe invloed van die siekte wat voorkom te hanteer en te minimaliseer. Die kind se proses - wat hy doen en hoe hy dit doen - is van kardinale belang. Die terapeut moet deeglike kennis dra van die kind se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proses en hoe dit in begeleiding tot optimale groei by die kind benut kan word.

Die kind se proses word as die wyse waarop hy homself in situasies hanteer, en sy behoeftes bevredig, gedefiniëer. Hierdie proses moet volgens navorser as holisties beskou word wat die kind se fisieke (sintuiglike en liggaamlike) kognitiewe (intellektuele); emosionele; konatiewe (die wil van die kind) en geestelike funksionering insluit. Oaklander (1993:289) stel dit baie duidelik dat die kind van sy totale proses bewus gemaak moet word ten einde in 'n selfondersteunende en gesond-funksionerende persoon te ontwikkel. Ervaring van die proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) en aanvaarding van hierdie proses op die oomblik wat dit voorkom, lei volgens Oaklander (1993:285) tot persoonlike keuse en verandering.

Die kind se proses bepaal volgens navorser tot 'n groot mate hoe terapie gaan verloop en die terapeut moet elke aspek daarvan deeglik ondersoek en te alle tye in ag neem. Dit wat die kind doen en die manier hóe hy dit doen, (sy proses) het 'n direkte invloed op die tempo en wyse waarop tegnieke benut word. Die spelterapeut moet die terapie dus volgens die kind se proses rig en om daartoe in staat te wees, moet sy sensitief op die kind se unieke individuele proses ingestel wees.

Die kind se proses word deur sy kontakfunksies, selfonderhouding, die uitdrukking van emosies, selfvertroeteling en die hantering van die realiteit uitgedruk. Ten einde suksesvol in die benadering van die kind as holistiese wese te wees, moet die terapeut tydens die spelterapeutiese proses waar al hierdie verskillende aspekte hanteer word, sowel die kind se proses deurentyd in ag neem as die kind se eie bewustheid hiervan verhoog.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4 DIE DAARSTELLING EN VERSTERKING VAN DIE "EK-JY"-VERHOUDING (TERAPEUTIESE VERHOUDING)

Navorser beskou die daarstelling van 'n sterk terapeutiese verhouding as 'n noodsaaklike eerste stap in enige terapeutiese proses. Soos reeds bespreek, dien hierdie verhouding as voorvereiste vir verdere intervensie en hou dit belangrike implikasies vir werk met kinders in.

Die belangrikheid van 'n veilige verhouding tussen terapeut en kind word deur Axline (1989:9) bevestig wanneer sy meld dat die kind in sy strewe na volwassenheid, onafhanklikheid en selfgedrewenheid goeie "growing ground" benodig om dit te kan bereik. Die terapeutiese verhouding dien volgens navorser as die ideale "growing ground" vir emosionele groei.

Die belangrikheid van die terapeutiese verhouding word ook soos volg deur Geldard & Geldard (1997:2) uitgelig: "The achievement of goals is not only dependent on the media used and on the style of working, but is critically dependent on the child-counsellor relationship."

Vervolgens word aspekte wat tydens die bou van 'n terapeutiese verhouding volgens navorser 'n kardinale rol speel, bespreek.

4.4.1 Die kontakmakingsproses

Die begin van 'n terapeutiese verhouding word deur Geldard & Geldard (1997:39) as "joining with the child" beskryf. Wanneer die kind vir die eerste keer na die spelterapeut kom, word daar onmiddellik, in die wagkamer, kontak met die kind gemaak. Die ouers word saam met die kind gesien en die terapeut praat eerstens met die ouers en laat die kind daardeur veilig voel. Die ouers word gevra om in die kind se teenwoordigheid die redes vir verwysing na die terapeut te klarifiseer. Hierdeur beskik die kind en terapeut oor dieselfde inligting rondom sy koms - iets wat die moontlikheid vir latere misverstande verminder. Geldard & Geldard (1997:39) meld verder dat dit in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die "joining" of kontakmakingsproses belangrik is om keuses aan die kind te bied rondom die begin en verloop van die eerste sessie. Die terapeut kan die kind vervolgens nooi om die vreemde omgewing te ondersoek en gemaklik met die speelkamer-opset te raak. (Vergelyk Oaklander, 1988:185.)

Dit is belangrik dat die terapeut deurgaans op die kind se kontakmakings-gedrag let omdat dit volgens Geldard & Geldard (1997:39) baie bruikbaar vir assesseringsdoeleindes is. Hulle meld verder dat dit noodsaaklik is om gedurende die kontakmakingsproses die kind te help om die aard van die terapeutiese verhouding te verstaan. Hierdeur word die kind gehelp om te weet wat hy kan verwag en wat van hom verwag word - anders sal die kind nie veilig en gemaklik in die verhouding voel nie.

Die volgende aspek van die kontakmakingsproses wat deur Geldard & Geldard (1997:40) uitgelig word, is die stel van grense aan die begin van die terapeutiese verhouding sodat die kind duidelikheid kry oor dit wat binne die sessies toelaatbaar is. Hulle meld spesifiek die volgende: "The child needs to know that it is permissible for him to express himself in whatever way feels comfortable within the constraints of the rules, and that it is permissible to disclose and to talk about issues which are private and confidential." (Geldard & Geldard, 1997:40). Die daarstelling van grense of beperkings word volleding in 4.4.4 hanteer.

Die noodsaaklikheid van doeltreffende kontakmaking word deur Geldard & Geldard (1997:47) uitgelig wanneer hulle die volgende konstateer: "If joining is successfull, the child will experience a level of comfort with the counsellor, and this will enable the therapeutic process to proceed."

Die kontakmakingsproses is dus primêr op die begin van 'n terapeutiese verhouding gerig, sodat die kind veilig en gemaklik genoeg sal voel om die terapeutiese proses doelgerig te benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.2 Die vestiging van 'n warm, vriendelike verhouding waarin die terapeut in kontak met die kind bly

Die navorser moet die kind by terapeutiese aktiwiteite betrek wat kontak bewerkstellig en op die kind se proses fokus. Die terapeut moet in kontak met die kind se proses beweeg en sodoende samevloeiïng bereik wat op die kind se huidige belewing van homself, sy situasie en sy omgewing fokus. Geldard & Geldard (1997:4) meld spesifiek dat dit noodsaaklik is dat die terapeut by die kind se proses bly sodat die kind se werklike behoeftes na vore kan kom en bevredigend terapeuties hanteer kan word.

Die terapeutiese verhouding gaan volgens Geldard & Geldard (1997:6) primêr oor terapeutiese kontak en die terapeut se vermoë om by die kind se persepsies te bly. Die verhouding moet as 'n verbindingskakel tussen die terapeut en die leefwêreld van die kind dien wat die spelterapeut in staat stel om vanuit die kind se verwysingsraamwerk te werk. Geldard & Geldard (1997:7) konstateer dat dit belangrik is om die kind se leefwêreld te probeer verstaan.

Onvoorwaardelike aanvaarding is volgens navorser die belangrikste komponent van doeltreffende kontak met die kind. Verskeie skrywers is dit eens dat die kind homself moet kan wees en onvoorwaardelike aanvaarding moet beleef sodat hy sy eie idees kan uitspeel. Hierdie aanvaarding word deur die hele verhouding oorgedra - deur die terapeut se kalm, vriendelike, standvastige houding waar geen ongeduld of kritiek voorkom nie en waar die terapeut entoesiasties en opreg belangstel in wat hy doen (Geldard & Geldard, 1997:6; Axline, 1989:9, 82-86 en Landreth, 1991:154).

Dit is navorser se oortuiging dat die vestiging van 'n warm, vriendelike verhouding daartoe sal bydra dat die kind spelterapie as 'n genotvolle ervaring sal beleef waar hy in die terapeut 'n maat vind wat hom onvoorwaardelik aanvaar, ingestel is op sy behoeftes en wat hy ten volle kan vertrou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.3 Die daarstelling van 'n atmosfeer van veiligheid en sekuriteit

Om 'n veilige, vertroulike verhouding met die kind op te bou, vorm volgens navorser die grondslag van effektiewe hulpverlening aan die kind. Dit is vir navorser belangrik dat 'n veilige atmosfeer geskep word waar die kind die spelterapeut tot so 'n mate kan vertrou dat hy bereid sal wees om sy diepste gevoelens te deel. Sonder vertroue in sy terapeut, sal die kind nie emosioneel kan groei en ontwikkel nie.

Bogenoemde word bevestig wanneer daar gemeld word dat die terapeutiese verhouding 'n veilige tuiste vir emosionele uitdrukking moet wees. Sowel Axline (1989:87-92) as Geldard & Geldard (1997:8) wys daarop dat die kind binne 'n veilige omgewing vry moet wees om sowel sy positiewe as sy negatiewe gevoelens volledig uit te druk. (Vergelyk Pearson & Nolan, 1995:10.) Hier is dit volgens navorser belangrik om op die teenstrydige gevoelens te fokus, en die kind te help om die polariteite daarvan te integreer.

'n Verdere aspek van 'n veilige verhouding, is die bou van vertroue en spesifiek die hantering van vertroulikheid. Volgens Geldard & Geldard (1997:7) is eksklusiwiteit een aspek van die verhouding wat vertroue bou. Die kind moet dit as 'n unieke verhouding ervaar sonder inmenging van ander persone - so word vertroue ontwikkel. Die hantering van vertroulikheid in die bou van vertroue word deur Geldard & Geldard (1997:10) en Pearson & Nolan (1995:89) bespreek. Dit is belangrik dat die kind weet dat die inligting wat hy deel as vertroulik hanteer sal word.

Die skrywers Pearson & Nolan (1995:9) konstateer dat dit belangrik is om tyd aan die bou van 'n vertrouensverhouding af te staan voordat daar met konfronterende werk begin word. Die kind moet ondersteun word om selfvertroue op te bou en homself as waardevol te beleef voordat hy gevra word om met die verlede of hede te werk waar hy moontlik minderwaardig gevoel het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.4 Die daarstelling van grense of beperkings

'n Volgende aspek wat direk by die vestiging van 'n veilige verhouding aansluit, is die stel van grense of beperkings. Volgens Landreth (1991:154) kan 'n kind nie veilig voel in 'n verhouding wat geen beperkings of grense bevat nie. Geldard & Geldard (1997:9) meld dat struktuur tot die kind se gevoel van sekuriteit en voorspelbaarheid gedurende terapeutiese sessies bydra.

Die skrywer West (1992:137) meld dat die spelterapeut poog om 'n warm, aanvaardende, nie-veroordelende atmosfeer te skep waar min of meer alle gedrag van die kind aanvaarbaar is - maar nie alle gedrag nie. Die voordele aan die stel van grense word soos volg deur Axline (1989:129) uitgelig: "It seems that limitations used with intelligence and consistency serve to anchor the therapy session to the world of reality and to safeguard the therapy from possible misconceptions, confusion, guilt feelings, and insecurity." Bogenoemde ondersteun navorser se mening dat die stel van grense aan die begin van 'n terapeutiese proses sowel die kind as die terapeut in staat stel om hulself binne die gegewe omstandighede te handhaaf.

Beide Van der Merwe (1996a:16-17); West (1992:137) en Axline (1989:123, 125) is dit eens dat verskillende grense soos tydgrense, grense ten opsigte van die speelgoed, gedrag, aggressie, ander persone teenwoordig, veiligheid en morele grense nodig is. Die belangrikste grense is volgens navorser die beperking van aggressiewe of vernielsugtige gedrag en 'n tydsbeperking.

4.4.4.1 Grense ten opsigte van die gebruik van materiaal en speelgoed

Grense moet gestel word ten opsigte van die breek van speelgoed. Die kind mag speelgoed nie opsetlik beskadig nie, maar wanneer dit per ongeluk gebeur, word dit as sodanig erken en word die kind nie daarvoor blameer of gestraf nie. Gewoonlik word die kind nie toegelaat om speelgoed huis toe te neem nie. Navorser vind dat baie kinders graag 'n spesifieke speelitem vir 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

week wil leen, maar verduidelik aan hulle dat daar nie genoeg speelgoed sal oorbly vir die ander kinders wat kom speel as elkeen iets huis toe neem nie.

4.4.4.2 Grense ten opsigte van aggressiewe gedrag

Kinders mag hulself nie doelbewus beseer, die spelterapeut fisies aanval of 'n gevaarlike situasie skep nie. Enige fisiese aanval op die terapeut moet onmiddellik gestaak word en die terapeut en kind se klere mag ook nie doelbewus beskadig word nie.

4.4.4.3 Grense ten opsigte van tyd

Die aandagspan van kinders is beperk en daarom is dit wenslik dat sessies nie langer as 45 minute duur nie. Die kind moet 'n paar minute voor die einde van die sessie gewaarsku word dat die sessie byna verby is.

Die stel van grense word ook deur Pearson & Nolan (1995:89) bespreek wanneer hulle meld dat die kind nie toegelaat word om homself, ander of eiendom skade aan te doen nie. (Vergelyk Van der Merwe, 1996a:17; Landreth, 1991:215 en Axline, 1989:126.) Geldard & Geldard (1997:9) konstateer verder dat dit nodig is om dit vir die kind duidelik te maak dat daar gevolge vir die verbreking van grense is.

4.4.4.4 Die implementering van grense

Die volgende drie-punt plan vir die implementering van grense word deur Geurney (in Van der Merwe, 1996a:18) beskryf:

- stel die reëls
- herinner die kind aan die reël en sê wat die gevolge sal wees indien die reël verbreek word
- herinner die kind aan die reël en die gevolge daarvan en pas die straf toe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stappe in die stel van grense word soos volg deur Landreth (1991:222-226) uitgelig:

Stap 1: Erken die kind se gevoelens, wense en behoeftes - reflekteer die kind se gevoelens wanneer hy dit noem.

Stap 2: Kommunikeer oor die grens - die grens moet spesifiek en duidelik wees.

Stap 3: Teiken aanvaarbare alternatiewe - die eerste drie stappe moet drie of vier keer aan die kind genoem word voordat die terapeut die vierde stap implementeer.

Stap 4: Formuleer die finale keuse - hierdie stap word geïmplementeer as die kind nie op die eerste drie stappe reageer het nie, en aanhoudend die grens verbreek. 'n Finale keuse word nou aan die kind gestel - byvoorbeeld "As jy kies om weer te skiet, kies jy dat ek die geweer moet vat of om die speelkamer te verlaat". Die kind moet egter verstaan dat hy 'n keuse het, naamlik om nie weer te skiet nie. Die kind wat aanhoudend grense verbreek, het gewoonlik 'n behoefte aan aanvaarding en om verstaan te word.

Dit is navorser se mening dat die kind deurdat hy bewus is van die gevolge wat intree wanneer hy 'n grens oortree, verantwoordelikheid kan aanvaar en sodoende in beheer van sy eie lewe staan.

Volgens navorser moet die speelkamer 'n omgewing wees waar die kind binne aanvaarbare grense vry moet voel om te doen en te sê wat hy wil. Grense of beperkings bied struktuur waarbinne die kind vry is om te waag en keuses uit te oefen, en word daargestel vir die persoonlike veiligheid van sowel die terapeut as die kinderkliënt. Verder word die speelkamer en die speelgoed ook in stand gehou deur die reëls en die sessie kan op 'n aanvaarbare wyse afgehandel word, tot almal se voordeel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.5 Verdere eienskappe van die terapeutiese verhouding

4.4.5.1 Die verhouding moet outentiek wees

Die outentieke verhouding bied volgens Geldard & Geldard (1997:9) aan die kind die geleentheid om alle voorgee-gedrag te laat vaar en om die eie innerlike self te ontbloot. Dit lei tot 'n diep vlak van vertroue en begrip. Om outentiek te wees, moet dit 'n opregte en eerlike verhouding wees. Dit kan nie oppervlakkig wees of 'n verhouding waar die terapeut voorgee om iemand te wees wat sy nie is nie. Dit is vir navorser baie belangrik dat die terapeut in kontak met haarself moet wees en op 'n eerlike wyse ook haarself in die terapeutiese verhouding beskikbaar sal stel.

4.4.5.2 Die verhouding moet nie-bedreigend wees

Wanneer daar met kinders gewerk word, moet die terapeut met die kind kontak maak op 'n manier wat vir die kind gemaklik is. Daar is 'n gevaar in die vra van te veel vrae, omdat die kind kan vrees dat inligting van hom verlang word wat hy nog nie kans sien om te openbaar of te deel nie. Indien dit gebeur, kan die kind voel dat daar inbreuk op sy privaatheid gemaak is en kan hy in stilte terugtrek en afleidende gedrag openbaar (Geldard & Geldard, 1997:11). Volgens navorser sal 'n situasie wat die kind as bedreigend beleef daartoe lei dat die kind kontak verbreek en kontakgrensversteurings voorkom.

4.4.5.3 Die verhouding moet doelgerig wees

Kinders betree die terapeutiese proses meer gewillig en vol selfvertroue indien hulle presies weet waarom hulle na die terapeut kom. Hulle het tyd nodig om hulself voor te berei vir terapie, en sal dit gewoonlik doen indien hulle vooraf weet dat hulle kom en waarom. Indien die kind die rede vir terapie duidelik verstaan, het die verhouding die potensiaal om doelmatig te wees. (Vergelyk 4.3.1.) Geldard & Geldard (1997:12) meld spesifiek die volgende in die verband: "It will be the counsellor's task to ensure that play or any other activity used is facilitated in a purposeful way, rather than being

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aimless. The skilled counsellor is one who takes advantage of opportunities which occur through play to intervene in a purposeful way."

Deur aan die kind te verduidelik dat hy en die terapeut saam gaan speel om te kyk hoe die allergiese siekte hom pla en wat hulle kan doen om dit vir hom makliker te maak om daarmee saam te lewe, word die kind in staat gestel om die doel van die terapie te verstaan en homself daarvolgens voor te berei. Die terapeut moet in ag neem dat die kind moontlik kan verwag dat die terapeut die allergiese siekte gaan wegneem. Die kind moet verstaan dat hy tydens spelterapie wel gehelp gaan word om te leer hoe hy die allergiese siekte kan beheer, maar dat die terapeut nie die siekte kan laat verdwyn nie.

4.4.6 Spesifieke persoonlikheidseienskappe van die spelterapeut

Volgens navorser is die spelterapeut se persoonlikheid een van die belangrikste instrumente vir die daarstelling van 'n goeie terapeutiese verhouding en die bereiking van terapeutiese doelwitte. Ten einde tot optimale hulpverlening in staat te wees, moet die spelterapeut volgens navorser oor die volgende eienskappe beskik:

Die terapeut moet 'n diep respek handhaaf vir die kind se vermoë om sy eie probleme op te los indien hy die geleentheid kry. Die verantwoordelikheid om keuses te maak en verandering te bring, is die kind s'n (Axline, 1989:101). Verandering in gedrag moet uit die kind self kom. Wanneer die terapeut die verantwoordelikheid vir verandering en keuse aan die kind gee, plaas sy die kind in die middel van die proses. Die terapeut help die kind om vir homself verantwoordelik te wees. Hierdie wete word oorgedra deur die terapeut se houding; die kind kry geleentheid om keuses te maak, en die terapeut respekteer hierdie keuses.

Volgens Geldard & Geldard (1997:5) is belangrike elemente van die terapeutiese verhouding kongruensie, empatie, en onvoorwaardelike aanvaarding. Hierdie elemente moet in die spelterapeut se gedrag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weerspieël word. (Vergelyk Axline, 1989:58-61.) Geldard & Geldard (1997:14) meld verder dat die terapeut emosioneel onbetrokke en in kontak met haar eie kindwees ("own inner child") moet wees. (Vergelyk Van der Merwe, 1996a:9.)

'n Verdere aspek wat navorser wil uitlig, is die noodsaaklikheid dat die terapeut geduldig moet wees en aan die kind genoeg tyd en geleentheid moet gee om sy ekwilibrium (homeostase) te bereik. Sowel Pearson & Nolan (1995:10) as Axline (1989:119-121) dui op die noodsaaklikheid daarvan dat die terapeut nie 'n kind moet aanjaag en hom moontlik so langs die pad verloor nie. Die terapie word as 'n geleidelike proses erken en aanvaar en 'n kind kan nie forseer word om emosies uit te druk nie - as die terapeut hom aanjaag, sal hy terugtrek. (Vergelyk Landreth, 1991:154 en Schoeman, 1996a:30-38.)

Laastens moet die terapeut aktief luister, sodat die kind weet dat hy gehoor word en dat aandag aan sy behoeftes gegee word. Pearson & Nolan (1995:10) stel dit soos volg: "Practice active listening, rather than always trying to solve problems for children. You can accept their feelings, acknowledge them, rather than trying immediately to do something about them."

Dit is navorser se oortuiging dat die vestiging en versterking van 'n gesonde terapeutiese verhouding altyd as eerste stap in die terapeutiese proses gesien moet word. Dit is belangrik dat die kind geleentheid kry om die terapeut te leer ken, vertrou en 'n unieke "maatjie-verhouding" te ervaar waar hy homself kan blootstel aan iemand wat hom onvoorwaardelik aanvaar. Deur die kind by 'n genotvolle, nie-bedreigende aktiwiteit te betrek, kry hy kans om gemaklik by die terapeut te voel en lekker by haar te speel. Indien die terapeut se optrede vir die kind wys dat hy haar kan vertrou en sy hom betrek by die aktiwiteite, kan daar aan 'n verhouding gebou word wat die hele terapeutiese proses ondersteun en versterk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.5 DIE VERHOGING VAN BEWUSTHEID

Die verhoging van bewustheid, waar die kind gehelp word om dieper kontak met homself, sy behoeftes, probleme en omgewing te maak, word deur navorser as 'n belangrike tweede stap in die spelterapeutiese proses beskou.

4.5.1 Die noodsaaklikheid van optimale bewustheid

Soos reeds bespreek in hoofstuk drie, is gesonde bewustheid noodsaaklik vir optimale funksionering. Om aan sy mees dominante behoefte aandag te gee, is dit volgens Thompson & Rudolph (1992:111) en Congress (1995:118) noodsaaklik dat die kind ten volle van sy behoefte en die omgewing waaruit hierdie behoefte bevredig kan word, bewus moet wees. Wanneer die kind van die behoefte en beskikbare hulpbronne vir die vervulling daarvan bewus is, kan hy keuses uitoefen en dus in beheer van die situasie staan. Aronstam (1992:640) voeg hierby dat die kind met volle bewustheid insig in sy situasie en sy eie vermoëns ontwikkel.

Volgens Oaklander (1988:57) is die gesonde, ononderbroke ontwikkeling van 'n kind se sintuie, liggaam, gevoelens en intellek die basis vir die kind se selfgevoel. 'n Sterk selfgevoel lei tot goeie kontak met sy omgewing. Kinders met probleme is nie in staat om een of meer van die kontakfunksies te gebruik in hul verhouding met volwassenes, ander kinders en hul omgewing in die algemeen nie.

Wanneer die kind nie kontak handhaaf nie (bewustheid van sowel die self as die omgewing vermy) word volle gebruik van die sintuie beperk, die liggaam ingeperk, emosies onderdruk en die denke nie ten volle benut nie (Oaklander, 1994:148).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.5.2 Aspekte van bewustheid - bewustheid van die self

Die eerste aspek van bewustheid wat volgens navorser aandag moet kry, is die bewustheid van die self. Die kind moet homself ken, verstaan, weet wat hy graag wil hê en oor watter moontlikhede hy in homself beskik om dit te bereik. Oaklander (1993:285) meld dat bewustheid van die self die volgende insluit: wie die kind is, wat hy wil doen en hoe hy dit gaan doen. Die skrywers Pearson & Nolan (1995:2) onderstreep die voordeel van bewustheid van self wanneer hulle die volgende meld: "New energy is released through self-discovery." Bewustheid is dus 'n wyse waarop die kind met nuwe energie sy mees dominante behoeftes kan identifiseer en bevredig, aangesien hy in kontak met homself (sy moontlikhede) en sy behoeftes is.

4.5.2.1 Bewustheid van die self - versterking van die kind se identiteitsvorming

'n Aspek van die kind se bewustheid van die self is volgens navorser die versterking van sy identiteitsvorming. Die kind in die middelkinderjare is besig om homself te leer ken en sy identiteit as unieke individu te vestig. Soos reeds genoem, moet die kind in kontak met homself kom en sy eie situasie verstaan voor hy dit kan aanvaar. Elke kind se belewing van sy situasie sal uniek wees. Selfs binne een gesin sal twee sibbe nie dieselfde op emosioneel-sosiale vlak op 'n allergiese siekte reageer nie. Die kind se ontdekking van sy uniekheid kan spelterapeuties versterk word deur hom aan verskillende ervarings bloot te stel waar hy sy voor- en afkeure bepaal.

4.5.2.2 Bewustheid van die self - bewustheid van emosies

Beide Schoeman (1996b:52) en Oaklander (1988:112) meld dat die kind dikwels nie weet wat gevoelens is nie en dat dit belangrik is dat hy bewus moet wees van die gevoelens wat hy in 'n situasie kan ervaar. Dit is noodsaaklik vir die kind om bekend te raak met verskillende tipes gevoelens sodat hy sy eie gevoelens kan identifiseer en in kontak daarmee kan kom. Die kind het nodig om te weet watter tipes gevoelens daar is; dat alle mense gevoelens ervaar en dat gevoelens uitgedruk, gedeel en bespreek kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy moet ook weet dat hy ‘n keuse kan maak oor hoe hy op sy gevoelens gaan reageer.

Volgens navorser moet die kind in ‘n terapeutiese sessie tot bewustheid van die verskillende gevoelens wat binne ‘n situasie ervaar kan word, gelei word. Navorser maak tydens die tweede sessie van die spelterapeutiese riglyn gebruik van ‘n gesigkaart met twaalf verskillende gesigsuitdrukkings. (Vergelyk Schoeman, 1996b:52.) Daarmee saam word ‘n prentkaart wat verskillende situasies uitbeeld waarin die betrokke emosies ervaar kan word, aan die kind gewys. Hierdeur kan die kind op konkrete wyse sien watter emosies ervaar kan word, en bewustheid van nie-verbale kommunikasie deur gesigsuitdrukkings word tegelykertyd verhoog. Die spelterapeut kan ook bepaal wat die kind se kennis en bewustheid van emosies en die verhouding tussen situasies en verbandhoudende gevoelens is.

Tydens die terapeutiese hantering van ‘n kind se projeksie, fokus navorser op die kind se bewustheid van sy eie gevoelens. Dit is noodsaaklik dat die kind die spelterapeut tot so ‘n mate vertrou dat hy in staat sal wees om na ‘n verhoogde vlak van emosionele bewustheid te beweeg. Indien die vertrouensverhouding gebrekkig is, sal die kind volgens navorser moeilik tot emosionele bewustheid kan kom, omdat hy (dalk onbewus) bang kan wees dat die gevoelens waarvan hy bewus word nie vir die terapeut aanvaarbaar sal wees nie.

Die allergiese kind kan spesifiek bang wees om die polêre gevoelens teenoor sy ouers uit te spreek. Aan die een kant is hy byvoorbeeld baie lief vir sy ma, maar hy voel tog kwaad omdat sy hom soms moet verbied om sekere kos te eet. Om hierdie rede is dit van die begin af baie belangrik dat die terapeut dit duidelik aan die kind sal stel dat alle emosies aanvaarbaar is en dat emosies wat die kind wel binne die spelterapeutiese situasie uitspeel, onvoorwaardelik aanvaar en erken sal word. Deur hierdie gedrag skep die spelterapeut vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kind 'n veilige atmosfeer waar hy self kontak met sy emosies kan maak en dit kan blootlê.

4.5.2.3 Bewustheid van die invloed van 'n allergiese siekte op sy funksionering

Dit is vir navorser belangrik om die kind te begelei tot bewuswording van hoe die allergiese siekte (die saamleef daarmee en spesifieke reaksies in die verlede en hede) sy funksionering op die huidige oomblik beïnvloed. Die kind moet begryp wat die mediese term "allergie" beteken, waarvoor hy allergies is en hoe dit sy lewe beïnvloed. Slegs wanneer bewustheid van die huidige invloed bereik is, kan dit tydens spelterapeutiese intervensie aangespreek word.

4.5.3 Aspekte van bewustheid - bewustheid van die omgewing

Die ander pool van bewustheid is die kind se bewustheid van sy omgewing. Soos reeds verduidelik, moet die kind sy omgewing ken en weet watter alternatiewe hy kan kies wanneer hy byvoorbeeld honger is. Die kind met voedselallergie moet byvoorbeeld weet wat hy wél mag eet wanneer hy vir iets lus is en dan 'n verantwoordelike keuse maak.

4.5.4 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking

Die noodsaaklikheid van optimale sensoriese kontak word deur Schoeman (1996b:42) uitgewys wanneer sy meld dat die mens homself ten opsigte van sy omgewing oriënteer deur van sy sintuie gebruik te maak. (Vergelyk Passons, 1975:74.) Dit is noodsaaklik dat die kind se sensoriese vaardighede ontwikkel word sodat hy sin uit sy milieu kan maak. Die kind wat nie kan uitmaak wat om hom aangaan nie, sukkel om homself in sy wêreld te posisioneer. Daarom is dit belangrik dat hy dinge ondersoek, toets, en so ontdek waarvan hy hou en nie hou nie.

Die kind benodig volgens Oaklander (1988:109) ervaringe wat hom in kontak met sy vyf sintuie bring om hom in kontak met homself te bring. Deur die kind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se sensoriese persepsies (gesig, gehoor, reuk, smaak en gevoel) te verbeter, maak die kind nie net kontak met die wêreld om hom nie, maar ook met sy innerlike self. Volgens Schoeman (1996b:44) is sensoriese bewustheid en gevoelens onderling aan mekaar verbind. Indien 'n kind kontak met sy sintuie, liggaam en asemhaling maak, kan dit hom ook help om in kontak met sy gevoelens te kom.

Die fisieke invloed van allergiese siektes kan volgens navorser gesonde sensoriese kontak belemmer. Sintuie wat deur 'n siekte soos allergiese rinitis beïnvloed kan word, is sig, reuk, smaak en gehoor. Aan die een kant kan sensoriese kontak beperk word (byvoorbeeld 'n toe neus) maar aan die ander kant kan die kind oorbewus wees van sensasies soos oë wat jeuk of ekseem wat veroorsaak dat die vel brand. Dit is dus nodig om te probeer om die kind se sensoriese vlakke te stabiliseer - dat belemmerde kontak versterk word en oorbewuste modaliteite geneutraliseer word deur alle sintuie in ag te neem. Dit word gedoen deur te bepaal watter sintuig tot 'n erge mate geaffekteer word en dit te neutraliseer deur verhoogde kontak van ander modaliteite te fasiliteer.

Navorser verhoog die kind se sensoriese bewustheid en kontak deur hom aan verskillende ervarings bloot te stel. Tydens elke spelterapeutiese sessie word daar op die gebruik van 'n spesifieke sensoriese modaliteit gefokus om die kind se bewustheidsvlak in die eerste plek te bepaal, die kind daarvan bewus te maak en dit ook te verhoog (of te neutraliseer). Die spesifieke tegnieke wat gebruik word, word volledig in die spelterapeutiese program (hoofstuk vyf) weergegee.

4.5.5 Die verhoging van bewustheid deur die benutting van asemhaling en liggaamshouding

Asemhaling is 'n belangrike aspek van liggaamsbewustheid (Oaklander, 1988:128-129). Die tempo van asemhaling word as 'n aanduiding van die persoon se emosionele vlak, en spesifiek sy ontspanningsvlak, gesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Schoeman, 1996b:54). Diep asemhaling verskaf meer suurstof wat die kind in staat stel om sy liggaam beter te beheer. Jennings (1993:16) ondersteun bogenoemde wanneer sy meld dat korrekte asemhaling noodsaaklik is vir die kind om beheer oor die self te behou.

Kinders verminder volgens Pearson & Nolan (1995:13) hulle asemhaling om hulle gevoelens te beperk. Hulle hou hul asems op wanneer hulle bang, tranerig of opgewonde is. Vlak asemhaling is die liggaam se manier om emosies en opgewondenheid te beheer

Aanhoudende ritmiese in- en uitaseming sal algehele ontspanning van sowel die liggaam as brein verseker. Die kind moet dus gehelp word om deur middel van asemhaling op 'n ontspanne wyse met homself in kontak te kom (Schoeman, 1996b:54).

Volgens Pearson & Nolan (1995:11,13) is diep asemhaling die belangrikste en mees kragtige manier om energie vry te stel. Asemhaling, beweging en klank her-aktiveer die emosies, verhoog energie en bring die kind in kontak met ware selfkennis. Hulle meld ook spesifiek: "Full breath can be allowed and encouraged as a beginning of reclaiming the fullness of our emotional life, then in the releasing of our own unique and wondrous lifeforce." (Pearson & Nolan, 1995:92).

Dit is vir navorser belangrik om te onthou dat allergiese reaksies asemhaling belemmer wanneer die neus geblokkeer is, en dat dit ook tot hoofpyne kan lei. Dit is ook baie belangrik dat 'n kind in terapie gevra word om eers diep asem te haal en dit kragtig uit te blaas om so van spanning en moegheid ontslae te raak.

Wat liggaamshouding betref, moet daar in ooreenstemming met gestaltterapie se beklemtoning van alle aspekte van die kind as organisme (holisme), ook aandag aan die kind se gebruik van sy liggaam gegee word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar word deur Oaklander (1993:123) daarop gewys dat die kind se postuur vir die terapeut 'n aanduiding gee van dít wat in die kind aangaan. Axline (1989:56-57) sluit hierby aan deur te noem dat wanneer 'n kind hartseer en terneergedruk is, sy liggaam hang, sy skouers ineengetrek is, sy bewegings stadig en swaar is en sy oë ongeluk uitstraal. Thompson & Rudolph (1996:141) meld ook in hierdie verband dat die mens se liggaam en gevoelens volgens die gestaltteorie beter indikatore van die waarheid as die mens se woorde self is, omdat die mens dikwels probeer om deur woorde die waarheid vir hulself weg te steek.

Dit is volgens navorser moontlik dat die allergiese kind bewustheid en kontak met sy eie liggaam vermy. Sy liggaam pla hom, beperk die uitlewing van dit wat hy wil doen, en hy maak homself eerder los van sy siek liggaam.

Volgens Oaklander (1988:122-123, 132) bestaan daar 'n verhouding tussen gevoelens en liggaamshouding. Enige emosie het 'n fisieke teenpool. Alle gevoelens word deur liggaamsensasies ervaar en deur liggaamspiere uitgedruk. Sy liggaamshouding en asemhaling manifesteer dít wat die mens voel. Die kind moet geleer word om tot so 'n mate op sy liggaam ingestel te wees, dat hy bewus raak van die gevoelens wat hy deur sy liggaamshouding uitleef. Die kind moet dus geleer word om na sy liggaam te luister, sodat hy by sy gevoelens kan uitkom. 'n Laaste aspek wat navorser wil uitlig, is dat dit noodsaaklik is om volgens die kind se liggaamshouding te bepaal hoe hoog sy energievlakke is, of hy dalk siek voel en tot watter mate hy kontak met die terapeut behou.

4.5.6 Die verhoging van bewustheid deur verhoogde selfkennis en siektebegrip - die benutting van 'n metafoor

Navorser beskou kennis as 'n belangrike bydrae tot die verhoging van bewustheid. Deur die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog, word hy in kontak met homself en sy omgewing gebring. Navorser benut 'n metafoor waar die biologiese allergiese reaksie in die vorm van 'n "allergiemonster"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorgestel word. Schoeman (1996d:86) konstateer dat metafore gebruik word om objekte en situasies indirek uit te beeld om betekenis daaraan te gee. Sy meld verder: "The value of the metaphor for the child is not only that he can learn from it, but also that it forms his perception of the world in which he lives." Wanneer die kind verstaan waarvoor hy allergies is, en die "allergiemonster"- metafoor gebruik word wanneer daar met hom oor sy allergiese siekte gepraat word, raak hy meer bewus van sy moontlikhede. Die kind kan hierdeur gehelp word om presies te weet wat 'n allergiese reaksie tot gevolg kan hê en om van gesonde alternatiewe vir behoeftebevrediging bewus te raak.

Navorser beskou bewustheid as die kind se vermoë om al sy sintuie in te span en nie net op sy mees dominante (voorgrond) behoefte nie, maar ook op verbandhoudende emosies te fokus. Dit is nodig om 'n kind sensories op te skerp sodat hy sy omgewing en homself kan leer ken en bewus kan word van gevoelens wat ontplooi word. Deur van al vyf sensoriese modaliteite gebruik te maak, kan die kind gehelp word om sy bewustheidsvlakke te verhoog. Die kind word dan bewus van wíe hy is, wát hy doen en hóe hy dit doen. Hy vind dan uit dat hy keuses moet maak en sal daarmee eksperimenteer. Wanneer die kind tydens spelterapie gehelp word om meer bewus te word van wat hy doen en hoe hy dit doen, kan hy die keuse maak om homself nie aan allergene bloot te stel nie.

Optimale bewustheid is noodsaaklik vir die kind se gesonde aanpassing by en hantering van die eise en probleme wat deur 'n allergiese siekte gestel word. Sodra 'n kind bewus is van die invloed van die siekte en die gevoelens wat hy daarrondom ervaar, kan hy dit bemeester en as uitdaging aanpak. Die kind moet ook tot verhoogde bewustheid van sy omgewing gelei word. Deur die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog en sy identiteits-vorming te versterk, word hy in kontak met homself, sy behoeftes en alternatiewe vir gesonde behoeftebevrediging gebring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.6 GELEENTHEID VIR DIE PROJEKTERING VAN DIE KIND SE VOORGRONDBEHOEFTE

Die volgende stap in die terapeutiese proses behels geleentheid aan die kind vir die projektering van sy voorgrondbehoefte. Deur tekeninge, vingerverf, klei- en sandspel kan die allergiese kind gehelp word om sy dominante behoefte konkreet uit te druk.

Die belangrikheid van projeksie as deel van die terapeutiese proses word soos volg deur Geldard & Geldard (1997:41) uitgelig: "Inviting the child to tell her story, and enabling the child to tell her story, are the most central and effective components of any child psychotherapy process. Through telling her story, the child has the opportunity to clarify and gain a cognitive understanding of events and issues. The child becomes personally engaged and involved in the therapeutic experience with the consequence that intrapersonal psychological change is almost certain to occur."

Projeksie in terapie is volgens Oaklander (1988:193) 'n belangrike hulpmiddel. Wat 'n kind deur middel van projeksies uitdruk, wys op sy fantasieë, vrese, frustrasies, behoeftes, wense en gevoelens - dit is dikwels die enigste wyse waardeur die kind homself sal blootstel. Die kind kan dinge vir 'n handpop sê of teken wat hy nooit direk vir die terapeut sal sê nie. Landreth (1991:11) sluit hierby aan deur te noem dat gevoelens wat te bedreigend is om direk uit te spreek, deur spel geprojekteer kan word.

Die verskillende mediums en tegnieke wat tydens projeksie in gestalt-spelterapie met die allergiese kind benut kan word, behels sowel skeppende spel wat teken, vingerverf, klei en sandwerk insluit, as gedramatiseerde spel wat die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek insluit. Navorser wil dit duidelik stel dat bibliospel ook vir projeksie benut kan word, maar dat dit nie in hierdie studie gebruik is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.6.1 Skeppende spel: teken, vingerverf, klei- en sandwerk

Dit is navorser se mening dat enige kind sy skeppende vermoëns met groot vreugde ontdek en uitleef. Deur te kan skep, kry hy die geleentheid om iets van homself te projekteer - die kind wil reeds op 'n vroeë ouderdom graag deur tekeninge ('n medium wat nie deur sy gebrek aan verbale vermoëns beperk word nie) iets van sy emosies weergee.

Volgens Van der Merwe (1996b:139) en Van Dyk (1994:51) kommunikeer die kind deur skeppende of kreatiewe spel dít wat hy nie in staat is om in woorde uit te druk nie. Dit bied geleentheid vir ontlading van gevoelens, gee 'n gevoel van beheer en bemeestering aan die kind, en bevorder interaksie tussen die kind en die spelterapeut. Vir hierdie navorsing is daar van sandwerk, kleiwerk en teken- of verfaktiwiteite gebruik gemaak.

4.6.2 Teken en vingerverf

Die eerste mediums wat as 'n eenheid bespreek word is teken en vingerverf.

4.6.2.1 Die kenmerke van teken en vingerverf as projektiewe mediums

Tekeninge en vingerverf word deur Geldard & Geldard (1997:21) as kragtige mediums uitgewys wat die kind toelaat om interne gevoelens en gedagtes uit te druk. Deur kuns as simboliese taal te gebruik, kan kinders gevoelens ervaar en verwerk en relevante gedrag hanteer. Die skrywers Pearson & Nolan (1995:14) dui ook aan dat tekeninge of verfprente die kind in staat stel om 'n emosie konkreet vas te vang en vir verdere verwysing te verewig.

Sowel Pearson & Nolan (1995:80) as Thompson & Rudolph (1992:121) dui aan dat emosie bewustelik of onbewustelik deur kuns geverbaliseer word. Die kind kan vingerverf met sy hande of voete smeer en prente teken of verf om verwarrende gevoelens uit te druk. So kan die kind sy gevoelens teenoor homself en sy omgewing reflekteer en stellings maak oor dit wat in sy lewe aangaan. (Vergelyk Schoeman, 1996c:74; McMahon, 1992:179; en Oaklander, 1988:177.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Behalwe die projeksiewaarde wat vingerverf inhou, is dit navorser se mening dat dit weens die tekstuur daarvan ook tot optimale sensoriese kontakmaking lei. Die kinders kan vingerverf met hulle vingers of handpalms oor die papier smeer. (Vergelyk Oaklander, 1988:67.)

4.6.2.2 Die benutting van kindertekeninge en verfwerk tydens intervensie

Binne die gestaltbenadering maak Oaklander gereeld van teken as medium gebruik. Sy vra die kind om sy eie wêreld op papier te skep deur van vorms, lyne, kurwes en kleure gebruik te maak. Sy laat hom eers sy oë toemaak om dan deur fantasie sy wêreld te "sien" (Oaklander, 1988:21).

Die volgende aspek wat volgens Pearson & Nolan (1995:80) baie belangrik is, is om die kind gerus te stel dat sy tekenvaardigheid nie getoets word nie. Navorser sê vir die kinders dat hulle maar kan teken soos hulle wil, dit maak nie saak hoe dit lyk nie, die prent hoef nie "mooi" of "korrek" te wees nie - hulle sal wel aan die terapeut kan verduidelik wat dit is. Dit is belangrik dat die terapeut sal onthou dat die tekening as kommunikasiemedium benut word en in der waarheid slegs die kind se voorgrondbehoefte en emosies moet weergee. Die terapeut moet volgens die navorser ook aandag aan die kind se benadering van die taak gee, aangesien dit sy proses weerspiëel. Oaklander (1988:188) meld spesifiek die volgende: "How she does the drawing may be indicative of how she is in life, or how she feels at this moment in my office."

Baie sterk klem word deur Oaklander (1988:188) op die feit geplaas dat die spelterapeut nie self die skepping moet interpreteer nie. Sy meld dat die terapeut se interpretasie wel waar mag wees, maar dat sy nie daarvan seker kan wees voordat die kind dit bevestig nie. (Vergelyk West, 1992:66.)

Moontlike tegnieke om die kind te help om deur die gebruik van teken en verfwerk aan sy gevoelens uitdrukking te gee, is volgens Oaklander (1988:53) eindeloos. Wat die kind ook al kies om te doen, die doelstelling bly

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dieselfde. Haar doel met die projeksie as kommunikasiemedium is om die kind te help om van homself en sy bestaan in sy wêreld bewus te word. Dit vind in 'n terapeutiese proses plaas wat volgens Oaklander se model in die volgende veertien stappe verdeel word (Oaklander, 1988:53-56).

1. Die terapeut motiveer die kind om sy ervaring ten opsigte van die teken van sy prent met haar te deel. Sy bepaal watter gevoelens betrokke was en hoe hy die taak benader en voltooi het.

2. Die terapeut laat die kind die tekening met haar deel. Sy laat hom dit in sy eie woorde beskryf.

3. Op 'n dieper vlak motiveer die terapeut die kind nou tot verdere selfontdekking deur hom te vra om op verskillende dele van die tekening uit te brei en dit te verduidelik. Hy moet die vorme, kleure, voorstellings, objekte en mense in sy prent verduidelik.

4. Daar kan nou aan die kind gevra word om sy tekening te beskryf asof hy die tekening is. Die woorde "ek is die prentjie" kan benut word. Byvoorbeeld: "Ek het rooi kolletjies orals oor my en 'n swart blokkie in my middel."

5. Die terapeut kies nou spesifieke dele in die prent waarmee die kind moet identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word om die swart vierkant te wees en homself te beskryf.

6. Vrae kan aan die kind gevra word om die proses aan te help, byvoorbeeld "Wat maak jy, wie gebruik jou, aan wie is jy die naaste?" Die terapeut kry dus die geleentheid om "in die tekening in" te beweeg. 'n Geleentheid vir betrokkenheid word geskep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. ‘n Sekere deel kan uitgelig en oorbeklemtoon word om sodoende die kind se aandag te fokus. Die kind moet aangemoedig word om so ver as moontlik oor hierdie deel te kommunikeer. Vrae word dikwels hier benodig, byvoorbeeld: “Wat dink die blommetjie nou?” of “Wat gaan sy nou doen?” Die terapeut moet nie moed opgee indien die kind sê dat hy nie weet nie. Daar moet dan oorgegaan word na ’n volgende deel van die prentjie. Die terapeut kan ook vir die kind haar eie antwoorde gee en vir die kind vra of dit reg is.

8. Die kind moet beweeg word om ‘n gesprek tussen twee dele van die prent te voer ten einde polariteite te gebruik.

9. Die terapeut moedig die kind aan om aandag te skenk aan die kleure wat gebruik is. Sy vra hom wat die betekenis van sekere kleure vir hom is.

10. Die terapeut moet op leidrade in die kind se stem of liggaamshouding, gesigsuitdrukkings, asemhaling en stiltes let. Stiltes kan beteken dat hy besig is om iets uit te sorteer, dat hy dink, angs en spanning ervaar of sommer net van iets bewus is.

11. Die terapeut help die kind om sy tekening te besit. Hy moet met die tekening kan identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word of hy dikwels so voel en of dit in sy lewe inpas.

12. Die terapeut verlaat die tekening en werk met die kind se lewensituasie en onvoltooidhede wat in die tekening uitkom. Die tekening moet nou met die kind se eie leefwêreld en sy belewenis daarvan in verband gebring word. Die kind moet ook gevra word of daar ‘n ooreenkoms tussen sy lewe en sy tekening is.

13. Die terapeut soek die ontbrekende dele in die prent en skenk daaraan aandag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

14. Die terapeut bly nou by die kind se voorgrond (dit waar energie gevind word). Polariteite kan gebruik word indien dit nodig geag word.

Navorser is van mening dat Oaklander se model met kindertekeninge binne die gestaltbenadering deurgaans met projeksies gevolg moet word, aangesien dit 'n duidelike beeld weergee van wat die tekening of verfprent vir die kind beteken. Dit is egter belangrik om te onthou dat al veertien stappe nie in een sessie benut hoef te word nie. Dit is 'n kommunikasiemedium om by die kind se behoeftes, gevoelens en belewenisse uit te kom en laasgenoemde word dan hanteer. Wanneer 'n kind byvoorbeeld tydens 'n sessie vir die eerste keer van 'n spesifieke behoefte bewus raak, moet die terapeut daarop fokus en dit as 'n stap in sy groei sien.

4.6.3 Klei

Die volgende skeppende medium wat tydens projeksie met chroniese allergiese kinders gebruik kan word, is kleiwerk.

4.6.3.1 Die kenmerke van klei as projeksiemedium

Klei is buigbaar, sag en morserig. Hierdie fisiese eienskappe dra by tot kinders se genot wanneer hulle daarmee speel. Kinders hou meestal daarvan om klei tussen hulle vingers te druk, dit te slaan en iets daaruit te vorm. Dit bring hulle ook in kontak met hul innerlike wêrelde en laat hulle toe om deur belangrike interne prosesse te werk (Geldard & Geldard, 1997:113; Pearson & Nolan, 1995:84 en Oaklander, 1988:69).

Klei is volgens navorser nie net 'n uitstekende sensoriese medium nie, maar ook 'n wyse waarop die kind tot kreatiewe emosionele uitdrukking kan kom. Hierdie mening word deur Oaklander (1988:69) gestaaf wat daarvan oortuig is dat klei mense nader aan hulle gevoelens bring. Ook Geldard & Geldard (1997:113) sluit hierby aan deur te konstateer dat klei kinders toelaat om kreatief te wees en dat emosies maklik na vore kan kom en deur die kleispel uitgedruk kan word. Klei beskik oor 'n katarsiese uitwerking wat die kind in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staat stel om ingehoue gevoelens uit te druk. Pearson & Nolan (1995:17) meld verder dat dit soms belangrik is om die kind iets in 'n drie-dimensionele vorm te laat skep. Deur kleifigure te maak kan die kind gevoelens direk konfronteer. Hy kan selfs die kleifiguur verwoes.

Klei bied ook aan die kind 'n gevoel van bemeestering. Geldard & Geldard (1997:113) meld dat kleiwerk veral van waarde is vir kinders wat onbevoeg oor hul kreatiewe vaardighede voel, omdat hierdie medium min vaardigheid benodig - die kans vir mislukking is klein.

Klei as terapeutiese projeksiemedium bied dus aan die kind die geleentheid om sowel sy sensoriese kontak te versterk as om op kreatiewe wyse sonder vrees vir mislukking emosionele uitdrukking te bereik.

4.6.3.2 Die benutting van kleiwerk tydens intervensie

Aangesien die model wat Oaklander (4.6.2.2) met kindertekeninge gebruik, as kommunikasiemedium vir alle skeppings of projeksies benut word, word dit ook hier benut. Ter aanvulling wil navorser egter die volgende uitlig:

- Sensoriese kontak

As eerste stap met kleiwerk laat Oaklander (1988:69-71) die kind eers ontspan, waarna daar op sensoriese kontakmaking met die klei gefokus word. Die kind kan die tekstuur van die klei ondersoek en dit druk, daaraan ruik en indien wenslik, selfs proe. Geldard & Geldard (1997:116) beskryf hierdie proses as 'n geleentheid vir die kind om met die klei maats te maak en in kontak met die onmiddellike ervaring daarvan te kom. Deurdat die kind gevra word om sy oë toe te maak en aan die klei te voel, te ruik en te druk, en sy asem daarin te blaas, word die kind in staat gestel om op 'n persoonlike vlak met die klei kontak te maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Terapeut bied geleentheid vir die vorming van 'n kleiskepping

Nadat die kind sensoriese kontak met die klei gemaak het, gee Oaklander (1988:71) aan die kind geleentheid om iets uit die klei te vorm. Geldard & Geldard (1997:116) meld dat klei benut kan word om spesifieke sake aan te spreek en dat die kind gevra kan word om iets spesifiek uit die klei te maak. Tydens die werk met allergiese kinders, vra die navorser byvoorbeeld vir die kind om 'n voorstelling van die invloed van die allergiemonster op sy skoollewe te skep. Hy kan hierdie monster direk aanspreek en selfs platdruk indien hy wil.

- Die terminering van kleiwerk

Daar word deur Geldard & Geldard (1997:118) aanbeveel dat die kind self kan besluit wat met die kleiskepping moet gebeur wanneer hy niks verder daaroor wil sê nie. Dit sal volgens navorser gebeur wanneer die innerlike proses deurgewerk is en die kind sy onvoltooidheid kon voltooi. Die kind kan self sy kleiskepping tot 'n bol klei vorm en bêre, of hy kan die terapeut vra om dit te doen nadat hy weg is.

Volgens navorser is klei 'n medium waar die kind sy eie situasie projekteer. Hy gebruik die klei om by sy voorgrondbehoefte uit te kom en dít wat in klei geskep word, dui op sy onvoltooidheid waarmee die spelterapeut kan werk. Wanneer klei gebruik word, moet die spelterapeut dus daarop ingestel wees om 'n duidelike beeld van die kleiskepping te verkry voordat dit op die kind se eie lewe toegepas word. Net soos by tekeninge, is navorser ook daarvan oortuig dat 'n terapeut nie self interpretasies aan die kleifiguur mag heg nie, maar dat die kind self betekenisse daaraan moet koppel wat hy aan die terapeut kan verduidelik. Indien die kind vooraf weet dat hy sy figuur aan die terapeut kan verduidelik, sal dit volgens navorser ook spanning tydens die skepping daarvan verlaag en die optimale benutting van hierdie medium tydens projeksie verhoog.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.6.4 Sandwerk

Sandwerk bied as vorm van projektiewe spel aan die kind die geleentheid om ‘n bepaalde situasie, gebeurtenis of fantasie op ‘n kreatiewe, simboliese wyse in droë of nat sand met miniatuurspeelgoed uit te speel (Miller & Boe, 1990:249; Oaklander, 1988:171 en Carey, 1990:198).

Die items wat in sandwerk gebruik word, bestaan volgens Geldard & Geldard (1997:106) uit ‘n verskeidenheid klein voorwerpe wat weens hul vermoë om maklik simboliese waarde te kan aanneem, gekies word. Hierdie simbole word gebruik om sowel konkrete dinge soos paaie, huise en mense as abstrakte konsepte soos geheime, gedagtes, oortuigings en wense voor te stel. Dit is volgens navorser belangrik dat ‘n wye verskeidenheid speelgoed soos diere, mensfigure, bome, heinings en voertuie asook natuurlike stowwe soos klippies, blare, semi-kosbare stene en skulpe vir die kind se gebruik in sy sandtoneel beskikbaar gestel word.

4.6.4.1 Die kenmerke van sand as projeksiemedium

Dit is navorser se mening dat sand oor ‘n bepaalde magnetiese aantrekkingskrag vir kinders beskik, veral wanneer hulle dit met water kan meng. Oaklander (1998:166) ondersteun bogenoemde deur te meld dat kinders van enige ouderdom gemaklik met sand speel, terwyl Geldard & Geldard (1997:112) spesifiek noem dat kinders vanaf vyf jaar sandwerk geniet. Dit dui vir navorser daarop dat hierdie medium beslis geskik is vir die kind in die middelkinderjare.

Navorser beskou sandwerk veral as waardevol as beheergewende en kontakmakende aktiwiteit. Verskillende skrywers lig uit dat die kind in beheer van sy eie miniatuurwêreld in die sandbak geplaas word wat sy gevoel van mag versterk (Carey, 1990:198; Miller & Boe, 1990:249 en Oaklander, 1988:169). Volgens Carey (1990:206) hoef die kind oor geen vaardigheid te beskik om ‘n sandtoneel te skep nie. Die kans vir mislukking word daardeur beperk, wat dus ook ‘n gevoel van bemeestering bied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat sensoriese kontak betref, meld Pearson & Nolan (1995:17) die volgende: "...it can be very healing to touch, to shape, to handle the sand. The physical involvement allows the emotional energy to be active also." Oaklander (1988:166) noem dat sand en water 'n aangename sensoriese sensasie vir kinders inhou en dat kinders ook tydens sandwerk in kontak met natuurlike stowwe soos stokkies, blare en klippies gebring kan word. (Vergelyk Jennings, 1993:60.)

Sandwerk bied aan die kind die geleentheid om homself nie-verbaal uit te druk oor wat hy van sy leefwêreld voel en dink (Jennings, 1993:106). West (1992:75) konstateer die volgende: "Sand play often gets down to unconscious levels and is a unique way of helping the child express fears and fantasies that are otherwise elusive and difficult to define." In sandspel projekteer die kind sy primêre proses (gedagtes en gevoelens) op 'n simboliese wyse. In die sandbak kan 'n kind deur fantasie sy besondere trauma metafories uitdruk en homself veilig daarvan distansiëer. Pearson & Nolan (1995:15) sluit direk hierby aan deur die volgende te noem: "Many children can begin to face inner pain only in a symbolic form. They feel safe to acknowledge the symbol, and gradually become more directly aware of what is being symbolised."

Volgens Geldard & Geldard (1997:109) kan die kind emosies soos vrees simbolies hanteer deur dit konkreet in die sandbak voor te stel. Die kind kan die simbool in die sand begrawe of dit buite die sandbak plaas. Die skrywers Allan & Berry (1993:123) beklemtoon ook dat die kind deur spel in die sandbak verligting vir geblokkeerde innerlike energie kan vind en dat dit tot selfgenesing van die psigiese of geestelike onvoltooidhede lei.

4.6.4.2 Die benutting van sandwerk tydens intervensie

Soos reeds vermeld, word Oaklander se model vir kindertekeninge (4.6.2.2) deurgaans met alle projeksies uit die verskillende mediums benut.
Ter aanvulling daarvan, wil navorser die volgende uitlig:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Bied geleentheid dat die kind sensoriese kontak met die sand maak en simbole gebruik om 'n sandtoneel te skep

Tydens die benutting van sandspel vra Pearson & Nolan (1995:15) die kind eerstens om die sand te bewerk totdat dit reg voel. Geldard & Geldard (1997:108) begin gewoonlik deur die kind te vra om enige simbole te gebruik om 'n prent in die sand te maak. Hulle vra die kind om 'n spesifieke sandtoneel te skep wat by die doel van die sessie pas, of rig 'n oop uitnodiging om enige toneel met die simbole te skep.

- Let op die kind se gebruik van simbole

Tydens die benutting van sandwerk maak Geldard & Geldard (1997:108-112) ook van Oaklander se model gebruik. Hulle meld spesifiek dat dit belangrik is om op die simbole wat die kind kies, te let. Die kind moet ook gevra word wat 'n spesifieke simbool beteken en spesiale eienskappe wat die kind aan die spesifieke simbool heg, moet geïdentifiseer word. Vervolgens word die kind gevra om sy sandbakstorie met die terapeut te deel. Die skrywers meld dat dit belangrik is om op die afwesigheid van belangrike persone in die kind se toneel te let. Die spelterapeut moet verder versigtig te wees om nie namens die kind te interpreteer nie, maar die proses met respek waar te neem. (Vergelyk Allan & Berry, 1987:206.)

- Terapeutiese insette

'n Kind word deur sandbakwerk in staat gestel om begrip vir sy wêreld te verkry deur direk na die visuele struktuur wat hy geskep het te kyk, terwyl die terapeut terugvoer deur "feedback statements" gee. Die gebruik van hierdie "feedback statements" deur die terapeut sal help om die kind se bewustheid van sy situasie te verhoog sodat hy relevante aspekte kan hanteer. Op 'n gepaste stadium moet die terapeut saamvat wat deur die werk na vore gekom het en aan die kind geleentheid bied om die werk klaar te maak . Hierna word 'n foto vir verdere verwysing geneem (Geldard & Geldard, 1997:109). (Vergelyk Pearson & Nolan, 1995:123-138 vir volledige bespreking van terapeutiese hantering van sandwerk).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is navorser se mening dat meer as een foto tydens sandwerk geneem moet word. 'n Foto van die aanvanklike toneel word geneem waarna die kind dit tydens die intervensieproses kan verander soos hy wil hê dit moet wees. Hierdie moontlikheid om 'n toneel maklik te verander, bied juis waarde aan die spel omdat dit volgens navorser die kind se verandering in persepsie weerspieël. 'n Foto van die veranderde toneel kan dan met die eerste foto vergelyk word, wat tot insigontwikkeling by die kind kan lei.

Volgens Geldard & Geldard (1997:110) is dit belangrik dat die kind toegelaat word om die toneel te ontwikkel sonder interpretasie of onderbreking deur die spelterapeut. Navorser is van mening dat die spelterapeut wat op die kind se proses ingestel is, wel sensitief hiervoor sal wees en enige aanmerkings wat wel gemaak word só sal benut dat dit die kind in sy skepping van die sandtoneel sal ondersteun, en nie sal onderbreek nie.

Die benutting van sandwerk as projektiewe medium bied volgens West (1992:75) aan die terapeut die geleentheid om die kind se groeiproses waar te neem. Gil (1991:270) ondersteun dit deur te noem dat sandspel as venster vir die terapeut dien waardeur die kind se wêreld beskou kan word. (Vergelyk Carey, 1990:197 en Oaklander, 1988:60.)

Dit is navorser se mening dat die kind deur sandspel gehelp word om op 'n kreatiewe, verbeeldingsvolle en simboliese wyse die problematiek in sy leefwêreld konkreet voor te stel en op 'n veilige afstand verhoogde bewustheid hiervan te bereik. Wanneer die kind terapeuties in sandwerk begelei word, kan hy sy voorgrondbehoeftes (wat in die sandbak geprojekteer word) binne sy verwysingsraamwerk aanspreek. Die allergiese kind kan in sandwerk byvoorbeeld 'n toneel van homself en sy maats maak. Hy kan die allergiemonster in die toneel plaas en dit later onder die sand begrawe as hy wil.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.6.5 Gedramatiseerde spel: Handpoppe

Die voordele van gedramatiseerde spel as vorm van spelterapie word soos volg deur Van der Merwe (1996c:128) omskryf : "dramatic play, offers the child the opportunity to grow by acting out situations and dramatising in a safe, non-threatening environment." Die benutting van gedramatiseerde spel bied dus aan die kind 'n geleentheid tot spontane, nie-bedreigende openbaring en uitdrukking van sy gevoelens, wense en gedagtes by wyse van toneelspel en fantasie.

4.6.5.1 Die kenmerke van handpopspel

Verskeie skrywers (Irwin & Malloy, 1994:23; Jenkins & Beckh, 1993:85 en Porter in Van Dyk, 1994:51) is dit eens dat handpoppe aan die kind die geleentheid bied om sy lewensomstandighede deur 'n veilige, aangename dramatisering uit te beeld en te hanteer. Waar die handpop emosionele uitdrukking fasiliteer, laat dit die kind en terapeut toe om oor gevoelens en gedagtes wat aan die handpop "behoort" te praat, sonder dat die kind hierdie gevoelens en gedagtes as sy eie hoef te erken. Die kind kan sy diepste gevoelens verbaliseer en steeds sy waardigheid en selfrespek behou, omdat hy nie die skuld kry vir dit wat die handpop gesê het nie. (Vergelyk Axline, 1989:46, Van Dyk, 1994:51; Jennings, 1993:49 en Gil, 1991:65.)

Volgens Geldard & Geldard (1997:140, 141) raak die kind deur handpopspel persoonlik betrokke by die dialoog van die storie. Die kind kan makliker 'n verbintenis tussen sy eie ervarings en díe van die handpop maak en terselfdertyd gemaklik oor die relevante aspekte begin gesels. Handpopspel bied ook aan die kind die geleentheid om moed bymekaar te skraap om hierdie relevante aspekte te besit en te konfronteer wanneer hy daarvoor gereed is.

Navorser se mening is dat die grootste voordeel van die gebruik van handpopspel die feit is dat die handpop dít wat die kind moeilik verbaal uitdruk, kan verbaliseer. Hierdeur word 'n nie-bedreigende geleentheid vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kind geskep om by emosionele katarsis uit te kom. Die kind kan homself dus volgens navorser identifiseer met dit wat die handpop sê, maar daar is voldoende afstand dat hy veilig voel om na die situasie te kyk.

Indien spelterapeute hierdie handpoppe tydens spelterapie met die allergiese kind optimaal wil benut, is daar volgens navorser sekere aspekte van belang waarvan kennis gedra moet word.

4.6.5.2 Die benutting van handpopspel tydens intervensie

Volgens Schaefer & O'Connor (1983:159), Van der Merwe (1996c:133) en Irwin (1993:71-73) is 'n mate van struktuur of proses binne handpophantering nodig ten einde die kind te help in sy dramatisering. 'n Breë riglyn vir hierdie proses word vervolgens kortliks uiteengesit:

1. 'n Verskeidenheid handpoppe word aan die kind beskikbaar gestel en die kind kry die geleentheid om een of meer handpoppe te kies waarvan hy hou en waarmee hy graag wil speel of kan identifiseer.

2. Die kind word daarna gevra om sy plek agter die poppekas in te neem en homself (die handpop) aan die terapeut bekend te stel. Tydens hierdie fase kan die terapeut ook spesifieke vrae aan die handpop stel en hom sodoende uitlok om gemakliker met die handpop en die situasie te raak.

3. Nadat die karakters bekend gestel is, kondig die terapeut die begin van die poppespel of gedramatiseerde storie aan.

4. Wanneer die kind sy storie of poppespel voltooi het, kan die terapeut weereens vrae aan die verskillende karakters of handpoppe rondom die situasie wat in die storie uitgebeeld is, stel.

5. Die kind kan later genooi word om agter die poppekas uit te kom en om direk met die terapeut oor sy storie te praat. Hier kan die terapeut bepaal of die kind 'n verband kan trek tussen die realiteit en fantasie. Die terapeut

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoort die kind te vra of hy ook soms soos die handpopkarakter voel. Deur te let op die seleksieproses, inhoud, agtergrond, taalgebruik, struktuur en verloop, asook die bespreking van die poppespel na afloop van die aktiwiteit, kan waardevolle en toepaslike inligting omtrent die spesifieke kind, sy probleemsituasie, die gesinsverhoudinge, sy hanteringsmeganisme, asook sy swak en sterk punte verkry word. Die proses, uitbeelding en verloop van die poppespel behoort dus fyn deur die terapeut dopgehou en aangeteken te word.

In hul bespreking van die terapeutiese benutting van handpoppe, identifiseer Geldard & Geldard (1997:143) vier wyses waarop handpoppe benut kan word. Een van die wyses wat genoem word en volgens navorser relevant vir die studie is, is die kind se gebruik van 'n handpop in direkte dialoog met die spelterapeut. Geldard & Geldard (1997:145) meld die volgende in hierdie verband: "Sometimes by using a technique of dialogue between a puppet and the counsellor, a child may be enabled to discover solutions for her own problems."

Vervolgens word gekyk hoe Oaklander handpoppe as terapeutiese medium benut. Tydens terapie vra Oaklander (1988:104, 105) die kind om enige handpop te kies en om dan die handpop se stem te wees, met ander woorde, om die handpop te wees. Daarna word die kind geleentheid gegee om homself (as handpop) voor te stel en iets van homself te vertel; of die handpop kan sê waarom hy dink die kind juis vir hom gekies het. Die handpop kan ook gevra word om die kind wat hom gekies het (die kinder-kliënt) aan die terapeut voor te stel. Hierna word 'n drama met die handpoppe uitgebeeld.

Dit is Oaklander (1988:106) se mening dat die tema en verloop van die drama meestal met die kind se lewe, hetsy as realiteit of as fantasie, verband hou. Die kind kan toegelaat word om self sy eie tema, storie en karakters te kies, of die terapeut kan die kind vra om 'n storie wat verband hou met 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde probleemsituasie in sy lewe, op te maak en uit te speel. Sy glo dat dit belangrik is dat sy as terapeut baie betrokke by die hele proses moet wees en sal self ook 'n handpop kies wat met die kind se handpop kommunikeer. Die kind kan die handpop dít wat hy self te bang is om te sê, laat verbaliseer. Die terapeut kan aan die handpop vra hoe hy self oor die situasie voel - gewoonlik is dit dieselfde as wat die kind voel en dink.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat Oaklander se benadering tot handpopspel met haar benadering tot ander mediums ooreenstem. Die veertien stappe van Oaklander se model (4.6.2.2) word ook hier benut om kommunikasie met die kind te bewerkstellig. Die kind kan self kies waarmee hy wil speel en hoe hy dit wil doen. Daar word op sy spel uitgebrei ten einde meer inligting te bekom. So word die kind se bewustheid van homself ook verbeter. Hierna word die kind se eie lewe betrek deur aan hom te vra of daar iets in die handpop se eienskappe of optrede is wat ook op sy eie lewe van toepassing is.

4.6.5.3 Die benutting van die leë-stoel tegniek in kombinasie met handpopspel

Navorser is van mening dat 'n kombinasie tussen handpopspel en die leë-stoeltegniek suksesvol in die hantering van die invloed van allergie op die kind se funksionering gebruik kan word.

Die leë-stoel tegniek word volgens Schoeman (1996d:178) en Pearson & Nolan (1995:91) gebruik om aan die kind die geleentheid te bied om gevoelens uit te spreek. Tydens die tegniek word 'n leë stoel geneem waarin die kind enige persoon of onvoltooide deel van homself kan plaas. Die kind tree in gesprek met dit wat in die stoel geplaas is. Die tegniek is bruikbaar indien 'n kind konflikte tussen hom en ander, of innerlike konflik moet uitsorteer. (Vergelyk Aronstam, 1992:642 en Thompson & Rudolph, 1992:116.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser is van mening dat bogenoemde tegniek tydens terapie met handpopspel gekombineer kan word. Indien dit in die vorm van 'n hofsaak hanteer word waar die kind 'n handpop as advokaat gebruik om namens homself getuienis teen die beskuldigde (die "allergiemonster") in te bring, kan die kind finaal geleentheid kry om sy gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte te verbaliseer, te erken, besit en te hanteer en so sy voorgrondbehoeftes te vervul.

4.6.6 Gevolgtrekking rondom projeksie

Deur die benutting van verskeie mediums en tegnieke word die kind in staat gestel om op 'n veilige manier sy voorgrondbehoefte te projekteer. Hy kry geleentheid om deur sowel skeppende spel (tekeninge, verfwerk, sandspel of kleiskeppings) as gedramatiseerde spel (handpoppe) 'n situasie uit te beeld, verhoogde bewustheid daarvan te bereik en tot die besef te kom dat dit sy eie behoeftes en probleme konkreet voorstel.

Verdere terapeutiese intervensie wat na projeksie benut word om die kind te help om sy geprojekteerde voorgrondbehoefte te hanteer en ' n oplossing vir die vervulling daarvan te vind, kan in verskeie stappe verdeel word.

Die kind word eerstens begelei om bewustheid van sy verbandhoudende emosies te bereik, dit uit te druk en te hanteer. Hierna word die realiteit van die probleem aangespreek deur die kind te help om die realiteit van die situasie te aanvaar, beheer daaroor te neem deur keuses te maak, en sy verantwoordelikheid om hierdie keuses deur te voer, te versterk. Daar word aan die kind geleentheid gebied om met hierdie nuwe gedrag te eksperimenteer en indien ontoepaslike gedrag hierna voortduur, word die kind daarmee gekonfronteer.

Laastens word op selfvertroeteling en bemagtiging gefokus, waar die kind begelei word om in homself sterk genoeg te word om tot verantwoordelike behoeftebevrediging en selfsteun oor te gaan. Dit is belangrik om te onthou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die kind se self gebou moet word sodat hy hierdie strategieë en hulpbronne kan benut. Nadat die kind bemagtig is, kan terminering plaasvind.

Dit is vir navorser belangrik dat die terapeut wat hierdie stappe gebruik, sal besef dat hierdie aspekte soms oorvleuelend gebruik word. Die terapeut moet terapeutiese intervensie volgens die kind se behoefte rig, en emosionele hantering kan tegelykertyd met die hantering van die realiteit van die probleem voorkom.

4.7 DIE FASILITERING VAN EMOSIONELE UITDRUKKING EN DIE HANTERING VAN HIERDIE EMOSIES

Vervolgens word sowel die kind se emosionele uitdrukking en hantering van sy emosies, as die spelterapeut se fasilitering daarvan bespreek.

4.7.1 Verhoging van die kind se bewustheid van die emosies wat hy ervaar

Tydens die hantering van die kind se projeksie, is dit volgens navorser belangrik dat die verbandhoudende gevoelens vir die kind uitgelig word sodat hy bewustheid daarvan kan bereik. Wanneer die kind byvoorbeeld tydens projeksie tot bewustheid van die “kleimannetjie” se gevoelens begelei word, kan dit bewustheid van sy eie gevoelens rondom die situasie by hom fasiliteer, en hom in kontak met die “hier-en-nou” belewing daarvan bring. Volgens Oaklander (1988:285) kan bewustheid van die hier-en-nou bereik word deurdat die terapeut deurentyd op die kind se direkte ervaring van die hede fokus. Dit is dus nodig dat die terapeut die kind help om tesame met bewustheid van die fisieke invloed van die chroniese allergiese reaksies op sy funksionering (byvoorbeeld dat hy nie alles kan eet of doen soos sy maatjies nie), ook op sy direkte emosies hierrondom in die hier-en-nou te fokus.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.7.2 Die kind se hantering van die emosies waarvan hy bewus raak

Om hierdie gevoelens waarvan hy bewus geword het te hanteer, is dit volgens navorser noodsaaklik dat die kind sy gevoelens erken, aanvaar, besit en ervaar. Die belangrikheid dat die kind sy emosies erken en ervaar, word soos volg deur Oaklander (1988:123) uitgedruk: "It is only when we acknowledge our feelings and experience them that we can release them and use our total organism for other things." Volgens die gestaltbenadering verdeel onverwerkte gevoelens die kind se energie tot so 'n mate dat hy nie genoeg energie oorhou om die res van sy gevoelens te hanteer nie.

Verskeie skrywers ondersteun die feit dat die kind die emosie direk moet ervaar. Volgens Korb, Gorrell & Van der Riet (1989:47) is daar min waarde in om die kind byvoorbeeld bloot te laat praat oor hoe hy voel. Hy moet eerder gehelp word om die betrokke emosie werklik te ervaar. Wanneer die kind dus 'n pynlike gevoel ervaar wat hy eerder wil onderdruk of ontken, moet die terapeut die kind motiveer en ondersteun om die gevoel in totaliteit te ervaar en om self te probeer om dit nog dieper te beleef. Die ervaring en uitdrukking van gevoelens sal daartoe lei dat die kind dit meer objektief kan evalueer en dit vervolgens op 'n doeltreffende wyse kan hanteer.

Dit is ook Landreth (1991:83) se mening dat gevoelens hul intensiteit verloor sodra die kind sy gevoelens openlik kan uitdruk en aanvaar. Sodoende kan die kind sy gevoelens meer toepaslik beheer. Indien kinders leer om hul gevoelens op 'n verantwoordelike wyse te beheer, word hulle nie langer deur hul gevoelens beheer nie. Die kind ervaar dan 'n vrymakingsproses, aangesien hy verder as hierdie emosies kan lewe.

Dit is navorser se mening dat daar in spelterapie vir die kind geleentheid geskep word om sy gevoelens te besit. Die spelterapeut moet die kind toestemming gee om sy gevoelens te besit en hom aanmoedig om dit te ervaar. Kinders kan dink dat hulle nie negatiewe gevoelens mag besit nie. Deur die kind te help en aan te moedig om hierdie gevoelens te besit, word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar gevorder in die verwerkingsproses. Die kind kan nie gevoelens hanteer voordat hy dit ten volle besit nie.

4.7.3 Die spelterapeut se hantering van die kind se emosies

Die terapeut se hantering van die emosies wat deur die kind uitgedruk word, is vir navorser van kardinale belang. Schoeman (1996e:176) is van mening dat kinders heeltemal daartoe in staat is om te leer hoe om hul gevoelens te hanteer as die terapeut hulle die aanmoediging en geleentheid daartoe bied. Pearson & Nolan (1995:11) som dit baie treffend op: “to help a child feel is to help a child heal”.

Volgens Landreth (1991:83) dien spelterapie as ‘n geleentheid waar die kind geleentheid kry om die intensiteit van sy gevoelens in die teenwoordigheid van ‘n aanvaardende volwassene uit te speel. Kinders leer dat hulle gevoelens aanvaarbaar is, en om meer oop te wees in die uitdrukking daarvan. Axline (1989:99) sluit hierby aan deur te meld dat die kind toestemming moet kry om sy emosies vry te laat.

In die proses van emosionele hantering, moet die kind veilig voel in die terapeut se teenwoordigheid. Hierdie aspek word spesifiek in een van Axline (1989:69) se agt basiese beginsels van nie-direktiewe terapie aangespreek. Sy wys daarop dat die terapeut ‘n gevoel van permissiwiteit in die verhouding moet vestig sodat die kind vry kan voel om sy gevoelens ten volle uit te druk.

Volgens Schoeman (1996e:176) is dit belangrik dat die terapeut die kind se gevoelens erken deur op te som wat hy by die kind hoor. Hierdeur weet die kind dat die terapeut na hom luister, en dit gee vrymoedigheid om dit wat hom pla, verder te bespreek. Dit is ook belangrik dat die terapeut versigtig sal luister. Die terapeut moet bewus wees van die kind se liggaamshouding en ag gee op nie-verbale boodskappe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur die kind se intense gevoelens onvoorwaardelik te aanvaar, 'n atmosfeer van emosionele veiligheid te skep en aan die kind geleentheid te bied om bewustheid van sy gevoelens te bereik, dit te aanvaar, te erken en te besit, word die kind volgens navorser begelei om die emosies wat tydens projeksiegeleenthede as onvoltooidheid na vore tree, te hanteer. Die kind moet bewus wees van die wyse waarop hy tans sy emosies hanteer, en ook verdere vaardighede aanleer om hierdie emosies suksesvol te hanteer. Sodoende kan die kind na 'n oplossing vir die realiteit van die situasie beweeg.

4.8 DIE FASILITERING VAN PROBLEEMHANTERING

Die volgende stap in terapeutiese intervensie behels die fasilitering van die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en die probleemsituasie. Die kind moet gehelp word om die realiteit van die probleem in die hier-en-nou te erken, en dan beheer oor sy situasie te verkry deur binne sy verwysings-raamwerk 'n keuse uit probleemoplossende alternatiewe te maak. Laastens moet die kind se verantwoordelikheidsin versterk word sodat hy die beste oplossing konsekwent kan deurvoer en so sy voorgrondbehoefte ten beste vervul.

4.8.1 Aanvaarding van die realiteit van die probleem in die hier-en nou

Wanneer die kind van sy voorgrondbehoefte en die verbandhoudende emosies bewus is, moet hy die realiteit van die situasie in die hier-en-nou erken en aanvaar. Dit is nodig om die kind te begelei om die realiteit van sy eie situasie te besef en te aanvaar, sodat ontwikkeling langs normale weë kan plaasvind. Volgens navorser moet die kind hierdie realiteit in die oë kyk en aanvaar dat hy die probleem nie kan wegwens of wegredeneer nie. Die kind moet nie net weet hoe die allergiese siekte sy lewe nou beïnvloed en met watter gedrag en emosies hy nou daarop reageer nie, maar ook hoe dit die gevolge en effektiwiteit van sy gedrag bepaal. Dit is noodsaaklik dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kind sy situasie sal aanvaar en sal besef dat daar iets gedoen moet word om verandering teweeg te bring.

Slegs wanneer die allergiese kind bewus is van die realiteit van sowel die eise as die probleme wat met die reaksies gepaard gaan, kan hy 'n werkbare oplossing daarvoor begin kry. Die kind moet aanvaar dat hy iets kan en moet doen om sy allergiese siekte te beheer ten einde die negatiewe invloed daarvan op sy algehele funksionering te verminder. Die volgende stap is om die kind te help om in beheer van sy situasie te kom, sodat hy 'n oplossing binne sy eie verwysingsraamwerk kan vind deur die maak van toepaslike keuses, en verantwoordelikheidneming daarvoor.

4.8.2 Help die kind om beheer oor sy situasie te verkry en 'n oplossing daarvoor te vind

Sodra die kind van die realiteit van die situasie, sy voorgrondbehoefte en die probleme wat hy met die vervulling daarvan ondervind bewus is, moet hy in beheer van die situasie geplaas word. Hy word begelei in die soeke na 'n oplossing waardeur hy die probleem verminder deur op 'n verantwoordelike wyse sy behoeftes te vervul.

Die noodsaaklikheid van beheer word deur Passons (1975:18) beklemtoon wanneer hy uitlig dat die kernoorsaak vir mense se probleme die verlies aan 'n gevoel van beheer om die probleme te hanteer, is. Vir die kind om werklik "gesond" te word, is dit dus noodsaaklik dat hy in homself sterk sal word; met ander woorde, beheer sal kry. Dit kan slegs gebeur as die terapeutiese verhouding so ondersteunend is dat die kind voel dat hy vir homself verantwoordelikheid kan neem. Die kind moet voel dat hy in 'n atmosfeer funksioneer waar hy kan staatmaak op die terapeut en haar werklik kan vertrou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is belangrik om te alle tye in ag te neem dat die proses van beheer deur keuses en die neem van verantwoordelikheid, onderskryf word. Wanneer die kind geleentheid kry om keuses te maak, verkry hy beheer. Binne spelterapie neem die kind volgens Axline (1989:113,114) beheer van die speelgoed en tyd wat beskikbaar is. Hy kan bepaal wat en hoe gespeel sal word en hierdeur verkry hy 'n sterk gevoel van beheer. Hy kan ontspan omdat hy in hierdie een situasie in sy lewe nie aangejaag word nie. Hy kom agter dat hy in beheer is. Axline (1989:101) meld spesifiek die volgende: "He will be the one to make the choice, and anything he decides on will be all right with the therapist." (Vergelyk Landreth, 1991:155.)

Navorser bied beheer tydens spelterapie met die allergiese kind deur soveel moontlik keuses beskikbaar te stel. Die kind kan op 'n praktiese wyse gehelp word om keuses ten opsigte van sy gebruik van die mediums uit te oefen. Die kind kan byvoorbeeld kies of hy sy skoene wil uittrek, of hy met potlode, viltpenne of kryte wil teken, of hy op wit, pienk, geel, blou of groen papier wil werk en watter handpoppe hy wil gebruik.

Alhoewel die spelterapeutiese program taamlik gestruktureerd is (spesifieke mediums en doelstellings word vir elke sessie gestel), is daar definitief baie aspekte waaroor die kind vryheid van keuse kan uitoefen. Die spelterapeut moet spesifiek daarop let dat daar binne hierdie struktuur soveel keuses as moontlik gebied word sodat die kind se gevoel van beheer versterk word. Binne hierdie situasie (waar daar geen allergeenblootstelling voorkom nie) kan die kind sy beheer toets en ook selfvertroue in sy vermoë om keuses te maak, versterk. Dit versterk op sigself die kind se sin vir self.

Volgens navorser beperk sy allergiese siekte die kind se uitoefening van beheer oor sy lewe. Hy moet homself daarop instel om allergeenblootstelling te voorkom, wat beteken dat hy homself van verskeie aktiwiteite en voedselsoorte moet weerhou. In 'n wêreld waar daar baie beheer oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kind uitgeoefen word en hy self baie min beheer oor sy situasie het, is dit vir hierdie kind waardevol om beheer in spelterapie te verkry.

Volgens navorser sal 'n gevoel van verhoogde beheer daartoe lei dat die kind voel dat hy iets aan sy situasie kan doen; met ander woorde 'n oplossing daarvoor kan vind. Hy word deur sy gevoel van beheer gemotiveer om wel verantwoordelike keuses te maak, en nie onder portuurgroepdruk te swig nie. Die kind moet hierdie beheer benut om die probleem deur verantwoordelike behoeftevervulling aan te spreek.

Vervolgens moet die kind gemobiliseer word om sy geleentheid en vermoë tot besluitneming te benut en 'n verantwoordelike oplossing vir sy situasie te vind. Die terapeut moet volgens Axline (1989:101) 'n diep respek vir die kind se vermoë om sy eie probleme op te los indien hy die geleentheid kry, handhaaf.

Volgens Geldard & Geldard (1997:80) help die gebruik van 'n aksieplan kinders om te besluit hoe hulle die nuwe gedrag moet implementeer of daarmee moet eksperimenteer. Deur die benutting van 'n aksieplan, help die spelterapeut die kind om die beoogde doelwitte te identifiseer en te kyk hoe dit bereik kan word. Dit kan gebeur dat die kind vaardighede benodig om die beplande gedrag te toon. Die spelterapeut moet die kind hiermee help. Nadat die kind die nuwe gedrag op die proef gestel het, kyk hy saam met die spelterapeut of dit suksesvol was, waarna die spelterapeut die kind help om die nodige aanpassings te maak. Die spelterapeut moet die kind help om goed te voel en die kind se moed erken om met die nuwe gedrag te waag.

Dit is navorser se mening dat die kind in sy probleemoplossing en gesonde behoeftebevrediging ondersteun kan word deur hom te help om in die eerste plek die probleem in hanteerbare aspekte te verdeel. Deur die globale probleem of ongemak in kleiner, spesifieke aspekte op te deel, kan die kind dit makliker stap-vir-stap aanspreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer die kind bewustheid van die spesifieke aspekte van sy probleem bereik het, kan hy gehelp word om alternatiewe vir gesonde probleem-hantering te identifiseer. Deur die sin "Ek kan nie_____, maar ek kan wel _____" as raamwerk te benut, kan die identifisering en generering van nuwe alternatiewe by die kind gefasiliteer word.

Waar keuses vir probleemoplossing as volgende stap ter sprake is, is die benutting van polariteite volgens navorser noodsaaklik. Deur alle gevolge van die keuses (sowel positief as negatief) in ag te neem, kan die kind bepaal wat die mees aanvaarbare alternatief is. Hierna kan die kind sy keuse maak en verantwoordelikheid vir die keuse aanvaar. Vervolgens word spesifiek gekyk hoe die kind se verantwoordelikheid versterk kan word sodat hy bogenoemde proses kan deurvoer.

4.8.3 Versterking van die kind se verantwoordelikheidneming

Dit is volgens navorser binne die gestaltteorie belangrik dat die individu volle verantwoordelikheid vir sy eie gedrag, gevoelens en gedagtes moet aanvaar en ook verbaal moet uitspreek.

Beide Schoeman (1996b:36) en Landreth (1991:196) meld dat die kind wat verantwoordelikheid kan neem, sy eie probleme en struikelblokke kan oorkom en beheer oor daardie deel van sy lewe kan verkry. Die kind moet keuses tot veranderde gedrag maak en verantwoordelikheid vir hierdie keuses neem. Verantwoordelikheid en beheer oor sy lewe kan egter nie net aan die kind gegee word nie. Dit geskied deurdat die kind deur ervarings leer. Die kind moet leer om self sy besluite te neem en deur te voer.

Verskillende skrywers is dit eens dat die terapeut die kind moet help om te besef dat hy vir homself verantwoordelik is. Hierdie wete word deur die terapeut se houding oorgedra; die kind kry die geleentheid om keuses te maak, en hierdie keuses word deur die terapeut gerespekteer. Die terapeut kan die kind tot verantwoordelikheid lei deur nie alle vrae vir hom te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beantwoord nie en hom toestemming te gee om homself te wees en vir homself te praat. Die terapeut moet ook daarop let om nie die kind te help wanneer hulp nie nodig is nie, en die kind toelaat om die proses self te lei (Axline, 1989:101; Schoeman, 1996b:36 en Landreth, 195).

Wanneer die terapeut die verantwoordelikheid vir verandering en keuses aan die kind gee, plaas sy hom in die middel van die proses waar hy sy persoonlike sterk punte sal ontdek (Landreth, 1991:189 en Axline, 1989:101).

Spesifieke tegnieke wat benut kan word om die kind se verantwoordelik-heidneming te versterk, word deur Thompson & Rudolph (1996:145) bespreek. Die gebruik van onvoltooide sinne wat deur die kind ingevul moet word, is 'n gestalttegniek waar keuses insig en verantwoordelikheid ontwikkel. Die volgende voorbeelde word genoem:
"Op hierdie oomblik voel ek _____ ,en ek neem _____% verantwoordelikheid vir hoe ek voel." Hierdie tegniek laat nie ruimte daarvoor dat die kliënt verantwoordelikheid na ander kan skuif nie, en is volgens die navorser veral bruikbaar wanneer die kind ander persone of die "allergie-monster" vir sy gedrag beskuldig. Waar die kind byvoorbeeld gebruik maak van stellings soos "ek kan nie", moet hy gehelp word om dit eerder as "ek wil nie" te verbaliseer. Sodoende word die kind gehelp om meer in beheer van sy omstandighede te voel en sal hy met die nodige ondersteuning gehelp kan word om die taak wel te bemeester.

Dit is navorser se oortuiging dat die kind verantwoordelikheid vir allergeen-vermyding en siektebeheer (sy eie gesondheid) kan neem wanneer sy beheer gevestig is en verhoogde bewustheid van alternatiewe vir behoeftebevrediging voorkom.

Navorser is daarvan oortuig dat kinders meer verantwoordelik optree wanneer hulle bevoeg voel en presies weet wat die regte ding is om te doen. Deur spesifieke verantwoordelike gedrag aan hom te verduidelik, word die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kind gehelp om die gevolge van sy spesifieke aksies te verstaan. Wanneer spesifieke aspekte van sy gedrag en hul gevolge verduidelik word soos: " Jy moet elke aand voor jy gaan slaap een Zyrtec pilletjie drink en elke neusgat twee maal spuit sodat jou neus nie in die nag toegaan en jy sleg slaap nie", word die kind beter ingelig as wanneer 'n vae opdrag soos "jy moet na jouself kyk" gebruik word.

Die kind wat weet wat hy behoort te doen om sy allergiese siekte te beheer, en in staat is om aan die eise van die taak wat aan hom opgedra is te voldoen, kan volgens navorser tot die mate wat op sy ouderdom van hom verwag word, beheer oor sy situasie verkry, probleemoplossende keuses maak en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem.

4.9 EKSPERIMENTERING MET NUWE GEDRAG

In die veilige terapeutiese vertrouensverhouding moet die terapeut volgens Korb, *et al.* (1989:19) die kind aanspoor om met gedrag en ervaringe te eksperimenteer, ten einde in staat te wees om selfinsig in sy probleme en die instandhouding van negatiewe gedrag te ontwikkel. West (1992:11) meld dat die kind saam met die terapeut in die speelkamer nuwe gedrag kan inoefen totdat hy op sy gemak daarmee voel, dit deel van sy verwysingsraamerk kan maak en dit as sy eie gedrag kan uitlewe. In aansluiting hierby meld Oaklander (1988:282) dat die kind geleentheid moet kry om keuses te maak en met nuwe gedrag te eksperimenteer deur byvoorbeeld onvoltooide sinne en rollespel as hulpmiddels te benut.

Navorser is van mening dat daar binne die veilige terapeutiese verhouding tussen die spelterapeut en die kind geleentheid geskep moet word waarin die kind sy nuwe gedrag kan oefen en daarmee kan eksperimenteer. Die allergiese kind kan byvoorbeeld gevra word om binne rollespel op 'n aanbod vir melksjokolade by 'n partytjie te reageer. Verantwoordelike behoeftevervulling kan hierdeur versterk word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na die identifisering van en eksperimentering met probleemoplossende alternatiewe binne die spelterapeutiese situasie, kan die kind volgens navorser daardie gedrag gedurende die volgende week in sy lewensituasie gaan toets. Slegs deur eksperimentering met en ervaring van hierdie gedrag kan hy bepaal of dit binne sy situasie as oplossing vir die probleem suksesvol is. Die kind word daarna gehelp om hierdie nuwe gedrag in terme van polariteite te evalueer en aanpassings ter verbetering te maak.

Die uiteindelike doel van eksperimentering met gedrag is volgens navorser dat die kind die geleentheid benut om sy gedrag herhaaldelik te evalueer en aan te pas todat dit 'n aanvaarbare, praktiese oplossing binne sy verwysingsraamwerk word wat hy sy eie kan maak (kan assimileer).

4.10 KONFRONTERING VAN ONTOEPASLIKE GEDRAG

Gewoonlik nadat 'n kind deur die terapeutiese proses beweeg het, val negatiewe gedragspatrone weg en toon die kind 'n gesonder lewenstyl en interaksie. Maar soms vind hierdie veranderinge nie plaas nie. Dan begin die terapeut op die gedrag en simptome konsentreer (Oaklander, 1994:154).

Die skrywers West (1992:102) en Oaklander (1988:189) is dit eens dat onvanpaste gedrag geïdentifiseer en gekonfronteer moet word, maar dat die terapeut moet onthou dat kinders dikwels negatief op konfrontasie of kritiek reageer. Die kind moet dus op 'n sensitiewe en aanvaardende wyse op die aksie in die hier-en-nou attent gemaak word.

Die mees algemene ontoepaslike gedrag wat navorser by allergiese kinders sien, hou verband met onverantwoordelike allergeenblootstelling. Die kind onderdruk sy bewustheid van sy allergiese siekte en sy hantering daarvan. Hy is nalatig in sy medikasiegebruik, steel kos wat hy nie mag eet nie, en hoop dat hy nie siek gaan word nie. Dit hou volgens navorser verband met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die valse laag in Perls se vyf lae van doeltreffende kontak waar die kind die realiteit ontken en voorgee dat die allergiese siekte nie voorkom nie.

Dit is volgens navorser noodsaalik dat die spelterapeut die kind met spesifieke aspekte van sy ontoepaslike gedrag moet konfronteer. Die kind moet van sy gedrag, gedagtes en gevoelens wat tot die probleem bydra bewus word. Wanneer die kind op 'n sensitiewe wyse hiermee gekonfronteer word, kan hy insig in die faktore wat groei belemmer ontwikkel, en tot verantwoordelike gedrag gemotiveer word.

4.11 SELFVERTROETELING

Enige kind het nodig om homself soms te bederf en te vertroetel ten einde sy balans te herstel (homeostase te bereik). Schoeman (1996e:181) meld dat die kind moet leer om homself te vertroetel ten einde sy beheer en mag te behou. Hy moet homself kan vergewe vir wat hy gedoen het en moet homself bietjie kan bederf, liefhê en koester. Veral waar die allergiese kind byvoorbeeld nie melksjokolade of -roomys kan benut om homself te bederf nie, moet hierdie kind gehelp word om ander alternatiewe waarvan hy ook baie hou te identifiseer. Spesifiek in die geval van suiwelallergie kan die kind "Albany" sjokolade eet, of iets doen waarvan hy baie hou.

Dit is ook soms nodig dat selfkoestering as terapeutiese tegniek benut word om aan die kind die geleentheid te bied om die dele waarvan hy nie hou nie te aanvaar ten einde integrasie van sy totale menswees te ervaar. Die eerste deel van die proses behels die uithaal van daardie haatlike dele van die self. Wanneer 'n kind besef dat dit slegs een aspek van die self is, is dit 'n nuwe begrip. Wanneer die deel geïdentifiseer is, kan die kind versoek word om dit te teken, of 'n kleifiguur te maak of 'n handpop te kies. Die haatlike deel word dan ten volle beskryf, selfs oordryf. Op hierdie wyse kry die kind geleentheid om aggressie eerder na buite as na binne, na die self uit te druk, waardeur selfondersteuning verskaf word vir die volgende stap om 'n selfkoesterings-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

element in die self te vind (Oaklander, 1994:153 en Pearson & Nolan, 1995:57).

Tydens die spelterapeutiese hantering van die allergiese kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens, maak die navorser spesifiek daarvoor voorsiening dat geleentheid vir selfvertroeteling aan die kind gebied word. Wanneer die terapeut agterkom dat die kind die "siek" deel van sy liggaam wat nie allergiese reaksies kan voorkom nie, verwyt, kan daar van selfvertroetelingsproses gebruik gemaak word. Die kind wat holisties gesien, sterker as die spesifieke "siek" deel is (die terapeut moet onthou dat die kind ook oor sterk, gesonde dele beskik) moet dan hierdie swak deel ondersteun en aanvaar terwyl hy daar is (die allergiese siekte kan ontgroei word, maar tot dit gebeur, moet die kind se sterker self na hierdie swak deel omsien). Daar word spesifiek tydens die derde sessie van die spelterapeutiese program geleentheid hiervoor gegee.

4.12 BEMAGTIGING

Bemagtiging behels die versterking van die self sodat die kind na selfondersteuning kan oorgaan. Volgens navorser word kinders soms deur gevoelens van magteloosheid, angstigheid, minderwaardigheid en skuld oorweldig wanneer hulle aan probleemsituasies of traumatiese gebeure wat buite hul beheer of bo hulle hanteringvermoë is, blootgestel word. Die taak van die terapeut is om die kind te help, te bemagtig en om sy selfwaarde te verhoog, ten einde sy gevoelens van magteloosheid en angstigheid te hanteer en te omskep in gevoelens van beheer en bemeestering.

Wanneer daar van die allergiese kind verwag word om verantwoordelike gedrag te toon, is dit volgens navorser nodig om hom te help om self te glo dat hy dit kan regkry. Dit kan bereik word deur op sy moontlikhede of vermoëns (sy "sonkolle") te fokus, maar hom ook te help om realisties oor sy beperkinge ("vrotkolle") wat hom rem, te wees. Die kind word tot groter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfondersteuning bemagtig deur hom tot bewustheid te begelei van hoe hy hierdie sterk punte kan benut in die suksesvolle beheer van sy allergiese siekte. Die terapeut kan byvoorbeeld die volgende aan die kind sê: "Kom ons kyk hoe jy hierdie sonkolle kan gebruik om makliker met die allergiemonster saam te lewe". Die kind moet glo dat hy die allergiemonster swakker kan maak en kan wen. Dit word bereik deur die kind te help om sy positiewe, sterk punte in ag te neem en ook spesifieke gedrag wat die allergiese reaksies inhibeer, aan te moedig.

Die bied van geleenhede vir bemeestering as deel van bemagtiging is vir navorser baie belangrik. Daar moet tydens alle interaksie met die kind in die middelkinderjare in ag geneem word dat die kind daarna strewe om iets reg te kry - mislukking lei tot gevoelens van minderwaardigheid en verminder volgens navorser die kind se waaghouding. Wanneer die kind binne die spelterapeutiese situasie iets regkry, sal hy begin glo dat hy ook buite hierdie situasie (en dus in sy lewe) dinge kan regkry. In die spelterapeutiese situasie hou dit die implikasie in dat mediums beskikbaar moet wees wat by die kind se ouderdom en ontwikkelingsvaardighede pas.

Die terapeut moet erkenning gee aan suksesse van die gedrag wat hy bemeester het. Wanneer die kind vir 'n week kan ophou om kos te steel en die positiewe resultate ervaar, bemagtig dit hom en dien dit as motivering om hierdie verantwoordelike gedrag uit te brei of voort te sit.

Dit is laastens volgens navorser noodsaaklik om die kind te help om steunstelsels (soos sy ouers, maats, ander familielede en volwassenes) te identifiseer. Dit is noodsaaklik dat daar by die kind in die middelkinderjare as deel van bemagtiging ook klem op sy benutting van ondersteuning uit die gemeenskap geplaas word. Die kind moet gehelp word om ondersteuning uit die gemeenskap te identifiseer en te verkry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deel van die kind se bemagtiging en selfondersteuning, is om hom te help om mense in sy omgewing te identifiseer wat hom kan help tot volgehoue verantwoordelike gedrag. Die kind het ondersteuningstelsels nodig wat hom kan help, aanmoedig en bystaan in sy eksperimentering met nuwe gedrag. Sonder sy omgewing sal die kind nie in staat wees om sy gestalt te voltooi nie.

Dit is volgens Webb (1991:19) belangrik dat die terapeut saam met die kind sy ondersteuningsnetwerk sal identifiseer, aangesien die kind sy innerlike proses makliker sal hanteer indien hy die ondersteuning of hulp van sy ouers, familie, vriende of die gemeenskap het. In aansluiting hierby meld Matsemela & Van der Merwe (1996:167) dat die kind gehelp moet word om persone en strukture in sy omgewing wat as steunstelsels kan dien, te identifiseer. Die ouers kan direk betrek word en die kind kan verder gehelp word om ‘n ondersteuningsnetwerk in sy vriendekring te vind.

Dit is volgens navorser tot die kind se voordeel om persone uit sy daaglikse omgewing as bronne vir ondersteuning te identifiseer. Hierdie persone moet die kind se allergiese siekte, en die beperkings wat dit op sy leefwyse plaas, verstaan en hom daarin ondersteun om verantwoordelike keuses te maak. Dit is egter belangrik dat hierdie persone hom sal ondersteun, maar nie namens hom besluite sal neem nie. Dit is verder ook belangrik dat die kind sowel volwassenes as ander kinders identifiseer wat hom kan help. Volwassenes kan hom help om die verantwoordelikheid te hanteer, terwyl sy portuurgroep se ondersteuning ook sosiale aanvaarding, ten spyte van die aanwesigheid van ‘n allergiese siekte, inhou.

Die kind moet dus binne die spelterapeutiese situasie in homself begin glo, sy eie sterk punte raaksien, en weet dat hy wel beheer oor die allergiese siekte kan neem. Hy moet egter ook begelei word om ‘n steunstelsel in sy onmiddellike omgewing te identifiseer wat hom kan help om met hierdie verantwoordelike behoeftebevrediging (gedrag) voort te gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.13 TERMINERING

Tydens die bespreking van terminering is dit belangrik om tussen die terminering van elke sessie en die terminering van die reeks te onderskei.

4.13.1 Terminering van elke sessie

Tydens die terminering van elke sessie binne die spelterapeutiese reeks, is dit belangrik om af te sluit deur te bepaal wat vir die kind tydens die sessie uitgestaan het. Verder word die kind ook na die volgende sessie genooi en waar nodig praktiese reëlings getref.

Na terminering van elke sessie is dit volgens navorser ook noodsaaklik dat die terapeut die sessie sal evalueer en die spesifieke aspekte wat tydens die sessie hanteer is, sal assesseer. Wanneer daar met die chroniese allergiese kind gewerk word, is dit volgens navorser nodig om spesifiek die volgende aspekte na elke sessie te assesseer:

- Die kind se bewustheid van homself en die invloed van die allergiese siekte op sy funksionering waar onderskei word tussen
  * die kind se begrip van allergiese siektes
  * die kind se bewustheid van die invloed wat die siekte op sy lewe uitoefen.

- Die kind se bewustheid van sy omgewing (sensoriese kontakmaking).

- Die kind se emosionele hantering van sy allergiese siekte waar onderskei word tussen
  * die kind se bewustheid van die emosionele reaksies wat hy ervaar
  * die kind se vermoë tot emosionele uitdrukking en gepaste hantering daarvan.

- Die mate van beheer wat die kind oor sy allergiese siekte ervaar en uitoefen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die mate van verantwoordelikheid wat die kind vir sy gesondheid neem waar onderskei word tussen
  * die kind se vermoë om gepaste keuses uit alternatiewe vir behoeftebeverdiging te maak
  * die kind se vermoë om verantwoordelikheid vir hierdie keuses te neem.

4.13.2 Terminering van die reeks

Die afsluiting is nie net 'n einde nie, maar 'n belangrike komponent van die gestaltterapeutiese proses. 'n Spesiale sessie (wat vooraf bespreek is) word gereël.

Volgens Geldard & Geldard (1997:84) is dit in die voorbereiding op afsluiting nodig om openlik met die kind hieroor te praat en sy gevoelens te eksploreer. Dit kan ook nuttig wees om die kind by 'n aktiwiteit te betrek wat daarop fokus om vas te stel hoe dit is om die terapeutiese verhouding te verlaat. Kinders kan soms ambivalente gevoelens oor die afskeid ervaar en dit is belangrik om hulle toe te laat om hierdie gevoelens met die terapeut te deel. Oaklander (1994:155) sluit hierby aan deur te meld dat die kind gevra kan word om die gemengde gevoelens wat by terminering ervaar word te teken en so hieraan aandag te gee. Dit is volgens navorser ook belangrik om in ag te neem dat daar regressie by die kind kan voorkom omdat hy nie wil afsluit nie.

Die spelterapeutiese reeks wat vir die doel van hierdie studie gebruik word, bestaan uit sewe sessies, dus is daar 'n vasgestelde afsluitingsdatum. Dit is egter belangrik om, indien die behoefte bestaan, wel verdere sessies vir oop projeksie toe te laat.

Dit is volgens navorser belangrik om die kinders vroegtydig vir afsluiting voor te berei. (Vergelyk Oaklander, 1988:201.) Reeds vanaf die eerste sessie noem die terapeut aan die kind hoeveel sessies hulle al saam gespeel het en hoeveel oorbly, en dit word konkreet op 'n kalender voorgestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die terminering van die reeks is volgens navorser net so belangrik as die res daarvan. Daar moet met groot sorg op die kind se gevoelens en finale projeksie gelet word ten einde die reeks ook as voltooidheid by hom af te sluit.

Die navorser handhaaf net soos Oaklander (1988:201,202) 'n "open door policy" en stel dit baie duidelik aan die kinders dat hulle op enige later stadium welkom is om weer met die terapeut te skakel. Dit is volgens navorser belangrik aangesien die allergiese kind moontlik in 'n later stadium weer spelterapeutiese hulp kan benodig om nuwe krisisse wat uit sy reaksies voortspruit, aan te spreek.

4.14 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Verskillende stappe word opeenvolgend as proses tydens spelterapeutiese intervensie benut. Hierdie hoofstuk is gebruik om die volledige spelterapeutiese proses wat tydens terapie met die allergiese kind benut word, te bespreek. Eerstens is daar op die hantering van die kind se proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) gefokus. Ten einde suksesvol in die benadering van die kind as holistiese wese te wees, moet die terapeut tydens spelterapie sowel die kind se proses deurlopend in ag neem, as die kind se bewustheid daarvan verhoog.

Die daarstelling en versterking van die "Ek-Jy" - verhouding (of terapeutiese verhouding) is as eerste stap van die proses hanteer. As verskillende aspekte van hierdie belangrike voorvereiste vir verdere terapie, is daar op die kontakmakingsproses, die vestiging van 'n warm, vriendelike verhouding waarin die terapeut in kontak met die kind bly, die daarstelling van 'n atmosfeer van veiligheid en sekuriteit en die daarstelling van grense of beperkinge gefokus. Verdere eienskappe van die terapeutiese verhouding wat bespreek is, is outentisiteit, nie-bedreigende kontak en doelgerigtheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laastens is spesifieke persoonlikheidseienskappe van die spelterapeut wat belangrik vir ‘n goeie terapeutiese verhouding is, bespreek.

Die tweede stap in die proses is die verhoging van bewustheid. Eerstens is daar aandag aan die noodsaaklikheid van optimale bewustheid gegee. Daarna is aandag aan die verskillende aspekte van bewustheid, naamlik bewustheid van die self en bewustheid van die omgewing (en spesifiek die allergiese siekte) gegee. Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking, die benutting van asemhaling en liggaamshouding en die benutting van ‘n “allergiemonster”- metafoor om verhoogde selfkennis en siekte-begrip te bereik, is as laaste aspekte van bewustheid bespreek.

Die volgende stap in die proses behels dat daar geleentheid vir projektering van die kind se voorgrondbehoefte gebied word. Beide skeppende spel (wat vir die doel van die studie teken, vingerverf, klei- en sandwerk inhou) en gedramatiseerde spel deur handpoppe, is as projeksiemediums bespreek. Sowel die kenmerke van elke medium as die benutting daarvan tydens intervensie, is volledig hanteer.

Die verdere stappe van intervensie wat ná projeksie benut word om die kind te help om sy geprojekteerde voorgrondbehoefte te hanteer en ‘n oplossing vir die vervulling daarvan te vind, is vervolgens bespreek.

Eerstens is daar op die fasilitering van emosionele uitdrukking en op die hantering van die emosies gefokus, waar die verhoging van die kind se bewustheid van wat hy ervaar, sy hantering daarvan en die spelterapeut se hantering van die kind se emosies, bespreek is.

Tweedens is die fasilitering van probleemhantering bespreek. Hier word tussen begeleiding tot aanvaarding van die realiteit van die probleem in die hier-en-nou, hulp aan die kind om beheer oor sy situasie te verkry en ‘n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oplossing daarvoor te vind, en die versterking van die kind se verantwoordelikheidneming, onderskei.

Die laaste stappe wat bespreek is, sluit eksperimentering met nuwe gedrag, die konfrontering van ontoepaslike gedrag, selfvertroeteling by die kind en bemagtiging in. Ter afsluiting is terminering bespreek waar tussen die terminering van elke sessie en die terminering van die terapeutiese reeks onderskei word.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat al die verskillende aspekte as deel van die terapeutiese proses tydens spelterapie benut kan word. Waar daar in hierdie studie met die allergiese kind in die middelkinderjare gewerk word, is dit van kardinale belang dat die kind se unieke proses en ontwikkelingsfase deurgaans in ag geneem word en dat elk van hierdie stappe benut word om die kind te help om beheer oor sy reaksies te neem en balans (homeostase) te bereik.

Dit is volgens navorser belangrik dat die terapeut wat optimale hulpverlening aan ‘n kind (en spesifiek die allergiese kind) wil bied, deeglike kennis van al hierdie stappe sal neem. Die spelterapeutiese program waarin al hierdie aspekte benut word, word in hoofstuk vyf weergegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 5
PROGRAM VIR SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIE MET DIE ALLERGIESE KIND

5.1 INLEIDING

Soos reeds in hoofstuk drie vermeld, is dit die navorser se oortuiging dat gestaltspelterapie benut kan word om die allergiese kind te help om die negatiewe impak wat 'n allergiese siekte op sy optimale ontwikkeling en funksionering kan hê, te beperk. Die kind kan deur spelterapie begelei word om hierdie invloede en verbandhoudende emosies te identifiseer, dit te hanteer en hy kan bemagtig word om die eise en uitdagings wat deur die allergiese siekte in sy alledaagse lewe gestel word, te bemeester. Sodoende kan hy volgens navorser optimale funksionering bereik ten spyte van die voorkoms van die allergiese siekte.

Die doelstelling van spelterapeutiese intervensie binne hierdie studie is om die kind wat aan 'n allergiese siekte ly, in sy optimale holistiese ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die siekte tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry. Binne die spelterapeutiese program word op bewustheid, beheer en verantwoordelikheid gefokus. Die kind word gehelp om homself binne sy situasie beter te verstaan, die realiteit van die probleem wat hy ervaar te identifiseer, en dan tot probleemoplossing oor te gaan deur verantwoordelike keuses te maak en ondersteuning hiervoor binne homself en uit sy onmiddellike omgewing te verkry.

In hierdie hoofstuk word die spelterapeutiese program wat vir die doel van die studie saamgestel is, volledig weergegee. Elk van die sewe sessies word bespreek aan die hand van die doelwitte van die sessie, die tegnieke en mediums wat gebruik word en die belangrikste terapeutiese aspekte wat tydens die sessie in ag geneem moet word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2 SESSIE EEN

5.2.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

5.2.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.2.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die spelterapeut benut die eerste deel van die sessie om die kind tuis te laat voel en hom geleentheid te gee om homself sowel in die vreemde omgewing as ten opsigte van die verloop van die terapeutiese program te oriënteer.

Die kind word genooi om die speelkamer te ondersoek en daar word aan hom verduidelik dat hy sewe maal saam met die spelterapeut gaan speel en dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar oor allergieë gesels gaan word. Die spelterapeut gebruik 'n kalender om konkreet vir die kind te wys op watter dae daar gespeel gaan word. Daar word ook van 'n groot muur-horlosie gebruik gemaak om vir die kind te wys presies hoeveel tyd (45 minute) vir die speelsessie beskikbaar is.

Dit is belangrik dat die grense ten opsigte van tyd, die gebruik van materiaal, en aggressiewe gedrag duidelik aan die kind gestel word. Die volgende kan as riglyn gebruik word:
"Daar is net 'n paar reëls wat ons hier gebruik. Ons gaan elke Maandag van drie-uur tot kwart voor vier speel. Dit is jou speeltyd en jy kan op die horlosie op die muur kyk hoeveel tyd daar oor is. Ek sal 'n paar minute voor ons klaar is vir jou waarsku en dan moet ons klaarmaak. Ons kan nie langer as ons vyf-en-veertig minute speel nie. Die speelgoed wat ek hier het kan ongelukkig nie saam met jou huis toe gaan nie, omdat die ander kinders wat by my kom speel, ook daarmee wil werk. As iets per ongeluk breek, maak dit nie saak nie, maar werk asseblief versigtig daarmee. Die laaste reël is dat jy nie jouself of vir my mag seermaak nie. As jy iets wil slaan, kan jy die klei slaan of gooi of een van hierdie groot balonne boks.
(Sien die volledig bespreking van die instelling van grense by 4.3.3 vir verder inligting).

5.2.2.2 Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing

Bring die kind in kontak met sy eie liggaam en sy omgewing deur die volgende:

Fokus die kind se aandag op sy asemhaling en spanningsvlak.
Laat hom dan drie maal diep asemhaal en ontspan. "Trek jou longe so vol lug as wat jy kan. Blaas dan al daardie lug hard uit. Voel hoe al die moeg van vandag saam met daardie lug uit jou lyf uitblaas. Kom ons doen dit nog twee keer."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Trek hierna die kind se liggaamsbeeld op 'n rol ongedrukte koerantpapier wat vertikaal teen 'n muur geplak is, af. Laat die kind teen die muur staan om sy hoogte te bepaal en plak die boonste gedeelte van die papier met kleefband of wondergom by die kind se kophoogte aan die muur vas. Vra die kind om te help en sny die onderste deel van die papier op die grond af en plak dit ook vas. Vra die kind om voor die papier te staan sodat sy buitelyne op die papier afgetrek kan word.

Gee aan die kind die keuse of hy sy liggaamsbeeld met 'n blou, rooi of swart "Artline 70" viltpen afgetrek wil hê. Gebruik die dik viltpen en trek die kind se lyf af op papier sodat dit 'n beeld van sy vorm en lengte kan weerspieël. Gebruik nou 'n maatband om die kind se lengte te meet en skryf dit bo-aan die papier. Vra die kind om self sy naam en ouderdom op die papier neer te skryf. (Help kleiner kinders wat dit nog nie self kan doen nie).

Staan saam met die kind voor sy liggaamsbeeld en stel hom gerus indien daar lyne is wat skeef afgetrek is. ("Jy lyk darem nie regtig heeltemal so nie, ek kon net nie alles presies reg aftrek nie"). Laat die kind sy liggaamsbeeld beskryf en verdere detail op die prent met vetkryte of viltpenne inteken (sy hare, oë, neus, mond en klere as hy wil).
("Kom ons kyk wat jy kan teken wat hierdie lyne meer na jou eie lyf sal laat lyk").
Bied aan die kind 'n keuse - hy kan bo by die kop of onder by die voete begin.

Help die kind om sy lyf te beskryf. Gebruik polariteite om 'n duidelike beeld te verkry.
"Is jy lank of kort? Het jy groot of klein voete? Hoe lyk jou hande?
Kom ons kyk na jou kop - hoe lyk jou kop? Hoe voel hy? Hoe groot is hy?
Hoe lyk jou hare: dik/dun, styl/krullerig, donker/lig, lank/kort?
Watter kleur oë het jy: blou, groen, bruin of dalk 'n ander kleur?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Het jy ‘n ligte of donker vel? (vergelyk met terapeut se arms)
Het jy sproete op jou neus?
Hoe lyk jou mond? En jou tande?”

Vra die kind nou om elke sintuiglike orgaan op die papierbeeld en op sy eie liggaam te identifiseer en ‘n plakker by elkeen te plak. Gebruik die geel plakkers hiervoor (‘n kind sal dus ‘n plakker op sy eie neus en op die papierbeeld se neus plak).
Vra vir die kind: “Wat gebruik jy alles om meer te weet van wat om jou aangaan?”
Laat die kind elke sensoriese orgaan identifiseer en beskryf en fokus op voor- en afkeure en spesifieke polariteite.

* Die sintuiglike modaliteite word soos volg hanteer:
* Ore:
“Maak jou oë toe en luister of jy enige geluid hoor.
Wat hoor jy? (Terwyl die kind dit opnoem skryf die spelterapeut dit langs die plakker by ‘n getekende oor neer).
Hoor jy ‘n mooi klank of is dit lelik?
Waaraan laat dit jou dink?
Waarna luister jy graag (wat is vir jou mooi om te hoor?)
En wat klink vir jou lelik (wat wil jy nie graag hoor nie?)”

* Oë:
“Maak nou jou oë oop - wat sien jy in die kamer?
Wat is vir jou die lelikste en die mooiste in die kamer?
Waarna kyk jy die graagste?
Watter kleur is vir jou die mooiste?
Wat wil jy glad nie sien nie?
Watter kleur is vir jou die lelikste?”

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Neus:

“Is jou neus oop of toe?

Ruik jy op oomblik iets? Hoe ruik dit?

Wat ruik vir jou die lekkerste?

Wat ruik vir jou die slegste?

Waaraan laat dit jou dink?

Is dit ‘n lekker of slegte herinnering?”

* Mond:

“Proe jy enige iets in jou mond?

Indien wel - waarna smaak dit?

Maak asseblief nou jou mond oop en jou oë toe.

(Plaas ‘n pepperment in die kind se mond sodat hy ‘n verskil kan proe.)

Hoe smaak dit nou?

Wat eet jy die graagste?

Wat is vir jou baie lekker?

Wat wil jy glad nie eet nie?

Wat is vir jou baie sleg?

Hoe voel jou hart as jy die goed moet eet?”

* Vel:

Laat die kind op sy hele vel fokus - sy gesig, arms, hande, bene en voete.

“Wat voel jy op die oomblik?

Hoe voel die vloer vir jou: koud of warm, hard of sag, grof of glad?

Hoe voel die klere aan jou lyf?

Waaraan vat jy graag?

Wat voel vir jou sleg as jy daaraan vat of as dit teen jou raak?”

(Hierdie aktiwiteit lei tot groter selfkennis en aanvaarding van sy liggaam en versterk ook sy identiteitsvorming.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.2.3 Die bepaling van allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar

Vra vir die kind “Hoe voel jou lyf as jy iets inkry waarvoor jy allergies is ?” (Verwys na verskillende sensoriese organe en hul funksies). Kan ek jou ‘n paar vrae hieroor vra?” (Gebruik die vraelys en gaan dit saam met die kind deur om ‘n voortoets vir die navorsing te verkry.)

Ter wille van tydbesparing word die vraelyste saam met die kind voltooi. Dit moet as gestruktureerde vraelys hanteer word waar die vrae bloot gestel word en sonder bespreking neergeskryf word om subjektiewe beïnvloeding te vermy. Vir die kleiner kinders moet terme waar nodig eenvoudiger gestel word.

(Die vraelys wat die kind se moeder moet voltooi, word aan die begin van die sessie saam met die eerste ouerleidinginligting aan haar gegee. Terwyl die kind se moeder in die wagkamer sit , kan sy die vraelys rondom die invloed van die allergiese siekte op die kind se funksionering voltooi.)

5.2.2.4 Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes

Die spelterapeut moet aan die kind verduidelik dat elke mens ‘n afkeer aan sommige stowwe het en dat mense ook vir sekere stowwe allergies kan wees. Gebruik voorbeelde van kossoorte wat die kind self as allergene geïdentifiseer het. Noem ook aan die kind dat dit nodig is om te weet waarom hierdie stowwe hom siek maak en dat die terapeut vir hom wil verduidelik presies wat die term “allergie” beteken.

Gebruik die volgende metaforiese verduideliking van allergiese siektes (op die kind se ontwikkelingsvlak) om die kind tot verhoogde siekte- en selfbegrip te lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"'n Mens het soldate in jou liggaam wat jou oppas en enige slegte kiem of virus doodmaak as hulle hom in jou lyf kry. Hierdie soldaatselle kry hulle opdragte van hoofselle in jou lyf wat vir hulle sê dat hierdie ding wat jy nou ingekry het, 'n kiem is en dat hulle dit moet aanval. Die soldate luister altyd na die opdragte wat hulle kry, hulle is bietjie te dom om self te besluit wanneer hulle moet aanval. Dit werk gewoonlik baie goed. Wanneer daar byvoorbeeld 'n griepvirus in jou lyf inkom, val hulle hom aan voordat hy jou siek kan maak.

Allergiese mense soos ek en jy het egter nie net hoofsoldaat- en soldaatselle nie. Daar is ook 'n allergiemonster wat jou baie graag siek wil maak. Gewoonlik lê hy en slaap en is hy so uit soos 'n kers. Hy kan niks doen as hy nie melk of sitrus of huisstof (noem die allergene waarvoor kind allergies is) inkry nie. Wanneer hy melk inkry, word hy wakker en baie sterk. Hy word dan sterker as die hoofsoldate en slaan hulle só dat hulle nie meer vir die soldaatselle kan vertel wat om te doen nie.

Hierdie allergiemonster wil graag oorlog maak in jou lyf. Daarom vertel hy dan vir jou soldaatselle om hul wapens te vat en teen jou eie lyf te veg (onthou hulle is dom; hulle kan nie self dink dat dit die verkeerde ding is om te doen nie). Dit veroorsaak dan dat jou neus begin loop, dat jou oë begin jeuk of _____ (beskryf fisiese allergiese reaksies wat by die betrokke kind kan voorkom).

Hierdie allergiemonster veroorsaak dus dat jou soldaatselle deurmekaar raak en jy word uiteindelik siek van dinge wat ander mense glad nie siek maak nie. Ons noem hierdie goed wat jou siek maak, allergene en dit kan enige iets wees wat jy eet, inasem of selfs net aanraak. Hierdie goed maak die allergiemonster sterk. Wanneer hy dit nie kry nie, word hy so swak dat hy net moet bly lê - hy kan dan niks aan ons doen nie.

Allergiese mense het almal 'n allergiemonster wat sterk word as hy allergene inkry en dan veroorsaak dat hulle siek word. Ons moet dus sekere dinge

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

doen om nie siek te word nie en dit is soms baie moeilik. Hierdie allergiemonster gaan oral saam met ons en kan maak dat ons lewens bietjie anders is as díe van ander mense wat nie allergies is nie. Gelukkig kan ons hierdie allergiemonster wen en dis hoekom jy hier is. Ons gaan saam speel en uiteindelik gaan ons kyk hoe ons hierdie allergiemonster kan wen, sodat hy jou nie so siek maak nie. Ons moet hom so pap maak dat hy nie eers krag het om op te staan nie! Ons wil hom aan die slaap hou en hom sommer met kettings aan sy bed vasmaak."

Terwyl die metafoor gebruik word om allergiese reaksies te verduidelik, kan die terapeut soldate, 'n hoofsoldaat en 'n allergiemonster op die kind se papierbeeld teken. Die spelterapeut teken die allergiemonster bloot as 'n kol op die papier sodat die kind self kan besluit hoe hy dink die allergiemonster lyk.

Die spelterapeut moet seker maak dat die kind die allergiese proses verstaan. Vra vrae wat sy begrip toets en pas die verduideliking by die kind se begripsvlak aan waar nodig.

Gee nou aan die kind geleentheid om die allergiemonster te teken en so konkreet gestalte aan die probleem te gee. Bied 'n keuse van geel of wit papier, en verskillende tekenmateriaal (potlode, vetkryte en viltpenne).
"Teken die allergiemonster soos jy hom sien - as hy slaap en niks kan doen nie, of wanneer hy wakker word en die soldate jou lyf laat aanval."
Dit is belangrik om die oorblywende tyd in ag te neem en aan die kind te noem dat hy 'n sekere hoeveelheid minute het om te teken voordat hy huis toe gaan.

5.2.2.5 Terminering van die sessie

Tydens die terminering van die sessie kan die spelterapeut 'n kort samevatting van die gebeure weergee en ook aan die kind vra wat vir hom lekker was. Die sessie word afgesluit met beplanning vir die volgende keer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende kan as riglyn gebruik word: “Vandag het ek en jy mekaar leer ken en het ons gekyk hoe jy lyk en wat die allergiemonster alles aan jou lyf kan doen. Nou weet jy ook hoe die allergiemonster jou lyf aanval. Ons het nog ses keer oor om te speel en volgende Maandag gaan ons weer drie-uur begin speel en kyk wat ons kan doen om die allergiemonster vas te bind.”

5.2.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- 2 Kopieë van die vraelys (een vir die ma, een vir eie gebruik met die kind)
- Inligtingstuk vir ouers
- Rol papier (ongedrukte koerantpapierrol) en skêr
- Gekleurde penne (blou, swart, rooi, pienk, pers en groen)
- Swart, blou en rooi viltpenne (“Artline 70”)
- Kleefband (“Sellotape”) en wondergom (“Prestick”)
- Maatband en liniaal
- Geel plakkers (3cm x 2cm) ten minste 12 per sessie (een vir elke sintuig en ekstra plakkers indien nodig)
- Horlosie met battery (groot wysers)
- Tekenmateriaal: Kleurpotlode, vetkryte, viltpenne, wit, blou en geel papier. Uitveërs, grys potlood (HB)

5.2.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

5.2.4.1 Die bou van ‘n terapeutiese verhouding

Die bou van ‘n gesonde “maatjie”-verhouding tussen die terapeut en kind is noodsaaklik vir enige verdere intervensie. Die terapeut moet ‘n warm, vriendelike verhouding vestig waarin goeie kontak so gou moontlik bereik kan word en die kind sowel fisies as emosioneel veilig voel. Die kind moet van die begin af weet dat hy die terapeut kan vertrou en dat sy hom onvoorwaardelik aanvaar. Dit is nodig dat die terapeut kalm, vriendelik, geduldig, empatiek, outentiek en kongruent sal optree. Sy moet opreg in die kind belangstel, na hom luister en dit wat hy bied, respekteer en erken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.4.2 Bepaling en verhoging van die kind se bewustheidskontinuum

Die kind moet gehelp word om homself te leer ken, verstaan en te weet wat hy graag wil hê (sy voorgrondbehoeftes duidelik kan identifiseer). Tydens hierdie sessie word die kind se bewustheid van homself, sy voor- en afkeure en sy begrip van allergiese siektes (en die invloed daarvan op sy fisieke funksionering) bepaal en verhoog.

Voordat die kind sy situasie kan aanvaar, 'n oplossing daarvoor kan vind en beheer daaroor kan neem, is dit nodig dat hy die situasie werklik verstaan. Wanneer die "allergiemonster"-metafoor gebruik word, is dit dus belangrik dat die spelterapeut seker moet maak dat die kind dit volledig begryp en indien nodig, moet sy aanpassings maak om dit nog duideliker (en meer konkreet) aan die kleiner kind te verduidelik.

5.2.4.3 Inagneming van die kind se proses

Dit is belangrik dat die spelterapeut deurentyd tydens elke sessie die kind se individuele proses dophou. Daar moet op die volgende aspekte gelet word:

- Die kind se nie-verbale kommunikasie wat in sy oogkontak, asemhaling, liggaamshouding en energievlakke weerspieël word.
- Die kind se vlak van bewustheid - sy bewustheid van homself, sy behoeftes en sy omgewing.
- Die kind se vermoë om keuses te maak en daarby te hou verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar).
- Die kind se wyse van emosionele uitdrukking (hoe hy sy voor- en afkeure identifiseer en gepaardgaande gevoelens uitdruk).

Indien daar vasgestel moet word in watter mate of op watter wyse die allergiese siekte die kind se funksionering beïnvloed, is dit noodsaaklik dat die spelterapeut die basiese funksionering van die kind se proses vroeg moet kan identifiseer. Hierdie aspekte moet ook in die verslag wat oor die sessie geskryf word, uitgelig word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kind se unieke proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) moet deurlopend tydens die spelterapeutiese proses in ag geneem en benut word, sodat die kind bewustheid van sy voorgrondbehoefte kan bereik en kan leer hoe hy dit kan vervul. Die terapie word volgens die kind se proses gerig, en sy tempo word gevolg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3 SESSIE TWEE

5.3.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

5.3.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.3.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die spelterapeut bied aan die kind die geleentheid om homself ten opsigte van die hier-en-nou te oriënteer deur hom te vra wat gedurende die week gebeur het en hoe dit nou met hom gaan.

Vervolgens oriënteer die terapeut die kind ten opsigte van die hoeveelheid sessies wat oorbly en die hoeveelheid tyd wat vir die sessie beskikbaar is. Die terapeut kan die volgende as riglyn gebruik:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Ek is baie bly dat jy vandag weer by my kom speel het. Kom ons merk op die kalender af dat dit vandag ons tweede keer is en kyk hoeveel keer ons nog gaan kom speel. Daar teen die muur is ons horlosie. Ons het weer vyf-en-veertig minute om te speel. Dit is nou drie-uur, so ons kan tot kwart voor vier speel. Die lang arm van die horlosie is dan op die nege en die kort arm tussen die drie en die vier. Jy kan terwyl jy speel net op die horlosie kyk om te sien hoeveel tyd daar nog oor is, en ek sal jou ook tien minute voor die tyd waarsku om dit waarmee jy besig is klaar te maak."

5.3.2.2 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking

Verhoogde sensoriese bewustheid word by die kind gefasiliteer deur die benutting van liggaamsbeweging, asemhaling en sig as sensoriese modaliteite. Die volgende kan as riglyn gebruik word:

"Kom staan hier by my. Vat dan jou hande en druk vir jou 'n muur weg. Druk vir jou 'n plek so groot soos wat jy wil hê om te speel. Druk na alle kante toe, boontoe en ondertoe!

Haal nou lekker diep asem. Trek jou longe vol lug en blaas al die warm, al die moeg en alles wat sleg is hard uit.

Ontspan al die dele van jou lyf wat nog gespanne voel - jou skouers, arms, bene.

Maak jou oë toe en luister watter geluide jy alles hoor."

Die kind kom deur diep asemhaling op 'n ontspanne wyse in kontak met sy liggaam en sy sensoriese persepsies verbeter wat tot kontak met sy innerlike self lei.

Hierna word die "Listen Lotto"-stel van "Smile Educational Toys" gebruik. Die terapeut gebruik die klankkasset en ooreenstemmende prentkaarte om klank- en prentassosiasie te doen.

Bied aan die kind 'n keuse tussen die verskillende prentkaarte en verduidelik aan hom dat hy assosiasies tussen die verskillende klanke en prentkaarte moet maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Ons gaan vandag na verskillende geluide luister wat jy op hierdie prentkaarte moet uitwys. Hier is ses verskillende prentkaarte. Kies vir jou een. Vir elke geluid wat jy hoor en wat op die kaart voor jou is, pak jy 'n blou skyfie op jou prent. As die geluid nie op jou eie bord is nie, kan jy ook na hierdie ander vier kaarte voor ons kyk en die skyfie daar neersit. Kom ons kyk wie kry dit eerste. Luister mooi na die geluide."

Wanneer die kind 'n kaart gekies het, kies die terapeut ook een en pak die res van die kaarte voor hulle uit sodat die geluide wat daarop voorkom ook geïdentifiseer kan word. Die kasset word hierna gespeel en die terapeut vra die kind by sommige klankassosiasies waaraan dit hom laat dink en hoe hy daaroor voel.

5.3.2.3 Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid

Wanneer die terapeut tydens die gebruik van die "Listen Lotto"- stel die kind vra waaraan verskillende geluide hom laat dink en hom vra om dit aan emosies te koppel, word hy op sy emosionele bewustheid ingestel.

Die bladsy met twaalf verskillende gesigsuitdrukkings (sien p. 187) word volgende benut vir die bepaling en verbetering van die kind se emosionele bewustheidsvlak. Laat die kind die emosie wat hy aan die gesigsuitdrukking koppel bo die prentjie skryf - help kleiner kinders indien hulle daarmee sukkel. Nadat al die gesigsuitdrukkings geïdentifiseer is, vra die spelterapeut die kind om dit met situasies op die volgende prentkaart (sien p. 188) te assosieer, en situasies uit sy eie lewe wat hom so laat voel te identifiseer.

"Kom ons kyk of ons op hierdie volgende bladsy 'n prent kry wat by die gesigsuitdrukking pas. Is daar kere in jou lewe wat jy ook so voel? Wil jy vir my vertel wat dan gebeur?"

Wys die prente wat kommer uitbeeld aan die kind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Daar is nog een wat nie op die eerste bladsy is nie. Waaroor dink jy kan 'n mens jou bekommer? (Waaroor kan ons bekommerd wees?) Voel jy soms so? Wanneer?"

Die kind se begrip van verskeie emosies wat in verskillende omstandighede ervaar word, word volgende verhoog, waarna die terapeut die kind se aandag na die sandbak lei.

"Sien jy, 'n mens kan baie verskillend oor dinge voel. Een is bly omdat hy 'n geskenk gekry het - 'n ander een is bly want hy dink aan iets wat hom gelukkig maak. So kan jy bly wees as iets met jou gebeur, of jy kan aan iets dink wat jou bly of hartseer laat voel."
"Een van die dinge wat mense gewoonlik bly laat voel, is wanneer hulle aan 'n vakansie dink. Maak bietjie jou oë toe en voel wat jy dink hierdie is."

5.3.2.4 Die benutting van sand as projeksiemedium

As eerste stap in die benutting van sand as projeksiemedium bied die terapeut aan die kind die geleentheid om sensoriese kontak met die sand maak en simbole te gebruik om 'n toneel in die sand te skep.

Vra die kind om die sand tussen sy vingers deur te laat gly en ook die verskil tussen nat en droë sand te ervaar. Gebruik die volgende vrae om die kind se bewustheid te verskerp: "Hoe voel die sand vir jou? Hou jy daarvan? Waaraan laat dit jou dink?"

"Ek wil hê jy moet nou jou oë toemaak en aan alles wat jy graag saam met jou maatjies doen, dink. Wat van partytjies? Is die allergiemonster ook by jou huis, by partytjies of as jy saam met maatjies speel, teenwoordig? Pla hy jou? Ek wil hê jy moet mooi dink wanneer die allergiemonster jou die meeste pla en daardie prent in jou verbeelding sien."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Haal hierna die houer vol sandspeelgoed uit, gee aan die kind tyd om na almal te kyk en dan tien voorwerpe te kies.

"Hier is 'n houer vol verskillende goeters. Pak hulle bietjie almal uit en kyk hoe lyk hulle - neem maar jou tyd en kies dan tien items wat jy kan gebruik om 'n sandprent te bou. Bou asseblief 'n sandtoneel van die prent wat jy nou net in jou verbeelding gesien het. Daar waar die allergiemonster is as jy saam met jou maats speel, kamp of partytjie hou. Jy het tyd tot _____ (wys op horlosie) en dan kan jy my vertel wat jy gebou het.
Ons gaan aan die einde 'n foto van jou prent neem sodat ons later weer daarna kan kyk."

"Die sand beweeg net soos jy dit met jou hande vorm, jy kan slote daarin maak of dit met die hark gelyk skraap - 'n mens kan met hierdie sand maak net wat jy wil."

Vervolgens word die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies bepaal.
Gebruik Oaklander se veertien vrae (5.4.2.3) as riglyn, maar let spesifiek op die volgende:

* Laat die kind uitbrei oor die toneel wat hy geskep het en 'n storie daaroor vertel.
* Moedig hom aan om te vertel wat nou in die sandtoneel gebeur en wat nog gaan gebeur.
* Vra die kind om met sekere simbole in die sandbak te identifiseer
* Vra die kind om dialoog tussen verskillende objekte of dele van die toneel te laat plaasvind.
* Let op die betekenis wat die kind aan die simbole heg, ook op die afwesigheid van belangrike persone in die sandtoneel.
* Vra die kind of hierdie toneel in sy eie lewe inpas, en indien wel, op watter wyse.
* Vra vir die kind of die allergiemonster daar is, wat hy doen en hoe hy die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskillende figure se optrede beïnvloed. Bepaal ook watter gevoelens by die figure na vore kom en wat die kind se ervaring hiervan is.

5.3.2.5 Verdere terapeutiese intervensie

Nadat die kind sy projeksie voltooi het en bogenoemde stappe met hom deurgegaan is, word die terapeutiese proses in die hantering van die kind se voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies benut. (Sien kernaspekte wat tydens die sessie in ag geneem moet word).

5.3.2.6 Terminering van die sessie

Die sessie word afgesluit deur te bepaal wat vir die kind uitstaan van hierdie sessie en deur hom vir die volgende sessie te nooi.

"Ons tyd is nou klaar. Hoe was dit vir jou om vandag hier te speel? Is daar iets wat vir jou baie lekker of sleg was? Ons sien mekaar weer volgende Maandag drie uur hier. Ek hoop dat jy 'n lekker week en naweek sal hê."

5.3.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- Kalender
- Groot muurhorlosie met duidelike wysers en batterye
- Mat
- Listen lotto stel (klankkasset, prentkaarte, blou skyfies)
- Radio met kragprop wat pas
- Kaart met gesigsuitdrukkings (p. 187) en bypassende prent van mensfigure (p. 188)
- Sandbak, sand en sandspeelgoed
- Waterhouer of gietertjie
- Rooi plastiek tafeldoek sodat kind maar kan speel sonder om sand op die mat te mors
- Kamera met batterye en film
- Seep en handdoek (sodat kind hande kan was wanneer hy klaar met die sand gespeel het).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

Die terapeutiese proses wat tydens verdere intervensie benut word.
(Slegs kernaspekte word hier weergegee. Vir die volledige bespreking, sien hoofstuk 4).

5.3.4.1 Die verhoging van die kind se bewustheid van sy voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies

* Moedig die kind aan om volle bewustheid oor sy voorgrondbehoefte wat in projeksie na vore kom, te verkry.
* Help die kind om die globale probleem in spesifieke, hanteerbare aspekte op te deel en volle bewustheid hiervan te bereik.
* Rig dit op die hier-en-nou.
* Dit is noodsaaklik dat die terpeut moet onthou om nie self die skepping te interpreteer nie.

5.3.4.2 Die fasilitering van emosionele uitdrukking en die hantering van hierdie emosies

* Skep ‘n atmosfeer van veiligheid waar die kind se intense gevoelens onvoorwaardelik aanvaar word.
* Help die kind om tydens sy bespreking van sy projeksie die verbandhoudende emosies in die hier-en-nou uit te lig.
* Fokus op die kind se direkte ervaring.
* Moedig die kind aan om sy emosies te erken en te aanvaar.
* Help die kind om die betrokke emosie direk te ervaar en uitdrukking daaraan te gee.
* Die terapeut moet aan die kind toestemming gee om die emosie vry te laat.
* Erken die kind se emosie deur op te som wat gehoor word.
* Luister versigtig en gee ook aandag aan nie-verbale boodskappe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.4.3 Die hantering van die realiteit van die probleem

* Help die kind om die realiteit te erken - dit kan nie weggewens word nie.
* Bly binne die kind se verwysingsraamwerk (samevloeiïng is noodsaaklik).
* Fokus op die kind se huidige ervaring en die effektiwiteit van sy hantering van die probleem.
* Stel die kind binne spelterapie herhaaldelik aan keuses bloot om sy gevoel van beheer te versterk.
* Help die kind om in beheer van sy situasie te kom deur ingeligte keuses uit alternatiewe te maak. Benut polariteite om die verskillende aspekte van die alternatiewe deeglik te ondersoek. Deur alle gevolge van die keuse (sowel negatief as positief) in ag te neem, kan die kind kies wat uiteindelik die mees aanvaarbare keuse is.
* Benut selfgerigte stellings soos die volgende:
  " Ek kan nie_____, maar ek kan wel _____".
* Help die kind om 'n aksieplan op te stel waarin hy vir homself doelwitte stel en spesifieke aksies wat sy doelwitbereiking sal ondersteun, te identifiseer.

5.3.4.4 Versterking van die kind se verantwoordelikheidneming

* Bied aan die kind die geleentheid om keuses te maak en self verantwoordelikheid daarvoor te neem.
* Gee die kind toestemming om homself te wees en namens homself te praat.
* Waak daarteen om die kind onnodig met aktiwiteite te help.
* Verduidelik verantwoordelike gedrag in terme van spesifieke aksies.
* Help die kind om die gevolge van sy spesifieke aksies te verstaan.
* Gebruik selfgerigte stellings waar "ek kan dit nie doen nie" met "ek wil dit nie doen nie" vervang word soos van toepassing.
* Benut die "topdog-underdog" begrip deur die kind die volgende te laat verbaliseer: "Ek wil graag_____, maar ek moet_____".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.4.5 Eksperimentering met nuwe gedrag

* Moedig die kind aan om binne spelterapie met nuwe gedrag te eksperimenteer om dit deel van sy verwysingsraamwerk te maak (dit te assimileer).
* Moedig die kind aan om buite spelterapie die gedrag te gebruik en die effektiwiteit daarvan dan deur die benutting van polariteite te evalueer.
* Gee aan die kind die geleentheid om met die gedrag te eksperimenteer en dit aan te pas en te verbeter sodat dit binne sy situasie kan werk.

5.3.4.6 Konfronteer ontoepaslike gedrag

* Identifiseer spesifieke ontoepaslike aksies in die hier-en-nou op sensitiewe wyse.
* Maak die kind bewus van sy gedrag, gedagtes en gevoelens wat tot die probleem bydra.
* Fokus op die gevolge van hierdie gedrag wat groei vertraag.

5.3.4.7 Bied geleentheid vir selfvertroeteling

* Bied aan die kind die geleentheid om homself te vertroetel en lief te hê ten einde sy balans te herstel.
* Laat die kind aan ‘n lekker, veilige plek dink.
* Benut die selfvertroetelingstegniek spesifiek tydens die derde sessie sodat die kind ook sy swakker dele kan koester.

5.3.4.8 Bemagtiging

* Help die kind om self te glo dat hy dit kan regkry.
* Fokus sy moontlikhede of vermoëns (sy “sonkolle”), maar help hom om ook realisties oor sy beperkinge (“vrotkolle”) wat hom rem, te wees.
* Bemagtig die kind tot groter selfondersteuning (“kom ons kyk hoe jy hierdie sonkolle kan gebruik om makliker met die allergiemonster saam te lewe”).
* Help die kind om steunstelsels (soos sy ouers, maats, ander familielede en volwassenes) te identifiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesiggies.BMP

Bladsy A vir emosionele bewustheid







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy B vir emosionele bewustheid



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SESSIE DRIE

5.4.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

5.4.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.4.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die terapeut bied aan die kind die geleentheid om homself ten opsigte van die hier-en-nou te oriënteer deur hom te vra om die lekkerste en slegste aspek van sy dag met die terapeut te deel en vir haar te vertel hoe hy op daardie oomblik voel.

Oriëntasie ten opsigte van die terapeutiese sessies wat oorbly en die tyd beskikbaar, vind plaas deur die benutting van die muurhorlosie en kalander. (Sien 5.3.2.1 vir volledige beskrywing).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.4.2.2 Die benutting van ‘n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik

Gebruik die volgende fantasiereis waar liggaamlike ontspanning, diep asemhaling en sensoriese kontak aangewend word om die kind in kontak met sy proses te bring en by die hoofaktiwiteit, naamlik die tekening, uit te kom:

“Ek wil hê jy moet ‘n plekkie in die kamer kry waar jy gemaklik is. Jy kan sit of lê, nes jy lus voel en maak asseblief jou oë toe. As jy lekker sit gaan ek jou saam met my op ‘n fantasiereis neem. Hou toe jou oë en luister na alles wat om jou aangaan. Ek weet jy hoor my stem, maar luister mooi na ander geluide ook. Jy is nou in jou eie veilige plek(kie). Niemand gaan jou hier pla nie en jy kan maar net ontspan. Voel die vloer of mat waarop jy sit, voel die klere aan jou lyf en die lug om jou gesig. Hoe haal jy asem? Vinnige kort asems, of stadige, rustige asems? Haal drie keer diep asem. Trek jou asem in tot jy vol lug is, blaas dit weer uit. Doen dit weer. Voel nou of enige deel van jou lyf gespanne is. Moenie bekommerd wees as jy dit nie kan laat ontspan nie, weet net daarvan. Haal asem soos dit vir jou lekker is.

Ons gaan nou wegry. Weg uit die pienk kamer in die hospitaal, weg uit Pretoria. Ons gaan na ‘n mooi groen plek toe waar ‘n mens lekker kan stap. Dis Saterdagoggend. Jy hoef nie skool toe te gaan nie en ek hoef nie te gaan werk nie. Ons ry eers deur die besige verkeer waar baie motors verby ons jaag. Geleidelik word die pad stiller. Ons kom al nader aan ons stapplek en sien hoe groen die wêreld is. Goed, jy kan maar regmaak om uit te klim, ons het by ons stapplek uitgekom.

Vat jou rugsak of waterbottel, maar moenie dit te swaar laai nie, ons gaan ‘n hele entjie stap. Trek jou stapskoene aan en maak die veters goed vas!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons begin op ‘n klipperige paadjie loop. Besluit self waar jy wil loop. As jy nie saam met my wil loop nie, is dit doodreg. Bly net naby genoeg dat jy nog my stem kan hoor. En moet asseblief nie so agter raak dat jy verdwaal nie!

Ons loop al met die klipperige paadjie langs – gelukkig het jy tekkies aan, so jy hoef nie bang te wees om te gly nie. Kyk na die mooi blommetjies langs die pad. Kyk of die blare in die wind beweeg. Ruik die skoon lug en haal sommer weer diep asem. (Gee die kind kans om dit te doen).

Hier kom ‘n klein skilpadjie oor die pad. Kyk na die patrone op sy dop. Voel versigtig met jou vinger hoe die lyne op sy dop loop. Is dit skurf of glad? Trap mooi bo-oor hom.

Die paadjie word nou styler en ons loop berg-op. Voel hoe die son op jou kop skyn. As jy bietjie moeg is, moenie bekommerd wees nie, ons gaan nou-nou rus.

Loop tot bo en kyk wat sien jy alles om jou. Soek vir jou ‘n plat klip of rots uit en gaan sit daarop. Voel hoe die sonnetjie op jou rug bak.

Voor jou is ‘n pragtige vallei met ‘ n waterstroom waarin die sonlig blink. Alles is groen en oral is mooi blomme. Kyk na die oorkant van die vallei. Aan die een kant is dit donker, maar moenie bekommerd wees nie, jy hoef nie daarheen te gaan as jy nie wil nie. Aan die ander kant skyn die son en daar is verskillende bosse. Groottes, kleintjies, rondes en langes. Kies vir jou ‘n bos waarvan jy baie hou.

Omdat ons in ‘n verbeeldingsreis is, kan ons nou sommer voëls word. Strek jou vlerke uit en vlieg na jou bos toe. Gaan sit langs jou bos en kyk mooi hoe hy lyk.
Watter soort bos is dit? Is hy groot of klein?
Het hy vrugte of blomme? Hoe groot is sy blare?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Watter kleur is hy? Is sy stam grof of glad?
Hoe lyk sy wortels? Is daar dorings of stekerige takke aan die bos?
Wat is om die bos? Hoe lyk dit, hoe dink jy voel hy daaroor?
Wie sorg vir die bos? Wat het hy alles nodig?
Is daar iets wat hom pla of bang maak?

Jy kan besluit of jy ook 'n bos wil word. Dink aan alles wat ek nou net oor jou spesiale bos gevra het, en besluit of jy as bos ook so is. Goed bossie, as ek tot by drie getel het, word jy weer 'n mensekind en gaan jy terug na die pienk kamer in die hospitaal in Pretoria. As jy daar kom, hou jou oë nog bietjie toe en kies self wanneer jy dit wil oopmaak." (Terapeut tel stadig tot by drie en wag tot die kind self sy oë oopmaak).

5.4.2.3 Die benutting van teken as projeksiemedium

Vra die kind na afloop van die fantasiereis of hy dit geniet het en om na die tafel toe te beweeg. Stel blou, wit en geel papier en viltpenne, penne, potlode en pastelle beskikbaar, en vra die kind om sy bos te teken soos hy dit gesien het.

Stel die kind oor sy tekeninge gerus deur aan hom te verduidelik dat sy tekenvaardigheid nie getoets word nie - hy sal geleentheid kry om sy prent aan die spelterapeut te verduidelik.
Noem aan hom dat hy tien minute kry om te teken.
Speel klassieke agtergrondsmusiek soos Vivaldi se vier seisoene wat tot 'n ontspanne stemming bydra.

Let op die kind se proses terwyl hy teken. Let op hoe hy die tekenmateriaal gebruik en sy prent benader.

Gebruik Oaklander (1988:53-56) se benadering tot tekeninge om die kind se voorgrondbehoefte te bepaal en terapeuties te hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

1. Motiveer die kind om sy ervaring ten opsigte van die teken van sy prent met jou te deel. Bepaal watter gevoelens betrokke was en hoe hy die taak benader en voltooi het.

2. Laat die kind die tekening met jou deel. Laat hy dit in sy eie woorde beskryf.

3. Op 'n dieper vlak motiveer jy die kind nou tot verdere selfontdekking deur hom te vra om op verskillende dele van die tekening uit te brei. Sekere dele mag verduideliking verg. Hy moet die vorme, kleure, voorstellings, objekte en mense in sy prent verduidelik.

4. Daar kan nou aan die kind gevra word om sy tekening te beskryf asof hy die tekening is. Die woorde "ek is die prentjie" kan benut word. Byvoorbeeld: "Ek het 'n rooi kolletjie orals oor my en 'n swart blokkie in my middel."

5. Kies nou spesifieke dele in die prent waarmee die kind moet identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word om die swart vierkant te wees en homself te beskryf.

6. Vrae kan aan die kind gevra word om die proses aan te help, byvoorbeeld "Wat maak jy, wie gebruik jou, aan wie is jy die naaste?" Die terapeut kry dus die geleentheid om "in die tekening in" te beweeg. 'n Geleentheid vir betrokkenheid word geskep.

7. 'n Sekere deel kan uitgelig en oorbeklemtoon word om sodoende die kind se aandag te fokus. Die kind moet aangemoedig word om so ver as moontlik met hierdie deel te gaan. Vrae word dikwels hier benodig, byvoorbeeld: "Wat dink die blommetjie nou?" of "Wat gaan sy nou doen?" Die terapeut moet nie moed opgee indien die kind sê dat hy nie weet nie. Daar moet dan oorgegaan word na 'n volgende deel van die prentjie. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terapeut kan ook vir die kind haar eie antwoorde gee en vir die kind vra of dit reg is.

8. Die kind moet beweeg word om 'n gesprek tussen twee dele van die prent te voer. Dit is vir navorser duidelik dat polariteite hier gebruik word.

9. Moedig die kind aan om aandag te skenk aan die kleure wat gebruik is. Vra hom wat die betekenis van sekere kleure vir hom is. (Vergelyk Pearson & Nolan, 1995:14.)

10. Let op leidrade in die kind se stem of liggaamshouding, gesigs-uitdrukkings, asemhaling en stiltes. Stiltes kan beteken dat hy besig is om iets uit te sorteer, dat hy dink, angs en spanning ervaar of sommer net van iets bewus is.

11. Help die kind om sy tekening te besit. Hy moet met die tekening kan identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word of hy dikwels so voel en of dit in sy lewe inpas.

12. Verlaat die tekening en werk met die kind se lewensituasie en onvoltooidhede wat in die tekening uitkom. Bring die tekening met die kind se eie belewenis in verband. Is daar 'n ooreenkoms tussen die kind se lewe en sy tekening?

13. Soek die ontbrekende dele in die prent en skenk daaraan aandag.

14. Bly nou by die kind se voorgrond (dit waar energie gevind word.) Polariteite kan gebruik word indien dit nodig geag word.

Dit is belangrik dat die spelterapeut tydens die bespreking van die kind se tekening sal oplet na enige iets wat die bos bedreig, hartseer maak of andersins negatief beïnvloed. Tydens die bespreking van die toepassing van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die tekening op die kind se eie lewe, kan daar aan die kind gevra word of die allergiemonster ook in hierdie prent is en of hy deur 'n negatiewe aspek voorgestel word. Die kind word dan ook gevra of die allergiemonster naby sy bos is - indien wel, kan hy dit inteken.

Kyk deur middel van die bos-metafoor na die kind se emosionele funksionering, spesifiek sy selfbeeld, liggaamsbeeld en die mate van beheer wat hy ervaar.

5.4.2.4 Verdere terapeutiese intervensie

Nadat die kind sy projeksie voltooi het en bogenoemde stappe met hom deurgegaan is, word die terapeutiese proses in die hantering van kind se voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies benut.
(Sien 5.3.4 - kernaspekte wat tydens sessie twee in ag geneem moet word).

Benut hierna die selfvertroetelingstegniek en fokus op daardie deel van die liggaam wat die meeste deur die allergiemonster benadeel word.
(Sien 5.4.4.1).

5.4.2.5 Terminering van die sessie

Die sessie word afgesluit deur te bepaal wat vir die kind uitstaan van hierdie sessie en die kind te nooi vir die volgende sessie.

5.4.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- Kalender
- Groot muurhorlosie met duidelike wysers en batterye
- Mat
- Radio met kragprop wat pas.
- Kasset met klassieke musiek soos Vivaldi se "Vier Seisoene".
- Tekenmateriaal: potlode, pastelle, vetkryte, wit, blou, pienk en geel papier. uitveërs, en HB grys potlood.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.4.4. KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

5.4.4.1 Die benutting van selfvertroeteling as tegniek

Wanneer die terapeut agterkom dat die kind die "siek" deel van sy liggaam wat nie allergiese reaksies kan voorkom nie verwyt, kan daar van die selfvertroetelingstegniek gebruik gemaak word. Die kind wat holisties gesien, sterker as die spesifieke "siek" deel is, moet dan hierdie swakker deel ondersteun en aanvaar.

Gebruik die volgende stappe:

- Laat die kind die haatlike deel van die self uithaal.
- Die haatlike deel word ten volle beskryf, selfs oordryf.
- Help die kind dan om hierdie deel te aanvaar en te koester.

5.4.4.2 Die bou van die kind se selfbeeld en selfvertroue

Een aspek van die kind se lewe wat te alle tye in ag geneem en versterk kan word, is sy selfbeeld en selfvertroue. Hierdie aspek word as 'n spesifieke ontwikkelingstaak wat op persoonlike groei betrekking het, geformuleer as: "die vorming van 'n positiewe selfkonsep en 'n positiewe houding ten opsigte van sy liggaam." (Louw, *et al.,* 1998:326; Lefrancois, 1993:48 en Du Toit & Kruger, 1991:136-138). Die bou van 'n kind se selfbeeld en selfvertroue sluit vir navorser nou aan by bemagtiging. Die kind moet in sy eie vermoëns glo voordat hy bereid sal wees om te waag.

Die volgende riglyne kan gebruik word in die bou van die kind se selfbeeld en selfvertroue:

* Aanvaar die kind onvoorwaardelik - onthou daar is 'n verskil tussen die kind as mens en sy gedrag - al is dít wat hy doen nie aanvaarbaar nie, bly hy as mens onvoorwaardelik aanvaarbaar.
* Gee spesifieke lof en kritiek (meld spesifieke goed wat hy reg of verkeerd doen).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Wees te alle tye eerlik (ook as u moeg is en nie meer lus is vir die lawaai nie!)
* Neem saam met hom aan aktiwiteite deel (moenie net 'n toeskouer wees nie).
* Wys dat hy u kan vertrou - as u iets belowe, onthou dit en doen dit!
* Luister opreg na hom as hy met u praat - moenie maak of u luister nie.
* Erken en respekteer die kind se gevoelens - hy mag maar so voel, die wyse waarop hy dit uitdruk, is wel belangrik.
* Wees konsekwent in u optrede - ook met betrekking tot reëls.
* Gee aan hom (so ver moontlik) verantwoordelikhede.
* Gee aan die kind die geleentheid om keuses te maak.
* Onthou dat elke kind uniek en wonderlik is.
* Moenie die kind veroordeel nie - probeer sy persepsie en situasie verstaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.5 SESSIE VIER

5.5.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

5.5.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.5.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die terapeut bied aan die kind die geleentheid om homself ten opsigte van die hier-en-nou te oriënteer deur aan hom die geleentheid te gee om te vertel wat vanaf die laaste sessie gebeur het en hoe hy op daardie oomblik voel.

Oriëntasie ten opsigte van die terapeutiese sessies wat oorbly en die tyd wat beskikbaar is vind plaas deur die benutting van die muurhorlosie en die kalender. (Sien 5.3.2.1 vir volledige beskrywing).

5.5.2.2. Die verhoging van bewustheid van die self en die omgewing deur verhoogde sensoriese kontak

Eerstens word op die kind se asemhaling en ontspanning gefokus. Die kind word gevra om diep asem te haal en sy liggaam te ontspan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gebruik vervolgens 'n groot sak met verskillende voorwerpe om gevoel as sensoriese kontakmedium by die kind te versterk. Plaas die sak met verskillende voorwerpe op die geblinddoekte kind se skoot. Laat hy die items een vir een uithaal, dit bevoel en raai wat dit is. Die terapeut skryf op 'n kaart in numeriese volgorde wat die kind uithaal. Merk spesifiek die items wat hy verkeerd geïdentifiseer het, af. Nadat die kind alles uitgehaal het, haal sy die blinddoek van sy gesig af en wys vir hom wat elke item is terwyl hy weer daaraan kan voel en daarna kan kyk.

Vervolgens word op die kind se reuk- en gevoelsintuie gefokus deur soos volg met klei te werk te gaan:
Die kind word weer geblinddoek. Gebruik dan ses verskillende kleure en geure klei (blou "blueberry" , liggeel "piesang", geel "suurlemoen", rooi "kersie", groen "appel" en oranje "lemoen"). Laat die geblinddoekte kind aan die verskillende kleisoorte ruik en 'n reuk aan elkeen koppel. Vra ook waaraan die verskillende reuke hom laat dink.

Haal die blinddoek af en wys vir die kind die verskillende kleisoorte. Laat hy weer daaraan ruik en ook daaraan voel.

5.5.2.3 Die benutting van klei as projeksiemedium

Soos reeds genoem, word Oaklander se veertien stappe (5.4.2.3) by alle mediums benut. Navorser wil egter klem op die volgende aspekte plaas:

- Sensoriese kontak

Soos reeds in 4.6.3.2 beskryf, kry die kind eerstens geleentheid om die klei te druk, daaraan te ruik en dit selfs te proe, indien wenslik.
Laat die kind die klei hard druk en brei tot dit sag en warmer is.
Vra hom om dit dan in 'n bolletjie te rol en met sy vingers gate daarin te druk. Hy kan soveel gate druk as wat hy wil en ook so diep as wat hy wil. Vra hom om liggies in elke gaatjie te blaas en vertel aan hom dat dit help om 'n mens te laat dink dat dit wat uit die klei geskep gaan word, lewe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Bied geleentheid vir die vorming van die kleiskepping

* Laat die kind sy oë toemaak en hom verbeel dat hy by die skool is. Hy moet dink hoe dit daar lyk, klink en ruik. Vervolgens word die kind gevra om te dink of die allergiemonster hom by die skool (in die klas, tydens pouses of op die sportveld) pla.
* Vra die kind om dan 'n voorstelling van die invloed van sy allergiese siekte op sy skoollewe in die klei uit te beeld.
* Stel die kind gerus oor sy skepping - hy sal geleentheid kry om dit aan die terapeut te verduidelik.
* Gee ongeveer tien minute geleentheid aan die kind om sy kleiskepping te voltooi.
* Speel musiek terwyl hy besig is.
* Let op sy nie-verbale kommunikasie soos liggaamshouding, asemhaling en gesigsuitdrukkings.

- Vra die kind om te beskryf hoe dit vir hom was om met die klei te werk

* Werk in die hier-en-nou.

- Vra die kind om sy kleiskepping te beskryf

* Laat die kind sy kleiskepping van alle kante beskou.
* Vra die kind om homself te verbeel dat hy die kleiskepping is en hom te beskryf.
* Benut polariteite om die verskillende aspekte van die kleiskepping te beskryf.

- Bespreek die kleiskepping

* Vra die kind om dele van die kleiskepping te word en 'n stem daarvoor te wees.
* Die kind beskryf dan die kleiskepping se situasie.
* Moedig die kind aan om al meer inligting oor die kleiskepping en homself te deel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Toepassing van die kleiskepping op die kind se lewe en verdere terapeutiese intervensie

* Aangesien die kind gevra is om 'n spesifieke situasie wat op sy lewe van toepassing is, te skep, word daar dadelik aandag aan die kind se voorgrond gegee.
* Bly by die kind se voorgrondbehoefte en benut die verdere terapeutiese stappe om in die hier-en-nou die kind se hantering van sy behoefte en emosies te fasiliteer.

- Terminering van kleiwerk

Laat die kind self besluit wat met die kleiskepping moet gebeur wanneer hy niks verder daaroor wil sê nie.

5.5.2.4 Terminering van die sessie

Die sessie word afgesluit deur te bepaal wat vir die kind van hierdie sessie uitstaan en die kind vir die volgende sessie te nooi.

5.5.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- Kalender
- Groot muurhorlosie met duidelike wysers en batterye
- Mat
- Radio met kragprop wat pas
- Kasset met klassieke musiek
- Sak met dertig verskillende voorwerpe wat tydens sensoriese kontakmaking gebruik kan word. Voorbeelde van items: liniaal, potlood, sonbril, materiaal, klein sagte teddiebeertjie, plastiekkoppie, boekie, plastiekfigure.
- Klei van verskillende kleure en geure
- Kleispeelgoed: bord om op te werk, pizzames, plastieklepel en riffelsnyer
- Rooi plastiek tafeldoek
- Kamera met film en batterye

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

5.5.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

Let daarop om tydens die terapeutiese intervensie die aspekte wat in 5.3.4 bespreek is in ag te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.6 SESSIE VYF

5.6.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

5.6.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.6.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die terapeut bied aan die kind die geleentheid om homself ten opsigte van die hier-en-nou te oriënteer deur aan hom die geleentheid te gee om te vertel wat vanaf die vorige sessie gebeur het en hoe hy op daardie oomblik voel.

Oriëntasie ten opsigte van die terapeutiese sessies wat oorbly en die tyd wat beskikbaar is vind plaas deur die benutting van die muurhorlosie en die kalender. (Sien 5.3.2.1 vir volledige beskrywing).

5.6.2.2 Die verhoging van sensoriese kontak

Om sensoriese bewustheid van sig te verskerp word die kind gelei om op verskillende maniere na iets te kyk en so verskillende aspekte van ‘n saak in ag te neem. Laat die kind deur ‘n oktoskoop, vergrootglas, gekleurde selofaan en ‘n donkerbril kyk. Gebruik ook verfkleurkaarte en wys aan die kind hoe kleurtinte verskil. Verder word die prentkaarte 1 tot 4 (p. 208-211)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook gebruik om sig as sensoriese modaliteit te verskerp en voorkeure te bepaal. By ouer kinders kan Martin Handford se "Where's Wally" boek (1987, Walker Books Ltd.) (prentkaart 5, p. 212) en die drie-dimensionele prentkaart (prentkaart 6, p. 213) gebruik word.

Verduidelik aan die kind dat 'n mens alles fyn moet waarneem en al jou sintuie moet inspan om heeltemal bewus te wees van wat om jou aangaan. Hy moet mooi oplet hoe aspekte ooreenstem en verskil, en besluit waarvan hy hou en nie hou nie. Veral waar allergiese siektes sekere aspekte van sy sensoriese kontak kan blokkeer, is dit nodig dat hy die onaangetaste sintuie optimaal moet benut om volle bewustheid van sy omgewing te bereik.

Dit is ook belangrik dat die kind sal besef dat elke mens op 'n unieke manier na dieselfde aspek kan kyk. Ons kyk met verskillende "brille" daarna en ons persepsies verskil. (Dit is meer op 'n emosionele as fisieke vlak - veral die ouer kinders wat al minder egosentries is en iets van empatiese begrip begin verstaan, kan hierdie aspek goed verstaan).

5.6.2.3 Die benutting van vingerverf as projeksiemedium

- Sensoriese kontak

'n Groot plastiekbord word gebruik en die terapeut skep vir die kind verskillende kleure verf op die bord. Daar word aan die kind genoem dat hy enige tyd nog verf kan vra en dat hy die verskillende verfkleure kan meng om nuwe kleure te skep. Hierdeur word die kind se sensoriese kontak versterk en hy verkry beheer oor sy medium.

- Bied aan die kind 'n geleentheid vir die skepping van sy vingerverfprent

Daar word aan die kind gevra om sy oë toe te maak en 'n prent van dit wat by die huis gebeur in sy verbeelding te sien. Hy moet kyk wie almal daar is, wat hulle doen en of die allergiemonster hulle pla. Die terapeut verskaf wit, blou en geel papier sodat die kind 'n keuse kan hê op watter agtergrond hy wil

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

werk. Dit is belangrik dat die terapeut die kind sal motiveer om sy vingers te gebruik en weereens gerus sal stel dat hy sy skepping sal kan verduidelik. Daar moet ongeveer vyftien minute vir die voltooiïng van die prent gegee word terwyl rustige agtergrondmusiek gespeel word.

- Terapeutiese hantering van vingerverfprent

Hanteer die kind se vingerverfprent op dieselfde wyse as tekeninge soos beskryf in 5.4.2.3 met aanpassings waar nodig.

- Benut die terapeutiese proses om die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer

Dit is belangrik om tydens die hantering van hierdie projeksie op die volgende te let:

- die invloed op sy eet-, slaap- en speelpatrone
- verskillende gesinslede se gevoelens oor allergie
- hoe die kind homself sien (selfbeeld)
- die rolle waarin hy almal plaas (ook dat hy kleiner allergiese sibbe kan help en bemagtig)
- die hoeveelheid verantwoordelikheid vir die kind se gesondheid wat hy self aanvaar en wat op die ander gesinslede (spesifiek sy ouers) geplaas word.

5.6.2.4 Terminering van die sessie

Die sessie word afgesluit deur te bepaal wat vir die kind van hierdie sessie uitstaan en die kind vir die volgende sessie te nooi.

5.6.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- Kalender
- Groot muurhorlosie met duidelike wysers en batterye
- Mat
- Rooi plastiektafeldoek
- Ses kleure vingerverf (rooi, blou, groen, geel, wit en swart)
- Plastiekbord waarop kind verfkleure kan meng

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Seep en handdoek
- Wit, blou, geel en pienk papier
- Oktoskoop, vergrootglas, gekleurde selofaan, donkerbril, verfkleurkaarte.
- Prentkaarte 1 tot 6 (p. 208-213)
- "Where's Wally" boek (Martin Handford, 1987, Walker Books Ltd.)

5.6.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

5.6.4.1 Hulp aan die allergiese kind om veranwoordelikheid vir sy eie gesondheid te aanvaar

Wanneer die kind se beheer gevestig is en verhoogde bewustheid van alternatiewe vir behoeftebevrediging voorkom, kan hy volgens die navorser verantwoordelikheid vir allergeenvermyding en siektebeheer (sy eie gesondheid) neem. Die kind wat weet wat hy behoort te doen om allergiese siekte te beheer, en in staat is om aan die eise van die taak wat aan hom opgedra is te voldoen, kan tot die mate wat dit op sy ouderdom van hom verwag word, verantwoordelikheid vir sy gesondheid aanvaar.

Navorser is daarvan oortuig dat kinders verantwoordelik optree wanneer hulle bevoeg voel en weet wat die regte ding is om te doen. Deur spesifieke verantwoordelike gedrag aan hom te verduidelik, word die kind gehelp om die gevolge van sy spesifieke aksies te verstaan. Wanneer spesifieke aspekte van sy gedrag en hul gevolge verstaan soos: " Ek moet elke aand voor ek gaan slaap een Zyrtec pilletjie drink en elke neusgat twee maal spuit sodat my neus nie in die nag toegaan en ek sleg slaap nie", is dit makliker om hierdie verantwoordelikheid te neem as wanneer 'n vae begrip soos "ek moet na myself kyk" gebruik word.

Die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak is 'n belangrike aspek om in ag te neem wanneer daar gekyk word na die mate van verantwoordelikheid wat hy moet neem. Selfs die voorskoolse kind moet al geleentheid kry om besluite

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te neem, keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Dit is dus noodsaaklik dat die kind begelei word om self die grootste verantwoordelikheid vir die beheer van sy allergiese siekte te aanvaar. Die ouers, as primêre versorgers, sal definitief 'n belangrike ondersteunende rol speel en self 'n deel van die verantwoordelikheid moet neem, maar die grootste deel daarvan moet deur die kind self aanvaar word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

11.jpg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sig as sensoriese modaliteit: Prentkaart 1



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

92.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sig as sensoriese modaliteit: Prentkaart 2



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

193.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sig as sensoriese modaliteit: Prentkaart 3



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Þ95.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sig as sensoriese modaliteit: Prentkaart 4







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sig as sensoriese modaliteit: Prentkaart 6

d996a.JPG
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.7 SESSIE SES

5.7.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

5.7.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.7.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Verwelkom die kind en berei hom op afsluiting voor deur hom daaraan te herinner dat dit die voorlaaste sessie is.
Vra vir die kind wat die lekkerste ding is wat in sy oggend of week gebeur het.
Praat met die kind oor sy emosies rondom afsluiting en hanteer dit soos nodig.

5.7.2.2 Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak

Klein nie-deursigtige houers met verskillende huishoudelike bestanddele (waarvoor die kind nie allergies is nie) word gebruik. Die kind moet 'n klein hoeveelheid van elke bestanddeel (koffie, suiker, sout, peper, gemmer, koeksoda, mosterd, tamatiesous, asyn, blatjang en Worchestersous) op sy vingerpunt sit, daaraan proe, dit beskryf en probeer identifiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.7.2.3 Bied geleentheid vir 'n oop projeksie deur enige medium van sy keuse

Die kind kan self kies watter medium hy wil gebruik tydens projeksie en hy kan enige iets skep. Hierdeur kan die terapeut vasstel of die kind wel die allergiemonster in sy projeksie insluit en tot watter mate. Tydens vorige sessies het die terapeut gewoonlik 'n direktiewe vraag gestel (gevra dat hy die invloed van die allergiemonster uitbeeld). Nou word dit nie gevra nie en moet die terapeut oplet of hy wel die allergiemonster in sy skepping insluit of nie.

- Hanteer voorgrond en gepaardgaande gevoelens deur terapeutiese proses te gebruik

5.7.2.4 Terminering van die sessie

Die sessie word afgesluit met 'n samevatting deur die kind en deur beplanning vir laaste sessie te doen.

5.7.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

Alle toerusting wat tydens vorige sessies benut is.
Dit is belangrik dat die terpeut alle mediums tydens hierdie sessie tot die kind se beskikking sal stel sodat hy 'n vrye keuse vir projeksie kan maak.

5.7.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS DIE SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

5.7.3 Die hantering van die kind se emosies rondom afsluiting

Die kind word reeds vanaf die eerste terapeutiese sessie op afsluiting voorberei deurdat hy elke keer daarop gewys word hoeveel sessies oorbly. Dit is volgens navorser egter nodig om tydens hierdie voorlaaste sessie spesifiek aan die kind se gevoelens rondom afsluiting aandag te gee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is volgens navorser belangrik om spesifiek op die kind se gevoelens rondom beheer (voel hy dat hy verder sonder spelterapie die allergiemonster suksesvol kan hanteer?) en sy gevoelens rondom verlating van die terapeutiese situasie (moontlike hartseer) te let.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.8 SESSIE SEWE

5.8.1 DOELWITTE VAN DIE SESSIE

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

5.8.2 VERLOOP VAN DIE SESSIE EN TEGNIEKE EN MEDIUMS WAT GEBRUIK WORD

5.8.2.1 Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou

Die terapeut bied aan die kind die geleentheid om te vertel hoe dit huidiglik met hom gaan en wat tydens die vorige week gebeur het. Die kind word daaraan herinner dat hierdie die laaste sessie van die spelterapeutiese reeks is en die kind se gevoelens rondom afsluiting word hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.8.2.2 Die gebruik van ‘n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemedium

Handpopspel en die leë-stoel tegniek word gekombineerd in die vorm van ‘n hofsaak tussen die kind en die allergiemonster wat sy lewe bemoeilik, aangebied. Verskeie handpoppe word beskikbaar gestel waarna die kind aangemoedig word om ‘n handpop te kies wat as advokaat in die hofsaak namens hom gaan getuig. Die spelterapeut neem die rol van regter in wat na die getuienis luister en ‘n vonnis teenoor die allergiemonster uitspreek. Daar word van ‘n groot ballon gebruik gemaak om die allergiemonster in die leë stoel voor te stel.

Aan die begin van die hofsaak word die kind en sy advokaat verwelkom. Daar word aan die kind verduidelik dat die handpop as sy regsverteen-woordiger optree om sy getuienis voor die regter (die spelterapeut) te bring. Die kind kry dan die geleentheid om deur sy handpop (as advokaat) getuienis te lewer. Hy kan direk met die allergiemonster praat of dit aan die regter (die spelterapeut) vertel. Die kind word gevra om sy vorige projeksies (tekeninge, vingerverfprente en foto’s van klei- en sandtonele) as getuienis in ‘n hofsaak teen die allergiemonster te gebruik.

Nadat die kind geleentheid gekry het om deur sy handpop te vertel wat die allergiemonster in sy lewe doen, maak die regter ‘n samevatting van wat gesê is en spreek die vonnis uit. Die vonnis wat uitgespreek word, behels allergeenvermyding en die korrekte gebruik van medikasie. Daar word aan die kind verduidelik dat die allergeen die monster sterk genoeg maak om hom te kan pla en indien dit hom ontneem word, is hy te swak om iets te doen. Verder word medikasie waar nodig aanbeveel om die allergiemonster ‘n finale knou toe te dien.

Die regter (spelterapeut) dra hierdie vonnis aan die advokaat (handpop) oor en vra hom om die kind mee te deel dat die kind self die vonnis gaan voltrek. Hierdeur word die kind bemagtig om beheer oor sy allergiese siekte te neem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

deurdat hy weet wat hy kan doen om dit te beheer. Die terapeut moet ook daarop let om toekomstige hanteringstrategieë te bespreek vir die tye wat vir die kind emosioneel moeilik kan wees om sy beheer oor die allergiemonster te behou.

Die kind kan hierna die geleentheid kry om die ballon wat die allergiemonster voorstel, te slaan en op hom te skree. Hierdeur word 'n geleentheid vir verdere katarsis geskep en kan hy finaal sê wat die allergiemonster aan hom doen.

Die byeenkoms (en dus die reeks) word met 'n partytjie afgesluit waartydens die kind se oorwinning oor die allergiemonster gevier word. Dit is belangrik om die kind se allergieë weereens in ag te neem deur vooraf die kind se ma te vra om 'n paar geliefkoosde lekkernye wat die kind wel kan eet te identifiseer.

5.8.2.3 Terminering van die sessie en reeks

Die sessie (en reeks) word afgesluit deur eerstens 'n evaluering van die reeks te doen deur 'n vraelys as tweede basislyn vir enkelstelselontwerp te gebruik. (Sien volledige beskrywing van vraelysvoltooiïng 5.2.2.3).

Verder word die kind vir sy samewerking bedank en die gevoelens rondom afsluiting hanteer. Daar word ook aan die kind verduidelik dat hy enige tyd wanneer nodig welkom is om die terapeut weer te skakel.

5.8.3 TOERUSTING WAT TYDENS DIE SESSIE BENODIG WORD

- Groot muurhorlosie met batterye
- Mat
- Handdoek en seep
- Handpoppe en groot ballon wat allergiemonster voorstel
- Die kind se vorige projeksies (tekeninge, vingerverfprente en foto's van klei- en sandskeppings)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Lekkernye vir die viering van die kind se oorwinning oor die allergiemonster
- Vraelys en pen en vraelys vir ouer.

5.8.4 KERNASPEKTE WAT TYDENS SESSIE IN AG GENEEM MOET WORD

Hierdie sessie dien as afsluiting van die reeks spelterapeutiese sessies met die allergiese kind. Navorser is van mening dat hierdie sewe sessies aan die kind die geleentheid bied om bewustheid van sy voorgrondbehoeftes te bereik en dit binne spelterapie suksesvol aan te spreek. Dit kan egter gebeur dat 'n kind se reaksie van so aard is dat meer geleentheid vir terapeutiese intervensie wenslik is. In daardie geval stel navorser voor dat hierdie as samevattende sessie benut word waartydens die kind die geleentheid kry om sy gevoelens deur die benutting van die hofsaak te verbaliseer. Verdere sessies vir oop projeksies kan hierna benut word vir die hantering van die kind se verdere behoeftes.

5.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bied die volledige riglyn vir spelterapie met die allergiese kind. Die sewe sessies wat as struktuur vir die terapeutiese riglyn benut word, is elk volledig bespreek. Eerstens is die doelwitte van die sessie uitgelig. Die doelwitte van die eerste sessie is op die bou van die terapeutiese verhouding, die kind se kontak met homself en spesifiek sy begrip van sy allergiese siekte en die reaksies wat na allergeenblootstelling kan volg. Die doelwitte van die verdere sessies is gerig op die verhoging van die kind se bewustheid van homself en sy omgewing en die hantering van sy geprojekteerde voorgrondbehoefte deur verskeie mediums gerig.

Tweedens is die verloop van die sessie uiteengesit waar die spesifieke tegnieke en mediums wat benut word, volledig hanteer is. Derdens is 'n lys van die toerusting wat vir die sessie benodig word vir die vergemakliking van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die spelterapeut se taak, gebied. Die kernaspekte wat tydens die sessie in ag geneem moet word, is laastens binne die uiteensetting van die sessie bespreek.

Hierdie hoofstuk bied dus die volledige spelterapeutiese program wat gebruik kan word tydens intervensie met die allergiese kind.

Die ouerleidingprogram wat daarop gerig is om die ouers van die allergiese kind ter ondersteuning van die spelterapeutiese program te bemagtig, word vervolgens in hoofstuk ses weergegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 6
OUERLEIDINGPROGRAM

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die volledige ouerleidingprogram wat vir die doel van die studie gebruik is, weergegee. Aangesien die ouers 'n deurslaggewende rol in die kind se hantering van sy allergiese siekte speel, is dit volgens navorser noodsaaklik om hulle indirek by terapeutiese intervensie te betrek. Om hierdie rede word die ouers van kinders wat tydens spelterapie gehelp word om beheer oor die allergiese siekte te neem en tot verantwoordelike behoeftebevrediging te groei, van ouerleidinginligting voorsien wat hulle bemagtig om die doelstellings van die spelterapeutiese program tuis te ondersteun.

Binne die ouerleidingriglyn word meer inligting aangaande die moontlike invloed van allergiese siektes op die funksionering van die kind in die middelkinderjare gegee. Die spesifieke ontwikkelingstake wat op persoonlike, sosiale en akademiese gebied deur die voorkoms van die allergiese siektes beïnvloed kan word, word bespreek. Hierdeur word ouers gehelp om te verstaan watter moontlike invloede voorkom, hoe die kind die allergiese siektes kan beleef en watter behoeftes by die kind kan voorkom. Dit help die ouers ook om bogenoemde vroegtydig by hul kinders te identifiseer.

Spesifieke gestaltbegrippe en -tegnieke wat in die spelterapeutiese program met die kind gebruik word (die verhoging van bewustheid, beheer, die hantering van die kind as holistiese wese, en die ondersteuning van die kind in verantwoordelike behoeftebevrediging), word aan ouers verduidelik, en praktiese wenke wat met hierdie begrippe verband hou, word aan ouers gebied om die gesonde hantering van die allergiese siektes tuis te versterk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die verloop van die spelterapeutiese program, word daar op 'n twee-weeklikse basis ouerkontakte gereël. In die kind se teenwoordigheid word geleentheid vir die bespreking van die ouerleidinginligting, ouers se vrae en hul hantering van die spesifieke kind se situasie gebied.

Navorser wil dit duidelik stel dat die ouerleidingprogram slegs op die ouers se hantering van die kind se situasie gefokus is, nie op hul eie emosies en die probleme wat hulle daarmee ondervind nie.

Die ouerleidinginligting wat vir die doel van die studie benut is, word vervolgens presies soos dit aan die ouers gegee is, weergegee. Weens die feit dat formele aanspreekvorme afstand kan veroorsaak, is die inligting op 'n baie informele trant en in die eerste persoonsvorm aan die ouers gebied. Die bekendstellingsbrief, vraelys wat aan die ouers gerig is en die bronnelys wat deel van die ouerleidinginligting uitmaak, is as Bylaes B, C, en D gedokumenteer.

6.2 SPELTERAPIE AS TERAPEUTIESE HULPVERLENINGSTRATEGIE EN DIE DOEL VAN DIE PROGRAM

Om te speel is die kind se natuurlike kommunikasiekanaal en 'n manier waarop hy sy wêreld sorteer sodat dit vir hom sin maak en hy dit kan bemeester. Beide West (1992:10,11) en Axline (1989:8,14) is dit eens dat spel die kind se natuurlike medium vir self-uitdrukking is. Die kind kan homself vrylik in sy spel uitdruk. Spel fasiliteer kommunikasie en lei tot katarsis van gevoelens. Deur die emosies uit te speel, bring die kind dit na die oppervlak waar hy dit kan ervaar en erken en waar hy kan leer om dit op 'n positiewe manier te hanteer. Volgens Axline (1989:14) is spelterapie die kind se kans om onder die mees positiewe omstandighede groei te beleef en met nuwe gedrag te eksperimenteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gestaltterapie word deur Oaklander (1993:281) beskryf as 'n humanistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie wat op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek betrekking het. Sy meld dat hierdie terapeutiese benadering suksesvol met kinders gebruik kan word omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling en kinderpsigopatalogie verwant is. Aangesien dit in die studie om die gesonde funksionering van die allergiese kind gaan, is ek van mening dat die beginsels en tegnieke van die benadering met sukses toegepas kan word.

Binne spelterapie wil ek aan die kind geleentheid gee om sy gevoelens rondom die teenwoordigheid van 'n allergiese siekte deur verskillende mediums soos klei, tekeninge, handpoppe en vingerverf uit te speel. Sodra 'n kind bewus is van die invloed van die siekte en die gevoelens wat hy hierrondom ervaar, kan hy dit bemeester en kans sien om die uitdagings en eise wat daardeur gestel word, aan te pak.

Die doel van die program is om die kind wat aan 'n allergies siekte ly, in sy optimale ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die allergiese siekte tot die minimum te beperk en beheer daaroor (en verbandhoudende gevoelens) te neem.

Met hierdie program wil ek graag:

- die kind help om die eise wat deur 'n allergiese siekte meegebring word, as uitdagings te sien wat hy met sukses kan bemeester.

- die kind se vertroue in sy eie vermoëns verhoog, om ten spyte van die voorkoms van die reaksies, voluit te lewe en sy drome te bereik.

- die invloed wat hy moontlik ten opsigte van sy siekte ervaar, terapeuties met hom deurwerk en hom help om voorbereid te wees om volgende situasies en ervarings makliker te hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.3 ASPEKTE VAN U KIND SE ONTWIKKELING WAT TYDENS SPELTERAPIE AANGESPREEK WORD

6.3.1 Die verbetering van u kind se bewustheid van die self ("sense of self") en kontak met sy omgewing

Optimale bewustheid is noodsaaklik vir u kind se gesonde aanpassing by en hantering van die eise en probleme wat deur 'n allergiese siekte gestel word. Sodra 'n kind bewus is van die invloed van die siekte en die gevoelens wat hy hierrondom ervaar, kan hy dit bemeester en as uitdaging aanpak. Die kind moet ook tot verhoogde bewustheid van sy omgewing gelei word. Deur die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog en sy identiteitsvorming te versterk, word hy in kontak met homself, sy behoeftes en alternatiewe vir gesonde behoeftebevrediging uit sy omgewing gebring.

6.3.2 Vestiging en versterking van u kind se beheer en verantwoordelikheid (outonome of selfstandige funksionering)

Tydens die program word aan die kind geleentheid gebied om beheer in spelterapeutiese situasies te neem, deur keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Hierdeur word die kind se egokragte gebou, sodat hy die verhoogde verantwoordelikheidseise wat deur die siekte aan hom gestel word, makliker kan hanteer en groter onafhanklikheid kan bereik.

6.3.3 Hantering van u kind se emosionele reaksies op sy siekte (emosies wat moontlik as gevolg van die invloed van allergiese siektes kan manifesteer)

Tydens die program word die kind bewus gemaak van die emosies wat deur 'n mens ervaar kan word. Die kind word dan tot verhoogde bewustheid van spesifieke emosies wat hy tydens hewige allergiese reaksies ervaar, gelei. Geleentheid vir projeksie en uitdrukking van die emosies word gebied sodat die kind dit kan verwerk en in die toekoms makliker kan hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.3.4 Hantering van die invloed van 'n allergiese siekte op u kind as holistiese wese

Die kind is 'n holistiese wese - dit beteken sy fisieke-, emosionele, sosiale en akademiese funksionering tree interaktief op en kan nooit geskei word nie. In die proses om die kind tot homeostase (balans) te begelei, moet hy as holistiese wese erken word. Dit beteken dat alle aspekte van die kind se ontwikkeling tydens die middelkinderjare in die spelterapeutiese program in ag geneem moet word. Die kind moet tydens sy middelkinderjare sekere ontwikkelingstake op persoonlike, sosiale en akademiese gebied bereik om gesonde volwassewording moontlik te maak. Drie spesifieke aspekte van die kind se ontwikkeling waaraan daar in die spelterapeutiese program aandag gegee moet word, is die verbetering van die kind se selfbeeld, sosiale interaksie en akademiese motivering.

Wat die versterking van die kind se selfbeeld (spesifiek sy liggaamsbeeld en selfvertroue) betref, is dit volgens my mening noodsaaklik om die kind se siening van sy eie "siek" liggaam te bepaal en sy bewustheid op hierdie vlak te verhoog. Die gevoelens wat die kind hieroor ervaar moet erken word. Die kind word so gehelp om 'n realistiese selfbeeld te vorm, deur nie net sy beperkings nie, maar ook sy positiewe, sterk punte en vermoëns in ag te neem.

'n Volgende area van ontwikkeling wat geraak word en tydens spelterapie aandag moet kry, is die versterking van die kind se gesonde sosiale interaksie. Die kind word gehelp om struikelblokke wat deur die allergiese siektes geskep word, te identifiseer en na 'n praktiese, verantwoordelike oplossing te werk. Laastens moet aandag aan die invloed op die kind se akademiese funksionering gegee word. Die voorkoms van allergiese reaksies in die skoolsituasie kan nie net die kind se werkvermoë belemmer nie, maar ook beperkings op sy deelname aan aktiwiteite plaas wat sy totale skoolbelewenis en motivering kan benadeel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.4 WAT ALLERGIESE SIEKTES BEHELS EN HOE DIT AAN U KIND DEUR 'N METAFOOR VERDUIDELIK WORD

Dit is nodig dat almal wat in hierdie kind se lewe 'n rol speel, hom ten volle aanvaar en begrip vir sy siekte en die implikasies daarvan sal kry. Om hierdie rede sluit ek inligting rondom die immunologiese werking, die verskillende allergiese siektes wat voorkom en die wyse waarop ek dit in 'n metafoor aan die kind verduidelik, in. U as ouer kan hierdie metafoor as kommunikasiemedium gebruik om op 'n verstaanbare vlak sy allergiese siekte met u kind te bespreek.

6.4.1 Allergie as chroniese siektetoestand

6.4.1.1 Definisie

Allergie word deur die Mediese Woordeboek (1993:16) gedefiniëer as: " 'n kwaal waarby die liggaam hipersensitief raak vir spesifieke allergene wat kenmerkende simptome na kontak, hetsy deur inaseming, inspuiting of ander aanraking uitlok." (Vergelyk Warner & Jackson, 1994:5 en Meyer, Meij & Meyer, 1994:12.27.)

Dit is my mening dat daar by allergiese persone 'n abnormale immunologiese reaksie plaasvind, wat daartoe lei dat stowwe (allergene) wat onder normale omstandighede nie as bedreigend beskou word nie, by blootstelling tot siektereaksies lei.

6.4.1.2 Immunologiese werking

Verskeie skrywers som die immunologiese werking van allergiese reaksies as 'n ooraktiewe immuunstelsel op. Die immuunstelsel het liggaamsbeskerming ten doel, maar is by die allergiese persoon ontwrig. Dit veroorsaak dat teenliggame (wat IgE genoem word) teen stowwe wat gewoonlik nie as vreemd beskou word nie, gevorm word. Wanneer die allergeen (of snellerfaktor) met die IgE-teenliggaam op mastselle verbind, stel hierdie selle histamien vry. Die vrystelling van chemikalië (onder andere histamien) lei tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoogde bloedvat-deurlaatbaarheid, lokale swelling, slymafskeiding en lugwegvernouïng. Dit lei tot die kenmerkende allergiesimptome tydens reaksies soos byvoorbeeld 'n toe en loperige neus, lugwegvernouing of jeukende oë, ore en neuse (Mader, 1996:663 en Meyer, *et al.*, 1994:12.27).

Ek kom tot die gevolgtrekking dat die immuunstelsel van die allergiese persoon ooraktief optree in 'n poging tot liggaamsbeskerming. Hierdie abnormale reaksie op sekere onskadelike stowwe lei daartoe dat die liggaam self beskadig word in 'n proses om die stof te vernietig.

6.4.1.3 Veroorsakende faktore (allergene)

Die vreemde stowwe wat allergiese reaksies veroorsaak, word allergene genoem en kan verskillende liggaamsweefsels affekteer (Mediese Woordeboek, 1993:16 en Gershwin & Klingelhofer, 1992:19). Allergene word deur Warner & Jackson (1994:11-13) in drie groepe ingedeel, naamlik inhalante-, ingestie- en inspuitingsallergene. Gershwin & Klingelhofer (1992:29) identifiseer kontakallergene as 'n vierde allergeengroep. Inhalante allergene word ingeasem en veroorsaak gewoonlik allergiese siektes in die asemhalingstelsel (dit wil sê die boonste- en onderste lugweë). Voorbeelde is huisstof en -miet, vere, stuifmeel, skimmelspore en dierehare. In die ingestie-allergeengroep val voedsel soos byvoorbeeld eiers, vis, melk en koring wat onder andere veluitslag, swelling in die gesig, maagpyn en braking kan veroorsaak. Inspuitingsallergene word beskou as medikasie of stowwe wat deur insekte in die vel ingespuit word soos penisillien, en gifstowwe van heuning- en perdebye. Enige stof waaraan die kind raak soos wol, kunsvesels, plastiek, olies, velreinigers, poeiers kan as kontakallergeen dien en tot 'n veluitslag lei.

Dit is vir my duidelik dat daar by allergiese siektes 'n hipersensitiwiteit vir sekere stowwe bestaan waar kontak 'n immunologiese reaksie veroorsaak wat tot die afskeiding van histamien (en ander chemikalië) en allergiese simptome lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens word allergiese siektes wat by kinders kan voorkom, bespreek.

6.4.1.4 Verskillende allergiese siektetoestande

Allergiese siektetoestande kan individueel of in 'n kombinasie voorkom. Die simptome van die siektereaksies hang van die orgaan waar dit plaasvind af (Gershwin & Klingelhofer, 1992:20). Verskillende allergiese siektes soos allergiese rinitis, asma, galbulte en ekseem en voedselallergie kom voor (Grey & Meyer, 1988:23.21). Bogenoemde allergiese siektes word vervolgens bespreek.

 # Allergiese rinitis

Allergiese rinitis word deur Weinberg (1994:17) beskryf as 'n lastige siekte wat dikwels nie ernstig genoeg beskou word nie. Allergiese rinitis reageer swak op simptomatiese behandeling en kan chronies van aard wees.

Allergiese rinitis is 'n algemene siekte wat ongeveer 20% kinders in suidelike Afrika affekteer. Die toestand kan op enige ouderdom vanaf die kleutertyd voorkom maar dit blyk of daar 'n toename in voorkoms onder adolessente en jong volwassenes is (Weinberg, 1994:17). (Vergelyk Ricketti, 1993:226.)

Die term rinitis word volgens Ricketti (1993:225) gebruik om siektes wat inflammasie van die nasale membrane behels te beskryf. Dit word deur periodes van nasale afskeiding, niesery en stuwing wat ten minste een uur per dag voorkom, gekenmerk.

Volgens Weinberg (1994:18) kom allergiese rinitis op 'n seisoenale en perenniale (chroniese) basis voor, en is die chroniese vorm meer algemeen in Suid-Afrika. Beide vorme van allergiese rinitis kom voor as gevolg van sensitiwiteit vir allergene waarteen die individu IgE-bemiddelde reaksies ontwikkel het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gewoonlik word seisoenale allergiese rinitis deur stuifmeel van bome, grasse en onkruid veroorsaak. Huisstofmiet, dierehare, fungi en werk-, skool- of stokperdjie-verwante allergene word met chroniese simptome geassosieer (Weinberg, 1994:18).

Ter wille van duidelikheid word seisoenale (akute) en chroniese allergiese rinitis vervolgens afsonderlik bespreek.

- Seisoenale (akute) allergiese rinitis

Volgens Weinberg (1994:18) is seisonale allergiese rinitis, meer algemeen bekend as hooikoors, 'n allergiese toestand wat sowel die nasale slymvliesmembraan as die oogslymvlies (konjunktiva) affekteer. Dit kom gewoonlik as gevolg van stuifmeelallergene voor en is die mees algemene allergiese siekte wêreldwyd. Ricketti (1993:227) sluit hierby aan deur te noem dat die stuifmeel van windbestuiwende plante en swamspore vir seisonale allergiese rinitis verantwoordelik is.

Die simptome van seisoenale allergiese rinitis word deur Ricketti (1993:225, 228); Weinberg (1994:19); Warner & Jackson (1994:60, 61) en Gershwin & Klingelhofer (1992:99) beskryf as:

- herhaaldelike en aanhoudende niesery.
- oorvloedige waterige (slym) afskeiding (die nasale slymvliesmembraan lyk bleek, sponsagtig en geswel en is bedek deur 'n laag helder waterige afskeiding).

  Hierdie chroniese slymafskeiding kan daartoe lei dat die vel wat die neus en bolip bedek geïrriteerd en gevoelig (teer) kan raak.
- nasale stuwing (die neus word maklik deur swelling van die slymvliesmembraan geblokkeer wat tot sinusitis, hoofpyn en oorpyn kan lei).
- jeukende neus wat gedurige vrywery en krappery veroorsaak.
- jeukende oë, ore en keel (sagte verhemelte).
- mondasemhaling met droë lippe en onverklaarbare neusbloeding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weinberg (1994:19) maak verder spesifiek daarvan melding dat hoofpyne, irritasie en oormatige post-nasale afskeiding algemeen voorkom.

Tydens allergiese rinitis is daar gewoonlik ‘n definitiewe beïnvloeding van die oë. Weinberg (1994:19) meld dat allergiese konjunktivitis met jeukende, waterige oë en ligsensitiwiteit gewoonlik die nasale simptome vergesel. (Vergelyk Warner & Jackson, 1994:60, 61; Ricketti, 1993:229 en Weinberg & Cooke, 1986:67.)

Wat die invloed op die gehoororgane betref, meld Ricketti (1993:228) dat nasale stuwing veroorsaak dat die dreinering van die Buis van Eustachius belemmer word. Dit kan oorpyn en selfs gehoorverlies veroorsaak. Pasiënte kla volgens Ricketti (1993:228) ook dat hul gehoor verminder en dat geluide gedemp klink.

Sowel Skoner & Casselbrant (1996:412) as Warner & Jackson (1994:59) sluit hierby aan deur te noem dat daar soms 'n duidelike verband tussen allergie en chroniese middeloorontsteking, ook genoem "glue ear" is. Dit word gekenmerk deur die voorkoms van 'n chroniese afskeiding in die middeloor met gepaardgaande gehoorverlies omdat die slymvlies wat die middeloor uitvoer, ontsteek raak. 'n Vol gevoel in die oor, pyn, duiseligheid en suising in die ore, wat deur die blokkasie van die buis van Eustachius veroorsaak word, kom dikwels voor.

Seisonale allergiese rinitis reageer volgens Weinberg (1994:19) goed op behandeling. Die ideaal is dat allergiebehandeling altyd allergeenvermyding insluit, maar dit is gewoonlik onvermydelik met stuifmeel. Om hierdie rede is simptomatiese en defitiniewe behandeling by die meeste gevalle genoodsaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Chroniese allergiese rinitis

Chroniese allergiese rinitis is volgens Weinberg (1994:20) en Philip & Naclerio (1996:405) nie seisoengebonde nie. Pasiënte is gewoonlik dwarsdeur die jaar sensitief vir allergene in die omgewing soos huisstofmiet, swamspore of dierehare.

Chroniese allergiese rinitis word volgens Ricketti (1993:234) gekenmerk deur aanhoudende nasale simptome as gevolg van allergiese reaksies sonder seisonale variasie. Die simptome kom gewoonlik dwarsdeur die jaar voor. Inhalante allergene is die belangrikste oorsaak van chroniese allergiese rinitis. Die belangrikste allergene is huisstofmiet, swamme, vere en dierehare. Stuifmeelallergie kan bydra tot seisoenale reaksies by pasiënte met chroniese allergiese rinitis. Weinberg (1994:20) meld spesifiek dat die lang duur van die grasseisoen in Suid-Afrika verantwoordelik gehou kan word vir die aanhoudende simptome in sensitiewe mense. Verder meld Gershwin & Klingelhofer (1992:101) dat nie-allergiese stowwe soos sigaretrook, skoolbordkryt, swembadchloor en haarsproei allergiese simptome kan vererger.

Sowel Warner & Jackson (1994:60, 61) as Ricketti (1993:235) meld dat die simptome van chroniese allergiese rinitis dieselfde is as díe van seisoenale allergiese rinitis, maar meer gematig voorkom. Weinberg (1994:21) meld dat oogsimptome en jeukery gewoonlik nie voorkom nie, en dat die siekte deur herhaalde niesery, waterige nasale afskeiding en intense nasale obstruksie gekenmerk word. Die nasale obstruksie kan geassosieer word met ongemak, hoofpyne, onderbroke slaap en mondasemhaling. Laasgenoemde lei tot baie droë lippe. Pasiënte is dikwels dors en mag gedurende die nag wakker word om water te drink.

Volgens Weinberg (1994:21) is daar ook gewoonlik ‘n postnasale afskeiding teenwoordig. ‘n Algemene manifestasie is die “allergiese saluut” waar die neus opwaards en na die kant gedruk word in ‘n poging om die nasale obstruksie en jeukende sensasie te verlig. Na ‘n rukkie veroorsaak dit ‘n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kenmerkende lyn oor die neus, naamlik die allergiese vou ("allergic crease"). Ander gewoontes sluit wikkeling "twitching" van die neus in. Nasale obstruksie word ook geassosieer met 'n blouerige kleurverandering onder die onderste ooglede, ook bekend as "allergic shiners". Die onderste ooglede is dikwels effens geswel en by sommige kinders kom voue ("Denne's lines") onder die oë voor.

Volgens Weinberg (1994:22) is die mees algemene oorsaak van chroniese allergiese rinitis huisstofmiet, en honde- en kathare. Behandeling behoort aanvanklik op 'n stofvrye slaapkamer gerig te word. Indien werklik nodig, moet katte en honde uit die huis verwyder word.

Wanneer voedsel as oorsaak van allergiese rinitis vermoed word, kom die simptome chronies voor. Koeimelk is die mees algemene allergeen by jong kinders en 'n versigtige melkvrye dieet doen wondere vir kleuters met nasale allergie.

 # Allergiese velreaksies

By allergiese velreaksies word daar tussen ekseem, galbulte en angioedeem onderskei.

- Ekseem

Ekseem word deur Grammer & Patterson (1993:387) beskryf as 'n chroniese of herhalende jeukende, ekseemagtige uitbarsting wat gewoonlike tydens die eerste lewensjare voorkom. Motala (1994c:66) sluit hierby aan deur te meld dat ekseem gewoonlik chronies van aard is met vermeerderde en verminderde simptome.

Volgens Motala (1994c:66) kom ekseem by 1% tot 5% van die bevolking voor en was daar tydens die laaste paar dekades 'n geleidelike toename in die voorkoms van die siekte. Groenewald (1998) meld dat hierdie syfer nou tot 10% van die bevolking gegroei het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die skrywer Motala (1994c:66) meld dat ekseem akuut met huidrooiheid, afskilfering en skubvorming; of chronies met verdikkings, veranderde pigmentasie en verhoogde letselvorming voorkom. Grammer & Patterson (1993:388-389) voeg hierby 'n baie droë vel.

Sowel Motala (1994c:66) as Grammer & Patterson (1993:288) meld dat intense gejeuk van die vel die oorheersende simptoom is. Hierdie intense jeukery veroorsaak 'n krap-jeuk-krap siklus wat die siektetoestand vererger. Ekseem word deur Gershwin & Klingelhofer (1992:124) beskryf as 'n jeukende veluitslag wat by kinders veral op die hande, laer arms en bene en agter die ore voorkom. Motala (1994c:66) en Grammer & Patterson (1993:388) identifiseer die bewegende liggaamsdele, nek, gewrigte, enkels, gesig en ooglede. Grammer & Patterson (1993:388) maak spesifiek melding daarvan dat klam areas onder stywe klere 'n algemene teiken vir ekseem is.

Die mees algemene oorsake vir ekseem bestaan volgens Motala (1994c:66) uit voedselallergene (eiers, melk, graan, soja en grondboon) en kontak met inhalante allergene (huisstofmiet, dierehare, stuifmeel en gesnyde gras). (Vergelyk Grammer & Patterson, 1993:389.) Ander snellerfaktore sluit sowel irriterende stowwe soos seep en skerp chemikalië, as spanning en angs, humiditeit en uiterste temperature in (Motala, 1994c:66 en Grammer & Patterson, 1993:392).

Volgens Grammer & Patterson (1993:387) kom ekseem veral in kombinasie met asma en allergiese rinitis voor. Motala (1994c:66) meld verder dat 'n kind wat aan ekseem ly ook hoogs vatbaar vir sekondêre bakteriële infeksies, virusinfeksies en swaminfeksies is.

Wat die beheer van ekseem betref, meld Motala (1994c:67) dat die identifikasie en vermyding van snellerfaktore as eerste stap benut moet word. Grammer & Patterson (1993:392) sluit hierby aan en noem dat afgesien van medikasiegebruik dit ook noodsaaklik is dat die jeuk-krap-jeuk siklus

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbreek moet word en allergene en snellerfaktore so ver moontlik vermy moet word.

- Galbulte en angioedeem

Galbulte is volgens Motala (1994b:54) en Metzger (1993:331) opgehewe, rooierige velreaksies wat jeuk en deur krappery vererger word. Angio-oedeem is 'n reaksie soortgelyk aan galbulte maar kom dieper in die weefsel voor en word gekenmerk deur asimmetriese weefselswelling en 'n branderige sensasie. (Vergelyk Gershwin & Klingelhofer, 1992:124.)

Galbulte affekteer 10% - 20% van die samelewing (Motala, 1994b:54). Dit is nie 'n vreemde verskynsel tydens die kinderjare nie, maar kom meestal by jong volwassenes voor (15%).

Enige area van die liggaam kan betrokke wees, maar die oë, mond, tong, genitalieë, hande en voete is die mees algemene areas van ontsteking (Gershwin & Klingelhofer, 1992:124; Motala, 1994b:54 en Metzger, 1993:331).

Daar word volgens Motala (1994b:54) en Metzger (1993:332) tussen akute galbulte (wat korter as ses weke duur) en chroniese galbulte (wat langer as ses weke duur) onderskei. Angioedeem word dikwels met galbulte geassosieer, maar die twee siektes kan onafhanklik voorkom.

Galbulte en angioedeem kan volgens Motala (1994b:54) en Gershwin & Klingelhofer (1992:124) deur blootstelling aan insekgif, voedsel- of geneesmiddelallergie veroorsaak word. Motala (1994b:55) identifiseer vis, neute, melk, eiers en vrugte as voedselallergene, terwyl chemikaliëe, medikasie soos penissiline en vreemde proteïene soos insulien of lateks ook galbulte kan veroorsaak. (Vergelyk Metzger, 1993:335; Warner & Jackson, 1994:66 en Weinberg & Cooke, 1986:40.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die beheer van galbulte en angioedeem betref, meld Motala (1994b:56, 58) dat identifikasie en vermyding van allergene die mees effektiewe wyse van behandeling is. Verder word antihistamiene en salf as medikasie benut. (Vergelyk Metzger, 1993:346.)

 # Voedselallergie

Volgens Motala (1994a:25) kom voedselallergie meestal gedurende die vroeë lewensjare voor. Die voorkoms van voedselallergie onder die totale bevolking word tussen 0.5% en 6% geskat. In geselekteerde groepe soos kinders met ekseem, kan die voorkoms so hoog as 25% wees. Golbert (1993:353) bevestig bogenoemde inligting en meld verder dat die voorkoms met toenemende ouderdom verminder.

Die simptome wat tydens voedselallergie kan manifesteer word deur Motala (1994a:25) soos volg geïdentifiseer:

- Velreaksies soos jeukende uitslag, ekseem en akute galbulte en angioedeem is die mees algemene manifestasies.
- Gastrointestinale simptome soos naarheid, braking, abdominale pyn en krampe kom die tweede meeste voor.
- Die “oral allergy syndrome” wat gekenmerk word deur jeukende lippe, tong, verhemelte en keel, is ‘n ander manifestasie. Vars vrugte, neute, rou groente en eiers veroorsaak gewoonlik hierdie sindroom.
- Respiratoriese manifestasies soos asma en allergiese rinitis kom minder algemeen voor met voedselallergie voor. Hierdie siektes kom gewoonlik in kombinasie met huid- en/of gastrointestinale simptome voor.

(Vergelyk Golbert, 1993:353, 356.)

‘n Spesifieke reaksie wat ek wil uitlig is anafilaktiese skok. Golbert (1993:358) meld dat sistemiese reaksies van voedselallergie onmiddellik en potensiëel fataal manifesteer. Verskeie kombinasies van galbulte, angioedeem, asemnood, sianose, borspyn, hipotensie of skok, nasale en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oogslymvlies simptome en abdominale ongemak (pyn, naarheid, braking of diarree) ontwikkel kort na, en dikwels tydens die vertering van die allergeen. Algemene voedselsoorte wat tot die reaksie aanleiding kan gee, is volgens Hoffman & Sampson (1996:667-671) beesmelk, eiers, soja, grondbone, neute, vis, skulpvis en graanprodukte. (Vergelyk Motala, 1994a:31-32.)

Wat die beheer van voedselallergie betref, meld Golbert (1993:354) dat die vermyding van aanleidende voedselsoorte die enigste spesifieke en praktiese behandelingsmetode is. Motala (1994a:29) meld egter dat die vermyding van voedselsoorte moeilik, duur en ongerieflik om deur te voer, kan wees. Die strengheid van die dieet moet altyd teen die erns van die simptome opgeweeg word en altyd in samewerking met ‘n dieetkundige gevolg word. (Motala, 1994a:30).

 # Geneesmiddelallergie

‘n Gevaarlike situasie kan voorkom waar kinders allergies op geneesmiddels soos penisillien en antibiotika reageer. Simptome wissel van koors, lokale swelling, veluitslag tot hoofpyn (VanArsdel, 1996:320-322).

Potter (1994:46) meld dat werklike allergiese reaksies op geneesmiddels tydens ongeveer 5% van alle behandelings voorkom. Die voorkoms van anafilaktiese reaksies teenoor geneesmiddels is skaars by kinders, maar styg met ouderdom. Potter (1994:46) identifiseer spesifiek penisillien en sulphonamides.

 # Asma

Asma word deur die South African Childhood Asthma Working Group (1994:79), die Mediese Woordeboek (1993:45) en Smith (1991:174) as 'n akute hygaanval met brongospasma gedefiniëer. ‘n Chroniese gehyg na asem, ‘n gevoel van borsbenoudheid en moeilike uitaseming kom voor (Ganong, 1995:632 en Spector & Nicklas, 1995:858).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Asma word deur verskeie skrywers as die mees algemene chroniese allergiese kindersiekte (wat ook vir die meeste skoolafwesigheid verantwoordelik is) beskou (Evans, 1991:250; Smith, 1991:174 en Sheth & Lemanske, 1991:257). Volgens Groenewald (1998) ly 10-15% van die bevolking aan asma.

Daar word tussen akute en chroniese asma onderskei. Akute asma word soos volg deur die South African Childhood Asthma Working Group (1994:79) beskryf: “Acute asthma is defined as an acute exacerbation of wheezing, unresponsive to usually effective therapy and necessitating care in an emergency room or hospital ward. An acute asthma attack is characterised by airways narrowing and inflammation, hyperinflation, impairment of pulmonary function, alterations in alveolar ventilation and hypoxaemia.” Akute aanvalle van asma is volgens Greenberger (1993:637) die algemeenste onder kinders

Chroniese asma word volgens die South African Childhood Asthma Working Group (1994:89) by ‘n kind met ‘n chroniese aanhoudende of herhaaldelike hoes en/of gehyg gediagnoseer.

Asma kan volgens Smith (1991:174) en Spector & Nicklas (1995:858) deur allergie veroorsaak word en gekombineerd met ander allergiese siektes voorkom. (Vergelyk Evans, 1991:254.) Volgens Groenewald (1998) ly 80% - 90% van asmalyers ook aan allergiese rinitis.

Tydens die kinderjare word asma volgens die South African Asthma Working Group (1994:88) dikwels deur omgewingsfaktore en allergene veroorsaak. Die Mediese Woordeboek (1993:45) meld dat brongiale asma deur blootstelling aan een of meer van 'n groot reeks stimuli soos allergene, inspanning, oefening in koue of droë weer, emosies en infeksies voorafgegaan kan word. Omgewingsfaktore soos rook, dierehare, skimmel, huisstof en huisstofmiet kan volgens Weinberger (1991:307) die simptome

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vererger. Veral by jong kinders kan voedselallergie 'n risikofaktor vir asma wees. (Vergelyk Evans, 1991: 254 en Warner & Jackson, 1994:19.)

Die aard van die allergiese siekte waaraan 'n kind ly, sal volgens navorser die impak op sy funksionering bepaal. Aangesien elke allergiese siekte 'n bepaalde impak op die kind kan hê, is beheer noodsaaklik.

Vervolgens word op maatreëls wat gevolg kan word om die voorkoms van allergiese reaksies te beperk, gefokus.

Die komplikasies van asma is volgens Greenberger (1993:655) onder andere dood en vertraagde groei. Indien asma by kinders nie bevredigend behandel word nie, kan dit tot abnormale borsbeenontwikkeling soos die sogenaamde "hoenderbors" lei as gevolg van volgehoue verkeerde asemhaling tydens die kinderjare. Die skrywers Warner & Jackson (1994:20) maak daarvan melding dat asmalyers ondergewig kan wees en dat die allergiese siektetoestand ook groei kan inhibeer.

Volgens Greenberger (1993:657) kan sielkundige faktore soos emosionele stress of emosionele reaksies soos lag en huil of argumente tot asemnood lei.

6.4.1.5 Die invloed van allergiese siektes op die kind se fisieke funksionering

Die invloed van allergiese siektetoestande op die fisieke funksionering van die kind wissel volgens Gershwin & Klingelhofer (1992:27) van ongemaklike tot lewensbedreigende episodes. Marieb (1995:734) stel dit so: "People rarely die of allergies - they are just miserable with them." In aansluiting hierby meld Smith (1991:159) dat kinders dikwels pyn en ongemak ondervind, en gewoonlik medikasie moet gebruik. Ek kom tot die gevolgtrekking dat die risiko van lewensbedreiging wel deur asma en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

anaflikatiese skok in reaksie op voedselallergene, insekgif of medikasie voorkom, maar dat allergiese reaksies meestal net tot ongemak lei.

Die fisieke gevolge van allergie kan volgens my meebring dat die kind nie tot optimale sensoriese kontak in staat is nie. Spesifiek by allergiese rinitis veroorsaak die chemiese reaksies 'n vernouïng of verstopping van die neus- en lugweë. Dit werk beperkend in op sowel die reuk- as smaaksintuig. (Vergelyk Ricketti, 1993:229.) Die kind se sensoriese kontakmaking word dus belemmer.

Binne die gestaltbenadering word die noodsaaklikheid van sensoriese kontak vir die kind se optimale groei en funksionering deur Oaklander uitgewys wanneer sy die volgende meld: "The healthy, uninterrupted development of a child's senses, body feelings and intellect is the underlying base of a child's sense of self. A strong sense of self makes for good contact with one's environment and people in the environment. I find that most children who are singled out as needing help have one thing in common: some impairment in their contact functions." (Oaklander, 1988:57). Ek kom hier tot die gevolgtrekking dat die blokkasie van sintuie wat allergiese simptome kan meebring vir die kind probleme kan veroorsaak.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat die fisieke invloed van allergiese siektes baie verskillende vorme kan aanneem wat almal die kind se totale funksionering kan benadeel. Een belangrike aspek wat na vore kom, is beperkte sensoriese kontakmaking as gevolg van fisieke simptome. Sensoriese kontakmaking is noodsaaklik vir gesonde emosioneel-sosiale groei en funksionering by die kind.

Die aard van die allergiese siekte waaraan ‘n kind ly, sal volgens my mening die impak op sy funksionering bepaal. Aangesien elke allergiese siekte ‘n bepaalde impak op die kind kan hê, is beheer noodsaaklik. Vervolgens word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op maatreëls wat gevolg kan word om die voorkoms van allergiese reaksies te beperk, gefokus.

6.4.1.6 Die beheer van allergiese siektes

Talle skrywers (Schultz, Dye, Jolicoeur, Cafferty, & Watson, 1994:209 en Spector & Nicklas, 1995:815-816) is dit eens dat die beheer van allergiese siektetoestande nodig is om kinders tot 'n gelukkige en normale lewenstyl met minimum beperking deur die siekte, in staat te stel. Dit sluit vryheid van simptome en newe-effekte van medikasie, onbeperkte deelname aan portuurgroep-aktiwiteite, verhoging van selfvertroue en vermindering van angs rondom die siekte in.

Sowel Groenewald (1997) as Van Niekerk (1997) beskou die gebruik van toepaslike medikasie en die vermyding van allergene as die belangrikste maatreëls in die beheer van allergiese siektetoestande. (Vergelyk Philip & Naclerio, 1996:406; VanArsdel, 1996:340; Gershwin & Klingelhofer, 1992:25, 60, 124 en Spector & Nicklas, 1995:859.) Groenewald (1997) meld dat die identifisering van die toepaslike allergeen en die vermyding van hierdie allergeen noodsaaklik is vir die beheer van allergiese siektes.

Ek is van mening dat omgewingsbeheer ('n belangrike komponent van die beheer van blootstelling aan allergene) baie moeite en onkoste vir die gesin kan meebring. Groenewald (1997) ondersteun hierdie mening wanneer sy noem dat die huis meer gereeld skoongemaak moet word, medikasie duur is en uitsluitingsdiëte in die geval van voedselallergie kan noodsaak dat kookgewoontes verander moet word. Die vermyding van inhalante allergene kan ook 'n beperking op aktiwiteite soos buite-spel of die hantering (of aanhouding) van troeteldiere impliseer. Gershwin & Klingelhofer (1992:71) ondersteun hierdie standpunt deur te meld dat die suksesvolle vermyding van allergene sal vereis dat die kind sy lewenstyl (sommige aktiwiteite) moet verander. Dit mag nodig wees dat die kind sekere aangename aktiwiteite

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos byvoorbeeld die plesier van die besit van 'n troeteldier of perdry moet prysgee.

Die gebruik van immunoterapie is 'n verdere maatreël wat deur Ledford & Lockey (1996:237, 239, 245) en Spector & Nicklas (1995:859) genoem word. Hipo-immunoterapie word volgens Van Niekerk (1997) en Groenewald (1997) in Suid-Afrika teen allergie vir bygif, huisstofmyt, Bermudagras en Ryegras gebruik. Inspuitings van die allergeenekstrak word elke week vir die eerste drie maande toegedien wat die persoon geleidelik teen die allergeen immuniseer en daarna vir ‘n minimum van drie jaar op ‘n vier of ses weeklikse basis in stand gehou word. Die kinders is aanvanklik baie bang en dit kan traumaties wees indien dit nie reg hanteer word nie.

Dit word baie duidelik deur Van Niekerk (1997) gestel dat die allergiese simptome teen dit wat die kind moet inboet, opgeweeg moet word. ‘n Balans moet gehandhaaf word sodat die kind nie lewensvreugde moet inboet ten einde geringe allergiese simptome vry te spring nie.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat blootstelling aan allergene (en gevolglike allergiese reaksies) beheer of voorkom kan word, maar dat dit aanpassings by die kind en sy gesin se lewenstyl sal verg. Daar moet ook ‘n balans tussen die voordeel van verminderde simptome en dit wat die kind moet prysgee, gehandhaaf word.

6.4.2 Metaforiese verduideliking van allergiese reaksies op die kind se ontwikkelingsvlak

Die volgende “allergiemonster”-metafoor word tydens spelterapie gebruik:

“‘n Mens het soldate in jou liggaam wat jou oppas en enige slegte kiem of virus doodmaak as hulle hom in jou lyf kry. Hierdie soldaatselle kry hulle opdragte van hoofselle in jou lyf wat vir hulle sê dat hierdie ding wat jy nou ingekry het, ‘n kiem is en dat hulle dit moet aanval. Die soldate luister altyd

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die opdragte wat hulle kry, hulle is bietjie te dom om self te besluit wanneer hulle moet aanval. Dit werk gewoonlik baie goed. Wanneer daar byvoorbeeld 'n griepvirus in jou lyf inkom, val hulle hom aan voordat hy jou siek kan maak.

Allergiese mense soos ek en jy het egter nie net hoofsoldaat- en soldaatselle nie. Daar is ook 'n allergiemonster wat jou baie graag siek wil maak. Gewoonlik lê hy en slaap en is hy so uit soos 'n kers. Hy kan niks doen as hy nie melk of sitrus of huisstof (noem die allergene waarvoor kind allergies is) inkry nie. Wanneer hy melk inkry, word hy wakker en baie sterk. Hy word dan sterker as die hoofsoldate en slaan hulle só dat hulle nie meer vir die soldaatselle kan vertel wat om te doen nie.

Hierdie allergiemonster wil graag oorlog maak in jou lyf. Daarom vertel hy dan vir jou soldaatselle om hul wapens te vat en teen jou eie lyf te veg (onthou hulle is dom; hulle kan nie self dink dat dit die verkeerde ding is om te doen nie). Dit veroorsaak dan dat jou neus begin loop, dat jou oë begin jeuk of _____ (beskryf fisiese allergiese reaksies wat by die betrokke kind kan voorkom).

Hierdie allergiemonster veroorsaak dus dat jou soldaatselle deurmekaar raak en jy word uiteindelik siek van dinge wat ander mense glad nie siek maak nie. Ons noem hierdie goed wat jou siek maak, allergene en dit kan enige iets wees wat jy eet, inasem of selfs net aanraak. Hierdie goed maak die allergiemonster sterk. Wanneer hy dit nie kry nie, word hy so swak dat hy net moet bly lê - hy kan dan niks aan ons doen nie.

Allergiese mense het almal 'n allergiemonster wat sterk word as hy allergene inkry en dan veroorsaak dat hulle siek word. Ons moet dus sekere dinge doen om nie siek te word nie en dit is soms baie moeilik. Hierdie allergiemonster gaan oral saam met ons en kan maak dat ons lewens bietjie anders is as díe van ander mense wat nie allergies is nie. Gelukkig kan ons hierdie allergiemonster wen en dis hoekom jy hier is. Ons gaan saam speel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en uiteindelik gaan ons kyk hoe ons hierdie allergiemonster kan wen, sodat hy jou nie so siek maak nie. Ons moet hom so pap maak dat hy nie eers krag het om op te staan nie! Ons wil hom aan die slaap hou en hom sommer met kettings aan sy bed vasmaak."

6.5 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Wanneer ons met 'n kind werk, is dit noodsaaklik om bewus te wees van sy lewensfase en die spesifieke ontwikkelingsmylpale wat in die spesifieke tydperk bereik moet word. Sodra ek as terapeut en u as ouer bewus is van die leefwêreld van die kind, kan ons hom help om sy hantering van sy allergiese siekte te vergemaklik.

'n Kind tussen ses en twaalf jaar val in die middelkinderjare. Hoewel dit relatief rustige jare is wat fisieke ontwikkeling betref, meld Louw, Van Ede, Ferns, Schoeman & Wait (1998:326) dat hierdie tydperk van kritieke belang vir die ontwikkeling van die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep is. Ontwikkeling op hierdie terreine stel hom in staat om 'n steeds beter begrip van sy leefwêreld te vorm; 'n leefwêreld wat deur die dramatiese uitbreiding van sy sosiale omgewing gestimuleer word. Etaugh & Rathus (1995:367) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat die kind in hierdie tydperk geleidelike groei en verhoogde bevoegdheid bemeester.

Ek beskou die middelkinderjare as 'n tydperk van groei op alle gebiede en aanpassing by 'n veranderde leefwêreld. Daar is talle ontwikkelingstake wat vir verdere funksionering bemeester moet word en die kind moet al die energie waaroor hy beskik hiervoor benut. Wanneer faktore kenmerkend van allergiese siektes belemmerend op sy gesonde, optimale ontwikkeling inwerk, kan die sukses van sy lewenstaakbemeestering (en dus voorbereiding vir verdere lewe) negatief beïnvloed of beperk word. Dit is nodig dat almal wat 'n belangrike rol in die kind se lewe speel hiervan bewus moet wees, sodat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle die moontlike negatiewe invloede kan minimaliseer en die kind kan ondersteun tot verbeterde hantering.

6.6 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPTIMALE BEWUSTHEID VAN HOMSELF EN SY OMGEWING

Die lewe bestaan uit behoeftes wat kort-kort vervul moet word. Die kind wat honger is, moet iets kry om te eet voordat hy verder kan speel of werk; wanneer hy moeg is, sal niks sy oë oophou nie en sodra hy voel dat sy veiligheid bedreig word, moet hierdie behoefte eers aangespreek word voordat hy aan ander aspekte aandag kan gee.

Volgens Thompson & Rudolph (1996:141) en Congress (1995:1118), is 'n kind wat gesond funksioneer, in staat om aan sy mees dominante behoefte aandag te gee - die kind moet op hierdie behoefte fokus en dit aanspreek, voordat 'n volgende behoefte na vore kan tree. Hiervoor is dit noodsaaklik dat die kind ten volle bewus moet wees van sy behoefte en sy omgewing waaruit hierdie behoefte bevredig kan word. Wanneer die kind bewus is van die behoefte en die alternatiewe vir vervulling daarvan, kan hy keuses uit die alternatiewe maak en dus in beheer van die situasie staan. Aronstam (1992:640) voeg hierby dat die kind met volle bewustheid insig in sy situasie en sy eie vermoëns ontwikkel.

6.6.1 Bewustheid van die self

Een aspek van bewustheid is die bewustheid van die self. Die kind moet homself ken, verstaan, weet wat hy graag wil hê en oor watter moontlikhede hy in homself beskik om dit te bereik. Oaklander (1993:285) meld dat bewustheid van die self die volgende insluit: wie die kind is, hoe hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, wat hy wil doen en hoe hy dit gaan doen. Bewustheid is dus 'n wyse waarop die kind sy mees dominante behoeftes kan identifiseer en bevredig, aangesien hy in kontak met homself en sy behoeftes is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.6.2 Bewustheid van sy omgewing

Die ander pool van bewustheid is die omgewing. Soos reeds verduidelik, moet die kind sy omgewing ken en weet uit watter alternatiewe hy kan kies wanneer hy byvoorbeeld honger is. Die kind met voedselallergie moet byvoorbeeld weet wat hy wel mag eet wanneer hy vir iets soets lus is en dan 'n verantwoordelike keuse maak.

6.6.3 Die verhoging van bewustheid

Ek beskou bewustheid as die kind se vermoë om al sy sintuie in te span en nie net op sy mees dominante behoefte te fokus nie, maar ook op verbandhoudende emosies. Dit is nodig om 'n kind sensories op te skerp sodat hy sy omgewing en homself kan leer ken en bewus kan word van gevoelens wat ontplooi word. Deur van al vyf sensoriese modaliteite (sig, reuk, gehoor, smaak en gevoel) gebruik te maak, kan die kind gehelp word om sy bewustheidsvlak te verhoog. Die kind word dan bewus van wie hy is, wat hy voel, wat hy nodig het, wat hy doen en hoe hy dit doen. Hy vind dan uit dat hy keuses moet maak en sal daarmee eksperimenteer. Wanneer u as ouer die kind help om meer bewus te word van wat hy doen en hoe hy dit doen, kan die kind die keuse maak om homself nie aan allergene bloot te stel nie.

Dit is vir my belangrik om die kind te help tot bewuswording van hoe die allergiese siekte (en ook gebeure hieroor in die verlede) sy funksionering op die huidige oomblik beïnvloed. Slegs wanneer die huidige invloed bepaal is, kan dit tydens spelterapeutiese hulpverlening aangespreek word en kan u as ouer hierdie groei verder tuis ondersteun en fasiliteer.

Deur middel van spelterapie poog die terapeut om die kind in kontak met homself en die omgewing te bring. Die eerste en belangrikste stap is om die kind se bewustheid van sy sintuie, sy liggaamshouding en sy asemhaling te herstel of te versterk. Deur die kind se sensoriese persepsies (gesig, gehoor, reuk, smaak, aanraking) te verbeter, maak die kind nie net kontak met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wêreld om hom nie, maar ook met sy innerlike self (Oaklander, 1988:109). Volgens Schoeman (1996:44) is sensoriese bewustheid en gevoelens onderling verbind met mekaar. Indien 'n kind kontak met sy sintuie, liggaam en asemhaling maak, kan dit hom ook help om in kontak met sy gevoelens te kom.

Die fisieke invloed van allergiese siektes kan gesonde sensoriese kontak belemmer. Dit is dus nodig om te bepaal watter sintuiglike modaliteite belemmer word en sy totale sensoriese kontak te versterk. Aan die een kant kan sensoriese kontak beperk word (byvoorbeeld 'n toe neus) maar aan die ander kant kan die kind oorbewus wees van sensasies soos oë wat jeuk of ekseem wat veroorsaak dat die vel brand. Dit is dus nodig om te probeer om die kind se sensoriese vlakke te stabiliseer - dat belemmerde kontak versterk word en oorbewuste modaliteite geneutraliseer word deur alle sintuie in ag te neem. Ons kan bepaal watter sintuig tot 'n erge mate geaffekteer word en dit "neutraliseer" deur verhoogde kontak van ander modaliteite.

6.6.4 Hoe u as ouer u kind se bewustheidsvlakke kan verhoog

Ek beskou kennis as 'n belangrike bydrae tot die verhoging van bewustheid. Deur die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog, word hy in kontak met homself en sy omgewing gebring. Wanneer die kind verstaan waarvoor hy allergies is en u die "allergiemonster"-metafoor gebruik wanneer u met die kind oor sy allergieë praat, raak hy meer bewus van sy moontlikhede. U kan die kind help om presies te weet waarvoor hy allergies is (wat tot sy allergiese reaksies lei) en hom help om van alternatiewe (kossoorte) bewus te raak.

Ervaring is volgens Oaklander (1994:146) 'n verdere sleutel tot bewustheid. U kan dus aan u kind verskillende ervaringe bied wat hom in kontak met sy omgewing en homself bring. Prakties kan u daarop let om u kind bewus te maak van wat om hom aangaan - fokus vir 'n slag op detail binne die huis, tuin of waar die kind hom op daardie oomblik bevind. Laat die kind ook al sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sintuie inspan om sy voorkeure en afkeure te bepaal. Wanneer 'n kind aan iets ruik en besluit dat hy nie daarvan hou nie (of dat dit dalk 'n gunstelinggeur is) leer hy homself ken en versterk dit die vorming van sy identiteit.

Die volgende is voorbeelde van aktiwiteite vir verbeterde sintuiglike bewustheid:

a. **Gevoel** Vingerverf, nat klei, sandspeletjies, aanraking van verskillende teksture.

b. **Sig** Kyk na prente met baie detail, sketse van vrugte, blomme, tonele, 'n spieël, foto's.

c. **Gehoor** Luister na musiek terwyl hy verf, uitkenning van verskillende slaginstrumentklanke, gebruik van xilofoon om hoër en laer tone te onderskei - ook sagter en harder.

d. **Smaak** Soet-suur, praat oor lekker smake, sagte, harde kos.

e. **Reuk** Ruik aan blomme, gras, identifisering van verskillende reuke in houers soos parfuum. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1992:121 en Oaklander, 1994:149.)

6.7 VERSTERKING VAN U KIND SE IDENTITEITSVORMING

'n Verdere aspek van die kind se bewustheid van self, is die versterking van sy identiteitsvorming. Die kind in die middelkinderjare is besig om homself te leer ken en sy identiteit as unieke individu te vestig. Soos reeds genoem, moet die kind in kontak met homself kom en sy eie situasie verstaan voor hy dit kan aanvaar. Elke kind se belewing van sy situasie sal uniek wees. Selfs binne een gesin sal twee sibbe nie emosioneel-sosiaal dieselfde op allergiese siektes reageer nie. Neem u kind se persoonlikheidseienskappe in ag. Help hom om sy uniekheid tydens sy identiteitsvorming te ontdek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

U as ouer kan u kind hiermee help deur hom bloot te stel aan verskillende ervarings wat hom help om voor- en afkeure vas te lê. U kan spesifiek van polariteite (teenoorgesteldes) gebruik maak sodat die kind kan kies wat "soos hy" en "anders as hy" is.

6.8 ONDERSTEUNING VAN U KIND SE SOSIALE INTERAKSIE

Optimale kontak met die omgewing impliseer ook gesonde sosiale interaksie. Een van die belangrikste ontwikkelingstake van die kind in die middel-kinderjare fokus op gesonde sosiale ontwikkeling. Die kind word nou deel van 'n skoolsisteem waar hy met maats begin speel en hierdie vriendskappe 'n al hoe belangriker rol in sy lewe begin speel.

Die skrywers Louw, *et al.* (1998:326); Lefrancois (1993:48) en Du Toit & Kruger (1991:136-138) meld dat die kind in die middelkinderjare sosiale vaardighede verwerf en sy sosiale deelname uitbrei. Hy moet:
- fisieke vaardighede wat vir spel nodig is bemeester,
- samewerking met die portuurgroep in 'n groepsopset aanleer en
- verhoudings met gesagsfigure skep.

Die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se sosiale ontwikkeling behels isolasie en 'n beperking op geleenthede tot sosiale kontak, asook beperkings op sekere spelaktiwiteite (die kind wat vir gras allergies is, sal moeilik kan volhou met 'n speletjie waar hy aanhoudend hierdie allergeen inasem).

Dit is nodig dat u bydra tot die versterking van u kind se gesonde sosiale interaksie.
U kan:
- die kind se sosiale interaksie aanmoedig deur geleenthede te skep waar u kind met ander kinders kan speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- aan hom verduidelik dat almal nie dieselfde is nie - (verhoog dan die kind se bewustheid van allergie en maak hom gewoond aan die idee). Wanneer hy dan met maatjies gekonfronteer word wat nie allergies is nie, kan hy dit makliker hanteer.

- wanneer u kind by ander kinders se huise speel, seker maak dat die ander kind se ma allergiese siektes verstaan, sodat u kind nie in 'n situasie geplaas word waar hy niks kan eet nie - daar moet darem alternatiewe beskikbaar wees.

- wanneer u kind wel lank siek by die huis moet bly, hom in kontak met sy maats hou - laat hy hulle skakel, of, indien moontlik, hulle hom besoek.

Wanneer u u kind help om sy bewustheid van sy allergiese siektes, sy alternatiewe, sy voor- en afkeure te verhoog, kan hy homself posisioneer om beheer oor sy situasie te neem en dit makliker te hanteer.

6.9 VERSTERKING VAN U KIND SE OUTONOMIE (BEHEER EN VERANTWOORDELIKHEID)

6.9.1 Outonomie, beheer en verantwoordelikheid by die allergiese kind

Terwyl die kind se sosiale wêreld tydens die middelkinderjare uitbrei en hy homself geleidelik van sy gesin losmaak, word groot klem op die ontwikkeling van sy persoonlike onafhanklikheid geplaas. Volgens die skrywers Louw, *et al.* (1998:326); Lefrancois (1993:48) en Du Toit & Kruger (1991:136-138) sluit die persoonlike ontwikkelingstake van die middelkinderjare sowel onafhanklike gedrag en toenemende selfstandigheid as verhoogde verantwoordelikheidneming vir dade in. Shaffer (1996:52) meld spesifiek dat die kind se beheer oor sy eie lewe een van die belangrikste ontwikkelings-take vir hierdie ouderdom is. (Vergelyk Rice, 1995:254.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde gesonde selfstandigheid te ontwikkel, moet die kind keuses kan uitoefen en die gevolge daarvan dra. Hierdeur leer die kind om lewenseise op 'n volwasse wyse te hanteer. Die bereiking van groter selfstandigheid (beheer oor eie lewe) en verantwoordelikheid word volgens my mening direk deur die aanwesigheid van 'n allergiese siekte geraak. Die kind wat weens die voorkoms van 'n allergiese siekte homself daarop moet instel om allergeenblootstelling te voorkom, moet homself van verskeie aktiwiteite of voedselsoorte weerhou. Daar word dus 'n beperking op sy keuses geplaas - iets wat die mate van beheer wat hy oor sy eie lewe kan uitoefen, verminder.

'n Verdere aspek wat die kind se gesonde beheer oor sy lewe en sy groei na selfstandigheid kan belemmer, is die feit dat hy van medikasie afhanklik is om gesond te funksioneer. Hy kan voel dat hy die beheer oor sy lewe met die siekte of "allergiemonster" moet deel.

Beide Groenewald (1998) en Van Niekerk (1997) beklemtoon die noodsaaklikheid dat die kind van jongs af self verantwoordelikheid vir sy gesondheid moet neem. (Vergelyk Rice, 1995:170.) Volgens Groenewald (1998) weet die allergiese kinders dat hulle sekere kosse nie mag eet nie, maar sukkel om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar. Van der Merwe (1998) meld dat dit gereeld gebeur dat kinders by die skool vir haar kinders kos aanbied wat hulle nie mag eet nie - dit is baie moeilik. Ook partytjies skep probleme - die kind word blootgestel aan 'n verskeidenheid eetgoed waarvoor hy allergies is, en binne die omstandighede (waar die ander kinders juis die partytjie geniet deur van al die lekker kos te eet) is dit vir die kinders byna onmoontlik om hierdie verantwoordelikheid voluit deur te voer.

Geweldige hoë eise word aan die kinders gestel om hul allergiese siekte te beheer - iets wat ook tot ander emosionele reaksies soos frustrasie, spanning en verminderde lewensgenot kan lei. Lefrancois (1993:369) meld dat oormatige verantwoordelikheidseise tot spanning kan lei. Die kind benodig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens my mening baie innerlike krag om hierdie verantwoordelikheid te hanteer - iets wat in die ouerhuis opgebou kan word.

U as ouer kan (en moet) die kind se geleidelike ontwikkeling na onafhanklikheid ondersteun. Kinders wat aan allergiese siektes ly se beheer moet hervestig word sodat hulle verantwoordelike keuses kan maak, en so groter selfstandigheid en beheer oor hul lewens kan uitoefen.

6.9.2 Hanteringstrategieë vir u as ouer

U as ouer kan u kind help om sy siekte beter (makliker) te hanteer of te aanvaar deur:

* ***Die kind te help om sy situasie beter te verstaan en so beheer daaroor te verkry***

Kinders voel dat hulle iets aan 'n situasie kan doen wanneer hulle die aard en oorsake daarvan verstaan. Wanneer u u kind se begrip vir sy allergiese siekte verhoog, weet hy wat hy spesifiek kan doen om die "allergiemonster" te wen. Deur hierdie metafoor te gebruik wanneer u (veral met die kleiner kind) na sy allergiese siekte verwys, praat u 'n verstaanbare taal - die kind weet presies waarna verwys word en wat sy rol daarin is.

Dit is noodsaaklik dat die kind sy allergene kan uitken. Hy moet presies weet waarvoor hy allergies is sodat hy 'n ingeligte keuse kan maak en so verantwoordelik kan optree. Dit verhoog ook die gevoel van beheer by die kind wanneer hy spesifiek weet wat hom siek kan maak en wat nie.

* ***Meer keuses (wat nie allergeenblootstelling inhou nie) beskikbaar te stel***

Wanneer u as ouer die kind help om meer alternatiewe vir behoefte-bevrediging te identifiseer (keuses in terme van kos, klere of aktiwiteite), kan die kind gehelp word om 'n meer verantwoordelike keuse te maak. Die kind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat byvoorbeeld weens allergiese reaksies vir gras nie aan rugby kan deelneem nie, kan rolskaats, stoei of swem.

Wanneer die kind sukkel om keuses te maak, help dit om die verskillende aspekte van die saak deeglik te ondersoek. Deur alle gevolge van die keuse (sowel negatief as positief) - ook polariteite genoem - in ag te neem, kan die kind kies wat uiteindelik die mees aanvaarbare keuse is. Ek weet dat daar veral by voedselallergie 'n situasie kan voorkom waar geen keuse gestel kan word nie - die kind wat vir sitrus allergies is, mag dit nie inneem nie. Maar daar is wel ander aspekte in sy alledaagse lewe waaroor hy tog beheer kan uitoefen en hierdie beheer deur eenvoudige keuses kan vestig.

Deur die kind te help om binne die volgende raamwerk te dink, kan hy alternatiewe en keuses identifiseer waaroor hy wel beheer kan uitoefen.
- "Ek kan nie_____ doen nie, maar ek kan wel_____".

**** Die kind te help om verantwoordelikheid vir sy eie gesondheid te aanvaar***

Wanneer kind se beheer gevestig is en verhoogde bewustheid van alternatiewe vir behoeftebevrediging voorkom, kan hy verantwoordelikheid vir allergeenvermyding en siektebeheer (eie gesondheid) neem. Die kind wat weet wat hy behoort te doen om sy allergiese siekte te beheer, en in staat is om aan die eise van die taak wat aan hom opgedra is te voldoen, kan tot die mate wat dit op sy ouderdom van hom verwag word, verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem.

Ek is daarvan oortuig dat kinders verantwoordelik optree wanneer hulle bevoeg voel en weet wat die regte ding is om te doen. Deur spesifieke verantwoordelike gedrag aan hom te verduidelik, word die kind gehelp om die gevolge van sy spesifieke aksies te verstaan. Wanneer spesifieke aspekte van sy gedrag en hul gevolge verduidelik word soos: " Jy moet elke aand voor jy gaan slaap een Zyrtec pilletjie drink en elke neusgat twee maal spuit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sodat jou neus nie in die nag toegaan en jy sleg slaap nie", word die kind beter ingelig as wanneer 'n vae opdrag soos "jy moet na jouself kyk" gebruik word.

Die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak is 'n belangrike aspek om in ag te neem wanneer daar gekyk word na die mate van verantwoordelikheid wat hy moet neem. Volgens Bender (1996:12) moet selfs die voorskoolse kind al geleentheid kry om besluite te neem, keuses te maak en verantwoordelikheid te neem. Die opvoeder moet ook tydens die middelkinderjare sy steun geleidelik verminder, ten einde die kind te help om toenemend selfstandig, onafhanklik en verantwoordelik te ontwikkel (Bender, 1996:27).

Die volgende advies word deur Thompson & Rudolph (1992:515-516) gegee:

- Versterk verantwoordelike gedrag positief. Gee konstant aandag aan aanvaarbare gedrag.
- Indien die kind se onverantwoordelikheid spruit uit 'n onvermoë om vir die taak verantwoordelikheid te neem, verminder dan die kind se verantwoordelikhede vir 'n tydperk, waartydens daar op kwaliteit, eerder as kwantiteit, gefokus word.
  Vermeerder die kind se verantwoordelikhede dan geleidelik, sodat hy dit kan baasraak.
- Fokus op selfgerigte stellings soos "ek wil dit nie doen nie" eerder as "ek kan dit nie doen nie."

Die kind se sin vir verantwoordelikheid word volgens my mening versterk wanneer hy tuis verantwoordelikheid vir die versorging van sy kamer en 'n troeteldier moet neem. 'n Kind moet huistake verrig en so selfstandigheid en werktrots ontwikkel. Onthou egter dat die kind sy siektetoestand kan misbruik om verantwoordelikheid vir sy eie gesondheid of ander huistake te vermy. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1992:469.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rondom die hantering van huistake, en spesifiek met betrekking tot die kind se ouderdom, meld Covey (1997:240) die volgende: “If we do not make a sincere effort to understand our children’s development and communicate with them on their level of awareness, we often find ourselves making unreasonable expectations of them and being frustrated when we can’t seem to get through.”
“When we want a child to perform a task in the family, I’ve found it helpful to always ask three questions:
Should the child do it? (A value question)
Can the child do it? (A competency question)
Does the child *want* to do it? (A motivation question)” (Covey, 1997:241).

Ek beskou bogenoemde as waardevolle advies om in ag te neem wanneer ‘n kind take moet verrig. Verder voel ek dat dit belangrik is dat u as ouer in u kind se pogings glo en hom ondersteun waar nodig. Dit is volgens my mening belangrik dat die kind sal besef dat hy nie sy siekte as verskoning vir die ontduiking van take mag gebruik nie. Wees ferm en verwag van die kind om wel die taak uit te voer (die grootste deel daarvan), maar help hom indien daar fisiese simptome voorkom wat dit vir hom moeilik maak.

‘n Verdere aspek wat hier belangrik is, is dat die kind bemagtig word om in homself te glo - hy moet self glo dat hy dit kan regkry - ook nie net die huistake nie, maar die beheer van sy allergiese siekte. Die kind kan bemagtig word deur hom te help om sy vermoëns te ontdek. Ek praat met die kinders sommer van hulle “sonkolle” en “vrotkolle” - dit wat hy het wat hom help in die uitvoering van sy take en dit wat hom kan rem. Dit is belangrik dat ons ook die negatiewe aspekte erken - en veral die kind help om dit te erken. Dis makliker om ‘n vyand te oorwin wanneer hy bekend is. Help die kind om hierdie aspekte uit te ken, maar plaas tog meer klem op die positiewe. Wanneer die kind voel dat die negatiewe sterker as die positiewe is, kan hy gehelp word om steunstelsels van buite (soos u as ouers, maats, ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

familielede) te identifiseer wat hom gaan help om sy beheer en verantwoordelikheid te kry.

Die belangrikste rol wat u speel, is om die kind se pogings om onafhanklik verantwoordelike keuses uit te oefen, te motiveer. Die kind moet vertroue in sy vermoëns opbou, hy moet begin glo dat hy dit wat hy wil doen kan regkry.

6.10 DIE BOU VAN U KIND SE SELFBEELD EN SELFVERTROUE

Een aspek van die kind se lewe wat te alle tye in ag geneem en versterk kan word, is sy selfbeeld en selfvertroue. Hierdie aspek word as 'n spesifieke ontwikkelingstaak wat op persoonlike groei betrekking het, geformuleer as: "die vorming van 'n positiewe selfkonsep en 'n positiewe houding ten opsigte van sy liggaam" (Louw, *et al.,* 1998:326; Lefrancois, 1993:48 en Du Toit & Kruger, 1991:136-138). Die bou van 'n kind se selfbeeld en selfvertroue sluit vir my nou aan by bemagtiging. Die kind moet in sy eie vermoëns glo voordat hy bereid sal wees om te waag.

6.10.1 Die moontlike invloed van 'n allergiese siekte op u kind se selfbeeld, liggaamsbeeld en selfvertroue

Ek is van mening dat die feit dat die allergiese kind anders as sy maats is, en nie alles kan doen en eet soos hulle nie en boonop van medikasie afhanklik is om gesond te funksioneer, sy selfbeeld negatief kan beïnvloed. O'Conner (1991:79) meld in die verband: "If children differ from their peers in the areas of motor or physical development, they are at risk for serious negative self-evaluations and criticism from their peers."

Een spesifieke aspek van die selfkonsep wat volgens my mening negatief deur die voorkoms van allergiese siektes beïnvloed kan word, is die kind se liggaamsbeeld. Waar die siekte die kind se liggaamsbeeld negatief beïnvloed, kan dit die kind se selfbeeld benadeel. Nash, Stoch & Harper (1992:148) meld in hierdie verband: "Chronic illness poses a threat to body

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

image and self-concept." Navorsingsbevindinge uit die vorige studie (Yssel, 1997:93) waar 'n assesseringsriglyn getoets is, toon dan ook aan dat die fisieke allergiese reaksie kinders se liggaamsbeeld benadeel. (Vergelyk Harter in Lefrancois, 1993:342.)

Ek wil dit baie duidelik stel dat allergiese siektes nie noodwendig die kind se selfbeeld gaan benadeel nie, maar dat die moontlikheid wel bestaan. Dit is volgens my mening in elk geval altyd goed om die kind se gesonde selfbeeld 'n verdere hupstoot te gee.

6.10.2 Hoe u as ouers u kind se selfvertroue kan verhoog

Onthou dat die kind nou (al besef hy dit dalk nie self nie) ingestel is op selfbeeldontwikkeling en die vaslegging van 'n eie identiteit. U kan hom help om homself te leer ken - ook sy unieke eienskappe en voor- sowel as afkeure.

Die volgende riglyne kan gebruik word in die bou van u kind se selfbeeld en selfvertroue:

* Aanvaar die kind onvoorwaardelik - onthou daar is 'n verskil tussen die kind as mens en sy gedrag - al is dit wat hy doen nie vir u aanvaarbaar nie, bly hy as mens onvoorwaardelik aanvaarbaar.
* Gee spesifieke lof en kritiek (meld spesifieke goed wat hy reg of verkeerd doen).
* Wees te alle tye eerlik (ook as u moeg is en nie meer lus is vir die lawaai nie!)
* Neem saam met hom aan aktiwiteite deel (moenie net 'n toeskouer wees nie).
* Wys dat hulle u kan vertrou - as u iets belowe, onthou dit en doen dit!
* Luister opreg na hom as hy met u praat - moenie maak of u luister nie, sê liewer vir hom dat u binne 'n paar minute ordentlik sal kan luister.
* Erken en respekteer die kind se gevoelens - hy mag maar so voel, die wyse waarop hy dit uitdruk, is wel belangrik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Wees konsekwent in u optrede - ook met betrekking tot reëls.
* Gee aan hom (so ver moontlik) verantwoordelikhede.
* Gee aan die kind geleentheid om keuses te maak.
* Onthou dat elke kind uniek en wonderlik is.

Die laaste punt wat gegee word, is dat ons kinders nie moet veroordeel nie, maar eerder sy persepsie en situasie probeer verstaan. Covey (1997:220) meld spesifiek in hierdie verband: "Seeking to understand leads to understanding, acceptance, and participation." Hier is empatiese luister ter sprake. Dit beteken dat ek na die persoon voor my luister met 'n behoefte om werklik te verstaan - nie net om te hoor en dit weer te vergeet nie!
Covey (1997:222) skryf die volgende hieroor:
"Really listening to get inside another person's mind and heart - empathic listening. It's trying to see the world through someone else's eyes."
"In true listening, we reach behind the words, see through them, find the person who is being revealed. Listening is a search to find the treasure of the true person as revealed verbally and nonverbally" (John Powell in Covey, 1997:224).

'n Verdere belangrike aspek by empatiese luister is dat u deur u optrede vir die kind moet wys dat hy as persoon so belangrik is dat u tyd wil afstaan om werklik te luister - werklik te probeer verstaan. Wanneer die kind ervaar dat u as ouer sy persepsie of belewing van sy situasie wil verstaan, moedig dit hom aan om sy ervaringe te deel en na oplossings te soek.

'n Laaste aspek wat ek graag in hierdie deel wil aanspreek, is die kind se liggaamsbeeld. Dit is belangrik dat die allergiese kind se liggaamsbeeld as deel van sy selfbeeld versterk word. Veral waar die allergiese reaksie tot ekseem of merke op die kind se gesig lei, is die kind geneig om hierop te fokus en die ander gesonde, mooi dele mis te kyk. Deur die kind se aandag weer op sy spesiale eienskappe soos mooi oë en hare te vestig, kan dit hom help om minder in die ekseem vas te kyk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.11 ONDERSTEUNING VAN U KIND SE AKADEMIESE GROEI - MOTIVERING EN HULP

Die skrywers Louw, *et al.* (1998:326); Lefrancois (1993:48) en Du Toit & Kruger (1991:136-138) meld die volgende met betrekking tot die kind se akademiese ontwikkelingstake:
Die middelkinderjare word gekenmerk deur die kind se toetrede tot sy skooljare. Die ontwikkelingstake wat op intellektuele of akademiese groei fokus, sluit die volgende in:
- uitbreiding van kennis
- die ontwikkeling van basiese skolastiese begrippe en lees-, skryf- en wiskundige vaardighede
- verdere verfynde motoriese vaardighede.

'n Gelukkige skoollewe is volgens my mening baie belangrik vir die gesonde groei van enige kind. Dit is nie net die plek waar hy 'n groot deel van sy wakker ure deurbring en vaardighede aanleer nie, maar binne hierdie arene kry hy ook sy grootste sosiale blootstelling aan ander kinders en outoritêre figure buite gesinsverband. Die voorkoms van allergiese siektes kan daartoe lei dat die kind skool negatief ervaar wanneer dit sy skoolprestasie bemoeilik en deelname aan aktiwiteite soos liggaamsoefeninge beperk. Waar dit in die middelkinderjare juis om die bemeestering van vaardighede gaan, en sukses op hierdie gebied baie belangrik vir die kind se selfvertroue en motivering is, moet ons die kind ondersteun en motiveer om, ten spyte van die beperkings wat 'n allergiese siekte op sy funksionering plaas, nog steeds sy bes te doen en dit te geniet.

6.11.1 Die moontlike invloed van allergiese siektes op u kind se skolastiese (akademiese) funksionering en skoolbelewing

Aspekte van allergiese siektes wat akademiese funksionering kan beïnvloed:
- Moegheid, verswakte konsentrasievermoë en aandagafleibaarheid.
- Skoolafwesigheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Beperking op deelname aan aktiwiteite.

Dit kan veroorsaak dat skool sleg is en motivering hiervoor verlaag.

6.11.2 Wat u as ouer kan doen

Wanneer aspekte soos moegheid en verswakte konsentrasie op skool die kind se skoolbelewing negatief beïnvloed, het hy u as ouer se ondersteuning en motivering nodig. Deur aan hom te kommunikeer dat u glo dat hy, ten spyte van die allergiese siekte, sy beste lewer en daarmee tevrede is, verhoed dit dat hy moedeloos word en belang verloor.

Met betrekking tot sy skoolwerk wat moontlik agter raak tydens langtermyn afwesigheid, stel ek voor dat u sy klasonderwyseres vir hulp kan vra sodat die kind op hoogte met skoolwerk bly. Deur van sy klasmaats te vra om hom tuis te besoek en met die werk te help, kan dit ook daartoe bydra dat die kind nie so afgesonder voel nie.

6.12 DIE PAD VORENTOE

Ek glo dat u kind op sy pad vorentoe toenemend beheer oor sy allergiese siekte sal kan neem. Die motiveringskrywer Covey (1997:273) meld: “Work on the easier issues. Small victories lead to larger ones.” Deur u aanmoediging en ondersteuning van die klein oorwinnings oor die “allergiemonster” kan u kind al hoe meer kans sien om die allergiemonster te wen tot die dood toe!

Ek vertrou dat die inligting wat ek vir u gegee het u ook in die toekoms sal help om hierdie oorwinnings te ondersteun. Kernbegrippe wat ek graag wil herhaal, is die volgende:

- Help die kind om met nuwe oë na sy lewe te kyk - om te kyk na wat hom pla en wat hy tot sy beskikking het om hom in sy probleemoplossing te help.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Versterk die kind se selfvertroue (fasiliteer verandering in die kind se siening van sy siekte en wat hy daaraan kan doen).
- Konsentreer op sy moontlikhede en erken sy negatiewe gevoelens.
- Motiveer die kind om die lewe se eise as uitdagings te begin sien.
- Bied geleentheid vir onafhanklikheid.
- Sien gevaartekens raak.
- Probeer so ver moontlik gesonde alternatiewe bied.
- Herinner die kind aan toepaslike hanteringstrategieë.
- Erken die kind se gevoelens, maar wys die gevolge van verkeerde besluite duidelik uit.
- Gee aan u kind die verantwoordelikheid vir sy gesondheid.

Wanneer u kind egter weer in 'n situasie kom waar hy oorweldig word deur sy lus vir daardie verbode sjokolade of lemoen, wil ek u versoek om hom te herinner aan die volgende:

- dat die allergiemonster graag hierdie kos wil hê omdat dit hom sterk genoeg maak om die kind siek te maak
- wat die fisiese reaksie behels
- dat die allergiemonster net swakker kan word wanneer hy geen kos kry nie.

Help die kind om binne sy verwysingsraamwerk 'n werkbare oplossing vir sy probleem te soek. Help hom om bewus te wees van sy behoefte, sy emosies en van die alternatiewe in sy omgewing. Erken sy behoeftes en emosies. Help hom om dit te besit en self te besluit hoe hy dit wil hanteer. Wys die kind op sy "sonkolle" en "vrotkolle" sodat hy homself kan leer ken in sy unieke situasie. Wanneer hy sy positiewe en negatiewe aspekte erken en benut, kan hy geleidelik meer verantwoordelikheid neem en beheer vir sy lewe aanvaar.

Met hierdie program het ek probeer om aan u as die ouers van allergiese kinders inligting deur te gee wat gebruik kan word om u daaglikse saamlewe met 'n allergiese siekte te vergemaklik. Dit is belangrik om te onthou dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

allergiese siekte, en die kind se hantering daarvan, nie nou noodwendig skielik geen probleme gaan oplewer nie. Selfs nadat 'n terapeutiese program deurloop is, kan ons aanvaar dat dit nie noodwendig en die toekoms elke dag net goed sal gaan nie. Dit is normaal dat daar ook "af"-dae sal kom. Gelukkig weet ons dat die kind elke dag ouer, sterker en beter toegerus word om sy allergiese siektes as uitdagings te sien en so te hanteer.

6.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inligting wat as ouerleidingriglyn gebruik word, volledig weergegee. Die betrokke inligting behels 'n verduideliking van die benutting van spelterapie as terapeutiese hulpverleningstrategie en die doel van die program, spesifieke aspekte van die kind in die middelkinderjare se ontwikkeling wat tydens spelterapie aangespreek word, die immunologiese werking van allergiese siektes en die metafoor wat benut word om allergiese siektes aan die kind te verduidelik. Verder val die fokus op die versterking van die allergiese kind in die middelkinderjare se optimale bewustheid, identiteitsvorming, sosiale interaksie, outonomie, selfbeeld en selfvertroue en akademiese groei. Die noodsaaklikheid van elke aspek, die moontlike invloed van allergiese siektes daarop en hanteringstrategieë vir ouers word bespreek. Ten slotte is 'n samevatting en bronnelys (Bylaag D) vir ouers se gebruik ingesluit.

Dit is navorser se oortuiging dat hierdie inligting aan ouers insig in hul kind se ervaring en hantering van allergiese siektes kan bied, en hulle van werkbare strategieë voorsien om hul kind se gesonde funksionering te ondersteun.

Die volgende hoofstuk word benut om die empiriese gegewens van die studie volledig weergegee. Die verloop van die spelterapeutiese program word volledig in terme van elk van die ses kinders bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7
EMPIRIESE GEGEWENS

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese gegewens van die studie weergegee. Die inligting rondom die gebeure van die spelterapeutiese intervensie met die ses allergiese respondente word volledig bespreek.

Dit is volgens navorser nodig om eerstens die oorhoofse doelstelling van die spelterapeutiese program vir hierdie studie duidelik uiteen te sit. Die doelstelling van die spelterapeutiese intervensie binne hierdie studie is om die kind wat aan een of 'n kombinasie van allergiese siektes ly, in sy optimale holistiese ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is spesifieke doelwitte wat tydens die verskillende spelterapeutiese sessies bereik moes word, gestel. Hierdie doelwitte fokus op kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding, verhoogde bewustheid, geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en die fasilitering van die kind se hantering van sy geprojekteerde voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies. Ter wille van duidelikheid word die spesifieke doelwitte wat vir die sessies gestel is, by die bespreking van elke sessie weergegee.

Vervolgens word die empiriese inligting van elke respondent weergegee. Eerstens word 'n agtergrondskets van die betrokke kind gebied, waarna die verloop van elke sessie, asook die navorser se assessering daarvan, weergegee word. Laastens word die respondent se groei deur die lae van Perls (valse laag - 1, fobiese laag - 2, impasse laag - 3, implosiewe laag - 4 en eksplosiewe laag - 5) samevattend bespreek en grafies voorgestel ten einde die bereiking van die doelstelling van die navorsing te evalueer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2 EMPIRIESE GEGEWENS: ZANDRé SMITH

7.2.1 Agtergrondinligting

Zandré Smith is tien jaar en een maand oud. Hy is op sesjarige ouderdom as allergiese pasiënt deur Dr. M. Groenewald gediagnoseer en is onder haar behandeling. Die volgende inligting is deur sy moeder se vraelysvoltooiïng verkry:

Zandré ly aan allergiese rinitis, asma en voedselallergie en is vir alle suiwelprodukte, grondbone, huisstofmiet, dierehare, vere en gras allergies. Wanneer hy aan bogenoemde allergene blootgestel word, lei die allergiese reaksies tot die volgende simptome: ‘n toe neus en jeukende oë, moeilike asemhaling (voel benoud), oorpyn, hoofpyn en belemmerde sensoriese kontak omdat sy oë jeuk en hy moeilik ruik en hoor.

Om hierdie siektes te beheer moet hy Zyrtec pille en Beconaise Aqueous neussproei gebruik. Dit is volgens haar mening vir hom baie sleg om dit te gebruik.

Volgens sy moeder, beskik Zandré oor ‘n baie goeie begrip van sy allergiese siektes en waarom hy daarvan siek word. Volgens haar mening weet Zandré dat hy iets aan sy allergiese reaksies kan doen sodat dit sy funksionering minder benadeel, maar is dit vir hom baie moeilik.

Wat die invloed van die allergiese siektes betref, is sy van mening dat die allergiese reaksies hom by die skool tydens pouses, tydens partytjies, as hy speel en wanneer hy slaap, tot ‘n baie erge mate pla. Sy meld verder dat hierdie siektes hom baie kwaad, bang, hartseer en geïrriteerd maak en sy lewe baie sleg maak. Die aanwesigheid van sy allergiese siektes het dus ‘n definitiewe negatiewe invloed op sy totale funksionering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.2.2 Sessie een

7.2.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.2.2 Verloop van die sessie

Zandré was baie opgewonde om by spelterapie betrokke te raak. Tydens die eerste sessie is daar dadelik goeie kontak met hom bewerkstellig. Hy het genoem dat hy baie daarna uitsien om saam met die navorser te speel en het tydens die oriëntering sy blydskap uitgespreek oor die feit dat die sessies oor sewe weke gaan strek.

Zandré het entoesiasties aan die aktiwiteite deelgeneem. Hy het geïnteresseerd na die speelkamer en die navorser se toerusting gekyk. Hy het veral die aktiwiteit waar sy liggaamsbeeld afgetrek is baie geniet. Hy wou graag weet hoe lank hy is en het vinnig bereken hoeveel hy sedert 'n vorige meting gegroei het.

Hy kon dadelik op die liggaamsbeeld alle sintuiglike modaliteite asook sy voor- en afkeure met betrekking tot elkeen identifiseer. Hy weet presies hoe sy allergiese siektes die werking van sy sintuie en fisieke funksionering oor die algemeen beïnvloed.

Tydens die voltooiïng van die vraelys het Zandré deurgaans goeie samewerking gegee. Op die vraag of hy weet wat allergie is, antwoord hy dat dit iets met immuunselle te doen het, maar dat hy nie presies weet wat dit behels en hoekom allergiese reaksies hom siek maak nie. Hy weet presies waarvoor hy allergies is – kan dit vinnig opnoem en ook sekere kossoorte wat hierdie allergene bevat identifiseer.

Met betrekking tot sy medikasie, het hy genoem dat hy weet wat hy moet gebruik en hoe dit gebruik moet word, maar dat dit hom geweldig irriteer en dat die asmapompie veral vir hom baie "schlep" is.

Zandré het genoem dat hy weet dat hy die kos wat hom siek maak heeltemal moet uitlos om allergiebeheer te bereik, maar dat dit vir hom baie moeilik is om dit konsekwent te doen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die bespreking van die fisieke invloed van die reaksies op sy liggaam, het hy genoem dat dit vir hom baie sleg is om tydens hooikoors aanvalle so “simpel” te voel – alles is geblok en hy kry hoofpyn, sukkel om asem te haal.

Wat die invloed op sy algemene funksionering betref, het hy genoem dat dit by die huis vir hom moeilik is omdat hy nie alles kan eet waarvoor hy lus is nie. Dieselfde geld vir partytjies waar hy “alles moet los omdat alles melk in het”.

Wanneer hy speel, pla die allergiese reaksie hom baie erg omdat hy benoud begin voel as hy ‘n rukkie op gras gespeel het. Wanneer hy slaap voel hy ook soms benoud – iets wat daartoe lei dat hy die volgende oggend moeg opstaan.

Zandré het verder genoem dat die allergiese reaksies hom oor die algemeen baie erg pla en keer dat hy sy lewe geniet. Hy voel benoud tydens asma en skrik wanneer dit gebeur. Hy voel ook geïrriteerd en kwaad as die allergiese reaksies hom keer om te doen wat hy wil.

Tydens die verduideliking van die “allergiemonster”-metafoor het Zandré gefokus geluister en sy kop geknik om te wys dat hy verstaan. Hy het genoem dat hy weet dat allergiese reaksies iets met imuunselle te doen het, maar dat hy nie heeltemal seker is wat presies aangaan nie. Na die verduideliking het hy genoem dat dit nou vir hom baie makliker is om te verstaan en dat hy die allergiemonster beslis wil laat slaap sodat dit hom nie langer kan verpes nie.

Zandré het die geleentheid om die allergiemonster konkreet in ‘n tekening voor te stel benut deur baie presies en metodies die allergiemonster te teken en sy verskillende dele aan die navorser uit te wys. Hy het genoem dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

allergiemonster baie sterk arms het wat 'n mens probeer vasvat en jou lewe moeilik maak.

Zandré het aan die navorser genoem dat hy die sessie baie geniet het en uitsien na die volgende afspraak. Na afloop van die sessie het die navorser en Zandré by sy ma aangesluit wat die voltooide vraelys aan die navorser gegee het.

7.2.2.3 Assessering

Baie goeie kontak is tussen Zandré en die navorser bewerkstellig. Zandré was lus om saam met navorser te speel en opgewonde oor die res van die program. Hy het gemaklik met die navorser gekommunikeer en deurgaans entoesiasties saamgewerk. Dit was duidelik dat hy die sessie geniet het.

Tydens hierdie sessie was sy liggaamshouding regop, vrolik, en hy het goeie oogkontak gehandhaaf. Sy energievlak was baie hoog en hy het deurgaans op die aktiwiteite gefokus. Dit was vir navorser opvallend dat Zandré oor die algemeen teen 'n vinnige tempo werk, maar tog sy tekening op 'n baie presiese en sistematiese wyse voltooi het.

Dit is duidelik dat Zandré goeie kontak met homself en sy omgewing handhaaf. Hy kon dadelik al sy sintuie inspan om relevante aspekte uit die omgewing te identifiseer en hy het ook sy voor- en afkeure hierrondom verduidelik. Dit was vir hom maklik om keuses in hierdie verband te maak en die polariteite van elke aspek gelyktydig in ag te neem.

Zandré beskik oor goeie kennis en begrip rondom sy allergiese siektes. Hy kon die allergene maklik identifiseer en ook die fisieke invloed daarvan duidelik beskryf. Sy vlak van emosionele bewustheid is ook baie hoog - hy weet presies hoe hy oor sy allergiese siektes voel en kan dit ook duidelik verbaliseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na aanleiding van beide Zandré en sy moeder se vraelysvoltooiïng is dit vir navorser duidelik dat sy allergiese siektes tot ‘n baie erge mate ‘n belemmerende invloed op alle vlakke van Zandré se funksionering uitoefen. Hy is bewus van hierdie invloed op sy lewe en spreek ‘n gefrustreerde moedeloosheid daaroor uit.

Uit hierdie sessie is dit vir die navorser duidelik dat Zandré ‘n verlies aan beheer oor sy allergiese siektes ervaar. Beide Zandré en sy moeder noem dat hy wel weet hoe om die allergiese siektes te beheer, maar dat dit vir hom baie moeilik is om hierdie beheer konsekwent toe te pas en dat dit sy lewe sleg maak.

Zandré het na afloop van die metaforiese verduideliking genoem dat dit nou vir hom baie makliker is om te verstaan wat allergieë inhou en wat hy daaraan kan doen. Hierdie stelling dui vir navorser daarop dat hy ‘n beperkte mate van beheer oor sy allergiese siekte begin ervaar.

Navorser wil die aanname maak dat Zandré oor goeie bewustheid van sowel die allergiese reaksies as die invloed daarvan op sy totale funksionering beskik. Hy sukkel egter om sterk beheer van die situasie te neem en op ‘n konsekwente wyse verantwoordelikheid vir sy gesondheid te aanvaar. Dit kom vir navorser voor asof hy nuwe hanteringstrategieë wil toets en graag so beheer oor die allergiemonster wil verkry, maar dat sy egokrag hiervoor versterk moet word.

Zandré funksioneer in die impasse laag van Perls. Hy erken die realiteit van die probleem, maar is bang en te moedeloos om iets daaraan te doen. Hy weet dat hy iets daaraan moet doen, maar voel dat hy nie werklik ‘n oplossing daarvoor kan vind nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré - Tekening sessie een









Allegemeenstr

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.3 Sessie twee

7.2.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.3.2 Verloop van die sessie

Zandré was baie bly om die navorser te sien en het genoem dat dit met hom baie goed gaan.

Tydens die benutting van die "Listen Lotta" stel kon hy baie vinnig die verskillende geluide identifiseer en ook emosionele koppelings hiermee maak. Zandré het die emosionele bewustheidsoefening geniet en vinnig al die gesigsuitdrukkings identifiseer. Hy kon ook maklik die gesigsuitdrukkings aan die verskillende situasies op die ander bladsy koppel en dit van toepassing op sy eie lewe maak.

Die gebruik van seesand as projeksiemedium was vir Zandré baie genotvol. Hy het genoem dat hy seesand nie ken nie, maar daarvan hou. Hy het verkies om nat sand te gebruik en het 500ml water bygegooi (wat baie nat sand tot gevolg gehad het). Hy het die verskillende simbole een vir een deurgekyk en baie metodies dié wat hy wou gebruik, gekies. Dit bevestig navorser se idee dat dit deel van sy proses is om baie presies en netjies te werk te gaan.

Sy sandtoneel het 'n kostuumparty van die "Wilde Weste" voorgestel.
Hy en sy vriende het saam partytjie gehou waar hulle lekker saam swem, eet en kuier. Al die kinders op die partytjie is goeie maats en geniet dit om saam te speel en van die lekker eetgoed te eet.

Op navorser se vraag of die allergiemonster daar is, het hy geantwoord dat daar by sy eie partytjie geen allergiemonster toegelaat word nie – hy kan alles eet. By partytjies van vriende en familie is die allergiemonster egter "halfpad" daar. By 'n vreemde kind se partytjie is die allergiemonster "heeltemal daar" en is dit vir hom baie moeilik omdat daar dan omtrent niks is wat hy wel kan eet nie. Die allergiemonster moedig hom dan ook aan om wel allergene in te neem en sê (in sy eie woorde) "eet dit, jy moet dit eet, kyk net

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoe lekker lyk dit". Dit is dan vir hom baie moelik om die verbode eetgoed te los, want hy is baie lus daarvoor.

Die feit dat sy maats ook nie altyd verstaan wat allergiese siektes inhou nie, maak dit vir hom op sosiale gebied moeilik. Hy het genoem dat sy maats soms dink dat hy aansit – iets wat hom ontstel, kwaad en hartseer maak. Hy het genoem dat hy hierdie gevoelens gewoonlik maar eerder ignoreer en dan aangaan asof dit hom nie pla nie, maar dat dit hom eintlik seermaak as die ander kinders nie verstaan nie. Hy kon hierdie gevoelens tydens die sessie weer ervaar en uitdruk en het besluit dat hy 'n plan daarmee wil maak om dit makliker te hanteer.

Op navorser se voorstel of hy aan 'n plan wil dink wat dit vir hom makliker kan maak, het hy die volgende drie moontlikhede geïdentifiseer:

a) Eet die kos (volgens hom 'n baie dom keuse omdat hy dan siek gaan word)
b) Om die kos en sy maats te ignoreer (nie 'n baie goeie oplossing nie, maar darem beter as die eerste een).
c) Los die kos en verduidelik allergie vir party kinders wat naby aan hom is (beste keuse volgens hom).

Zandré was nie seker hoe hy dit aan ander kan verduidelik nie, waarop navorser hom gehelp het deur die volgende voorstel te maak. Hy kan aan die kinders verduidelik dat net soos 'n mens hoofpyn kry as hy aanhoudend sy kop teen 'n muur kap, word hy (Zandré) siek as hy enigsins melk drink. Die gevolg daarvan maak dit 'n dom keuse.

Op navorser se vraag oor hoe hy oor die allergiemonster voel, het Zandré geantwoord dat hy nou al vier jaar saam met die allergiemonster lewe en dat hy kans sien om die derde keuse op die proef te stel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Hy het rondom steunstelsels genoem dat daar darem onderwysers en ander volwassenes is wat allergiese siektes verstaan en alternatiewe keuses bied wanneer moontlik. Navorser het hom hierna aangemoedig om tydens die komende week verder te gaan dink oor dinge wat hy kan doen om dit nog makliker te maak en ook om nog mense wat hom hiermee kan help te identifiseer.

7.2.3.3 Assessering

Daar bestaan 'n sterk terapeutiese verhouding wat deur die feit dat hy bereid is om detail van sy lewe met die navorser te deel, onderstreep word. Die feit dat hy sy negatiewe gevoelens met die navorser deel, dui daarop dat hy haar vertrou en as sy maat beskou. Hy was deurgaans ontspanne, het goeie oogkontak gehandhaaf en met hoë energie entoesiasties saam gespeel.

Zandré handhaaf goeie kontak met homself en sy omgewing. Sy sensoriese bewustheidsvlak is baie hoog en hy kon maklik alle geluide identifiseer en dit aan die gepaste visuele kaart koppel.

Wat emosionele bewustheid betref, is Zandré bewus van die verskillende emosies wat deur 'n mens ervaar kan word en het hy maklik die verskillende gesigsuitdrukkings geïdentifiseer. Hy kon dit ook maklik aan situasies in sy eie lewe koppel en het spesifiek die reaksies wat deur 'n allergiese reaksie meegebring word (kwaad, siek, hartseer, omgekrap, vies en bang) uitgelig.

Zandré is bewus van die invloed van allergiese siektes op sy sosiale funksionering. Hy het genoem dat die allergiese siektes hom in sosiale situasies (soos partytjies) keer om te doen wat hy graag wil doen, en dat dit ook daartoe lei dat sy maats dink dat hy aansit.

Zandré kon sy emosies rondom die invloed van sy allergiese siektes op sy sosiale funksionering direk verbaal uitspreek. Hy kon tydens die sessie hierdie emosies wat hy gewoonlik eerder ignoreer erken, uitdruk en aanvaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré ervaar ‘n verlies aan beheer oor die allergiemonster. Hy voel op hierdie stadium soos ‘n slagoffer wat wel weet wat hy kan doen om die sy allergiese siektes te beheer en so die allergiese reaksies te verminder, maar nie seker is of hy wel sy hanteringstrategie kan deurvoer nie. Dit is vir hom swaar om konsenkwent verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem. Hy is egter wel daartoe in staat om oplossings vir die probleem te identifiseer en gemotiveer om vas te stel of hierdie oplossings in sy situasie sal werk.

Zandré se gedrag dui daarop dat hy in Perls se implosiewe laag beweeg waar hy begin om nuwe oplossings te identifiseer en te toets

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandre 1.BMP

Zandré - Emosionele bewustheidskaart sessie twee









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.4 Sessie drie

7.2.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.2.4.2 Verloop van die sessie

Zandré was bly om navorser te sien en het entoesiasties vertel dat hy 'n heerlike week beleef het waartydens hy baie saam met sy maatjie gespeel en gerolskaats het.

Tydens die fantasiereis was Zandré baie ontspanne. Hy het sy asem baie diep ingetrek en dit net so hard weer uitgeblaas. Hy het die hele fantasiereis met geweldige entoesiasme meegeleef en homself daarin ingeleef. Na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afloop van die fantasiereis het hy aan die navorser gesê: “Dit was baie lekker en ek het alles net so gesien”.

Navorser het hom gevra om ‘n tekening van dit wat hy in die fantasiereis gesien het, te maak. Hy het ter voorbereiding van sy tekening ‘n grys potlood gevra waarmee hy sy prent beplan het. Hy het genoem dat hy nie regtig alles wat hy gesien het op die papier kan neersit nie, maar wel ‘n stukkie daarvan kan uitbeeld. Hy het sy tekening met geesdrif aangepak en heeltemal in kontak met die tekening beweeg. Hy het sy tekenpotlode presies uitgekies en geweet wat hy wil doen. Tydens die tekening het hy regop gesit en met baie detail sy idee uitgebeeld.

Zandré het op sy prent drie bosse, blomme en ‘n onkruidgewas geteken. Die eerste bos op die linkerkant is ‘n kaktus wat Zandré “Doring” noem. Die middelste bos stel homself voor, terwyl die bos aan die regterkant ‘n rooiturksvy met die naam “Turkie” voorstel. Zandré beskryf homself as die middelste bos met baie diep wortels, wat tog nie baie sterk is nie. Hy wil graag sy eie vrugte eet, maar sukkel om dit reg te kry omdat die bessies te ver is.

Die ander bos “Turkie” stel ‘n vriendelike bos voor wat nie allergies is nie. Die onkruidbos onder aan die prent is baie ongewild omdat hy sy dorings versprei wat die ander seermaak en omdat dit boonop stink – dit is ‘n slegte bos. Almal sê vir Onkruid dat hy hulle net moet uitlos. Die ander bossie blomme onder aan die prent is lekkerruik goed wat die bosse se lewens makliker maak – hulle kan weens sy teenwoordigheid makliker naby Onkruid asemhaal.

Zandré noem dat al drie groot bosse van mekaar hou. Hulle ondersteun mekaar deur vir mekaar kos en water te gee wanneer nodig. Doring is egter allergies vir die middelste bos se vruggies – iets wat sy lewe baie moeilik maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op navorser se vraag of die allergiemonster in die prent inpas, teken Zander hom bo Doring op die prent in. Hy noem dat Doring allergies is, die ander twee bosse nie. Doring dink die allergiemonster is 'n pes – die allergiemonster laat sy oë toeswel en sy neus jeuk. Doring vra die ander bosse altyd om hom asseblief te help om die allergiemonster weg te kry. Turkie en die middelste bos (Zandré-bos) kry Doring baie jammer. Zandré-bos sê vir Doring: "Toemaar, ons sal jou nog kry dat jy nie meer allergies is nie". Onkruid lag egter oor Doring se probleem en sê in 'n uittartende stem: "Lekker Doring, lekker!"

Op navorser se vraag oor hoe hierdie tekening in sy eie lewe inpas, antwoord Zandré dat hy op die oomblik die kaktus (Doring) is. Hy wil egter graag soos die Zandré-bos word. Zandré-bos voel gelukkig en steur hom nie eers aan die allergiemonster nie. Hy voel soms soos die Zandré-bos waar die allergiemonster hom nie kan pla nie, maar hy voel meestal soos Doring. Dan voel hy moedeloos en lyk hy sommer vir homself sleg as hy sleg voel. Hy kyk dan na die suiwelprodukte en wonder wanneer hy ooit gesond gaan word.

Turkie stel die mense voor wat hom help, en in sy lewe is dit sy pa, ma en baie ander mense wat weet dat hy allergies is. Onkruid stel egter die teenpool voor – die mense wat dit vir hom nog moeiliker maak. Daar is ongelukkig baie sulke mense en dit is vir hom sleg.

Op navorser se vraag wat Zandré wil doen wanneer hy soos Doring voel, antwoord hy dat hy net die allergiemonster wil doodmaak. Wanneer die navorser hom versoek om direk met die allergiemonster te praat vra hy in 'n baie onderdanige, smekende stemtoon die volgende: "Allergiemonster sal jy my asseblief uitlos?"

Navoser het hierop reageer deur Zandré toestemming te vra om iets vir die allergiemonster te sê. Met sy toestemming sê sy dan vir die allergiemonster dat hy sal doodgaan omdat hy nie meer kos gaan kry nie. Zandré lag hieroor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en antwoord op 'n besliste toon dat dit gaan gebeur. Met navorser se aanmoediging sê hy dan self vir die allergiemonster op sy tekening dat hy hom sal laat doodgaan.

Navorser het hierna selfvertroeteling by Zandré gefasiliteer deur hom aan te moedig om Doring te aanvaar en te koester. Hy het vir Doring gesê dat dit "OK" is as hy soms sleg voel en dat hy na hom sal kyk.

Vervolgens het navoser op Zandré se ervaring en hantering van die mense wat Onkruid in sy lewe voorstel, gefokus. Hy het genoem dat hierdie mense soms slegte en lelike goed soos die volgende vir hom sê.
"Ag Zandré, jy is nie regtig allergies nie, jy maak net of jy is."
"Lekker Zandré, ek hoop jy word baie siek."

Hy noem dat dit mense is wat nie verstaan wat allergie behels nie, en hierdie opmerkings maak hom soms baie seer. Hy noem egter dat dit nie help om met hulle terug lelik te wees nie, omdat hulle dit dan geniet. Wanneer hy hulle ignoreer, besef hulle op 'n stadium dat hulle hom nie meer daarmee kan treiter nie. Navorser het erkenning hiervoor aan Zandré gegee deur aan hom te noem dat dit 'n goeie plan is.

Navorser het hierna daarop gefokus om Zandré te help om 'n hantering-strategie uit te werk en hom te bemagtig om daarmee vol te hou. Sy het hom aangemoedig om sy gevoelens direk teenoor die allergiemonster uit te spreek deur hom in 'n leë stoel te plaas en met hom te praat of vir hom 'n brief te skryf.

Tydens die bemagtigingsproses kon Zandré ook sy "sonkolle" wat hom hiermee gaan help identifiseer. Dit is naamlik die feit dat hy die moed het om dit te doen, dat hy dit wil doen en ook oor kennis van toepaslike gedrag beskik. Hy het sy ondersteuning in homself geïdentifiseer deur te noem dat Zandré-bos die sterk een is wat Doring kan help wanneer hy moedeloos is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens 'n geleentheid wat vir die eksperimentering met nuwe gedrag gebied is, het navorser vir Zandré gevra om vir Onkruid 'n antwoord te gee wanneer hy hom tart om melk te drink. Zandré het hierop reageer deur met 'n besliste stem "Nee, nee en nogmaals nee! Ek gaan nie myself aspris laat siek word nie" te antwoord.

7.2.4.3 Assessering

Daar bestaan 'n baie sterk terapeutiese verhouding tussen Zandré en die navorser. Hy het aan die einde van die sessie genoem dat hy nog "duisend keer" wil speel omdat dit so lekker is. Sy energievlak was tydens hierdie sessie baie hoog, hy was duidelik baie ontspanne en het goeie oogkontak gehandhaaf.

Zandré het homself ten volle in die fantasiereis ingeleef. Die stelling: "Ek het alles net so gesien!" dien as bewys dat hy sy verbeelding gebruik om alles in die fantasiereis sintuiglik te ervaar.

Zandré het tydens hierdie sessie getoon dat hy in kontak met die verskillende dele (polariteite) binne homself is. Aan die een kant is daar die Zandré-bos deel wat taamlik gesond is, gelukkig voel en homself nie eers aan die allergiemonster steur nie. Aan die ander kant is daar die deel in hom wat hy Doring noem - die hartseer, swak deel wat moedeloos voel en vir homself sleg lyk. Hy het genoem dat hy op die oomblik (en meestal) soos Doring voel, maar graag eerder soos Zandré-bos wil wees.

Zandré is in kontak met die emosies wat deur die allergiese reaksies veroorsaak word en kan ook die negatiewe gevoelens verbaliseer en erken. Hy is moedeloos en hartseer wanneer die ander mense (voorgestel deur Onkruid) lelike goed vir hom sê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Zandré geleidelik al meer beheer oor die situasie begin ervaar. Tydens sy eerste direkte kommunikasie aan die allergiemonster het hy in 'n baie onderdanige, smekende stemtoon die allergiemonster gevra om hom asseblief uit te los. Hy het hierna egter begin om beheer oor sy situasie te neem deurdat hy daarop wys dat hy twee dele het (Doring en Zandré-bos) en dat die een deel sterk genoeg is om die ander deel te help. Aan die einde van die sessie het hy in 'n besliste stem vir Doring teëgegaan en genoem dat hy homself nie gaan laat siek word nie.

Hierdie laaste stelling dui verder daarop dat hy verantwoordelikheid vir sy gesondheid aanvaar. Hy is beslis daaromtrent dat hy, al is dit ook moeilik, homself nie siek gaan laat word nie.

Zandré kon sy sterk punte wat hom kan help om groter beheer en verantwoordelikheid te aanvaar, identifiseer. Hy het genoem dat hy oor moed en kennis beskik wat hom kan help om die allergiemonster te wen, en spesifiek sy ondersteuning in homself geïdentifiseer deur te noem dat Zandré-bos die sterk een is wat Doring kan help wanneer hy moedeloos is. Zandré het ook aangedui dat hy bewus is van sy steunstelsels (die mense wat deur Turkie voorgestel word) en dat hy hulle gaan benut. Dit dui daarop dat hy vasbeslote is om groter beheer en verantwoordelikheid oor sy situasie uit te oefen.

Die gedrag wat Zandré tydens hierdie sessie openbaar het, val in die implosiewe laag van Perls. Zandré is besig om nuwe kragte in homself te ontdek en is bereid om met nuwe gedrag te eksperimenteer.
Hy begin glo dat hy wel die allergiemonster sal kan wen en het insig in sy hulpbronne (intern en ekstern) ontwikkel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré - Tekening sessie drie



n1.BMP

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.5 Sessie vier

7.2.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.2.5.2 Verloop van die sessie

Zandré was bly om die navorser te sien. Hy het genoem dat sy neus toe is weens allergiese reaksie, maar dat dit verder goed met hom gaan.

Hy het die sensoriese oefening waar hy gevoel as sintuig moet gebruik om items uit te ken, baie geniet. Hy het self genoem dat hy goed hiermee is. Dit was egter vir hom moeilik om die verskillende reuke te identifiseer. Hy het genoem dat die allergiese reaksies sy neus so blokkeer het, dat hy omtrent niks kon ruik nie. Hy het verder ook genoem dat sy ore pyn en veroorsaak dat sy balans bietjie sleg is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het baie daarvan gehou om met die klei te werk. Hy het baie goeie kontak met die medium gemaak en met groot aandag en baie detail sy skepping voltooi. Sy kleiskepping bestaan uit twee dele wat die kossoorte wat hy mag eet teenoor dit wat hy nie mag eet nie, uitbeeld. Hy het genoem dat sy maats tydens pouses hierdie goed vir hom by die skool gee om te eet. Die eerste groep skep geen probleme nie, maar die ander soos roomys en sjokolade moet hy vir iemand anders gee, omdat hy weet dat dit hom siek gaan maak. Hy het genoem dat dit vir hom baie sleg is om nie die sjokolade te kan eet nie, omdat hy baie lus daarvoor is, en sy maats dit ook nie verstaan as hy dit nie self eet nie. Die allergiemonster maak dit vir hom pouses baie moeilik en onaangenaam.

Op navorser se vraag rondom die invloed van hierdie gebeure op sy emosies, het hy genoem dat dit hom frustreer en kwaad maak dat hy nie melksjokolade kan eet nie. Dit pla hom egter die meeste by die skool omdat daar net melksjokolade beskikbaar is. Tuis is daar Albany sjokolade (sjokolade wat nie suiwel bevat nie). Aan die begin was hy nog gewoond aan die melksjokolade omdat hy dit ‘n paar jaar kon eet voordat sy allergieë gediagnoseer is. Albany sjokolade het daarna vir hom baie bitter gesmaak, maar nou raak dit al lekkerder en kan hy eintlik nie onthou hoe die melksjokolade smaak nie.

Op die navorser se versoek om die spesifieke eienskappe van sjokolade en roomys waarvoor hy lus is te identifiseer, het hy genoem dat hy iets soek wat koud en soet is, en dat die sjokolade hard genoeg moet wees dat hy daaraan kan kou. Hy het hierna genoem dat dit seker dan nie regtig net melksjokolade of roomys is waarvoor hy lus is nie.

Op die navorser se vraag wat daar nog is wat oor hierdie eienskappe beskik, het hy eers ‘n rukkie gedink voordat hy geantwoord het dat hy nie seker is nie. Nadat hy egter nog ‘n rukkie gedink het, meld hy dat Albany en ‘n nuwe soort sjokolade wat soos melksjokolade smaak, beskikbaar is. Hy is nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seker waar dit beskikbaar is nie, maar het entoesiasties onderneem om by sy ma uit te vind.

Op die navorser se vraag oor die allergiemonster se invloed wanneer hy pouses speel, het hy gemeld dat dit hom partykeer pla en dat sy bors toetrek of dat hy asma kry. Die asma is gewoonlik baie sleg, maar dit maak hom bly as hy nie oefening hoef te doen waarvoor hy nie lus is nie. Die negatiewe aspekte daarvan oorskadu egter die positiewe.

Zandré het hierna uit eie keuse klei benut om voor te stel hoe hy voel wanneer dit gebeur. Hy het met baie energie gewerk en die klei hard geslaan. Daarna het hy met groot versigtigheid 'n hartseer gesigsuitdrukking uit blou klei gevorm en genoem dat dit is hoe hy partykeer oor die allergiemonster voel - hartseer en mismoedig. Die navorser het Zandré hierop gevra om die kleigesig se stem te wees, waarna hy met 'n sagte, hartseer stem die volgende gesê het:
"Ek is Zandré, ek is hartseer want ek is allergies en ek is al weer lus vir sjokolade en roomys en alles. As ek dit eet gaan my kop seer wees en my neus toe wees. Nou voel ek goed, maar as ek dit gaan eet, gaan ek siek voel."

Zandré het genoem dat hy weet dat dit beter is om nie die goed te eet nie, maar dat hy nog steeds baie lus vir iets soets bly. Daar is volgens sy mening niks anders wat hy kan eet wat die lus daarvoor sal wegneem nie. Hy weet hy moet eerder Albany sjokolade eet, maar is nie altyd lus daarvoor nie.
Hy weet egter dat die eet van melksjokolade net negatiewe gevolge inhou.
"Dit gaan lekker wees as ek dit eet, maar oor so twintig minute na ek dit geëet het, kom die slegte deel wat erger as die lekker deel is. Dit is beter om dit heeltemal te los."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het hierna genoem het dat hy lus is vir die sjokolade wat hy nie mag eet nie, al weet hy nie meer hoe dit smaak nie. Hy het verder genoem dat hy nou besef dat hy bloot daarvoor lus is omdat hy weet dat hy dit nie mag eet nie. Zandré het genoem dat hy besef dat die allergiemonster hom frustreer omdat hy nie kan kies wat hy wil eet of doen nie. Hy wil soms iets eet of doen juis omdat hy nie mag nie. Dit dui vir navorser daarop dat insigontwikkeling plaasgevind het.

Op die navorser se aanmoediging om hierna te kyk watter gesonde alternatiewe wel beskikbaar is, het hy die volgende geïdentifiseer:

- speletjies speel, maar nie te rof hardloop nie –
- "rollerblade" (baie lekker)
- "my kuns" (entoesiasties daaroor)

"Ek kan daar sit en my prente teken soos ek dit wil doen en die allergiemonster kan my nie pla nie"
"Daar is darem goed waaroor allergiemonster geen sê het nie."

Zandré het hierna 'n aksieplan vir toekomstige situasies geïdentifiseer. Hy het genoem dat hy tydens 'n volgende keer sal onthou dat hy eintlik sjokolade wil hê net omdat hy dit nie mag eet nie. Hy kan dan Albany sjokolade of vrugteroomys sonder suiwel eet en iets lekkers doen, soos om op sy rekenaar te speel, rustig te hardloop of fiets te ry. Hy het verder genoem dat sy ma hom altyd sal help en ondersteun wanneer die allergiemonster hom baie pla.

Zandré het aan die einde van die sessie aan die navorser genoem dat hy begin om die allergiemonster stukkie vir stukkie te wen. Dit voel vir hom dat hy hom nou al halfpad begrawe het en hy weet nou wat hy wil en kan doen om hom heeltemal te wen. Hy het spesifiek die volgende woorde gebruik: "Gelukkig gaan hy later vrek, dan kan ons begrafnis ook hou"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.5.3 Assessering

Dit is duidelik dat daar 'n sterk "maatjie"-verhouding tussen Zandré en die navorser bestaan. Hy het self genoem dat dit vir hom baie lekker is om te kom speel en dat hy elke Maandag opgewonde is om hospitaal toe te kom. Dit dui ook daarop dat die spelterapie die hospitaal nou as 'n aangename plek herformuleer het.

Zandré het tydens hierdie sessie, ten spyte van die feit dat hy nie heeltemal gesond voel nie, hoë energievlakke gehandhaaf. Hy het soos tydens vorige sessies gemaklik en spontaan op die aktiwiteite reageer en goeie oogkontak gehandhaaf.

Dit was tydens die sessie duidelik dat die voorkoms van allergiese rinitis Zandré se vermoë tot optimale sensoriese kontak belemmer. Die feit dat sy neus toe was, het veroorsaak dat hy moeilik die verskillende reuke kon identifiseer. Hy het egter goeie gevoelskontak met die klei gemaak en self genoem dat hy maklik kan "voel" watter item hy uit die sak haal.

Zandré was tydens hierdie sessie weereens goed in kontak met sy eie belewing van die allergiese reaksies. Hy kan die spesifieke emosies wat in sekere situasies ontketen word uitken, en het self besef dat die frustrasie en hartseer eintlik deur die feit dat sy keuses belemmer is, veroorsaak word. Die insigontwikkeling wat hier plaasgevind het, het tot bemagtiging bygedra omdat Zandré nou tot die besef gekom het dat hy nie spesifiek melksjokolade wil hê nie, maar wel iets wat oor dieselfde eienskappe beskik.

Zandré kon tydens die sessie sy emosionele energie op die klei uithaal. Hy het die klei geslaan en sy hartseer emosie ook in die kleigesig uitgebeeld. Hy erken en aanvaar hierdie emosies en noem dat dit ook nou vir hom makliker is om dit nie liewer te ignoreer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het tydens die sessie sowel gesonde alternatiewe vir behoefte-bevrediging as 'n aksieplan vir toekomstige situasies geïdentifiseer. Dit bly dat hy vasbeslote is om die allergiese reaksies en die negatiewe emosies wat dit meebring, toenemend suksesvol aan te spreek.

Tydens hierdie sessie het Zandré genoem dat hy weet dat dit beter is om liewer nie die allergene te eet nie, ten spyte van die feit dat hy daarvoor lus is. Hy is bewus van die gevolge wat dit kan veroorsaak en noem self dat dit beter is om dit heeltemal te los. Dit dui op toenemende verantwoordelik-heidneming vir sy eie gesondheid.

Zandré ervaar ook toenemend beheer oor die situasie. Dit word duidelik in sy woorde dat hy die allergiemonster "stukkie vir stukkie wen" gestaaf. Die gedrag wat Zandré toon, val in die implosiewe gedrag van Perls. Hy eksperimenteer nou met verantwoordelike gedrag en begin emosioneel daartoe in staat te voel om hierdie gedrag in sy lewe deur te voer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.6 Sessie vyf

7.2.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.2.6.2 Verloop van die sessie

Zandré het dadelik aan die navorser genoem dat hy baie bly is dat daar nog twee speelsessies oor is. Hy het op die navorser se vraag van hoe dit met hom gaan, genoem dat hy die vorige aand min geslaap het en moeg is.

Hy het die sensoriese aktiwiteite wat op sig fokus baie geniet, en ook genot daaruit geput om die vingerverfkleure te meng. Hy het hierdie taak weereens met groot versigtigheid en presiesheid benader en sy vingers gereeld afgevee.

Zandré se vingerverfprent stel sy gesin bestaande uit sy ma, pa, boetie, sussie en homself voor. Die gesin is op die prent besig om vir ‘n foto reg te maak - hulle hou volgens hom baie van die neem van foto’s.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Al die gesinslede behalwe sy pa is allergies. Hy het genoem dat sy ma net allergies vir suiwer melk is, nie vir verwerkte produkte nie, wat volgens navorser op goeie bewustheid van die spesifieke allergene dui.

Navorser het hierna aan hom gevra om te beskryf wat elkeen in die gesin doen en hoe hulle oor die allergiemonster voel. Hy het genoem dat sy ma meestal vir hulle sorg en hulle help om die allergiemonster aan die slaap te hou. Sy help hom baie. Op die navorser se vraag van hoe groot sy ma se verantwoordelikheid is om die allergiemonster weg te hou, het hy geantwoord dat hy besef dat sy ouers se rol ten opsigte van die verantwoordelikheid laer as sy eie is - hy moet self die grootste verantwoordelikheid neem, maar sy ma help hom daarmee.

Hulle pa is nie allergies nie, maar ondersteun die res van die gesin in hul hantering van die allergiese reaksie deur byvoorbeeld iets vir Zandré te koop wat hy wel mag eet wanneer hy (die pa) vir homself iets koop waarvoor Zandré allergies is.

Die allergiemonster ontstel die gesin. Wanneer die allergiemonster een gesinslid siek maak, probeer die ander gesinslede hom soveel as moontlik help deur medikasie aan te dra en heeltyd te kyk of hy nog reg is. Hy het pertinent genoem dat al die gesinslede baie vir mekaar omgee en probeer om dit vir die siek persoon so maklik as moontlik te maak. Die hele gesin wens dat die allergiemonster nie bestaan het nie, en wil hom graag doodmaak.

Zandré het verder aan die navorser genoem dat sy jonger broer en suster op ‘n baie jong ouderdom gediagnoseer is en dat veral sy broer glad nie eers weet hoe melk smaak nie. Zandré is daarvan oortuig dat dit vir hom (Zandré) in sekere opsigte moeiliker is om die kos te los omdat hy dit eers vir ‘n ruk kon eet voordat sy allergieë gediagnoseer is. Hy noem egter dat die allergiemonster sy broer en suster se lewens ook maar moeilik maak en dat hy hulle sal help om die allergiemonster te wen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die navorser het spesifiek aan Zandré gevra hoe hy op die oomblik oor die allergiemonster voel. Hy het geantwoord dat hy op hierdie stadium die allergiemonster net beveel om uit sy lewe uit te loop. Hy voel nou anders oor die allergiemonster; hy is nie meer bang vir hom nie, maar word nou net al kwater. Hy het genoem dat dit eers baie erg was - nou is dit minder erg en raak hy gewoond daaraan om teen die allergiemonster te veg. Sy volgende woorde het die situasie opgesom: "Ek kom agter wat ek daaraan kan doen en hoe om myself te beheer. Ek weet nou dat ek dit kan regkry."

Zandré het die allergiemonster hierna op sy prent ingeverf. Op navorser se aanmoediging om 'n gesprek met die allergiemonster te voer, koggel die allergiemonster hom uit omdat sy neus toe is nadat hy rugby gespeel het.

Zandré het aan die navorser genoem dat die allergiemonster hom irriteer omdat dit sy neus toemaak, hom moeg maak en veroorsaak dat hy dan soos Doring van die vorige sessie voel. Hy weet egter dat hy vir die deel in homself wat soos Doring voel kan sorg en daardie deel kan help om die allergiemonster weg te kry. Hy noem dat hy 'n plan kan maak deur die allergiemonster te ignoreer wanneer hy iets vra - hy sal nie melk drink nie en "die allergiemonster so doodtrap". Hy noem verder dat hy ook sy medikasie kan gebruik om die allergiemonster te verswak.

Tydens die bemagtingsproses het Zandré genoem dat sy sonkolle daarin geleë is dat hy die allergiemonster wil wen en sy bes probeer om dit reg te kry. Hy het ook genoem dat sy gesin hom hiermee help en dus as steunstelsel dien.

7.2.6.3 Assessering

Dit is uit hierdie sessie weereens duidelik dat Zandré binne die gevestigde terapeutiese verhouding die navorser ten volle vertrou en gemaklik by haar is. Zandré se energievlak was tydens hierdie sessie merkbaar laer as tydens vorige weke en dit was duidelik dat hy siek en moeg voel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is weereens uit die gebeure tydens hierdie sessie duidelik dat Zandré baie goeie kontak met sy omgewing handhaaf. Hy het die sensoriese aktiwiteite wat op sig gefokus het, baie goed bemeester en ook groot genot daaruit geput om die vingerverf tot verskeie kleure te meng.

Zandré is ten volle bewus van die invloed van die allergiese siektes op sy hele gesin en hul gevoelens daaroor. Hy is bewus daarvan dat dit almal in sy gesin pla, maar dat hulle mekaar ondersteun om die reaksies te verminder en die hantering daarvan so ver moontlik te vergemaklik.

Zandré het tydens hierdie sessie aangetoon dat hy self die grootste verantwoordelikheid vir sy gesondheid aanvaar, en dat sy ouers hom hierin ondersteun. Hy het dit duidelik gestel dat hy nie van sy ouers verwag om die meeste verantwoordelikheid te aanvaar nie - dit is sy taak wat hy self aanvaar.

Die feit dat Zandré tydens die sessie spesifiek genoem het dat hy sy kleiner sibbe sal help om hulle allergiemonsters te wen, dui vir navorser daarop dat hy self groter beheer oor sy allergiemonster ervaar. Hy het verder genoem dat hy nie meer vir die allergiemonster bang is nie, maar hom nou beveel om uit sy lewe te loop. Wanneer hierdie aanmerking met ‘n vorige aanmerking (waar hy die allergiemonster op ‘n baie onderdanige manier gesmeek het om asseblief weg te gaan) vergelyk word, is dit duidelik dat hy beheer oor die allergiemonster ervaar. Hierdie feit is weereens bevestig toe hy later genoem het dat hy die allergiemonster wil wen en hom (die allergiemonster) verswak deur allergene te vermy en sy medikasie te gebruik.

Dit is vir Zandré nou baie makliker is om die invloed van sy allergiese siektes en die emosies wat daarmee verband hou suksesvol te hanteer. Hy beweeg nou in die eksplosiewe laag van Perls. Hy is bewus van sy behoeftes en die gevolge van sy keuses en dit is vir hom makliker om toenemend verantwoordelike keuses te maak. Hy neem toenemend beheer en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verantwoordelikheid vir sy situasie, en is gemotiveerd om die allergiemonster heeltemal te oorwin.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

an3.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré - Vingerverf/print sessie vyf



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.7 Sessie ses

7.2.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.2.7.2 Verloop van die sessie

Zandré was bly om die navorser te sien en het genoem dat hy jammer is dat dit die voorlaaste sessie is omdat hy die spelterapie baie geniet. Hy het verder aan die navorser gesê dat die spelterapie hom help om die allergiemonster heeltemal te wen en dat hy bly is dat hy daarby kon inskakel.

Tydens die sensoriese kontakaktiwiteit, waar hy verskillende smake moes uitken, het hy met groot genot alles geïdentifiseer en genoem dat hy alles ken en ook presies weet waarvoor dit gebruik word. Hy het verder genoem dat dit vir hom baie interessant was om die verskillende smake uit te ken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het verkies om teken as projeksiemedium te benut. Hy het 'n tekening van alles wat hy nie mag eet nie gemaak. Hy het dadelik aan die navorser genoem dat dat daar "Geen sterk allergiemonster" is nie. Die goed op sy prent wil graag die allergiemonster groter maak, maar hy gaan hulle nie meer 'n kans gee nie. Hy het die woorde "Me rule" gebruik en genoem dat hy nou sterker as die allergiemonster en hierdie kossoorte is.

Zandré het die allergiemonster baie klein onder die kondensmelkblik geteken en die volgende daaroor gesê: "Kyk hier - kyk hoe klein, klein, klein is die allergiemonster - hy het baie gekrimp." Alhoewel die allergiemonster die goed op Zandré se prent vra om meer aanloklik op die rakke te lyk sodat hy dit moeilik kan los, het hy reageer deur te antwoord dat hy hom nie daaraan sal steur nie. "Ek gaan julle nie eet nie - daar is baie ander goed wat ek kan eet! Albany sjokolade begin nou vir my baie lekkerder raak."

Op navorser se vraag rondom sy gevoelens in die hier en nou het hy die volgende antwoord gegee: "Dit gaan goed - ek weet nog nie regtig of ek 100% wen nie, maar ek wil wen. My vrotkol is dat die allergiemonster dit vir my moeilik maak om hierdie goed te los, maar my sonkolle is groter - ek wil die allergiemonster wen en ek weet wat ek mag eet. My mond wil graag vir die allergiemonster luister, maar ek dink dat dit sal help as ek hom met ander soet lekkergoed wat ek mag eet, volstop."

Zandré het verder gesê dat hy besig is om te wen en al baie groter as die allergiemonster is. Hy het direk met die allergiemonster op sy prent gepraat en hom beveel om liewer nie naby hom te kom nie. Zandré het op 'n volgende blou bladsy die allergiemonster geteken waar hy ver weg loop. Hy het daarna strepe oor die allergiemonster getrek en daarop geskryf dat hy die allergiemonster haat en hom wen. Verdere direkte kommunikasie teenoor die allergiemonster het die volgende ingehou:
"L.O.O.P. - ek wen jou!"
"Jy gaan vrek want ek gaan jou nie kos gee nie!"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het genoem dat dit nou al makliker raak om die allergiemonster te wen. Die allergiemonster raak elke week al kleiner, en al gaan hy hom nie dadelik ontgroei nie, hoef die allergiemonster hom (Zandré) nie altyd te pla nie.

Zandré het hierna 'n lys van planne teen die allergiemonster gemaak. Hy gaan vrugtesap sonder suiwel as roomys vries, kyk of daar vla is wat sonder suiwel gemaak kan word, en rooibostee in plaas van melk in resepte gebruik.

7.2.7.3 Assessering

Hierdie sessie word deur Zandré se gevestigde beheer oor die allergiemonster gedomineer. Hy het telke male uitgewys dat hy die allergiemonster wen, dat hy die allergiemonster nie meer 'n kans gaan gee nie en dat hy nou sterker as die allergiemonster is. Die allergiemonster krimp elke week en word al kleiner.

Wanneer hy oor sy huidige en beplande hantering van die allergiemonster praat, noem hy dat hy die allergiemonster gaan wen deur die regte kos te eet. Hy het 'n lys van gesonde alternatiewe vir behoeftebevrediging opgestel en is vasbeslote om die allergiemonster heeltemal dood te maak, soos die stelling: "Jy gaan vrek want ek gaan jou nie kos gee nie!" duidelik uitwys.

Zandré se gedrag val definitief in Perls se eksplosiewe laag. Hy het nuwe energie ontdek wat hy nou benut om die allergiemonster al verder en verder te wen - soos hy dit self stel, hy word sterker en die allergiemonster word al swakker en kleiner.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

n4.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré - Eerste tekening sessie ses

LIA

Albonoy

ma se koek

KONDENS MELK

ROOM

koeldrank Fries

Baie ander

MELK

bokmelk

Zandre Smith

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandre - Tweede tekening sessie ses

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.8 Sessie sewe

7.2.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemedium.
- Terminering van die reeks.

7.2.8.2 Verloop van die sessie

Zandré was tydens hierdie sessie baie energiek en opgewonde. Hy het genoem dat dit wel vir hom swaar is dat dit die laaste speelsessie is, maar dat hy daarna uitsien en dat die allergiemonster hom gelukkig ook nie meer so baie pla nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandré het tydens sy keuse van handpoppe vir die hofsaak eers alles deurgekyk en uiteindelik twee handpoppe gekies wat hy as advokate in die hofsaak teen die allergiemonster gebruik het. Hy het met groot entoesiasme aan die hofsaak deelgeneem en lekker gelag toe daar gesê is dat die allergiemonster gestraf gaan word. Hy het genoem dat die allergiemonster in die regte lewe nou baie klein is.

Die eerste handpop het homself as Semo die kameelperd voorgestel en genoem dat hy die invloed van allergiese reaksies op Zandré se skoolfunksionering en partytjies sal aanspreek. Die tweede handpop - Ding-Dong is 'n hond wat oor Zandré se funksionering oor die algemeen en by die huis sal getuig.

Zandré het, terwyl hy weer na die skets van die eerste sessie gekyk het, genoem dat dit die "stupid" allergiemonster is. Hy het verder genoem dat hy nou beter verstaan wat allergie is en wat dit aan sy liggaam en lewe doen.

Hy het op die foto van sy sandtoneel reageer deur te noem dat dit hom eers baie gepla het dat hy op ander kinders se partytjies nie alles kan eet wat beskikbaar is nie. Hy was toe sommer mismoedig oor die situasie. Op die navorser se vraag aan die handpop oor hoe Zandré nou daaroor voel, is die volgende antwoord verskaf: "Ek dink dit pla hom nie nou meer regtig, nie want hy voel een van die dae gaan daai allergiemonster nie meer bestaan nie".

Op reaksie teenoor sy tekening van die verskillende bosse, het Zandré self die volgende gesê: "Ek het toe gevoel dat ek gehelp moet word en myself so jammer gekry. Ek het toe klein gevoel teenoor die allergiemonster.
Nou dink ek nie eers meer aan die allergiemonster nie. Die allergiemonster moet volgende keer nog baie kleiner geteken word."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In reaksie op sy kleiskepping wat die kos voorstel wat hy nie mag eet nie, het die kameelperd handpop genoem dat Zandré in die verlede gevoel het dat daar so baie min goed is wat hy wel mag eet en so baie goed wat hy nie mag eet nie. Maar die kameelperd dink dat Zandré dit nou omgeruil het. Nou is daar weer baie goed wat hy mag eet en minder goed wat hy nie mag eet nie. Hy het besef wat die goed is wat hy mag eet, en het daarop begin konsentreer.

Met verwysing na die hartseer gesig wat Zandré uit klei gevorm het, het die kameelperd genoem dat Zandré eers baie hartseer was, maar nou nie meer so voel nie.

Die vingerverfprent het volgens die hond-handpop aangedui dat die allergiemonster Zandré baie by die huis gepla het. Nou pla die allergiemonster hom nie meer regtig tuis nie, behalwe as daar iets in die yskas is wat hy baie graag wil eet en so lus raak daarvoor - maar hy weet hy mag nie aan die versoeking toegee nie, en wil ook nie.

Op Zandré se tekenprent het die handpop soos volg reageer: “Ek dink alles wat hy daar op die blou prent geskryf het is waar, want die allergiemonster is nou al so klein en almal dink hy is ‘n pes en almal haat hom - niemand hou van hom nie.” Zandré het hierna self genoem dat hy die allergiemonster graag wil straf en gesê: “Ek dink daar kan baie minder melk-goed vir hom gegee word tot hy uitgeroei is. Hy gaan uiteindelik doodgaan. Ek dink daai allergiemonster gaan nie meer bestaan nie.”

Op die navorser se versoek het Zandré weer na die tekening van sy drie bosse gekyk. Hy het genoem dat hy nou soos Zandré-bos voel. Hy is wel nog allergies, maar dit pla hom nie meer soos dit vir Doring gepla het nie.

Zandré het op ‘n baie sterk, bevelende stemtoon die volgende aan die “allergiemonster” wat deur ‘n ballon in die leë-stoel voorgestel is, gesê:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Loop en gaan dood - ek gaan jou doodmaak, jy gaan niks meer wees nie". Hy het die ballon wat die allergiemonster voorstel hierna met groot genot geboks.

Hy het genoem dat hy weet dat daar in die toekoms weer moeilike dae kan kom, maar dat hy dan sy sakgeld gaan gebruik om roomys te koop wat hy wel mag eet.

Met die afsluiting van die hofsaak het Zandré genoem dat hy bly is dat hy die allergiemonster kon wen, en baie lus is om dit met die partytjie te vier. Tydens die partytjie het Zandré weer die vraelys saam met die navorser ingevul en die volgende inligting weergegee:

- Sy begrip van sy allergiese siektes

Hy verstaan nou wat sy allergiese siektes is en wat die allergiemonster wil doen. Die benutting van die metafoor het dit vir hom "100%" duidelik gemaak.

- Die invloed van sy allergiese siektes op sy daaglikse funksionering

Alhoewel die allergiemonster hom soms nog pla, maak dit sy lewe nie meer so moeilik nie. By die skool raak hy lus vir die pasteie wat pouses verkoop word. Dit het egter kaas in. Hy het besluit om beheer oor die situasie te neem deur te vra of daar nie ook ander pasteie of toebroodjies sonder kaas verkoop kan word nie.

By partytjies is dit nou vir hom minder swaar, en hy kan vir sy maats verduidelik waarom hy sekere goed nie kan eet nie. As hy speel pla die allergiemonster hom bietjie met asma, maar hy is versigtiger en probeer keer dat dit gebeur. Die allergiemonster pla hom wel as hy slaap, maar net as sy neus soms toe is. Zandré noem dat hy voel dat hy beslis iets kan doen. Dit gaan nou baie beter met hom - "Hierdie spelery het my regtig gehelp."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy glo dat hy sy allergieë kan ontgroei, maar weet dat daar 'n moontlikheid bestaan dat dit nie gaan gebeur nie. Hy sal dit dan verder hanteer.

7.2.8.3 Assessering

Hierdie sessie is deur hoë energie, genot en opgewondenheid gekenmerk. Zandré het met sy kenmerkende presiesheid die handpoppe benut om elke projeksie van die terapeutiese proses tydens die hofsaak teen die allergiemonster te rig.

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat die negatiewe invloed wat die allergiese reaksies voorheen op Zandré se lewe gehad het, feitlik iets van die verlede is. Hy het telkens genoem dat die allergiemonster hom eers baie gepla het, maar dat hy nou voel dat hy gewen het. Die allergiemonster kan hom nie meer so baie pla nie, en is nou baie kleiner as wat dit eers was.

Een aspek wat navorser spesifiek wil uitlig, is die feit dat Zandré tydens hierdie sessie homself met die "Zandré-bos" vergelyk. Alhoewel hy nog steeds allergies is, het hy beheer oor die allergiemonster verkry. Dit blyk ook duidelik uit die feit dat hy in 'n bevelende stemtoon die allergiemonster met die woorde: "Loop en gaan dood - ek gaan jou doodmaak, jy gaan niks meer wees nie" gesê het en die ballon wat die allergiemonster voorstel, met groot opgewondenheid geboks het.

Zandré is realisties oor die toekoms. Hy besef dat daar moeilike dae kan kom, maar is vasbeslote om homself dan aan sy suksesvolle hantering-strategieë te herinner. Sy gedrag tydens hierdie sessie dui daarop dat hy tot op die punt gegroei het waar hy sterk in Perls se eksplosiewe laag funksioneer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.9 Bereiking van die doelstelling van die studie

Dit was duidelik dat Zandré binne die gestaltspelterapeutiese intervensie vanaf die impasse laag na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het. Tydens die eerste sessie was hy by die impasse laag. Hy het die realiteit van die probleem erken, maar was te bang en te moedeloos om iets daaraan te doen. Tydens die tweede sessie het hy in die implosiewe laag inbeweeg waar hy begin het om nuwe oplossings te identifiseer en te toets.

Sy gedrag tydens die derde sessie het daarop gedui dat hy sterk in die implosiewe laag gefunksioneer het waar hy besig was om nuwe egokragte te ontdek en bereid was om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Hy het begin glo dat hy wel die allergiemonster sal kan wen en het insig in sy hulpbronne (intern en ekstern) ontwikkel. Dit was duidelik dat hy tydens hierdie sessie vasbeslote was om groter beheer en verantwoordelikheid oor sy situasie uit te oefen.

Tydens die vierde sessie het sy gedrag steeds op die implosiewe laag gedui. Hy het met verantwoordelike alternatiewe vir behoeftebevrediging geëksperimenteer en emosioneel daartoe in staat begin voel om hierdie gedrag in sy lewe deur te voer.

Zandré se gedrag van die vyfde, sesde en sewende sessies het daarop gedui dat hy na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het. Sy gedrag het daarop gedui dat hy bewus is van sy behoeftes en die gevolge van sy keuses en dat dit vir hom makliker is om verantwoordelike keuses te maak. Hy neem toenemend beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie en is gemotiveerd om die allergiemonster heeltemal te oorwin. Hy het nuwe energie ontdek wat hy nou benut om die allergiemonser al verder en verder te wen - soos hy dit self gestel het, hy word sterker en die allergiemonster word al swakker en kleiner. Dit was tydens die sewende sessie spesifiek duidelik dat hy realisties oor die toekoms is en besef dat daar moeilike dae kan kom, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hy vasbeslote is om homself dan aan sy suksesvolle hanteringstrategieë te herinner.

Die vraelys wat Zandré se moeder as na-toets voltooi het, bevestig hierdie inligting en dui aan dat hy nou sterker as die allergiemonster is. Sy het spesifiek gemeld dat hy die allergiese reaksies nou kalmer aanvaar en nie meer soos voorheen hewig daardeur ontstel word nie.

Mev. Smith het met betrekking tot die ouerleidinginligting wat gegee is, genoem dat dit haar beslis in staat gestel het om Zandré se hantering van sy allergiese reaksies te ondersteun, en dat dit spesifiek meer insig ten opsigte van sy selfhandhawing gebied het.

Bogenoemde inligting dui daarop dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) by Zandré bereik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3 EMPIRIESE GEGEWENS: NELINE VAN NIEKERK

7.3.1 Agtergrondinligting

Neline van Niekerk is sewe jaar en twee maande oud. Sy is tans as allergiese pasiënt onder Dr. M. Groenewald se behandeling. Die volgende inligting is deur haar moeder se vraelysvoltooiïng verkry:

Neline ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en ekseem en is vir alle suiwelprodukte, eiers, sitrus en grondbone allergies. Wanneer sy aan bogenoemde allergene blootgestel word, lei dit tot ekseem waar haar vel jeuk of brand, en 'n toe, jeukende neus.

Om hierdie siektes te beheer moet sy Zaditen pille gebruik. Haar moeder noem dat dit glad nie vir haar onaangenaam is om haar medikasie te gebruik nie.

Volgens haar moeder beskik Neline oor 'n baie goeie kennis van wat allergie is, maar dat sy nie werklik verstaan waarom dit haar siek maak nie. Sy weet dat sy iets aan die situasie kan doen, maar dit is vir haar moeilik.

Wat die invloed van die allergiese siektes betref, is haar moeder van mening dat die allergiese siektes Neline veral snags terwyl sy slaap pla omdat dit veroorsaak dat sy jeuk en baie maklik warm kry. Dit veroorsaak dan dat sy by die skool moeg is en dit belemmer haar konsentrasievermoë. Dit is ook vir haar sleg dat sy nie suiwel en eiers kan eet nie. Mev. van Niekerk meld verder dat die allergiese siektes by Neline tot woede en irritasie lei. Die voorkoms van die allergiese siektes verhoed volgens haar mening dat Neline haar lewe ten volle kan geniet. Die aanwesigheid van die allergiese siektes het dus 'n negatiewe invloed op Neline se optimale funksionering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.2 Sessie een

7.3.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.2.2 Verloop van die sessie

Aangesien dit vir beide die navorser en Neline se ma meer prakties uitvoerbaar was, het die navorser Neline by haar ma se praktyk vir spelterapie gesien.

Neline was bly om die navorser te ontmoet, en het genoem dat sy dink dat hulle lekker saam sal speel. Sy was baie geïnteresseerd in die navorser se speelgoed en het met groot entoesiasme alles saam met die navorser uitgepak. Neline was opgewonde om te sien hoe haar afgetrekte liggaamsbeeld lyk en het haar hare en rokkie op die beeld ingeteken en met vetkryte ingekleur.

Neline het baie maklik haar sintuiglike modaliteite geïdentifiseer en met 'n besliste sekerheid haar voor- en afkeure ten opsigte van elke sensoriese modaliteit uitgespreek. Sy het genoem dat die allergiese reaksies haar vel laat jeuk - sy kry ekseem wat veral haar voete en gesig laat jeuk en haar sommer sleg laat voel.

Tydens die voltooiïng van die vraelys het Neline goeie samewerking gegee. Sy het genoem dat sy nie regtig weet wat allergie is nie en ook glad nie verstaan waarom dit haar siek maak nie. Sy weet egter baie goed watter allergene tot hierdie reaksies lei.

Met betrekking tot haar medikasie het sy genoem dat sy elke aand 'n pilletjie moet drink, en dat dit vir haar glad nie sleg is om dit te doen nie. Verder is daar ook salf wat haar ma vir haar moet aansmeer wanneer haar voete jeuk.

Neline het genoem dat dit vir haar baie sleg is dat sy nie alles kan eet wat sy wil nie. Haar voete jeuk ook baie by die skool en die allergiese siektes maak haar lewe sommer sleg. Dit pla haar en dit maak haar kwaad en geïriteerd. Sy voel dat sy glad nie iets teen die allergiese siektes kan doen nie en dit maak haar lewe moeilik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die verduideliking van die allergiemonster-metafoor het Neline aandagtig geluister en genoem dat sy nou verstaan hoe die allergiese reaksies werk. Sy het hierna twee tekeninge van die allergiemonster gemaak. Die een tekening stel die allergiemonster voor waar hy melk drink en sterk is - dit is hoe sy hom huidig ervaar. Die tweede tekening stel die allergiemonster voor waar hy vas slaap en niks kan doen nie - dit is hoe sy wil hê dat hy moet lyk.

Neline het na die voltooiïng van haar tekeninge die navorser gevra om haar verder te help om haar rokkie op die liggaamsbeeld in te kleur, waarna sy genoem het dat dit vir haar lekker was om saam met die navorser te speel en dat sy na die volgende sessie uitsien.

7.3.2.3 Assessering

Daar is daar baie goeie kontak tussen Neline en die navorser bewerkstellig. Sy het wonderlike samewerking en entoesiasme getoon en op ‘n baie spontane manier met die navorser gesels. Die feit dat sy die navorser gevra het om haar met haar inkleurwerk te help, is ‘n duidelike aanduiding dat sy die navorser as “maatjie” aanvaar het.

Neline was baie ontspanne en het deurentyd goeie oogkontak gehandhaaf. Sy het met hoë konsentrasie op die aktiwiteite gefokus en vol selfvertroue daaraan meegedoen. Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Neline baie op detail en netheid ingestel is. Sy het haar liggaamsbeeld met groot sorg ingekleur en ook haar prente baie versigtig benader.

Neline kon onmiddellik alle toepaslike sintuie inspan om die verskillende aspekte wat sy sien, ruik, hoor, proe en voel te identifiseer en het ook haar definitiewe voor- en afkeure daaromtrent uitgespreek. Sy kon dadelik presies aandui dat die allergiese reaksies haar gesig, bene en voete laat jeuk en haar neus laat toegaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is duidelik dat Neline deeglik bewus is van die allergene wat die reaksies veroorsaak, maar dat sy nie verstaan wat haar allergiese siektes behels en waarom dit haar siek maak nie. Sy kon die invloed daarvan op haar funksionering identifiseer deur te noem dat dit vir haar sleg is wanneer sy nie alles kan eet waarvoor sy lus is nie en dat die allergiese reaksies gewoonlik veroorsaak dat haar voete jeuk.

Neline is goed in kontak met haar emosies en is daartoe in staat om dit verbaal uit te spreek. Sy noem dat die allergiese siektes haar kwaad maak en haar irriteer en dat dit vir haar sleg is dat sy nie alles kan eet nie.

Dit is duidelik dat Neline voel dat sy geen beheer oor haar allergiese siektes het nie. Sy het spesifiek genoem dat sy voel of sy glad nie iets daarteen kan doen nie en dat dit haar lewe bemoeilik. Die feit dat sy in twee tekeninge die allergiemonster as ‘n sterk figuur teenoor die swak figuur (soos waar sy hom graag wil sien) voorstel, is ‘n aanduiding dat sy die allergiemonster graag swak wil sien, maar nie seker is hoe sy dit kan regkry nie.

Alhoewel Neline noem dat sy wel haar pilletjie in die aand drink, is navorser onseker oor die hoeveelheid verantwoordelikheid wat sy self vir haar gesondheid sal neem. Die feit dat sy slegs sewe jaar oud is, moet in ag geneem word, maar navorser is tog van mening dat sy reeds op hierdie ouderdom ‘n groot mate van verantwoordelikheid vir haar gesondheid moet aanvaar.

Navorser het tydens hierdie sessie gesien dat Neline ‘n baie saggeaarde, vriendelike en hulpvaardige dogtertjie is. Juis in die lig hiervan is dit interessant dat die allergiese reaksies gevoelens van aggressie en irritasie ontlok. Navorser wil die aanname maak dat dit weens ‘n verlies aan beheer as moedelose frustrasie manifesteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline se gedrag tydens hierdie sessie weerspieël Perls se impasse laag. Neline wil graag die allergiemonster swak maak sodat hy haar nie kan pla nie, maar sy is nie seker of en, indien wel, hoe sy dit kan doen nie. Sy is moedeloos oor haar huidige situasie, maar voel tog dat sy wel iets daaraan wil doen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline - Eerste tekening sessie een

Neline se huidinge belewing: die allergiemonster drink melk en is sterk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline 3.JPG

Neline - Tweede tekening sessie een

Die allergiemonster word swak as hy nie kos kry nie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.3 Sessie twee

7.3.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

7.3.3.2 Verloop van die sessie

By navorser se aankoms het Neline op 'n bank gelê en televisie kyk. Sy het genoem dat sy siek voel, maar het op die keuse om liewers op 'n ander dag te speel, reageer dat sy nou wil speel, al voel sy nie lekker nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het met groot genot aan die sensoriese speletjie wat op gehoor en sig fokus, deelgeneem. Sy het omtrent al die geluide geken en genoem dat net die harp vir haar 'n vreemde klank is.

Tydens die benutting van die twee prentkaarte vir emosionele bewustheid, het Neline maklik emosies aan het al die gesigsuitdrukkings gekoppel. Sy het die navorser gevra om haar antwoorde neer te skryf en die emosies soos op die gesigskaart aangedui, geïdentifiseer. Sy het die ooreenstemmende prente dadelik identifiseer.

Tydens die sandspel het Neline gevra dat die navorser die rooi plastiek tafeldoek groot moet oopgooi. Sy het genoem dat sy baie plek wil hê om te speel. Sy het aan die navorser gesê dat die sand lekker grof voel en dat sy graag 'n bietjie water daarby wil gooi. Neline het 'n sandtoneel geskep waar sy en haar maatjies deur diere voorgestel word. Neline het haarself as die leeu geïdentifiseer en genoem dat sy en haar maatjies lekker saam speel en dat hulle in die wildtuin vakansie hou. Hulle kyk na al die diere en geniet dit om saam te wees.

Op die navorser se vraag of die allergiemonster ook daar is as sy met haar maatjies speel, het sy geantwoord dat hy wel daar is en haar pla. Sy het genoem dat die allergiemonster haar laat jeuk en dat dit vir haar sleg is om te jeuk wanneer sy met haar maatjies speel, veral omdat dit vererger word wanneer sy op gras speel.

Dit maak haar nie hartseer nie, maar wel kwaad as die allergiemonster haar laat jeuk omdat sy dan nie so lekker kan speel soos wat sy wil nie. As sy baie jeuk wanneer sy saam met haar maats speel, gaan sy maar uit die speletjie uit en dan kan 'n ander maatjie saam met die res speel. Sy gaan sit net en kyk hoe hulle speel en dis vir haar sleg dat sy nie verder saam met hulle kan speel nie. Gelukkig het sy een maatjie wat ook allergies is en verstaan hoe sy daaroor voel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het verder genoem dat die allergiemonster daar is wanneer hulle partytjie hou. Die allergiemonster veroorsaak dat sy nie alles kan eet wat sy wil nie; iets wat vir haar baie sleg en moeilik is. Sy wil graag die ou allergiemonster wen, maar dit is vir haar baie moeilik om die lekker kos waarvoor sy allergies is te los.

Neline het hierna kontak verbreek en genoem dat sy weer sieker voel en eerder wil ophou. Sy was nie lus om verder te speel nie en het die navorser net gehelp om 'n foto van haar sandprentjie te neem voordat sy weer gaan lê het.

7.3.3.3 Assessering

Daar is 'n sterk terapeutiese verhouding tussen die navorser en Neline gevestig. Tydens hierdie sessie was haar entoesiasme en energievlak wel laer as gewoonlik, maar sy wou graag saam met die navorser speel en het op spontane wyse aan die aktiwiteite deelgeneem.

Ten spyte van die feit dat sy siek gevoel het, het Neline tydens hierdie sessie uitstekende sensoriese kontakmaking getoon. Sy kon die betrokke geluide en prentkaarte onmiddellik uitken en het met groot genot daarop gewys dat sy dit maklik regkry.

Sy beskik ook oor 'n baie hoë emosionele bewustheidsvlak en kon dadelik die emosies wat op die gesigsuitdrukkings weerspieël word, aan situasies in haar eie lewe koppel.

Dit het uit hierdie sessie geblyk dat die allergiese siektes 'n definitiewe negatiewe invloed op Neline se sosiale funksionering het. Daar word beperkings op beide haar aktiwiteite en haar keuse van voedsel geplaas wat tot groot frustrasie by haar lei. Neline kon haar emosies identifiseer en erken. Sy het genoem dat dit haar hart sleg laat voel as sy weens allergiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reaksies nie verder saam met haar maats kan speel of tydens partytjies alles kan eet waarvoor sy lus is nie.

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat sy 'n verlies aan beheer ervaar. Die feit dat sy hierna noem dat sy graag die allergiemonster wil wen, maar dat dit vir haar moeilik is om dit te doen, dui daarop dat sy wel oor die motivering beskik om beheer oor haar situasie te neem, maar dat haar egokragte hiervoor versterk sal moet word.

Neline funsioneer op hierdie stadium binne Perls se impasse laag waar sy wel weet dat sy iets aan haar situasie moet doen, maar nog nie daarvoor kans sien nie.

Navorser se vorige observasie dat Neline baie versigtig en presies te werk gaan, is in hierdie sessie bevestig. Tydens haar vorming van die sandtoneel het sy die simbole baie mooi deurgekyk voor sy iets gekies het. Sy is ingestel op die detail van 'n skepping en het die posisies van haar sandsimbole 'n paar keer verander voordat sy met die eindproduk tevrede was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nikie ②

Neline - Emosionele bewustheidskaart sessie twee







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.4 Sessie drie

7.3.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.3.4.2 Verloop van die sessie

Neline was bly om die navorser te sien en het genoem dat sy baie beter voel as die vorige week, en dat net haar neus toe is. Sy het met haar vingers vir die navorser gewys dat daar nog vier sessies na hierdie een oor is, en gesê dat dit vir haar lekker is om saam met die navorser te speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het op ‘n ontspanne wyse haarself in die fantasiereis ingeleef en met groot genot dit wat sy gesien het in detail geteken. Sy het die potlode wat sy wou gebruik baie spesifiek gekies en was daarop ingestel om dit “reg” te teken. Sy het haar prent van twee bome ingekleur en die navorser ook gevra om haar hiermee te help. Dit was baie duidelik dat dit vir haar lekker was dat sy beheer oor haar tekening kon uitoefen.

Neline het haar prent aan die navorser verduidelik en genoem dat die hele prent ‘n vriendelike familie en twee bome wat die ander terg, voorstel. Die groot bos met rooi “vriendelike knapies” moet hulle plek met die twee bome, Domkop en Terger, deel. Die twee bome baklei oor wie die mooiste is. Hulle wil nie regtig daar wees nie, en maak die vriendelike knapies se bos se lewe moeilik deur die bos se blare af te breek wanneer hulle hul voete stamp. Die vriendelike knapies hou glad nie van die twee groot bome nie. Domkop en Terger is slegte bome en sê vir die vriendelike knapies dat hulle lelik is, iets wat die vriendelike knapies baie hartseer maak.

Die vriendelike knapies is net vriendelik - hulle doen niks wat lelik is nie. Hulle wil ook maar liewer niks vir die twee bome sê nie omdat hulle nie terug lelik met die bome wil wees nie. Tog wil die vriendelike knapies die bome vra om op te hou om so lelik met hulle te wees.

Op die navorser se vraag hoe hierdie prent in haar lewe inpas, het Neline geantwoord dat sy self die ronde bos is en dat die twee bome die allergiemonster voorstel. Sy voel soos die “vriendelike knapies”-bos hartseer omdat die allergiemonster haar siek maak. Die allergiemonster maak haar lewe sleg deur haar seer te maak soos die bome die vriendelike knapies seermaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Sy het genoem dat dit goed sal wees as die allergiemonster kan wegloop, en dat sy kan probeer deur nie melk te drink nie en haar medisyne te drink. Sy noem dat sy dit sal kan regkry en dat haar ma en haar dokter haar daarmee sal kan help.

7.3.4.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie baie duidelik dat dit vir Neline geweldig belangrik is om take te bemeester. Sy wil alles presies reg doen en was trots toe haar prent aan die einde van die sessie gelyk het soos sy dit graag wou hê.

Dit was tydens die fantasiereis duidelik dat Neline haar sensoriese kontakfunksies binne haar verbeelding goed benut het. Sy het heeltemal ontspan, rustig asemgehaal en aan die navorser genoem dat dit vir haar baie mooi tussen die bosse gelyk het.

Neline het weereens tydens hierdie sessie genoem dat die allergiemonster haar baie hartseer en kwaad maak. Sy verbaliseer en erken hierdie gevoelens, maar dit is duidelik dat sy nie haar aggressie teenoor die allergiemonster wil rig nie. Sy identifiseer haarself met die vriendelike knapies wat nie met die bome lelik wil wees nie, en hulle eintlik net wegwens. Neline sien nog nie kans om werklik in kontak met die intensiteit van haar aggressie te kom en dit uit te druk nie.

Neline se tekening van die vriendelik bos wat deur die twee slegte bome geteister word, dui daarop dat die allergiemonster haar lewe moeilik maak en dat sy (soos die vriendelike knapies) nog nie kans sien om teen die allergiemonster terug te veg nie. Sy wou liewer niks leliks vir die bome (of allergiemonster) sê nie, en het net genoem dat dit goed sal wees as die allergiemonster sal weggaan. Hierdie aspek dui daarop dat Neline nog nie oor genoeg egokrag beskik om haar allergiemonster te konfronteer en beheer oor hom te neem nie. Deur te noem dat sy kan probeer om nie melk te drink

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, begin sy egter insig in die feit dat sy wel iets teen die allergiemonster kan doen, ontwikkel.

Neline funksioneer op hierdie stadium tussen die impasse laag waar sy vasgevang voel in haar omstandighede en die implosiewe laag waar sy begin om ‘n plan teen die allergiemonster te identifiseer en haar steunstelsel te ondersoek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline - Tekening sessie drie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.3.5 Sessie vier

7.3.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.3.5.2 Verloop van die sessie

Neline was bly om die navorser te sien en het genoem dat dit baie goed met haar gaan. Sy het met groot genot aan die sensoriese aktiwiteite deelgeneem waar sy eerstens geblinddoek verskeie items uit 'n sak moes haal en moes raai wat dit is, en daarna verskillende geure moes uitken. Sy kon die items korrek identifiseer. Dit was vir navorser intersessant dat sy iets anders as die verwagte tydens die sensoriese kontakmaking aan die items gekoppel het. Sy het byvoorbeeld genoem dat die haarrekkie (wat uit 'n breë materiaalstrook bestaan) 'n romp vir 'n pop is en dat die suurlemoengeur klei skottelgoedseep voorstel.

Sy het hierna klei geneem, dit goed gebrei, en die allergiemonster met groot detail daaruit gebou. Sy het genoem dat dit die allergiemonster by die skool

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstel waar hy haar pla deur haar bene te laat jeuk. Wanneer sy so jeuk wil sy net haar bene krap en is dit vir haar moeilik om te luister wat die onderwyseres sê.

Op die navorser se vraag of sy iets vir die allergiemonster wil sê, het sy geantwoord dat sy hom wil seermaak en in klein stukkies gaan opsny sodat hy haar nie meer sal kan tart nie. Sy het die pizza-mes gebruik en die allergiemonster met groot vreugde in klein stukkies opgesny. Sy het genoem dat dit vir haar lekker is om hom te sny, omdat hy nou seerkry en haar nie meer so kan pla nie.

Neline het haar klei-allergiemonster in stukkies opgesny totdat daar niks van hom oor was nie. Sy het die kleimonster daarna opgefrommel en hom plat geslaan. Hierna het sy hom weer in stukke gesny en direk met die klei gepraat: “Ek gaan nie meer vir jou kos gee nie sodat jy my nie meer kan pla nie - jy gaan dit nie meer vir my sleg maak by die skool nie”

Op die navorser se vraag van hoe sy die allergiemonster in die regte lewe ook so kan opsny, het sy genoem dat sy net die regte kos wat hom nie sterk maak nie, gaan eet. Sy het terwyl sy met die navorser gepraat het, aangehou om die klei te sny en genoem dat dit vir haar baie lekker is om hom so te slaan en te sny en dat sy hom net so pap kan maak deur nie vir hom kos te gee nie.

Neline het hierna aan die navorser gesê dat sy met die skool se boom met rooi klei wil bou. Sy het die klei uitgehaal, genoem dat dit vir haar baie lekker ruik, en begin om die boom te bou. Sy het egter gou van plan verander en weer die allergiemonster gebou. Sy het aan die navorser gesê dat die allergiemonster haar soms so laat jeuk dat sy nie anders kan as om te krap nie. Dit begin dan bloei en sy word baie kwaad vir die allergiemonster. Sy het haar woede hierna weereens op die klei allergiemonster uitgehaal deur hom in stukkies op te sny, op te frommel en hom plat te slaan. Sy het gesê

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dit vir haar lekker is om haar kwaai gevoelens so op die allergiemonster uit te haal en dat hy nou baie hartseer is omdat hy sleg voel en ook nie kos by haar kry nie.

Neline het genoem dat sy die allergiemonster van nou af sommer baie gaan slaan deur nie vir hom kos te gee nie en dat haar mamma haar daarmee sal help. Sy weet wat sy nie mag eet nie, en al word sy soms lus daarvoor eet sy dit maar liewer nie. Tog is sy soms lus vir iets soets. Sy het met die navorser se aansporing besluit om 'n plan te maak om iets anders te kry wat sy wel kan eet , wat ook soet is, maar nie die allergiemonster sal wakker maak nie.

Neline het hierna weer 'n kleibeeld van die rooi allergiemonster gemaak en die navorser gevra om 'n foto daarvan te neem. Sy het bo die allergie-monster 'n reguit lyn met klei gevorm wat die wolke voorstel. Sy het verduidelik dat die reguit lyn die vriendelike knapies is wat soos wolke lyk en haar help om die allergiemonster te wen. Die allergiemonster op die prent is hartseer en honger, omdat hy nie meer kos kry nie. Nadat die foto geneem is, het Neline weer met groot energie die allergiemonster opgesny, maar versigtig te werk gegaan om nie die vriendelike knapies seer te maak nie.

7.3.5.3 Assessering

Die belangrikste aspek van hierdie sessie was Neline se hantering van haar klei-allergiemonster. Dit was vir die navorser openbarend om te sien hoe hierdie sagte dogtertjie tydens die sessie haar aggressiewe energie op die kleiskepping kon uithaal. Dit was duidelik dat sy in kontak met haar negatiewe emosies gekom het en haar woede (wat voorheen onderdruk is) erken en beleef het en met groot entoesiasme op die kleiskepping uitgedruk het.

Sy begin volgens navorser definitiewe beheer oor die allergiemonster beleef. Sy het haar aggressiewe energie keer op keer met groot genot op die kleiskepping uitgehaal en genoem dat dit vir haar heerlik is om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

allergiemonster swak te maak. Die feit dat sy ook noem dat sy in haar lewe die allergiemonster swak en hartseer sal maak deur nie vir hom die kos te gee wat hy vra nie, dui daarop dat sy insig in die situasie ontwikkel het dat sy wel beheer oor die allergiese reaksies kan neem en nie as 'n slagoffer hoef toe te kyk hoe hy haar lewe bemoeilik nie.

Neline is bewus van die invloed van die allergiese reaksies op haar funksionering by die skool en kan haar emosies erken en uitdruk. Dit lyk egter asof hierdie emosies nou deur 'n vasbeslotenheid om die allergiemonster swak te maak en te wen, oorskadu word.

Neline se gedrag weerspieël duidelik die implosiewe laag van Perls. Sy begin nuwe energie ontdek en planne maak om beheer oor haar situasie te neem en die allergiemonster te wen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.6 Sessie vyf

7.3.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.3.6.2 Verloop van die sessie

Neline was baie bly om die navorser te sien en het genoem dat sy baie lekker vakansie gehou het. Sy het gesê dat dit met haar baie goed gaan en dat sy uitsien na die nuwe skoolkwartaal.

Tydens die aktiwiteite wat op sig as sensoriese modaliteit fokus, het Neline entoesiasties saamgespeel en met 'n definitiewe beslistheid haar voor-en afkeure geïdentifiseer.

Neline het met groot nuuskierigheid die vingerverf bekyk en genoem dat sy dit glad nie ken nie. Sy het dadelik genoem dat sy eerder met 'n kwassie wil verf, omdat sy gril wanneer iets soos verf aan haar hande vassit. Sy het die verskillende verfkleure wat sy wou gebruik gemeng en genoem dat dit vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar lekker is om te sien hoe die verskillende kleure ‘n nuwe kleur vorm wanneer dit gemeng word.

Sy het ‘n verfkwas geneem en haar prent baie presies beplan voor sy begin verf het. Sy het genoem dat sy van al die verskillende kleure papier wou gebruik maak en het seker gemaak dat sy elke keer net een vel papier neem en het die verfkwas na elke twee verfhale afgespoel. Sy het ook genoem dat veral die blou-groen kleur wat sy self gemeng het, vir haar baie mooi is.

Neline het verskillende prente geverf wat onderskeidelik ‘n blom, son en boom voorstel. Die navorser het self verf met haar vingers op ‘n stuk papier gesmeer. Neline het geïnteresseerd na die navorser se vingerverwery gekyk en genoem dat dit vir haar moeilik lyk om met vingers te verf. Die navorser het haar aangemoedig om te kyk of sy dalk daarvan hou, waarna Neline met blou en wit verf wolke met haar vingers geverf het. Sy het dit geniet en genoem dat dit eintlik nie so moeilik is nie, en ook nogal lekker is om met jou vingers te verf. Hierna het sy op ander prente ook wolke met haar vingers ingeverf.

Neline het genoem dat die verskillende prente alles by haar huis pas en dit soos volg aan die navorser verduidelik:
Die blom is so mooi maar die allergiemonster dink die blom is lelik. Die blom en die ander goed op die prentjie weet dat die blom eintlik mooi is, al sê die allergiemonster dat dit lelik is. Net die allergiemonster wil partykeer die blom lelik hê. Gelukkig kry die allergiemonster dit nie meer reg nie.

As die allergiemonster na die son kyk, brand sy oë en dan raas hy met die son. Maar die son hou net aan daarmee omdat die allergiemonster Neline siek maak. Die son is die goeie een - hy help haar. Die blomme help haar ook so ‘n bietjie, en is eintlik ‘n mosterdplant wat vir haar mosterd gee wat haar sterk maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wolke help haar ook. Hulle laat die reën op die allergiemonster val en dan bewe die allergiemonster en word hy siek. Die boom is ook iemand wat haar help. As die allergiemonster onder die boom kom sit, roep die boom al die rooimiere wat dan die allergiemonster byt.

Neline het genoem dat die allergiemonster eintlik maar swaarkry by haar huis. Al die prente stel die mense voor wat haar help om die allergiemonster te wen. Sy het verder genoem dat die allergiemonster haar nog pla, maar "hy gaan my eendag nie meer pla nie - dan gaan hy sommer net weg wees". Almal by die huis help nou saam planne maak teen die allergiemonster dat hy al swakker kan word. Sy het genoem dat sy voel dat sy die allergiemonster ook nou al wen.

Op die navorser se vraag of daar nog ander mense by die huis is wat ook allergies is, het Neline geantwoord dat niemand in hulle gesin ook allergies is nie, maar dat sy twee kleiner allergiese niggies het. Sy het genoem dat sy hulle ook sal help om die allergiemonster te wen deur aan hulle te verduidelik wat hy doen en hoe hulle hom swakker kan maak.

Op die navorser se vraag van wie se werk dit is om die allergiemonster swak te maak, het Neline genoem dat dit haar werk is, maar dat haar mamma haar daarmee help.

7.3.6.3 Assessering

Soos voorheen beskryf, is dit deel van Neline se proses om baie versigtig en netjies te werk. Tydens hierdie sessie het hierdie aspek baie duidelik na vore gekom deur die feit dat sy haar kwas en hande gedurig wou afvee en skoon wou hou. Die feit dat sy aanvanklik nie met haar vingers wou verf nie, kan ook aan 'n vrees vir mislukking toegeskryf word - sy het genoem dat dit vir haar moeilik lyk en dat sy daarom liewer met 'n kwas wil werk. Die genot wat sy uiteindelik uit die vingerverf geput het, het daartoe gelei dat sy deur blootstelling aan die nuwe ervaring nie slegs iets nuuts bemeester het nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar ontdek het dat dit lekker is om wel deur haar vingers sensories met die verf kontak te maak.

Neline het haarself met die blom geïdentifiseer. Sy het genoem dat die allergiemonster haar ook lelik probeer maak, maar dat hy dit nie regkry nie, omdat sy en die ander weet dat sy wel mooi is. Hierdie aspek dui daarop dat Neline nie meer magteloos voor haar allergiese siektes staan nie. Sy is daarvan bewus dat die allergiese siektes haar graag wil laat glo dat sy lelik lyk, maar sy glo dit self nie.

Neline se verfprente het verskeie items voorgestel wat die allergiemonster se lewe moeilik maak. Uit haar verduideliking is dit duidelik dat hierdie aspekte haar situasie tuis weerspieël waar almal haar help om die allergiemonster swak te maak. Haar ouers het haar nog altyd ondersteun, maar sy is nou eers werklik daarvan bewus en ook voel dat hulle die allergiemonster onder beheer kan kry.

Neline se beheer oor die allergiemonster word duidelik in hierdie sessie gesien. Sy het genoem dat die allergiemonster nou maar swaarkry en dat alles teen hom saamspan. Dit dui daarop dat Neline beheer oor die allergiemonster verkry het en nie meer magteloos teen hom voel nie.

Wat haar verantwoordelikheidneming betref, kan sy weens groter begrip en beheer oor haar situasie nou self verantwoordelikheid neem. Soos sy genoem het, dien haar ma as steunstelsel, maar beskou sy dit as haar eie werk om die allergiemonster swak te maak.

Neline se gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag. Sy benut haar steunstelsel en energie om self beheer oor haar situasie uit te oefen en dit suksesvol aan te spreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

e12.JPG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Untitled

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline 5.JPG

Neline - Verfprent van die allergiemonster wat swaar kry sessie vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.7 Sessie ses

7.3.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.3.7.2 Verloop van die sessie

Neline het by die navorser se aankoms genoem dat sy bly is dat die navorser by haar kom speel het. Sy het op die navorser se vraag van hoe dit gaan genoem dat die allergiemonster haar nou nie meer pla nie – sy het hom gewen.

Neline het die sensoriese oefening wat op smaak fokus, baie geniet.
Sy het al die bestanddele behalwe Worchestersous en gemmer geken en ook geweet waarvoor dit gebruik word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het al die verskillende kleigeure uitgepak en daaraan gedruk en geruik. Sy was baie geïnteresseerd in hoe die klei gemaak word en het genoem dat die klei lekker koud is en goed gebrei moet word. Sy het die klei gebrei en geslaan en genoem dat sy die allergiemonster ook soos die klei baie hard wil slaan. Sy het die allergiemonster uit klei gemaak en dit heeltemal plat geslaan. Sy het gesê dat dit is hoe plat die allergiemonster nou is. Hy is so plat dat hy niks kan doen nie. Terwyl sy die klei aanhoudend geslaan het, het sy genoem dat sy nie meer vir hom kos gee nie. Dit is hoekom hy so pap is en besig is om self baie siek te word. Hy is hartseer omdat hy nie kos kry nie. Sy het hierna trane op die allergiemonster se gesig gemaak en genoem dat hy hartseer is omdat sy net vir hom kos gee waarvan hy nie hou nie. Sy het met 'n tweede kleibeeld die kos waarvan hy nie hou nie teenoor kos waarvan hy wel hou uitgebeeld.

Die skepping met kos waarvan die allergiemonster nie hou nie, sluit spesifiek piesangs (waarvan sy baie hou) in. Aan die ander kant het sy melk uitgebeeld en spesifiek die volgende genoem: "Hy hou van melk, melk is vir hom lekker en maak hom sterk - maar hy sal dit nie kry nie! Hy kry omtrent nooit melk en eiers nie."

Sy het die allergiemonster hierna met al haar fisiese energie geslaan, en genoem dat die allergiemonster haar nie meer pla nie. Hy wil baie keer hê dat sy melk moet drink, maar dan besluit sy om dit nie te doen nie. Sy het verder genoem dat sy die allergiemonster wen en het baie mense wat haar help.

Neline het aan die einde van die sessie genoem dat dit vir haar baie lekker is om saam met die navorser te speel. Sy het die sessies baie geniet en is jammer dat die reeks byna verby is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.7.3 Assessering

Hierdie sessie is deur Neline se uitdrukking van haar gevestigde beheer oor die allergiemonster gedomineer. Sy het dadelik by die navorser se aankoms genoem dat dit baie goed met haar gaan en dat die allergiemonster haar nie meer pla nie omdat sy hom gewen het. Sy het hierdie oorwinning oor die allergiemonster ook tydens haar kleiprojeksie baie duidelik uitgespeel. Sy het die allergiemonster heeltemal plat geslaan en genoem dat hy nou so plat is dat hy niks meer kan doen nie. Sy gee nie meer vir hom kos nie en hy is baie hartseer omdat sy nou net vir hom kos gee wat hom swakker maak.

Neline neem verantwoordelikheid vir haar gesondheid. Sy het ‘n paar maal tydens hierdie sessie pertinent genoem dat sy glad nie meer allergene inneem en so vir die allergiemonster kos gee nie. Selfs wanneer die allergiemonster haar vir melk lus maak, besluit sy net om dit nie te drink nie en drink of eet sy eerder iets wat haar nie siek kan maak nie.

Neline se gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag. Sy het nou beheer oor die allergiemosnter geneem en beleef die sukses van haar verantwoordelike gedrag. Haar woorde: “Die allergiemonster is klaar - ek het hom gewen!” gee ‘n akkurate samevatting van die gebeure.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.8 Sessie sewe

7.3.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemeidum.
- Terminering van die reeks.

7.3.8.2 Verloop van die sessie

Neline het aan die navorser genoem dat dit baie goed met haar gaan en dat sy bly is dat hulle vir oulaas nog saam kan speel. Sy het met groot entoesiasme al die handpoppe uitgepak, deurgekyk en vir haarself en die navorser elkeen 'n handpop gekies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die hofsaak het Neline haar handpop as haarself voorgestel. Sy het al haar prente en die foto's van haar ander skeppings met groot aandag deurgekyk en die detail van elkeen weer aan die navorser uitgelig.

In reaksie op die eerste prent wat sy van die allergiemonster geteken het, het Neline genoem dat die prent waar hy gesond is en melk drink die allergiemonster voorstel soos hy aan die begin was. Hy was baie sterk en het haar laat jeuk en haar lewe sleg gemaak. Nou lyk hy egter soos die tweede prent waar hy vas slaap en niks aan haar kan doen nie. Op die foto van haar sandtoneel het sy genoem dat dit vir haar nog steeds sleg is dat sy nie alles kan eet wat by 'n partytjie beskikbaar is nie, maar dat dit nou vir haar baie makliker is omdat sy die allergiemonster heeltemal siek wil maak.

Sy het verder in verband met haar verfprente wat almal wat die allergiemonster tuis swakker maak voorstel, genoem dat hy nou al baie swakker is. Sy wil hom finaal in die tronk gooi waar hy lang trane kan huil soos hy op die een kleiskepping wat opgesny is, lyk.

Neline was opgewonde oor die feit dat sy self die allergiemonster kan straf en het ook haar kans benut om die ballon wat die allergiemonster voorstel, hard en aanhoudend te slaan. Sy het genoem dat sy die allergiemonster siek maak deur hom te slaan, nie kos te gee nie en haar medisyne te drink. Sy het aan die navorser genoem dat sy die allergiemonster heeltemal gewen het en dat sy hom nie weer uit sy tronk gaan laat kom nie.

Op die navorser se vraag van wat gaan gebeur as dit weer vir haar moeilik raak om nie vir die allergiemonster kos te gee nie, het Neline geantwoord dat sy na iets anders sal soek wat ook lekker is om te eet en sal probeer om hom nooit weer toe te laat om haar so hartseer te maak nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het vir die navorser genoem dat dit vir haar lekker was om elke week te speel en het die navorser vir die eetgoed bedank waarna sy met groot smaak haar Albany sjokolade blokkie vir blokkie geëet het.
Tydens die voltooiïng van die vraelys het Neline die volgende inligting verskaf:

- Begrip van haar allergiese siektes

Sy het genoem dat sy voor die spelterapie nie eers geweet het dat daar 'n allergiemonster is nie, maar dat sy nou mooi verstaan hoe hy werk en wat sy teen hom kan doen.

- Invloed op haar lewe en die mate van beheer wat sy ervaar

Neline het genoem dat die allergiemonster haar soms nog pla, maar dat dit nie meer so erg is nie en dat hy dit nie meer regkry om haar lewe so sleg te maak nie. Sy weet nou wat sy kan doen om dit vir haarself makliker te maak en sy voel dat sy die allergiemonster gewen het. Sy het met selfvertroue genoem dat sy nou sterker as die allergiemonster is en dat sy hom in die tronk gaan hou.

7.3.8.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie wys duidelik uit dat die negatiewe invloed wat die allergiese reaksies op Neline se lewe gehad het, tot 'n groot mate verdwyn het. Sy het self genoem dat die allergiemonster haar eers baie gepla het, maar dat sy hom nou gewen het en hy haar lewe nie meer so moeilik kan maak nie.

Dit is duidelik dat Neline beheer oor die allergiemonster verkry het. Sy het tydens hierdie sessie duidelik getoon dat sy hom nou net in die tronk wil hou en wil straf, en dat sy hom nie gaan toelaat om haar lewe weer so moeilik te maak nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.9 Bereiking van die doelstelling van die studie

Neline se gedrag tydens die eerste en tweede sessies het vir die navorser daarop gedui dat sy in die impasse laag funksioneer. Sy wou graag die allergiemonster swak maak sodat hy haar nie kan pla nie, maar was nie seker of sy dit kon doen nie. Sy was moedeloos oor haar huidige situasie, maar het tog gevoel dat sy wel iets daaraan wou doen.

Neline se gedrag tydens die derde sessie het vir navorser daarop gedui dat sy in Perls se impasse en implosiewe laag gefunksioneer het. Sy was steeds tot 'n mate in die impasse laag waar sy in haar omstandighede vasgevang gevoel het, maar het wel na die implosiewe laag beweeg waar sy begin het om 'n plan teen die allergiemonster te identifiseer en haar steunstelsels te ondersoek.

Neline se gedrag van die vierde sessie weerspieël duidelik die implosiewe laag van Perls. Sy het nuwe energie ontdek en planne begin maak om beheer oor haar situasie te neem en die allergiemonster te wen.

Tydens die vyfde sessie het Neline in Perls se eksplosiewe laag begin funksioneer. Sy het haar steunstelsels en energie benut om self beheer oor haar situasie uit te oefen en dit suksesvol aan te spreek.

Neline se gedrag tydens die sesde en sewende sessies het daarop gedui dat haar gedrag binne die eksplosiewe laag gevestig is. Sy het beheer oor die allergiemonster geneem en het die sukses van haar verantwoordelike gedrag begin beleef. Haar woorde: "Die allergiemonster is klaar - ek het hom gewen!" gee 'n akkurate samevatting van die gebeure.

Die inligting wat uit haar moeder se vraelys verkry is, bevestig bogenoemde. Mev. van Niekerk het in die tweede evalueringsvraelys genoem dat Neline haarself nou sterker as die allergiemonster beleef en minder kla wanneer sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

iets nie mag eet nie. Sy neem volgens Mev. van Niekerk tot 'n baie groter mate konsekwent verantwoordelikheid vir haar gesondheid.

Mev. van Niekerk het verder genoem dat die ouerleidinginligting wat verskaf is haar van praktiese raad voorsien het om Neline te ondersteun, en dat die "allergiemonster"-metafoor haar spesifiek help om Neline se positiewe hantering van haar allergiese siektes te versterk.

Bogenoemde inligting dui daarop dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) suksesvol by Neline bereik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4 EMPIRIESE GEGEWENS: WERNER COETZEE

7.4.1 Agtergrondinligting

Werner Coetzee is agt jaar en vyf maade oud. Hy is as baba op nege maande as allergiese pasiënt deur Dr. M. Groenewald gediagnoseer en is onder haar behandeling. Die volgende inligting is deur sy moeder se vraelysvoltooiïng verkry:

Werner ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en asma en is vir suiwelprodukte, sitrus, soja, grondbone, huisstofmiet en dierehare en vere allergies. Wanneer hy aan bogenoemde allergene blootgestel word, lei dit tot hooikoors en asmatiese aanvalle en belemmerde sensoriese kontak omdat sy reuksintuig geblokkeer word.

Om hierdie siektes te beheer moet Werner Zaditen pille en Beconase neussproei gebruik. Hy moet ook kalsiumaanvullings neem en Sudafed drink wanneer nodig. Dit is volgens haar mening vir hom baie sleg om die medisyne te gebruik.

Volgens sy moeder, beskik Werner oor ‘n baie goeie begrip en kennis van sy allergiese siektes. Volgens haar mening weet hy dat hy iets kan doen sodat hy minder siek word, maar dat dit vir hom moeilik is om hierdie gedrag konsekwent toe te pas en dat hy soms sjokolade steel.

Wat die invloed van die allergiese siektes betref, is sy van mening dat die feit dat hy nie kan eet wat hy wil nie, Werner veral tuis en by partytjies pla. Sy slaap word ook versteur omdat hy hoes as hy slaap. Sy is van mening dat hierdie aspekte tot frustrasie en irritasie lei. Die aanwesigheid van sy allergiese siektes pla hom en het dus ‘n negatiewe invloed op sy optimale funksionering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.2 Sessie een

7.4.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.2.2 Verloop van die sessie

Werner het by sy aankoms die geleentheid benut om die omgewing deeglik te ondersoek en was dadelik geïnteresseerd in die navorser se speelgoed. Dit was duidelik dat hy vreemd in die navorser se teenwoordigheid gevoel het en het effens terughoudend op haar vrae reageer. Tog het hy baie goeie samewerking gegee en sy nuuskierigheid rondom spelterapie uitgespreek.

Dit was vir navorser duidelik dat Werner daarvan gehou het om sy liggaamsbeeld af te trek. Hy het dadelik gekyk hoe lank hy is en met groot sorg sy naam en ouderdom bo aan die papier geskryf. Hy het dadelik al sy sintuiglike modaliteite, die gebruik daarvan en sy spesifieke voor- en afkeure geïdentifiseer.

Werner het tydens die vraelysvoltooiïng genoem dat hy nie werklik verstaan wat allergie is nie. Al wat hy wel weet is dat dit sy lewe moeilik maak omdat hy nie alles kan eet en doen soos hy wil nie. Hy het dadelik op sy liggaamsbeeld aangedui hoe die allergiese siektes hom fisies beïnvloed en genoem dat dit sommer vir hom sleg is dat hy allergies is.

Werner het tydens die vraelysvoltooiïng genoem dat dit vir hom baie sleg is om sy medikasie te gebruik. Hy het verder gesê dat hy nie weet of hy iets kan doen om die allergiese reaksies minder te maak nie en dat dit sy lewe moeilik maak. Hy het tydens die bespreking van die fisiese reaksies genoem dat sy neus kort-kort toe gaan, dat hy begin jeuk as hy op gras speel, dat hy bietjie naar word en maagkrampe kry wanneer hy melk drink, en dat hy gou moeg word as hy baie hardloop. Die allergiese reaksies pla hom baie, maak hom kwaad en irriteer hom.

Tydens die metaforiese verduideliking van die allergiemonster het Werner genoem dat hy hierdie allergiemonster goed wil opfoeter. Hy het gesê dat hy sy allergiese siektes nou goed verstaan en het genoem dat die allergiemonster baie honger word en hom dan goed laat eet wat hy nie mag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eet nie. Hy het dan ook in sy tekening van die allergiemonster geskryf dat die allergiemonster die woorde “ek is honger!” uitroep. Dit was tydens die tekening duidelik dat Werner op detail ingestel is. Hy het sy tekening eers in potlood beplan en ‘n uitveër naby gehou.

Werner het aan die navorser genoem dat hy die sessie geniet het en daarna uitsien om verder met die allergiemonster te werk. Na afloop van die sessie het hy saam met die navorser by sy moeder aangesluit wat haar voltooide vraelys aan die navorser gegee het.

7.4.2.3 Assessering

Ten spyte van die feit dat Werner aan die begin van die sessie taamlik terughoudend was, is daar goeie terapeutiese kontak met hom gemaak is. Hy het met verloop van die sessie al meer spontaan geraak en dit was duidelik dat hy die sessie geniet het.

Tydens hierdie sessie was sy liggaamshouding aanvanklik effens gespanne, maar hy het deur die loop van die sessie meer ontspan. Sy oogkontak was tog skugter. Dit was duidelik dat hy eers die vreemde situasie en persoon wou deurkyk. Sy energievlak was hoog en hy het goeie samewerking gegee.

Werner is goed in kontak met sy sintuie. Hy kon dadelik al sy sintuie inspan om sy onmiddellike omgewing in detail te beskryf en het sy voor- en afkeure baie spesifiek aangedui. Dit was vir hom maklik om die polariteite van aspekte gelyk in ag te neem en keuses hierrondom te maak.

Werner was tydens hierdie sessie ook taamlik goed in kontak met sy emosies rondom sy allergiese siektes. Hy kon dadelik noem dat dit hom frustreer en irriteer en moedeloos maak omdat beperkings op sy alledaagse funksionering geplaas word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In teenstelling met sy moeder se beskouïng dat Werner oor goeie begrip van allergiese siektes beskik, was dit duidelik dat Werner glad nie verstaan het hoe allergiese reaksies plaasvind nie. Die feit dat hy spesifiek gesê het dat hy nie weet wat aangaan nie, maar dat dit hom net keer om te eet en te doen wat hy wil, dui vir die navorser op 'n onmag om hierdie aspek van sy lewe te verstaan en te beheer.

Na aanleiding van die inligting wat Werner tydens die sessie weergegee het, (en sy moeder se vraelysvoltooiïng) is dit duidelik dat hy 'n verlies aan beheer oor sy allergiese siektes ervaar. Hierdie verlies aan beheer manifesteer as woede, magteloosheid, frustrasie en irritasie. Die feit dat Werner genoem het dat die allergiemonster hom laat honger word en allergene laat eet, dui ook daarop dat hy sy beheer en verantwoordelikheid op die allergiemonster oordra.

Die allergiese siektes pla hom, maar hy voel dis die allergiemonster se skuld, en dat hy dit nie werklik self kan beheer nie. Alhoewel hy weet dat hy homself nie aan allergene moet blootstel nie, skuif hy die blaam daarvoor op die allergiemonster wat hom as't ware dwing om dit te doen. Tog wil hy die allergiemonster "opfoeter".

Werner beskik oor goeie bewustheid van die invloed van sy allergiese siektes op sy lewe. Hy ervaar egter geen beheer daaroor nie, en is in 'n moedeloosheid vasgevang waar hy graag die allergiemonster wil "opfoeter", maar nie oor genoeg egokrag beskik om dit reg te kry nie.

Werner funksioneer in Perls se impasse laag. Hy erken die realiteit van die probleem, maar weet nie wat hy aan die situasie kan doen nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner - Tekening sessie een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.3 Sessie twee

7.4.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

7.4.3.2 Verloop van die sessie

Werner was minder terughoudend as tydens die vorige sessie en het aan die navorser verduidelik hoe hulle met 'n spesifieke watergeweer tuis om die swembad speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het geïnteresseerd na al die speelgoed gekyk, en terwyl die navorser die "Listen Lotto"-stel uitgepak het, genoem dat hy gewoonlik goed met sulke speletjies is. Hy het die uitkenning van geluide baie geniet, en was veral verheug toe hy die speletjie (wat op 'n kompetisiebasis plaasgevind het) gewen het.

Werner het die emosiekaart maklik voltooi en spesifiek die negatiewe emosies (kwaad en hartseer) aan situasies waar hy nie kan doen wat hy wil nie of siek voel, in sy lewe gekoppel. Hy het hierna die sandbak en sandspeelgoed nader getrek en aan die navorser genoem dat hy kan sien dat dit seesand is. Hy het aan die navorser vertel dat hy die vorige vakansie saam met sy ouers by sy ouma in Walvisbaai by die see gekuier het. Hy het aan die seesand gevoel en genoem dat die sand wat die navorser gebruik bietjie growwer as die duinsand van Walvisbaai is. Hy het genoem dat hy van sand hou en het verkies om met die droë sand te speel.

Werner het met groot detail en versigtigheid 'n sandtoneel geskep waar hy saam met sy gesin buite is. Hy het verduidelik dat sy broer teen 'n onbekende persoon tennis speel, dat sy ouers hulle komende vakansie bespreek, en dat hy en sy sussie sommer net daar rondspeel en kyk hoe hulle broer tennis speel. Hy het genoem dat dit die mense is saam met wie hy die graagste speel. Op navorser se vraag oor wat hulle saam speel, het hy geantwoord dat hy en sy boetie saam met sy pa stoei en dat dit altyd vir hom baie lekker is.

Die navorser het aan Werner gevra of die allergiemonster daar is wanneer hulle speel, waarop hy geantwoord het dat die allergiemonster hom nie regtig baie pla wanneer hy tuis speel nie. Dit pla hom wel dat hy vir sy honde allergies is en dus nie met hulle kan speel nie. Dit is vir hom sleg wanneer hy saam met sy maats speel en hulle sjokolade eet wat hy nie mag eet nie. Hy het genoem dat hy baie lus word om die sjokolade te eet en dat dit vir hom baie moeilik is om dit te los; soms eet hy dit maar saam met hulle.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer hy wel iets eet waarvoor hy allergies is, word sy maag seer (hy kry maagkrampe) en dan is dit nie meer lekker om te speel nie. Dit is dan bietjie moeilik om saam met die res te speel, en sit hy liewer net stil. Gelukkig is niemand met hom snaaks omdat hy allergies is nie.

Op die navorser se vraag van watter plan hy kan maak dat die allergie-monster hom nie so sal pla nie, het hy genoem dat hy nie seker is of 'n mens hom werklik kan wegkry nie. Hy weet dat hy nie die kos moet eet wat die allergiemonster sterk maak nie, maar dit is vir hom baie moeilik - die allergiemonster is baie sterk.

Hy het genoem dat sy ma-hulle by die huis daar is om hom te help. Hulle verstaan allergiese reaksies, en omdat al drie kinders allergies is, word hulle nie in 'n situasie geplaas waar hulle blootgestel word aan goed wat hulle nie mag eet nie - dit maak dit makliker. (Hy is dus bewus van die ondersteuning wat hy tuis kry en benut dit).

7.4.3.3 Assessering

Werner was tydens hierdie sessie baie minder terughoudend in sy verhouding met die navorser, maar het nog steeds versigtig voorgekom. Hoewel hy meer spraaksaam was, kon navorser agterkom dat hy nog nie heeltemal spontaan is nie. Tog was hy ontspanne, het hy beter oogkontak gemaak as tydens die vorige sessie, en het hy baie goeie samewerking gegee.

Werner se sensoriese kontak (spesifiek sy gehoor en sig) was tydens hierdie sessie baie goed. Hy kon die geluide (behalwe die verskillende musiekinstrumente) maklik uitken, en het dit baie geniet. Dit was ook duidelik dat hy sterk op bemeestering ingestel is - hy het dadelik genoem dat hy goed met hierdie speletjies is, en was verheug toe hy die navorser gewen het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat emosionele bewustheid betref, kon Werner maklik die verskillende emosies uitken en dit ook aan die prente op die ander bladsy koppel. Die feit dat hy die emosies sonder moeite aan situasies in sy eie lewe kon koppel, dui daarop dat hy tot 'n baie hoë mate in kontak met sy eie emosies is.

Werner is bewus van die invloed van sy allergiese siektes op sy sosiale funksionering. Hy het spesifiek genoem dat dit hom tuis nie so baie pla nie, maar dat dit baie moeilik is om tussen sy maats sy allergieë in ag te neem en allergeenvermyding toe te pas. Hy het 'n gefrustreerde magteloosheid uitgespreek oor die feit dat die allergiemonster hom keer om te doen en te eet wat hy graag wil en dat die fisieke reaksies hom soms verhoed om lekker saam met sy maats te speel.

Werner aanvaar nog nie sterk verantwoordelikheid vir sy gesondheid nie. Hy het genoem dat dit vir hom baie moeilik is om die melksjokolade te los wanneer sy maats dit eet, en dat hy soms maar saam met sy maats daarvan eet.

Die feit dat Werner onseker is of die allergiemonster oorwin kan word, dui op die feit dat hy in Perls se impasse laag beweeg. Hy wil graag iets aan die situasie doen, maar voel soos 'n slagoffer wat glo dat hy nie op hierdie stadium wel daartoe in staat is nie. Hy hoop dat sy situasie sal verander, maar eintlik glo hy dat dit onmoontlik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner 1.BMP

Werner - Emosionele bewustheidskaart sessie twee

Werner Coetzee 2e Sessie.









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.4.4 Sessie drie

7.4.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.4.4.2 Verloop van die sessie

Werner was bly om die navorser te sien en het haar vertel dat hy 'n heerlike week gehad het en dat dit baie goed met hom gaan.

Dit was duidelik dat Werner homself in die fantasiereis ingeleef het. Hy het ontspanne op die mat gelê en rustig asemgehaal. Hy het na afloop van die fantasiereis aan die navorser genoem dat hy 'n baie mooi bos gesien het en dat dit vir hom lekker was om tussen die berge rond te loop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner het sy tekening met sy kenmerkende versigtigheid aangepak. Hy het mooi gekyk watter tekenmateriaal alles tot sy beskikking is, 'n blou papier en vetkryt gekies om te gebruik en sy prent beplan. Tydens sy tekenproses was dit duidelik dat hy geweet het wat hy wil doen - hy het die vetkryt hard op die papier gedruk en gekonsentreer terwyl hy sy tekening ingekleur het. Dit was duidelik dat hy volkome in kontak met sy tekening was.

Werner het sy tekening as 'n bos beskryf. Die bos se naam is Ben-Jan bos en hy is groot en dig en dra bessies. Hy het 'n sterk, groot stam met harde blare. Die wortels is dun draadjies en elke keer as dit reën, suig die wortels al die water wat by die bos is op en gee vir hom water dat hy sterk kan word.

Die bos hou van sy eie bessies. Hy staan tussen 'n klomp ander bosse wat sy vriende is. Daar is nie regtig baie dinge wat die bos pla nie, maar die bos is tog bang vir wilde diere soos wolwe, leeus en slange wat hom verniel deur sy takke af te breek. Daar is ook wilde voëls wat sy blare afskeur om dit in hul neste te gebruik. Al hierdie dinge veroorsaak dat hy sleg begin voel en dan vir hulle kwaad word. Die bos sê dan vir die diere om op te hou om hom so te verniel. Die ander bosse wat sy vriende is, word ook kwaad vir hierdie diere en probeer hulle wegjaag.

Op die navorser se versoek het Werner namens Ben-Jan gepraat, en die volgende gesê: "Ek het groot bessies en ek doen moeite om hulle so te kry. Ek suig al die water op wat ek kan en ek sorg mooi vir hulle. Ek kry genoeg sonlig vir my groen blare en ek het 'n mooi, dik stam wat nie maklik sal omwaai nie. Daar is diere wat my baie pla - hulle verniel my en maak my hartseer. Die son brand my soms, dan roep ek my vriende om die son te blokkeer. Ek wil 'n plan teen die diere maak, maar is nog nie seker wat ek kan doen nie."

Op die navorser se vraag van hoe dit in sy eie lewe inpas, het Werner geantwoord dat die allergiemonster hom siek maak soos die diere Ben-Jan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se takke afbreek. Die allergiemonster pla hom en laat hom siek voel - dit maak hom kwaad.

Hy het hierna die allergiemonster op sy papier ingeteken en genoem dat die allergiemonster kleiner as sy bos is. Hy het verder aan die navorser genoem dat die allergiemonster sal weghardloop as hy (Werner) nie vir hom kos gee nie. Tydens direkte kommunikasie teenoor die allergiemonster op sy prent het Werner die volgende gesê: "Ag voertsek uit my lewe uit! Ek gaan nie meer vir jou kos gee nie en jy mag my nie meer pla nie. Ek gaan jou vasmaak sodat jy niks meer kan doen nie."

Die navorser het Werner hierna aangemoedig om te kyk wat hy in homself en om hom het wat hom hiermee kan help. Hy het genoem dat hy sy verstand kan gebruik - hy kan dink wat die allergiemonster sterk maak en dit los. Hy het ook maatjies en sy gesin wat hom hiermee kan help. Hy het egter hierna pertinent genoem dat dit baie, baie moeilik is.

Die navorser het Werner aangemoedig om gedurende die komende week met die allergiemonster te praat en te kyk of hy sy plan (om nie die allergiemonster kos te gee nie) kan deurvoer. Hy het genoem dat dit 'n goeie plan is en nadat hy 'n rukkie stilgebly het, genoem dat die spelery (spelterapie) ook hom kan help om die allergiemonster weg te vat en dat dit hom bly maak.

7.4.4.3 Assessering

Dit was duidelik dat die terapeutiese verhouding baie sterker as voorheen is. Werner was ontspanne, het die sessie duidelik geniet, en was baie meer spraaksaam as voorheen.

Werner het homself ten volle in die fantasiereis ingeleef en het met groot presiesheid sy bos op papier vasgelê. Hy het homself met sy projeksie geïndentifiseer en daardeur waardevolle bewustheid bereik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die feit dat Werner se bos groter as die allergiemonster is, en dat hy moeite met homself doen en deur ondersteundende vriende omring is, kan gesien word as die feit dat hy homself as sterker begin beleef, bewus is van sy hulpbronne, en dit ook benut. Hy het spesifiek genoem dat die allergiemonster hom pla en siek maak en dat dit hom kwaad maak. Hy kan nou sy emosie erken en ook 'n plan teen die allergiemonster begin maak, naamlik om te probeer om nie vir die allergiemonster kos te gee nie.

Die feit dat Werner nie meer so magteloos teenoor die allergiemonster voel nie en die allergiemonster ook wegjaag ("voertsek uit my lewe uit, ek gaan jou nie meer kos gee nie...") dui daarop dat hy beheer oor die situasie begin ervaar. Alhoewel hy nog oortuig is dat dit baie moeilik sal wees om hierdie plan konsekwent deur te voer, is hy gemotiveerd om te probeer en kon hy sy sterk punte wat hom hiermee kan help, identifiseer.

Die gedrag wat Werner tydens hierdie sessie openbaar het, dui op Perls se implosiewe laag. Hy begin nuwe oplossings identifiseer en is bereid om dit te toets ten einde vas te stel of dit in sy situasie sal werk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner 2.JPG

Werner - Tekening sessie drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.5 Sessie vier

7.4.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.4.5.2 Verloop van die sessie

Nadat hy die navorser gegroet het, het Werner aanmekaar gebabbel oor alles wat by die skool gebeur het en vir haar van sy springmielies aangebied. Hy het genoem dat dit baie goed met hom gaan en dat hy sy lewe baie geniet.

Werner het die sensoriese aktiwiteite waar daar op gevoel en reuk gefokus is baie geniet. Hy kon maklik alles identifiseer en het trots genoem dat dit vir hom lekker is om tydens sulke speletjies die goed maklik reg te kry.

Hy het goeie sensoriese kontak met die klei gemaak - dit sag gebrei, daaraan geruik en selfs geproe, waarna hy met groot detail sy kleiskepping gevorm het. Hy het 'n prent van homself geskep waar hy tydens 'n pouse hoes. Op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die navorser se versoek het hy die skepping soos volg verduidelik: “Dit is pouse en ek het melksjokolade geëet wat my laat hoes. Ek voel sleg en naar en is te moeg om saam met my maats te speel. Ek lê dan sommer teen die heuweltjie en kyk hoe die res speel. As ek na pouse teruggaan klas toe, voel ek siek en is ek nie goed in my werk nie. Ek sukkel om na my juffrou te luister en wil sommer net huis toe gaan.”

Op die navorser se vraag hoe hy dan voel, het hy geantwoord dat die allergiemonster dit vir hom moeilik maak by die skool en dat hy dan sommer moedeloos voel. Navorser het hom hierna gevra of hy iets kan doen sodat die allergiemonster hom nie by die skool pla nie. Hy het heftig geantwoord dat hy moet ophou melksjokolade eet, maar dat dit baie moeilik is. Veral wanneer sy maats melksjokolade voor hom eet, raak hy baie lus daarvoor.

Hy het genoem dat daar wel sjokolade is wat hy mag eet (Albany) maar dat hy meer lus is vir melksjokolade. Tog wil hy graag die allergiemonster swak kry sodat hy heeltyd kan slaap.

Op navorser se vraag of hy iets vir die allergiemonster in sy kleiskepping wil sê, het Werner eers geantwoord dat hy niks het om vir hom te sê nie. Sy volgende reaksie was egter soos volg: “Of wag, hierso is ietsie - allergiemonster gaan net uit my lewe uit en moet nooit weer terugkom nie.”

Tydens bemagtiging het navorser vir Werner gevra wie hom kan help as dit moeilik is om die allergiemonster swak te kry. Hy het geantwoord dat almal wat hom ken hom kan help, maar spesifiek sy gesin. Hy het genoem dat alhoewel dit baie moeilik is en hom soms moedeloos maak, hy seker die allergiemonster sal kan wen, en dat hy net harder sal moet probeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.5.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Werner deeglik bewus is van die invloed van sy allergiese siektes op sy skoolfunksionering. Die siektes lei nie net daartoe dat hy moeilik konsentreer en dus sukkel om sy werk te bemeester nie, maar belemmer veral pouse sy sosiale interaksie.

Werner wil hierdie invloed van sy allergiese siektes op sy funksionering verminder en is gemotiveerd om die situasie aan te spreek, maar sukkel om toepaslike beheer oor die situasie te neem en verantwoordelike keuses te maak. Die feit dat hy noem dat hy moet ophou om die melksjokolade te eet, maar tog in sy projeksie wys dat hy die sjokolade geëet het, dui op die ambivalente gevoelens: hy wil die allergiemonster swak maak, maar wil graag die sjokolade eet wat hom siek maak, en sukkel om dit te los. Werner se laaste opmerking, naamlik dat hy seker die allergiemonster sal kan wen en net harder sal moet probeer, dui daarop dat hy beheer oor die situasie wil neem.

Werner se gedrag pas in Perls se implosiewe laag. Alhoewel hy nog steeds moedeloos oor die allergiemonster is en noem dat dit moeilik is om verantwoordelike keuses te maak, is hy bereid om “harder te probeer” en sy steunstelsels te benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.6 Sessie vyf

7.4.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.4.6.2 Verloop van die sessie

Werner was by sy aankoms ontspanne en vrolik en het aan die navorser genoem dat dit baie goed met hom gaan. Hy het tydens die sensoriese aktiwiteite wat op sig fokus, op fyn detail gelet en dit baie geniet. Hy het met groot opgewondenheid die vingerverf tot nuwe kleure gemeng en daarmee geëksperimenteer. Dit was vir die navorser interessant dat hy nie meer so verskriklik versigtig en stadig te werk gegaan het nie. Hy het tydens die skepping van sy verfprent met groot konsentrasie gewerk en dit was duidelik dat hy heeltemal in kontak met sy projeksie was.

Op die navorser se versoek het hy sy vingerverfprent soos volg verduidelik: “Ek is by die huis en hoes omdat ek per ongeluk melksjokolade ingekry het. Ek het gedink dat dit Albany sjokolade is, maar dit was Albany Double, wat ‘n dun lagie melksjokolade in het, en nou het dit my allergiemonster sterk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

gemaak. Ek het in die verlede aspris melksjokolade gesteel, maar doen dit nie meer nie omdat ek die allergiemonster swak wil maak sodat hy niks aan my kan doen nie."

"My broer, ma, pa en sussie is in die huis. Hulle kyk almal televisie. Die allergiemonster pla hulle almal - veral vir my broer en sussie wat ook allergies is. My ma en pa raak baie vies vir die allergiemonster as hy ons so siek maak en probeer ons help dat ons die allergiemonster swak kan kry."

Op die navorser se vraag van hoe groot sy verantwoordelikheid is om die allergiemonster swak te maak, het hy genoem dat dit seker eintlik sy werk is, maar dat sy ma hom help om te leer wat hy wel kan eet of nie kan eet nie - hy moet dit self onthou en doen.

Hy het genoem dat hy die allergiemonster gaan wen deur: "al my medisyne te drink en te vra of iets melk in het voor ek dit eet". Al is dit vir hom swaar, wil hy nie die allergiemonster 'n kans gee nie.

7.4.6.3 Assessering

Werner was tydens hierdie sessie baie ontspanne, spontaan en het konsekwente oogkontak gehandhaaf.

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat Werner besluit het om die allergiemonster te wen en bereid is om iets aan sy situasie te doen. Dit was interessant dat hy tydens die verduideliking van sy projeksie dadelik genoem het dat hy per ongeluk melksjokolade ingekry het. Op die navorser se navraag het Werner se moeder genoem dat sy per ongeluk hierdie sjokolade gekoop het sonder om te besef dat die kinders dit nie mag eet nie. Werner het dus wel probeer om eerder die sjokolade wat hy wel mag eet, te vat, maar per ongeluk suiwel ingekry. Hierdie gebeure dui daarop dat Werner wel verantwoordelikheid vir sy gesondheid wou neem. Sy woorde dat hy die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

allergiemonster swak wil maak en die allergiemonster nie 'n kans wil gee nie, bevestig hierdie beheer en verantwoordelikheid.

'n Ander aspek wat op toenemende verantwoordelikheid by Werner dui, is die feit dat hy genoem het dat dit eintlik sy werk is om die allergiemonster swak te maak. Sy moeder help hom deur hom te leer wat hy wel kan eet of nie kan eet nie, maar hy moet dit self onthou en doen. Hy het ook erken dat hy voorheen suiwelprodukte gesteel het, maar dat hy dit nou liewer nie meer doen nie omdat hy die allergiemonster swak wil maak.

Werner se gedrag dui daarop dat hy nou in Perls se eksplosiewe laag begin funksioneer waar hy sy steunstelsel benut om beheer oor sy situasie uit te oefen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner 3.JPG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.4.7 Sessie ses

7.4.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.4.7.2 Verloop van die sessie

Werner het by sy aankoms aanmekaar gebabbel en genoem dat hy baie na die vakansie uitsien. Dit was vir hom lekker om saam met die navorser te speel, en hy het genoem dat hy spesifiek daarna uitsien om die oorwinning oor die allergiemonster tydens 'n partytjie te vier. Hy wil graag 'n blok Albany hê aangesien dit nou lekkerder raak en veral omdat dit nie die allergiemonster sterk kan maak nie.

Werner het die aktiwiteit waar hy verskillende smake moes identifiseer, met groot entoesiasme aangepak. Hy het al die smake behalwe "Vanilla essence" geken en genoem dat hy goed kan proe en ruik omdat die allergiemonster hom nie kan pla nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner het hierna sandspel as projeksiemedium gekies. Hy het die sand deur sy vingers laat gly en die sandspeelgoed deurgekyk voor hy sy toneel met konsentrasie gebou het. Hy het steeds baie presies, maar vinniger as tydens vorige sessies, gewerk.

Werner het 'n toneel met verskillende mense wat rondom iets staan gemaak en dit soos volg aan die navorser verduidelik: "Hierdie outjie is die goeie een. Hy wil die skat wat hy opgegrawe het, veilig bêre. Hy het 'n baas en 'n vriend wat hom help, maar ook vyande wat hom met hulle pyle wil skiet omdat hulle die skat wil steel. Daar vind 'n geveg tussen die twee kante plaas. Die slegte ouens verloor op die ou einde die geveg en die goeie ouens kan die skat op 'n veilige plek bêre."

Op navorser se vraag of hierdie storie in sy eie lewe inpas, het Werner genoem dat hy die held van die verhaal is wat die skat opgrawe en bewaar. Sy vriende en ander mense om hom beskerm hom teen die goed wat hom siek en seer wil maak. Die skat is volgens Werner "myself - my lewe". Die "baddies" stel die allergiemonster en sy trawante voor wat Werner probeer keer om die skat mooi op te pas.

Terwyl Werner aan die navorser sy prent verduidelik het, het hy die slegte ouens in die sand begin begrawe. Hy het genoem dat die goeie ouens op die ou einde wen omdat hulle die slegte ouens begrawe. Al is die allergie-monster daar, is hy begrawe en is hy (in Werner se woorde): "so vas, al lewe hy, kan hy nog steeds niks doen nie!". Hy het verder die allergie-monster soos volg uitgekoggel: "You are under ground, you are falling apart!" Hy het aan die navorser genoem dat dit vir hom baie lekker is om die allergiemonster so te begrawe en dat dit is hoe hy hom nou wen. Hy het die skat in die held se hande gesit en met 'n laggie gesê dat dit homself voorstel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.7.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat Werner uiteindelik sy beheer oor die allergiemonster gevestig het. Hy het in die geveg wat deur die sandtoneel voorgestel is, die allergiemonster gewen en begrawe sodat hy, om Werner se eie woorde te gebruik: “so vas is, al lewe hy, kan hy nog steeds niks doen nie!”.

Werner se verantwoordelikheidneming vir sy eie gesondheid is ook duidelik geprojekteer. Hy het self genoem dat die skat sy lewe voorstel - hy besef dat sy lewe vir hom waardevol is en dat hy moeite wil doen (selfs sal veg) om dit mooi op te pas. Die sandtoneel dui daarop dat die allergiemonster wel probeer om Werner te keer om homself op te pas. Die allergiemonster kry dit egter nie reg nie, omdat Werner en sy steunstelsel sterker as die allergiemonster en sy “trawante” is.

Werner se gedrag weerspieël die eksplosiewe laag van Perls. Hy het nuwe energie in homself ontdek wat hy benut om die allergiemonster te beheer en sy eie lewe as skat op te pas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.4.8 Sessie sewe

7.4.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemeidum.
- Terminering van die reeks.

7.4.8.2 Verloop van die sessie

Werner het by sy aankoms aan die navorser vertel dat hy nou nie meer kan wag dat die vakansie moet begin nie. Hy en sy broer gaan die vakansie 'n "scalectrix" stel in hul sitkamer opstel en daarmee resies jaag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner het geïnteresseerd na al sy foto's en prente uit vorige sessies gekyk, die handpoppe uitgepak en hulle een vir een aan sy hand gesit om te kyk hoe hulle aan sy hand beweeg. Terwyl hy die handpoppe bekyk het, het hy 'n lawwe liedjie gesing en genoem dat dit sommer baie, baie goed met hom gaan.

Werner het die hond-handpop as advokaat gekies en heel aan die begin van die hofsaak genoem dat die allergiemonster vandag swaar gestraf moet word omdat hy Werner se lewe moeilik en sleg gemaak het.

In reaksie op die eerste tekening, het die handpop genoem dat die allergiemonster toe aanhoudend gesê het dat hy honger is. Werner het egter besluit dat hy hom nie sommer weer kos sal gee nie. In reaksie op die sandtoneel waar Werner saam met sy gesin gespeel het, het die handpop genoem dat dit nie vir Werner lekker is om te speel wanneer die allergiemonster hom maagkrampe laat kry nie. Om hierdie rede moet die allergiemonster so swaar gestraf word dat hy Werner nooit weer kan pla nie.

In reaksie op Werner se tekening van sy bos, en sy kleibeeld (waar hy uitgebeeld het hoe hy siek by die skool voel) en sy tekening waar hy tuis siek voel, het die handpop gesê dat die allergiemonster vir Werner siek gemaak het en dat hy (die allergiemonster) daarom so siek gemaak moet word dat hy self kan voel hoe sleg dit is.

Die foto van die sandtoneel waar Werner as die goeie ou die allergiemonster kon oorwin en die skat (wat homself voorstel) kon red en oppas, het die handpop laat reageer deur te sê dat die allergiemonster ook vandag so in die sand begrawe gaan word en vir altyd gaan verloor.

Op die navorser se vraag watter straf vir die allergiemonster gepas is, het Werner self geantwoord dat die allergiemonster gestraf moet word deurdat hy geen sjokolade of ander goed wat hom sterk sal maak meer mag kry nie. Hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het verder genoem dat hy sy medisyne gaan drink wat die allergiemonster siek kan maak en selfs inspuitings sal kry wanneer nodig. Hy het hierna direk na die ballon wat die allergiemonster voorstel gedraai en die volgende vir hom gesê: “Baai, ek wil niks meer vir jou sê nie!”.

Werner het hierna glimlaggend na die navorser gedraai en genoem dat hy baie daarvan hou om die hofsaak te wen en het die “allergiemonster” met groot entoesiasme geslaan. Hy het sy aggressiewe energie op die ballon uitgehaal en genoem dat hy die allergiemonster nou so siek gaan maak dat hy niks kan doen nie. Terwyl hy die ballon geslaan het, het hy die volgende gesê: “Baai allergiemonster, ek gaan jou nooit weer sien nie - jy gaan net al swakker word!”

Die navorser het hierna vir Werner gevra hoe hy oor die dae voel wanneer die allergiemonster wel weer gaan probeer om sy lewe moeilik te maak. Werner het geantwoord dat hy weet dat dit weer moeilik sal wees om die goed waarvoor hy baie lus is te los, maar dat hy sal onthou dat dit die enigste manier is waarop die allergiemonster uiteindelik dood kan gaan, en dat hy eerder iets anders sal soek om te eet wat die allergiemonster nie sterk kan maak nie.

Werner het die partytjie ter viering van die hofsaak terdeë geniet en was veral baie bly oor die blok Albany wat die navorser vir hom gegee het. Navorser het die geleentheid benut om terwyl hulle partytjie hou, die tweede evalueringsvraelys saam met Werner deur te gaan. Die volgende inligting is verkry:

<u>- Begrip van sy allergiese siektes</u>

“Ek het geleer hoe allergiese siektes werk en hoekom ek nie sjokolade moet eet nie. Ek verstaan dit nou baie goed.”

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Invloed op sy lewe en die mate van beheer wat hy ervaar

Werner het genoem dat die allergiese siektes hom nou nie meer pla nie - eintlik glad nie meer nie. Alhoewel dit hom soms nog irriteer, weet hy nou hoe om die allergiemonster terug te kry. Hy drink sy medisyne en dit is nie meer vir hom so sleg om dit te drink soos dit eers was nie.

Hy het genoem dat die allergiemonster hom nou baie minder pla as voor ons begin speel het. Hy het verder genoem dat die allergiemonster meestal slaap en dat hy in elk geval weet wat om met hom te doen as hy wakker word. Werner het aan die navorser genoem dat dit vir hom baie lekker was om saam met haar te speel en dat dit hom baie gehelp het.

7.4.8.3 Assessering

Hierdie sessie was 'n genotvolle afsluiting van 'n suksesvolle reeks. Die gebeure van die sessie dui daarop dat Werner beheer oor die allergiemonster verkry het en dat alle vorige projeksies hom motiveer om die allergiemonster se straf konsekwent deur te voer en hom so te keer om hom weer te pla. Werner het pertinent genoem dat hy die allergiemonster so in die sand gaan begrawe dat hy niks verder kan doen nie en dit verbaal teenoor die allergiemonster uitgespreek deur te sê dat hy net al swakker gaan word.

Dit was duidelik dat Werner met groot genot die ballon wat die allergie-monster voorstel, geslaan het en so van sy aggressiewe energie ontslae kon raak. Hy is ook realisties oor die feit dat daar wel weer dae kan kom wanneer die allergiemonster sy lewe moeilik wil maak, maar is vasbeslote om nie weer die beheer aan die allergiemonster terug te gee nie.

7.4.9 Bereiking van die doelstelling van die studie

Dit is duidelik dat Werner binne die gestaltspelterapeutiese intervensie vanaf die impasse laag na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werner het tydens die eerste en tweede sessies in Perls se impasse laag funksioneer waar hy die realiteit van die probleem erken het, maar nie geweet het wat hy aan die situasie kan doen nie. Hy was spesifiek tydens die tweede sessie onseker of die allergiemonster oorwin kan word, en het soos 'n slagoffer gevoel wat geglo het dat hy nie op daardie stadium wel daartoe in staat was nie.

Die gedrag wat Werner tydens die derde sessie openbaar het, dui daarop dat hy na die implosiewe laag beweeg het. Hy het nuwe oplossings begin identifiseer en was bereid om dit te toets ten einde vas te stel of dit in sy situasie sou werk. Sy gedrag tydens die vierde sessie het ook in die implosiewe laag gepas. Alhoewel hy nog steeds moedeloos oor die allergie-monster was en genoem het dat dit moeilik is om verantwoordelike keuses te maak, was hy bereid om "harder te probeer" en sy steunstelsels te benut. Werner se gedrag van die vyfde, sesde en sewende sessies het daarop gedui dat hy na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het. Tydens die vyfde sessie het hy sy steunstelsels begin benut om beheer oor sy situasie uit te oefen. Hy het tydens die sesde en sewende sessies nuwe energie in homself ontdek wat hy benut het om die allergiemonster te beheer en sy eie lewe as skat op te pas.

Die vraelys wat Werner se moeder as na-toets voltooi het, bevestig hierdie inligting en dui daarop dat Werner homself nou sterker as die allergiemonster beleef en die kosse wat hom siek kan maak, vermy. Sy het ook verder genoem dat die ouerleidinginligting haar daartoe in staat gestel het om Werner te ondersteun om groter verantwoordelikheid en beheer van sy situasie te neem.

Bogenoemde inligting dui daarop die doelstelling van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme suksesvol met Werner bereik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.5 EMPIRIESE GEGEWENS: ROHAN COETZEE

7.5.1 Agtergrondinligting

Rohan Coetzee is tien jaar en drie maande oud. Hy is op die ouderdom van drie jaar en ses maande as allergiese pasiënt deur Dr. M. Groenewald gediagnoseer en is onder haar behandeling. Die volgende inligting is deur sy moeder se vraelysvoltooiïng verkry:

Rohan ly aan allergiese rinitis en voedselallergie en is allergies vir suiwelprodukte, grondbone, neute en huisstofmiet. Wanneer hy aan bogenoemde allergene blootgestel word, lei dit tot hooikoors, oorpyn en hoofpyn en belemmerde sensoriese kontak omdat sy reuksintuig geaffekteer word.

Om hierdie siektes te beheer, moet Rohan Zyrtec pille en ‘n neussproei gebruik. Hy moet ook kalsiumaanvullings neem en Sudafed drink wanneer nodig. Dit is volgens haar mening nie werklik vir hom sleg om sy medikasie te gebruik nie.

Wat die invloed van sy allergiese siektes betref, is sy van mening dat hy uitgesluit voel by sy maats omdat hy nie kan eet wat hy wil nie. Sy is van mening dat hierdie aspek hom veral by partytjies pla. Rohan kla ook baie van hoofpyn. Sy is van mening dat hierdie reaksies tot aggressie, frustrasie en irritasie lei. Die aanwesigheid van die allergiese siektes pla hom en het dus ‘n negatiewe invloed op sy optimale funksionering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.5.2 Sessie een

7.5.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.5.2.2 Verloop van die sessie

Rohan het die navorser vriendelik gegroet en het geïnteresseerd in die speelkamer rondgekyk. Hy het by die venster gaan staan, deur die oop venster afgekyk en genoem dat dit nogal hoër is as wat hy verwag het. Hy het met belangstelling na die navorser se speelgoed gekyk en genoem dat dit vir hom lekker lyk om daarmee te speel. Dit was vir die navorser duidelik dat hy effens versigtig met sy antwoorde was en eers mooi gedink het voor hy iets gesê het.

Rohan het tydens die aftrek van sy liggaamsbeeld genoem dat hulle tuis ook merkies teen 'n muur maak om te kyk hoeveel hulle groei. Hy het daarin belanggestel om te sien hoeveel hy gegroei het en hoe sy liggaamsbeeld op papier lyk. Rohan kon baie maklik sy sensoriese modaliteite identifiseer, sy voor- en afkeure uitwys, en ook die fisieke impak van allergiese reaksies daarop aandui.

Tydens die voltooiïng van die vraelys het Rohan genoem dat hy weet wat allergie is, maar nie werklik verstaan hoekom dit hom siek maak nie. Hy kon sy allergene en die fisieke reaksies wat dit veroorsaak maklik opnoem en het genoem dat dit veral vir hom sleg is wanneer hy roomys eet en dit hom naar maak. Met betrekking tot sy medikasie het hy genoem dat dit soms vir hom lastig is om al die pille te drink, en dat hy dit dan sommer liewer wil los. Hy weet egter dat hy dit moet drink om die allergiese siektes te beheer.

Rohan het verder genoem dat die allergiese siektes sy lewe moeilik maak. Hy het gesê dat dit veral by die skool en op partytjies vir hom sleg is wanneer sy maats iets vir hom gee en hy dan vir hulle moet sê dat hy dit nie mag eet nie. Die allergiese siektes pla hom baie en maak hom kwaad, hartseer en irriteer hom. Hy voel dat sy allergiese siektes hom keer om sy lewe te geniet en het genoem dat hy nie weet of 'n mens regtig iets kan doen om dit beter te maak nie. Hy het genoem dat sy lewe beslis lekkerder en makliker sou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewees het sonder allergiese siektes. Die goed wat hy die graagste wil eet, is juis die goed wat hom siek maak.

Rohan het na afloop van die metaforiese verduideliking genoem dat die metafoor dit makliker maak om sy allergiese siektes te verstaan. Alhoewel hy wonder of dit regtig moontlik is om die allergiemonster te wen, wil hy tog probeer omdat hy hom "net uit sy lewe uit wil kry".

Hy het hierna die allergiemonster met groot versigtigheid geteken en genoem dat sy lewe makliker sal wees as die allergiemonster heeltemal weg kan wees.

7.5.2.3 Assessering

Rohan het goeie kontak met die navorser gemaak. Hy was wel terughoudend en effens skaam, maar het goeie samewerking gegee en het met groot belangstelling aan die aktiwiteite deelgeneem. Hy het ontspanne asemgehaal en goeie oogkontak gehandhaaf.

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Rohan goed in kontak met homself en sy liggaam is. Hy kon sowel sy sensoriese modaliteite as sy voor- en afkeure en die invloed van die allergiese reaksies daarop uitwys. Hy het maklik keuses gemaak en ook die betrokke polariteite sonder moeite geïntegreer.

Die voorkoms van sy allergiese siektes het 'n definitiewe negatiewe invloed op Rohan se funksionering. Dit maak sy lewe moeilik en sleg en navorser kom tot die gevolgtrekking dat hy 'n totale verlies aan beheer ervaar. Die feit dat hy nie seker is of daar wel iets teen die allergiemonster gedoen kan word nie, is 'n aanduiding dat hy moedeloos voel en nie oor genoeg motivering en egokrag beskik om iets aan sy situasie te doen nie. Alhoewel hy noem dat hy die allergiemonster graag weg wil hê, glo hy nie werklik dat hy self daartoe in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staat is nie. Tog het hy genoem dat hy sal probeer om die allergiemonster te wen, omdat dit sy lewe makliker sal maak.

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat Rohan op hierdie stadium onseker is oor die wyse waarop hy die situasie wil hanteer, en in Perls se impasse laag vasgevang is. Hy wil graag die allergiemonster weg hê en besef dat daar iets aan die situasie gedoen moet word, maar voel nie self daartoe in staat om hierdie situasie suksesvol aan te spreek nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan 1.JPG

Rohan - Tekening sessie een

Rohan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.5.3 Sessie twee

7.5.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

7.5.3.2 Verloop van die sessie

Rohan was bly om die navorser te sien en het spontaan met haar oor sy week gesels. Hy het genoem dat dit goed met hom gaan en dat hy sy lewe geniet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan het die sensoriese aktiwiteit wat op gehoor en sig fokus baie geniet. Hy het die geluide vinniger as die navorser uitgeken, en met groot genot die kompetisie gewen. Hy het genoem dat dit altyd vir hom lekker is om aan sulke speletjies deel te neem en dat hy beslis daarvan hou om te wen!

Tydens die voltooiïng van die emosionele bewustheidskaart het Rohan die gesigsuitdrukkings maklik uitgeken. Hy het die negatiewe uitdrukkings almal aan allergiese reaksies gekoppel en die volgende daaronder geskryf:
“Hy is lis vir die goed wat hy nie mag eet nie” en “Hy soek die kos wat hy nie mag eet nie” (Sic).

Hy het aan die navorser genoem dat die allergiemonster hom sommer baie so laat voel en dat hy kwaad word omdat hy nie kan eet wat hy wil nie. Rohan het hierna na die sandbak en sandspeelgoed beweeg en met sy hande deur die sand gevee. Hy het genoem dat hy baie van seesand hou en verkies om dit droog te gebruik. Rohan het die sandspeelgoed baie versigtig uitgepak en goed na elkeen gekyk. Hy het sy toneel beplan en die simbole daarvolgens metodies uitgekies. Hierdie aksie bevestig navorser se vorige aanname, dat dit deel van Rohan se proses is om baie versigtig en met detail te werk te gaan.

Rohan het ‘n toneel van hom en sy maats wat krieket speel gemaak. Op die navorser se versoek dat hy die toneel aan haar moet verduidelik, het hy genoem dat hulle krieket speel en dat sy sussie hulle dophou. Almal wat by die krieket is, is goeie maats en speel graag gereeld saam. Sy ouers, ouma en oom is in die toneel toeskouers op die pawiljoen wat hulle aanmoedig. Terwyl hy krieket speel pla die allergiemonster hom nie, maar wanneer hulle daarna partytjie hou, is dit ‘n groot probleem. Hy wil graag roomys by die partytjie eet, maar weet dat dit hom siek sal maak. Dit is vir hom baie sleg dat hy nie alles by die partytjie kan eet nie. Hy voel jaloers op die kinders wat dit wel kan eet, en kwaad vir die allergiemonster wat hom siek gaan maak as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy dit wel eet. Hy is juis lus vir die goed wat hy nie mag eet nie, en loop dan maar liewer weg.

Op die navorser se vraag of hy dink dat daar iets is wat hy aan sy situasie kan doen, het Rohan geantwoord dat hy eintlik twee keuses het:

1) Hy kan ‘n klein bietjie van die kos eet waarvoor hy allergies is. Hy sal nie van ‘n klein hoeveelheid siek word nie, maar dit maak hom net lus vir nog meer.
2) Hy kan iets anders soek wat hy wel mag eet en waarvan hy ook baie hou, soos “chips”, springmielies, koeldrank en Albany sjokolade.

Hy het genoem dat dit nie maklik is nie, maar dat hy weet dat hy dit moet probeer omdat dit die enigste manier is hoe hy die allergiemonster swak kan kry. Hy het die feit dat hy die allergiemonster wil wen en weet wat hy mag eet en nie mag eet nie, as sy sonkolle geïdentifiseer, maar genoem dat sy vrotkol, naamlik dat dit baie moeilik is en hy eintlik liewer die goed wat hom siek maak wil eet, nog op hierdie stadium sterker is.

Op die navorser se vraag van wie hom daarmee kan help, het Rohan geantwoord dat die mense wat weet wat hy mag eet, hom hiermee help deur nie vir hom goed waarvoor hy allergies is te gee nie. Sy ma maak ook seker dat ander mense by wie hy gaan kuier weet waarvoor hy allergies is.

7.5.3.3 Assessering

Rohan het tydens hierdie sessie baie meer spontaan met die navorser gesels. Hy was ontspanne en het duidelik die sessie geniet. Hy was bereid om sy negatiewe gevoelens uit te druk en te erken, wat vir die navorser daarop dui dat hy gemaklik in haar teenwoordigheid voel en dat daar ‘n goeie terapeutiese verhouding gevestig is.

Rohan beskik oor ‘n baie goeie emosionele bewustheid. Hy kon dadelik al die gesigsuitdrukkings identifiseer en aan situasies in sy eie lewe koppel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die feit dat hy al die negatiewe uitdrukkings onmiddellik aan sy allergiese reaksies verbind het, dui daarop dat hy die invloed baie intens as negatief beleef en in kontak met hierdie emosies is.

Rohan se projeksie dui daarop dat die allergiemonster sy lewe moeilik maak. Die feit dat daar soveel beperkings op sy keuses gestel word, maak hom kwaad en hy sukkel om hiermee saam te lewe. Veral partytjies skep die grootste probleem omdat hy saam met sy maats die lekkergoed wil eet, maar tog weet dat dit hom siek gaan maak. Hy vermy dan liewer die situasie deur net weg te loop.

Rohan kon twee oplossings vir sy situasie identifiseer, en dit is duidelik dat hy, ten spyte van die feit dat dit vir hom baie moeilik is, graag beheer oor die allergiemonster wil neem. Tog beskou hy sy “vrotkol” as die sterker een, wat daarop dui dat hy nog nie oor genoeg egokrag beskik om werklik beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie te neem nie. Hy het half moedeloos sy skouers opgetrek, genoem dat hy weet dat hy moet aanvaar dat hy self iets moet doen, maar dat dit baie moeilik is.

Rohan begin van die impasse na die implosiewe laag beweeg. Alhoewel hy nog vasgevang voel en onseker is of hy dit wel sal kan regkry, begin hy planne maak om beheer oor sy situasie te neem en kon hy sy ondersteuning in homself en dié van die mense om hom, identifiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan - Emosionele bewustheidskaart sessie twee





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.5.4 Sessie drie

7.5.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.5.4.2 Verloop van die sessie

Rohan het die navorser vrolik gegroet en spontaan vertel hoe sy week verloop het. Hy het met entoesiasme gevra wat hulle vandag gaan doen, en genoem dat dit vir hom lekker is om saam met die navorser te speel. Dit was duidelik dat hy baie ontspanne was en bly is om daar te wees.

Rohan het homself totaal in die fantasiereis ingeleef. Dit was duidelik aan sy gesigsuitdrukking dat hy met konsentrasie al die aspekte van die fantasiereis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in detail binne sy verbeelding beskou het. Hy het die bewegings van die fantasiereis nagemaak deur byvoorbeeld fisies te maak asof hy tekkies aantrek en 'n pet op sy kop sit. Na afloop van die fantasiereis het hy aan die navorser genoem dat dit baie mooi by sy bos was en dat hy dit graag so wil teken.

Rohan het met sy kenmerkende nougesetheid sy tekening vooraf beplan en met detail geteken. Dit was duidelik dat hy heeltemal in kontak met sy tekening was en dat die aktiwiteit al sy aandag en energie in beslag geneem het.

Rohan het die prent beskryf as 'n stukkie van die fantasiereis wat hy beleef het en dit soos volg verduidelik:
"Hierdie is die klipperige paadjie wat ons nou in loop met my tekkies aan en hier is die fonteintjie wat ons bo in die berg gekry het. Hier is dit donker by die woud met lang bome, klein bome, groot en dik bome en hier is ek wat vlieg en die son wat op my rug bak.

My bos het 'n dik, growwe stam. Hy het baie, baie blare wat almal donkergroen is en genoeg sonlig kry. Die takke is dik en stewig geplant, en die bos het genoeg wortels om kos uit die grond te kry.

Daar is baie bosse om hom en daar kom gereeld voëls op sy takke sit. Hierdie voëls wil graag by hom sit en sommige is ordentlik - hulle is versigtig en breek nie sy takke af nie. Ongelukkig is daar wel soms voëls wat die bos se blare breek. Hulle vra nie eers toestemming nie - hulle gaan sit sommer net en verniel die bos. Dit is vir die bos sleg en veroorsaak dat hy hartseer voel. Hy wil liewer hê dat hulle liewer nooit weer moet kom nie.

Die bos het klein, ronde bessies. Die voëls en diere eet dit - sommige is ordentlik en werk saggies, terwyl ander dit sommer hard afpluk en die bos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

seermaak. Die bos is oor die algemeen gelukkig, maar die ongeskikte voëls pla hom baie."

Op die navorser se vraag oor hoe hierdie tekening in sy eie lewe inpas, het Rohan geantwoord dat die allergiemonster soos die voëls is wat die bos seermaak. Hy het hierna 'n stippellyn op die bos getrek en gewys dat dit is hoe groot die allergiemonster is. Hy is die helfte van Rohan se bos se grootte. Rohan het hierna aan die navorser genoem dat hy sterker as die allergiemonster is, maar dat hy hom nog pla.

Dit is soos die bos waar die voëls nie vra nie en net kom en hom beskadig. Tydens direkte kommunikasie aan die allergiemonster het Rohan die volgende gesê: "Jy moet eerder weggaan. Jy gaan nie meer lewendig wees as ek met jou klaar is nie."

Hy het genoem dat hy die allergiemonster heeltemal dood gaan kry deur nie vir hom kos te gee nie. Dit is egter nog vir hom moeilik, maar hy wil die allergiemonster dood kry en daarom sal hy aanhou.

Dit was vir die navorser interessant dat Rohan die fonteintjie self in sy fantasiereis gesien en op sy prent ingeteken het. Dit is nie deel van die fantasiereis wat aan hom voorgelees is nie, maar 'n produk van sy eie verbeelding. Hy het genoem dat die fontein beteken dat hy goeters kan doen wat ander kinders nie kan doen nie. Hy kan 'n paar goed (soos sy kuns) doen wat lekker is en wat die allergiemonster nie wakker gaan maak nie. Hy het self die volgende genoem: "Ek kan Albany en ander lekkers soos Fizzers eet - die oranje Fizzers is die lekkerste. En fiz-pops - dis soos suigstokkies, ek kan ook sherbit, jellie, pop-corn, en chips eet - eintlik is daar baie wat ek kan eet. My favourite is Albany met neute in."

Op die navorser se vraag of hy dink dat hy dit kan regkry om die allergiemonster heeltemal te wen, het Rohan genoem dat hy wel so dink en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hy weet wat hy moet eet en nie moet eet nie. Dit is sy sonkolle in homself wat hom help. Rohan het verder genoem dat die klomp ander bosse om die bos hom help om die voëls weg te hou, en dat dit in sy lewe sy ouers en sommige van sy maats soos Zandré voorstel. Hy het genoem dat hy en Zandré mekaar ondersteun en motiveer om uit te hou - hulle herinner mekaar daaraan dat hulle een doel het, en dit is om die allergiese reaksies te ontgroei.

Hy het genoem dat dit vir hom moeilik is omdat hy van kleins af (voor hy gediagnoseer is) byvoorbeeld melk in sy koffie gedrink het. Dit maak dit moeiliker. Sy sussie het van geboorte af nog nooit melk gedrink nie - dit is vir haar makliker. Op die navorser se vraag van wat hy vir 'n kind sal sê wat nou net gehoor het dat hy allergies is, het Rohan geantwoord dat hy vir hom sal sê om liewer nie die goed te eet nie, anders gaan hy baie siek word.

7.5.4.3 Assessering

Die feit dat Rohan tydens hierdie sessie baie gemaklik en spontaan met die navorser verkeer het, dui daarop dat hy nou volkome gemaklik is en dat die terapeutiese verhouding sterk is. Navorser is onder die indruk dat hy eers 'n rukkie neem om 'n situasie deur te kyk voordat hy iemand volkome vertrou en as maat aanvaar.

Dit is duidelik dat Rohan in kontak met homself en sy gevoelens is. Tydens hierdie sessie kon hy sy emosies maklik verbaliseer en aanvaar. Die voëls wat die blare afbreek en sommer "ongeskik" is, dui volgens Rohan op die allergiemonster wat ongenooid sy lewe moeilik kom maak en veroorsaak dat hy siek word.

Die feit dat Rohan tydens hierdie sessie genoem het dat die bos groter as die allergiemonster is, en hy (Rohan) sterker as die allergiemonster is, dui daarop dat hy begin om beheer oor sy situasie te ervaar. Dit word verder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

bevestig deur die feit dat Rohan die allergiemonster dood wil kry en daarom sal aanhou om nie allergene in te neem nie.

'n Verdere aspek wat daarop dui dat Rohan toenemend beheer oor sy situasie ervaar, is die feit dat hy sy eie vermoëns erken en gesonde alternatiewe vir behoeftebevrediging identifiseer (wat op toenemende verantwoordelikheid dui). Hy erken die feit dat hy iets aan die situasie kan doen, en is bewus van die ondersteuning wat hy in homself en van eksterne bronne kan kry.

'n Laaste aspek wat uit hierdie sessie na vore gekom het, en op verantwoordelike gedrag by Rohan dui, is die feit dat hy 'n kind wat pas gediagnoseer is, sal aanraai om liewer nie die allergene in te neem nie, omdat dit hom siek sal maak. Rohan sal dus ander kinders wil motiveer om liewer die allergiemonster van die begin af swak te hou en die gevolge van hulle gedrag in ag te neem.

Die gedrag wat Rohan tydens hierdie sessie getoon het, dui op Perls se implosiewe laag. Hy ervaar verhoogde beheer oor sy situasie, begin verantwoordelike keuses maak en is gemotiveerd om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan - Tekening sessie drie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.5.5 Sessie vier

7.5.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.5.5.2 Verloop van die sessie

Rohan het by sy aankoms aan die navorser vertel dat dit baie goed met hom gaan en dat hy graag vir haar iets wil wys. Hy het 'n speelding wat uit twee staal "loops" bestaan saamgebring en aan die navorser gewys hoe dit uitmekaar en weer inmekaar gepas moet word. In reaksie op die feit dat die navorser eers gesukkel het om dit reg te kry, het hy gelag en genoem dat hy goed met sy hande is en dit baie maklik kan regkry. Hy het hierna weer met groot geduld die navorser gehelp totdat sy dit self maklik reggekry het.

Rohan het met groot entoesiasme aan die sensoriese aktiwiteit wat op gevoel fokus, deelgeneem. Hy het genoem dat hy "goed is met hierdie voel-speletjies" en baie daarvan hou. Hy het die navorser gevra om sy blinddoek baie styf oor sy oë vas te maak sodat dit nie afval en hy kan sien waaraan hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vat nie. Hy het elke item deeglik bevoel en met groot trots aan die navorser gesê dat hy dit regkry, al is hy ordentlik geblinddoek.

Tydens die uitkenning van verskillende reuke het hy genoem dat hy minder goed hiermee is, maar dat sy neus gelukkig heeltemal oop is omdat hy "niks verkeerd geëet het wat die allergiemonster sterk kan maak nie." Hy het die reuke almal reg identifiseer en was baie opgewonde oor die feit dat hy dit reggekry het. Hy het die verskillende reuke dadelik aan iets in sy eie lewe gekoppel.

Rohan het die klei gebruik om 'n kleimannetjie wat hy "Potatohead" genoem het, te bou. Hy het gesê dat die kleimannetjie iets geëet het wat hy nie mag eet nie, en dat hy naar geword het en 'n hoofpyn ontwikkel het. Hy sit by die skool in die klas en is lus om te werk, maar die allergiemonster maak dit vir hom moeilik om te konsentreer.

Met die navorser se aanmoediging het Rohan klei gebruik om die allergiemonster langs "Potatohead" te maak en met hom te praat. Rohan het met groot genot die allergiemonster met sy vingers plat gedruk en aan hom gesê dat hy hom so plat gaan druk dat hy hom nooit weer kan pla nie.

Op die navorser se vraag oor hoe Rohan in sy lewe die allergiemonster so plat kan druk, het hy geantwoord dat hy niks kos vir die allergiemonster gaan gee nie. Dit word al makliker, en die spelterapie help hom daarmee.
Hy het verder genoem dat daar darem Albany sjokolade is wat hy kan eet, maar dat dit baie duur is. Sy ma koop vir hulle Albany, maar hulle mag net drie blokkies op 'n slag eet. Hy is dan lus vir meer sjokolade, en eet dan melksjokolade. In reaksie op die navorser se vraag van wat hy wil doen, het hy genoem dat hy sy sakgeld sal probeer spaar en dan vir homself 'n blok Albany sal koop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.5.5.3 Assessering

Rohan het tydens hierdie sessie uitstekende sensoriese kontak gemaak. Hy kon die detail van dit wat hy gevoel en geruik het beskryf, en was duidelik trots daarop dat hy dit maklik kon regkry.

Rohan het dit baie geniet om die klei-allergiemonster plat te druk en aan hom te vertel dat hy hom so plat gaan druk dat hy (die allergiemonster) hom nooit weer kan pla nie. Alhoewel dit moeilik is om sy lus vir die sjokolade te beteuel, het hy genoem dat hy vasbeslote is om die allergiemonster te wen en dat hy daarom sy sakgeld sal spaar om Albany te koop wat die allergiemonster nie sterk kan maak nie. Bogenoemde dui daarop dat hy suksesvolle hanteringstrategieë vir sy eie probleemoplossing genereer. Hy neem toenemend beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie.

Rohan se gedrag weerspieël Perls se implosiewe laag waar hy planne maak om sy situasie te bemeester en gemotiveerd is om sukses te behaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.5.6 Sessie vyf

7.5.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.5.6.2 Verloop van die sessie

Rohan het by sy aankoms aan die navorser vertel dat dit baie goed met hom gaan en dat hy bly is dat daar nog twee sessies oor is waar hy saam met die navorser kan speel.

Hy het die sensoriese aktiwiteit wat op sig fokus geniet, en veral genot daaruit geput om “Wally” vinnig op elke bladsy op te spoor. Terwyl die navorser hierna die vingerverf uitgepak het, hy genoem dat dit vir hom lekker is om met sy vingers te verf, maar dat hy nie regtig goed daarmee is nie. Op die navorser se verduideliking dat hy dit net moet geniet en weereens sy prent aan haar sal kan verduidelik, het hy glimlaggend geantwoord dat hy veral daarvan hou om die verskillende kleure presies te meng soos hy hulle wil gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan het met sy kenmerkende versigtigheid die vingerverf gemeng en met groot konsentrasie die prent van homself by die huis geverf. Hy het die prent soos volg aan die navorser verduidelik: “Hier is ek by die huis. Ek het ‘n sjokolade by ‘n maatjie van my gekry en is nogal lus daarvoor. Ek sien egter hoe die allergiemonster om die hoek kom en gooi die sjokolade liewer ver weg voordat dit hom sterk maak en hy my kan pla. My boetie, sussie en pa kyk televisie terwyl my ma slaap. Niemand hou van die allergiemonster nie en almal wil hom graag heeltemal dood hê - veral my kleiner boetie en sussie wat ook allergies is.”

Op die navorser se vraag of hy sy kleiner boetie en sussie wil help om die allergiemonster te wen, het hy bevestigend geantwoord en genoem dat sy sussie nog klein is, maar dat hy haar beslis sal help wanneer sy groter is.

Die navorser het aan Rohan gevra of hy met die allergiemonster op sy prent wil praat. Hy het hierna die volgende aan die allergiemonster gesê: “Pê, ek het nie die sjokolade geëet nie en jy gaan al swakker word tot jy heeltemal vrek. Ek weet jy wil dit vir my moeilik maak, maar ek wen jou!”

Die navorser het hierna aan Rohan gevra wie se verantwoordelikheid die grootste is om die allergiemonster swak te kry. Hy het geantwoord dat sy ma hom baie help, maar dat dit sy werk is om self reg te eet.

Rohan het verder vertel dat die Albany al lekkerder raak, maar dat dit jammer is dat dit so duur is. Hy het genoem dat die plaaslike kafee dit nie aanhou nie, en dat hy dit seker maar by ‘n groter winkel kan koop. Op die navorser se vraag van of hy iets aan die situasie kan doen, het hy genoem dat hy sy ma sal vra om by die groter winkels soos “Hyperama” waar dit goedkoper is, ‘n blok met van sy sakgeld te koop.

Hy het verder genoem dat hy in homself die allergiemonster wil en gaan wen - hy gaan hom nie verder toelaat om sy lewe moeilik te maak nie, en dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie “wil” in hom hom sal help om dit reg te kry. Verder is daar ook sy gesin en maats wat hom help om “die ou allergiemonster in die grond te begrawe”.

7.5.6.3 Assessering

Rohan het tydens hierdie sessie met groot opgewondenheid uitstekende sensoriese kontak gemaak. Dit was duidelik dat hy trots daarop voel om baie fyn na detail op te let en so hoë bewustheid van sy omgewing te bereik.

Rohan is duidelik goed in kontak met homself en die invloed wat die allergiemonster op hom en sy gesin wil uitoefen. Die gebeure van die sessie dui daarop dat Rohan uiteindelik sterk beheer oor die allergiemonster verkry het. Die feit dat hy in sy projeksie die melksjokolade weggooi sodat dit nie die allergiemonster kan sterk maak nie, en ook direk aan die allergiemonster genoem het dat hy hom wen en heeltemal dood gaan kry, dui daarop dat hy nie net beheer oor sy situasie verkry het nie, maar ook verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem. Hy het ook duidelik genoem dat hy sy kleiner sussie en boetie kan help - iets wat vir die navorser daarop dui dat hy self so sterk voel dat hy die allergiemonster kan beheer, dat hy daarvoor kans sien om sy sibbe ook tot verhoogde beheer te begelei.

Die feit dat Rohan genoem het dat dit sy werk is om self die allergiemonster te beheer, en dat sy ma hom daarmee help, dui verder op verhoogde verantwoordelikheidneming.

Rohan se gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag waar hy met sukses sy situasie hanteer en beheer daaroor uitoefen. Hy is bewus van sy sterk punte en benut die ondersteuning wat hy vanuit sy eksterne omgewing verkry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan - Vingerverfprent sessie vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.5.7 Sessie ses

7.5.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.5.7.2 Verloop van die sessie

Rohan het met baie energie die trappe opgehardloop en by sy aankoms uitasem aan die navorser genoem dat dit baie goed met hom gaan. Hy het verder aan die navorser vertel dat hy weet dat dit die voorlaaste sessie is en dat dit vir hom lekker was om saam met haar te speel, maar dat hy baie na die komende vakansie uitsien.

Hy het tydens die sensoriese aktiwiteit wat op smaak fokus, sy voor- en afkeure baie duidelik te kenne gegee. Hy kon die verskillende smake maklik identifiseer en het deurentyd entoesiasties aan die verskillende houers geproe - ten spyte van die feit dat sommige van die smake (soos sout en peper) 'n definitiewe "Jig, dis sleg!" uitgelok het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan het al die beskikbare speelgoed deurgekyk en klei as projeksie-medium gekies. Hy het weer met baie detail, maar vinniger gewerk. Hy was duidelik baie ontspanne en het selfs gesing terwyl hy gewerk het. Hy het die klei gebrei voordat hy sy skepping gebou het en genoem dat dit vir hom baie lekker is om met die klei te werk.

Rohan se kleiskepping het uit 'n plat vlak bestaan wat met die eerste oogopslag onherkenbaar was. Hy het die navorser gevra om te raai wat dit is en genoem dat dit iets met sy familie te doen het. Hy het genoem dat dit 'n kombinasie van sy gesinslede se voorletters aandui en vir die navorser gewys dat die letters in verskillende rigtings uit die klei gekerf is. Hy het aan die navorser verduidelik dat dit "rotskuns met my gesin se voorletters op" voorstel.

Rohan het aan die navorser genoem dat dit vir hom baie lekker is as al hierdie mense saam is. Hulle speel lekker bordspeletjies saam, kyk televisie en gaan almal in die komende vakansie lekker saam by die huis bly. Almal in die gesin is lief vir mekaar en ondersteun mekaar.

Op die navorser se vraag of die allergiemonster in sy kleiskepping is, het Rohan geantwoord dat die allergiemonster nie meer 'n probleem is nie. Alhoewel dit soms nog vir hom moeilik is om melk uit te los, is die allergiemonster nou net so 'n klein ou spikkeltjie wat hom glad nie meer so baie as aan die begin pla nie.

Hy het verder genoem dat die allergiemonster aan die begin baie groot was maar nou al kleiner geword het. Die allergiemonster is besig om te vrek, want hy (Rohan) het hom gewen en al die mense om hom help hom daarmee.

Rohan het 'n tweede kleibeeld gemaak wat 'n gesig voorstel. Die gesig het slegte medisyne gedrink. Op die navorser se versoek het Rohan verduidelik dat die medisyne wat hy soms moet drink (Sudafed) baie sleg is. Hy hoef dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelukkig net te drink wanneer die allergiemonster sterk is. Hy drink nou liewer sy allergiemedisyne reg sodat die allergiemonster swak kan bly en hy (Rohan) nie die slegte Sudafed hoef te drink nie.

Rohan het met trots sy kleibeelde aan die navorser gewys en genoem dat hy dit baie geniet om kunsklasse by te woon. Behalwe vir die feit dat hy daar leer om dinge te maak, is daar ook niks wat die allergiemonster sterk kan maak soos by rugby waar die stof hom laat nies nie.

7.5.7.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Rohan dit geniet om beheer oor sy situasie te neem en verantwoordelike keuses te maak. Die allergiemonster pla hom nie meer soos voorheen nie, en daar is ander aktiwiteite waarin hy homself kan uitlewe sonder dat dit die allergiemonster sterk kan maak. Hierdie gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag van funksionering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.5.8 Sessie sewe

7.5.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemeidum.
- Terminering van die reeks.

7.5.8.2 Verloop van die sessie

Rohan het uitasem in die speelkamer aangekom en aan die navorser verduidelik dat hy die vier stelle trappe tot bo opgehardloop het. Hy het aan die navorser gesê dat hy baie energie het, en dat dit baie goed met hom gaan. Hy het verder vertel dat hy baie na die komende skoolvakansie uitsien en lus is om vir die laaste keer saam met die navorser te speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan het met groot belangstelling na sy tekeninge en foto's van die vorige sessies gekyk. Hy het genoem dat hy lus is om die allergiemonster in die tronk te stop sodat hy hom nie verder kan pla nie. Terwyl die navorser die ballon (wat die allergiemonster in die leë-stoel voorstel) opgeplaas het, het Rohan gesê dat hy hom "lekker gaan slaan". Hy het dadelik, nog voor die aanvang van die hofsaak, die ballon wat die allergiemonster voorstel met baie vreugde en energie geboks.

Rohan het die handpoppe deurgekyk en dadelik een gekies waarvan hy baie gehou het. Hy het hierna die allergiemonster op die stoel neergesit en hom styf teen die stoel vasgemaak. Die hofsaak het hierna begin, waar Rohan se advokaat die volgende gesê het: "Ek is Snotneus, Rohan se advokaat. Die allergiemonster het aan die begin Rohan se liggaam oorgeneem en moet dadelik so swak gemaak word dat hy Rohan kan uitlos en later kan doodgaan. Wanneer hy dood is, sal Rohan kan eet net wat hy wil."

Die advokaat se reaksie op die verskillende tekeninge en foto's het daaruit bestaan dat hy genoem het dat die allergiemonster Rohan baie gepla het en daarom erg gestraf moet word. Spesifiek in reaksie op Rohan se kleiskepping van "Mr. Patatohead" wat by die skool deur die allergiemonster gepla is, het die advokaat opgemerk dat die allergiemonster nou in skyfies opgesny gaan word, soos 'n mens gewoonlik 'n aartappel opsny om "chips" te maak.

Die vingerverfprent van Rohan by die huis waar hy 'n sjokolade by iemand gekry het en die allergiemonster op pad is om hom te kom pla, het die volgende reaksie by die advokaat uitgelok: "Rohan het die sjokolade weggesmyt en die allergiemonster geen kans gegee om sterk te word nie. Die allergiemonster gaan met "high security" weggesluit word sodat hy niks kan doen nie."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan het verder genoem dat die allergiemonster gestraf moet word sodat hy niemand se lewe ooit weer kan oorneem en siek maak nie. Rohan het met groot vreugde genoem dat hy die vonnis gaan deurvoer en die allergiemonster geen kos meer wil gee nie, medisyne en inspuitings sal benut waar nodig, en die allergiemonster 'n pynlike dood sal laat sterf.

Rohan het hierna die ballon wat die allergiemonster voorstel, uit die stoel geneem en baie hard geslaan. Hy het sy aggressiewe energie op die allergiemonster uitgehaal en genoem dat die allergiemonster so geslaan word dat hy ' n vreeslike hoofpyn gaan hê en dat daar later niks van hom gaan oorbly nie. Hy het hierna die ballon wat die allergiemonster voorstel laat afblaas en deur die lug laat trek. Toe die ballon vinnig deur die lug skiet en afblaas het Rohan die volgende gesê: "Yes, hy gaan vrek! En ek gaan hom so hou". Op die navorser se vraag van hoe hy die allergiemonster so swak gaan hou, het Rohan geantwoord dat hy weet dat hy weer op 'n stadium lus sal raak vir melksjokolade, maar dat hy dan net eenvoudig Albany sal koop en die allergiemonster nie eers 'n kans sal gee om weer wakker en sterk te word nie. Hy het genoem dat Albany nou vir hom baie lekker is en dat hy sy sakgeld sal gebruik om daarvan vir homself te koop.

Terwyl hulle die vonnis oor die allergiemonster gevier het, het die navorser die vraelys saam met Rohan deurgegaan. Die volgende inligting is verkry:

<u>- Begrip van sy allergiese siektes</u>

Rohan het genoem dat die spelterapie hom gehelp het om beter te verstaan wat allergie is, hoe dit werk en wat hy teen die allergiemonster kan doen. Hy het verder gesê dat dit vir hom lekker is om die allergiemonster te slaan soos hy nou-nou die ballon geslaan het en dat hy hom al swakker kan maak tot hy doodgaan, wanneer Rohan die allergiese siektes gaan ontgroei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Invloed op sy lewe en mate van beheer wat hy ervaar

Rohan het genoem dat die allergiemonster hom glad nie meer pla soos voor hy saam met die navorser gespeel het nie. Die allergiemonster pla hom nou net 'n klein bietjie by partytjies. Dit is ook nie meer vir hom sleg om sy medisyne te gebruik nie, omdat hy weet dat dit die allergiemonster doodmaak. Hy is vasbeslote om die allergiemonster weg te kry, al is dit soms vir hom sleg dat hy nie melk kan drink en melksjokolade kan eet nie.

7.5.8.3 Assessering

Dit was duidelik dat dit baie goed met Rohan gaan en dat hy opgewonde oor sy komende vakansie is. Hy het baie spontaan saam met die navorser gespeel en genoem dat dit vir hom baie lekker was en baie vir hom beteken het. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hy heeltemal gemaklik in die terapeutiese verhouding was en dat die spelterapie werklik vir hom waardevol was.

Die gebeure van hierdie sessie lei tot die gevolgtrekking dat Rohan beheer oor sy allergiese reaksies verkry het en ook oor genoeg innerlike motivering en krag beskik om die allergiemonster so swak te hou dat hy uiteindelik sal doodgaan. Veral in die lig daarvan dat Rohan deur die loop van die program veral gesukkel het om konsekwent verantwoordelike keuses te maak, is hierdie aspek 'n deurbraak. Navorser is daarvan oortuig dat Rohan hierdie beheer en verantwoordelikheid met groot motivering sal deurvoer en ook sy steunstelsels (naamlik sy gesin en veral Zandré as maat) se ondersteuning sal benut in die tye wanneer dit weer moeliker kan gaan.

7.5.9 Bereiking van die doelstelling van die studie

Die gebeure van die eerste sessie het daarop gedui dat Rohan onseker was oor die wyse waarop hy sy situasie wou hanteer, en in Perls se impasse laag vasgevang was. Hy wou graag die allergiemonster weg hê en het besef dat daar iets aan die situasie gedoen moes word, maar het nie self daartoe in staat gevoel om die situasie suksesvol aan te spreek nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die tweede sessie het Rohan van die impasse na die implosiewe laag begin beweeg. Alhoewel hy nog vasgevang gevoel het en onseker was of hy dit wel sou kon regkry, het hy planne begin maak om beheer oor sy situasie te neem en kon hy ondersteuning in homself en díe van die mense om hom, identifiseer.

Die gedrag wat Rohan tydens die derde en vierde sessies getoon het, dui op die implosiewe laag. Hy het verhoogde beheer oor sy situasie ervaar, verantwoordelike keuses en planne begin maak en was gemotiveerd om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Rohan se gedrag tydens die vyfde, sesde en sewende sessies dui op Perls se eksplosiewe laag waar hy met sukses sy situasie hanteer en beheer daaroor uitoefen. Hy het gegroei tot bewustheid van sy sterk punte en kon die ondersteuning wat hy vanuit sy eksterne omgewing verkry, benut. Navorser is daarvan oortuig dat Rohan sy verhoogde beheer en verant-woordelikheid met groot motivering sal deurvoer en ook sy steunstelsels sal benut in die tye waneer dit weer moeiliker kan gaan.
Alhoewel dit ‘n rukkie geneem het om Rohan se beheer oor die allergiemonster en sy verantwoordelikheid teenoor sy gesondheid te vestig, was dit tydens die sewende sessie duidelik dat hy oor genoeg egokrag en motivering beskik om beheer oor die situasie uit te oefen en selfs toekomstige versoekings suksesvol die hoof te bied.

Die vraelys wat as na-toets deur Mev. Coetzee voltooi is, bevestig bogenoemde inligting en het aangedui dat Rohan homself nou sterker as die allergiemonster beleef. Hy volg nou die regte eetgewoontes, skakel die kosse wat hom siek maak uit, gebruik sy medikasie en neem groter verantwoordelikheid vir sy gesondheid. Sy het verder genoem dat hy sy allergiese siektes beter verstaan en beheer en dat die ouerleidinginligting haar in staat gestel het om hom in sy hantering daarvan te ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Dit is navorser se mening dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) suksesvol by Rohan bereik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Figuur 4: Groei deur die lae van Perls - Rohan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6 EMPIRIESE GEGEWENS: RENé DEWEY

7.6.1 Agtergrondinligting

René Dewey is elf jaar en vyf maande oud. Sy is op negejarige ouderdom as allergiese pasiënt deur Dr. M. Groenewald gediagnoseer en is onder haar behandeling. Die volgende inligting is deur haar moeder se vraelysvoltooiïng verkry:

René ly aan allergiese rinitis, ekseem en voedselallergie en is vir alle vrugte, neute, tamaties, melk en suiwelprodukte as voedselallergene allergies. Wat inhalente allergene betref, is sy vir gras en stuifmeel allergies. Blootstelling aan bogenoemde allergene lei tot die volgende simptome: 'n toe neus, ekseem, maagpyn, buikswelling en naarheid, hoofpyn en belemmerde sensoriese kontak omdat sy moeilik ruik, en haar oë en vel jeuk.

Om hierdie siektes te beheer moet sy Zaditen en Zyrtec pille en Beconase neussproei gebruik. Sy onvang ook hipoimmunisering inspuitings wat volgens haar moeder soms tot angs aanleiding gee.

René weet volgens haar moeder dat sy wel iets kan doen om haar allergiese siektes te beheer, maar dat dit vir haar moeilik is om konsekwent verantwoordelike keuses te maak.

Wat die invloed van haar allergiese siektes op haar funksionering betref, is René se moeder van mening dat alle areas van haar lewe hierdeur bemoeilik word. Die allergiese siektes veroorsaak dat sy nie dieselfde kos as haar maats kan eet nie. Sommige kinders spot haar hiermee, wat veral op haar ouderdom waar portuugroepaanvaarding baie belangrik is, vir haar baie swaar is. Tuis pla dit René dat sy nie alles kan eet waarvoor sy lus is nie. Sy moet ook haar eie kos na partytjies toe neem en moet speletjies op gras vermy omdat dit ekseem veroorsaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens René se moeder pla die allergiese siektes haar baie, maar beheer sy dit tot ‘n groot mate suksesvol. Dit lei egter tot emosionele reaksies soos woede, misrabelheid en irritasie wat haar verhoudings met die mense om haar somtyds benadeel.

Hierdie gegewens bring die navorser tot die gevolgtrekking dat die allergiese siektes waaraan René ly ‘n definitiewe negatiewe invloed op haar funksionering uitoefen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.2 Sessie een

7.6.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.2.2 Verloop van die sessie

René was baie opgewonde om by die spelterapie betrokke te raak en het aan die navorser genoem dat sy graag die allergiese siektes wil beheer, maar daarmee sukkel.

René het die navorser met groot entoesiasme gehelp om die papierrol wat vir die liggaamsbeeld gebruik word tot die regte lengte af te rol en teen die muur vas te plak en genoem dat sy graag sal wil sien hoe haar prent gaan lyk. Nadat die navorser die liggaamsbeeld afgetrek het, het René haar hare, gesig en rok met detail ingeteken en spontaan aan die navorser vertel waarvan sy in haarself hou en nie hou nie. Sy het baie maklik haar voor- en afkeure geïdentifiseer en spesifieke allergiese reaksies wat voorkom aan die navorser verduidelik.

René het met groot sekerheid die antwoorde op die vraelys voltooi. Sy het genoem dat sy weet dat haar allergiese siektes en die reaksies wat op allergeenblootstelling volg iets met haar immuunstelsel te doen het, maar dat sy nie presies verstaan hoe dit haar so siek maak nie. Sy het die spesifieke allergene en die fisieke simptome wat dit veroorsaak aan die navorser uitgewys, en dit onmiddellik aan emosionele reaksies wat daarmee gepaard gaan gekoppel.

René het tydens die vraelysvoltooiïng aan die navorser genoem dat dit vir haar baie sleg is om nie alles te kan eet en doen wat sy wil nie. Die allergiese simptome veroorsaak soms dat sy vir haarself lelik lyk en oor die algemeen maak dit haar lewe baie moeilik. Sy weet dat sy haar allergieë net kan ontgroei indien sy haar allergene vermy, en daarom doen sy dit, maar dit is vir haar nog steeds swaar. Sy het verder aan die navorser genoem dat sy nie daarvan hou om haar medikasie te drink nie, en dat die inspuitings haar soms bang maak omdat sy nie seker is hoe haar liggaam daarop gaan reageer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René het aan die navorser genoem dat die allergiese siektes haar op alle plekke pla. Die reaksies veroorsaak dat sy fisies ongemaklik voel, wat tot irritasie lei en haar "crabby" laat voel. Die fisieke reaksies veroorsaak verder dat sy kwaad, bang, hartseer, misrabel voel en soms wens dat sy net weer vier jaar oud kan wees en alles kan eet wat sy graag wil.

Sy is eers op nege-jarige ouderdom gediagnoseer en dit maak dit vir haar baie moeilik om byvoorbeeld melksjokolade te los, omdat sy dit tot op daardie ouderdom kon eet en toe skielik moes los. René het aan die navorser genoem dat die allergiemonster haar lewe baie mislik maak en dat sy hom so gou as moontlik wil ontgroei - daarom eet sy liewer nie die goed wat haar siek kan maak nie.

In reaksie op die metaforiese verduideliking (waar die navorser ook biologiese verduidelikings ingesluit het omdat René wel kennis daarvan dra) het René genoem dat die metafoor dit baie maklik maak om haar allergiese siektes en -reaksies te verstaan en dat sy vasbeslote is om die allergiemonster so swak te maak dat hy haar nie verder kan pla nie.

Sy het hierna 'n tekening van die allergiemonster gemaak en al die allergene daarop aangedui. Sy het op haar tekening gewys dat die allergiemonster haar vra om vir hom kos te gee, maar genoem dat sy dit nie doen nie omdat sy hom so gou as moontlik heeltemal dood wil hê. René het aan die einde van die sessie aan die navorser genoem dat sy dit baie geniet het en daarna uitsien om die volgende week weer te kom.

7.6.2.3 Assessering

Die navorser en René het dadelik aanklank by mekaar gevind en daar is sommer gou 'n goeie terapeutiese verhouding gebou. René het spontaan en entoesiasties aan die aktiwiteite deelgeneem en die feit dat sy aan die navorser genoem het dat sy na die volgende sessies uitsien, is ook 'n aanduiding dat sy die navorser as maat aanvaar het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René is baie goed in kontak met haarself en haar omgewing. Sy kon haar eie belewing van die allergiese siektes duidelik omskryf en aan die navorser verduidelik hoe dit haar totale funksionering beïnvloed. Dit was ook duidelik dat sy goeie sensoriese kontak kan handhaaf en in kontak met haar voor- en afkeure is.

Die voorkoms van haar allergiese siektes het ‘n baie negatiewe invloed op René se totale funksionering. Alhoewel sy wel ‘n baie goeie mate van beheer oor die allergiese reaksies uitoefen deur allergene te vermy en die medikasie reg te benut, ervaar sy emosionele reaksies wat haar lewe moeilik maak. Navorser is van mening dat sy definitief nodig het om hierdie emosionele reaksies te hanteer en binne spelterapie die geleentheid daartoe sal benut.

René se gedrag dui op Perls se implosiewe laag. Sy neem volle verantwoordelikheid en beheer oor haar situasie, en al is daar heelwat emosies wat as voorgrondbehoeftes aangespreek moet word, is sy in kontak met haarself en kan sy haarself handhaaf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rene 1.JPG



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6.3 Sessie twee

7.6.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

7.6.3.2 Verloop van die sessie

René was bly om die navorser te sien en het met groot belangstelling die speelgoed deurgekyk. Sy het genoem dat dit taamlik goed met haar gaan en dat sy uitsien na die sessie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die sensoriese aktiwiteit wat op sig en gehoor fokus, het René die "Listen lotto" stel baie geniet. Dit was duidelik dat sy nie werklik op 'n kompetisie ingestel was nie, maar die geluide graag wou uitken en haar kennis wou toets. René het al die geluide reg identifiseer, behalwe die fluitjie en wekker wat baie na aan mekaar klink. Sy het ook uit haar eie emosies aan die geluide gekoppel.

In reaksie op die emosionele bewustheidskaart het René elke gesigs-uitdrukking aan situasies in haar eie lewe gekoppel. Sy het self ook aan die navorser genoem dat dit altyd vir haar baie interessant is dat mense so verskillend op dieselfde situasie kan reageer. Dit was duidelik dat sy oor goeie emosionele bewustheid beskik en heeltemal in kontak met haar eie emosies is.

René het hierna na die sandbak beweeg en haar hande dadelik deur die sand beweeg. Sy het aan die navorser genoem dat dit haar aan 'n vakansie by die see herinner en dat sy verkies om in droë sand 'n toneel te bou. René het die sandspeelgoed benut om twee gesigte in die sand te bou. Sy het aan die navorser verduidelik dat dit haar en haar vriendin, Nina, se gesigte uitbeeld. Nina is haar beste maat wat saam met haar in dieselfde klas by die skool is en saam met wie sy alles doen, behalwe om roomys en sjokolade te eet. Sy het aan die navorser genoem dat Nina nie allergies is nie en dat dit die enigste ding is wat haar soms pla.

René het verder aan die navorser vertel dat partytjies vir haar die swaarste is. Dit is vir haar baie sleg dat sy nie al die lekker eetgoed kan eet nie, en dat sy haar eie kos moet saamneem.

Sy het aan die navorser verduidelik dat sy haarself baie mooi moet oppas om die allergiemonster dood te kry, en dat hulle nou gaan begin om kossoorte waarvoor sy allergies was, weer in haar dieet in te sluit. Sy is opgewonde oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

die idee dat sy dit wel weer sal kan eet, maar baie bang dat dit haar weer van voor af sal siek maak.

René het verder aan die navorser genoem dat die allergiemonster haar wel pla wanneer sy speel en nie alles kan eet wat sy wil nie, maar dat hy nie die ergste is nie. Daar is 'n dogter, Paula, by haar skool wat haar baie ongelukkig en kwaad maak en erger as die allergiemonster is. Sy het aan die navorser vertel dat hierdie dogter graag vir Nina van haar af wil wegneem en werklik alles probeer om Nina vir haar kwaad te maak. Sy vertel leuens oor René, spot haar oor haar allergieë en maak haar lewe so moeilik as moontlik. René het aan die navorser genoem dat sy hierdie gedrag eerder ignoreer en weet dat dit eintlik die ander kind se probleem is.

Op die navorser se vraag of René dink dat sy iets kan doen om haar situasie makliker te maak, het sy genoem dat sy die ander dogter sal ignoreer, en haar allergiemonster net eenvoudig sal laat doodgaan van honger, al is dit hoe moeilik. Sy het genoem dat daar gelukkig baie mense is wat haar ondersteun en dat sy seker is dat sy dit sal regkry.

7.6.3.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie weereens duidelik dat daar 'n baie sterk terapeutiese verhouding tussen René en die navorser gevestig is. Sy was opgewonde om saam met die navorser te speel, het goeie oogkontak behou en was bereid om die navorser met haar negatiewe emosies te vertrou.

Dit is duidelik dat René goed in kontak met haar emosies is. Sy kan haar emosies rondom die allergiese siektes en die dogter wat haar by die skool pla erken, verbaliseer en het genoem dat dit haar ook baie help as sy met haar ma daaroor praat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René hanteer haar allergiese siektes volgens die navorser baie goed. Sy is baie gemotiveerd om haar allergiemonster heeltemal dood te kry en maak verantwoordelike keuses, al is dit nie altyd vir haar maklik of lekker nie.

Sy is realisties oor haar gevoelens met betrekking tot die allergiemonster. Sy erken die feit dat sy bang is dat die voedsel wat weer in haar dieet ingesluit word haar siek kan maak, maar beskik oor genoeg egokrag om hierdie aspek te hanteer wanneer dit wel voorkom.

Die gebeure van die sessie dui daarop dat die ander dogter by die skool op hierdie stadium vir René 'n groter probleem as die allergiemonster inhou. Sy het baie tyd van die sessie spandeer om aan die navorser te vertel dat hierdie kind probeer om haar (René) se lewe moeilik te maak en Nina teen haar op te steek, en dit is duidelik dat René dit as 'n groter probleem ervaar as die allergiemonster. Uit die gesprek kon die navorser egter aflei dat René weet hoe om die situasie te hanteer en dat sy tydens hierdie sessie goed uitdrukking aan haar emosies kon gee.

Die gedrag wat René tydens hierdie sessie met betrekking tot die allergiemonster getoon het, dui daarop dat sy in Perls se eksplosiewe laag beweeg. Sy kan haar emosies hanteer en goeie beheer oor die allergiemonster uitoefen. Sy is in kontak met haar steunstelsels en benut hulle in die proses om die allergiemonster finaal te oorwin.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René Dewey

René - Emosionele bewustheidskaart sessie twee





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.4 Sessie drie

7.6.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.6.4.2 Verloop van die sessie

René het by haar aankoms aan die navorser genoem dat dit baie goed met haar gaan en dat sy die situasie met die dogter by haar skool makliker hanteer en dat dit haar nou nie meer so baie pla nie.

René was duidelik baie rustig. Sy het ontspanne voorgekom en rustig asemgehaal. Sy het op die mat gaan lê, haar oë toegemaak en haarself heeltemal in die fantasiereis ingeleef. Sy het later aan die navorser genoem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dit vir haar baie lekker was en dat sy graag dít wat sy in haar verbeelding gesien het, net so op papier wou weergee.

René het haar tekening met baie detail voltooi. Sy het saggies gesing terwyl sy geteken het en dit was duidelik dat dit vir haar heerlik was om haar gedagtes op papier vas te lê. René het haar tekening aan die navorser verduidelik en genoem dat dit 'n baie rustige prent is waar al die aspekte in simbiose en vrede saamlewe. Op die tekening is daar 'n groot boom waarin 'n spinnekopweb en spinnekop voorkom. Om die boom is daar gras en blomme. René sit op 'n stomp langs die boom en hou dit dop. Bo in die lug is daar wolke en 'n vriendelike son. René het aan die navorser verduidelik dat al die goed in die prent vriende is en vir mekaar sorg. Die boom voorsien koelte vir die blomme en huisvesting vir die spinnekop. Die spinnekop is 'n vriend van die boom en beskerm hom as daar mense nader kom wat van sy takke wil afkap om kombuisstoele te maak.

Op die navorser se vraag of die allergiemonster in die prentjie is, het René geantwoord dat hy nie op die oomblik daar is nie, maar dat hy soms die wolke voor die son laat inkom en so veroorsaak dat die boom nie genoeg sonlig kry nie. Die wolke is die allergiemonster se vriende en help hom hiermee. Gelukkig is die allergiemonster op die oomblik aan die slaap en kan hy nie die boom pla nie.

René het aan die navorser vertel dat die boom haarself voorstel. Net soos die boom, is sy gewoonlik baie sterk en help sy die mense om haar, maar soms ervaar sy 'n allergiese reaksie na haar inspuiting en dan voel dit vir haar of die allergiemonster sterk word en maak hy haar lewe moeilik. Op die oomblik is dit gelukkig nie 'n probleem nie, omdat sy hom nie kos gee nie en hy vas slaap.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.4.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat René op die oomblik goeie beheer oor haar situasie ervaar. Sy het self by haar aankoms aan die navorser genoem dat sy met die dogter wat haar by die skool gepla het, gepraat het en dat dit beter gaan, en dit wil vir die navorser voorkom asof sy die allergiemonster ook op hierdie stadium onder beheer het.

Dit is vir die navorser duidelik dat René goed in kontak met haarself en haar emosies is en dat sy die probleme wat uit haar allergiese siektes spruit, op hierdie stadium goed hanteer.

René se gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag. Sy is bewus van haar situasie, neem verantwoordelikheid vir haar gesondheid en hanteer haar emosionele reaksies volgens navorser baie goed.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René - Tekening sessie drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6.5 Sessie vier

7.6.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.6.5.2 Verloop van die sessie

René het by haar aankoms aan die navorser genoem dat dit nie op hierdie stadium met haar baie goed gaan nie, omdat die insluiting van die voedselsoorte waarvoor sy allergies was, haar nou weer baie siek maak. Sy het egter genoem dat sy na die sessie uitsien en het met groot belangstelling die navorser se speelgoed help uitpak.

René het die sensoriese aktwiteite wat onderskeidelik op gevoel en reuk fokus, baie geniet. Sy kon die verskillende items maklik uitken en het genoem dat haar neus gelukkig oop is en sy maklik kan ruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René het die klei gebruik om ‘n beeld van haar en haar vriendin Nina te maak. Sy het aan die navorser verduidelik dat dit ‘n pouse voorstel waar sy en Nina baklei. Sy het genoem dat Nina sjokolade geëet het en sy (René) kwaad geword het omdat sy nie daarvan mag eet nie. Sy was gefrustreerd en geïriteerd en het dit op Nina uitgehaal. Sy het genoem dat dit vir haar baie sleg is om anders as Nina te wees en dat sy sommer baie mislik en “crabby” gevoel het. Dit veroorsaak dat sy sommer onnodig met Nina baklei, wat weer ander probleme tot gevolg het.

René het verder aan die navorser vertel dat die herinsluiting van voedsel in haar dieet haar baie siek maak. Dit is vir haar baie sleg dat sy weer allergiese reaksies hierop toon, omdat sy so gehoop het dat sy dit nou sonder probleme sal kan eet.

René het hierna die allergiemonster uit klei gemaak en haar aggressie op hom uitgehaal. Sy het genoem dat sy weet dat sy eintlik vir die allergiemonster kwaad word, en dat sy daarom altyd vir Nina verskoning vra wanneer sy so onnodig baklei. René het haar aggressie ook verbaal op die allergiemonster uitgehaal en aan hom gesê dat sy hom baie, baie siek gaan maak. Sy het hom hierna plat geslaan en gesê dat dit dalk ‘n beter manier is om van haar aggressie ontslae te raak as om dit op Nina en haar gesin uit te haal.

René het aan die navorser genoem dat sy gewoonlik die allergiemonster wen, maar dat sy vandag baie moedeloos en gefrustreerd voel. Dit voel vir haar of hy weer baie sterker as sy word, al probeer sy hoe hard om hom aan die slaap te hou. Dit veroorsaak ongelukkig ‘n bose kringloop. Sy voel omgekrap, baklei met die mense om haar en steel dan kos in ‘n poging om weer beter te voel. Sy weet dat dit presies die verkeerde ding is om te doen, maar wanneer sy so gefrusteerd en kwaad voel, wil sy nie noodwendig die regte ding doen nie. Sy het aan die navorser genoem dat sy maar weer van voor af die allergiemonster aan die slaap sal moet kry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.5.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie dui op ‘n definitiewe terugslag in René se suksesvolle hantering van haar allergiese siektes. Sy is baie moedeloos en teleurgestel dat die insluiting van sekere voedselsoorte haar weer siek maak en sy dus nie die allergieë reaksies daarvoor ontgroei het nie.

Hierdie moedeloosheid lei tot aggressie wat haar verhouding met almal om haar baie negatief beïnvloed. Sy voel vasgevang in ‘n bose kringloop waar sy kos steel om beter te voel, wat juis die verkeerde ding is om te doen. Sy voel op hierdie oomblik dat die allergiemonster skielik te sterk geword het en dat sy alle beheer oor haar situasie verloor het.

Die gedrag wat René tydens hierdie sessie getoon het, weerspieël Perls se impasse laag waar sy vasgevang voel. Sy weet dat sy die situasie verkeerd hanteer, maar voel dat sy nie op hierdie stadium enigsins anders kan optree nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.6 Sessie vyf

7.6.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.6.6.2 Verloop van die sessie

René was bly om die navorser te sien en het genoem dat sy na die naweek uitsien. Sy het belangstellend na die speelgoed gekyk, en genoem dat dit vir haar lekker is om saam met die navorser te speel.

Tydens die sensoriese aktiwiteite wat op sig fokus, kon René maklik keuses maak en haar voor- en afkeure uitspreek. Sy het veral van die drie-dimensionele prente gehou en ook met groot entoesiasme vir “Wally” gesoek.

René het met groot versigtigheid die vingerverf tot die presiese kleure wat sy wou gebruik, gemeng. Sy het ‘n prent wat haarself tuis saam met die allergiemonster voorstel geverf, en aan die navorser verduidelik dat sy in haar prent probeer slaap, maar dat die allergiemonster haar pla. Wanneer sy na sy geslaap het met Nina wat by haar kuier gesels, voel sy sleg en is sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadelik geïrriteerd. Dit veroorsaak dat hulle baklei en sy sommer vir alles en almal tuis kwaad word. Sy wil dan kafee toe gaan en melksjokolade koop omdat sy vir iets soets lus is en daar nie by hulle kafee Albany beskikbaar is nie.

René het genoem dat sy graag beheer oor die allergiemonster wil neem, maar dat dit op hierdie stadium vir haar baie moeilik is. Sy weet gelukkig dat sy hom wel sal kan wen - sy moet net baie hard probeer. Sy het verder genoem dat sy die probleme wat die allergiese siektes tussen haar en Nina veroorsaak beter kan hanteer deur Nina vooraf te waarsku dat die allergene haar gefrustreerd laat voel en dat sy dit nie persoonlik teen Nina het nie.

René het 'n tweede prent van die allergiemonster geverf en genoem dat die allergiemonster op hierdie stadium baie gelukkig voel omdat hy beheer oor haar lewe gekry het. Sy het aan die navorser verduidelik dat hy haar hartseer maak as sy nie koek kan eet nie, en dat dit ook vir haar sleg is dat sy nie in die gras kan speel nie. Sy weet egter dat hierdie goed haar nie so hoef te ontstel nie en sy wil weer volle beheer oor haar lewe van die allergiemonster af terugneem. Sy het genoem dat sy baie motivering en kennis het wat haar hiermee kan help, en dat daar darem ook baie mense soos haar gesin en Nina is wat haar hiermee kan help.

Op die navorser se vraag watter plan sy teen die allergiemonster gaan maak, het René geantwoord dat sy haarself sal keer om nie so ontsteld oor hom te raak nie en dat sy eerder ander lekkergoed sal koop wat die allergiemonster glad nie sterk kan maak nie. Sy het genoem dat sy dit altyd in die verlede reggekry het en dat dit net die laaste twee weke is wat sy so sukkel. Sy is egter van plan om weer beheer te verkry en hom so swak te maak dat hy niks met haar kan regkry nie.

René het 'n derde vingerverfprent gemaak wat haar sterk en swak punte in die hantering van haar allergiese siektes uitbeeld. Sy het genoem dat haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

sterk punte eintlik baie meer as haar swak punte is. Sy het verantwoordelikheid, vreugde, selfvertroue en gemotiveerdheid as sterk punte geïdentifiseer en genoem dat die enigste swak punt eintlik is dat die allergiemonster dit op hierdie stadium regkry om haar kwaad te maak. Sy het verder aan die navorser genoem dat sy hierdie sterk punte gaan gebruik om die allergiemonster stukkie vir stukkie op te breek.

7.6.6.3 Assessering

Die gebeure van die sessie dui daarop dat René verlies van beheer ervaar, maar hierdie situasie weer wil verander en soos voorheen haar allergiese siektes onder beheer wil kry. Sy het genoem dat sy weet dat sy sterk genoeg is om dit te doen en baie ander mense het wat haar daarmee kan help, en dat sy net “extremely hard” sal probeer om dit weer reg te kry.

Die negatiewe invloed wat die allergiese siektes op haar verhouding met Nina en haar gesin het, is iets wat groot kommer by René veroorsaak en haar motiveer om beheer oor die situasie te neem. Sy het self genoem dat sy weet dat dit nie nodig is dat sy so op die siektes hoef te reageer nie, en dat dit slegs die afgelope twee weke is wat dit so moeilik is.

René is vasbeslote om haar situasie suksesvol aan te spreek en haar hulpbronne hiervoor te benut. Sy is in kontak met haar emosies, weet hoe sy dit wil hanteer en beskik oor genoeg motivering om die allergiemonster weer so swak te maak dat hy haar nie verder kan pla nie.

René se gedrag dui daarop dat sy op die oomblik in Perls se implosiewe laag beweeg. Sy is vasbeslote om beheer oor haar situasie terug te kry en kan planne beraam om dit suksesvol te bereik. Sy is ook bewus van haar sterk punte en die mense om haar wat haar hiermee kan help. Die feit dat sy baie sterk gemotiveer is om weer volle beheer oor en verantwoordelikheid vir die situasie te neem, dui daarop dat sy nie meer so moedeloos voel nie, en nuwe energie ontdek het wat sy in haar stryd teen die allergiemonster kan benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René - Eerste vingerverfprent sessie vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René - Tweede vingerverfprent sessie vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.6.7 Sessie ses

7.6.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.6.7.2 Verloop van die sessie

René was bly om die navorser te sien, en het met groot entoesiasme aan die aktiwiteite deelgeneem. Sy het die sensoriese oefening wat op smaak fokus geniet en kon baie maklik alles identifiseer en haar voor- en afkeure daarrondom uitspreek.

René het klei as projeksiemedium gekies en 'n hanswors gemaak. Sy het aan die navorser vertel dat die hanswors gelukkig is. Die hanswors werk by die sirkus en sy naam is "Crusty". Hy hou daarvan om mense se lewens gelukkig te maak, en geniet sy werk baie. Die hanswors hou nie daarvan as mense met hom spot oor sy groot voete nie. Hy wil graag die ander mense gelukkig maak en laat lag, maar voel nie altyd self gelukkig nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit gaan oor die algemeen baie goed met Crusty en hy geniet sy lewe. Hy weet dat hy oor die goed wat hom pla kan praat en dat dit hom beter sal laat voel. Crusty se neef maak hom hartseer wanneer hy met hom spot omdat hy groot voete het. Dit maak hom kwaad.

Op die navorser se vraag of enige iets van die hanswors in haar eie lewe pas, het sy genoem dat sy ook daarvan hou om mense gelukkig te maak. Sy is self gelukkig en weet dat die mense om haar baie lief vir haar is. Sy het verder genoem dat sy haar allergiese siektes nou weer makliker kan beheer en dat dit in daardie area van haar lewe weer baie beter gaan. René het verder genoem dat Paula haar nog steeds pla, en kon Paula uit klei maak. Sy het haar gevoelens direk teenoor Paula uitspreek. Sy voel dat Paula Nina as vriendin van haar wil wegneem, maar dat Nina dit nie toelaat nie. Sy voel dat Paula se gedrag haar wel pla, maar dat sy nie gaan toelaat dat hierdie gevoelens haar en Nina se vriendskap belemmer nie.

Op die navorser se vraag hoe dit op die oomblik met die allergiemonster gaan, het René genoem dat sy hom nou weer onder beheer het en geen probleme ervaar nie.

7.6.7.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat René weer beheer oor die allergiemonster verkry het, en dat dit nie meer ‘n probleem vir haar is nie. Dit was duidelik dat René se voorgrondbehoefte tydens hierdie sessie op haar gevoelens teenoor Paula wat haar vriendskap met Nina probeer vernietig, gerig was. Sy het genoem dat Paula haar lewe nog steeds moeilik probeer maak, maar het Paula uit klei gemaak en kon hierdie gevoelens direk teenoor die kleibeeld uitspreek. Sy het verder genoem dat sy hierdie situasie met Nina bespreek en dit maar so ver moontlik op ‘n mooi manier probeer hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is duidelik dat René se gedrag met betrekking tot die allergiemonster weer op Perls se eksplosiewe laag dui. Sy het genoem dat sy weer beheer oor die allergiemonster verkry het en dat hy nie vir haar ‘n probleem is nie. Sy neem weer verantwoordelikheid vir haar gesondheid en benut die hulpbronne tot haar beskikking.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6.8 Sessie sewe

7.6.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemeidum.
- Terminering van die reeks.

7.6.8.2 Verloop van die sessie

René was bly om die navorser te sien en het genoem dat dit sommer baie goed met haar gaan. Sy sien uit na die komende vakansie en het vertel dat sy en Nina baie lekker dinge beplan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René het haarself met groot entoesiasme vir die hofsaak voorberei. Sy het eerstens 'n handpop gekies, waarna sy na al haar sketse en die foto's van haar sandtoneel en kleiskeppings gekyk het. Dit was duidelik dat sy van die idee van 'n hofsaak gehou het.

René het haar handpop as Rocken Crock voorgestel. Die handpop het genoem dat die allergiemonster beslis gestraf moet word omdat hy René se lewe baie moeilik gemaak het en selfs probeer oorneem het. Hy het genoem dat die allergiemonster haar veral ongelukkig gemaak het omdat sy nie alles kan eet en doen wat sy wil nie en dat die emosionele reaksies wat sy saam met die fisieke gevolge beleef, haar verhoudings met die mense om haar belemmer het. Die handpop het genoem dat die allergiemonster genoeg in René se lewe ingemeng het en dat hy daarom so gestraf moet word dat hy niks verder aan haar kan doen nie.

Tydens die uitspreek van die allergiemonster se vonnis, het die handpop genoem dat die allergiemonster die doodstraf verdien en dat René hom stadig en pynlik sal laat sterf. Sy is op hierdie stadium vasbeslote om hom nie weer kos te gee nie en haar medikasie reg te gebruik. René het hierna self aan die navorser genoem dat sy haar medikasie altyd as 'n beslommernis beskou het, maar dat sy nou besef dat dit haar baie help en dat sy dit beslis reg sal gebruik.

René het aan die navorser gesê dat sy niks verder vir die allergiemonster wil sê nie. Hy pla haar soms nog, maar dit is nou vir haar makliker om hom op sy plek te hou.

René was baie bly oor die eetgoed wat die navorser vir die partytjie saamgeneem het en het terwyl hulle geëet het die evalueringsvraelys voltooi. Die volgende inligting is uit haar voltooide vraelys verkry:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Begrip van haar allergiese siektes

René het genoem dat sy wel voorheen allergiese siektes tot ‘n sekere mate verstaan het, maar dat die allergiemonstermetafoor dit vir haar meer konkreet gemaak het. Sy dink nou daaraan as ‘n konkrete aspek waaraan sy iets kan doen.

- Invloed op haar funksionering en mate van beheer wat sy ervaar

René het genoem dat sy weer beheer oor die allergiemonster ervaar en voel dat hy haar nie meer so erg pla nie. Sy het spesifiek die woorde: “I am becoming better” gebruik en genoem dat sy hom elke dag kan wen.

René het aan die navorser vertel dat sy die spelterapie baie geniet het en dat dit haar beslis gehelp het om sterker as die allergiemonster te word. Nie net het dit haar gehelp om die invloed van die allergiese reaksies op haar lewe makliker te verstaan nie, maar sy voel dat sy ook nou haar emosionele reaksies wat hiermee gepaard gaan, makliker kan hanteer. Sy het genoem dat sy besef dat daar weer moeilike dae kan kom en dat sy dan sal probeer om alles te onthou wat sy tydens die sessies besef en geleer het. Sy het verder aan die navorser gesê dat sy haar (die navorser) weer sal kontak as dit regtig swaar gaan en dit vir haar voel of die allergiemonster haar lewe weer wil oorneem.

René het aan die einde van die sessie ‘n tekening gemaak wat haarself, Nina en die navorser voorstel. In die prent is daar aangedui dat sy dink dat die allergiemonster opgehang is en dat almal baie bly daaroor is. Sy het genoem dat sy op die oomblik so voel - die allergiemonster is opgehang en is stadig maar seker besig om dood te gaan, en almal vier fees daaroor.

7.6.8.3 Assessering

René het beheer oor haar allergiese reaksies verkry en neem volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid. Sy is in kontak met haarself en haar emosies en kan dit suksesvol hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René is realisties oor die feit dat dit weer moeiliker kan gaan, veral in die lig daarvan dat die herinsluiting van sekere voedselsoorte nie suksesvol is nie. Sy het genoem dat sy sal probeer om dit goed te hanteer, maar dat sy ook weer die navorser sal skakel as sy voel dat dit werklik nodig is. Hierdie opmerking dui daarop dat sy die beskikbare ondersteuning sal benut indien dit nodig is.

Die gedrag wat René tydens hierdie sessie getoon het, dui op die eksplosiewe laag van Perls. Sy benut haar energie en hulpbronne om beheer oor haar situasie uit te oefen en verantwoordelike keuses te maak ten einde haar gesondheid op te pas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

René - Tekening sessie sewe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6.9 Bereiking van die doelstelling van die studie

René se gedrag tydens die eerste sessie het daarop gedui dat sy in die implosiewe laag funksioneer. Sy het volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem en 'n goeie mate van beheer oor haar siektes uitgeoefen, maar daar was heelwat negatiewe emosionele reaksies wat as voorgrondbehoeftes aangespreek moes word voordat sy die situasie met gemak kon hanteer.

Die gedrag wat René tydens die tweede sessie met betrekking tot die allergiemonster getoon het, dui daarop dat sy in Perls se eksplosiewe laag beweeg het. Sy kon haar emosies makliker hanteer en goeie beheer oor die allergiemonster uitoefen. Sy was ook in kontak met haar steunstelsels en het hulle benut in die proses om die allergiemonster finaal te oorwin.

Tydens die derde sessie het René steeds binne die eksplosiewe laag funksioneer. Sy was bewus van haar situasie, het verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem en het haar emosionele reaksies baie goed hanteer.

Die gedrag wat René tydens die vierde sessie getoon het, het die impasse laag weerspieël waar sy vasgevang gevoel het. Sy het geweet dat sy die situasie verkeerd hanteer, maar het op daardie stadium gevoel dat sy nie anders kon optree nie.

René se gedrag tydens die vyfde sessie dui daarop dat sy in die implosiewe laag beweeg het. Sy was vasbeslote om beheer oor haar situasie terug te kry en kon planne beraam om dit suksesvol te bereik. Sy was ook bewus van haar sterk punte en die mense om haar wat haar daarmee kon help. Die feit dat sy baie sterk gemotiveerd was om weer volle beheer oor en verantwoordelikheid vir die situasie te neem, dui daarop dat sy nie meer so moedeloos gevoel het nie en nuwe energie ontdek het wat sy in haar stryd teen die allergiemonster kon benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was tydens die sesde en sewende sessies duidelik dat René se gedrag met betrekking tot die allergiemonster weer op die eksplosiewe laag dui. Sy het genoem dat sy weer beheer oor die allergiemonster verkry het en dat hy nie vir haar 'n probleem is nie. Sy het weer verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem en kon die hulpbronne tot haar beskikking benut.

Mev. Dewey het in haar vraelys wat as finale evaluering voltooi is, genoem dat die program René beslis gehelp het om die emosionele eise wat haar allergiese siektes stel te hanteer en het spesifiek die volgende genoem: "She has been able to relate to someone other than family how she feels. She is greatly reassured that other people do understand. She has been helped enormously."

Mev. Dewey het ook gemeld dat René volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid neem en dat die ouerleiding haar as moeder help om René in heirdie proses te ondersteun.

Dit is navorser se mening dat die doelstelling van die studie suksesvol met René bereik is. Die gestaltspelterapeutiese program het haar daarin ondersteun om haar emosionele reaksies suksesvol te hanteer en na die terugslag wat sy beleef het, weer tot beheer en verantwoordelikheid vir haar eie gesondheid te groei. Dit is verder uit bogenoemde ook duidelik dat die ouerleidingprogram suksesvol daarin was om sy doel te bereik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.6.10 Verdere inligting

'n Paar weke na afloop van die program het Mev. Dewey die navorser weer in verband met René geskakel. Sy het genoem dat daar nuwe probleme rondom haar allergiese siektes onstaan het. As gevolg van die feit dat René nie anders as haar maats wil wees nie, het sy ligweg teen haar dieet begin rebeleer. Mev. Dewey het genoem dat René probleme in haar vriendskap met Nina ervaar, en dat alles daartoe bydra dat sy minder verantwoordelike keuses ten opsigte van haar gesondheid maak.

René het versoek dat sy die navorser weer 'n paar keer wil sien, en daar sal nou in spelterapie spesifiek aan René se gevoelens oor Nina en haar verminderde verantwoordelikheid aandag gegee word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7 EMPIRIESE GEGEWENS: DECLAN DEWEY

7.7.1 Agtergrondinligting

Declan Dewey is sewe jaar oud. Hy is deur Dr. M. Groenewald as allergiese pasiënt gediagnoseeer en is onder haar behandeling. Die volgende inligting is deur sy moeder se vraelysvoltooiïng verkry.

Declan ly aan allergiese rinitis, voedselallergie en anafilaktiese skokreaksies en is vir sitrus, alle vrugte behalwe piesang en peer, neute, melk, tamaties en sekere groentesoorte allergies. Wat inhalante allergene betref, is hy vir grasse en stuifmeel allergies en verder ook vir bysteek, “elastoplast” pleister en Amoxil. Wanneer hy aan bogenoemde allergene blootgestel word, lei dit tot die volgende simptome: toe en jeukende neus, seer, geswolle maag, naarheid, moeilike asemhaling, oor- en hoofpyn en anafilaktiese skok wat tot naarheid, diarree, sweet, verhoogde polstempo en rooi kolle op sy gesig lei. Anafilakse is ‘n lewensbedreigende skoktoestand wat veroorsaak dat Declan paniekerig raak en dadelik mediese hulp benodig. Die allergiese reaksies veroorsaak ook belemmerde sensoriese kontak waar al vyf sintuiglike modaliteite belemmer word.

Om hierdie siektes te beheer moet hy Zyrtec pille, Zaditen, Aterax en ‘n neussproei gebruik. Dit is volgens haar mening nie werklik ‘n probleem om die medikasie te gebruik nie.

Volgens sy moeder beskik Declan oor goeie begrip van sy allergiese siektes en waarom hy daarvan siek word. Dit is haar mening dat hy weet dat hy wel iets aan sy allergiese siektes kan doen sodat dit sy funksionering minder benadeel, maar dat dit vir hom baie moeilik is.

Wat die invloed van die allergiese siektes betref, meld Mev. Dewey dat dit alle areas van sy funksionering negatief beïnvloed. By die skool word hy geterg, kan hy nie aan alle aktiwiteite deelneem nie en is daar sterk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

negatiewe portuurgroepdruk. Aangesien ander persone hierdie siektes nie verstaan nie, word daar aan hom gesê dat "It's all in the mind", wat hom geweldig omkrap en hartseer maak. Tuis is dit 'n kleiner probleem. Al die gesinslede behalwe sy pa is allergies en help mekaar om die situasie te beheer. Die allergiese siektes pla Declan egter geweldig baie by partytjies. Dit is vir hom moeilik om die kos wat hom siek maak te los, en hy is gewoonlik na 'n partytjie baie siek.

Hierdie siektes lei volgens Mev. Dewey daartoe dat Declan kwaad word, bang voel (veral tydens anafilaktiese skokreaksies), misrabel en geïrriteerd voel. Sy het verder die volgende opmerking gemaak: "Declan takes what he shouldn't, because he feels that he can beat it this time. He reacts to the food and then he is extremely ill. He cries and trashes his room, not in anger, but in escaping in his own world of superheroes."

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die allergiese siektes waaraan Declan ervaar nie net lewensbedreigend kan wees nie, maar sy totale funksionering negatief beïnvloed. Uit die inligting wat deur sy moeder beskikbaar gestel is, is dit duidelik dat hy geen beheer oor die situasie ervaar of uitoefen nie, en dat hy ook geen verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem nie omdat hy glo dat die "superheroes" hom elke keer sal help om nie siek te word wanneer hy wel die verkeerde goed eet nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.2 Sessie een

7.7.2.1 Doelwitte van die sessie

- Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel.

- Om die kind tot verhoogde bewustheid van homself, sy allergiese siekte en sy omgewing te bring deur sy sensoriese kontak te versterk en sy voor- en afkeure met betrekking tot elke sensoriese kontakmodaliteit te identifiseer.

- Om die voortoets van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp daar te stel deur die vraelys saam met die kind te voltooi.

- Om die kind se selfkennis en siektebegrip te verhoog deur die "allergiemonster"-metafoor te gebruik om allergiese siektes op sy ontwikkelingsvlak te verduidelik, en aan die kind die geleentheid te gee om die allergiemonster in 'n tekening te konkretiseer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van die kind se kontak met sy eie liggaam en omgewing (liggaamsbeeld, identifisering van sintuiglike organe, voor- en afkeure).
- Die bepaling van die allergiese siektes wat by die kind voorkom en die verbandhoudende emosies wat hy ervaar.
- Die verhoging van die kind se siektebegrip: metaforiese verduideliking van allergiese siektes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.2.2 Verloop van die sessie

Declan was baie opgewonde om by spelterapie betrokke te raak. Hy het met groot belangstelling na die navorser se speelgoed gekyk en genoem dat hy baie bly is dat hy daarmee sal kan speel.

Declan het met groot opgewondenheid gehelp om die papierrol waarop sy liggaamsbeeld afgetrek sou word, op die regte lengte af te knip. Hy het sy liggaamsbeeld goed beskou en plek-plek detail ingeteken. Hy kon baie maklik sy sensoriese organe identifiseer, dit wat hy sensories in sy omgewing beleef beskryf, en sy definitiewe voor- en afkeure met betrekking tot alle sintuie identifiseer. Declan het met groot duidelikheid aan die navorser verduidelik wat sy allergiese reaksies behels en wat dit fisies aan hom doen. Hy het genoem dat die heel ergste die anafilaktiese skok is wat hom verskriklik bang maak omdat hy daarvan kan doodgaan.

Declan het sy allergene opgenoem en gesê dat hy weet dat alles hom siek kan maak, maar dat hy tog soms daarvoor lus raak en dan daarvan eet. Hy het genoem dat hy glo dat die “superheroes” soos “spiderman” sal keer dat hy siek word, maar dat dit tog soms gebeur.

Declan het tydens die vraelysvoltooiïng genoem dat die allergiese siektes sy lewe baie moeilik maak. Dit is vir hom baie sleg dat hy nie kan eet wat hy wil nie en ook nie op die gras kan rondrol as hy wil speel nie. Hy het genoem dat dit vir hom “very bad” is en dat hy veral bang word wanneer hy anafilaktiese skok ervaar.

Declan het op die “allergiemonster”-metafoor reageer deur te noem dat dit nou vir hom baie makliker is om die allergiese siektes te verstaan. Hy het genoem dat die “superheroes” goeie soldate is wat die allergiemonster weg kan neem, en sommer maklik kan doodmaak. Op die navorser se vraag of hy self iets aan die allergiemonster kan doen, het Declan genoem dat dit nie nodig is nie, die “superheroes” sal dit doen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan het met groot entoesiasme die geleentheid benut om prente van die allergiemonster te teken. Hy het twee prente geteken - die eerste stel die allergiemonster in verskillende gedaantes voor, terwyl die tweede voorstel hoe die "superhero" die allergiemonster wegskiet. Hy het genoem dat die allergiemonster weggeskiet word sodat dit hom nie kan pla nie.

7.8.2.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat daar dadelik goeie terapeutiese kontak tussen Declan en die navorser gevestig is. Hy was baie gretig om te speel en het goeie samewerking gegee.

Dit is duidelik dat die siektes reaksies 'n definitiewe negatiewe uitwerking op Declan se funksionering het. Dit beïnvloed alle areas van sy lewe en hy ervaar (ten spyte van die feit dat hy oortuig is dat die "superheroes" hom help) 'n totale verlies aan beheer oor sy situasie.

Die gebeure van die sessie dui daarop dat Declan sy eie verantwoordelikheid teenoor sy gesondheid ontken. Die feit dat hy op "superheroes" staatmaak om die allergiese siektes te beheer, dui daarop dat hy alle verantwoordelikheid ontken en ook wil voorgee asof die allergiese reaksies nie werklik na allergeenblootstelling gaan intree nie.

Die gedrag wat Declan tydens hierdie sessie getoon het, dui op Perls se valse laag waar alle realiteit ontken word en geen verantwoordelikheid vir eie gedrag aanvaar word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan - Eerste tekening een sessie een

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan - Tweede tekening sessie een

declan 2.JPG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.7.3 Sessie twee

7.7.3.1 Doelwitte van die sessie

- Om die terapeutiese verhouding te versterk deur op 'n gedeelde genotvolle ervaring te fokus waar die terapeut haarself as maatjie vir die kind beskikbaar stel.

- Om verhoogde sensoriese bewustheid by die kind te fasiliteer deur op gehoor en sig as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om die kind se emosionele bewustheid te verhoog deur van kaarte met verskillende gesigsuitdrukkings gebruik te maak.

- Om deur sandspel as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende gevoelens rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy sosiale funksionering of -groei te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking (gehoor en sig).
- Die verhoging van die kind se emosionele bewustheid.
- Die benutting van sand as projeksiemedium.

7.7.3.2 Verloop van die sessie

Declan se moeder het die navorser gedurende die week geskakel en aan haar genoem dat hy gedurende die week sitrus en koekies gesteel het, maar gelukkig niks oorgekom het nie. Sy moeder het haar kommer uitgespreek oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die feit dat sy allergiese reaksies gereeld voorkom en dat hy nie verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem nie.

Declan was baie bly om die navorser te sien en het dadelik begin speel. Hy was baie gemaklik by die navorser, het goeie oogkontak gehandhaaf en met groot belangstelling aan al die aktiwiteite deelgeneem.

Tydens die sensoriese aktiwiteit wat op gehoor en sig fokus, kon Declan baie vinnig al die geluide identifiseer. Hy het die meeste geluide dadelik geken en onmiddellik op die prentkaarte uitgewys, en was net effens onseker met die verskillende musiekinstrumente.

Declan het die gesigsuitdrukkings ook baie vinnig uitgeken en kon dit aan situasies in sy eie lewe koppel. Hy het byvoorbeeld genoem dat hy bly is wanneer hy iets wen en baie hartseer en kwaad voel as hy iets verloor. Hy het 'n paar gesigte as "baie siek" geïdentifiseer en genoem dat hy gereeld so voel as die allergiemonster iets inkry wat hom sterk maak. Hy het genoem dat hy teleurgesteld is op partytjies as hy daarna uitsien en dan by sy aankoms sien dat hy niks kan eet wat beskikbaar is nie.

Declan het genoem dat hy hartseer voel wanneer hy nie alles kan doen wat sy maatjies doen nie. Hy het die volgende in dié verband gesê: "It happens a lot - I can't do everything they do". Declan het by die tweede prentkaart dadelik die mense wat siek voel raakgesien. Dit was vir die navorser duidelik dat siekte en pyn op sy voorgrond was.

Declan het met groot entoesiasme die sandbak nader geskuif en al die sandspeelgoed deurgekyk. Hy het genoem dat hy graag met nat sand wil speel en dat dit hom aan Kaapstad se sand herinner. Dit was duidelik dat Declan die sandspel baie geniet het. Dit was vir hom baie moeilik om net tien figure te kies. Hy het eers al die figure in die sandbak ingepas totdat daar geen plek oor was nie. Daarna het hy alles uitgepak en sy werklike toneel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begin bou. Hy het met groot detail sy prent beplan en was totaal in kontak met sy sandspel.

Declan het aan die navorser verduidelik dat die sandtoneel hom en sy vriende voorstel. Hulle kamp in die woestyn en maak kos. Dit is vir hom baie swaar dat hy nie alles kan eet wat sy vriende eet nie.

Hy is die “chief” wat op sy perd rondry, maar ‘n buffel begin hom jaag. Sy perd is baie bang vir die buffel omdat die buffel hom kan doodmaak. Declan het hierna vir die navorser genoem dat die buffel soos die allergiemonster is wat hom kan doodmaak tydens anafilakse. Hy het genoem dat dit hom baie bang maak. Direk hierna het hy kontak met die navorser verbreek en ‘n byl vir sy “chief” gesoek.

Declan het die byl in die “chief” se hande geplaas en sy sandtoneel verander. Die hoofman het die buffel aangeval en die buffel weggejaag. Declan het hierna aan die navorser genoem dat hy die allergiemonster net so uit sy lewe wil wegjaag.

Op die navorser se vraag of daar nog iets van die prent is wat in sy eie lewe pas, het Declan geantwoord dat dit vir hom sleg is wanneer hy, soos die hoofman, nie kan eet wat hy graag wil nie. Dit is vir hom sleg as hy saam met sy maats speel en hulle alles kan eet. Hy het hierna erken dat hy soms kos eet wat hom siek kan maak. Hy word egter nie altyd daarvan siek nie en vat kanse. Hy het aan die navorser verduidelik dat hy weet dat hy dit nie moet doen nie, maar dat hy baie lus daarvoor word.

Tydens die bemagtigingsproses het Declan genoem dat hy wel die allergiemonster wil wegjaag, maar dat dit vir hom moeilik is. Hy glo nie dat hy dit self kan doen nie, maar het genoem dat hy gelukkig sy gesin en die dokters het wat hom hiermee kan help.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.3.3 Assessering

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat daar 'n baie goeie terapeutiese verhouding tussen die navorser en Declan opgebou is. Hy was heeltemal ontspanne, het goeie oogkontak gehandhaaf en amper oorentoesiasties aan die spelterapie deelgeneem.

Declan maak goeie sensoriese kontak met sy omgewing. Hy is ook baie goed in kontak met homself en handhaaf 'n hoë emosionele bewustheidsvlak. Hy kon sy emosies maklik erken en uitdruk en het dit sonder moeite aan die navorser verduidelik.

Wat die invloed van die allergiese siektes op sy funksionering betref, is dit duidelik dat Declan dit baie intens ervaar. Die beperking op sy keuses met betrekking tot voedsel, veroorsaak veral by partytjies en kampe probleme waar hy "anders" as sy maats is en nie kan doen en eet wat hy graag wil nie. Die feit dat hy koekies en sitrus steel, dui daarop dat hy 'n totale verlies aan beheer en verantwoordelikheid ervaar, kanse vat en maar net hoop dat hy nie siek gaan word nie. Hy beskik nog nie oor genoeg egokrag om hierdie verantwoordelikheid te hanteer nie, maar ervaar tog vrees vir die allergiese reaksies en wil daarom iets aan die situasie doen deur (soos die "chief") die allergiemonster weg te jaag.

Die gedrag wat Declan tydens hierdie sessie getoon het, dui op Perls se impasse laag. Declan is bang vir die allergiese reaksies, wil dit graag weg hê, maar sien nie kans om self iets daaraan te doen nie. Hy voel vasgevang in sy situasie waar hy geen beheer ervaar nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naam: Declan Dewey

Declan - Emosionele bewustheidskaart sessie twee









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.4 Sessie drie

7.7.4.1 Doelwitte van die sessie

- Om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik deur die benutting van 'n fantasiereis waar ontspanning en al vyf sensoriese modaliteite aangespreek word.

- Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy emosionele funksionering (spesifiek sy beheer, self- en liggaamsbeeld) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

- Om spesifiek deur die gebruik van selfvertroeteling as tegniek aan die kind die geleentheid te bied om sy swakker dele te aanvaar en te koester.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n fantasiereis om die kind in kontak met homself (sy proses) te bring en verhoogde sensoriese bewustheid te bereik.
- Die benutting van teken as projeksiemedium.

7.7.4.2 Verloop van die sessie

Declan het by sy aankoms aan die navorser genoem dat hy baie bly is dat hy kon kom speel en belangstellend gevra wat hulle tydens die sessie gaan doen. Hy het effens siek gelyk, maar aan die navorser genoem dat dit met hom goed gaan en dat hulle skool 'n langnaweek het. Dit is vir hom lekker tuis waar hy met al sy diere en speelgoed kan speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan het dadelik na die sandbak geloop en die sandfigure begin rondskuif. Hy het genoem dat hy graag later met die sand wil speel terwyl hy vir sy sussie wag. Hy het al die sandsimbole deurgekyk en vyf gekies waarmee hy later kon speel.

Declan het ontspanne op die mat gaan lê en homself in die fantasiereis ingeleef. Hy het sy oë net voor die einde oopgemaak, maar wel stil bly lê en klaar na die fantasiereis geluister. Hy het onmiddellik na afloop van die fantasiereis na die sandbak beweeg en die figure begin omruil. Die navorser het hom gerus gestel dat hy later terwyl hy vir sy sussie wag daarmee kan speel, waarna hy viltpenne en papier geneem het om sy bos te teken.

Declan het aan die navorser genoem dat hy die fantasiereis geniet het en dat hy ‘n baie mooi bos gesien het. Hy het sy aandag vir ‘n rukkie volkome by sy tekening bepaal en genoem dat hy daarvan hou om te teken. Hy het ‘n bos geteken en die tekening soos volg aan die navorser verduidelik:
“Hierdie is die bokant van die hoë berg waarop die ark van Noag staan. Naby die ark is daar ‘n bos met blare wat soos ‘n kersboom lyk. Die bos het baie wortels wat sorg dat hy genoeg kos kry. Die bos en die ark is vriende en help mekaar wanneer hulle iets nodig het.

Op die kant van die prent, ver van die bos en die ark af, is daar ‘n vuur. Die bos en die ark is eers nie bang vir die vuur nie omdat hy ver is en daar ‘n tuinslang naby is wat die vuur sal blus as hy nader kom.”

Op die navorser se vraag of enige deel van die prent in sy eie lewe pas, het Declan eers ontkennend geantwoord. Hy het kontak met die navorser verbreek en die vuur groter ingekleur. Hierna het hy aan die navorser genoem dat die vuur soos die allergiemonster is wat hom (Declan) wil seermaak. Die tuinslang is die deel binne in homself wat die allergiemonster probeer weghou. Declan het verder genoem dat die allergiemonster, net soos die vuur, graag nader wil kom en hom siek wil maak, maar dat hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Declan) dit regkry om hom weg te hou. Declan het aan die navorser genoem dat dit vir hom moeilik is om die allergiemonster weg te hou, maar dat hy probeer.

Die volgende oomblik het Declan genoem dat die allergiemonster hom dwing om goed te eet wat hom siek maak. Hierna het hy weer kontak met die navorser verbreek en verder op sy prent geteken. Hy het na 'n oomblik aan die navorser genoem dat hy weet dat hy nie die goed moet eet wat die allergiemonster sterk maak nie, maar dat dit baie moeilik vir hom is, omdat hy juis lus raak vir daardie kossoorte.

Declan het aan die navorser genoem dat hy nie regtig weet of hy die allergiemonster sal kan wen nie, maar dat hy wil probeer. Hy het genoem dat daar wel eetgoed is wat hom nie siek maak nie en dat hy volgende keer sal probeer om liewer daarvan te eet. Hy het genoem dat die allergiemonster nou halfpad slaap.

Declan het hierna weer kontak verbreek en aan die navorser genoem dat hy klaar gespeel het vir die dag. Hy het na die sandbak beweeg en met die mannetjies en buffel begin speel. Na 'n rukkie het hy aan die navorser vertel dat die een mannetjie baie sleg is en die buffel met pyle skiet. Die buffel het seergekry en in die dryfsand begin wegsink. Hy het iemand nodig gehad om hom te help, en gelukkig het 'n goeie man gekom, die slegte ou weggejaag en die buffel uit die dryfsand getrek.

Op die navorser se vraag of hierdie storie in sy eie lewe inpas, het Declan genoem dat hy soos die buffel is. Die slegte ou is die allergiemonster wat hom siek maak en wil laat doodgaan. Gelukkig is daar mense soos sy ma in sy lewe wat hom help en (soos die buffel) uit die dryfsand uittrek.

Declan se moeder het na afloop van die sessie vertel dat hy tydens die week weer kos gesteel het. Sy het genoem dat hy aan haar vertel het dat hy nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regtig die kos wou steel nie, maar dat die allergiemonster hom "geroep" het om die verkeerde kos te steel. Hulle het saam 'n plan beraam dat hy sy ma in die toekoms sal roep wanneer die allergiemonster hom wil dwing om kos te steel en dat sy hom dan sal help om dit nie te doen nie. Sy moeder is oortuig dat hy regtig die allergiemonster wil wen, maar nie oor genoeg egokrag beskik om beheer oor sy situasie en verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem nie.

7.7.4.3 Assessering

Tydens hierdie sessie was Declan se aandagspan opvallend kort. Hy het slegs vir kort rukkies op 'n aktiwiteit gefokus voordat hy kontak verbreek en met iets anders begin het. Na afloop van die sessie het sy moeder genoem dat hy wel iets geëet het wat hom siek gemaak het en dat dit daartoe lei dat hy baie swak konsentreer.

Dit is duidelik dat die allergiemonster Declan se lewe baie moeilik maak. Hy wil graag soos die tuinslang beheer oor die allergiemonster verkry, maar sukkel. Die feit dat Declan in sy sandtoneel weereens na die allergiemonster verwys en ook spesifiek dit uitgebeeld het dat hy hulp nodig het, dui daarop dat Declan besef dat hy gehelp moet word om die allergiemonster swak te maak.

Declan se gedrag tydens hierdie sessie dui op Perls se impasse laag. Declan besef dat hy iets aan sy situasie moet doen, maar voel onmagtig om beheer daaroor te neem. Hy voel vasgevang in sy situasie en vertrou op hierdie stadium baie sterk op eksterne hulp (soos sy ma) om die situasie namens hom te hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan - Tekening sessie drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.7.5 Sessie vier

7.7.5.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op gevoel (aanraking) en reuk as sensoriese modaliteite te fokus.

- Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering by die skool te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier en nou.
- Die verhoging van bewustheid van self en omgewing deur verhoogde sensoriese kontak.
- Die benutting van klei as projeksiemedium.

7.7.5.2 Verloop van die sessie

Declan se moeder het die navorser gedurende die vorige week geskakel om die afspraak te kanselleer omdat hulle siek was. Sy het aan die navorser genoem dat Declan alle allergene uitlos en glad nie meer kos steel nie.

Declan het by sy aankoms baie rustiger as tydens die vorige sessie gelyk en genoem dat hy opgewonde is om by haar te kom speel. Hy het die sensoriese aktiwiteite wat onderskeidelik op gevoel en reuk gefokus het, geniet al kon hy 'n hele paar items nie reg identifiseer nie.

Declan het goeie sensoriese kontak met die klei gemaak en die allergiemonster by die skool gebou. Dit was duidelik dat hy ten volle op sy taak gekonsentreer het en die aktiwiteit baie geniet het. Declan het genoem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die allergiemonster hom by die skool moeg laat voel en hom vir die ander kinders se kos lus maak.

Declan het aan die navorser genoem dat dit die allergiemonster voorstel wat arms en bene verloor. Hy het die allergiemonster met die "pizza" mes opgesny en genoem dat dit gebeur omdat hy (Declan) nie vir die allergiemonster kos gee nie. Hy het hierna uit klei goeie soldate gebou wat die allergiemonster wen. Hy het weer die allergiemonster met die mes gesny en genoem dat die allergiemonster se bene afgesny word en hy niks kan doen wanneer hy (Declan) nie vir hom kos gee nie.

Declan het die allergiemonster hierna in klein stukkies opgesny en dit plat geslaan. Hy het genoem dat hy in sy kop vir die allergiemonster sê dat hy hom nie meer gaan toelaat om hom te pla nie, maar dat hy (Declan) dit nie hardop wil sê nie.

Declan het hierna 'n oranje man uit klei gemaak en genoem dat dit een van die allergiemonster se helpers is wat hom (Declan) lus maak om die verkeerde kos te eet. Hy het die oranje man met die pizza mes opgesny en genoem dat hy (Declan) ook nie meer vir die oranje man gaan luister nie.

Declan het aan die navorser vertel dat hy die allergiemonster wil aanval en hom gaan wen. Dit is vir hom nou makliker om die allergene te vermy en dat hy groter en sterker as die allergiemonster is.

7.7.5.3 Assessering

Declan was tydens hierdie sessie baie rustig en kon goed op die betrokke aktiwiteit waarmee hy besig was fokus. Dit was duidelik dat hy goed in kontak met homself was en dit geweldig geniet het om die allergiemonster op te sny en so binne die spelterapeutiese situasie beheer oor die allergiemonster uit te oefen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die inligting wat die navorser van Declan se moeder ontvang het en die gebeure van die sessie dui daarop dat Declan baie skielik beheer en verantwoordelikheid oor sy situasie verkry het. Hy steel nie meer kos nie en is vasbeslote om die allergiemonster heeltemal te wen. Alhoewel hierdie gedrag verblydend is, is navorser tog onseker of hierdie verandering realisties en blywend sal wees.

Die gedrag wat Declan op die huidige stadium toon, weerspieël Perls se eksplosiewe laag waar hy sy energie en hulpbronne benut om beheer oor sy situasie uit te oefen en volle verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.6 Sessie vyf

7.7.6.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op sig as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om deur die benutting van vingerverf as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies rondom die invloed van sy allergiese siekte op sy funksionering tuis te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van sensoriese kontak.
- Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.

7.7.6.2 Verloop van die sessie

Declan het aan die navorser genoem dat dit met hom goed gaan, maar dat hy weer kos gesteel het. Hy het genoem dat hy so lus daarvoor was dat hy dit net nie kon los nie - die allergiemonster was net te sterk.

Tydens die sensoriese aktiwiteit wat op sig fokus, het Declan veral in die oktoskope belang gestel. Hy het dit ook baie geniet om “Wally” te soek en genoem dat daar baie mooi goed tussen al die prentjies is.

Declan het dit baie geniet om met die vingerverf te werk. Hy het egter die grense wat gestel is, naamlik dat hy nie per abuis op die vloer mag verf nie, geïgnoreer en duidelik so ver as moontlik probeer om die reëls te verontagsaam.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan het dit baie geniet om die verfkleure te meng en het aan die navorser verduidelik dat die allergiemonster baie sterk en groot is en dat hy al Declan se goeie soldate papslaan. Tog maak die allergiemonster hom nie altyd siek nie, omdat daar 'n sekere deel in hom is wat die allergiemonster soms keer.

Dit was uit Declan se beskrywing duidelik dat daar by hom verwarring bestaan rondom die feit dat hy soms op sekere allergene reageer en soms nie. Nou steel hy kos en vat kanse en hoop maar dat die allergiemonster hom nie siek gaan maak nie. Hy het half moedeloos genoem dat hy gehoop het dat die allergiemonster hom nie gaan pla nie en dat hy daarom kos gesteel het.

Declan het tydens die sessie genoem dat hy graag die allergiemonster uit sy liggaam wil hê. Hy weet dat hy nie die kos moet steel nie, maar die allergiemonster is baie sterk en hy weet nie of hy iets teen hom kan doen nie.

Declan het genoem dat dit hom deurmekaar maak as hy soms siek word en soms nie. Hy het genoem dat dit 'n hele rukkie goed gegaan het en hy nie siek geword het nie, al het hy twee maal kos gesteel.

Declan het verder aan die navorser genoem dat sy gesin ook op die prent voorgestel word. Sy gesinslede is almal goeie soldate wat teen die allergiemonster veg. Niemand hou van die allergiemonster nie - hulle word kwaad vir hom en probeer Declan help om hom te wen.

Tydens bemagtiging het die navorser aan Declan gevra wat hy het wat hom help om die allergiemonster te wen. Hy het genoem dat hy wel probeer en graag wil wen.

Declan het hierna gesê dat hy graag verder met die klei wil speel en het soldate gebou wat teen die allergiemonster veg. Hy het genoem dat hierdie soldate soos sy gesin is wat hom help om die allergiemonster swak te kry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het ook ‘n allergiemonster uit klei gebou wat volgens hom baie swak is omdat Declan nie vir hom kos gaan gee nie.

Declan het op die navorser se vraag van wie se werk dit is om die allergiemonster dood te kry, geantwoord dat dit nie regtig sy ma se werk is nie, maar dat dit sy eie werk is.

7.7.6.3 Assessering

Tydens hierdie sessie was dit duidelik dat hy aan allergene blootgestel was. Sy aandagspan was baie kort en hy het deur sy optrede so ver as moontlik alle grense probeer verbreek. Hy het lank geneem om keuses te maak en het op ‘n hele paar vrae net sy skouers opgetrek en gesê dat hy nie aan ‘n antwoord wil dink nie.

Uit die gebeure van die sessie is dit duidelik dat Declan se beheer en verantwoordelike gedrag van korte duur was. Hy het nou weer genoem dat die allergiemonster te sterk was en hy daarom kos gesteel het.

Die feit dat daar nie konsekwent allergiese reaksies voorkom ná allergeenblootstelling nie, hou direk verband met Declan se gedrag. Hy is onseker oor die gevolge van die kos wat hy steel, en hoop maar dat hy nie sal siek word nie. Die feit dat hy wel iets aan die situasie wil doen, maar magteloos voel, dui daarop dat hy wel oor ‘n sekere mate van motivering beskik, maar nie genoeg egokrag het om dit deur te voer nie.

Declan se gedrag dui vir die navorser daarop dat hy weer in Perls se impasse laag funksioneer waar hy vasgevang voel. Aan die een kant wil hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander kant sien hy nie kans om beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie te neem nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan - Vingerverfprent sessie vyf

Declan 4.JPG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.7.7 Sessie ses

7.7.7.1 Doelwitte van die sessie

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer deur op smaak as sensoriese modaliteit te fokus.

- Om die kind op afsluiting voor te berei en aandag aan sy emosies hierrondom te gee.

- Om aan die kind die geleentheid vir 'n oop projeksie deur die benutting van die medium van sy keuse (verf, klei, teken of sandwerk) te bied.

- Om deur die benutting van die terapeutiese proses die kind se hantering van sy voorgrondbehoefte en gepaardgaande emosies te fasiliteer.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontak.
- Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van sy keuse.

7.7.7.2 Verloop van die sessie

Declan was bly om weer te kom speel en het nuuskierig aan die navorser gevra wat hulle tydens die sessie sou doen. Dit was duidelik dat sy energievlak hoog was en hy het goeie oogkontak gehandhaaf.

Declan het die sensoriese aktiwiteit wat op smaak fokus versigtig aangepak en genoem dat hy liewer net klein bietjies op 'n slag wil proe. Hy het gesukkel om minder algemene smake soos kaneel uit te ken, maar kon sy voor- en afkeure in hierdie verband maklik uitspreek.

Declan het dadelik sandspel as medium gekies. Hy het genoem dat die sand vir hom die lekkerste voel en dat hy baie daarvan hou om prente daarin te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bou. Hy het sy sandspeelgoed baie versigtig uitgekies en sy toneel drie maal oorgebou voordat hy daarmee tevrede was. Nadat hy klaar was, het hy met 'n glimlag na die navorser gedraai en genoem dat hy nou vir haar sal vertel wat in sy storie gebeur.

Declan het aan die navorser verduidelik dat die allergiemonster (wat deur 'n spinnekop voorgestel word) deur sy slegte soldate omring is. Hulle hou 'n vergadering en beplan hoe hulle Declan baie siek kan maak. Hulle is sleg en moet almal doodgemaak word.

Declan het hierna sand met sy hande uit die bak geskep en dit bo-oor die figure gegooi. Hy het genoem dat die allergiemonster en sy soldate in die stofstorm verstik en doodgaan.

Op die navorser se vraag of hierdie toneel in sy eie lewe inpas, het Declan geantwoord dat die allergiemonster hom graag siek wil maak en baie planne maak. Hy wil egter die allergiemonster in die sand begrawe sodat hy kan versmoor en probeer nou kyk hoe hy dit kan regkry. Hy het aan die navorser genoem dat hy probeer om op te hou steel, maar dat dit moeilik is en dat hy mense nodig het om hom daarmee te help. Hy het sy ma, die navorser en sy dokter as hulpbronne geïdentifiseer wat hom hiermee kan help.

7.7.7.3 Assessering

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat Declan graag die allergiemonster dood wil hê, en hom spreekwoordelik ook met sand wil toegooi. Ten spyte van die feit dat hy nog nie suksesvol hierin was nie, is daar nou sprake van motivering om wel beheer oor sy situasie te neem.

Declan worstel op hierdie stadium met beheer en verantwoordelikheid. Aan die een kant wil hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander kant sukkel hy om die allergene te vermy en sukses te behaal. Hy begin planne teen die allergiemonster maak, en is bewus van die ondersteuning wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskikbaar is. Hierdie gedrag dui daarop dat Declan na Perls se implosiewe laag beweeg waar hy nuwe oplossings ontdek en dat hy sy steunstelsels begin benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

7.7.8 Sessie sewe

7.7.8.1 Doelwitte van die sessie

- Om die reeks in die vorm van 'n hofsaak af te sluit waartydens 'n kombinasie van handpoppe en die leë-stoel tegniek gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied om samevattend die invloed van allergiese siektes op sy funksionering te verbaliseer.

- Om die kind finaal in beheer van sy situasie te plaas deur hom tydens die "hofsaak" te bemagtig om die "vonnis" (wat allergeenvermyding en korrekte medikasiegebruik inhou) teen die allergiemonster te voltrek.

- Om die "oorwinning" oor die allergiemonster in die hof tydens 'n partytjie te vier wat ook as afsluiting van die reeks dien.

- Om die na-toetsingselement vir evaluering daar te stel deur dieselfde vraelys as die wat tydens die eerste sessie gebruik is, saam met die kind te voltooi.

Verloop van die sessie en tegnieke en mediums wat gebruik word

- Oriëntering ten opsigte van die hier-en-nou.
- Die benutting van 'n kombinasie van handpopspel en die leë-stoel tegniek as projeksiemeidum.
- Terminering van die reeks.

7.7.8.2 Verloop van die sessie

Declan het by sy aankoms aan die navorser genoem dat hy nie vandag die laaste keer kan speel nie, omdat hy nog spelterapie benodig. Hy het spesifiek aan die navorser gesê: "I need it because of my allergies and my stealing - it is hard not to eat the stuff I am not allowed to, and I need to play some more."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Declan het vinnig 'n handpop gekies en met groot entoesiasme aan die hofsaak deelgeneem. Hy het na al sy prente en die foto's van sy klei- en sandskeppings gekyk en genoem dat die allergiemonster sy lewe baie moeilik maak, maar dat hy hom nou wil en gaan wen.

Declan is deeglik bewus van die invloed van sy allergiese siektes op sy totale funksionering, en het genoem dat hy nou 'n plan daarteen wil maak omdat dit nie so kan aangaan nie. Hy het genoem dat die anafilaktiese skok hom bang maak en dat hy liewer die allergiemonster as homself dood wil hê. Hy het genoem dat hy nou wil ophou steel en dat hy iets wil hê wat hom kan herinner om die goed in die yskas liewer uit te los.

Die navorser het hierop reageer deur te noem dat hy self die allergiemonster kan straf deur presies die bogenoemde te doen. Dit is die allergiemonster se vonnis wat hom so swak maak dat hy later dood kan gaan.

Op die navorser se vraag wat hy nog kan doen om die allergiemonster dood te maak, het Declan genoem dat hy net moet onthou om sy medisyne reg te gebruik. Hy het hierna self die idee geopper dat hy 'n plakaat teen die yskas kan sit wat hom sal help om te onthou om sy medisyne te drink en nie kos te steel nie. Hy het met entoesiasme papier en viltpenne gebruik om 'n plakaat te maak waarop die allergiemonster geteken en met 'n groot kruis doodgetrek is. Hy het genoem dat hy nou elke oggend as hy ontbyt eet sal onthou om sy medisyne te drink en ook deur die dag die kos in die yskas liewer uit te los. Hy het die volgende aan die navorser gesê: "I want to kill the allergymonster, I want to stop stealing - I'll try everyday."

Declan het hierna die ballon wat die allergiemonster voorstel gevat en baie hard en aanhoudend geslaan. Hy het genoem dat hy die allergiemonster nog eendag sal doodslaan en dat sy gesin hom hiermee sal help.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan was baie bly oor die eetgoed wat die navorser gebring het. Weens die feit dat daar nog verdere sessies met Declan beplan is, is daar nie tydens hierdie sessie 'n evalueringsvraelys voltooi nie.

7.7.8.3 Assessering

Declan se opmerking dat hy beslis nog spelterapie benodig, is 'n aanduiding dat hy besef dat sy probleem aangespreek moet word en spelterapie as 'n hulpmiddel hiertoe beskou. Die navorser was in elk geval van voorneme om nog sessies met Declan by te werk, aangesien die sewe sessies wat as program beplan is, nie voldoende geleentheid aan hom gebied het om sy voorgrondbehoefte aan te spreek en beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie te neem nie.

Die gebeure van hierdie sessie dui daarop dat Declan nou gemotiveerd is om die allergiemonster vas te vat en dat hy ook sy hulpbronne benut. Die feit dat hy aan die navorser genoem het dat hy die allergiemonster dood wil maak voordat anafilaktiese skok hom doodmaak, dui daarop dat hy uiteindelik die erns van die situasie besef en verantwoordelikheid vir sy gesondheid wil neem.

Dit was duidelik dat Declan die beheer wat hy tydens die spelterapeutiese situasie oor die allergiemonster kon uitoefen, geniet het. Sy gedrag dui op Perls se implosiewe laag waar hy nuwe energie ontdek om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.9 Sessie agt

7.7.9.1 Verloop van die sessie

Die navorser en Declan het mekaar nou op 'n twee-weeklikse basis gesien. Hy het genoem dat dit met hom goed gaan en dat hy besig is om die allergiemonster swakker te maak.

Declan het 'n waterverfprent gemaak wat verskillende aspekte van sy lewe voorstel. Hy het genoem dat die prent voorstel dat die allergiemonster probeer om hom (die blou driehoek in die middel) aan te val, maar dat daar baie dinge is wat hom help. Aan die een kant is daar die son wat die allergiemonster brand, aan die ander kant is daar die blou spikkel-wolk wat die allergiemonster natreën sodat hy siek kan word. Daar is ook diere en veral 'n slang wat al nader aan die allergiemonster beweeg en hom gaan doodpik.

Op die navorser se vraag oor hoe die prent in sy lewe inpas, het Declan genoem dat hy baie dinge in homself en om hom het wat hom help om die allergiemonster te wen. Hy is besig om die allergiemonster uit te honger, en het in die twee weke net een keer 'n appel geëet wat hy nie mag eet nie. Gelukkig het hy nie daarvan siek geword nie, maar hy weet dat hy dit liewer heeltemal moet uitlos.

7.7.9.2 Assessering

Declan is besig om beheer oor sy situasie te verkry. Sy gedrag dui op Perls se implosiewe laag - alhoewel hy wel weer 'n appel gesteel het, is hy sterk gemotiveer om alles in en om hom te benut om die allergiemonster dood te kry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan - Waterverfprent sessie agt

declan 5.JPG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.10 Sessie nege

7.7.10.1 Verloop van die sessie

Declan het by sy aankoms baie goed gelyk en aan die navorser genoem dat hy dit kon regkry om nie kos te steel nie. Hy was duidelik trots op hierdie prestasie en het genoem dat hy die allergiemonster heeltemal gaan wen.

Declan het die allergiemonster tydens hierdie sessie uit klei gebou. Hy het met groot detail die allergiemonster se verskillende bene, tentakels en arms uit klei gevorm en genoem dat hy hom “bit by bit” wen. Hy het hierna die pizza mes gebruik om die allergiemonster stadig op te sny. Dit was duidelik dat hy hierdie aktiwiteit geniet het, en het dit twee maal herhaal. Aan die einde van die sessie het hy aan die navorser genoem dat hy die allergiemonster nou so swak maak dat hy sommer self gaan doodgaan.

7.7.10.2 Assessering

Declan se projeksie en gedrag van hierdie sessie dui daarop dat hy toenemend beheer oor sy situasie verkry. Die feit dat hy vir twee weke niks verkeerd geëet het nie, is moontlik ‘n aanduiding dat hy werklik besig is om die allergiemonster te wen. Hierdie gedrag dui op Perls se eksplosiewe laag waar hy beheer oor sy situasie uitoefen en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.11 Sessie tien

7.7.11.1 Verloop van die sessie

Declan het by sy aankoms aan die navorser genoem dat dit baie goed met hom gaan. Hy is fisies heeltemal gesond en was duidelik baie ontspanne.

Declan het weereens klei as projeksiemedium verkies en het eerstens die allergiemonster gemaak wat hy herhaaldelik in stukkies gesny het. Hy het hierna 'n klei-vragmotortjie gemaak. Hy het aan die navorser verduidelik dat hy die vragmotor gebruik om lemoene vir ander mense aan te ry. Hy gaan self nie van die lemoene eet nie omdat dit die allergiemonster sterk sal maak. Hy deel die lemoene uit aan mense wat dit wel kan eet. Hy het verder genoem dat hy eendag, as die allergiemonster dood is, self lemoene sal kan eet.

Declan het genoem dat hy die allergiemonster nou wen en baie swak maak. Alhoewel dit nog vir hom swaar is dat hy nie alles kan eet wat hy graag wil nie, gaan hy liewer nie die allergiemonster 'n kans gee om hom siek te maak nie.

7.7.11.2 Assessering

Declan se gedrag dui daarop dat hy beheer oor sy situasie verkry het en verantwoordelikheid vir sy gedrag neem. Hierdie gedrag val in Perls se eksplosiewe laag waar hy sy situasie suksesvol en verantwoordelik hanteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.7.12 Sessie elf

7.7.12.1 Verloop van die sessie

Declan was opgewonde om die navorser te sien en het dadelik met groot vreugde aan haar uitgeroep dat hy die allergiemonster nou al vir ses weke nie kos gegee het nie. Hy het gesê dat die allergiemonster so swak is dat hy niks kan doen nie, en dat hy (Declan) dit so gaan hou.

Declan het 'n boek oor diere gebring wat hy tydens die sessie aan die navorser wou wys. Hy het die detail van elke dier aan die navorser uitgewys waarna hy sy eie dier uit karton en strooitjies gebou en geverf het. Hy het genoem dat hy lekker met die navorser gespeel het, maar dat dit nie meer nodig is nie omdat die allergiemonster hom nie meer pla nie. Sy spesifieke woorde was: "I don't need to do anything about the allergymonster. He doesn't bother me anymore."

Declan het aan die navorser genoem dat die spelterapie hom baie gehelp het. Die navorser het aan hom gevra of hulle weer 'n vraelys oor die allergiemonster kan voltooi, waarop hy sy volle samewerking gegee het. Die volgende inligting is verkry:

<u>- Begrip van sy allergiese siektes</u>

Declan het genoem dat hy sy allergiese siektes en die reaksies wat op allergeenblootstelling volg, nou baie beter verstaan. Dit is vir hom maklik om aan die allergiemonster te dink as iets wat hy kan wen en kan siek maak.

<u>- Invloed op sy lewe en mate van beheer wat hy ervaar</u>

Declan het aan die navorser genoem dat die allergiemonster hom glad nie nou pla nie. Hy voel dat hy die allergiemonster gewen het. Hy het genoem dat hy besef dat daar weer moeilike dae kan kom, maar dat hy dan net weer sy ma sal vra om hom te help as hy self nie sterk genoeg voel nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die navorser het na die sessie met Declan se moeder gereël dat hulle die volgende week die spelterapeutiese sessies by 'n parkie sou afsluit.

7.7.12.2 Assessering

Dit is duidelik dat Declan se beheer oor die allergiemonster uiteindelik gevestig is. Hy verstaan wat allergie beteken, hoe dit hom beïnvloed en hy neem verantwoordelikheid vir sy gesondheid. Hy funksioneer dus in Perls se eksplosiewe laag.

7.7.13 Bereiking van die doelstelling van die studie

Declan het deur die loop van die gestaltspelterapeutiese program vanaf die valse laag na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei. Die gedrag wat Declan tydens die eerste sessie getoon het, dui op Perls se valse laag waar alle realiteit ontken word en geen verantwoordelikheid vir eie gedrag aanvaar word nie.

Tydens die tweede sessie het Declan se gedrag op die impasse laag gedui. Declan was bang vir die allergiese reaksies, wou dit graag weg hê, maar het nie kans gesien om self iets daaraan te doen nie. Hy het vasgevang gevoel in sy situasie waar hy geen beheer ervaar het nie.

Declan se gedrag tydens die derde sessie dui op die impasse laag. Hy het besef dat hy iets aan sy situasie moes doen, maar het onmagtig gevoel om beheer daaroor te neem. Hy het vasgevang gevoel in sy situasie en het op daardie stadium baie sterk op eksterne hulp (soos sy ma) vertrou om die situasie namens hom te hanteer.

Tydens die vierde sessie het Declan se gedrag skielik op die eksplosiewe laag gedui waar hy sy energie en hulpbronne benut het om beheer oor sy situasie uit te oefen en volle verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan se gedrag tydens die vyfde sessie het daarop gedui dat hy weer in die impasse laag funksioneer het waar hy vasgevang gevoel het. Aan die een kant wou hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander kant het hy nie kans gesien om beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie te neem nie.

Declan het tydens die sesde sessie met beheer en verantwoordelikheid geworstel. Aan die een kant wou hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander het hy gesukkel om die allergene te vermy en sukses te behaal. Hy het planne teen die allergiemonster begin maak, en was bewus van die ondersteuning wat beskikbaar is. Hierdie gedrag dui daarop dat hy na Perls se implosiewe laag beweeg het waar hy nuwe oplossings ontdek het en dat hy sy steunstelsels begin benut het.

Dit was tydens die sewende sessie duidelik dat Declan die beheer wat hy tydens die spelterapeutiese situasie oor die allergiemonster kon uitoefen, geniet het. Sy gedrag dui op Perls se implosiewe laag waar hy nuwe energie ontdek het om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Declan het tydens die agtste sessie begin om beheer oor sy situasie te verkry. Sy gedrag dui op die implosiewe laag - alhowel hy weer ‘n appel gesteel het, was hy sterk gemotiveerd om alles in en om hom te benut om die allergiemonster dood te kry.

Declan se projeksie en gedrag van die negende sessie dui daarop dat hy toenemend beheer oor sy situasie verkry het. Die feit dat hy vir twee weke niks verkeerd geëet het nie, is moontlik ‘n aanduiding dat hy werklik besig is om die allergiemonster te wen. Hierdie gedrag dui op die eksplosiewe laag waar hy beheer oor sy situasie uitoefen en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan se gedrag tydens sessie tien dui daarop dat hy beheer oor sy situasie verkry het en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem. Hierdie gedrag val in Perls se eksplosiewe laag waar hy sy situasie suksesvol en verantwoordelik hanteer.

Dit was tydens die elfde sessie duidelik dat Declan se beheer oor die allergiemonster uiteindelik gevestig is. Hy verstaan wat allergie beteken, hoe dit hom beïnvloed, en neem verantwoordelikheid vir sy gesondheid. Hy funksioneer dus in Perls se eksplosiewe laag.

Mev. Dewey het in die vraelys wat as finale evaluering dien, gemeld dat Declan homself nou sterker as die allergiemonster ervaar. Hy sê nou self dat die allergiemonster hom nie beheer nie. Sy is van mening dat die spelterapeutiese program beslis sy gedrag verander het. Sy het spesifiek die volgende vermeld: “My son stole food. After a long, hard struggle he has stopped and would not have done it without help. He didn’t even respect the fact that he nearly died. He now has an understanding of his condition. He now takes full responsibility which was not the case.”

Mev. Dewey het ook gemeld dat die ouerleidinginligting haar gehelp het om haar kind se gedrag beter te verstaan en dat dit haar daartoe in staat stel om hom beter te ondersteun.

Dit is navorser se oortuiging dat die gestaltspelterapeutiese intervensie Declan gehelp het om beheer oor sy allergiese siektes te neem en verantwoordelikheid vir sy gesondheid te aanvaar. Die doelstelling van beide die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme is suksesvol bereik en het daartoe bygedra dat hierdie kind homself nie meer aan lewensbedreigende situasies blootstel nie en sy ouers hom in hierdie verantwoordelike gedrag kan ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.8 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hoofstuk sewe is die empiriese gegewens van die studie weergegee. Die inligting rondom die gebeure van die spelterapeutiese intervensie met die ses allergiese respondente is volledig weergegee. Eerstens is 'n agtergrondskets van die betrokke kind gebied, waarna die verloop van elke sessie, asook die navorser se assessering daarvan, volledig weergegee is. Laastens is die respondent se groei deur die lae van Perls (valse laag - 1, fobiese laag - 2, impasse - 3, implosiewe laag - 4 en eksplosiewe laag - 5) samevattend bespreek en grafies voorgestel ten einde die bereiking van die doelstelling van die navorsing te evalueer.

Die empiriese gegewens bring navorser tot die gevolgtrekking dat die benutting van sowel die spelterapeutiese- as ouerleidingprogramme daartoe bygedra het dat die doelstelling van die studie volkome bereik is. Al ses respondente is in hul optimale holistiese ontwikkeling ondersteun en gehelp om die negatiewe invloed van die allergiese siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry, en hul ouers is bemagtig om hierdie gedrag te ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 8
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

Dit is volgens navorser noodsaaklik om aan die einde van die studie elke hoofstuk samevattend te beskou, tot 'n gevolgtrekking daaroor te kom en toepaslike aanbevelings te maak. Dit is dan waarvoor hierdie hoofstuk benut word.

8.2 HOOFSTUK EEN: ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

8.2.1 Samevatting van die hoofstuk

Inleidend tot die navorsingstudie is 'n uiteensetting van die beplanning, struktuur en strategie van die ondersoek wat gebruik is, gegee. Hoofstuk een verskaf inligting aangaande die metodes en prosedures waarvolgens die studie uitgevoer is. Eerstens is aandag aan die motivering vir die keuse van die onderwerp en die probleemformulering gegee. Die doel van die studie en die navorsingshipotese is vervolgens duidelik uiteengesit. Die navorsingsmetodologie is hierna bespreek, en laastens is definisies van die hoofkonsepte gegee.

Volgens navorser bied hierdie hoofstuk 'n deeglike inleiding tot die studie. Die hoofstuk bied 'n oorsigtelike beeld van dit wat in die studie gedoen is, en gee aan die leser 'n duidelike raamwerk van die verloop van die studie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.2.2 Gevolgtrekking rondom die bereiking van die doelstelling en doelwitte van die studie

8.2.2.3 Bereiking van die doelstelling

Die volgende doelstelling is vir die studie gestel:

Om

- ‘n gestaltspelterapeutiese program daar te stel wat die kind in die middelkinderjare help om die negatiewe invloed van sy allergiese siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry, en
- ‘n ouerleidingprogram (waarin gestaltbeginsels benut word) wat hierdie kind se ouers ter ondersteuning van die spelterapeutiese program bemagtig, saam te stel.

Hierdie doelstelling is bereik deur beginsels, metodes en tegnieke van die gestaltbenadering te benut in die samestelling van sowel ‘n spelterapeutiese- as ouerleidingprogram wat op die kind se verbeterde hantering en beheer van sy siekte, en sy ouers se ondersteuning van hierdie spelterapeutiese proses, gerig is. Ses respondente en hul ouers is by intervensie betrek waartydens hierdie programme geïmplementeer en geëvalueer is. Hierdie doelstelling is ten volle en suksesvol bereik, aangesien die programme al ses kinders tot verhoogde bewustheid, beheer en verantwoordelikheid ten opsigte van hul allergiese siektes gelei het, en hul ouers tot ondersteuning van die terapeutiese intervensie bemagtig het.

8.2.2.4 Bereiking van die doelwitte

Ten einde die doelstelling van die studie te bereik, is verskillende doelwitte gestel. Ter wille van duidelikheid word elke doelwit afsonderlik weergegee en die bereiking daarvan geëvalueer.

- Doelwit een:

Om deur middel van literatuurstudie en onderhoude met kundiges en ouers van allergiese kinders kennis oor die invloed van ‘n kind se allergiese siekte op die totale gesinsfunksionering te verbreed.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde die doelwitte van die studie te bereik, is intervensienavorsing as navorsingsmetode benut, waar daar eerstens ‘n probleemanalise van die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind in die middelkinderjare en sy gesin, gedoen is.

Aangesien daar min literatuur beskikbaar was oor die invloed van spesifiek allergiese siektes op die totale gesinsfunksionering, het navorser ook van oueronderhoude gebruik gemaak om hierdie kennis te verbreed. Navorser het spesifiek inligting oor die invloed van die voorkoms van ‘n allergiese siekte op die ouer-kindverhouding en opvoedingstyl, huweliksverhouding en sibbeverhoudings by sowel ‘n getroude ouerpaar as ‘n enkelouer verkry.

- Doelwitte twee en drie

Navorser beskou die volgende twee doelwitte as ‘n eenheid en wil dit daarom so hanteer:

- Om bestaande literatuur oor die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind se funksionering te benut en ‘n gestaltspelterapeutiese program te ontwikkel wat gebruik kan word om die kind wat aan ‘n allergiese siekte ly te help om die negatiewe impak wat dit op sy ontwikkeling kan hê, te beperk.

- Om gestaltbegrippe en -tegnieke te benut in die ontwikkeling van ‘n ouerleidingprogram waardeur die ouers van bogenoemde kinders bemagtig kan word in die ondersteuning van die spelterapeutiese intervensie.

Navorser het in die tweede fase van intervensienavorsing (insameling en sintese van inligting) van beskikbare literatuur uit die mediese, sielkundige, opvoedkundige en maatskaplike werk rigtings, en onderhoude met kundiges en ouers gebruik gemaak. Kennis is hierdeur oor beide die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind se funksionering en gestaltterapie as terapeutiese medium verkry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, het navorser die bestaande inligting rondom die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind in die middelkinderjare benut. Navorser het spesifiek op die ontwikkelingstake op emosionele, sosiale en akademiese gebied gefokus ten einde vas te stel op watter vlakke die voorkoms van ‘n allergiese siekte die kind in die bemeestering van hierdie take kan strem. Min literatuur is spesifiek oor die invloed van allergiese siektes op die funksionering van die kind in die middelkinderjare beskikbaar. Om hierdie rede het navorser spesifiek die inligting wat tydens ‘n empiriese ondersoek na die invloed van allergiese siektes op die emosioneel-sosiale funksionering van die kind in middelkinderjare (Yssel, 1997) verkry is, benut.

Navorser het verder inligting rondom die gestaltbenadering benut om ‘n volledige uiteensetting van die beginsels, doel en metodes van gestaltterapie as fundering in hoofstuk twee weer te gee.

Die inligting rondom die invloed van allergiese siektes op die kind en sy gesin en gestaltterapie is in die literatuurhoofstukke (hoofstukke twee, drie en vier) weergegee en in die ontwikkeling van die volgende twee programme benut:

- sowel ‘n gestalttspelterapeutiese program wat die kind in die middelkinderjare help om beheer oor sy allergiese siekte te verkry en die negatiewe invloed daarvan tot die minimum te beperk (volledig in hoofstuk vyf weergegee)
- as ‘n ouerleidingprogram wat die ouer van die allergiese kind ter ondersteuning van die spelterapeutiese intervensie bemagtig (wat in hoofstuk ses weergegee is).

Na die ontwikkeling van die selfontwerpte vraelyste en gestaltspeltera-peutiese en ouerleidingprogramme, is die effektiwiteit daarvan tydens ‘n voorondersoek (die vierde fase van intervensienavorsing) bepaal, en die nodige verbeteringe voor die hoofondersoek aangebring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser het die voorondersoek in twee komponente verdeel. Die eerste komponent van die voorondersoek behels die toetsing van die selfontwerpte vraelyste. Vir die doel van die navorsing is twee selfontwerpte vraelyste deur die navorser opgestel. Elke respondent het met die navorser se hulp 'n vraelys wat aan hom gerig is voltooi, terwyl sy ouers ook 'n kopie wat aan hulle gerig is, voltooi het. Hierdie vraelyste is as deel van die voortoets en natoets in die hoofondersoek voltooi. Die vraelyste fokus op sowel die kind se individuele belewing van die allergiese siekte as die ouer se siening en belewing van die invloed van die allergiese siekte op die kind se funksionering.

As eerste komponent van die voorondersoek is beide vraelyste aan tien kinders en hul ouers gegee om die bruikbaarheid, duidelikheid en verstaanbaarheid daarvan te toets. Hierdie persone is deur doelgerigte steekproeftrekking geïdentifiseer, ten einde te verseker dat die vraelyste deur persone van verskillende ouderdomme, geslagte, en wat aan verskillende allergiese siektes ly, getoets is. Die vraelyste is (met die nodige veranderings) gefinaliseer vir gebruik in die hoofondersoek.

Verder het die navorser twee kinders en hul ouers by die tweede komponent van die voorondersoek betrek. Hierdie komponent is op dieselfde wyse as die hoofondersoek onderneem, sodat die uitvoerbaarheid van die programme bepaal kon word. Tydens die voorondersoek het navorser gepoog om te bepaal waar aktiwiteite verander moet word om die doel van die hoofondersoek suksesvol te bereik. Daar is veral aan die praktiese aspekte rondom die spelterapeutiese aktwiteite en ouerleiding-inligting, die tydsaspek van elke afdeling, en die geskiktheid van die lokaal aandag gegee. Die program is hierna afgerond vir gebruik in die hoofondersoek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Doelwit vier

Om ses allergiese kinders en hul ouers by die hoofondersoek te betrek waartydens hulle die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme deurloop en om hulle by voor- en natoetsing deur middel van vraelysvoltooiïng te betrek waardeur die sukses van die programme gemeet word.

Die vyfde fase van intervensienavorsing (evaluering en gevorderde ontwikkeling) is benut om die programme te implementeer en evalueer. Navorser het van die kwasi-eksperimentele “eengroep voortoets-natoets” ontwerp gebruik gemaak om die programme tydens ‘n hoofondersoek met die ses geselekteerde allergiese respondente in die middelkinderjare en hul ouers te evalueer. Die empiriese gegewens rondom die implementering van die programme by elk van die ses kinders en hul ouers is volledig in hoofstuk sewe weergegee. Uit die navorsingsresultate kon navorser vasstel dat die probleme voortspruitend uit allergie, effektief deur die program vir gestaltspelterapeutiese intervensie en ‘n ondersteunende ouerleidingprogram aangespreek kan word.

- Doelwit vyf

Om gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme daar te stel vir gebruik deur spelterapeute en maatskaplike werkers.

Die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme is volledig in hoofstukke vyf en ses van hierdie studie uiteengesit vir gebruik deur spelterapeute en maatskaplike werkers.

Die gestelde doelwitte is ten volle met hierdie navorsing bereik.

8.2.3 Gevolgtrekking rondom die navorsingshipotese

Vir hierdie studie is die volgende hipotese gestel:
Indien allergiese kinders in die middelkinderjare by gestaltspelterapeutiese intervensie betrek word, en hul ouers deur ouerleiding ter ondersteuning van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die spelterapeutiese program bemagtig word, kan die kind gehelp word om die negatiewe invloed van allergiese siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry.

Navorser is van mening dat hierdie hipotese as waar bewys is. Die empiriese gegewens (wat volledig in hoofstuk sewe weergegee is) dui daarop dat die benutting van die programme wel daarin geslaag het om al ses respondente tot verhoogde bewustheid van hul siekte en die invloed daarvan op hul funksionering te bring, om hulle in beheer van hulle situasie te plaas en hulle te bemagtig om verantwoordelike keuses te maak, en hierdeur die probleme voortspruitend uit die voorkoms van die allergiese siekte te minimaliseer. Uit hierdie navorsingsresultate kan dus aanvaar word dat die hipotese in geheel ondersteun word.

8.2.4 Aanbeveling vanuit hoofstuk een

Navorser wil die aanbeveling maak dat intervensienavorsing benut moet word in die ontwikkeling en evaluering van nuwe tegnologie binne die professie maatskaplike werk. Deur die ontwikkeling van spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme vir die kind se verbeterde hantering van ‘n moontlik problematiese situasie, word die professie uitgebrei en nuwe hanteringstrategieë wat effektiewe intevensie sal vergemaklik, voortgebring.

8.3 HOOFSTUK TWEE: DIE INVLOED VAN ALLERGIESE SIEKTES OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE EN SY GESIN

8.3.1 Samevatting van die hoofstuk

Hoofstuk twee is benut om op die allergiese kind in die middelkinderjare te fokus. Klem is geplaas op die vaardighede en take wat die kind op hierdie ouderdom moet bemeester om gesond tot optimale volwassewording te groei. Die ontwikkelingstake wat in hierdie tyd bemeester moet word (persoonlik, sosiaal en akademies), is volledig uiteengesit, sodat die moontlike stremming van allergiese siektes op die kind se optimale groei, duidelik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens is die belangrikheid van die gesin tydens die middelkinderjare bespreek. Die rol van die gesin te midde van dramatiese sosiale uitbreiding, die verskillende gesinsverhoudinge en die funksies wat die gesin ten opsigte van die kind se gesonde groei moet vervul, is uitgelig.

Allergie as chroniese siektetoestand is vervolgens bespreek waar daar op die immunologiese werking, veroorsakende faktore, die verskillende siektes, die invloed op die kind se fisieke funksionering en die beheer of voorkoming daarvan, gefokus is.

Die invloed van allergiese siektes op die kind en sy gesin se funksionering is die volgende fokuspunt. Eerstens is die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind as individu se funksionering (en ontwikkelingstaak-bemeestering) bespreek. Die eerste aspek is die persoonlike of emosionele groei waar die volgende aspekte bespreek is:

- die kind se verhoging van sy selfbegrip
- die ontwikkeling van ‘n positiewe selfkonsep en ‘n positiewe houding teenoor sy eie liggaam
- die ontwikkeling van selfstandigheid en beheer oor die eie lewe
- die aanvaarding van verantwoordelikheid en die kind se emosionele bewustheid en -hantering.

As tweede aspek is daar op die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se sosiale ontwikkeling, en as derde aspek op die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se akademiese ontwikkeling gefokus.

Die laaste fokuspunt van die tweede hoofstuk is die moontlike invloed van allergiese siektes op die gesinsfunksionering. Die beïnvloeding van die hele gesin as sisteem is eerstens bespreek, waarna daar spesifiek op die invloed op die emosionele funksionering van die ouers gefokus is. Hier is ook aandag aan praktiese aspekte wat die emosionele reaksies kan vererger, gegee. Laastens is die invloed van allergiese siektes op die gesins-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudinge bespreek, waar daar spesifiek aan die ouer-kind verhouding en opvoedingstyl en die sibbeverhouding aandag gegee is.

Slegs wanneer die invloed van allergiese siektes op die kind en sy gesin se funksionering in ag geneem word, kan terapeutiese intervensie daarin slaag om die kind te help om die beperkings, eise en uitdagings wat deur hierdie siektes gestel word, makliker te hanteer en beheer oor sy situasie te verkry.

8.3.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die aanwesigheid van allergiese siektes die totale funksionering van die kind in die middelkinderjare (en ook tot ‘n sekere mate sy gesin se funksionering) kan benadeel. Die kind in die middelkinderjare moet verskeie ontwikkelingstake op persoonlike, sosiale en akademiese gebied bemeester om sy optimale groei te bereik, en allergiese siektes kan hierdie taakbemeestering belemmer of selfs heeltemal blokkeer.

Die fisieke aard van die allergiese siektes kan daartoe aanleiding gee dat die kind ‘n lae selfbeeld het, te moeg en siek voel om saam met sy maats te speel, of sukkel om sy skoolwerk met ywer aan te pak. Wanneer hierdie belangrike ontwikkelingstake nie suksesvol bemeester kan word nie, kan dit probleme in die kind se latere ontwikkeling tot gevolg hê. Dit is dus noodsaaklik dat die kind gehelp word om die eise en uitdagings wat deur die voorkoms van allergiese siektes gestel word suksesvol aan te pak, beheer oor sy siekte te neem en die negatiewe invloed daarvan op sy funksionering tot die minimum te beperk.

Aangesien die voorkoms van allergie as chroniese siektetoestand ‘n groeiende verskynsel in die gemeenskap is wat ‘n definitiewe negatiewe invloed op die kind in die middelkinderjare se totale funksionering uitoefen, kom navorser tot die gevolgtrekking dat daar ‘n behoefte aan hulpverlening bestaan. Dit is dus noodsaaklik om programme daar te stel ten einde in die spesifieke behoeftes van die allergiese kind te voorsien en die hantering van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlike probleme voortspruitend uit die voorkoms van ‘n allergiese siekte effektief te kan aanspreek.

Aangesien die gesin (en spesifiek die ouers) ‘n sentrale rol in die kind se ontwikkeling speel (en self ook deur die voorkoms van allergiese siektes geraak word) is dit volgens navorser noodsaaklik dat hulle by ouerleiding betrek word ten einde die spelterapeutiese intervensie te ondersteun en tuis te versterk.

8.3.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk twee

Navorser wil aanbeveel dat medici bewus sal word van die invloed van ‘n allergiese siekte op die kind se emosionele, sosiale en akademiese funksionering. Waar die kind as geheel (holisties) benader word, is dit noodsaak dat medici bewus sal wees van die invloed op die kind se emosies, selfbeeld, motivering, die mate van beheer wat hy ervaar en die verantwoordelikheid wat hy in sy situasie kan neem. Goeie samewerking tussen medici en spelterapeute kan die kind in totaliteit ondersteun om sy siekte optimaal te beheer en die invloed daarvan op ‘n gesonde wyse te hanteer.

Navorser wil aanbeveel dat allergiese kinders deur spelterapie gehelp word om die eise en uitdagings wat deur die voorkoms van die chroniese siekte gestel word makliker te hanteer. Indien die kind by die spelterapeutiese program betrek word en die bereiking van beheer oor sy siekte gefasiliteer word, kan hy sy siekte beter beheer en hanteer. Navorser wil aanbeveel dat die kind so gou as moontlik na diagnose by spelterapie ingeskakel word sodat daar ook aandag aan sy emosies rondom die diagnose gegee kan word en hy ondersteun kan word in sy aanpassing by die siekte. Indien die kind in spelterapie begelei word om beheer oor sy siekte en verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem, kan die samewerking wat die kind aan die mediese praktisyn gee, verhoog word, en medici se taak vergemaklik word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is navorser se verdere aanbeveling dat die ontwikkelingsvlak van die kind te alle tye in ag geneem moet word. Ten einde as spelterapeut optimale hulpverlening te kan bied, moet die terapeut oor toepaslike agtergrondkennis rondom sowel die verskillende ontwikkelingstake wat bereik moet word as die situasie wat moontlik stremmend hierop kan inwerk en as probleem ervaar kan word, beskik. Indien die gestaltterapeut hierdie aspekte tydens assesserings- en terapeutiese spel in ag neem, kan die kind se voorgrondbehoefte makliker geïdentifiseer en terapeuties hanteer word.

8.4 HOOFSTUK DRIE: TEORETIESE RAAMWERK VIR GESTALTSPELTERAPEUTIESE- EN OUERLEIDINGPROGRAMME

8.4.1 Samevatting van die hoofstuk

Tydens die studie is die beginsels en spesifieke tegnieke van die gestalt-benadering benut. In hoofstuk drie is 'n teoretiese raamwerk vir die gebruik van gestaltbeginsels in sowel die spelterapeutiese- as ouerleidingprogramme weergegee.

Eerstens is daar op gestaltterapie as terapeutiese benadering gefokus. Ten einde optimale spelterapeutiese intervensie binne gestaltterapie te kan bied, moet die terapeut volgens navorser oor deeglike kennis van die beginsels van die terapeutiese benadering beskik.

Die spesifieke beginsels van gestaltterapie, wat te alle tye in werk met die allergiese kind in ag geneem moet word, is vervolgens bespreek. As eerste beginsel is holisme (waar die kind as geheel benader moet word) bespreek waarna homeostase en die figuur-agtergrondbeginsel (waardeur die kind sy dominante behoefte moet bevredig om balans te bereik) as tweede beginsel bespreek is. Die derde beginsel behels bewustheid in die hier-en-nou waar die kind op sy dominante behoefte (voorgrondbehoefte) moet kan fokus, en vierdens is die benutting van polariteite of teenoorgesteldes bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vyfde beginsels van gestaltterapie wat bespreek is, is die “Ek/Jy” verhouding waar die terapeut doeltreffende kontak met die kind moet maak ten einde optimale terapeutiese intervensie te bereik. Sesdens is die kontakgrens (die grens wat die kind van sy omgewing skei) en kontakgrensversteurings wat kan voorkom, bespreek.

Die laaste beginsel van gestaltterapie wat aandag in hierdie hoofstuk kry, is Perls se vyf lae van doeltreffende kontak. Dit word as vlakke van neurose waardeur ‘n persoon moet groei om doeltreffende kontak te bereik, beskou. Die doel van gestaltterapie, naamlik om mense te help om na volwassenheid te groei, beheer van hul lewens te neem en verantwoordelik op te tree, is vervolgens bespreek. Hier is spesifiek op die verdieping van bewustheid, die verhoging van verantwoordelikheid, en die verhoging van die kind se selfstandige optrede, gefokus.

Daarna is spel as terapeutiese medium bespreek. Aangesien spel die kind se natuurlike kommunikasiemedium is, kan hy volgens navorser begelei word tot die bereiking van die doelstellings van die gestaltbenadering. Die volgende aspek wat bespreek is, is spelterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare waar spesifiek aandag aan die benutting van gestalt-begrippe in spelterapeutiese intervensie, gegee word.

Laastens is ouerleiding as ondersteunende komponent tot die spelterapeutiese program bespreek. Die doel van die ouerleidingpogram is weergegee, waarna die benutting van gestaltbeginsels in ‘n ondersteunende ouerleidingprogram bespreek is.

8.4.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die kind deur spelterapie binne die gestaltbenadering begelei kan word om bewustheid van die invloed van sy allergiese siekte op sy alledaagse funksionering te bereik en beheer daaroor te neem. Dit is verder duidelik dat ouerleiding vanuit die gestaltbenadering

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

benut kan word om die ouers van die allergiese kinders tot ondersteuning van die spelterapeutiese intervensie (en sy totale groeiproses) te bemagtig.

8.4.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk drie

Navorser wil aanbeveel dat spelterapeutiese intervensie, met die benutting van gestaltbeginsels en -tegnieke, spesifiek benut word in die hantering van allergiese kinders se behoeftes en probleme. Navorser wil egter ook aanbeveel dat hierdie vorm van intervensie by enige ander probleem van kinders benut word. Die doelstellings van die gestaltbenadering hou direk verband met die verbetering van die gesonde funksionering van enige kind. Die doelstelling van gestaltterapie fokus op verhoogde bewustheid, beheer en verantwoordelikheid. Wanneer hierdie doelstellings deur terapie bereik word, word die kind in staat gestel tot groter bewustheid van:

- sy behoeftes en die beperkings wat deur die probleem gestel word en
- die alternatiewe uit sy omgewing wat benut kan word in die hantering van sy verbandhoudende behoeftes.

Die kind wat verantwoordelike keuses maak en selfondersteunend kan optree, sal makliker die eise wat binne sy situasie aan hom gestel word, hanteer, en die negatiewe invloede wat voorkom, minimaliseer.
Om hierdie rede wil navorser aanbeveel dat spelterapie vanuit die gestaltbenadering benut word in die terapeutiese hantering van kinders se probleme waar die bevrediging van hul behoeftes geblokkeer word en dit hul emosioneel-sosiale funksionering beïnvloed.

Dit is verder navorser se aanbeveling dat die terapeut oor deeglike kennis van die toepaslike terapeutiese benadering wat gebruik word (in hierdie geval die gestaltbenadering) moet beskik ten einde intervensie suksesvol aan te kan aanpak. Die terapeut moet deeglik onderlê wees in die toepassing van die verskillende beginsels van die terapeutiese benadering en dit binne intervensie op die spesifieke behoeftes van die kind rig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.5 HOOFSTUK VIER: DIE PROSES VAN GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIE

8.5.1 Samevatting van die hoofstuk

Hoofstuk vier bied ‘n oorsigtelike beeld van die verskillende aspekte wat as opeenvolgende stappe ‘n raamwerk vir die spelterapeutiese program vorm. Ten einde optimale intervensie te bereik, is dit noodsaaklik om binne ‘n gevestigde terapeutiese verhouding aan aspekte soos bewustheid, die projeksie van voorgrondbehoeftes, emosionele uitdrukking, hantering van die realiteit van die probleem, selfondersteuning en terminering aandag te gee. Hierdie hoofstuk is gebruik om die spelterapeutiese proses wat tydens terapie met die allergiese kind benut word, volledig te bespreek. Eerstens is daar op die hantering van die kind se proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) gefokus. Ten einde suksesvol in die benadering van die kind as holistiese wese te wees, moet die terapeut tydens spelterapie sowel die kind se proses deurlopend in ag neem, as die kind se bewustheid daarvan verhoog.

Die daarstelling en versterking van die “Ek-Jy” - verhouding (of terapeutiese verhouding) is as eerste stap van die intervensieproses hanteer. Rondom verskillende aspekte van hierdie belangrike voorvereiste vir verdere terapie, is daar op die kontakmakingsproses, die vestiging van ‘n warm, vriendelike verhouding waarin die terapeut in kontak met die kind bly, die daarstelling van ‘n atmosfeer van veiligheid en sekuriteit en die daarstelling van grense of beperkinge gefokus. Verdere eienskappe van die terapeutiese verhouding wat bespreek is, is outentisiteit, nie-bedreigende kontak en doelgerigtheid. Laastens is spesifieke persoonlikheidseienskappe van die spelterapeut (wat belangrik vir ‘n goeie terapeutiese verhouding is) bespreek.

Die tweede stap in die intervensieproses is die verhoging van bewustheid. Eerstens is daar aandag aan die noodsaaklikheid van optimale bewustheid gegee. Daarna is aandag aan die verskillende aspekte van bewustheid,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naamlik bewustheid van die self en bewustheid van die omgewing (en spesifiek die allergiese siekte) gegee. Die verhoging van bewustheid deur sensoriese kontakmaking, die benutting van asemhaling en liggaamshouding en die benutting van 'n "allergiemonster"- metafoor om verhoogde selfkennis en siekte-begrip te bereik, is as laaste aspekte van bewustheid hanteer.

Die volgende stap in die intervensieproses behels dat daar geleentheid vir projektering van die kind se voorgrondbehoefte gebied word. Beide skeppende spel (wat vir die doel van die studie teken, vingerverf, klei- en sandwerk insluit) en gedramatiseerde spel deur handpoppe, is as projeksiemediums bespreek. Sowel die kenmerke van elke medium as die benutting daarvan tydens intervensie, is volledig hanteer.

Die verdere stappe van intervensie wat ná projeksie benut word om die kind te help om sy geprojekteerde voorgrondbehoefte te hanteer en 'n oplossing vir die vervulling daarvan te vind, is vervolgens bespreek.

Eerstens is daar op die fasilitering van emosionele uitdrukking en op die hantering van die emosies gefokus. Die verhoging van die kind se bewustheid van wat hy ervaar, sy hantering daarvan en die spelterapeut se hantering van die kind se emosies, is bespreek.

Tweedens is die fasilitering van probleemhantering bespreek. Hier word tussen begeleiding tot aanvaarding van die realiteit van die probleem in die hier-en-nou, hulp aan die kind om beheer oor sy situasie te verkry en 'n oplossing daarvoor te vind, en die versterking van die kind se verantwoordelikheidneming, onderskei.

Die laaste stappe wat bespreek is, sluit die fasilitering van die kind se eksperimentering met nuwe gedrag, die konfrontering van ontoepaslike gedrag, selfvertroeteling by die kind (waar die kind goed vir homself is ten einde weer 'n gevoel van balans te verkry) en bemagtiging in. Ter afsluiting is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terminering bespreek waar tussen die terminering van elke sessie en die terminering van die terapeutiese reeks onderskei word.

8.5.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom

Navorser kom tot die gevolgtrekking dat al die bogenoemde aspekte as deel van die terapeutiese proses tydens spelterapie benut kan word. Waar daar in hierdie studie met die allergiese kind in die middelkinderjare gewerk is, was dit van kardinale belang dat die kind se unieke proses en ontwikkelings-fase deurgaans in ag geneem moes word en dat elk van hierdie stappe benut moes word om die kind te help om beheer oor sy allergiese siektes te neem en balans (homeostase) te bereik.

8.5.3 Aanbeveling vanuit hoofstuk vier

Dit is volgens navorser belangrik dat die terapeut wat optimale hulpverlening aan ‘n kind (en spesifiek die allergiese kind) wil bied, deeglik kennis van al die bogenoemde aspekte binne die intervensieproses sal neem. Die kind se unieke proses (dit wat hy doen en hoe hy dit doen) moet deurlopend tydens die hantering van die terapeutiese aspekte in ag geneem en benut word, sodat die kind sy voorgrondbehoefte binne die proses kan vervul.

Indien daar vasgestel moet word in watter mate of op watter wyse die allergiese siekte die kind se funksionering beïnvloed, is dit noodsaaklik dat die spelterapeut die basiese funksionering van die kind se proses vroeg moet kan identifiseer. Die kind se unieke proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) moet deurlopend tydens die spelterapeutiese proses in ag geneem en benut word, sodat die kind bewustheid van sy voorgrondbehoefte met betrekking tot sy allergiese siekte kan bereik en kan leer hoe hy dit kan vervul. Die terapie moet volgens die kind se proses gerig, en sy tempo gevolg word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.6 HOOFSTUK VYF: PROGRAM VIR GESTALTSPELTERAPEUTIESE INTERVENSIE MET DIE ALLERGIESE KIND

8.6.1 Samevatting van die hoofstuk

Dit is navorser se oortuiging dat gestaltspelterapie benut kan word om die allergiese kind te help om die negatiewe impak wat 'n allergiese siekte op sy optimale ontwikkeling kan hê, te beperk. Die kind kan deur spelterapie begelei word om hierdie invloede in verbandhoudende emosies te identifiseer, dit te hanteer en hy kan bemagtig word om die eise en uitdagings wat deur die allergiese siekte in sy alledaagse lewe gestel word, te bemeester. Sodoende kan hy volgens navorser optimale funksionering bereik ten spyte van die voorkoms van die allergiese siekte.

Die doelstelling van spelterapeutiese intervensie binne hierdie studie is om die kind wat aan 'n allergiese siekte ly, in sy optimale holistiese ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die siekte tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry. Binne die spelterapeutiese program word op bewustheid, beheer en verantwoordelikheid gefokus. Die kind word gehelp om homself binne sy situasie beter te vestaan, die realiteit van die probleem wat hy ervaar te identifiseer, en dan tot probleemoplossing oor te gaan deur verantwoordelike keuses te maak en ondersteuning hiervoor binne homself en uit sy onmiddellike omgewing te verkry.

Hierdie hoofstuk bied die volledige riglyn vir spelterapie met die allergiese kind. Die sewe sessies wat as struktuur vir die terapeutiese riglyn benut word, is elk volledig bespreek. Eerstens is die doelwitte van die sessie uitgelig. Die doelwitte van die eerste sessie is op die bou van die terapeutiese verhouding, die kind se kontak met homself en spesifiek sy begrip van allergiese siektes, gerig. Die doelwitte van die verdere sessies is gerig op die verhoging van die kind se bewustheid van homself en sy omgewing en die hantering van sy geprojekteerde voorgrondbehoefte deur verskeie mediums.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tweedens is die verloop van elke sessie uiteengesit waar die spesifieke tegnieke en mediums wat benut word, volledig hanteer is. Derdens is 'n lys van die toerusting wat vir die sessie benodig word gebied ten einde die spelterapeut se taak te vergemaklik. Die kernaspekte wat tydens die sessie in ag geneem moet word, is laastens binne die uiteensetting van die sessie bespreek.

8.6.2 Aanbevelings vanuit hoofstuk vyf

Navorser wil die volgende aanbevelings rakende die implementering van die program maak:

8.6.2.1 Die benutting van meer sessies in die gestaltspelterapeutiese program (volgens die kind se behoefte)

Eerstens wil navorser daarop klem lê dat die aard, intensiteit en invloed van die allergiese siektes van kind tot kind wissel en dat dit by sommige kinders nodig mag wees om meer as die sewe sessies tydens hulpverlening te gebruik. Dit is navorser se aanbeveling dat meer sessies, waar die kind tydens ongestruktureerde spel enige medium kan benut om 'n projeksie van sy keuse te maak, volgens die kind se behoefte beskikbaar gestel moet word.

8.6.2.2 Die benutting van die gestaltspelterapeutiese program in 'n groepopset

Navorser is van mening dat die spelterapeutiese program baie suksesvol in groepspelterapie benut kan word. Navorser wil egter die volgende aanbevelings ten opsigte van groepspelterapie met allergiese kinders maak:

- Werk met klein groepe (groepe met drie tot vyf lede) sodat daar steeds genoeg individuele aandag gegee kan word en op elke kind se unieke proses gelet kan word.

- Kinders in die groep se ouderdom moet nie meer as een jaar van mekaar verskil nie. Hulle begripsvlak is dan na aan mekaar en hulle sal volgens navorser makliker vriendskapsbande met mekaar sluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Navorser wil verder aanbeveel dat ‘n homogene groep (wat geslag betref) gebruik word. Navorser is van mening dat hulle makliker met mekaar sal identifiseer en bereid sal wees om oor sensitiewe emosies rondom allergiese siektes te praat.

- Indien kinders in groepverband gesien word, wil navorser aanbeveel dat meer tyd vir elke sessie beskikbaar moet wees, sodat die kinders rustig deur die sensoriese aktiwiteite begelei kan word en die navorser die geleentheid het om elke kind se voorgrondbehoefte volledig terapeuties te hanteer.

8.6.2.3 Die aanpassing van die gestaltspelterapeutiese program vir ander ouderdomsgroepe

Navorser beskou hierdie studie as ‘n basis vir spelterapie met allergiese kinders. Beide die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme is spesifiek op terapeutiese intervensie met die kind in die middelkinderjare gerig, maar kan volgens navorser met sekere aanpassings ook met kinders in die kleuterjare en adolessensie benut word.

Die aanbieding van die programme (en spesifiek die spelterapeutiese program) sal volgens die kind se ontwikkelingsvlak aangepas moet word. Spesifiek wat die verduideliking van allergiese siektes betref, moet die spelterapeut op die kind se begripsvlak let. By kleuters sal meer konkrete verduidelikings gebruik moet word, terwyl tieners die immunologiese werking behoort te verstaan. Navorser wil aanbeveel dat die metafoor wat met jonger kinders gebruik word, ook so aan die tiener genoem word en die keuse van die verduideliking waarmee hy hom wil assosieer dan by die tiener gelaat word.

Tydens die benutting van die spelterapeutiese program by kleuters of tieners is dit definitief belangrik dat die moeilikheidsgraad van die sensoriese kontakmakingsaktiwiteite by die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die kind aangepas sal word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belangriktste aspek wat tydens werk met enige ouderdomsgroep in ag geneem moet word, is die feit dat die spelterapeut deeglik bewus sal wees van die kind se proses, en te alle tye in samevloeiïng met die kind en sy behoeftes sal bly.

8.6.2.4 Die benutting van die metafoor in ander situasies

Vir die doel van hierdie studie is die "allergiemonster"-metafoor benut. Hierdeur kon die kind sy probleem "uithaal" en objektief bekyk omdat daar 'n veilige afstand tussen die kind en sy siekte geskep is waar die kind teen iets konkreets kan veg.

Navorser wil aanbeveel dat 'n metafoor soortgelyk aan die "allergiemonster" benut word in die terapeutiese hantering van ander probleme. Deur die probleem wat die kind ervaar konkreet voor te stel en hom te bemagtig om daarteen te veg, kan die kind beheer verkry en verantwoordelike keuses maak.

8.7 HOOFSTUK SES: OUERLEIDINGPROGRAM

8.7.1 Samevatting van die hoofstuk

In hoofstuk ses is die volledige ouerleidingprogram wat vir die doel van die studie gebruik is, weergegee. Aangesien die ouers 'n deurslaggewende rol in die kind se hantering van sy allergiese siekte speel, is dit volgens navorser noodsaaklik om hulle indirek by terapeutiese intervensie te betrek. Om hierdie rede is die ouers van kinders wat tydens spelterapie gehelp word om beheer oor die allergiese siekte te neem en tot verantwoordelike behoeftebevrediging te groei, van ouerleidinginligting voorsien wat hulle bemagtig om die doelstellings van die spelterapeutiese program tuis te ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die verloop van die spelterapeutiese program, is daar op 'n twee-weeklikse basis ouerkontakte gereël. In die kind se teenwoordigheid is geleentheid vir die bespreking van die ouerleidinginligting, ouers se vrae en hul hantering van die spesifieke kind se situasie gebied.

Navorser wil dit duidelik stel dat die ouerleidingprogram slegs op die ouers se hantering van die kind se situasie gefokus is, nie op hul eie emosies en die probleme wat hulle daarmee ondervind nie.

In hierdie hoofstuk is die inligting wat as ouerleidingriglyn gebruik word, volledig weergegee. Die betrokke inligting behels 'n verduideliking van die benutting van spelterapie as terapeutiese hulpverleningstrategie en die doel van die program, spesifieke aspekte van die kind in die middelkinderjare se ontwikkeling wat tydens spelterapie aangespreek word, die immunologiese werking van allergiese siektes en die metafoor wat benut word om allergiese siektes aan die kind te verduidelik. Verder val die fokus op die versterking van die allergiese kind in die middelkinderjare se optimale bewustheid, identiteitsvorming, sosiale interaksie, outonomie, selfbeeld en selfvertroue en akademiese groei. Die noodsaaklikheid van elke aspek, die moontlike invloed van allergiese siektes daarop en hanteringstrategieë vir ouers word bespreek. Ten slotte is 'n samevatting en bronnelys vir ouers se gebruik ingesluit.

8.7.2 Gevolgtrekking waartoe navorser kom

Dit is navorser se oortuiging dat hierdie inligting aan ouers insig in hul kind se ervaring en hantering van allergiese siektes kan bied, en hulle van werkbare strategieë voorsien om hul kind se gesonde funksionering te ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.7.3 Aanbevelings vanuit hoofstuk ses

8.7.3.1 Die aanpassing van die ouerleidingprogram vir ouers van kleuters en adolessente

Soos reeds onder aanbevelings vanuit hoofstuk vyf bespreek, kan beide die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme aangepas word vir ouers van kleuters en adolessente. Die ouerleidinginligting sal spesifiek met betrekking tot die kind se ontwikkelingsvlak (en die moontlike invloed van allergiese siektes op hierdie ontwikkeling) en hanteringstrategieë aangepas moet word.

8.7.3.2 Die uitbreiding van ouerleiding en ouerondersteuning

Alhoewel daar binne hierdie studie na elke sessie gespreksgeleenthede gebied is, het al die ouers dit nie benut nie. Navorser wil aanbeveel dat gestruktureerde ouerleiding gebruik word om optimaal effektiewe ouerleiding te bereik. Dit kan moontlik gekombineerd met ouergroepe plaasvind waar die ouers nie net bemagtig word in die ondersteuning van hul kinders nie, maar waar daar ook spesifiek aandag aan die ouers se eie emosies en hul persoonlike behoeftes rondom hul allergiese kinders gegee kan word. Navorser wil verder aanbeveel dat die kinders se vaders ook direk by hierdie gestruktureerde ouerleiding betrek word.

8.8 HOOFSTUK SEWE: EMPIRIESE GEGEWENS

8.8.1 Samevatting van die hoofstuk

In hoofstuk sewe is die empiriese gegewens van die studie weergegee. Die inligting rondom die gebeure van die spelterapeutiese intervensie met die ses allergiese respondente, is volledig weergegee. Eerstens is ‘n agtergrond-skets van die betrokke respondent gebied, waarna die verloop van elke sessie asook die navorser se assessering daarvan, volledig bespreek is. Laastens is elke respondent se groei deur die lae van Perls samevattend bespreek en grafies voorgestel ten einde die bereiking van die doelstelling van die navorsing te evalueer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voordat daar samevattend na die empiriese data van elke respondent gekyk word, is dit volgens navorser nodig om eers die oorhoofse doelstelling van die spelterapeutiese program vir hierdie studie duidelik uiteen te sit. Die doelstelling van die spelterapeutiese intervensie binne hierdie studie is om die kind wat aan een of 'n kombinasie van allergiese siektes ly, in sy optimale holistiese ontwikkeling te ondersteun en hom te help om die negatiewe invloed van die siektes tot die minimum te beperk en beheer daaroor te verkry.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is spesifieke doelwitte wat tydens die verskillende spelterapeutiese sessies bereik moes word, gestel. Hierdie doelwitte fokus op kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding, verhoogde bewustheid, geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondbehoefte en die fasilitering van die kind se hantering van sy geprojekteerde voorgrondbehoefte en verbandhoudende emosies.

8.8.2 Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese en -ouerleidingprogramme by elk van die ses respondente

Ter wille van duidelikheid rondom die effektiwiteit van die programme op elke respondent se funksionering, word gevolgtrekkings rondom die effektiwiteit van die spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme by elke respondent afsonderlik gemaak. 'n Volledige evaluering van elke respondent se groei is in hoofstuk sewe gemaak. Hier word die navorsingsresultate oorkoepelend weergegee ten einde 'n gevolgtrekking ten opsigte van die effektiwiteit van die programme te kan maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.8.2.1. Zandré Smith

Dit is navorser se mening dat die effektiwiteit van die spelterapeutiese program op die volgende vlakke gemeet moet word:

- Begrip vir sy allergiese siektes

Wanneer daar op sy begrip van allergiese siektes gefokus word, is dit duidelik dat die "allergiemonster"-metafoor Zandré gehelp het om sy siekte beter te begryp. Hy het tydens die eerste sessie spesifiek genoem dat hy geweet het dat allergiese siektes iets met immuunselle te doen het, maar dat hy nie heeltemal seker was van wat aangaan nie. Na die verduideliking het hy genoem dat dit nou vir hom baie makliker is om dit te verstaan.

- Sy emosionele hantering van sy allergiese siekte

Tydens die spelterapeutiese program kon Zandré volle bewustheid van sy emosies rondom allergiese siektes bereik. Hy kon ook emosies wat hy gewoonlik eerder ignoreer, erken, uitdruk en aanvaar. Hy kon sy emosies spesifiek op sy kleifiguur uithaal en het tydens die program die vlak bereik waar hy bereid was om dit suksesvol aan te spreek en nie meer te ignoreer nie.

- Die mate van beheer wat hy oor sy allergiese siekte ervaar en uitoefen

Tydens die eerste en tweede sessies was dit duidelik dat Zandré 'n algehele verlies aan beheer oor sy situasie ervaar het. Dit was duidelik dat hy graag beheer wou verkry, maar nie oor genoeg egokrag beskik het nie. Hy het tydens die tweede sessie genoem dat hy soos 'n slagoffer voel wat wel weet wat hy kan doen om die allergiemonster te wen, maar dat hy nie seker is of hy wel sy hanteringstrategieë sal kan deurvoer nie.

Vanaf sessie drie het hy geleidelik meer beheer oor sy situasie begin ervaar. Tydens die vierde sessie het hy spesifiek genoem dat hy die allergiemonster "stukkie vir stukkie" wen. Tydens die vyfde sessie het hy ook genoem dat hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie meer vir die allergiemonster bang is nie, maar hom nou beveel om uit sy lewe te loop.

Die sesde en sewende sessies het duidelik uitgewys dat Zandré se beheer oor sy situasie gevestig is. Hy het tydens die sesde sessie telkemale uitgewys dat hy die allergiemonster wen en het tydens die sewende sessie genoem dat hy nou beslis baie groter en sterker as die allergiemonster is.

- Die mate van verantwoordelikheid wat hy vir sy gesondheid neem

Dit is duidelik dat die spelterapeutiese intervensie dit vir Zandré makliker gemaak het om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem. Hy het tydens die eerste en tweede sessies genoem dat dit vir hom baie moeilik is om konsekwent verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem, en het 'n gefrustreerde moedeloosheid hieroor uitgespreek.

Tydens die derde sessie het daar 'n verandering ingetree. Zandré was baie beslis daaromtrent dat hy, hoe moeilik dit ookal is, homself nie siek sal laat word nie. Tydens die vierde sessie het Zandré genoem dat dit al hoe makliker word om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem. Hy het ook gesonde alternatiewe vir behoeftebevrediging as 'n aksieplan vir toekomstige situasies geïdentifiseer. Vanaf die vyfde sessie was dit duidelik dat hy sy motivering om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem gevestig het en dat dit nie meer vir hom moeilik was om hierdie verantwoordelikheid konsekwent toe te pas nie.

- Die laag van Perls waarin hy funksioneer

Dit was duidelik dat Zandré binne die spelterapeutiese intervensie vanaf die impasse laag na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het.

Tydens die eerste sessie was hy by die impasse laag. Hy het die realiteit van die probleem erken, maar was te bang en te moedeloos om iets daaraan te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

doen. Tydens die tweede sessie het hy in die implosiewe laag inbeweeg waar hy begin het om nuwe oplossings te identifiseer en te toets.

Sy gedrag tydens die derde sessie het daarop gedui dat hy sterk in die implosiewe laag gefunksioneer het waar hy besig was om nuwe egokragte te ontdek en bereid was om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Hy het begin glo dat hy wel die allergiemonster sal kan wen en het insig in sy hulpbronne (intern en ekstern) ontwikkel. Dit was duidelik dat hy tydens hierdie sessie vasbeslote was om groter beheer en verantwoordelikheid oor sy situasie uit te oefen.

Tydens die vierde sessie het sy gedrag steeds op die implosiewe laag gedui. Hy het met verantwoordelike alternatiewe vir behoeftebevrediging geëksperimenteer en emosioneel daartoe in staat begin voel om hierdie gedrag in sy lewe deur te voer.

Zandré se gedrag van die vyfde, sesde en sewende sessies het daarop gedui dat hy na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het. Sy gedrag het daarop gedui dat hy bewus is van sy behoeftes en die gevolge van sy keuses en dat dit vir hom makliker is om verantwoordelike keuses te maak. Hy neem toenemend beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie en is gemotiveerd om die allergiemonster heeltemal te oorwin. Hy het nuwe energie ontdek wat hy nou benut om die allergiemonser al verder en verder te wen - soos hy dit self gestel het, hy word sterker en die allergiemonster word al swakker en kleiner. Dit was tydens die sewende sessie spesifiek duidelik dat hy realisties oor die toekoms is en besef dat daar moeilike dae kan kom, maar dat hy vasbeslote is om homself dan aan sy suksesvolle hanteringstrategieë te herinner.

Die vraelys wat Zandré se moeder as na-toets voltooi het, bevestig hierdie inligting en dui aan dat hy nou sterker as die allergiemonster is. Sy het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spesifiek gemeld dat hy sy allergiese siektes nou kalmer aanvaar en nie meer soos voorheen hewig daardeur ontstel word nie.

Mev. Smith het met betrekking tot die ouerleidinginliging wat gegee is, genoem dat dit haar beslis in staat gestel het om Zandré se hantering van sy allergiese siektes te ondersteun, en dat dit spesifiek meer insig ten opsigte van sy selfhandhawing gebied het.

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Bogenoemde inligting dui daarop dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) by Zandré bereik is.

8.8.2.2 Neline van Niekerk

- Begrip vir haar allergiese siektes

Dit was tydens die eerste sessie vir die navorser duidelik dat Neline deeglik bewus was van die allergene wat reaksies veroorsaak, maar dat sy nie geweet het wat allergie is en ook glad nie verstaan het waarom dit haar siek maak nie. Tydens die sewende sessie het Neline genoem dat sy nou mooi verstaan hoe die allergiemonster werk en wat sy teen hom kan doen.

- Haar emosionele hantering van haar allergiese siektes

Neline kon tydens spelterapeutiese intervensie in kontak met haar gevoelens van aggressie en irritasie teenoor die allergiemonster kom. Sy kon hierdie gevoelens erken en verbaliseer, maar dit nie voor die vierde sessie direk teenoor die allergiemonster rig nie. Tydens die vierde sessie was dit duidelik dat sy ten volle in kontak met haar negatiewe emosies gekom het en haar woede (wat voorheen onderdruk is) kon erken, beleef en uitdruk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was deur die loop van die reeks opvallend hoe haar emosie van moedeloosheid na woede verander het, en hoe sy haar aggressie 'n paar keer fisies op die allergiemonster kon uithaal.

- Die mate van beheer wat sy oor haar allergiese siektes ervaar en uitoefen

Dit was tydens die eerste, tweede en derde sessies duidelik dat Neline 'n verlies aan beheer oor haar situasie ervaar het. Sy het spesifiek tydens die eerste sessie genoem dat sy voel of sy glad nie iets daaraan kan doen nie en dat dit haar lewe bemoeilik. Die feit dat sy tydens die tweede sessie genoem het dat sy graag die allergiemonster wil wen, maar dat dit vir haar moeilik is om dit te doen, dui daarop dat sy wel oor die motivering beskik het om beheer oor haar situasie te neem, maar dat haar egokragte hiervoor te swak was.

Teen die derde sessie het Neline weereens aangetoon dat sy nog nie heeltemal kans sien om teen die allergiemonster te veg nie. Deur te noem dat sy kan probeer om nie melk te drink nie, het sy egter begin om insig te ontwikkel in die feit dat sy wel iets teen die allergiemonster kan en wil doen.

Neline het vanaf die vierde sessie sterk beheer oor die allergiemonster begin beleef. Tydens die vierde sessie het sy haar aggressiewe energie keer op keer met groot genot op die kleiskepping uitgehaal en genoem dat dit vir haar heerlik is om die allergiemonster swak te maak. Haar gedrag tydens die vyfde sessie het verder daarop gedui dat sy nie meer magteloos teenoor die allergiese siektes gevoel het nie. Sy het spesifiek genoem dat die allergiemonster nou swaarkry en dat alles teen hom saamspan.

Die sesde en sewende sessies is deur Neline se uitdrukking van haar gevestigde beheer oor die allergiemonster gedomineer. Sy het tydens die sesde sessie dadelik genoem dat dit baie goed met haar gaan en dat die allergiemonster haar nie meer pla nie omdat sy hom gewen het. Sy het hierdie oorwinnig ook tydens haar projeksie duidelik uitgespeel. Sy het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder tydens die sewende sessie genoem dat die allergiemonster haar eers baie gepla het, maar dat sy hom nou gewen het en dat hy haar lewe nie meer so moeilik kan maak nie.

- Die mate van verantwoordelikheid wat sy vir haar gesondheid neem

Dit was tydens die eerste drie sessies nie duidelik tot watter mate Neline self verantwoordelikheid vir haar gesondheid aanvaar het nie. Tydens die vierde sessie het hierdie aspek egter duidelik na vore gekom. Sy het genoem dat sy die allergiemonster swak en hartseer sal maak deur nie vir hom kos te gee wanneer hy daarvoor vra nie, wat daarop dui dat sy self meer pertinent verantwoordelikheid vir haar gesondheid begin neem het.

Tydens die vyfde sessie het navorser tot die gevolgtrekking gekom dat Neline weens groter begrip en beheer oor haar situasie, daartoe in staat was om self groter verantwoordelikheid vir haar gesondheid te neem. Sy het spesifiek genoem dat haar ma haar hiermee help, maar dat dit haar eie werk is om die allergiemonster swak te hou. Hierdie verantwoordelikheidsin is in die sesde en sewende sessies bevestig.

Dit is duidelik dat Neline deur die spelterapeutiese intervensie tot groter persoonlike verantwoordelikheid gegroei het. Waar sy aan die begin selfbejammering getoon het omdat sy nie alles kan eet nie, het sy teen die einde van die reeks pertinent genoem dat sy nie die goed sal eet wat die allergiemonster sterk maak nie, omdat sy hom juis swakker wil maak.

- Die laag van Perls waarin sy funksioneer

Neline se gedrag tydens die eerste en tweede sessies het vir die navorser daarop gedui dat sy in die impasse laag funksioneer. Sy wou graag die allergiemonster swak maak sodat hy haar nie kan pla nie, maar was nie seker of sy dit kon doen nie. Sy was moedeloos oor haar huidige situasie, maar het tog gevoel dat sy wel iets daaraan wou doen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neline se gedrag tydens die derde sessie het vir navorser daarop gedui dat sy in Perls se impasse en implosiewe laag gefunksioneer het. Sy was steeds tot 'n mate in die impasse laag waar sy in haar omstandighede vasgevang gevoel het, maar het wel na die implosiewe laag beweeg waar sy begin het om 'n plan teen die allergiemonster te identifiseer en haar steunstelsels te ondersoek.

Neline se gedrag van die vierde sessie weerspieël duidelik die implosiewe laag van Perls. Sy het nuwe energie ontdek en planne begin maak om beheer oor haar situasie te neem en die allergiemonster te wen.

Tydens die vyfde sessie het Neline in Perls se eksplosiewe laag begin funksioneer. Sy het haar steunstelsels en energie benut om self beheer oor haar situasie uit te oefen en dit suksesvol aan te spreek.

Neline se gedrag tydens die sesde en sewende sessies het daarop gedui dat haar gedrag binne die eksplosiewe laag gevestig is. Sy het beheer oor die allergiemonster geneem en het die sukses van haar verantwoordelike gedrag begin beleef. Haar woorde: "Die allergiemonster is klaar - ek het hom gewen!" gee 'n akkurate samevatting van die gebeure.

Die inligting wat uit haar moeder se vraelys verkry is, bevestig bogenoemde. Mev. van Niekerk het in die tweede evalueringsvraelys genoem dat Neline haarself nou sterker as die allergiemonster beleef en minder kla wanneer sy iets nie mag eet nie. Sy neem volgens Mev. van Niekerk tot 'n baie groter mate konsekwent verantwoordelikheid vir haar gesondheid.

Mev. van Niekerk het verder genoem dat die ouerleidinginligting wat verskaf is haar van praktiese raad voorsien het om Neline te ondersteun, en dat die "allergiemonster"-metafoor haar spesifiek help om Neline se positiewe hantering van haar allergiese siektes te versterk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Bogenoemde inligting dui daarop dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) suksesvol by Neline bereik is.

8.8.2.3 Werner Coetzee

- Begrip vir sy allergiese siektes

Wanneer daar op Werner se begrip van allergiese siektes gefokus word, is dit duidelik dat die "allergiemonster"-metafoor hom gehelp het om sy siektes beter te begryp. Werner het tydens die eerste sessie genoem dat hy nie werklik verstaan wat allergie is nie. Na die verduideliking het hy genoem dat dit hom gehelp het om die allergiese siektes goed te verstaan en dat hy nou iets daaraan sal kan doen.

- Sy emosionele hantering van sy allergiese siektes

Tydens die spelterapeutiese program kon Werner volle bewustheid van sy emosies rondom sy allergiese siektes bereik en uitdruk. Hy kon spesifiek tydens die tweede sessie sy gefrustreerde magteloosheid uitspreek oor die feit dat die allergiemonster hom keer om te doen en te eet wat hy graag wou. Hierdie frustrasie het later tot woede ontwikkel wat hy teenoor die allergiemonster kon uitdruk en hy kon teen die derde sessie sy gevoel van magteloosheid met hoop en motivering vervang. Daarna het hy hierdie gevoelens benut om sy beheer oor die allergiemonster te vestig.

- Die mate van beheer wat hy oor sy allergiese siektes ervaar en uitoefen

Dit was tydens die eerste en tweede sessies duidelik dat Werner 'n algehele verlies aan beheer oor sy allergiese siektes ervaar het . Hierdie verlies het as woede, magteloosheid, frustrasie en irritasie gemanifesteer. Hy het geen beheer oor sy allergiemonster ervaar nie, en was in moedeloosheid vasgevang waar hy graag die allergiemonster wou "opfoeter" maar nie oor genoeg egokrag beskik het om dit reg te kry nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Die feit dat Werner tydens die derde sessie nie meer so magteloos teenoor die allergiemonster gevoel het nie en die allergiemonster ook weggejaag het, dui daarop dat hy beheer oor die situasie begin ervaar het. Alhoewel hy nog daarvan oortuig was dat dit baie moeilik sou wees om hierdie plan konsekwent deur te voer, was hy gemotiveerd om te probeer en kon hy sy sterk punte wat hom hiermee kon help, identifiseer.

Tydens die vierde sessie het sy laaste opmerking, naamlik dat hy seker die allergiemonster sal kan wen en net harder sal moet probeer, daarop gedui dat hy wel beheer oor sy situasie wou neem, al was dit moeilik om hierdie beheer konsekwent toe te pas.

Die gebeure van die sesde sessie het daarop gedui dat Werner uiteindelik sy beheer oor die allergiemonster gevestig het. Hy het genoem dat hy die allergiemonster gewen het. Tydens die sewende sessie was dit duidelik dat Werner beheer oor die allergiemonster verkry het en gemotiveerd was om die allergiemonster se straf konsekwent deur te voer. Hy was vasbeslote om nie weer die beheer aan die allergiemonster terug te gee nie.

- Die mate van verantwoordelikheid wat hy vir sy gesondheid neem

Dit is duidelik dat die spelterapeutiese intervensie dit vir Werner makliker gemaak het om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem. Aanvanklik het hy die blaam vir onverantwoordelike allergeenblootstelling op die allergiemonster geskuif. Sy gedrag tydens die tweede sessie het daarop gedui dat hy nog nie sterk verantwoordelikheid vir sy gesondheid kon aanvaar nie, en soms wel hierdie verantwoordelikheid eerder ignoreer het.

Tydens die vyfde sessie was dit duidelik dat Werner tot gemotiveerdheid om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem, gegroei het. Sy woorde dat hy die allergiemonster swak wil maak en hom nie ‘n kans wil gee nie, bevestig hierdie versterkte verantwoordelikheidsin. ‘n Ander aspek wat ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

op toenemende verantwoordelikheid by Werner gedui het, is die feit dat hy genoem het dat dit eintlik sy werk is om die allergiemonster swak te maak.

Tydens die sesde en sewende sessies is sy verantwoordelikheidneming vir sy gesondheid duidelik geprojekteer, wat daarop dui dat hy in hierdie area gesonde funksionering bereik het.

- Die laag van Perls waarin hy funksioneer

Dit is duidelik dat Werner binne die spelterapeutiese intervensie vanaf die impasse laag na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het.

Werner het tydens die eerste en tweede sessies in Perls se impasse laag funksioneer waar hy die realiteit van die probleem erken het, maar nie geweet het wat hy aan die situasie kan doen nie. Hy was spesifiek tydens die tweede sessie onseker of die allergiemonster oorwin kan word, en het soos 'n slagoffer gevoel wat geglo het dat hy nie op daardie stadium wel daartoe in staat was nie.

Die gedrag wat Werner tydens die derde sessie openbaar het, dui daarop dat hy na die implosiewe laag beweeg het. Hy het nuwe oplossings begin identifiseer en was bereid om dit te toets ten einde vas te stel of dit in sy situasie sou werk. Sy gedrag tydens die vierde sessie het ook in die implosiewe laag gepas. Alhoewel hy nog steeds moedeloos oor die allergie-monster was en genoem het dat dit moeilik is om verantwoordelike keuses te maak, was hy bereid om "harder te probeer" en sy steunstelsels te benut.

Werner se gedrag van die vyfde, sesde en sewende sessies het daarop gedui dat hy na die eksplosiewe laag van funksionering gegroei het. Tydens die vyfde sessie het hy sy steunstelsels begin benut om beheer oor sy situasie uit te oefen. Hy het tydens die sesde en sewende sessies nuwe energie in homself ontdek wat hy benut het om die allergiemonster te beheer en sy eie lewe as skat op te pas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vraelys wat Werner se moeder as na-toets voltooi het, bevestig hierdie inligting en dui daarop dat Werner homself nou sterker as die allergiemonster beleef en die kosse wat hom siek kan maak, vermy. Sy het ook verder genoem dat die ouerleidinginligting haar daartoe in staat gestel het om Werner te ondersteun om groter verantwoordelikheid en beheer van sy situasie te neem.

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Bogenoemde inligting dui daarop die doelstelling van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme suksesvol met Werner bereik is.

8.8.2.4 Rohan Coetzee

- Begrip vir sy allergiese siektes

Dit is duidelik dat die "allergiemonster"-metafoor Rohan gehelp het om beter begrip van sy siektes te verkry. Tydens die voltooiïng van die vraelys het Rohan genoem dat hy weet wat allergie is, maar dat hy nie werklik verstaan hoekom dit hom siek maak nie. Hy het egter tydens die sewende sessie genoem dat die spelterapie hom gehelp het om beter te verstaan wat allergie is, hoe dit werk, en wat hy teen die allergiemonster kan doen.

- Sy emosionele hantering van sy allergiese siektes

Tydens die spelterapeutiese program kon Rohan volle bewustheid van sy gevoelens vanaf moedeloosheid tot woede bereik en hierdie emosies verbaliseer, aanvaar en ook tot toepaslike hantering daarvan groei.

- Die mate van beheer wat hy oor sy allergiese siektes ervaar en uitoefen

Dit was tydens die eerste sessie duidelik dat Rohan 'n totale verlies aan beheer ervaar het. Hy was nie seker of daar wel iets teen die allergiemonster gedoen kon word nie, en alhoewel hy graag die allergiemonster weg wou hê, het hy geglo dat hy nie werklik self daartoe in staat is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rohan kon tydens die tweede sessie twee oplossings vir sy situasie identifiseer en dit was duidelik dat hy, ten spyte van die feit dat dit vir hom baie moeilik was, graag beheer oor die allergiemonster wou neem. Tog was dit duidelik dat hy nog nie oor genoeg egokrag daarvoor beskik het nie.

Tydens die derde en vierde sessies het Rohan pertinent genoem dat hy die allergiemonster heeltemal dood gaan kry deur nie vir hom kos te gee nie. Dit was egter nog vir hom moeilik, maar hy was vasbeslote om die allergie-monster dood te kry, en het daarom besluit om met verantwoordelike gedrag vol te hou. Hy het ook genoem dat hy sterker as die allergiemonster is, wat daarop dui dat hy wel toenemed beheer oor sy situasie begin ervaar het. Dit was tydens die vyfde sessie duidelik dat Rohan uiteindelik sterk beheer oor die allergiemonster verkry het, en tydens die sesde sessie het sy gedrag daarop gedui dat hy dit geniet om beheer oor sy situasie te neem en verantwoordelike keuses te maak.

Die gebeure van die sewende sessie het navorser tot die gevolgtrekking gelei dat Rohan beheer oor sy allergiese siektes verkry het en ook gegroei het om oor genoeg innerlike motivering en ego-krag te beskik om die allergiemonster so swak te hou dat hy uiteindelik sal doodgaan.

- Die mate van verantwoordelikheid wat hy vir sy gesondheid neem

Dit was tydens die eerste en tweede sessies baie duidelik dat dit vir Rohan baie moeilik was om verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem.
Sy gedrag tydens die verdere sessies het op toenemende motivering tot verantwoordelikheid vir sy gesondheid gedui. Tydens die vyfde sessie het hy spesifiek genoem dat dit sy werk is om self die allergiemonster te beheer, en dat sy ma hom daarmee help. Rohan het tydens die sewende sessie genoem dat hy die allergiemonster so swak gaan hou dat hy uiteindelik sal doodgaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Veral in die lig daarvan dat Rohan deur die loop van die program gesukkel het om konsekwent verantwoordelike keuses te maak, was hierdie aspek 'n deurbraak.

- Die laag van Perls waarin hy funksioneer

Die gebeure van die eerste sessie het daarop gedui dat Rohan onseker was oor die wyse waarop hy sy situasie wou hanteer, en in Perls se impasse laag vasgevang was. Hy wou graag die allergiemonster weg hê en het besef dat daar iets aan die situasie gedoen moes word, maar het nie self daartoe in staat gevoel om die situasie suksesvol aan te spreek nie.

Tydens die tweede sessie het Rohan van die impasse na die implosiewe laag begin beweeg. Alhoewel hy nog vasgevang gevoel het en onseker was of hy dit wel sou kon regkry, het hy planne begin maak om beheer oor sy situasie te neem en kon hy ondersteuning in homself en díe van die mense om hom, identifiseer.

Die gedrag wat Rohan tydens die derde en vierde sessies getoon het, dui op die implosiewe laag. Hy het verhoogde beheer oor sy situasie ervaar, verantwoordelike keuses en planne begin maak en was gemotiveerd om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Rohan se gedrag tydens die vyfde, sesde en sewende sessies dui op Perls se eksplosiewe laag waar hy met sukses sy situasie hanteer en beheer daaroor uitoefen. Hy het gegroei tot bewustheid van sy sterk punte en kon die ondersteuning wat hy vanuit sy eksterne omgewing verkry, benut.

Navorser is daarvan oortuig dat Rohan sy verhoogde beheer en verant-woordelikheid met groot motivering sal deurvoer en ook sy steunstelsels sal benut in die tye waneer dit weer moeiliker kan gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

Alhoewel dit 'n rukkie geneem het om Rohan se beheer oor die allergiemonster en sy verantwoordelikheid teenoor sy gesondheid te vestig, was dit tydens die sewende sessie duidelik dat hy oor genoeg egokrag en motivering beskik om beheer oor die situasie uit te oefen en selfs toekomstige versoekings suksesvol die hoof te bied.

Die vraelys wat as na-toets deur Mev. Coetzee voltooi is, bevestig bogenoemde inligting en het aangedui dat Rohan homself nou sterker as die allergiemonster beleef. Hy volg nou die regte eetgewoontes, skakel die kosse wat hom siek maak uit, gebruik sy medikasie en neem groter verantwoordelikheid vir sy gesondheid. Sy het verder genoem dat hy sy allergiese siektes beter verstaan en beheer en dat die ouerleidinginligting haar in staat gestel het om hom in sy hantering daarvan te ondersteun.

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Dit is navorser se mening dat die doelstelling van die studie (wat sowel die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme betref) suksesvol by Rohan bereik is.

8.8.2.5 René Dewey

- Begrip vir haar allergiese siektes

Wanneer daar op René se begrip van allergiese siektes gefokus word, is dit duidelik dat die "allergiemonster"-metafoor haar gehelp het om haar siektes beter te begryp. Dit was duidelik dat René tydens die eerste sessie wel tot 'n groot mate oor kennis van en begrip vir haar allergiese siektes beskik het. Sy het genoem dat sy weet dat die allergiese siektes iets met haar immuunstelsel te doen het, maar dat sy nie presies verstaan hoe dit haar so siek maak nie. In reaksie op die metaforiese verduideliking (waarby die navorser ook biologiese verduidelikings ingesluit het omdat René wel kennis daarvan gedra het), het René haar met die "allergiemonster"-metafoor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereenselwig en genoem dat die metafoor dit baie makliker maak om allergiese siektes te verstaan.

- Haar emosionele hantering van haar allergiese siektes

René kon tydens die spelterapeutiese intervensie die emosies wat sy rondom haar allergiese siektes beleef het erken, uitdruk en hanteer. Dit was tydens die eerste sessie duidelik dat René emosionele reaksies rondom haar siektes ervaar het wat haar lewe bemoelik het. Navorser het toe reeds onder indruk gekom dat sy nodig het om hierdie emosionele reaksies te hanteer en die geleentheid binne spelterapie daartoe sou benut.

René kon reeds vanaf die tweede sessie haar emosionele reaksies erken, verbaliseer en hanteer. Tydens die derde sessie was dit duidelik dat sy goed in kontak met haarself en haar emosies is en dat sy die probleme wat uit haar allergiese siektes spruit, op daardie stadium goed kon hanteer.

Tydens die vierde sessie was daar ‘n duidelike terugslag merkbaar. René was teleurgesteld en moedeloos weens die feit dat die insluiting van sekere voedselsoorte (allergene) by haar dieet haar weer siek gemaak het. Hierdie moedeloosheid het tot aggressie gelei wat haar verhouding met almal om haar negatief beïnvloed het.

Tydens die vyfde sessie het René aangedui dat sy weer gemotiveerd is om beheer oor haar situasie te neem. Sy was duidelik tydens die sesde en sewende sessies weer goed in kontak met haarself en haar emosies en kon dit suksesvol hanteer.

Die feit dat sy tydens die middelste sessies ‘n terugslag as gevolg van die negatiewe reaksie op die insluiting van voedsel getoon het, het juis aan die navorser getoon dat die spelterapie haar gehelp het om die emosies wat sy ervaar het, deur te werk en weer beheer oor haar situasie te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die mate van beheer wat sy oor haar allergiese siektes ervaar en uitoefen

René het tydens die eerste sessie genoem dat sy vasbeslote is om die allergiemonster so swak te maak dat hy haar nie verder kan pla nie. Alhoewel sy 'n baie goeie mate van beheer oor die allergiese siektes uitgeoefen het deur allergene te vermy en die medikasie reg te benut, het sy emosionele reaksies ervaar wat haar lewe moeilik gemaak het.

Die gebeure van die tweede en derde sessies het daarop gedui dat René op daardie oomblik goeie beheer oor haar situasie ervaar het en die allergie-monster suksesvol kon beheer.

Die gebeure van die vierde sessie het op 'n definitiewe terugslag in René se suksesvolle hantering van haar allergiese siektes gedui. Sy was baie moedeloos en teleurgesteld dat die insluiting van sekere voedselsoorte (allergene) in haar dieet haar weer siek gemaak het en sy dus nie die allergiese reaksies daarvoor ontgroei het nie. Sy het op daardie stadium gevoel dat die allergiemonster skielik te sterk geword het en dat sy alle beheer oor haar situasie verloor het.

Tydens die vyfde sessie het René se gedrag daarop gedui dat sy verlies aan beheer ervaar, maar die situasie weer wou verander en soos voorheen haar allergiese siektes onder beheer wou kry. Sy het genoem dat sy weet dat sy sterk genoeg is om dit te doen en baie ander mense het wat haar daarmee kan help, en dat sy net "extremely hard" sal probeer om dit weer reg te kry.

Die gebeure van die sesde sessie het daarop gedui dat René weer beheer oor die allergiemonster verkry het, en dat dit nie meer vir haar 'n probleem was nie. Dit was tydens die sewende sessie duidelik dat René beheer oor haar allergiese siektes verkry het en volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die mate van verantwoordelikheid wat sy vir haar gesondheid neem

René het tydens die eerste sessie getoon dat sy volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem het, al was dit hoe moeilik. Bogenoemde is tydens die tweede en derde sessies bevestig waar René sterk gemotiveerd was om haar allergiemonster dood te kry en verantwoordelike keuses te maak, al is dit nie altyd vir haar maklik nie.

Die vierde sessie is deur 'n algehele terugslag gekenmerk. René het weens die mislukking van insluiting van voedselsoorte moedeloos en kwaad geword wat daartoe gelei het dat sy kos gesteel het en so alle verantwoordeliheid oorboord gegooi het.

Tydens die vyfde, sesde en sewende sessies het René aangedui dat sy weer gemotiveerd was om verantwoordelikheid vir haar gesondheid te neem.

- Die laag van Perls waarin sy funksioneer

René se gedrag tydens die eerste sessie het daarop gedui dat sy in die implosiewe laag funksioneer. Sy het volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem en 'n goeie mate van beheer oor haar siektes uitgeoefen, maar daar was heelwat negatiewe emosionele reaksies wat as voorgrondbehoeftes aangespreek moes word voordat sy die situasie met gemak kon hanteer.

Die gedrag wat René tydens die tweede sessie met betrekking tot die allergiemonster getoon het, dui daarop dat sy in Perls se eksplosiewe laag beweeg het. Sy kon haar emosies makliker hanteer en goeie beheer oor die allergiemonster uitoefen. Sy was ook in kontak met haar steunstelsels en het hulle benut in die proses om die allergiemonster finaal te oorwin.

Tydens die derde sessie het René steeds binne die eksplosiewe laag funksioneer. Sy was bewus van haar situasie, het verantwoordelikheid vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar gesondheid geneem en het haar emosionele reaksies baie goed hanteer.

Die gedrag wat René tydens die vierde sessie getoon het, het die impasse laag weerspieël waar sy vasgevang gevoel het. Sy het geweet dat sy die situasie verkeerd hanteer, maar het op daardie stadium gevoel dat sy nie anders kon optree nie.

René se gedrag tydens die vyfde sessie dui daarop dat sy in die implosiewe laag beweeg het. Sy was vasbeslote om beheer oor haar situasie terug te kry en kon planne beraam om dit suksesvol te bereik. Sy was ook bewus van haar sterk punte en die mense om haar wat haar daarmee kon help. Die feit dat sy baie sterk gemotiveerd was om weer volle beheer oor en verantwoordelikheid vir die situasie te neem, dui daarop dat sy nie meer so moedeloos gevoel het nie en nuwe energie ontdek het wat sy in haar stryd teen die allergiemonster kon benut.

Dit was tydens die sesde en sewende sessies duidelik dat René se gedrag met betrekking tot die allergiemonster weer op die eksplosiewe laag dui. Sy het genoem dat sy weer beheer oor die allergiemonster verkry het en dat hy nie vir haar ‘n probleem is nie. Sy het weer verantwoordelikheid vir haar gesondheid geneem en kon die hulpbronne tot haar beskikking benut.

Mev. Dewey het in haar vraelys wat as finale evaluering voltooi is, genoem dat die program René beslis gehelp het om die emosionele eise wat haar allergiese siektes stel te hanteer en het spesifiek die volgende genoem: “She has been able to relate to someone other than family how she feels. She is greatly reassured that other people do understand. She has been helped enormously.”

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mev. Dewey het ook gemeld dat René volle verantwoordelikheid vir haar gesondheid neem en dat die ouerleiding haar as moeder help om René in hierdie proses te ondersteun.

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Dit is navorser se mening dat die doelstelling van die studie suksesvol met René bereik is. Die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme het haar daarin ondersteun om haar emosionele reaksies suksesvol te hanteer en na die terugslag wat sy beleef het, weer tot beheer en verantwoordelikheid vir haar eie gesondheid te groei.

8.8.2.6 Declan Dewey

- Begrip vir sy allergiese siektes

Declan het tydens die eerste sessie op die “allergiemonster”-metafoor reageer deur te noem dat dit nou vir hom baie makliker is om sy allergiese siektes te verstaan. Hy het spesifiek tydens die laaste sessie genoem dat dit vir hom maklik is om aan die allergiemonster te dink as iets wat hy kan wen en siek kan maak.

- Sy emosionele hantering van sy allergiese siektes

Declan kon tydens die spelterapeutiese program sy emosies maklik erken en uitdruk en het dit sonder moeite aan die navorser verduidelik. Sy emosies het vanaf traak-my-nie-agtigheid tot moedeloosheid, vrees na gemotiveerdheid en trots ontwikkel.

- Die mate van beheer wat hy oor sy allergiese siektes ervaar en uitoefen

Declan het tydens die eerste en tweede sessies duidelik ‘n totale verlies aan beheer ervaar. Tydens die derde sessie kon Declan binne die spelterapeutiese situasie beheer oor die allergiemonster uitoefen deur die kleifiguur in stukkies op te sny. Declan het tydens die vierde sessie baie skielik beheer en verantwoordlikheid vir sy situasie verkry. Hy het nie meer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kos gesteel nie en was vasbeslote om die allergiemonster heeltemal te wen. Alhoewel hierdie gedrag verblydend was, was navorser tog onseker of hierdie verandering realisties en blywend sou wees.

Uit die gebeure van die vyfde sessie was dit duidelik dat Declan se beheer en verantwoordelike gedrag van korte duur was. Hy het toe weer genoem dat die allergiemonster te sterk was en hy daarom kos gesteel het. Die feit dat hy wel iets aan die situasie wou doen, maar magteloos gevoel het, dui daarop dat hy wel oor 'n sekere mate van motivering beskik het, maar nie genoeg egokrag gehad het om dit deur te voer nie.

Die gebeure van die sesde sessie dui daarop dat Declan graag die allergiemonster dood wou hê. Ten spyte van die feit dat hy nog nie suksesvol hierin was nie, was daar nou groter sprake van motivering om wel beheer oor sy situasie te neem.

Declan se opmerking tydens die sewende sessie dat hy beslis nog spelterapie benodig, is 'n aanduiding dat hy besef het dat sy probleem aangespreek moet word en dat hy spelterapie as 'n hulpmiddel hiertoe beskou het. Die gebeure van die sewende sessie dui daarop dat Declan gemotiveerd was om die allergiemonster vas te vat en dat hy ook sy hulpbronne benut het.

Tydens sessie agt het hy beheer oor sy situasie begin verkry en tydens sessies nege en tien is hierdie beheer gevestig. Tydens die elfde sessie het Declan genoem dat hy nou voel dat hy die allergiemonster gewen het. Hy het verder genoem dat hy besef dat daar weer moeilike dae kan kom, maar dat hy dan net weer sy ma sal vra om hom te help as hy self nie sterk genoeg voel nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Die mate van verantwoordelikheid wat hy vir sy gesondheid neem

Die gebeure van die eerste sessie dui daarop dat Declan sy eie verantwoordelikheid teenoor sy gesondheid ontken het. Die feit dat hy op "superheroes" staatgemaak het om die allergiese siektes te beheer, dui daarop dat hy alle verantwoordelikheid ontken het en ook wou voorgee dat die allergiese reaksies nie werklik ná allergeenblootstelling sou intree nie.

Die feit dat hy koekies en sitrus gesteel het, dui daarop dat hy 'n totale verlies aan beheer en verantwoordelikheid ervaar het, kanse gevat het en maar net gehoop het dat hy nie siek sou word nie. Hy het tydens die tweede en derde sessies nie oor genoeg egokrag beskik om hierdie veranwoordelikheid te hanteer nie.

Tydens die vierde sessie het Declan skielik geweldige verantwoordelikheid vir sy gesondheid getoon, maar hy het tydens sessies vyf en ses weer teruggeval na waar hy geen verantwoordelikheid geneem het nie.

Die feit dat hy tydens die sewende sessie aan die navorser genoem het dat hy die allergiemonster dood wil maak voordat die anafilaktiese skok hóm doodmaak, dui daarop dat hy uiteindelik die erns van die situasie besef het en verantwoordelikheid vir sy gesondheid wou neem.

- Die laag van Perls waarin hy funksioneer

Die gedrag wat Declan tydens die eerste sessie getoon het, dui op Perls se valse laag waar alle realiteit ontken word en geen verantwoordelikheid vir eie gedrag aanvaar word nie.

Tydens die tweede sessie het Declan se gedrag op die impasse laag gedui. Declan was bang vir sy allergiese siektes, wou dit graag weg hê, maar het nie kans gesien om self iets daaraan te doen nie. Hy het vasgevang gevoel in sy situasie waar hy geen beheer ervaar het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Declan se gedrag tydens die derde sessie dui op die impasse laag. Hy het besef dat hy iets aan sy situasie moes doen, maar het onmagtig gevoel om beheer daaroor te neem. Hy het vasgevang gevoel in sy situasie en het op daardie stadium baie sterk op eksterne hulp (soos sy ma) vertrou om die situasie namens hom te hanteer.

Tydens die vierde sessie het Declan se gedrag skielik op die eksplosiewe laag gedui waar hy sy energie en hulpbronne benut het om beheer oor sy situasie uit te oefen en volle verantwoordelikheid vir sy gesondheid te neem.

Declan se gedrag tydens die vyfde sessie het daarop gedui dat hy weer in die impasse laag funksioneer het waar hy vasgevang gevoel het. Aan die een kant wou hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander kant het hy nie kans gesien om beheer en verantwoordelikheid vir sy situasie te neem nie.

Declan het tydens die sesde sessie met beheer en verantwoordelikheid geworstel. Aan die een kant wou hy graag die allergiemonster wen, maar aan die ander het hy gesukkel om die allergene te vermy en sukses te behaal. Hy het planne teen die allergiemonster begin maak, en was bewus van die ondersteuning wat beskikbaar is. Hierdie gedrag dui daarop dat hy na Perls se implosiewe laag beweeg het waar hy nuwe oplossings ontdek het en dat hy sy steunstelsels begin benut het.

Dit was tydens die sewende sessie duidelik dat Declan die beheer wat hy tydens die spelterapeutiese situasie oor die allergiemonster kon uitoefen, geniet het. Sy gedrag dui op Perls se implosiewe laag waar hy nuwe energie ontdek het om sy situasie suksesvol aan te spreek.

Declan het tydens die agtste sessie begin om beheer oor sy situasie te verkry. Sy gedrag dui op die implosiewe laag - alhowel hy weer ‘n appel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesteel het, was hy sterk gemotiveerd om alles in en om hom te benut om die allergiemonster dood te kry.

Declan se projeksie en gedrag van die negende sessie dui daarop dat hy toenemend beheer oor sy situasie verkry het. Die feit dat hy vir twee weke niks verkeerd geëet het nie, is moontlik 'n aanduiding dat hy werklik besig is om die allergiemonster te wen. Hierdie gedrag dui op die eksplosiewe laag waar hy beheer oor sy situasie uitoefen en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem.

Declan se gedrag tydens sessie tien dui daarop dat hy beheer oor sy situasie verkry het en verantwoordelikheid vir sy gesondheid neem. Hierdie gedrag val in Perls se eksplosiewe laag waar hy sy situasie suksesvol en verantwoordelik hanteer.

Dit was tydens die elfde sessie duidelik dat Declan se beheer oor die allergiemonster uiteindelik gevestig is. Hy verstaan wat allergie beteken, hoe dit hom beïnvloed, en neem verantwoordelikheid vir sy gesondheid. Hy funksioneer dus in Perls se eksplosiewe laag.

Mev. Dewey het in die vraelys wat as finale evaluering dien, gemeld dat Declan homself nou sterker as die allergiemonster ervaar. Hy sê nou self dat die allergiemonster hom nie beheer nie. Sy is van mening dat die spelterapeutiese program beslis sy gedrag verander het. Sy het spesifiek die volgende vermeld: "My son stole food. After a long, hard struggle he has stopped and would not have done it without help. He didn't even respect the fact that he nearly died. He now has an understanding of his condition. He now takes full responsibility which was not the case."

Mev. Dewey het ook gemeld dat die ouerleidinginligting haar gehelp het om haar kind se gedrag beter te verstaan en dat dit haar daartoe in staat stel om hom beter te ondersteun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Gevolgtrekking rondom die effektiwiteit van die gestalt-spelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Dit is navorser se oortuiging dat die gestaltspelterapeutiese intervensie Declan gehelp het om beheer oor sy allergiese siektes te neem en verantwoordelikheid vir sy gesondheid te aanvaar. Die doelstelling van beide die gestaltspelterapeutiese- as ouerleidingprogramme is suksesvol bereik en het daartoe bygedra dat hierdie kind homself nie meer aan lewensbedreigende situasies blootstel nie en sy ouers hom in hierdie verantwoordelike gedrag kan ondersteun.

8.8.3 Gevolgtrekking rondom die algemene effektiwiteit van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme

Die inligting rondom die effektiwiteit van die gestaltspelterapeutiese- en ouerleidingprogramme by elk van die ses respondente bring navorser tot die gevolgtrekking dat beide hierdie programme wel effektief aangewend kan word by allergiese kinders. Die programme is suksesvol benut om die allergiese kinders in die middelkinderjare tot verhoogde bewustheid van hulself en hul omgewing te lei en om gesonde emosionele hantering en verhoogde beheer oor en verantwoordelikheid vir hul allergiese siektes te neem.

Die groei wat by elk van die ses respondente teweeg gebring is, kan grafies uitgebeeld word waar Perls se lae soos volg voorgestel word:

1 - Valse laag
2 - Fobiese laag
3 - Impasse
4 - Implosiewe laag
5 - Eksplosiewe laag

Die respondente se groei deur Perls se lae word soos volg voorgestel:

Zandré en Rohan se groei voorgestel deur “Series 2”

Neline en Werner se groei voorgestel deur “Series 3”

René se groei voorgestel deur “Series 4”

Declan se groei voorgestel deur “Series 5”

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Figuur 7: Groei deur die lae van Perls - Alle respondente



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.8.4 Aanbevelings vanuit hoofstuk sewe

- Opvolg van programme

Navorser wil aanbeveel dat die aspekte waarop spesifiek tydens die spelterapeutiese intervensie gelet is (bewustheid, emosionele hantering, beheer, verantwoordelikheid, en funksionering volgens Perls se lae) weer na ses maande getoets en opgevolg moet word.

- Benutting van programme by allergiese kinders

Soos reeds genoem, is dit navorser se aanbeveling dat hierdie programme ook (met die nodige toepaslike aanpassings) by allergiese kinders in die kleuter- en adolessente jare gebruik word.

- Opleiding aan maatskaplike werkers in die gebruik van die spelterapeutiese program

In die program vir die allergiese kind is spelterapeutiese aspekte binne die gestaltbenadering gebruik. Kennis van spelterapie binne hierdie benadering is nodig vir die optimale benutting van die program wat vir die navorsing saamgestel is.

Ten einde te verseker dat die tegnieke en mediums suksesvol geïmplementeer word, beveel die navorser aan dat maatskaplike werkers wat die moontlikheid van implementering oorweeg, opleiding in die gebruik en toepassing van gestaltterapeutiese tegnieke moet deurloop. Persone wat nie hiervoor opgelei is nie, kan probleme ondervind om die spesifieke tegnieke en mediums te benut. Hierdie opleiding sal ten doel hê om onduidelikhede ten opsigte van die metodes en tegnieke binne gestaltterapie uit die weg te ruim.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.9 VERDERE ALGEMENE AANBEVELINGS

8.9.1 Inligtingverskaffing aan en bewusmaking van almal wat direk met die kind gemoeid is

Dit is volgens navorser belangrik dat alle persone wat met die allergiese kind gemoeid is, kennis van en begrip vir sy allergiese siektes sal hê. Slegs wanneer persone werklik verstaan watter invloed hierdie siektes op die kind se funksionering kan uitoefen, sal hulle daartoe in staat wees om die kind (en sy gesin) te ondersteun.

Om hierdie rede wil navorser aanbeveel dat die moontlikheid van 'n inligtingstuk vir medici en onderwysers ondersoek word. Indien die ouerleidinginligting uitgebrei word, kan dit benut word om die kind se totale sosiale netwerk in te lig sodat hulle die kind ten volle kan ondersteun. Hierdie inligting kan in die vorm van seminare aan onderwysers en medici aangebied word, of op baie informele vlak by skole vir kinders (die portuurgroep). Hierdeur kan die kind se portuurgroep tot gesonde simpatie en ondersteuning gelei word.

8.10 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE WAT UIT HIERDIE STUDIE SPRUIT

Tydens hierdie studie is op spelterapeutiese intervensie vir die kind in die middelkinderjare en ouerleiding gefokus. Navorser wil aanbeveel dat verdere navorsing oor hulpverlening aan allergiese kinders in die kleuter- en adolessente jare gedoen word sodat die effektiwiteit van spelterapeutiese intervensie en ouerleiding op hierdie ouderdomsgroepe bepaal kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.11 WAARDE VAN DIE STUDIE

Die voorkoms van allergiese siektes is toenemend ‘n probleem wat definitiewe negatiewe invloede op die kind as individu, sy gesin en die totale gemeenskap kan hê. Die waarde van die studie is daarin geleë dat die negatiewe invloede deur die gebruik van die programme verminder en beheer kan word.

Wanneer die allergiese kind in die middelkinderjare deur gestaltspel-terapeutiese intervensie begelei kan word om deur allergeenvermyding en verantwoordelike medikasiegebruik beheer oor sy siekte uit te oefen, kan die probleme wat moontlik uit die situasie mag voortspruit, verminder en suksesvol hanteer word.

Vir die kind wat behandel word, is die metode van besondere waarde. Hy word begelei om vanaf ‘n toestand van totale magteloosheid en frustrasie tot beheer oor die siekte en selfvertroue te groei. Sy totale funksionering (fisies, emosioneel, sosiaal en akademies) word aangespreek. Die negatiewe impak van die siekte op die kind se ontwikkelingstaak-bemeestering kan dus beperk word, wat daartoe lei dat die kind tot optimale gesonde funksionering kan groei en moontlike lewensbedreigende situasies voorkom kan word.

Wat die waarde van die programme vir die gesin betref, is dit navorser se oortuiging dat die vermindering van die kind se probleme, die hele gesin positief sal beïnvloed. Die gesin word ook bygestaan om hanteringstrategieë binne hul situasie wat die saamleef met ‘n allergiese siekte inhou, te vind.

Wanneer die kind se probleem aangespreek word en die gesin se funksionering vergemaklik word, baat die breër gemeenskap ook daarby. Wanneer die kind sy siekte kan beheer en sy gesin bemagtig word tot ondersteuning van sy gesonde funksionering, word almal wat in direkte kontak met die kind en sy gesin funksioneer, bevoordeel. Die taak van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderwysers en medici word vergemaklik indien die kind sy siekte beheer en die negatiewe invloed daarvan op sy fisieke, emosionele, sosiale en akademiese groei beperk word.

Wat die waarde van die studie vir die veld maatskaplike werk betref, was hierdie die eerste studie op die gebied waar ‘n kind se hantering van ‘n allergiese siekte deur spelterapie en ouerleiding vanuit die gestaltbenadering nagevors is. Die studie het vir navorser bewys dat gestaltspelterapie by uitstek ‘n geskikte metode is om probleme by kinders aan te spreek. As die kind se hantering van ‘n mediese probleem so suksesvol deur gestalt-spelterapie behandel kan word, sal dit sekerlik ook op ander terreine gewensde resultate lewer.

8.12 SLOTOPMERKING

Hierdie hoofstuk is benut om ‘n samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings rondom die totale navorsingstudie te doen. Elke hoofstuk is apart bespreek. ‘n Algemene aanbeveling is gemaak en verdere navorsingsmoontlikhede wat uit die studie spruit, is uitgelig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BIBLIOGRAFIE

Allan, J. & Berry, P. 1987. Sandplay. **Elementary School Guidance and Counseling.** 21(4), April: 200-206.

Allan, J. & Berry, P. 1993. Sandply. In Schaefer, C.E. & Cangelosi, D.M. (Eds.) 1993. **Play therapy techniques**. London: Jason Aronson Inc.

Allen, P. 1994. Working with parents: my children are always fighting. **Day care and Early Education,** 22(2), Winter:41-42.

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. In Louw, D.A. (Red). **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale gedrag.** Eerste uitgawe, derde druk. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers

Axline, V.M. 1989. **Play therapy**. London: Churchill Livingstone.

Bender, C.J. G. 1998. **Onderhoud met dr. C.J.G. Bender, Dosent by Departement Psigo-Pedagogiek, Universiteit van Pretoria.** 10 September, Universiteit van Pretoria.

Barker, R.L. 1991. **Social Work Dictionary.** Second Edition. Silver Spring: NASW Press.

Barlow, J., Harrison, K. & Shaw, K. 1998. The experience of parenting in context of juvenile chronic arthiritis. **Clinical Child Psychology and Psychiatry.** Volume 3. No.3. July: 445-463.

Beckett, J.O. & Johnson, H.C. 1995. Human Development. In National Assosiation of Social Workers (Eds.) 1995. **19th Encyclopedia of Social Work.** Volume 2. Washington D.C.: NASW Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. **Fundamentals of social research methods - an African perspective.** Second Edition. Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

Butz, A.M. & Alexander, C.R.N. 1993. Anxiety in children with asthma. **Journal of asthma,** 30(3):199-209.

Cattanach, A. 1993. **Play therapy with abused children.** London: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Carey, L.J. 1990. Sandplay therapy with a troubled child. **The arts in psychothterapy.** Vol 17:197-209.

Carson, R.C.; Butcher, J.N. & Mineka, S. 1996. **Abnormal psychology and modern life.** Tenth Edition. New York: HarperCollins College Publishers.

Clarkson, P. 1989. **Gestalt Counselling in Action.** London: SAGE Publications.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. In National Association of Social Workers (Eds.). 1995. **19th Encyclopedia of Social Work.** Volume 2. Washington D.C.: NASW Press.

Covey, S.R. 1992. **The Seven habits of highly effective people.** London: Simon & Schuster.

Covey, S.R. 1997. **The 7 Habits of highly effective families.** London: Simon & Schuster Ltd.

Corey, G. 1995. **Theory and practice of group counseling.** Fourth Edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Crompton, M. 1992. **Children and counseling.** London: Edward Arnold.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cunningham, B. 1993. **Child development.** New York: HarperCollins Publishers, Inc.

Dale, N. 1996. **Working with families of children with special needs - partnership and practice.** London: Routledge.

De Vos, A.S. 1998a. Conceptualisation and operationalisation. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 1998b. Intervention research. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 1998c. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S.; Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

Dooley, D. 1990. **Social research methods.** Second Edition. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. **Die kind: 'n opvoedkundige perspektief.** Durban: Butterworths.

Eiser, C. 1996. Helping the child with chronic disease: themes and directions. **Clinical child psychology and psychiatry.** Volume 1(4) October:551-561.

Etaugh, C. & Rathus, S.A. 1995. **The world of children.** Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Evans, R. 1991. Epidemiology of asthma in childhood. **Pediatrician,** 18(4):250-256.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 1998. Selection of a research design. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

Ganong, W.F. 1995. **Review of medical physiology.** Seventeenth Edition. Connecticut: Appleton & Lange.

Gardner, E. 1998. Siblings of chronically ill children: towards an understanding of process. **Clinical Child Psychology and Psychiatry.** Volume 3 Numer 2 April: 213-227.

Geldard, K. & Geldard, D. 1997. **Counselling children - a practical introduction.** Lonson: SAGE Publications.

Gershwin, M.E. & Klingelhofer, E.L. 1992. **Living allergy free.** New Jersey: Humana Press.

Gil, E. 1991. **The healing power of play - working with abused children.** New York: The Guilford Press.

Golbert, T.M. 1993. Food allergy and immunologic diseases of the gastrointestinal tract. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Grammer, L.C. & Patterson, R. 1993. Atopic dermatitis. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Greenberger, P.A. 1993. Asthma. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Groenewald, M. 1997. **Onderhoud met dr. M. Groenewald, Lid van die Uitvoerende Komitee van die Allergie Vereniging van Suid-Afrika, en werksaam in die Pediatriese kliniek, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.** 20 Maart, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.

Groenewald, M.1998. **Onderhoud met dr. M. Groenewald, Lid van die Uitvoerende Komitee van die Allergie Vereniging van Suid-Afrika, en werksaam in die Pediatriese kliniek, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.** 13 April, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.

Grey, S.V. & Meyer, B.J. 1988. Hemopoiëse, die witbloedselle, liggaamsbeskerming. In Meyer, B.J. (Red). **Die fisiologiese basis van geneeskunde.** Vierde uitgawe. Pretoria: HAUM.

Henslin, J.M. 1997. **Sociology - a down to earth approach.** Third Edition. Boston: Allyn & Bacon.

Hoffman, K.M. & Sampson, H.A. 1996. Evaluation and management of patients with adverse food reactions. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Hofmeyr, L. 1996. **Die prosedures van wetenskaplike navorsing.** M.A. Spelterapie 802. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Irwin, E.C. 1993. Using puppets for assessment. In Schaefer, C.E. & Cangelosi, D.M. (Eds.) 1993. **Play therapy techniques**. London: Jason Aronson Inc.

Irwin, E.C. & Malloy, E.S. 1994. Family puppet interview. In Schaefer, C. & Carey, L. (Eds.) 1994. **Family play therapy.** New Jersey: Jason Aronson Inc.

Jenkins, R.L. & Beckh, E. 1993. Finger puppets and mask making. In Schaefer, C.E. & Cangelosi, D.M. (Eds.) 1993. **Play therapy techniques**. London: Jason Aronson Inc.

Jennings, S. 1993. **Playtherapy with children - a practicioner's guide**. London: Blackwell Scientific Publications.

Korb, M.P., Gorrell, J.J. & Van de Riet, V. 1989. **Gestalt Therapy - Practice and Theory.** Second Edition. New York: Pergamon Press.

Landreth, G.L. 1991. **Play therapy: the art of the relationship.** Muncie: Accelerated Development Inc. Publishers.

Ledford, D.K. & Lockey, R.F. 1996. Immunotherapy for allergic disease. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Leedy, P.D. 1993. **Practical research - planning and design.** Fifth Edition. New York: Macmillan Publishing company.

Lefrancois, G. 1993. **The lifespan.** Fourth edition. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Louw, D.A.; Van Ede, D.M.; Ferns, I.; Schoeman, W.J. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike Ontwikkeling.** Derde Uitgawe. Bloemfontein: Kagiso Tersiêr.

Mader, S.S. 1996. **Biology.** Fifth Edition. London: Wm.C. Brown Publishers.

Marieb, E. N. 1995. **Human anatomy and physiology.** Third Edition. Redwood City, California: The Benjamin/Cummings Publishing Company Inc.

Marks, J. 1992. **We have a problem - a parent's sourcebook.** New York: HarperCollins Publishers.

Matsemela, S. & Van der Merwe, M. 1996. Street children. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

McMahon, L. 1992. **The handbook of play therapy.** London: Routledge.

Mediese Woordeboek: vertalend & verklarend. 1993. Eerste uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Metzger, W.J. 1993. Urticaria, angioedema, and hereditary angioedema. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Meyer, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike Ontwikkeling.** Derde Uitgawe. Bloemfontein: Kagiso Tersiêr.

Meyer, B.J.; Meij, H.S. & Meyer, A.C. 1994. **Human physiology.** Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike Ontwikkeling.** Derde Uitgawe. Bloemfontein: Kagiso Tersiêr.

Miller, C. & Boe, J. 1990. Tears into diamonds: Transformation of child psychic trauma through sandplay and storytelling. **The arts and psychotherapy.** Vol. 17:247-257.

Motala, C. 1994a. Food Allergy. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Motala, C. 1994b. Urticaria & Angioedema. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Motala, C.1994c. Atopic dermatitis. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1991. **Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe.** Hersiene uitgawe, tweede druk. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

Nash, E.S.; Stoch, M.B. & Harper, G.D. 1992. **Human behavior: guidelines for professionals.** Cape Town: Juta & Co. Ltd.

Neuman,W.L. 1997. **Social research methods - qualitative and quantitative approaches.** Third edition. Boston: Allyn and Bacon.

Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: a gestalt therapy approach to children and adolescents.** New York: The Gestalt Journal Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oaklander, V. 1993. From meek to bold: A case studie of Gestalt play therapy. In Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) 1993. **Play Therapy in action - a casebook for practitioners.** New Jersey: Jason Aronson Inc.

Oaklander, V. 1994. Gestalt Therapy. In O'Conner & Schaefer, C.E. (Eds). 1994. **Handbook of play therapy. Volume Two: Advances and Innovations.** New York: John Wiley & Sons, Inc.

O' Conner, K.J. 1991. **The play therapy primer - an integration of theories and techniques.** New York: John Wiley & Sons Inc.

Passons, W.R. 1975. **Gestalt Approaches in Counselling.** New York: Holt, Rinehart and Winston.

Pearson, M. & Nolan, P. 1995. **Emotional release for children - repairing the past - preparing the future.** Victoria: The Australian Council for Educational Research Ltd.

Philip, G. & Naclerio, R.M. 1996. Physiology and diseases of the nose. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1989. **Psigologie Woordeboek.** Tweede uitgawe. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Potter, P.C. 1994. Drug allergy. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Pretorius, J.W.M. 1998a. Die sosiopedagogiek as wetenskap. In Pretorius, J.W.M. (Red). **Sosiopedagogiek 2000.** Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretorius, J.W.M. 1998b. Die gesin in sosiopedagogiese perspektief. In Pretorius, J.W.M. (Red). 1998. **Sosiopedagogiek 2000.** Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

Proctor, E.K.; Davis, L.E. & Vosler, N.R. 1995. Families: Direct Practice. In National Assosiation of Social Workers (Eds.) 1995. **19th Encyclopedia of Social Work.** Volume 2. Washington D.C.: NASW Press.

Roos, M.N. 1998. **Onderhoud met Mev. M.N. Roos. Enkelouer van allergiese kind.** 22 Julie, Lyttelton.

Rice, F.P. 1995. **Human development - a life-span approach.** Second edition. New Jersey: Prentice Hall.

Ricketti, A.J. 1993. Allergic rhinitis. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Seaberg, J.R. 1988. Utilizing sampling procedures. In Grinnell, R.M. **Social work research and evaluation.** Istasca: F.E. Peacock Publishers.

Schaffer, H.R. 1996. **Social Development.** Oxford: Blackwell.

Schaefer, C.E. & O'Connor, K.J. 1983. **Handbook of play therapy**. New York: John Wiley & Sons.

Schultz, R.M.; Dye, J.; Jolicoeur, L.; Cafferty, T. & Watson, J. 1994. Quality of life factors for parents of children with asthma. **Journal of Asthma,** 31(3):209-219.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schoeman, J.P. 1996a. The art of the relationship with children - a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996b. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996c. Projection techniques. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996d. Fantasy, metaphor and imagination. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996e. Handling aggression in children. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Shaffer, D.R. 1996. **Developmental psychology - childhood & adolescence**. Fourth Edition. Pacivic Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Shaffer, J. & Galinsky, M.D. 1989. **Models of group therapy.** Second Edition. New Jersey: Prentice Hall.

Sheth, K.K. & Lemanske, R.F. 1991. Pathogenesis of asthma. **Pediatrician,** 18(4):257-268.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skoner, D.P. & Casselbrant, M.L. 1996. Diseases of the ear. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Smit, G.J. 1985. **Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.** Eerste uitgawe, derde druk. Pretoria: HAUM Opvoedkundige uitgewers.

Smith, A.M. 1991. Die chroniese siek kind. In Kapp, J.A. (Red) 1991. **Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief.** Tweede Uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

South African Childhood Asthma Working Group. 1994. Management of acute asthmatic attacks in children. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Spector, S.L. & Nicklas, R.A. 1995. Asthma management. **Journal of allergy & clinical immunology,** 96(5) November:749-867.

Strydom, H. & De Vos, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

Thomas, R.M. 1996. **Comparing theories of child development.** Fourth Edition. Pacivic Grove:Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. **Counseling children**. Fourth Edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Thurman, S.K. & Widerstrom, A.H. 1990. **Infants and young children with special needs - a developmental and ecological approach.** Second Edition. Baltimore: Paul. H. Brookes Publishers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VanArsdel, P.P. 1996. Drug hypersensitivity. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Van der Merwe, R. 1998. **Onderhoud met Mev. R. Van der Merwe, ouer van allerigese kinders.** 15 April, Pretoria.

Van der Merwe, M. 1996a. Basic components of play therapy. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. (Eds.) 1996. **Entering the child's word - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 1996b. Creative play. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. (Eds.) 1996. **Entering the child's word - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 1996c. Dramatic play. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. (Eds.) 1996. **Entering the child's word - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van Dyk, F.J. 1994. Die gebruik van spelterapie as behandelingsmetode by die kind. **Welsynsfokus**, 29(1), Augustus:48-55.

Van Niekerk, P.A. 1991. Die persoonsontwikkeling van die kind. In Van Niekerk, P.A. (Red). 1991. **Die opvoedkundige-sielkundige - 'n handleiding in die opvoedkundige-sielkunde.** Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms) Beperk.

Van Niekerk, A. 1997. **Onderhoud met dr. A. van Niekerk, dosent: Departement Pediatrie; Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van Pretoria.** 20 Maart: Pretoria Akademiese Hospitaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Wyk, P.C. 1991. Besondere leergeremdhede. In Kapp, J.A. (Red.) 1991. **Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief.** Tweede Uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

Wait, J. 1989. Emosionele binding en skeiding by kinders. **Welsynsfokus,** 24(2), Desember: 48-53.

Warner, J.O. & Jackson, W.F. 1994. **Color atlas of pediatric allergy.** London: Wolfe Publishing.

Webb, N.B. 1991. Assessment of the child in crisis. In Webb, N.B (Ed). 1991. **Play therapy with children in crisis: a casebook for practitioners**. New York: The Guilford Press.

Weinberg, E.G. 1994. Allergic rhinitis. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Weinberg, E. & Cooke, R. 1986. **Verstaan allergie.** Kaapstad: Timmins.

Weinberger, M. 1991. Day-to-day management of asthma. **Pediatrician,** 18(4):301-311.

West, J. 1992. **Child-centred play therapy.** London: Edward Arnold.

Wojtasik, S. & Sanborn, S. 1991. The crisis of acute hospitalization. In Webb, N.B. (Reds) 1991. **Play therapy with children in a crisis: a casebook for practitioners.** New York: The Guilford Press.

Yssel, J.M. 1997. **Assesseringsriglyn vir die emosioneel-sosiale funksionering van die allergiese kind - 'n maatskaplikewerk-perspektief.** Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	VRAELYS: ALLERGIESE KINDERS	Naam van kind:		
	BYLAAG A			
		Ja beslis	**Onseker/ Soms**	**Glad nie**
1. KENNIS EN BEGRIP VAN ALLERGIESE REAKSIES.				
	Verstaan jy wat allergie is?			
	Verstaan jy hoekom dit jou siek maak?			
	Weet jy waarvoor jy allergies is?			
	Wat gebeur as jy iets inkry waarvoor jy allergies is?			
2. HUIDIGE INVLOED SOOS DEUR KIND BELEEF.				
Algemeen	Pla die allergiese siektes jou in jou lewe?			
Sosiaal:	Pla die allergiese siektes jou as jy speel?			
	Pla die allergiese siektes jou by partytjies?			
Skool:	Pla die allergiese siektes jou by die skool?			
Algemeen	Keer die allergiese siektes dat jy jou lewe geniet?			
3. DIE MATE VAN BEHEER WAT KIND OOR SIEKTE BELEEF.				
	Is dit vir jou sleg om die medisyne te gebruik?			
	Dink jy jy kan iets doen om minder siek te word?			
	Wat kan jy doen?			
	Is dit vir jou moeilik om dit te doen?			
	Wie is die sterkste - jy of die allergiemonster?			

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	VRAELYS : Ouers van allergiese kinders		**Naam van kind:**		
	BYLAAG B1				
1. KENNIS EN BEGRIP VAN SIEKTE			Ja baie goed	Nee, nie regtig nie	
	Verstaan u kind wat allergie is?				
	Verstaan hy waarom dit hom siek maak?				
	Waarvoor is hy allergies?		Voedselallergie	Inhallente allergene	
		Inseksteek	Suiwel	Huisstofmiet	
		Medikasie	Sitrus	Dierehare of vere	
			Grondbone	Gras	
	Watter medisyne gebruik hy?	Pille:			
		Neussproei:			
		Pompies			
	Is dit vir die kind sleg om medisyne te gebruik?		Ja baie	Bietjie	Glad nie
	Dink die kind dat hy iets kan doen om minder siek te word?				
	Maak dit u kind se lewe moeilik?				
2. ALLERGIESE SIEKTES WAARAAN U KIND LY					
	Aan watter allergiese siekte(s) ly u kind en wat is die simptome?				
	* Allergiese rinitis				
	* Voedselallergie				
	* Asma				
	* Velallergie				
	* Geneesmiddelallergie				
	Belemmer dit u kind se sensoriese kontakmaking?				
	* Reuk				
	* Sig				
	* Gehoor				
	* Gevoel				
	* Smaak				
3. DIE INVLOED VAN DIE ALLERGIESE SIEKTES OP U KIND SE FUNKSIONERING					
	Pla die allergiese siekte(s) u kind by die				
	* Skool				
	* Huis				
	* Partytjies				
	* As hy speel				
	* As hy slaap				
	Hoe voel u kind oor die algemeen oor sy allergiese siektes?				
	Voel u kind dat die allergiese siektes hom keer om sy lewe te geniet?				

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	Emosionele reaksies: maak die allergiese siektes u kind:						
	kwaad						
	bang						
	hartseer						
	geïriteerd						

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VRAELYS: OUERS VAN ALLERGIESE KINDERS NAAM VAN KIND:

BYLAAG B2

1. KENNIS EN BEGRIP VAN SIEKTE	Ja	Onseker	Nee
Verstaan u kind wat allergie is?			
Verstaan hy waarom dit hom siek maak?			
Is dit vir die kind sleg om medisyne te gebruik?			
Dink die kind dat hy iets kan doen om minder siek te word?			
Maak dit u kind se lewe moeilik?			
2. DIE INVLOED VAN DIE ALLERGIESE SIEKTES OP U KIND SE FUNKSIONERING			
Pla die allergiese siekte(s) u kind by die			
* Skool			
* Huis			
* Partytjies			
* As hy speel			
* As hy slaap			
Hoe voel u kind oor die algemeen oor sy allergiese siektes?			
Voel u kind dat die allergiese siektes hom keer om sy lewe te geniet?			
Emosionele reaksies: maak die allergiese siektes u kind:			
kwaad			
bang			
hartseer			
geïriteerd			
3. VRAE MET BETREKKING TOT PROGRAMME	Ja beslis	Onseker	Glad nie
Kon u agterkom of die spelterapeutiese program u kind se gedrag ten opsigte van sy allergiese siektes op enige wyse verander het?			
Indien wel, brei asseblief hierop uit.			
Het dit haar gedrag spesifiek ten opsigte van die volgende beïnvloed?			
* Emosionele reaksies:			
Aggressie			
Vrees			
Hartseer			
Irritasie			
* Mate van verantwoordelikheid wat sy vir haar eie gesondheid neem			

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	Voel u dat die ouerinligting wat gegee is u in staat stel om u kind te ondersteun in die hantering van sy allergiese siektes?			
	Tot watter mate?			
	Enige voorstelle wat u as ouer wil maak?			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			
	*			

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG C BEKENDSTELLINGSBRIEF AAN OUERS

Geagte ouers

Baie welkom en baie dankie dat u ingestem het dat u kind by my navorsing betrek kan word. Ek is tans besig met die voltooiïng van die graad DPhil (Maatskaplike Werk) aan die Universiteit van Pretoria, en die spelterapieprogram wat ek met u kind gaan volg, is die produk van navorsing oor die invloed van allergiese siektes op kinders se alledaagse funksionering (leefwyse), en die gebruik van gestaltspelterapie om hulle te help in die minimalisering van hierdie invloed om sodoende die hantering daarvan vir hulle te vergemaklik.

Die program beloop sewe weeklikse sessies van 45 minute elk. Tydens hierdie sessies gaan ek met u kind speel om hom meer bewus te maak van die invloed wat hy moontlik as gevolg van allergiese siektes beleef, asook die emosies wat hiermee gepaard gaan. My doel is om die kind te help om hierdie invloede (en gepaardgaande emosies) te identifiseer, te hanteer en hom te bemagtig om die eise en uitdagings wat deur allergiese siektes in sy alledaagse lewe gestel word, makliker te hanteer.

U as ouer speel 'n geweldige belangrike rol in die ondersteuning van die spelterapeutiese program. Ek sal tydens elke tweede sessie aan u inligting deurgee wat die moontlike invloed van allergiese siektes op die kind se emosioneel-sosiale funksionering, asook wyses wat u kan benut om die lewe met allergiese siektes vir u kind makliker te maak, uitlig.

Wees verseker dat u enige tyd met my kan skakel.

Marietjie Yssel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG D BIBLIOGRAFIE VIR OUERLEIDINGINLIGTING

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. In Louw, D.A. (Red). **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale gedrag.** Eerste uitgawe, derde druk. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers

Axline, V.M. 1989. **Play therapy**. London: Churchill Livingstone.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. In National Association of Social Workers (Eds.). 1995. **19th Encyclopedia of Social Work.** Volume 2. Washington D.C.: NASW Press.

Covey, S.R. 1997. **The 7 Habits of highly effective families.** London: Simon & Schuster Ltd.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. **Die kind: 'n opvoedkundige perspektief.** Durban: Butterworths.

Etaugh, C. & Rathus, S.A. 1995. **The world of children.** Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Evans, R. 1991. Epidemiology of asthma in childhood. **Pediatrician,** 18(4):250-256.

Ganong, W.F. 1995. **Review of medical physiology.** Seventeenth Edition. Connecticut: Appleton & Lange.

Gershwin, M.E. & Klingelhofer, E.L. 1992. **Living allergy free.** New Jersey: Humana Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Golbert, T.M. 1993. Food allergy and immunologic diseases of the gastrointestinal tract. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Grammer, L.C. & Patterson, R. 1993. Atopic dermatitis. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Greenberger, P.A. 1993. Asthma. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Grey, S.V. & Meyer, B.J. 1988. Hemopoiëse, die witbloedselle, liggaamsbeskerming. In Meyer, B.J. (Red). **Die fisiologiese basis van geneeskunde.** Vierde uitgawe. Pretoria: HAUM.

Groenewald, M. 1997. **Onderhoud met dr. M. Groenewald, Lid van die Uitvoerende Komitee van die Allergie Vereniging van Suid-Afrika, en werksaam in die Pediatriese kliniek, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.** 20 Maart, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.

Groenewald, M.1998. **Onderhoud met dr. M. Groenewald, Lid van die Uitvoerende Komitee van die Allergie Vereniging van Suid-Afrika, en werksaam in die Pediatriese kliniek, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.** 13 April, 1 Militêre Hospitaal, Pretoria.

Hoffman, K.M. & Sampson, H.A. 1996. Evaluation and management of patients with adverse food reactions. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ledford, D.K. & Lockey, R.F. 1996. Immunotherapy for allergic disease. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Lefrancois, G. 1993. **The lifespan.** Fourth edition. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Louw, D.A.; Van Ede, D.M.; Ferns, I.; Schoeman, W.J. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike Ontwikkeling.** Derde Uitgawe. Bloemfontein: Kagiso Tersiêr.

Mader, S.S. 1996. **Biology.** Fifth Edition. London: Wm.C. Brown Publishers.

Mediese Woordeboek: vertalend & verklarend. 1993. Eerste uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Metzger, W.J. 1993. Urticaria, angioedema, and hereditary angioedema. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Meyer, B.J.; Meij, H.S. & Meyer, A.C. 1994. **Human physiology.** Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

Motala, C. 1994a. Food Allergy. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Motala, C. 1994b. Urticaria & Angioedema. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Motala, C.1994c. Atopic dermatitis. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Nash, E.S; Stoch, M.B. & Harper, G.D. 1990. **Human behavior: guidelines for professionals.** Cape Town: Juta & Co. Ltd.

Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: a gestalt therapy approach to children and adolescents.** New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1993. From meek to bold: A case studie of Gestalt play therapy. In Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) 1993. **Play Therapy in action - a casebook for practitioners.** New Jersey: Jason Aronson Inc.

Oaklander, V. 1994. Gestalt Therapy. In O'Conner & Schaefer, C.E. (Eds). 1994. **Handbook of play therapy. Volume Two: Advances and Innovations.** New York: John Wiley & Sons, Inc.

O' Conner, K.J. 1991. **The play therapy primer - an integration of theories and techniques.** New York: John Wiley & Sons Inc.

Philip, G. & Naclerio, R.M. 1996. Physiology and diseases of the nose. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Potter, P.C. 1994. Drug allergy. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Rice, F.P. 1995. **Human development - a life-span approach.** Second edition. New Jersey: Prentice Hall.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ricketti, A.J. 1993. Allergic rhinitis. In Patterson, R.; Grammer, L.C.; Greenberger, P.A. & Zeiss, C.R. (Eds.) 1993. **Allergic diseases - diagnosis and management.** Fourth Edition. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Schoeman, J.P. 1996. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world - a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schultz, R.M.; Dye, J.; Jolicoeur, L.; Cafferty, T. & Watson, J. 1994. Quality of life factors for parents of children with asthma. **Journal of Asthma,** 31(3):209-219.

Shaffer, D.R. 1996. **Developmental psychology - childhood & adolescence**. Fourth Edition. Pacivic Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Sheth, K.K. & Lemanske, R.F. 1991. Pathogenesis of asthma. **Pediatrician,** 18(4):257-268.

Skoner, D.P. & Casselbrant, M.L. 1996. Diseases of the ear. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Smith, A.M. 1991. Die chroniese siek kind. In Kapp, J.A. (Red) 1991. **Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief.** Tweede Uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

South African Childhood Asthma Working Group. 1994. Management of acute asthmatic attacks in children. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

Spector, S.L. & Nicklas, R.A. 1995. Asthma management. **Journal of allergy & clinical immunology,** 96(5) November:749-867.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1992. **Counseling children**. Third Edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. **Counseling children**. Fourth Edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

VanArsdel, P.P. 1996. Drug hypersensitivity. In Bierman, C.W.; Pearlman, D.S.; Shapiro, G. & Busse, W.W. (Eds). 1996. **Allergy, asthma, and immunology from infancy to adulthood.** Third Edition. London: W.B. Saunders Company.

Van Niekerk, A. 1997. **Onderhoud met dr. A. van Niekerk, dosent: Departement Pediatrie; Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van Pretoria.** Pretoria Akademiese Hospitaal: 20 Maart 1997.

Van der Merwe, R. 1998. **Onderhoud met Mev. R. Van Der Merwe, maatskaplike werker en ouer van allergiese kinders.** Pretoria: 17 Junie 1998.

Van Niekerk, A. 1997. **Onderhoud met dr. A. van Niekerk, dosent: Departement Pediatrie; Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van Pretoria.** 20 Maart: Pretoria Akademiese Hospitaal.

Warner, J.O. & Jackson, W.F. 1994. **Color atlas of pediatric allergy.** London: Wolfe Publishing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weinberg, E.G. 1994. Allergic rhinitis. In Potter, P.C. (Ed.) 1994. **The ALLSA handbook of practical allergy**. Observatory: Allergy Society of South Africa.

West, J. 1992. **Child-centred play therapy.** London: Edward Arnold.

Weinberg, E. & Cooke, R. 1986. **Verstaan allergie.** Kaapstad: Timmins.

Yssel, J.M. 1997. **Assesseringsriglyn vir die emosioneel-sosiale funksionering van die allergiese kind - 'n maatskaplikewerk-perspektief.** Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025